Linguistiese eienskappe van propaganda

AP Maritz

orcid.org/0000-0001-8160-3636

Proefskrif aanvaar ter nakoming vir die graad

Philosophiae Doctor in Algemene Taal- en Literatuurwetenskappe

aan die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof. AJ van Rooy

Gradeplegtigheid: April 2019

Studentenommer: 21578338

Opsomming

Vorige studies rakende die linguistiese eienskappe van propaganda maak hoofsaaklik van Kritiese Diskoersanalise gebruik en fokus daarom op ’n spesifieke teks en magsverhoudinge. Voorts word taal in die verbygaan as een aspek van propaganda ondersoek sonder dat daar ’n formele linguistiese ondersoek uitgevoer is. In die onderhawige studie word algemene linguistiese eienskappe van propaganda ondersoek en maak daarom van ’n alternatiewe raamwerk tot Kritiese Diskoersanalise gebruik. ’n Voorlopige model van die voorheen geïdentifiseerde linguistiese eienskappe van propaganda asook potensiële nuwe eienskappe met behulp van taalstukke binne die Sistemies Funksionele Linguistiek, is saamgestel. Die geïdentifiseerde taalstukke kan met behulp van die metafunksies ondersoek word. Op dié manier kan die algemene gebruik van taal vanuit ’n propagandahoek benader en verstaan word.

Om sover moontlik te voorkom dat linguistiese eienskappe deel van die propaganda-identifiseringsproses vorm om gevolglik net weer linguistiese afleidings daaruit te maak, word tekste as propaganda of nie-propaganda aan die hand van ’n nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel geïdentifiseer. Hierdie model is as deel van die studie ontwikkel. Die model bestaan uit inhoudelike eienskappe van propaganda en maak gebruik van sekere konseptuele werktuie vanuit die narratologie. Deur inhoudelike aspekte van propagandatekste te gebruik om tekste as propaganda of nie-propaganda te identifiseer, word die vormlike eers opsy geskuif om later ’n linguistiese analise op propagandatekste asook nie-propagandatekste as kontrolegroep, te kan uitvoer. Deur die bevindings in propagandatekste met behulp van nie-propagandatekste te kontroleer, kan die linguistiese analise so betroubaar as moontlik uitgevoer word: Deur te bevestig dat sekere linguistiese elemente wat as “eienskappe” van propaganda beskou word, nie byvoorbeeld ook in nie-propagandatekste of in dieselfde formaat voorkom nie, kan met meer sekerheid aangetoon word dat sekere eienskappe wél as kenmerkend van propagandatekste beskou kan word.

In dié studie is tekste gebruik wat tematies rondom die voormalige Suid-Afrikaanse president Jacob Zuma sentreer en met ’n spesifieke fokus op die Nkandla- en staatskapingsake. Die kontroversiële aard van hierdie sake bied ’n duidelik identifiseerbare ondersteuningskampverdeling en bied daarom ’n konteks waar propaganda- sowel as nie-propagandatekste voorkom.

Na afloop van die studie word ’n hersiene weergawe van die voorlopige linguistiese model daargestel deur die linguistiese eienskappe van propaganda uiteen te sit. Beide die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel en die linguistiese model kan in die toekoms gebruik word om tekste as propaganda te identifiseer en te analiseer.

Die vernaamste bevindinge kan soos volg saamgevat word: Naamwoorde het ’n hoë betekenispotensiaal en word daarom, soos adjektiewe, vir evalueringsdoeleindes in propaganda gebruik. Naamwoorde en adjektiewe word daarom dikwels gebruik vir propagandategnieke soos etikettering en polarisering. Naamwoorde en adjektiewe kan daarom dikwels in kollokasies gebruik word wat, soms met behulp van leksikale kohesie, negatiewe of positiewe vorme intensiveer. Nasionale vorme as ’n soort beskrywingsnaamwoord en/of -adjektief kan vir etikettering gebruik word. ’n Propagandis kan met behulp van nie-spesifieke kwantifiseerders die illusie van ’n sekere aantal skep en sodoende die leser mislei. Spesifieke kwantifiseerders kan weer gebruik word om wetenskaps- of mediadiskoers na te boots juis om sodoende ’n skyn van geloofwaardigheid en betroubaarheid vir ’n teks te skep. Wat voornaamwoorde betref kan besitlike voornaamwoorde in propaganda gebruik word om te polariseer en sodoende aandag te deflekteer. Referensiële kohesie kan daarom vir soortgelyke propagandategnieke gebruik word.

Alhoewel werkwoorde nie dieselfde impak of “trefkrag” as naamwoorde en adjektiewe het nie, kan dit steeds gebruik word vir disfemisme: Deur ’n persoon se aksies op ’n sekere manier aan die teikengehoor bekend te maak, word die persoon wat die aksie of handeling uitvoer op ’n sekere manier aan die teikengehoor voorgehou. Adverbia kan bydra hiertoe deur sekere handelinge geïntensiveer aan te bied. Wanneer adverbia vanuit die interpersoonlike metafunksie bestudeer word, kan dit vir drogredeneringsdoeleindes gebruik word. Modaliteit kan deur ’n propagandis gebruik word om sake as onseker aan te bied, maar ook om die leser op ’n sekere manier te verplig om die saak te ondersteun.

Metafore wat verder as die gekonvensionaliseerde metafoorgebruik strek, speel ook ’n belangrike rol in propaganda en kan verál gebruik word vir tegnieke soos disfemisme en eufemisme. Hierdie tegnieke kan ook geïmplementeer word om sekere aspekte van ’n saak te verhelder of te verberg en sodoende die leser te mislei. Die drie vernaamste metafore in die propagandatekste behels oorlog, versluiering, en die abjekte of groteske.

Sleutelbegrippe: propaganda
Sistemies Funksionele Linguistiek
narratologie
diskoersanalise
Jacob Zuma
staatskaping
Nkandla

Abstract

In previous studies on the linguistic properties of propaganda, Critical Discourse Analysis is mostly used and the focus is therefore on the analysis of a specific text and power relations. The linguistic properties of propaganda are often examined as part of propaganda in general and a formal linguistic study is not conducted. In this study, the general linguistic properties of propaganda are investigated and an alternative theoretical framework to Critical Discourse Analysis is therefore employed. A provisional model is compiled by using previously identified linguistic properties of propaganda as well as potentially new properties as presented by certain linguistic structures in Systemic Functional Linguistics. These linguistic structures can be examined with the help of the metafunctions. By doing this, the specific functions of language in respect of propaganda can be approached within a broader model of language functions in general.

To ensure, as far as it is possible, that linguistic properties do not form part of the propaganda identification process only to subsequently deduce corresponding linguistic conclusions therefrom, texts are divided into propaganda or non-propaganda with the help of a non-linguistic propaganda identification model. This model is developed as part of the study. It consists of propaganda properties with regard to content and also makes use of certain conceptual tools from narratology. By using content aspects of propaganda to identify texts as propaganda or non-propaganda, the structural part is set aside to enable a linguistic analysis on propaganda texts as well as non-propaganda texts acting as a control group. By double checking the linguistic findings in propaganda texts against non-propaganda texts, the study's reliability is heightened: One can therefore confirm that certain linguistic elements that are said to be properties of propaganda are genuinely characteristic of propaganda and do therefore not present themselves in non-propaganda texts or in the same format as in propaganda texts.

In this study, texts thematically centred on the previous South African President, Jacob Zuma, are used for analysis with a specific focus on the Nkandla and state capture cases. The controversial nature of these cases provides a rich and divided context where propaganda and non-propaganda were certain to exist.

After the completion of the study, a revised version of the provisional linguistic model is provided by presenting the linguistic properties of propaganda. The non-linguistic propaganda identification model as well as the linguistic model can both be used in future to identify and analyse texts as propaganda.

Salient conclusions can be summarised as follows: Nouns carry a high meaning potential and can therefore, like adjectives, be used to evaluate certain phenomena or individuals in propaganda. Nouns and adjectives are regularly used to instantiate certain propaganda techniques, e.g., tagging and polarising. Nouns and adjectives can often be used in collocations, sometimes with the help of lexical cohesion, to intensify negative or positive forms. National forms as a type of descriptive noun and/or adjective can be used to label someone. A propagandist can use non-specific quantifiers to create the illusion of certainty. On the other hand, specific quantifiers can be used to copy scientific or media discourse and in so doing, creating or fabricating a semblance of credibility and reliability. Pronouns and especially possessive pronouns can be used in propaganda to polarise and to, by doing this, deflecting negative attention. Referential cohesion can therefore be used for similar propaganda techniques.

Although verbs do not command the same semantic impact or "power" as nouns and adjectives do, it can still be a useful tool for dysphemism: By presenting a person's actions in a specific way, the acting person is directly associated with something ominous. Adverbials can contribute to this type of

dysphemism by presenting an intensified idea of the act and as a result, of the actor. When adverbs are studied from within the interpersonal metafunction, it can be used for Sophistic reasoning. A propagandist can use modality to present statements as being uncertain, but can also be used to obligate the target audience into supporting the propagandist's case.

Metaphors reaching further than the conventional use of metaphors, play an important role in propaganda and can especially be used for techniques such as dysphemism and euphemism. These techniques can also be implemented, with the help of metaphors, to highlight or hide certain aspects of a case and can be used to mislead readers. The three most prominent metaphors in the propaganda texts are: war, mystification, and the abject or grotesque.

Key words: propaganda
Systemic Functional Linguistics
narratology
discourse analysis
Jacob Zuma
state capture
Nkandla

Bedankings

Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge.

Rom. 11:36

Gedurende my studie het ek die Here se groot genade oor-en-oor beleef. Dit is ’n geskenk vanuit sy hand dat ek hierdie studie kon aanpak en deur Hom dat ek dit kon voltooi. My hart is dankbaar.

Verskeie mense het hierdie pad saam met my gestap en ek wil daarvoor dankie sê:

- My opregte waardering teenoor die UPSET-navorsingseenheid (*Understanding and Processing Language in Complex Settings*) wat finansieel en met alternatiewe ondersteuning ’n deurslaggewende rol gespeel het in die moontlik maak van my PhD.
- Baie dankie aan die navorsingseenheid van die Skool vir Tale (Navorsingseenheid vir Taal en Literatuur in die Suid-Afrikaanse konteks) vir die ruimte en ondersteuning om my PhD as voltydse lektor te kon voltooi.
- Aan my promotor, prof. Bertus van Rooy. Dankie, dankie en nogmaals dankie vir jou deurlopende leiding op studiegebied, maar ook op ’n professionele vlak. Dankie vir die lang (bitter) ure wat jy met aandag my werk moes deurlees, deurluister, saamdink en -besin. Dankie vir jou geduld gedurende die leerproses en dat jy bereid was en steeds is om jou kennis en vaardighede mildelik te deel. Weet dat dit nie ongesiens verbygaan nie.
- Prof. Wannie Carstens, dankie vir die aanvangsraad voor ek my PhD begin het.
- Wendy Barrow, dankie vir jou moeite om my PhD se taal- asook tegniese versorging noukeurig aan te pak en jou aandag hieraan te bestee. Jou opgewondenheid oor ander se navorsing is aansteeklik!
- Fred Barnard, baie dankie dat jy weens onvoorsiene omstandighede en op kort kennisgewing die studie se taalversorging verder behartig het. Ek waardeer jou deeglikheid en moeite om alles korrek en betyds gereed te kry opreg.
- Theresa Louw, dankie vir jou hulp om die drukwerk van die studie betyds afgehandel te kry.

- My liefste Man. Báie dankie vir wat jy vir my beteken. Dit is vir my só ’n groot voorreg om so ’n wonderlike mens in my lewe te hê. Dag (en selfs nag!) het jy met liefde en geduld my ondersteun met bemoediging, aanmoediging, gebede, koffie en ruimte om hierdie studie deur te voer en af te handel – al is dit gepaardgaande met vele opofferings van jou kant af. Jy is wonderlik!
- My ouers. Pappa en Mamma het ons van kleins af geleer om met oorgawe dít te doen waarvoor ons lief is of bloot graag wil doen. En meer nog, Pappa en Mamma het ons daarin ondersteun op elke denkbare wyse moontlik. Dankie vir elke stukkie motivering, aanmoediging, gebed, fisiese ondersteuning en soveel meer. Dankie dat ek kan weet dat ek ’n hele, wonderlike span agter my het!
- My skoonouers. Wat ’n voorreg om naby aan julle te kon woon teen die einde van my studie. Pa en Ma het op soveel maniere die las ligter gemaak. Dankie vir elke stuk omgee en ondersteuning. Julle is kosbaar!
- Ouma Ans. Ouma bid deurlopend vir ons en stel altyd belang. Daarby het Ouma my ondersteun en bederf gedurende my studietyd. Baie dankie daarvoor! Ek koester dit in my hart.
- Soveel keer se geduld en soveel keer se gebede! Soveel keer se vra hoe dit gaan en die aanvaarding van ’n PhD (wat naderhand skoon soos 'n ekstra familielid voel!) wat vakansies deurweef en inperk. Jacobus, Gerda, Stef, Ilze, Theunis en Ilne. Baie dankie vir omgee op die regte tye asook julle ondersteuning en geduld. Julle is sonder gelyke.

- My liewe vriendinne en vriende. Baie, baie dankie vir julle deurlopende ondersteuning, gebede, liefde en ook geduld. Julle is vir my ’n groot geskenk en ek waardeer julle opreg.
- My kollegas. Julle ondersteuning is iets wat ek sal onthou. Dankie vir die verstaan, meelewing en aansporing. Julle is ’n groep besonderse mense.
- Aan oom Johan en tannie Heilet. Dankie vir julle opregte omgee en die beskikbaarstel van julle woning om logistieke uitdagings te vergemaklik. Dankie vir die laataand-tees, belangstelling en bederfies wanneer dit op hul nodigste is. Julle omgee het beslis die pad vergemaklik.

Inhoudsopgawe

Opsomming i
Abstract iii
Bedankings v
Hoofstuk 1 – Inleiding en kontekstualisering 1
1. Inleiding 1
1.2 Kontekstualisering en probleemstelling 1
1.2.1 Teoretiese kontekstualisering en probleemstelling 1
1.2.2 Kontekstualisering: Politieke agtergrond van Suid-Afrika 2
1.2.2.1 Zuma, Nkandla en Staatskaping: ’n Suid-Afrikaanse agtergrond 2
1.2.2.2 Agtergrond tot Nkandla 4
1.2.2.3 Staatskaping 6
1.3 Doel en relevansie van die studie 7
1.3.1 Navorsingsvrae 8
1.3.2 Navorsingsdoelstellings 8
1.4 Metodologie 8
1.4.1 Oorsigtelike benadering 8
1.4.2 Bestaande eienskappe 9
1.4.3 Nie-linguistiese propagandamodel 9
1.4.4 Teoretiese raamwerk 9
1.4.5 Datadomein 10
1.5 Beperkings 10
1.6 Bronverwysings in hoofstukke 10
1.7 Indeling van studie 11
Hoofstuk 2 – Literatuuroorsig 13
2.1 Inleiding 13
2.2 Nie-linguistiese beskouing van propaganda 13
2.2.1 Definisies en definiëringsprobleme 14
2.2.1.1 Doel van propaganda 18
2.2.1.2 Klassifisering van propaganda 20
2.2.2 Propagandategnieke 22
2.2.3 Samevatting 28
2.2.4 Soorte propaganda 29
2.2.4.1 Soorte informasie 33
2.2.5 Samevatting 35

2.3 Propaganda linguisties beskou 36
2.3.1 Literatuuroorsig 36
2.3.2 Sintese: Literatuuroorsig 48
2.3.3 Bespreking 54
2.4 Samevatting 54
Hoofstuk 3 – Nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel 56
3.1 Inleiding 56
3.2 Reeds bestaande propagandamodelle 57
3.2.1 Jowett en O'Donnell (2012) se tienstap-propaganda-analiseringsplan 57
3.2.2 Black (2002) se ses stappe om propaganda op te stel (en aan die hand waarvan propaganda volgens hom gemeet kan word) 59
3.2.3 Die Weermag van die Verenigde State van Amerika se SCAME-benadering (PSYOP, 2003) om propaganda te ontleed 61
3.2.4 George (1959) se uiteensetting van die verskillende komponente van 'n propaganda-analise-afleiding en die verband tussen hierdie komponente voor te stel. 62
3.3 Narratologie 66
3.4 Nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel 70
3.5 Toepassing: Nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel 72
3.5.1 TEKS 1: NIE-PROPAGANDA 72
3.5.2 TEKS 2: NIE-PROPAGANDA 88
3.5.3 TEKS 1: PROPAGANDA 98
3.5.4 TEKS 2: PROPAGANDA 110
3.6 Samevatting: Nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel 145
3.7 Teksseleksie en betroubaarheid 150
3.8 Samevatting en gevolgtrekking 151
Hoofstuk 4 – Linguisties-teoretiese raamwerke 155
4.1 Inleiding 155
4.2 Teoretiese raamwerke 156
4.2.1 Kritiese diskoersanalise 156
4.2.2 Sistemies Funksionele benadering 158
4.2.3 Teoretiese oorwegings: Sistemies Funksionele Linguistiek en taalverteenwoordigers 159
4.2.3.1 Nominale groep 160
4.2.3.2 Naamwoorde 160
4.2.3.3 Kwantifiseerders 165
4.2.3.4 Beskrywingsadjektiewe en klassifiseerders 166
4.2.3.5 Werkwoordgroep 168

4.2.3.6 Werkwoorde 169
4.2.3.7 Modaliteit en polariteit 170
4.2.3.8 Direkte rede (aanhalings) 172
4.2.3.9 Bywoordgroep 174
4.2.3.10 Kohesie 177
4.2.4 Evaluerende taal 180
4.2.4.1 Evalueringsteorie 184
4.2.4.2 Outeursverbintenis 185
4.2.5 Kognitiewe linguistiek: Metafore 188
4.3 Samevatting en gevolgtrekking 190
Hoofstuk 5 – Data-interpretasie 194
5.1 Inleiding 194
5.2 Operasionalisering: Algemeen 194
5.3 Naamwoordgroep 194
5.3.1 Naamwoorde 195
5.3.1.1 Objektief teenoor Subjektief 195
5.3.1.2 Abstrakte selfstandige naamwoorde 199
5.3.1.3 Spesifieke voorbeelde van propagandategnieke met behulp van naamwoorde 203
5.3.1.4 Samevatting 206
5.3.2 Nasionaliteit 207
5.3.3 Kwantifiseerders 210
5.3.4 Voornaamwoorde 212
5.3.4.1 Besitlike voornaamwoorde 213
5.3.4.2 Persoonlike voornaamwoorde 214
5.3.4.3 Aanwysende voornaamwoorde 217
5.3.5 Kollokasies 219
5.3.6 Gevolgtrekking 220
5.4 Adjektiewe 223
5.4.1 Klassifiseerders teenoor beskrywingsadjektiewe 224
5.4.2 Soorte beskrywingsadjektiewe 224
5.4.2.1 Soorte klassifiseerders 225
5.4.3 Objektief teenoor Subjektief 227
5.4.3.1 Objektiewe vorme 227
5.4.3.2 Subjektiewe vorme 229
5.4.4 Waardebeoordelingsteorie en outeursbetrokkenheid 230
5.4.4.1 Waardebeoordeling 231

5.4.4.2 Outeursbetrokkenheid 231
5.4.5 Samevatting 235
5.4.6 Kollokasies in nie-propaganda en propaganda 236
5.4.7 Gevolgtrekking 238
5.5 Werkwoordgroep 240
5.5.1 Werkwoorde 240
5.5.2 Objektief teenoor subjektief 240
5.5.3 Modale hulpwerkwoorde 245
5.5.3.1 Samevatting 251
5.5.4 Gevolgtrekking 252
5.6 Adverbia 253
5.6.1 Objektief teenoor Subjektief 254
5.6.2 Gevolgtrekking 262
5.7 Metafore 263
5.7.1 Oorlog 264
5.7.2 Versluiering: Opponente is leuenaars 271
5.7.3 Abjekte / Groteske: Opponente is afskuwelike persone 273
5.7.4 Samevatting 275
5.8 Gevolgtrekking 276
Hoofstuk 6 – Gevolgtrekking en aanbevelings 284
6.1 Inleiding 284
6.2 Samevatting 284
6.3 Bydrae van die studie 301
6.4 Beperkinge en toekomstige navorsing 301
Bronnelys 302
Bylaag A 313
Bylaag B 373
Bylaag C 374

Lys van tabelle

Tabel 1: Indeling van bronne 10
Tabel 2: Sintese van die linguistiese elemente wat as kenmerkend van propaganda beskou word in die reeds bestaande literatuur 50
Tabel 3: Werkbare sintese van die linguistiese elemente wat as kenmerkend van propaganda beskou word in die reeds bestaande literatuur 53
Tabel 4: Hersiene sintese van die linguistiese elemente wat as kenmerkend van propaganda beskou word in die reeds bestaande literatuur 297

Lys van figure

Figuur 1: Skematiese voorstelling van die alternatiewe indeling van die verskillende elemente van ’n teks soos deur Barthes uiteengesit 68
Figuur 2: Skematiese voorstelling van die verskillende elemente in ’n teks soos deur Barthes uiteengesit (vgl. Du Plooy, 1986:155) 68

Hoofstuk 1 – Inleiding en kontekstualisering

1. Inleiding

Insig rakende wat die linguistiese eienskappe van propaganda is, kan indirek of gedeeltelik afgelei word uit verskillende tipes voorafgaande navorsing, maar die bestaan of beskikbaarheid van ’n enkele oorsigtelike analise waar die linguistiese eienskappe van propaganda die hooffokus is, kon tot dusver nie bevestig of vasgestel word nie. Die fokus van vorige, soortgelyke studies is dikwels die linguistiese eienskappe van 'n spesifieke propagandateks gewees, sonder om die gedeelde patrone oor verskillende tekste heen te ondersoek. Taal en magsverhoudinge is dikwels die hooffokus van hierdie studies, met die linguistiese eienskappe van die tekste wat slegs ter ondersteuning van die analise van magsverhoudinge dien.

’n Ander groep studies maak afleidings oor die linguistiese eienskappe van propaganda aan die hand van opvallende gebruik, maar sonder dat ’n sistematiese, geformaliseerde linguistiese analise uitgevoer is. Daar is ook onduidelikheid oor die basis waarvolgens tekste as propagandatekste geklassifiseer word, en daardeur oor die mate waartoe die geïdentifiseerde linguistiese eienskappe uniek tot hierdie groep tekste is, en nie moontlik deur ander, nie-propagandistiese, tekste gedeel word nie. Tot die mate waartoe linguistiese eienskappe as sodanig deel van die oorspronklike klassifikasiekriteria vorm, bestaan die risiko van sirkelredenasie waar tekste volgens bepaalde eienskappe as propaganda geklassifiseer word, maar daardie selfde eienskappe dan as bevindinge van die taalkundige analise gestel word.

In hierdie hoofstuk word die navorsingsgaping identifiseer deur kortliks 'n literatuuroorsig van reeds bestaande studies in dié verband aan te dui. Hiermee saam word ’n oorsig oor die metodologiese werkswyse van soortgelyke studies bespreek en wat in dié verband nodig sou wees vir die spesifieke studie aangesien, anders as in ander studies, algemene afleidings rakende die linguistiese propaganda-eienskappe gemaak word.

As inhoudelike fokus vir die teksanalise, word gefokus op twee verbandhoudende korrupsiesake in die eietydse Suid-Afrikaanse politiek – die sekuriteitsopgraderings aan oudpresident Jacob Zuma se privaat woning te Nkandla, en die beweerde staatskaping wat volg uit die samewerking tussen oudpresident Zuma en die Gupta-familie. Beide hierdie gebeurtenisse het uitgebreide openbare verslaggewing opgelewer, en meningsvormers het van verskillende hoeke probeer om tot die gesprek toe te tree en die openbare mening op spesifieke wyses in te kleur. Daarom word daar aandag gegee aan die kontekstuele agtergrond tot die gevallestudie waaruit die tekste vir analise geselekteer word.

1.2 Kontekstualisering en probleemstelling

1.2.1 Teoretiese kontekstualisering en probleemstelling

Deur die jare is propaganda vanuit verskillende studievelde ontleed, onder meer vanuit die politiek, kommunikasie, sosiologie, psigologie, geskiedenis en taalkunde (vgl. Bernays, 1928; Black, 2001; Ellul, 1965; Gambrill, 2012; Herman & Chomsky, 2008; Jowett & O’Donnell, 2012; Lasswell, 1927; Lasswell, 1949; Lippmann, 1920; Lippmann 1922; Monama, 2014; Wodak, 2007). Binne die taalkunde word propaganda grotendeels ontleed met behulp van kritiese diskoersanalise (vgl. Ahmadian & Farahani, 2014; Bosinelli & Maguire, 1984, Fairclough, 2001; Gee, 2011a, b; Wodak, 2007). Die diskoers- en kontekstuele elemente van die gekose teks(te) in ’n bepaalde studie geniet binne hierdie raamwerk aandag, maar hierdie analises het nie ten doel om ’n stel talige eienskappe van propaganda oor die algemeen te ondersoek nie.

Die fokus van hierdie studie is daarom ’n taalkundige analise om sistematiese patrone in die taalgebruik self in propaganda bloot te lê. Die doel van hierdie studie is om ’n veralgemening oor die linguistiese kenmerke van propaganda as tekstipe te maak deur nie net slegs op afleidings vanuit die interpretasie van ’n spesifieke stuk propaganda te steun nie, maar deur vergelykend te werk. Om hierdie rede word daar van verskillende soorte tekste gebruik gemaak en word die taalkenmerke van propaganda ook aan ’n kontrolegroep van nie-propagandatekste getoets. Met behulp van die kontrolegroep nie-propagandatekste word betroubaarheid aan die studie verleen en kan daar met groter sekerheid aangedui word of die taaleienskappe wat in reeds bestaande literatuur aan propaganda toegeskryf is, wel kenmerkend van propaganda is en nie bloot gedeelde eienskappe verteenwoordig wat ook in nie-propagandatekste voorkom nie.

Taal word nie losstaande hanteer nie en hou daarom vir hierdie studie die risiko van sirkelredenasie in deurdat taal as identifiseringsfaktor gebruik word net om uiteindelik weer talige afleidings te maak. Om sover moontlik sirkelredenasie te voorkom, word tekste, voor dit vormlik of linguisties geanaliseer word, eers met behulp van ’n stel inhoudelike, nie-linguistiese werktuie as propaganda of nie-propagandatekste geïdentifiseer. Hierdie nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel is saamgestel met behulp van reeds bestaande inhoudelike eienskappe en tegnieke soos in die literatuur geïdentifiseer is. Hiermee saam word die narratologie, as raamwerk wat ’n oorbrugging tussen die nie-linguistiese en linguistiese vorm, gebruik om die model saam te stel.

Die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel spreek ook die probleem aan dat reeds bestaande propaganda-identifiseringsmodelle gebruik word om tekste te analiseer vanuit die aanname dat die teks reeds propaganda is (Black, 2001; George, 1959; Jowett en O’Donnell, 2012; PSYOP, 2003). Tekste word dikwels reeds as propagandatekste volgens die eienskappe van propaganda geanaliseer sonder om eers oorhoofs te bepaal wanneer 'n teks propaganda is of nie.

1.2.2 Kontekstualisering: Politieke agtergrond van Suid-Afrika

Kontekstualisering vanuit ’n politiese konteks is belangrik by die analise van propagandatekste (vgl. Jowett & O’Donnell, 2012:292). Die teksseleksie is tematies gesentreer rondom oudpresident Jacob Zuma en twee prominente korrupsiesake wat gedurende sy termyn as staatshoof afspeel.

1.2.2.1 Zuma, Nkandla en Staatskaping: ’n Suid-Afrikaanse agtergrond

Die tekste wat in hierdie studie gebruik word, handel tematies oor oudpresident Zuma en sy betrokkenheid by twee definiërende gebeurtenisse in die onlangse Suid-Afrikaanse geskiedenis, naamlik die Nkandla-skandaal en staatskaping. In beide die gebeurtenisse is daar duidelike polarisering van partye wat aan die bevoordeelde en aan die benadeelde kant van die saak staan. Hierdie sake vorm daarom ’n gunstige omgewing vir en bron van propaganda- en nie-propagandatekste.

Die twee sake behels eerstens Zuma se privaat woning te Nkandla en ten opsigte waarvan daar na bewering korrupsie gepleeg is tydens die sogenaamde sekuriteitsopgraderings, en tweedens die Gupta-familie wat van staatskaping met Zuma se hulp verdink word. Die Guptas het met behulp van die skakelmaatskappy, Bell Pottinger, en Zuma se seun, Duduzane Zuma, ’n propagandaveldtog in Suid-Afrika in hulle (die Guptas se) guns geloods. Vir die tekste om hul ware betekenisse te verkry, is dit nodig om die direkte konteks, maar ook die historiese konteks waarbinne hierdie tekste voorkom, te verstaan. Verál in die geval van staatskaping en die witmonopoliekapitaal-narratief is dit nodig om

apartheid en die ekonomiese uitwerking van apartheid, maar ook veranderde aspekte rondom die ekonomie, in Suid-Afrika te begryp.

Gedurende apartheid is mense volgens ras in verskeie sosio-politiese klasse verdeel wat uiteindelik hul segregasie bewerkstellig het. Hierdie beleid was in werking vanaf 1948 tot 1994 (Clark & Worger, 2016:3). As gevolg hiervan was daar onder meer ’n duidelik sigbare ekonomiese onderskeid gewees tussen witmense en ander “bevolkingsgroepe” en is witmense in ’n bevoordeelde posisie geplaas (Clark & Worger, 2016:3). Die Wet op Bantoe-onderwys van 1953 vorm ’n belangrike oorweging as agtergrond tot onderrigverskille tydens die apartheidsjare (Bantu Education Act of 1953; Moore, 2015:28). Voor hierdie wet van krag geword het, en wat Bantoe-onderwys onder die Unie van Suid-Afrika se bestuur geplaas het, het verskillende provinsies aanvanklik elk afsonderlike beheer oor Bantoe-onderwys gehad en is onderwys gefinansier vanuit elke provinsie se eie belastinggelde, met die gevolg dat ’n provinsie soos die Kaap beter onderrig gebied het as die destydse Transvaal (Bantu Education Act of 1953; Moore, 2015:28-30).

Daar was dus groot inkonsekwenthede tussen die provinsies (Moore, 2015:28-29). Buiten vir die verskille tussen provinsies se onderrigbesteding, het die regering van daardie tyd oor die algemeen nie voldoende fondse aan swart skole toegestaan nie (Moore, 2015:30). Onderwys is ook deur sommige beskou as iets wat bloot voldoende hoef te wees om swartmense ’n voorafbepaalde rol in veral die werksomgewing te laat inneem wat dikwels ondergeskik aan witmense se rol was (Moore, 2015:31-32). Ná apartheid afgeskaf is, is daar heelwat opheffingsprojekte in plek gestel en die swart middelklas het gegroei (Writer, 2016).

In 1994 word Nelson Mandela president van Suid-Afrika met Thabo Mbeki as opvolger in 1999. ’n Kort oorgangsperiode van 2008-2009 volg met Kgalema Motlanthe as president, waarna Jacob Zuma as president van 2009 tot en met 2018 optree (Clark & Worger, 2016:xvi-xvii; South African History Online, 2017). Voor 1994 is onder meer propaganda en sensuur ingespan om sekere psigologiese en ideologiese beheermeganismes in plek te hou (Deegan, 2014:30-31). Tog wil dit voorkom of propaganda tans steeds as politiese beheermeganisme in Suid-Afrika gebruik word en ook deur die land se voormalige president, Jacob Zuma (ANCIR, 2017a, 2017b; Mashele, 2017). ANCIR (2017a, 2017b) onderskei ook tussen vandag se Suid-Afrikaanse propaganda of ‘informasieskandaal’[1] en die eerste informasieskandaal wat in Suid-Afrikaanse politieke geledere vroeër jare gebeur het (vgl. Haasbroek, 2016). Twee spesifieke situasies rakende Zuma staan in hierdie verband uit, naamlik sy verbintenis met die Nkandla-saak asook sy verbintenis met die omstrede Gupta-familie.

Propaganda kan vir Suid-Afrika as demokratiese land groot probleme meebring. Stanley (2015:11) verduidelik dat ’n demokrasie wat “ingeval” word deur propaganda die probleem het dat die woordeskat van ’n liberale demokrasie gebruik word om ’n ondemokratiese realiteit te verberg. Sodoende kan ’n regering poog om die burgers, maar ook die buiteland, te mislei. Volgens Stanley (2015:1) is die soort taal wat in ’n liberale demokrasie gebruik word, geneig om taal te wees wat geassosieer word met nood, veral wanneer byvoorbeeld beleide deurgevoer word wat inherent die

[1] Die term “informasie” word dikwels teenoor “inligting” verkies om die onderskeid tussen soorte inligting te kan tref wanneer die aard van propaganda beskryf word volgens die indeling: “informasie”, “waninformasie” en “disinformasie”.

norme van ’n liberale demokrasie ondermyn. Die woord “demokrasie” word eintlik ’n leë dop wat ’n goeie skuilmiddel word vir ondemokratiese handelinge of ideologieë. Effektiewe propaganda ontgin en versterk as’t ware foutiewe ideologie en word dikwels byvoorbeeld deur mense aangeneem wat groot materiële ongelykhede ervaar (vgl. Stanley, 2015:8). So byvoorbeeld word die hoop op ekonomiese verligting as aas gebruik om armes se stemme vir ’n politieke party te werf.

In die Suid-Afrikaanse konteks, met spesifieke verwysing na Zuma se rol in die Nkandla- en die Gupta-saak, wil dit voorkom of die woord “demokrasie” nie noodwendig meer die gewig dra wat dit aanvanklik gedra het nie. Dit wil ook voorkom of bepaalde vals ideologieë maklik as die waarheid aangeneem is wat weer sekere gedrag by die bevolking na vore gebring het. Lippmann (1920:51) bevestig dat dit wel nie ’n eenvoudige taak is om propaganda in ’n land wat swaarkry uit te ken nie: “Now, the plain fact is that out of the troubled areas of the world the public receives practically nothing that is not propaganda.” Tog word daar onder meer beoog om met hierdie studie ’n bydrae te lewer om die identifisering van propaganda te vergemaklik.

1.2.2.2 Agtergrond tot Nkandla

In hierdie afdeling word ’n kort, chronologiese oorsig van die gebeure rondom Nkandla gegee. Die Nkandla-saak is relevant, aangesien daar twee duidelike kante na vore kom: Zuma se kant en die Openbare Beskermer se kant. Die strydopset bied ’n ideale konteks vir propaganda en nie-propaganda om gebruik te word en bied daarom ’n goeie ondersoekveld vir hierdie studie.

’n Opsomming word aangebied van die sleutelgebeure wat aanleiding gegee het tot die uitspraak wat die Konstitusionele Hof van Suid-Afrika sou lewer op 31 Maart 2016. Die saak handel rondom die Nkandla-sage wat hoofsaaklik tussen Zuma en die Openbare Beskermer afspeel. Die sleutelgebeure is saamgestel, geselekteer en gekontroleer hoofsaaklik vanuit die volgende dokumente:

- *Eyewitness News* (2016) Nkandla: Key moments in time;
- *Mail & Guardian* (Pahter *et al*., 2014) Zuma’s Nkandla: A timeline;
- *News24* (Tandwa, 2016) Timeline of events leading up to Zuma’s Nkandla apology;
- Public Protector (2014) Report: Secure in comfort

Op 4 Desember 2009 lewer die *Mail & Guardian* verslag oor Zuma, op daardie stadium die president van die Republiek van Suid-Afrika, se privaat woning te Nkandla (Rossouw, 2009). Dit is in hiérdie berig, getiteld: *Zuma’s R65 million Nkandla splurge*, waar bekommernisse rondom die uitgawes aangaande die president se opgraderings aan sy woning bekend gemaak word (Rossouw, 2009). Die regering reik gevolglik op 3 Desember 2009 ’n persverklaring uit wat die teendeel bewys en dui aan dat die regering nie vir die presidentswoning betaal nie (sien Dawes, 2009, soos aangehaal deur Rossouw, 2009). In 2011 verskyn ’n opvolgberig rondom Nkandla in die *Mail & Guardian* getiteld *Bunker bunker time: Zuma’s lavish Nkandla upgrade* en vestig onder meer aandag op die sekuriteitsverbeterings, wat ondergrondse bunkers insluit, soos aangebring by die Nkandla-woning (Letsoalo & Molele, 2011).

In November 2012 dui Zuma in die Parlement aan dat opgraderings aan sy woning deur sy familie betaal word en dat hy steeds aan die verbande op sy eiendom afbetaal. Die Departement van Openbare Werke stel bepaalde bevindings op 27 Januarie 2013 beskikbaar na afloop van die departement se eie Nkandla-ondersoek, waarin aangedui word dat die voormelde departement foute begaan het, maar dat Zuma steeds vrygeskeld is. Die regering dui op 8 November 2013 aan dat die Openbare Beskermer, advokaat Thuli Madonsela, se verslag ’n bedreiging vir nasionale sekuriteit is en

dat die ondersoek en verslag gestop moet word. Die aansoek om ’n interdik word twee weke later onttrek. Op 20 November 2013 dui Madonsela aan dat sy die ministers se sekuriteitsbekommernisse sal aanspreek, maar nie die verslag sal onttrek nie.

Die Minister van Openbare Werke, Thulas Nxesi, dui in Desember 2013 aan dat Zuma nie vir enige deel van die opgraderings gaan betaal nie terwyl Madonsela bekend maak dat haar verslag rondom Nkandla eers in 2014 afgehandel en beskikbaar sal wees. Die rede word aangedui as die gevolg van uitdagings gedurende die eerste jaar van die ondersoek en die sekretaris-generaal van die ANC, Gwede Mantashe, beweer dat die Openbare Beskermer se kantoor inligting van die provinsiale verslag aangaande die verbeterings te Nkandla, laat uitlek het. Die Openbare Beskermer ontken nietemin dat enige inligting vanuit haar kantoor gelek het. Verder word ’n interministeriële taakspan saamgestel en gee terugvoer aangaande die sekuriteitsopgraderings te Nkandla met die gevolgtrekking dat Zuma nie ’n finansiële verpligting hoef na te kom nie.

Die uitslag van Madonsela se ondersoek, ’n verslag getiteld *Secure in Comfort*, word in Maart 2014 uitgereik en bewys die teendeel van die interministeriële bevinding, naamlik dat die president en sy gesin op ’n onbehoorlike wyse by die opgraderings voordeel getrek het. Die opgraderings beloop ’n bedrag van R246 miljoen. Op grond van die bevinding dui die president aan dat hy Madonsela se verslag in April sal nagaan waarna ’n ad hoc-komitee saamgestel is om Madonsela se verslag na te gaan en ’n eie ondersoek in te stel. Die ad hoc-komitee, bestaande uit sewe ANC parlementslede en vyf opposisielede, is ontbind en die EFF (Economic Freedom Fighters) eis die herinstelling van die komitee. In Augustus 2014 reageer Zuma in die parlement op Madonsela se verslag. In November 2014 word Zuma vrygespreek van enige blaam deur die tweede ad hoc-komitee vir Nkandla. In Februarie 2015 veroorsaak die EFF chaos deur die verrigtinge tydens die Presidentsrede te onderbreek.

Nkosinathi Nhleko, Minister van Polisie, lewer verslag dat die openbare geld wat aan die President se privaat woning bestee is, nie terug betaal hoef te word nie. Die spesiaal afgevaardigde komitee neem amptelik Nhleko se verslag aan. In September 2015 neem die EFF Zuma na die Konstitusionele Hof toe, waarna die DA (Demokratiese Alliansie) en Madonsela ook tot die hofgeding toetree. In Februarie 2016, enkele dae voor die saak in die hof aangehoor is, kondig Zuma aan dat hy wel die geld sal betaal. Die Konstitusionele Hof het in Maart 2016 bevind dat Zuma en die Parlement die Grondwet oortree het deur die Openbare Beskermer se bevindings te ignoreer asook dat Zuma die geld vir die opgraderings moet betaal. Zuma vra die nasie om verskoning in April 2016 en dui aan dat die Konstitusionele Hof se beslissing van hulp is vir toekomstige duidelikheid. Alhoewel die stert van die Nkandla-saak ten tyde van die skrywe van hierdie studie nog nie volledig afgehandel is nie, kan die saak as grootliks afgehandel beskou word en bied daarom goeie materiaal vir analisering, aangesien propaganda met groter sekerheid geïdentifiseer kan word.

Intussen het nog ’n skandaal na vore gekom waarby Zuma betrek word, naamlik sy vriendskap met die Guptas. Hierdie vriendskap word met korrupsie, ’n propagandaveldtog en uiteindelik staatskaping geassosieer. Gedurende die skryfproses van die studie het dié saak openbaar geword en is so nou met Zuma verbind nadat Nkandla reeds aan die lig gekom het, dat die twee sake saam 'n geheelbeeld vorm en definiërend van Zuma se tyd as president is.

1.2.2.3 Staatskaping

Die Gupta-broers, Ajay, Atul en Rajesh (Tony), het in 1993, ná die grense van Suid-Afrika oper geword het vir die wêreld, as besigheidsmanne vanuit Indië na die land toe gekom en het groot toevoegings tot hul eie finansiële welstand gemaak (BBC, 2018). Zuma en die Guptas kan op ’n paar maniere persoonlik met mekaar verbind word: een van Zuma se vrouens, Bongi Ngema-Zuma, het as kommunikasiebeampte vir die Gupta-beheerde JIC Myndienste gewerk (BBC, 2018). Duduzile Zuma, een van Zuma se dogters, het by Sahara-rekenaars gewerk en Duduzane Zuma, Zuma se seun, het as direkteur by Gupta-besighede gewerk, maar het bedank na afloop van openbare druk in 2016 (BBC, 2018).

Een van die omstrede gebeurtenisse waarby hierdie familie en politiese onderhandelinge betrek word, is toestemming dat die Gupta-familie in 2013 ’n vliegtuig met trougaste by Waterkloof Lugbasis, wat slegs vir militêre vlugte beskik is, kon land (BBC, 2018). Die gaste is selfs deur polisie van die lughawe na die Sun City-vakansieoord begelei (BBC, 2018). Die klimaks behels die uitlek van e-posse wat in 2017 die Guptas se betrokkenheid by die propagandaskandaal (wat met behulp van die Britse skakelmaatskappy Bell Pottinger gedryf is) aantoon en word dikwels met die term “witmonopoliekapitaal” geassosieer word (ANCIR, 2017; Brümmer *et al.*, 2017). Die proses is onder meer ook gedryf deur fopnuus of “fake news” wat versprei is deur ’n netwerk bestaande uit *The New Age*-koerant, ANN7-nuuskanaal, alternatiewe nuuswebwerwe en verskillende sosiale netwerke soos Twitter, Facebook en Instagram (ANCIR, 2017a; 2017b). Dit kom voor of hierdie proses as rookskerm aangewend is om mense se aandag af te lei van die Guptas se verryking ten koste van Suid-Afrikaanse burgers (ANCIR, 2017a; 2017b).

Buiten vir die oorhoofse gebeure is dit nodig om op ’n paar spesifieke gebeure te fokus wat die Guptas, Bell Pottinger en die media behels. Met die Britse skakelmaatskappy Bell Pottinger as gehuurde hulp, is ’n veldtog van stapel gestuur om die idee van ’n witbeheerde ekonomie tot nadeel van ander te bevorder (Brümmer *et al.*, 2017). Die inligting het bekend geword toe ’n reeks e-posse rakende die Guptas en staatskaping en spesifiek ook die Guptas en Zuma se verbintenis met Bell Potinger aan die *Sunday Times*- en *City Press*-koerante en ook amaBhungane as onafhanklike ondersoekeenheid gelek het en sodoende aan die publiek bekendgestel is (Brümmer *et al.*, 2017).

Vanuit hierdie e-posse het dit onder meer duidelik geword dat Zuma se seun, Duduzane Zuma, direk by die inhuur van Bell Pottinger betrokke was (Reddy, 2017). Samesprekings is tussen Duduzane Zuma en Victoria Geoghegan, as Bell Pottinger se finansiële en besigheidshoof, rondom die idee van “ekonomiese emansipasie” gehou en hoe hierdie idee regverdig kan word met behulp van ’n duidelike, herhaalde politieke boodskap wat tot voordeel van die kliënt strek (Reddy, 2017). Die uiteindelike doel van hierdie veldtog was om die Gupta-familie en Zuma te beskerm deur hulle as slagoffers van gulsige wit rassiste voor te stel (Cameron, 2017). Die veldtog is gebruik om aandag op die idee van witmonopoliekapitaal in die media en ook by politieke byeenkomste te plaas om sodoende vyandigheid teenoor Zuma en die Guptas se kritici te wek en die skuld vir die land se ekonomiese uitdagings te verplaas (Cameron, 2017; Reddy, 2017).

Toe Zuma en die Guptas begin probleme optel, is ’n hele aantal vals Twitter-rekeninge geskep met die oogmerk om openbare mening teen die Guptas se kritici en figure wat bedreigings vir die Guptas se belange inhou, te teiken, waaronder die voormalige Minister van Finansies, Pravin Gordhan, die voormalige Adjunkminister van Finansies, Mcebisi Jonas, en die voormalige Openbare Beskermer, Thuli Madonsela (Reddy, 2017). Ook Johann Rupert, besigheidsman en uitvoerende hoof van die

maatskappy Richemont, is geteiken en geblameer as die ware krag wat witmonopoliekapitaal dryf, saam met ’n span van verskeie invloedryke persone, van die leiers van politieke partye tot lede van die media (vgl. WMC Leaks, 2017).

Die idee dat witmense die ekonomie as’t ware oorgeneem het en vir hulself toeëien, word deur die narratief “witmonopoliekapitaal” gedryf deur fopnuus te skep en te versprei (Cameron, 2017). Hierdie verspreidingsproses is met behulp van ’n goed befondsde teenveldtog gedoen wat webwerwe, hoofstroomnuus-platforms soos *The New Age*-koerant en die televisiekanaal ANN7 asook sosiale voermiddele soos Twitter, Facebook en Instagram insluit (ANCIR, 2017). Na dit duidelik geword het dat die veldtog rasseverdeling veroorsaak het, moes Bell Pottinger (Brittanje) hul deure toemaak (Mayes, 2017).

Zuma tree uiteindelik aan die begin van 2018 uit na afloop van ’n hele aantal mosies van wantroue (News24 reporters, 2018; Wilkinson, 2017). Intussen is Zuma aangekla van bedrog, korrupsie en swendelary (Ngcobo, 2018). Heelwat sake wat getuig van staatskaping het ook intussen na vore gekom, byvoorbeeld die wanbestuur van die Estina Melkplaas, aangesien miljoene Rande na bewering geneem is om vir ’n omstrede Gupta-huwelik te betaal; staatsinstellings waarvan die geld vir persoonlike gewin aangewend is; en die aanstel van strategiese persone in ministeriële sleutelposisies (Munusamy, 2018). Daar is ook ’n kommissie afgevaardig, naamlik die Zondo-kommissie, om staatskaping te ondersoek (Commission of Inquiry, 2018).

In die Bell Pottinger-propagandaveldtog is ’n paar propagandategnieke (vgl. Hoofstuk 2; 2.2.2) reeds maklik en duidelik identifiseerbaar. Die hele narratief van witmonopoliekapitaal is doelbewus geskep om aandag van een skuldige party of oorsaak na ’n ander party of oorsaak te deflekteer. Vir hierdie proses om suksesvol te wees moet bepaalde feite oorbeklemtoon word, byvoorbeeld dat daar wel ryk witmense is wat deel vorm van die land se ekonomie, maar dat swartmense ook deel vorm van die ekonomie word sodoende onderspeel. Deur verskeie individue wat staatskaping teenstaan as verteenwoordigers van witmonopoliekapitaal te etiketteer, kry die saak ook ’n verpersoonlikte kant – individue kan nou die teikens van woede word. In die term “witmonopoliekapitaal” self word ’n spesifieke rassegroep ingesluit wat sodoende gekoppel word aan die idee van selfverheffing en selfs misdadigers, ten koste van ander. Die term word deur herhaling gelykstaande aan bepaalde idees en betekenisse wat emosie by mense wek, ook as gevolg van Suid-Afrika se apartheidsgeskiedenis.

Gegewe die Guptas se verhouding met Zuma wat ook reeds met die Nkandla-skandaal verbind word en die direkte verbintenis tussen die Guptas se propagandaveldtog en die studie se tema, bied die situasie ’n ideale ondersoekgeleentheid. Met dié dat spesifieke nuutskeppings, soos “vuurpoel” (oftewel ’n “waterreservoir in geval van ’n brand” maar by nadere betragting blyk ’n swembad te wees), “witmonopoliekapitaal” en “radikale ekonomiese transformasie”, as deel van die propagandaveldtog ingespan is, sluit tekste van beide groepe reeds ’n voor die hand liggende poging tot misleiding in.

1.3 Doel en relevansie van die studie

Die doel van die studie is om ’n veralgemening oor die taaleienskappe van propaganda as tekstipe te maak deur nie net op afleidings vanuit die interpretasie van ’n spesifieke stuk propaganda te steun nie. By voltooiing van die studie kan die geïdentifiseerde stel linguistiese eienskappe van propaganda (bestaande uit linguistiese propaganda-eienskappe uit vorige literatuur en eienskappe wat in die studie geïdentifiseer is) vir toekomstige tekstuele analises gebruik word. Die nie-linguistiese

propaganda-identifiseringsmodel kan ook gebruik word om tekste meer akkuraat, sistematies en konsekwent as propaganda of nie-propaganda te identifiseer.

Propaganda kan dikwels eers deur middel van retrospektiewe studie met groter akkuraatheid geïdentifiseer word (Jowett & O'Donnell, 2012:44; O'Shaugnessy, 2012:2). Deur in die studie te bepaal of sekere linguistiese elemente as linguistiese eienskappe van propaganda oor die algemeen geïdentifiseer kan word, sou dit moontlik wees om tekste met 'n propaganda-aard, teenswoordig reeds met groter betroubaarheid te kan identifiseer.

1.3.1 Navorsingsvrae

Die navorsingsvrae is aangedui volgens die volgorde van beantwoording in die studie. Vraag 1 kan as sekondêr, maar voorbereidend tot die hoofvraag, Vraag 2, verstaan word:

1) Watter aantoonbare verskille bestaan tussen propagandatekste en nie-propagandatekste ten opsigte van hulle nie-linguistiese eienskappe?
2) Watter taalelemente kan as onderskeibare linguistiese eienskappe van propaganda beskou word?

1.3.2 Navorsingsdoelstellings

1) (a) Om 'n model van nie-linguistiese eienskappe van propagandatekste te ontwikkel.
   (b) Die model moet gebruik kan word om 'n sistematiese verdeling van tekste as propagandisties/nie-propagandisties te maak, ten einde 'n betroubare basis van vergelyking vir die analise van linguistiese kenmerke daar te stel.

2) (a) Om 'n voorlopige model van linguistiese eienskappe van propaganda op te stel deur 'n analise van vorige navorsing.
   (b) Om deur sistematiese teksanalise 'n verbeterde model van linguistiese eienskappe van propaganda te ontwikkel, deur die voorlopige model op sistematiese wyse te toets, en terselfdertyd vas te stel of daar verdere linguistiese eienskappe is wat nog nie in vorige navorsing geïdentifiseer is nie.

1.4 Metodologie

1.4.1 Oorsigtelike benadering

Die studie is met behulp van 'n tekstuele analise gedoen, soos gebaseer op Sistemies Funksionele Linguistiek, om te bepaal of sekere taalelemente as eienskappe van propaganda oor die algemeen beskou kan word en indien wel, wat hierdie eienskappe is. Die doel is dus nie om teksspesifieke afleidings te maak nie, maar afleidings wat van toepassing op propaganda in die algemeen is. Die studie is gedoen deur van 'n groep propagandatekste en 'n groep nie-propagandatekste uit die Nkandla- en staatskaping-sake gebruik te maak. *Neutraler tekste* verwys na tekste wat aan die verwagte kommunikasienorme en -standaarde voldoen en word in die studie as *nie-propagandatekste* benoem (sien Farber, 2009:23, 26-27; Jowett & O'Donnell, 2012:30-31).

Deur dieselfde taaleienskappe van propaganda wat reeds deur vorige studies as kenmerke van propaganda vasgestel is in beide groepe tekste te toets, is bepaal of sekere taalelemente uitsluitlik as kenmerkend van die propagandagroep tekste is en of die taalelemente by beide groepe voorkom. Die talige, vormlike analise volg na afloop van 'n sorteerproses waartydens elke teks afsonderlik aan die

hand van die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel geanaliseer en as propaganda of nie-propaganda geklassifiseer is.

1.4.2 Bestaande eienskappe

Taal word as ’n integrale deel van propaganda beskou, aangesien taal die medium vorm waarmee ’n propagandis propaganda kan bewerkstellig (Black, 2001:133-134; Gambrill, 2012:297-318; Jowett & O’Donnell, 2012:303). Boardman (1987:80) verduidelik dat ‘propaganda’ aanvanklik die ooreenkomstige betekeniswaarde van ‘retoriek’ gehad het, maar dat hierdie betekeniswaarde verander het in kwaadwillige taal en verbale strategieë wat misleidend is, of wat die ware motiewe van die propagandis verdoesel. Boardman (1987:84) verwys ook verder na propaganda as ’n verbale, politiese strategie.

Soos aangedui, word die taalanalise van propaganda aan die hand van die reeds toegeskrewe taaleienskappe van propaganda gedoen. Vir hanteerbaarheidsdoeleindes word ’n sintese van inhoudelike propaganda-eienskappe gemaak waarvolgens die reeds bestaande linguistiese propaganda-eienskappe ingedeel word. Hierdie sintese word aan die einde van Hoofstuk 2 (afdeling 2.3.2) uiteengesit.

1.4.3 Nie-linguistiese propagandamodel

Die nie-linguistiese propagandamodel word gebruik om tekste inhoudelik as propaganda of nie-propaganda te klassifiseer. Op hierdie manier word taal nie gebruik om tekste te klassifiseer net om weer talige afleidings van daardie tekste se aard te maak nie. Die model is saamgestel met behulp van inhoudelike eienskappe en tegnieke van propaganda soos reeds geïdentifiseer is. Verder is reeds bestaande propaganda-analiseringsmodelle gebruik asook die narratologie. Die volledige uiteensetting van die model word in Hoofstuk 3 en meer spesifiek in afdelings 3.4 tot 3.6 aangedui en bespreek.

1.4.4 Teoretiese raamwerk

In hierdie studie is die raamwerk van die kritiese diskoersanalise belangrik, aangesien dit breedweg belyn met die funksionele benadering van die Sistemies Funksionele Linguistiek (SFL), asook met kognitiewe linguistiek (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004; Martin & White, 2005). Binne die kritiese diskoersanalise speel konteks, asook die invloed van magsverhoudinge op taalgebruik, ’n belangrike rol (Fairclough, 1995:185; Fairclough, 2001). Soos reeds aangedui, word kritiese diskoersanalise nie as analiseringsraamwerk gebruik nie, aangesien die studie linguistiese eienskappe van propaganda oor die algemeen wil bepaal. Hiervoor kan die metafunksies binne die Sistemies Funksionele Linguistiek as teoretiese raamwerk gebruik word om te bepaal hoe die belangrikste taalstukke lyk in elkeen van hierdie metafunksies in propaganda in vergelyking met nie-propagandatekste (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004:29-31).

Alhoewel die studie ’n kwalitatiewe studie is, word soortgelyke metodes aan korpuslinguistiek gebruik om nie net ’n alternatiewe benadering tot die ontleding van propagandatekste te volg nie, maar ook ’n minder kontekstueelgeoriënteerde benadering. Hierdie metode van analise bied ook die geleentheid om die analise sistematies aan te pak en om ’n kwantitatiewe analise as vertrekpunt te gebruik, waarna die kwalitatiewe analise volg.

Die konteks word gebruik om die aanvanklike sortering van die tekste as propaganda en nie-propaganda te doen, maar word by die talige ontleding wat volg, sover moontlik gereduseer sodat die taalkenmerke wat gedurende die ontleding na vore kom, as taalkenmerke van propaganda oor die

algemeen beskou kan word. Sodoende word ’n teksspesifieke interpretasie van die data, soos dikwels tot en met nou met die talige ontleding van propaganda gebruik is, sover moontlik vermy.

1.4.5 Datadomein

Met hierdie studie is beoog om tekste vanuit ’n sogenaamde oorlogomstandigheid te gebruik, aangesien ’n oorlog gewaarborg is om beide propagandatekste asook meer nie-propagandatekste op te lewer. ’n Onweglaatbare oorweging is die moontlikheid dat, hetsy ’n joernalis of ’n redaksiespan, die skrywers en samestellers van ’n teks wetend of onwetend ook hul standpuntstempel op die teks afdruk (vgl. ook Martin & White, 2005:178).

Beide groepe tekste bestaan uit agt tekste waarvan twee Afrikaans en ses Engels is. Sodoende kan afleidings wat nie taalspesifiek is nie, gemaak word. Die tekste word aanvanklik per aanvangsindruk en volgens kommunikasiedomeine wat geassosieer word met propaganda en nie-propaganda onderskeidelik geselekteer én volgens die vooraf-vasgestelde getalle per groep. Die tekste is gevolglik individueel volgens die nie-linguistiese model ontleed en as propaganda of nie-propaganda gesorteer. Grensgevaltekste is eenkant geskuif.

Tekste in die propagandateksgroep bestaan hoofsaaklik uit persverklarings en tekste wat deur individue geskryf is, byvoorbeeld ’n meningstuk en ’n ope brief. Hierteenoor is daar hoofsaaklik van koerantberigte in die nie-propagandateksgroep gebruik gemaak. Die tekste is almal in die openbare domein versprei en deur aanlyn mediaplatforms.

1.5 Beperkings

Waar die studie tans slegs op individuele taalstukke op ’n leksikale vlak fokus, sou sintaktiese organisasie in die toekoms ondersoek kon word. Die studie werk voorts met ’n beperkte aantal tekste. Verder is die studie beperk tot Afrikaanse en Engelse tekste en kan daarom algemene afleidings maak, maar kan nie insae lewer wat alternatiewe vormlike verteenwoordigers in ander tale betref nie. In die toekoms sou ’n studie oor breër grense gedoen kon word, of – waar die tale wat vir die ondersoek uitgesonder word te veel van mekaar verskil – ’n studie wat tussen die verskillende tale onderskei

1.6 Bronverwysings in hoofstukke

Voorbeelde word deur die verloop van die studie gebruik om die teorie te illustreer. Om leesbaarheid te vergemaklik is die tekste nie volgens outeur aangehaal nie, maar volgens ’n verkorte weergawe van die tekstitel. Indien ’n “NP” vooraan verskyn, is die teks ’n nie-propagandateks en indien slegs ’n “P” vooraan verskyn, is die teks ’n propagandateks (sien Tabel 1).

Tabel 1: Indeling van bronne

NIE-PROPAGANDA	
Zuma’s R65m Nkandla splurge	***NP:** R65m splurge (2009)*
Nkandla: Minister to probe City Press	***NP:** Probe City Press (2012)*
Nkandla: wat nou?	***NP:** Wat nou? (2014)*
NASIONALE VERGADERING AANVAAR VERSLAG: “Stories oor Jacob Zuma en Nkandla is fiksie”	***NP:** Stories JZ (2015)*
Nkandla’s cost: Trapping the mole in the bunker	***NP:** Mole in bunker (2012)*
Zuma appointed construction company ahead of tender process – Nkandla hearings	***NP:** Ahead of tender (2017)*
Zuma explains Nkandla bond, denies knowledge of Gupta dealings	***NP:** Nkandla, Gupta (2016)*

Zuma no-confidence vote: Will 'the Zuptas' fall in South Africa?	***NP:** No-confidence (2017)*
PROPAGANDA	
Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records	***P:** Fringe benefits (2016)*
Electoral Court orders DA to retract false accusation against President Zuma	***P:** Electoral Court (2014)*
Don't undermine Zuma's leadership	***P:** Undermine Zuma (2016)*
Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan	***P:** Open letter (2017)*
Mag Zuma nog 'n bietjie uithou	***P:** Zuma uithou (2016)*
DA responds to Sunday Times' Nkandla article; Nkandla: Invoices show Jacob Zuma personally benefitted from palace upgrades	***P:** Palace upgrades (2016)*
Nkandla: Die ware skuldiges	***P:** Ware skuldiges (2014)*
Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla	***P:** Public Protector report (2014)*

1.7 Indeling van studie

Hoofstuk 1 – Inleiding en kontekstualisering: In Hoofstuk 1 word die studie gekontekstualiseer en 'n oorsig van die studie word gebied.
Hoofstuk 2 – Literatuuroorsig: In hierdie hoofstuk word die inhoudelike eienskappe asook die talige eienskappe van propaganda uiteengesit soos dit reeds in die literatuur geïdentifiseer is. Die hoofstuk sluit af met 'n georganiseerde stel eienskappe wat gebruik kan word vir beide die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel, maar ook vir die linguistiese analise wat in Hoofstuk 5 volg.
Hoofstuk 3 – Nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel: Die teoretiese aanloop (insluitend die Narratologiese model) tot die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel word uiteengesit, waarna die model self en 'n volledige toepassing daarvan aan die hand van twee nie-propaganda- en twee propagandatekste gedoen word.
Hoofstuk 4 – Linguisties-teoretiese raamwerke: Die belangrikste operasionele stukke vanuit die Sistemies Funksionele Linguistiese raamwerk word in hierdie hoofstuk uiteengesit en 'n vooruitskouende toepassing word deurlopend geantisipeer. Die belangrike gebruik van metafore (wat weer van Kognitiewe Linguistiek deel vorm) word teoreties ook in hierdie hoofstuk uiteengesit.
Hoofstuk 5 – Data-interpretasie: Hoofstuk 5 sluit die volledige taalanalise in aan die hand van die linguistiese materiaal soos in Hoofstuk 4 uiteengesit.
Hoofstuk 6 – Gevolgtrekking en aanbevelings: Hierdie afdeling sluit onder meer die sintese van die eienskappe van propaganda in soos dit aan die einde van Hoofstuk 2 bepaal is, maar met wysigings en toevoegings soos in Hoofstuk 5 duidelik word.

Hoofstuk 2 – Literatuuroorsig

2.1 Inleiding

Daar is reeds studies onderneem na die nie-linguistiese asook die linguistiese kenmerke van propaganda. Dikwels is daar binne studies nie ’n streng onderskeid tussen die nie-linguistiese en die linguistiese kenmerke van propaganda nie. Aangesien die onderhawige studie op die linguistiese kenmerke van propaganda fokus, is dit nodig om voor die linguistiese analise ’n duidelike onderskeid te tref tussen die nie-linguistiese kenmerke en die linguistiese kenmerke soos in die literatuur geïdentifiseer is. In hierdie hoofstuk word vanuit vorige literatuur ’n kritiese oorsig van propaganda gegee: eers nie-linguisties, of dan inhoudelik, waarna linguisties of vormlik volg.

Die nie-linguistiese kenmerke van propaganda moet eerstens gebruik word om ’n teks te identifiseer as nie-propaganda of propaganda. Hiervoor is dit nodig om die definiërende aspekte van propaganda te identifiseer asook die verskil tussen propaganda en soortgelyke, aangrensende kommunikasievorme om sodoende op ’n konsekwente en sistematiese manier tussen nie-propaganda en propaganda te onderskei. Hierdie onderskeid is nodig sodat, voorafgaande tot die linguistiese analise van beide nie-propaganda- en propagandateks, die tekste vir analise met behulp van die nie-linguistiese kenmerke voorlopig as propaganda en nie-propagandateks onderskei kan word. Die twee groepe tekste, naamlik propaganda en nie-propaganda, word dan beide geanaliseer deur van dieselfde groep linguistiese kenmerke gebruik te maak. Wanneer die onderskeid getref word tussen propaganda en nie-propaganda wil dit voorkom of die **doel** van propaganda die belangrikste punt van verskil tussen propaganda en nie-propaganda is en daarom as meganisme dien om hierdie onderskeid te tref.

Buiten vir die doel van ’n teks is daar ook ander kenmerke van propaganda wat saam met die doel van ’n teks gebruik kan word om hierdie onderskeid tussen propaganda en nie-propaganda te tref. Sekere tegnieke wat kenmerkend van propaganda is, word onder die eienskappe van propaganda bespreek. Om verder die sortering van tekste wat as propaganda gegroepeer is te toets, word die propagandateks as ’n spesifieke soort propaganda geïdentifiseer. Hier vorm die aard van die inligting in die teks, hetsy informasie, waninformasie of disinformasie, ’n belangrike deel van die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel.

Nadat die nie-linguistiese kenmerke van propaganda bespreek is, word aandag geskenk aan die linguistiese kenmerke van propaganda soos in die literatuur vasgestel. Sommige van die linguistiese kenmerke kan reeds vanuit die nie-linguistiese afdeling oorgedra word, aangesien hierdie kenmerke linguisties van aard is. Die geïdentifiseerde linguistiese kenmerke van propaganda stem op plekke ooreen, maar verskil ook tussen studies. Daarom is dit nodig om ’n sintese van die verskillende kenmerke te maak om oorvleueling uit te skakel, maar ook ’n werkbare lys van linguistiese kenmerke van propaganda saam te stel. Sodoende word daar ook ’n meer konkrete onderskeid tussen die nie-linguistiese en die linguistiese kenmerke van propaganda getref. Voorbeelde word in die bespreking deurlopend vanuit die betrokke bron voorsien of aangepas tensy anders aangedui.

2.2 Nie-linguistiese beskouing van propaganda

Die manier waarop die (nie-linguistiese en linguistiese) kenmerke van propaganda in die literatuur uiteengesit word, tref nie ’n duidelike onderskeid tussen die inhoudelike en die vormlike nie. Om die linguistiese kenmerke van propaganda te ondersoek, is só ’n onderskeid, sover as wat dit moontlik is,

nodig om sirkelredenasie uit te skakel: linguistiese elemente van ’n teks kan nie gebruik word om ’n teks as propaganda te identifiseer, net om later sekere linguistiese elemente in die propaganda weer as linguistiese kenmerke van die spesifieke tekstipe te klassifiseer nie. Moontlike sirkelredenasie word uitgesluit deur die nie-linguistiese kenmerke van propaganda (as een stel ontledingsgereedskap) onafhanklik van die linguistiese kenmerke (as die tweede stel ontledingsgereedskap) te identifiseer en hierdie nie-linguistiese kenmerke van propaganda te gebruik as middel om propagandatekste en nie-propagandatekste van mekaar in twee groepe te verdeel. Nadat die teksgroepe met behulp van die nie-linguistiese kenmerke van propaganda vasgestel is, kan die linguistiese kenmerke van propaganda, soos tans in die literatuur aangedui word, aan beide die propaganda- en nie-propagandatekste getoets word.

Om ’n duideliker onderskeid tussen die nie-linguistiese en die linguistiese kenmerke te maak, moet die nie-linguistiese kenmerke van propaganda geïdentifiseer word en veral kenmerke wat propaganda duidelik van ander, soortgelyke kommunikasietipes onderskei. In hierdie afdeling word die definisie van propaganda oorweeg deur na twee verskillende benaderings tot die definiëring van die begrip te kyk en ook die oorvleuelings tussen hierdie definisies wat dus op kernkenmerke van propaganda dui, te identifiseer. Die soortgelyke, aangrensende kommunikasievorme van propaganda word ook nie altyd duidelik van propaganda onderskei nie. Daarom word hierdie kommunikasievorme in vergelyking met propaganda bespreek. Wanneer die definisies van propaganda asook die fyn verskille tussen propaganda en ander kommunikasievorme soos oorreding in berekening gebring word, kan die doel van propaganda as die belangrikste punt van onderskeid tussen propaganda en nie-propaganda geïdentifiseer word.

Samevattend is die belangrike aspekte ter oorweging van ’n teks as nie-propaganda of propaganda die volgende: die doel van die teks en ander kenmerke van propaganda, soorte propaganda as kontrole vir of ’n teks korrek as propaganda geïdentifiseer is, propagandategnieke (wat dikwels oorvleuel met kenmerke van propaganda) en die gebruik van informasie en emotiewe taal. Saam met die doel van propaganda is daar ook verdere belangrike kenmerke van propaganda wat waardevolle insig bied wanneer ’n teks as propaganda of nie-propaganda geïdentifiseer moet word. Hiermee saam moet kenmerkende propagandategnieke oorweeg word as hulpmiddel vir die identifiseringsproses van propaganda.

2.2.1 Definisies en definiëringsprobleme

Om ’n enkele, omvattende definisie vir die term propaganda vas te stel, is problematies aangesien daar met tyd ’n deurlopende herdefiniëring van dié begrip plaasvind (Black, 2001:121-137; Ellul, 1965:xi). Verskeie propagandastudies het al gepoog om ’n meer akkurate en omvattende definisie van propaganda daar te stel (Black, 2001; Ellul, 1965; Qualter, 1962; Cunningham, 1992:233). Aangesien propaganda vanuit verskillende wetenskapsvelde bestudeer word, sou die verskillende perspektiewe en klemme binne ’n studieveld die definiëring van propaganda kon beïnvloed en bydra tot die verskille in definisies van propaganda. Propaganda is, soos reeds genoem, bestudeer vanuit die politiek, kommunikasie, sosiologie, psigologie, geskiedenis en taalkunde (vgl. Abed, 2015:17; Bernays, 1928; Black, 2001; Ellul, 1965; Gambrill, 2012; Herman & Chomsky, 1995; Jowett & O’Donnell, 2012; Lasswell, 1927, 1949; Lippmann, 1920, 1922; Monama, 2014; Wodak, 2007).

Alhoewel die definiëring van propaganda verskille insluit wat klassifikasiegrense soms kan bemoeilik, is daar tog sekere faktore wat telkens in verskillende definisies voorkom en daarom faktore aandui

wat as sentraal tot die aard van propaganda beskou kan word. Die verskillende benaderings tot die definiëring van propaganda kan hoofsaaklik in twee groepe verdeel word: propaganda as negatief en propaganda as meer neutraal, ook genoem die "neutrality thesis", of neutraliteitstelling (Cunningham, 1992:233). Die onderskeid rus dus op die idee dat die doel van propaganda inherent negatief is, of hierteenoor dat die doel van propaganda negatief of positief kan wees, afhangend van die soort propaganda en situasie.

'n Voorbeeld van propaganda wat as inherent negatief beskou kan word, is die propaganda wat die Nazi's byvoorbeeld gebruik het om Jode tot submens te verklaar en voor te stel, om sodoende die Nazi's se doel te bereik (Herzstein, 1979:17-19). 'n Voorbeeld van propaganda wat neutraliteitstelling verteenwoordig en daarom ook 'n positiewe doel sou kon dien, sou 'n organisasie soos die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBD/SANBS) insluit wat propaganda gebruik met die oog daarop om mense se lewens te red. Oorweeg 'n slagspreuk soos die volgende: "Don't let Life get in the way of Life" (Hobbs, 2013:6). Cunningham (2002) kritiseer die manier waarop propagandastudies vanuit verskillende perspektiewe aangepak is en dat propaganda op 'n wollerige wyse beskryf is. Bepaalde idees bestaan rondom propaganda, maar daar is nie 'n weldeurdagte, duidelike beeld van wat propaganda werklik behels nie. Die aangewese studie kan dus insigte bied tot die meer akkurate beskrywing en omskrywing van propaganda vanuit 'n linguistiese sowel as 'n nie-linguistiese perspektief.

Voorts word 'n paar definisies oorweeg, hetsy met 'n negatiewe of neutrale invalshoek en vanuit verskillende wetenskapsvelde, met die doel om oorvleuelende faktore te identifiseer wat die kernkenmerke van propaganda uitmaak. Die verskillende definisies vanuit verskillende benaderings word dus gebruik om 'n basiese vertrekpuntraamwerk te formuleer as die kernaspekte wat in propaganda teenwoordig is.

Qualter (1962:27) beskou propaganda as 'n **doelbewuste** poging deur die propagandis om die ontvangers van propaganda se **houdings of ingesteldhede** te vorm, te **beheer** of te **wysig** deur kommunikasieinstrumente te gebruik en dit te doen met die voorneme om die ontvangers van propaganda voor te berei om in enige gegewe situasie **in ooreenstemming met die propagandis se behoeftes** op te tree. Ellul (1965:61) dui aan dat die teikengroep se reaksie op die propagandis se oproepe, aktiewe of passiewe deelname kan behels. Die "aksie" waartoe propaganda mense oproep kan daarom wees om óf aktief te reageer, óf om juis nie te reageer nie – alles in ooreenstemming met die propagandis se behoefte of doel. Ellul (1965:61) verduidelik dat die ontvangers van propaganda 'n groep is wat psigologies verenig word deur psigologiese manipulasies. Daarom is 'n verenigende faktor of faktore teenwoordig in 'n propagandis se teikengroep (Ellul, 1965:6-7).

Propaganda kan, inaggenome die voorafgaande, daarom in die posisie van 'n voorbereidingsmedium geplaas en gebruik word as middel tot 'n doel, naamlik die vervulling van die propagandis se behoeftes. 'n Soortgelyke idee wat hierby aansluit is Doob (1966:346) se "subpropaganda" en Ellul (1965:30) se "prepropaganda". Subpropaganda of prepropaganda verwys na propaganda wat aktiewe en intensiewe propaganda voorafgaan en daarom deurlopend gebruik word om 'n teikengroep voor te berei om makliker vatbaar te wees en op die regte tyd na wense te reageer wanneer aktiewe propaganda gebruik word.

Lasswell (1927:627) verduidelik dat propaganda die **manipulering** van beduidende, konvensionele simbole behels om kollektiewe houdings te manipuleer. Jowett en O'Donnell (2012:7) beklemtoon die

doelbewustheid wat met die gebruik van propaganda gepaard gaan, die poging om opvattings, kognisies en gedrag te wysig om sodoende ’n reaksie of respons te bewerkstellig wat tot voordeel van die propagandis se saak is. Manipulasie in propaganda impliseer ’n propagandis wat doelbewus tot voordeel van sy of haar eie saak ’n proses gesistematiseerd toepas om hierdie doelwitte effektief te bereik. Jenkins (2014:1) en Miller (1937:210) sluit myns insiens tereg hierby aan. Propaganda word as ’n georganiseerde, ontwerpte en doelbewuste poging beskou om persone se ideologiese opvattings só te beïnvloed dat die propagandis se doelwit daardeur bevorder word.

Hetsy propaganda vanuit ’n negatiewe of meer neutrale hoek gedefinieer word, is daar steeds sekere oorvleuelings tussen die definisies wat op kernkenmerke van propaganda dui. Die belangrikste van hierdie oorvleuelings is die doel van propaganda wat meestal slegs tot voordeel van die propagandis strek. Alhoewel daar nie in die studie verder op die etiese aspekte van propaganda ingegaan word nie (vgl. studies soos Black, 2001; Cunningham, 1992; Snyman, 1983), is dit tog opmerklik dat indien die doel van propaganda slegs tot voordeel van die propagandis strek, ’n neutrale houding wat ruimte vir positiewe propaganda laat, eintlik wegval. Met dié dat verskillende definisies vanuit beide benaderings ’n ooreenkomstige doel van propaganda aandui – naamlik dat slegs die propagandis en die geassosieerde partye deur die uitkoms bevoordeel word – doem die moontlikheid op dat definisies wat in die neutraliteitstelling val, bloot 'n breër kategorisering van propaganda tot gevolg het. Dit dui uit die aard van die saak op die waarskynlikheid dat propaganda dalk net nie so spesifiek afgebaken is van soortgelyke kommunikasietipes nie en veral nie van oorreding self nie.

Jowett en O’Donnell (2012:13) verduidelik aan die hand van die volgende voorbeeld dat propaganda nie noodwendig in alle situasies slegs tot voordeel van die propagandis is nie, maar ook voordelig vir die ontvanger van propaganda kan wees. Volgens hiérdie benadering hang die oordeel of beide groepe of slegs een groep voordeel trek, van die ideologie wat ’n individu ondersteun af. Gedurende die Koue Oorlog het mense wat na die *Voice of America*-uitsendings agter die Ystergordyn geluister het, bloot hul behoefte aan informasie bevredig, maar wat dit laat voorkom of die radiostasie altruïstiese bedoelings gehad het (Jowett & O’Donnell, 2012:13). Die informasie wat uitgesaai is, het wel ideologiese materiaal bevat om by die ontvangers van die propaganda ’n positiewe houding teenoor die Verenigde State van Amerika, sy ondersteuners en idees soos demokrasie, kapitalisme en vryheid te kweek (Jowett & O’Donnell, 2012:13). Aan die Amerikaanse kant is hierdie praktyk nie noodwendig as negatief gesien nie, maar wel aan die Kommunistiese kant (Jowett & O’Donnell, 2012:13).

Hierdie uiteensetting maak ’n problematiese onderskeid tussen propaganda wat ’n moontlik neutrale of positiewe rol kan vervul en iets soos oorreding duideliker. Oorreding word onder meer gedefinieer op grond daarvan dat beide partye, die sender en die ontvanger, voordeel uit die gedeelde informasie trek (vgl. Jowett & O’Donnell, 2012:33).

O’Keefe (2002:5) definieer oorreding as “a successful intentional effort at influencing another’s mental state through communication in a circumstance in which the persuadee has some measure of freedom”. Hierdie spesifieke definisie bied nie noodwendig duidelikheid oor die grenslyn tussen oorreding en propaganda nie, maar O’Keefe dui ook aan dat sy bedoeling met die definisie is om bloot ’n basiese en algemene indruk van die konsep te bied. Tóg wys O’Keefe (2002:4) ’n belangrike punt van onderskeid uit naamlik vryheid van besluitneming aan die kant van die persoon wat oorreed word: “When the persuadee’s freedom is minimized or questionable, it becomes correspondingly

questionable whether persuasion is genuinely involved; one no longer has a straightforward exemplary case of persuasion." (O'Keefe, 2002:4). Hierdie kriterium bied wel heelwat ruimte vir interpretasie en is moeilik om te bepaal (vgl. O'Keefe, 2002:5).

Hoeken (1998:15) dui die verskil tussen informatiewe tekste en oorredende tekste aan volgens die bedoeling met die teks: informatiewe tekste word geskryf om bloot informasie weer te gee teenoor oorredende tekste wat geskryf word as 'n teks wat informasie weergee, maar met die doel om 'n leser op 'n bepaalde manier te laat optree.

Kolenda (2013) waarsku dat oorredingstegnieke nie gebruik moet word om mense daartoe te bring om aktiwiteite te doen wat nie in hul beste belang is nie. Hy tref 'n onderskeid tussen manipulasie en oorreding wat belangrik raak vir die plasing van propaganda aangesien propaganda, in terme van die uitkoms of doel, eerder met manipulasie geassosieer moet word as oorreding. Volgens Kolenda (2013:2) word die term "manipulasie" oor die algemeen gebruik om na 'n kwaadwillige poging om ander persone te beïnvloed met behulp van bevraagtekenbare of opsetlik onetiese taktieke. Hy beklemtoon ook dat oorredingstegnieke nie in sigself negatief is nie, maar die doel waarvoor dit aangewend word bepalend is.

O'Keefe (2002:2) verduidelik dat 'n definisie voldoende is wanneer dit genoegsame duidelikheid van 'n bepaalde konsep bied sonder om grensgevaldispute op te moet klaar. Met dié dat daar reeds definisieuitdagings is met betrekking tot propaganda en selfs oorreding (vgl. O'Keefe, 2002:2-3; 5), word daar in hierdie studie met die duideliker identifiseerbare en onderskeibare eienskappe van propaganda gewerk. 'n Verdere en meer in diepte ondersoek aangaande die onderskeid tussen oorredende tekste en propaganda kan daarom in toekomstige studies uitgebou word.

Met 'n oper benadering tot die aard van propaganda en die idee dat beide partye, soortgelyk aan oorreding, uit propaganda kan voordeel trek, raak dit moeilik om propaganda en oorreding as verskillende kommunikasietipes van mekaar te onderskei. Jowett en O'Donnell (2012:7) beskou propaganda wel as 'n subkategorie van oorreding sowel as van informasie, maar selfs dan moet die subkategorie van die hoofkategorie en ander subkategorieë op 'n duidelike manier onderskei kan word. Die verskil in die proses wat plaasvind tussen die kommunikasievorme sou as verdere hulpmiddel gebruik kon word om duidelikheid tussen die verskillende kommunikasievorme te verkry, alhoewel die identifisering van die doel steeds die eenvoudigste en maklik meetbare manier bly om hierdie onderskeid te tref (vgl. Jowett & O'Donnell, 2012:29). Verál ook met in ag name van ander soorte kommunikasie soos oorreding.

Omdat 'n neutraler benadering tot propaganda moeilike etiese oordele van die navorser gaan verwag, word die neutraler benadering tot propaganda daarom in hierdie studie tersyde gestel en word die negatiewe benadering tot die aard van propaganda gebruik, aangesien dié benadering 'n duideliker onderskeid tussen propaganda en nie-propaganda daarstel. Alhoewel dit nie altyd maklik is om vanuit 'n eksterne perspektief die "ware" doel wat 'n outeur met 'n teks gehad het te bepaal nie, bied die nie-linguistiese (inhoudelike) analise desnieteenstaande genoeg duidelikheid om wél die doel van 'n teks te identifiseer. Hierdie duidelike onderskeid is nodig om twee groepe tekste, propaganda en nie-propaganda, mee saam te stel om na afloop van die linguistiese analise op beide groepe tekste met

sekerheid te kan aandui dat sekere linguistiese elemente wel as eienskappe van propaganda beskou kan word.

2.2.1.1 Doel van propaganda

Jowett en O'Donnell (2012:29, 32-34) gebruik die doel van propaganda as deel van die proses om tussen propaganda en die aangrensende kommunikasievorm, oorreding, te onderskei. Soos reeds aangedui, vorm die doel 'n sentrale punt in die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel waarvolgens die res van die nie-linguistiese kenmerke geïnterpreteer en verstaan moet word. Die doel kan as die beginpunt van die propagandaproses verstaan word, aangesien die res van die proses en daarom ook kenmerke op nie-linguistiese en linguistiese vlak gekies word om die doel te bereik.

Omdat propaganda opgestel word met die doel om die propagandis se saak en daarom die propagandis self te bevoordeel, is dit belangrik om aan die propagandis as die begunstigde aandag te skenk. Hierteenoor kan sekere eienskappe van die teikengehoor of uiteindelike ontvangers van propaganda ook vasgestel word. Die dinamiek tussen die propagandis en die ontvanger van propaganda is belangrik om te verstaan, weereens om uiteindelik die realisering van die doel in 'n al hoe duideliker lig te plaas.

Om die doel van 'n teks vas te stel, kan twee opeenvolgende vrae gevra word:

- Is daar 'n oproep tot handeling (of geen handeling) (vgl. Ellul, 1965:6; Gambrill, 2012:6; Jowett & O'Donnell, 2012:7)?
- Wie word deur die uitkoms van hierdie handeling (of geen handeling) begunstig (vgl. Jenkins, 2014:1; Jowett & O'Donnell, 2012:7)?

Wanneer die doel duidelik tot voordeel van slegs, of grotendeels die propagandis strek, word die teks as propaganda beskou (Jowett & O'Donnell, 2012:3, 7, 29, 33). Indien die doel van die teks nie slegs tot voordeel van die propagandis strek nie, kan die teks as informatief sorteer word wat aan die eise van die individuele kommunikasietipe voldoen, byvoorbeeld 'n oorredende of akademiese teks (vgl. Bodi, 1995:25; Jowett & O'Donnell, 2012:31-33). In die laasgenoemde kommunikasietipes bestaan die verstandhouding dat die uiteinde van die kommunikasie 'n wedersydse voordeel inhou en dat die kommunikasie neutraal is (Jowett & O'Donnell, 2012:31-33).

Propagandiste is baie bewus van hul belange en verskuil hierdie belange daarom dikwels (Bodi, 1995:22). Die propagandis se boodskappe word op só 'n wyse ingebed dat die ontvangers van die propaganda dit nie versigtig en met 'n kritiese ingesteldheid benader nie (Bodi, 1995:22). Dit is daarom moontlik dat 'n propagandis nie eerlik is oor die doel en begunstigde van bepaalde propaganda nie (Jowett & O'Donnell, 2012:45). Aangesien dit nie altyd moontlik is om die presiese bedoeling van die propagandis te bepaal nie, is dit dikwels makliker om propaganda retrospektief te analiseer, eerder as op die daad of dan op die tydstip waarop dit uitgebring of openbaar gemaak word (Jowett & O'Donnell, 2012:44).

In die studie word voormalige president Jacob Zuma se Nkandla-skandaal gebruik as een van die sake waarvolgens die tekste geselekteer word. Wat hiérdie saak ideaal maak vir die analise van tekste is dat die saak grotendeels afgehandel is en die saak daarom grotendeels retrospektiewelik aangepak kan word. Die saak lewer ook hofuitsprake en 'n verslag op van die voormalige Openbare Beskermer, advokaat Thuli Madonsela, en wat as kontroletekste gebruik kan word om die feitelike akkuraatheid van die verskillende tekste mee te toets. Verder is die tweede saak, naamlik staatskaping, steeds nie

volledig afgehandel nie, maar daar is ook reeds genoeg inligting, byvoorbeeld die Openbare Beskermer se verslag, as rugsteun vir oordele oor die informatiewe korrektheid van tekste. Die geïdentifiseerde linguistiese kenmerke en ook nie-linguistiese kenmerke van propaganda wat in hierdie studie geïdentifiseer en verder beskryf word, kan as hulp dien om meer vooruitskouend propaganda te kan identifiseer.

Die vraag is dus of die outeur van die teks begunstig word en daarom as begunstigde beskou kan word en natuurlik of die outeur eerlik daaroor is. Soms kom dit voor of een party die begunstigde is, maar in werklikheid slegs ’n skynbegunstigde is wat dien as rookskerm vir die ware begunstigde (vgl. Jowett en O’Donnell, 2012:25-26; 293). Wat die doel van propaganda betref, is dit soms moeilik om vas te stel of die voor die hand liggende doel nie dalk ook net ’n skyndoel is wat as trapsteen tot die groter, ware doel gebruik word nie (vgl. Jowett & O’Donnell, 2012:293-294). Die verstaan van ’n skynbegunstigde en ’n ware begunstigde, asook ’n skyndoel en ’n ware doel, sluit aan by die wyse waarop informasie in propaganda gebruik word wat in afdeling 2.2.4 en 2.2.4.1 bespreek word.

In die staatskapingsaak word die term “witmonopoliekapitaal” gebruik en word as die sondebok voorgehou vir Suid-Afrika se ekonomiese krisis. Die beginsel agter dié term is nie noodwendig nuut nie deurdat politieke partye met 'n nasionalistiese inslag, soos die EFF, dikwels witmonopoliekapitaal as die gemeenskaplike struikelblok identifiseer (Hurt & Kuisma, 2016:16). Die verskil is dat “witmonopoliekapitaal” aktief uitgebou is as ’n soort slagspreuk met die doel om spanning onder verskillende rasse aan te moedig in ’n tyd waar staatskaping aan die lig gekom het (vgl. Cameron, 2017).

Al het hoofsaaklik witmense tydens apartheid wel die land se ekonomie beheer, is daar ander bydraende faktore, soos korrupsie, wat problematies vir die Suid-Afrikaanse ekonomie is (National Development Plan, 2012:58-59). Van der Walt (2015:39) redeneer dat aannames soos [swartmense het politieke mag, maar nie ekonomiese mag nie], of [wit privaat besighede het ’n houvas op die ekonomie], die swart ekonomiese en politiese elite uit die prentjie weglaat en daarom ook deelvorm van strategiese oorwegings in dié verband. Volgens Van der Walt (2015:39) word Suid-Afrika deur een heersersklas beheer wat in twee sektore verdeel kan word: ’n (hoofsaaklik wit) privaat sektor elite, en ’n (hoofsaaklik swart) staats-elite.

Die land se ekonomiese probleme is daarom met behulp van die term “witmonopoliekapitaal” vereenvoudig tot ’n enkele oorsaak en die kompleksiteit daarvan word nie aangetoon nie. Die term “witmonopoliekapitaal” word op so ’n manier gebruik om dit te laat lyk of die betrokke politici die volk se belange op die hart dra deur ’n probleem aan te dui en dit aan te spreek (skyndoel), maar in wese word die term in werklikheid alleen gebruik om aandag van die betrokke politici se eie skuld te deflekteer (ware doel).

Hitler[2] (1992:164) bied nog ’n invalshoek tot die funksie van propaganda, naamlik dat propaganda gebruik word om die publiek se aandag op onder meer sekere feite, prosesse en noodsaaklikhede vir die eerste keer te rig. Volgens Hitler (1992:164) lê die kuns daarin om hierdie proses met soveel vaardigheid en versigtigheid uit te voer dat almal daarvan oortuig word dat die feit waar is, die proses nodig en die noodsaaklikhede korrek is. Die propagandis moet daarom die propagandaproses op ’n

[2] Hitler was, (uit eties-morele hoek bekyk) ongelukkig, ’n baie effektiewe propagandis en verteenwoordig daarom belangrike aspekte van suksesvolle propaganda in praktyk. Al is Hitler ‘n omstrede figuur word hy daarom steeds in die studie aangehaal.

manier beplan en aanpak wat so goed as moontlike uitwerking waarborg om sodoende die doel met sukses te bereik. Lasswell (1927:629) verduidelik dat die propagandis se uitdaging daarin lê om houdings wat ooreenstem met die propagandis se doel te intensiveer, maar om daarmee saam negatiewe houdings teenoor die propagandadoel om te keer en aangetrokke tot die doel te kry. Die propagandis moet ten minste probeer voorkom dat iemand 'n vyandige gesindheid in die propaganda opmerk (Lasswell, 1927:629).

In hierdie afdeling word die belangrikheid van die doel van propaganda as eensydig of net voordelig vir die propagandis uitgewys, naamlik om propagandatekste en nie-propagandatekste van mekaar te onderskei. Die risiko met 'n groepering van tekste is dat tekste wat in soortgelyke genres as propaganda val, moontlik verkeerdelik as propaganda gereken kan word waar 'n teks eintlik nie-propaganda is.

2.2.1.2 Klassifisering van propaganda

Wanneer die tekste as propaganda of nie-propaganda gegroepeer word, dien die doel van 'n teks as die belangrikste hulpmiddel om hierdie tekste van mekaar te onderskei. Die doel help ook om 'n belangrike verskil tussen soortgelyke kommunikasietipes uit te wys. Deur hierdie verskil te identifiseer, kan klassifikasiefoute wat grensgevaltekste (tussen propaganda en nie-propagandatekste) betref, sover moontlik uitgeskakel word. Behalwe om die funksie van soortgelyke kommunikasietipes aan propaganda met mekaar te vergelyk, is dit ook belangrik om die verskillende name wat vir propaganda gebruik word te oorweeg, aangesien hierdie terme dikwels as sinonieme in verskillende gebruikskontekste funksioneer.

Alreeds by die definiëring van propaganda word dit duidelik dat daar verskillende idees heers oor hoe en waar om propaganda te plaas. Propaganda word voorgestel as 'n poging tot beheer deur van kommunikasie-instrumente gebruik te maak (Qualter, 1962:27). Die begrip word ook gekoppel aan die uitdrukking van 'n mening of 'n aksie, as 'n stel metodes, gemanipuleerde simbole en selfs as strategie (Ellul, 1965:61; Lasswell, 1927:627, 629; Miller, 1937:210). In ieder geval is bepaalde middele nodig om propaganda oor te dra ten einde doelwitte te bereik. Verskillende name word ook dikwels as sinonieme vir propaganda gebruik en verklap ook iets van die aard van propaganda: misinformasie, pseudo-kommunikasie, retoriek, indoktrinasie, breinspoel, massa-oorreding, en so meer (vgl. byvoorbeeld Cunningham, 2002:11; Jowett & O'Donnell, 2012:2; Moran, 1979). Kennis van die sinonieme van propaganda voorkom verwarring van die begrip wanneer die literatuur met mekaar vergelyk word.

Boardman (1978:80) verduidelik dat 'propaganda' aanvanklik die ooreenkomstige betekeniswaarde van 'retoriek' gehad het, maar dat hierdie betekeniswaarde verander het in kwaadwillige taal en verbale strategieë wat misleidend is, of wat die ware motiewe van die propagandis verdoesel. Boardman (1978:84) verwys ook verder na propaganda as 'n verbale, politiese strategie. Die idee van verbale strategieë wat op 'n misleidende manier gebruik is, sluit ten nouste aan by die filosofiese begrip sofistery of drogredenering wat in direkte kontras met filosofie staan wat weer poog om die objektiewe realiteit te verstaan (vgl. White, 1993:x).

Sofistery verwys onder meer na die moontlikheid vir iemand om valse oortuigings vir die waarheid aan te sien of te aanvaar en uiteindelik ander mense tot hierdie vals oortuigings oor te haal (Plato, 1993:240b-e; White, 1993:viii). 'n Sofis word dus as 'n bedrieër beskou en sal hierdie valse manier van redeneer gebruik om retoriese oorwinnings te behaal, trots wees daarop dat mense glo wat hy of sy

(die sofis) wil hê hulle moet glo en sou selfs betaling neem om ander in hierdie tegniek te onderrig (*Oxford Dictionary of Philosophy*, 2005:345; Plato, 1993:232a – 233d; White, 1993:xi). Plato (1993:240c) verduidelik dat ’n sofis waarhede en valshede vermeng en uiteindelik mense oorreed om toe te gee dat ’n onwaarheid elemente bevat van dit wat werklik as waarheid beskou kan word.

Die ooreenkoms met propaganda is duidelik. Op ’n informatiewe vlak kombineer ’n propagandis informasie, waninformasie en disinformasie om iets soos die waarheid, maar nie die volle waarheid nie, aan die ontvangers van propaganda voor te hou. Uiteindelik, soos dit voorkom ook ’n sofis se doel dikwels was, word drogredenering gebruik om die verkondiger daarvan uiteindelik te bevoordeel, soos ’n propagandis se doel ook is om selfbevoordeling deur propaganda te bewerkstellig. Uiteindelik word hierdie proses met behulp van taal gefasiliteer.

Verder word propaganda dikwels nie duidelik van oorreding onderskei nie en word selfs as ’n soort oorreding weergegee (Jenkins, 2014:1; Jowett & O’Donnell, 2012:6; Vlăduţescu, 2014:71). Jowett en O’Donnell (2012:6-50) poog om ’n noukeuriger onderskeid tussen hierdie kommunikasievorme te tref. Met behulp van ’n model word informasie, oorreding en propaganda as kommunikasietipes van mekaar onderskei (Jowett & O’Donnell, 2012:29-31). Propaganda word ook as ’n subkategorie van informasie en oorreding beskou (Jowett & O’Donnell, 2012:29) en dit word ook as ’n medium weergegee wat informasie en oorreding gebruik om sodoende die hoofdoel te bereik (Jowett & O’Donnell, 2012:27, 45). Selfs ander kommunikasievorme soos bemarking en onderrig kan ingespan word as instrumente van propaganda (Black, 2001:121; Bodi, 1995:2; Chomsky, 1986; Ellul, 1965:12-13, 112; Jowett & O’Donnell, 2012:152-164).

Die primêre punte van onderskeid tussen informasie, propaganda en oorreding is gesetel in die proses en die doel daarvan (Jowett & O’Donnell, 2012:29-30). Die doel van informasie is om die wêreld beter te verstaan en wanneer informasie uitgeruil word, is daar ’n soort verstandhouding en verwagting dat ’n ooreenstemmende begrip van inligting bereik moet word en dat die proses geskoei is op akkuraatheid, onbetwisbaarheid en feitelike korrektheid (Jowett & O’Donnell, 2012:29-31). Oorreding veronderstel weer dat beide die sender (of outeur) en die ontvanger in ’n bevoordeelde posisie geplaas word wanneer die ontvanger op transaksionele wyse “oorreed” word (Jowett & O’Donnell, 2012:29-33). Die transaksionele aard van oorreding beteken dat beide partye op die een of ander manier voordeel uit die situasie trek, beide partye skep saam betekenis en is beide in ’n afhanklike posisie van mekaar (Jowett & O’Donnell, 2012:33).

Soos reeds sigbaar geword het tydens die bespreking van die definisies van propaganda, druis die doel van propaganda lynreg in teen die wedersydse vertrouensaard en bevoordelingsaard van die doel van informasie en oorreding, deurdat propaganda as voordelig vir slegs die propagandis beskou word. Die doel van informasie, oorreding en propaganda is daarom ’n sterk oorweging vir klassifiseringsredes en word ’n kardinale hulpmiddel in die nie-linguistiese propagandamodel. Propaganda kan verder ook verstaan word deur die verskille tussen propaganda en kommunikasie en propaganda en onderrig te oorweeg.

Binne enige kommunikasie tussen twee of meer kommunikeerders, is daar bepaalde eise of verwagtinge wat gestel, veronderstel en nagekom word (Jowett & O’Donnell, 2012:31). ’n Informatiewe kommunikeerder het ten doel om ’n gedeelde begrip te bewerkstellig van inligting wat as akkuraat beskou word, konsepte wat as onweerlegbaar beskou word, en idees wat op feite gebaseer is (Jowett & O’Donnell, 2012:31). Farber (2009:23, 26-27) wys onder meer die volgende, soortgelyke drie vereistes uit vir korrekte joernalistieke skryfwerk (as informatiewe bron van kommunikasie) en wat ook as maatstaf van goeie kommunikasie kan dien: die feite wat oorgedra word

moet korrek wees, rapporteer sonder vooroordeel en in die belang van die publiek, en gebruik meervoudige bronne. Inaggenome hierdie vereistes, is propaganda se nakom daarvan bedenklik.

Dit is moontlik vir ’n propagandis om korrekte asook verkeerde feite tot voordeel van ’n saak te gebruik (Bodi, 1995:22; Ellul, 1965:84-87; United States Army Psychological Operations [PSYOP], 2003:11_1; Jowett & O’Donnell, 2012:31). Dit is ook moontlik dat die propagandis meervoudige bronne of stemme binne ’n teks gaan vermy of verdraaid aanbied, tot voordeel van die propagandis (Bodi, 1995:24). Ellul (1965:6) stel dit soos volg: “Propaganda ceases where simple dialogue begins ...”.

Uit die aard van onderrig en wetenskap, is dialoog ’n uiters belangrike konsep. In *Scholarship or popaganda: how can librarians help undergraduates tell the difference*, tref Bodi (1995:24) ’n onderskeid tussen propaganda en akademies betroubare skryfstukke aangesien studente dikwels hiermee sukkel (vgl. ook Lasswell, 1927:628; Miller, 1937:210; Qualter, 1962:9 vir die verskil tussen propaganda en wetenskap). Die volgende ses punte van verskil word voorgestel: 1. Propaganda werk met verskillende vlakke van waarhede en valshede teenoor wetenskaplike skryfwerk wat na die waarheid streef en swakhede erken. 2. Propaganda mislei die leser dus doelbewus waar wetenskaplike skryfwerk poog om regverdig te wees en vooroordele of ’n spesifieke standpunt duidelik te stel. 3. In propaganda word een benadering tot ’n saak as die enigste benadering tot ’n saak aangebied en statistiek word selektief gebruik om hierdie standpunt te steun. Hierteenoor sluit wetenskaplike skryfwerk verskillende benaderings in en selfs ook benaderings wat nie ooreenstem met die outeur s’n nie. 4. Daar word in akademiese skryfwerk met versigtigheid geïnterpreteer of die data die standpunt ondersteun of nie. 5. Propaganda is geneig om reeds vasgestelde antwoorde en oplossings tot probleme te hê, teenoor wetenskaplike skryfwerk wat kritiese analise verwelkom. 6. Uiteindelik maak propaganda staat op veranderde houdings of oorgang tot aksie om suksesvol te wees, waar wetenskaplike skryfwerk verdere navorsing verwelkom.

Dit is belangrik om van propaganda in die wetenskap en onderrig kennis te dra aangesien onderrig self as potensiële gebruiksmedium tot propaganda beskou word (Qualter, 1962:11, 15). Ellul (1965:112-114) en Bodi (1995:23) dui ook die risikogroep vir propaganda aan as die opgeleides van ’n samelewing wat deurlopend informasie insamel en sodoende poog om ’n “objektiewe” mening te vorm. Dit lyk of die propagandis ander soortgelyke kommunikasietipes, waar die oordrag van informasie tussen ’n meer gesaghebbende persoon en ’n minder gesaghebbende persoon plaasvind, vir die oordrag van propaganda kan gebruik. Deur die verskil tussen informasie, onderrig, wetenskaplike skryfwerk, oorreding en retoriek teenoor propaganda vas te stel, kan die risiko om tekste verkeerdelik te groepeer as propaganda of nie-propaganda verklein word.

Die eienskappe van propaganda moet in die teks realiseer en bepaalde nie-linguistiese tegnieke word hiervoor gebruik. Hierdie tegnieke kan daarom self as kenmerkend van propaganda beskou word. Later in die studie kan hierdie verskillende tegnieke gebruik word om die linguistiese uitdrukkingsmiddele van die nie-linguistiese kenmerke te onderskei. Soos die propagandategnieke uiteengesit word, raak dit duidelik hoe elke tegniek deur ’n propagandis gebruik kan word om ’n doel tot voordeel van die propagandis te dien.

2.2.2 Propagandategnieke

Bepaalde propagandategnieke is kenmerkend aan ’n propagandateks. Die tegnieke moet in die lig van die doel van ’n propagandateks verstaan word, aangesien hierdie tegnieke gebruik word om die doel te laat realiseer. Uiteindelik kan die aan- of afwesigheid van hierdie tegnieke in ’n teks ’n goeie

aanduiding gee of ’n teks as propaganda of nie-propaganda gegroepeer moet word, en daarom word propagandategnieke ook by die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel ingesluit. Waar daar sekere eienskappe en selfs tegnieke (vgl. voorbeelde van oorredingseienskappe in Hoeken, 1998 en Kolenda, 2013) tussen propaganda en ander kommunikasiemetodes oorvleuel, moet die tegnieke binne die groter raam van die doel interpreteer word.

Eerstens word die *Institute for Propaganda Analysis* (Miller, 1937:210-217) se tegnieke oorweeg waarna Jowett en O’Donnell (2012:289-290, 299-305) se lys van tegnieke uiteengesit word. Hierna word die ooreenkoms tussen die twee lyste tegnieke aangetoon en, waar relevant, word sommige van Goebbels (Doob, 1950) se propagandabeginsels ook aangedui. Die lys van propagandategnieke soos die *Institute for Propaganda Analysis* (Miller, 1937:210-217) saamgestel het, is ’n heel omvattende lys en bied konkrete tegnieke wat spesifiek in ’n teks maklik identifiseerbaar is. Om hierdie rede word die spesifieke tegnieke ook by die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel ingesluit. Hierdie instelling het in 1937 ontstaan en het onder meer ten doel gehad om die gewone mens toe te rus om propaganda te identifiseer (Doob, 1966:285, 289). Doob (1966:285) verwys dikwels na hierdie stel tegnieke as die “ABC’s” van propagand-analise.

a) Etikettering (*Name-calling*)

Die propagandis maak staat op die ontvanger se haat en vrees deur beledigende of bloot kwaadwillige name aan individue, groepe, nasies, rasse, beleide, oortuigings en ideale te gee, en wat die propagandis hoop die uitwerking sal hê om die ontvangers van die propaganda daartoe te oorreed om hul rug te keer op sodanige individue, rasse en ideale en dies meer. Name en benoemings soos byvoorbeeld “Fascis”, “diktator”, “Kommunis” en “ekonomiese adellike” word gebruik om opponente in onguns te laat verval.

b) Aantreklike veralgemenings (*Glittering generalities*)

Die propagandis gebruik hierdie tegniek om sy doel of program te assosieer met goeie waardes met behulp van woorde wat hierdie waardes verteenwoordig. Voorbeelde hiervan is woorde soos “waarheid”, “vryheid”, “eer” en “demokrasie”. Die waardes is dus waardes waarmee mense hulself graag wil assosieer.

c) Simboliese oordrag (*Transfer*)

Die propagandis dra die outoriteit en prestige van gerespekteerde ikone of entiteite oor op iets wat die propagandis graag wil hê die ontvanger van propaganda moet aanvaar. Dikwels word hierdie tipe entiteite, byvoorbeeld die kerk of ’n nasie, met simboliese dinge geassosieer. Deur byvoorbeeld hierdie simbole te gebruik, word die ontvanger van propaganda se emosies aangespreek en sal die ontvanger van propaganda dinge aanvaar wat nie normaalweg aanvaarbaar sou gewees het nie.

d) Getuigskrif (*Testimonial*)

Hierdie tegniek word gebruik deur iemand as ’n getuie oor ’n bepaalde saak te laat optree en sodoende die ontvanger van propaganda ook daartoe oor te haal. Wanneer iemand byvoorbeeld sy of haar eie ervaring deel van ’n produk wat goed werk, kom die produk as betroubaar voor aangesien die getuie die resultate self ontvang of beleef het.

e) Gewone-mens-op-straat-benadering (*Plain folks*)

Hierdie tegniek word dikwels deur politici, besigheidsmense en selfs ministers en onderwysers gebruik deur die idee te skep dat die aangewese individu maar net ’n “gewone mens” is en sodoende goeie en betroubare assosiasies skep.

f) Onder- en oorbeklemtoning (*Card stacking*)

Wanneer hierdie tegniek ingespan word, maak die propagandis gebruik van enige vorm van bedrieglikheid om ondersteuning vir die saak te wen. Hier word onder meer gebruik gemaak van onder- en oorbeklemtoning om sodoende problematiese sake en feite te vermy. Voorbeelde behels leuens, sensuur en om dinge uit verband uit aan te bied, asook die lewer van vals getuienis. Sodoende word ’n rookskerm geskep waaragter die skuldige party kan wegkruip en selfs skuld kan deflekteer na ’n ander party.

g) Massa-gedrewenheid (*The band wagon*)

Met die gebruik van hierdie tegniek word die ontvangers van propaganda aangemoedig om maar net die groep te volg. Die idee wat oorgedra word is iets soos volg: “almal doen dit dan, so jy moet dit ook doen ...”. Die propagandis verwys ook na ’n groep eerder as individue in die propaganda wat uitgereik word: byvoorbeeld as Katolieke of Protestante, boere, swartmense, witmense of myners. Die propagandis vlei die groep om op daardie groep se soortgelyke vrese, hate, vooroordele, oortuigings en dies meer in te speel en die groep sodoende deur emosie op hierdie “wa” te kry.

Doob (1966:287-289) verduidelik dat daar wel kritiek op hierdie ontledingsisteem gelewer kan word, byvoorbeeld dat die toeken van tegnieke aan elemente in ’n teks tot ’n groot mate subjektief gebeur. Hierdie en soortgelyke kritiek sou in die studie aangespreek kon word deur duidelike operasionele definisies en ’n gepaardgaande metode te ontwikkel om noukeurige klassifikasie moontlik te maak. Jowett en O’Donnell (2012:299) vind dit eerder weer problematies dat hierdie lys van propagandategnieke wat deur die *Institute for Propaganda Analysis* opgestel is, te eenvoudig vir die komplekse aard van propaganda is. Hierteenoor stel hulle beginsels voor aan die hand waarvan ’n analis propagandategnieke kan analiseer.

Die outeurs verduidelik dat om die uitwerking van propaganda te vergroot, die volgende beginsels of tegnieke gebruik kan word (Jowett & O’Donnell, 2012:289-290, 299-305).

1. *Voorveronderstellings van die gehoor: Skep resonansie* (2012:299)
   Boodskappe het ’n groter impak wanneer hulle ooreenstem met reeds bestaande menings, oortuigings en veronderstellings. Boodskappe resoneer wanneer dit voorkom asof die boodskap uit die gehoor self na vore kom, eerder as van buite. Die propagandis verander nie diep gekoesterde oortuigings oor byvoorbeeld politieke lojaliteit, rasse en geloof nie, maar gee stem aan hoe die ontvangers van propaganda oor hierdie sake voel. Sekere tegnieke wat tydens propaganda-analise gebruik word, is om skakels na waardes, oortuigings, houdings en die reaksiepatrone van ’n gehoor vas te stel.

2. *Geloofwaardigheid van bron* (2012:300)
   Die geloofwaardigheid van ’n bron dra by om verandering te bewerkstellig of aan te stig. Mense neig daarna om outoriteitsfigure vir kennis en leiding te vertrou. Sodra ’n bron as gesaghebbend

op een saak aanvaar word, is dit makliker om daardie bron in ’n volgende saak te vertrou. Byvoorbeeld, die Amerikaanse soldate en hulpverleningsorganisasies staan gemeenskappe in Afghanistan by deur skole te bou en fasiliteite op te gradeer. Op hierdie manier word ’n assosiasie van betroubaarheid oor Amerikaanse soldate en verder Amerika oor die algemeen by Afghaanse burgerlikes tuisgebring en sal die burgerlikes hopelik die Amerikaners vorentoe ook in ander besluite of aksies vertrou.

3. *Meningsleiers* (2012:300)
   Dit is moontlik vir ’n propagandis om deur dié te werk wat gesag in ’n gemeenskap dra, naamlik die leiers wat bepaalde menings “verkondig”. Meningsleiers van ander kulture moet daarom nie geaffronteer word nie, byvoorbeeld Amerikaners is aangemoedig om eerder te sit wanneer hulle foto’s saam met Asiërs geneem het om sodoende nie klem op die statuurverskille tussen die twee groepe te lê nie (Bogart, 1995:102 soos na verwys deur Jowett & O’Donnell, 2012:300). Beide hierdie *Meningsleiers* en *Geloofwaardigheid van bron* sluit by nommer 1 aan deurdat hierdie metodes gebruik word om resonansie met die ontvangers van propaganda te skep.

4. *Kontak van aangesig-tot-aangesig* (2012:301)
   Hierdie kontak word dikwels as ’n afsonderlike aktiwiteit gebruik, ook byvoorbeeld deur ’n geleentheid of die vertoon van ’n video. Die propagandis stel byvoorbeeld ’n inligtingsentrum op waarheen plaaslike inwoners kan gaan vir “informasie”. Hierdie sentrums het gewoonlik ’n mooi voorkoms, dikwels mooier, deftiger of statiger as die geboue in die omgewing. Sodoende koppel die propagandis die idee van ’n “goeie lewe” met byvoorbeeld die spesifieke land wat ’n ander land ingeval het. Dit lyk of hierdie metode gebruik word om positiewe assosiasies en konnotasies by die ontvangers van propaganda oor die propagandis uit te lok.

5. *Groepsnorme* (2012:301)
   Groepsnorme is oortuigings, waardes en gedrag afgelei van lidmaatskap van ’n groep. Die propagandis misbruik mense se neigings om in ’n groep te konformeer en dit kan gebruik word om ’n soort “trop-mentaliteit” by ’n skare te skep. Die propagandis sal byvoorbeeld selfs eerder ’n te klein plek kies om te vergader en sodoende die idee van groot steun vir die saak te laat posvat.

6. *Beloning en straf* (2012:301)
   ’n Sisteem van beloning word gebruik, dikwels in ’n publieke omgewing, om sodoende mense oor te haal om ’n bepaalde idee te aanvaar. *Propaganda van die daad* behels ’n nie-simboliese handeling wat aangebied word vir die simboliese effek wat dit op ’n gehoor kan hê, byvoorbeeld die marteling van ’n misdadiger in die openbaar vir die moontlike effek wat so iets op ander kan hê. Hierteenoor is ’n voorbeeld van simboliese vergoeding wanneer “buitelandse hulpverlening” eerder gedoen word met die oog daarop om die ontvanger se houding of ingesteldheid positief te beïnvloed eerder as om werklik ’n land se ekonomiese groei op die hart te dra. Die belangrikheid van die skep van assosiasies en konnotasies tree weer hier na vore.

7. *Monopolie van die kommunikasiebron* (2012:302)
   Wanneer ’n kommunikasiebron ’n monopolie het, byvoorbeeld ’n enkele koerant of televisienetwerk, en die boodskap deurlopend en herhalend oorgedra word, is mense dikwels

minder geneig om die boodskap teen te gaan of in twyfel te trek. ’n Voorbeeld uit hierdie studie sou ’n ondersoek kon behels oor die effek van die televisiekanaal ANN7 en die *New Age*-koerant wat deur die Guptas besit word en die gevolg van boodskappe wat deur hierdie kanale oorgedra word op Suid-Afrikaners se persepsies rakende sake soos staatskaping.

8. *Visuele simbole van mag* (2012:302)
   Mediaboodskappe kan gebruik word om ’n bepaalde visuele simbolisering van mag oor te dra. Wanneer ’n spreker byvoorbeeld voor ’n groot vlag staan, word daar ’n emosionele assosiasie op die spreker oorgedra. Hitler is byvoorbeeld as ’n Teutoniese ridder en Mussolini as ’n staatsprins in prente en op plakkate as die nuwe keisers van Europa uitgebeeld. Die analis moet vir mediaboodskappe kyk om die visuele simbolisering van mag te ondersoek. Hierdie metode sê iets van die manier waarop propaganda versprei moet word.

9. *Taalgebruik* (2012:303)
   Verbale simbolisering kan gebruik word om ’n magsgevoel te bewerkstellig. Propaganda gebruik taal om die saak waarvoor dit staan ’n soort magiese karakter te gee teenoor opponente wat doelbewus in ’n slegte lig geplaas word. Deur “heilige” en outoritêre simbole ongesiens te manipuleer kan ’n propagandis die publieke uitkyk op ’n sosiale orde verander. Simbolisering affekteer ontvangers volgens assosiasies wat hulle met sekere simbole maak. Waar negatiewe terme gebruik word vir die vyand word positiewe terme nie net gebruik om die propagandis in ’n goeie lig te plaas nie, maar ook om as masker op te tree vir byvoorbeeld die ware bedoeling met sekere regeringswette. Oordrywing word ook dikwels met propaganda geassosieer. Gedurende die Koue Oorlog het lede van die Sowjet-Unie, Amerikaners “imperialiste” genoem en na die Sowjet-Unie self verwys as die “kamp van vrede en demokrasie”. Innuendo word ook met propaganda geassosieer. Innuendo behels die implisering van ’n beskuldiging sonder die kans om teengestaan te word. ’n Stelling soos “die kaptein is vandag nugter” kan byvoorbeeld die gehoor laat dink die kaptein is gewoonlik besope.

   Die bogenoemde kenmerke van propagandataal word in afdeling 2.3 onder die volgende afdelings en benamings ingesluit en hanteer: etikettering, konnotasies en assosiasies, mistifikasie, disfemisme en defleksie (innuendo).

10. *Musiek as propaganda* (2012:304)
    Liedere, musiek en lirieke is belangrike propagandategnieke. Musiek kan strek van hartroerende patriotiese nasionale liedere tot protesliedere. Musiek is effektief aangesien dit klank en taal kombineer en dikwels herhaal word totdat dit bekend word en uiteindelik maklik emosies aanraak. Patriotiese liedbundels het byvoorbeeld gedurende apartheid in Suid-Afrika ’n beduidende rol gespeel (Schutte & Viljoen, 2017). Net so het sekere strydliedere ’n belangrike rol gedurende apartheid gespeel (vgl. Le Roux-Kemp, 2014:247-252). Zuma self word byvoorbeeld geassosieer met die lied “Awuleth’umshini wami” (oftewel “bring my masjiengeweer”) (News24, 2007).

    Al bestaan lirieke uit taal, val die gebruik van musiek in propaganda buite die bestek van die studie alhoewel die tekstuele analise ook moontlik ’n bydrae kan lewer tot die tekstuele aspek van musiek.

11. *Aanwakker van emosies* (2012:304)

    Propaganda word ook geassosieer met emosionele taal en aanbiedinge. Deurdat byvoorbeeld rolprente ’n gehoor uitnooi om met sekere karakters en handelinge te assosieer, kan ’n onmiddellike emosionele respons bykans moeiteloos by ’n gehoor uitgelok word (2012:111). Die propaganda-analis moet die ooreenkoms tussen die visuele en verbale boodskappe en die ideologie waarvoor dit gebruik word, identifiseer (2012:298). Dit wil sê, wat is die algehele indruk waarmee die gehoor gelaat word (2012:298)? Waar visuele beelde met behulp van byvoorbeeld prente, simbole en kleure ter ondersteuning tot ’n propagandis se saak gebruik word, word die propagandis se saak verbaal ondersteun deur onder meer van nuwe verbale uitdrukkings gebruik te maak en met behulp van informasietegnieke, slagspreuke en emosionele opwekkingstegnieke hierdie uitdrukkings te laat slaag (2012:298). Emosies kan op verskillende maniere by die teikengehoor opgewek word, hetsy deur visuele of verbale metodes. Hierdie beginsel sluit ook weer aan by die reeds bespreekte beginsel wat slaan op die reeds gevestigde oortuigings in die teikengehoor (2012:299). Die verband tussen emosies en propaganda word as onweglaatbare deel van die propagandaproses beskou. Onder hierdie afdeling word die aanwakker van emosies as ’n manier aangedui waarop propaganda hanteer kan word.

By oorweging van hierdie tegnieke wil dit tog voorkom of, ongeag die kritiek daarteen, die *Institute for Propaganda Analysis* se lys ’n konkreter hulpmiddel bied – veral wanneer dit by tekstuele analise kom (en soos in hierdie studie benodig word) – as dié van Jowett en O’Donnell. Die *Institute for Propaganda Analysis*-tegnieke dien byna as verkonkretisering van sekere beginsels soos deur Jowett en O’Donnell voorgestel. Wat propagandabeginsels betref, is daar ook ’n lys bestaande uit negentien propagandabeginsels wat Doob (1950) uit Goebbels se dagboek saamgestel het en wat hier en daar ooreenstem met van die bogenoemde tegnieke en beginsels.

Neem die volgende voorbeelde (daar word deurlopend eers na Jowett en O’Donnell se lys verwys waarna die *Institute for Propaganda Analysis* se lys en, waar relevant, Goebbels se propagandabeginsels aan die beurt kom): Wanneer die propagandis resonansie met die ontvanger se voorveronderstellings wil skep, kan die “mens-op-straat-benadering” gebruik word. Indien ’n politikus byvoorbeeld bepaalde opmerkings maak of aktiwiteite uitvoer ten aanskou van die publiek en wat die publiek oorreed dat hy “een van hulle” is, kan die publiek makliker met daardie kandidaat assosieer. Dit wat reeds aan die publiek bekend is, kan hulle in die politikus identifiseer.

Nog ’n voorbeeld behels die geloofwaardigheid van ’n bron. Indien mense, soos uitgewys, eerder outoriteitsfigure vertrou, kan dit die propagandis help om van simboliese oordrag gebruik te maak deur ’n outoriteitsfiguur se outoriteit en status op die propagandis se projek oor te dra en sodoende mense se vertroue in die projek daardeur te wen. Hierby sluit die idee van meningsleiers wat denke in ’n gemeenskap makliker kan verander, ten nouste aan. Ook Goebbels het verkies dat propaganda geassosieer moet word met leiers met prestige (Doob, 1950:434). Dikwels word daar ook op outoriteitsfigure staat gemaak wanneer dit by die manipulering van bepaalde simbole kom deur middel van taal.

Taal kan dus gebruik word om ’n bepaalde groep of saak in ’n uiters positiewe lig te stel én om die teenoorgestelde te doen met ’n groep of saak wat téén die propagandis ingaan. Hierdie proses kan onder meer behartig word met behulp van etikettering, naamlik deur positiewe verbale etikette en negatiewe verbale etikette aan verskillende groepe en sake te heg. Volgens Doob (1950:440) was een

van Goebbels se primêre propagandategnieke juis om die aggressie van die Duitsers na bepaalde teikengroepe toe te kanaliseer, byvoorbeeld die Jode en die Bolshewiste. Hier word die samehang tussen die nie-linguistiese kenmerke en die linguistiese kenmerke van propaganda duidelik en moet daar – met die oog daarop om meer te kan leer van die linguistiese kenmerke van propaganda – ’n definitiewe onderskeid tussen propaganda en nie-propaganda getref word deur slegs van die nie-linguistiese kenmerke van propaganda gebruik te maak. Taal word vir eers buite spel geplaas, maar word dan later gebruik om beide groepe tekste, propaganda en nie-propaganda, talig te analiseer.

Nog een van Goebbels se propagandabeginsels wat hierby sou kon aansluit beklemtoon dat gebeure en mense met ’n onderskeidende frase of slagspreuk gekoppel moet word (Doob, 1950:435). Hierdie frases of slagspreuke moet die korrekte reaksies by die propagandagehoor ontketen soos in vorige probeerslae bewys is, dit moet maklik aanleerbaar wees, die slagspreuke moet herhaaldelik gebruik word en ook in die gepaste situasies en moet ’n gewaarborgde uitkoms bied en nie op die ou end meer nadelig as voordelig wees nie (Doob, 1950:437). Die frase “witmonopoliekapitaal” kan by herhaalde gebruik ’n soortgelyke status bereik. Die beginsel maak iets van die manier waarop propaganda verpak moet word, duidelik.

Uiteindelik gebruik ’n propagandis verskillende tegnieke om sodoende in te speel op die emosies van die ontvangers van propaganda. Byna al die tegnieke kan op die een of ander manier na emosionaliteit toe deurgetrek word (vgl. Miller, 1937:216). Miller (1937:216) verduidelik op hierdie punt: “Without it (emotions) they (propagandists) are helpless; with it, harnessing it to their purposes, they can make us glow with pride or burn with hatred, they can make us zealots on behalf of the program they espouse.”

Sekere tegnieke, soos die aanwakker van emosies, word dikwels as ’n baie belangrike propagandategniek aangedui (Boardman, 1978:78; Goebbels soos aangehaal deur Trevor-Roper, 1987:xx; Herzstein, 1979:18; Hitler, 1992:164; Moran, 1979:183). Daar word ook klem gelê op die herhaling van propaganda en ook dikwels op die eenvoud van die propagandaboodskap (Doob, 1950:435; Goebbels soos aangehaal deur Trevor-Roper, 1987:xx; Hitler, 1992:15, 164, 165, 167).

Om kritiek teen die subjektiwiteit van hierdie tegniekidentifiseringsproses in berekening te bring, word slegs baie duidelike voorbeelde van propagandategnieke tydens die nie-linguistiese analise van propaganda uitgewys. Indien die teks ’n nie-propagandateks is, word hierdie tegnieke omgekeerd aangedui. Dit wil sê dat die moontlike propagandategnieke wat ’n outeur sou kon gebruik in ’n bepaalde teks, maar juis uitgelaat het, ook aangedui word om sodoende te bevestig dat die teks nie propaganda is nie. Verder word rekening gehou met die belangrikheid van emosionaliteit en dat die propagandis op verskeie maniere emosionaliteit in ’n teks kan bewerkstellig.

Uiteindelik help die identifisering van propagandategnieke in ’n teks as ’n rugsteunproses tot die groepering van hierdie tekste as propaganda of nie-propaganda. Hierdie tegnieke bied 'n vertrekpunt tydens die linguistiese analise aangesien die tegnieke ook op vormlike, tekstuele vlak moet realiseer om sodoende die leser te bereik.

2.2.3 Samevatting

Sommige tegnieke en beginsels is ’n fisiese aktiwiteit wat plaasvind en ander kan inhoudelik in ’n teks waargeneem word. Slegs laasgenoemde is die tegnieke wat vir die studie belangrik is. Sommige tegnieke en beginsels kan in beide groepe val en word daarom in beide groepe aangedui. Die verskil

in toepassing van die tegnieke en beginsels wat in beide groepe sorteer word tussen hakies aangetoon. Die propagandategnieke of -metodes kan breedweg soos volg verdeel word:

1. *Inhoudelike tegnieke en beginsels*: etikettering; aantreklike veralgemenings; simboliese oordrag; getuienis; gewone-mens-op-straat-benadering; onder- en oorbeklemtoning; massa-gedrewenheid; geloofwaardigheid van die bron (informatiewe aard); meningsleiers (aanhalings); groepsnorme (byvoorbeeld vereenvoudiging van realiteit en stereotipering); monopolie van die kommunikasiebron (propagandatekste); taalgebruik (teks – gebruik simbole); musiek as propaganda (lirieke, maar val buite bestek van die studie); aanwakker van emosies (assosiasies, konnotasies en emosies); slagspreuke (teks); herhaling (teks).

2. *Fisiese aktiwiteit*: voorveronderstellings van die gehoor; geloofwaardigheid van die bron; meningsleiers (meningsleiers in gemeenskap word oorgehaal); kontak van aangesig-tot-aangesig; groepsnorme (fisiese omgewing om groepsgevoel te skep); beloning en straf; monopolie van die kommunikasiebron; visuele simbole van mag; taalgebruik (verbaal – gebruik simbole); musiek as propaganda; aanwakker van emosies (assosiasies, konnotasies en emosies); slagspreuke (verbaal); herhaling (verbaal).

Om ’n makliker, werkbare lys van die nie-linguistiese of inhoudelike tegnieke en beginsels saam te stel, kan die lys saamgevat word deur die volgende ses tegnieke: *etikettering; simboliese oordrag; onder- en oorbeklemtoning; massa-gedrewenheid/groepsnorme; emosies; akkurate informasie, maar ook leuens*. Hierdie stel tegnieke en beginsels bied die vertrekpunt vir die samevattende model van reeds identifiseerde inhoudelike en vormlike propaganda-eienskappe.

Verdere belangrike eienskappe van propaganda kan verder nagegaan word deur na soorte propaganda te kyk.

2.2.4 Soorte propaganda

Tesame met die tegnieke van propaganda kan ’n teks wat reeds as propaganda gegroepeer is verder aan die hand van die verskillende soorte propaganda getoets word. Indien die teks as propaganda beskou en ingedeel is gedurende die nie-linguistiese analise, word die soorte propaganda gebruik om die teks en die klassifikasie van die teks as propaganda verder te bevestig: indien die teks aantoonbaar met een van die propagandasoorte verbind kan word, is die teks korrek as propaganda ingedeel.

Daar is verskillende maniere waarvolgens propagandasoorte geklassifiseer word. Die eerste indeling behels overte en koverte propaganda wat ingedeel is volgens die beskikbaarheid van die propagandis se identiteit. Daarna word die kleurindeling bespreek wat ingedeel is volgens witpropaganda, gryspropaganda en swartpropaganda (vgl. Abed, 2015:17-18; Jowett & O’Donnell, 1965:17-27; PSYOP, 2003:11-1), waarna Ellul (1965) se meer gedetailleerde indeling oorweeg word met spesifieke verwysing na politiese propaganda, irritasiepropaganda en irrasionele propaganda as relevante soorte propaganda wat tydens die studie in gedagte gehou kan word.

Die eerste verdeling is tussen overte en koverte propaganda (Ellul, 1965:15-17). Hierdie indeling word geassosieer met die kleurindeling wat op dieselfde faktore klem lê, maar meer gedetailleerd. Overte propaganda vertoon ooreenkomstigheid met witpropaganda en koverte propaganda met swartpropaganda (Ellul, 1965:15-16).

Die kleurverdeling kan ingedeel word volgens die tipe informasie wat dit bevat tesame met of die propagandis se identiteit bekend is. Die onderskeid wat tussen witpropaganda, gryspropaganda of swartpropaganda getref word, hang dus daarvan af of die propaganda informasie, verdraaide informasie, of waninformasie bevat, en of die bron daarvan bekend is, al dan nie (Gray & Martin, 2007:9; Jowett & O'Donnell, 2012:17-27; PSYOP, 2003:11_1). Hierdie drie kleurindelings van propaganda kan die maklikste verduidelik word deur daarna as voorstelbaar op 'n skaal te verwys met witpropaganda as ligste graad van propaganda, swartpropaganda as sterkste graad van propaganda en gryspropaganda as oorgangsgebied tussen die twee uiterste pole.

In *witpropaganda* is die outeur bekend en die informasie in die propaganda neig om korrek en akkuraat te wees (Jowett & O'Donnell, 2012:17-18, 31). Die rede hiervoor is om namens die propagandis 'n goeie beeld daar te stel as 'n individu of groep met die beste idees en politieke ideologie, kredietwaardigheid te bou en sodoende betroubaarheid te skep waarbinne 'n sekere ideologie verkondig word (Jowett & O'Donnell, 2012:17). Hierdie vertrouensverhouding tussen 'n propagandis en die ontvangers van propaganda kan in die toekoms vir die propagandis handig te pas kom (Jowett & O'Donnell, 2012:17). Nasionale vieringe met overte patriotisme kan gewoonlik as witpropaganda geïdentifiseer word (Jowett & O'Donnell, 2012:17). Nog 'n voorbeeld behels die manier waarop verslaggewing van sportbyeenkomste soos die Olimpiese Spele gedoen word. Met die 2008 Olimpiese Spele het Amerikaanse verslaggewers spesifiek ingefokus op biografiese profiele van Amerikaanse atlete (Jowett & O'Donnell, 2012:18). Die verslaggewing is dus op 'n pro-Amerikaanse manier ingerig al was al die nasies, soos gewoonlik, by die Olimpiese Spele betrokke (Jowett & O'Donnell, 2012:18).

Aan die teenoorgestelde kant van die propagandaskaal kan *swartpropaganda* uitgeken word aan 'n onidentifiseerbare bron aangesien die bron verswyg word of selfs valslik aan 'n ander party toegeken word (Jowett & O'Donnell, 2012:18-20, 31). Die aard van die informasie neig om nie akkuraat te wees nie aangesien dit dikwels leuens, versinsels en valse, onvolledige en misleidende informasie bevat (Jowett & O'Donnell, 2012:18-20, 31). Swartpropaganda kan ook as "die groot leuen" beskou word (Jowett & O'Donnell, 2012:18-20, 31). 'n Voorbeeld hiervan is die dokument *Protocols of the Elders of Zion* wat valslik opgestel en voorgehou is as die buitelyne van die Jode se plan om die wêreld te domineer. Hitler het na hierdie dokument in *Mein Kampf* verwys wat oor die algemeen in Nazi-propaganda gebruik is (vgl. Hitler, 1992:279 en voetnoot deur Watt, 1992:297).

Gryspropaganda val tussen wit- en swartpropaganda (Jowett & O'Donnell, 2012:20). Die outeur of bron kan identifiseerbaar wees of nie en die soort informasie wat gebruik word neig om nie noodwendig akkuraat te wees nie, of die akkuraatheid daarvan is onseker (Jowett & O'Donnell, 2012: 20,31). Gryspropaganda kan ook dikwels gebruik word om vyande in die verleentheid te bring, byvoorbeeld Radio Moskou het die slypmoorde van Martin Luther King Jr. en John F. Kennedy gebruik om die Verenigde State van Amerika in 'n slegte lig te plaas (Jowett & O'Donnell, 2012:20). 'n Voorbeeld van gryspropaganda behels ook dat sekere stories dikwels "geplant" word wat byvoorbeeld 'n sekere organisasie of land in 'n goeie lig kan stel (Jowett & O'Donnell, 2012:19-20).

In so 'n geval is die outeur dalk nie bekend nie of die bron word valslik as iemand anders aangedui en word die storie(s) as gryspropaganda beskou (Jowett & O'Donnell, 2012:21). Die idee dat stories geplant word om die propagandis se saak te versterk, sluit aan by die idee van fopnuus (*fake news*). Fopnuus is byvoorbeeld gebruik om die idee van witmonopoliekapitaal in Suid-Afrika aan te blaas. Fopnuus is in sy egste vorm nuus wat uit versinsels bestaan, gemanipuleer is om soos kredietwaardige

joernalisme te lyk en op so ’n manier aangebied word om ’n maksimum hoeveelheid aandag te trek en daarmee saam, advertensievergoeding of -inkomste (Hunt, 2016).

Dit lyk of die gryspropaganda-kategorie gebruik word hoofsaaklik om ruimte te laat vir ’n situasie waar die bron bekend kan wees of nie, tesame met informasie wat eerder neig om verkeerd te wees. So ’n indeling kan daarom handig wees, maar kom voor of daar dan nie ’n kategorie is wat ’n onbekende bron tesame met informasie wat neig om korrek of akkuraat te wees, vir volledigheidsdoeleindes insluit nie.

Die derde klassifikasiesisteem kan as nog meer gedetailleerd beskou word. Ellul (1965:62-84) onderskei tussen die volgende soorte propaganda:

1. *Politiese* teenoor *sosiologiese propaganda*
2. *Horisontale* teenoor *vertikale propaganda*
3. *Irritasie-* teenoor *integrasiepropaganda*
4. *Irrasionele* teenoor *semi-rasionele* teenoor *rasionele propaganda*

Aangesien die tema van die tekste wat vir ontleding in hierdie studie gebruik gaan word binne die politieke omgewing in Suid-Afrika tans steeds afspeel, word politiese en vertikale propaganda uitgelig. Verder kan irritasiepropaganda in die Suid-Afrikaanse konteks uitgewys word. Irrasionele, semi-rasionele en rasionele propaganda fokus op die informatiewe teenoor emotiewe belange van propaganda.

Politiese propaganda behels tegnieke wat beïnvloeding as oogmerk najaag en soos deur ’n regering, party, ’n onderneming of ’n drukgroep ingespan word (Ellul, 1965:62). Die keuse van metodes wat gebruik word, is doelbewus en goed oorweeg om duidelike en presiese doelwitte te bereik (Ellul, 1965:62). Hierdie propaganda kan strategies of takties wees. Strategiese politiese propaganda behels onder meer die vestiging van ’n algemene argumentasielyn, ’n reeks argumente en die oorweldiging van veldtogte insluit. Taktiese politiese propaganda behels die nodigheid van propaganda om onmiddellike resultate binne die raamwerk wat deur strategiese politiese propaganda geskep is. Neem as voorbeeld die gebruik van oorlogpamflette en luidsprekers, om die onmiddellike oorgee van die vyand te bewerkstellig (Ellul, 1965:62).

Sosiologiese propaganda verwys na ’n groep manifestasies waarvolgens ’n gemeenskap poog om so veel as moontlik individue te betrek, die gedrag van hierdie lede volgens ’n patroon te verenig en sodoende as samelewing afgedruk word op ander groepe (Ellul, 1965:62). Sosiologiese propaganda behels die penetrasie van ’n ideologie deur middel van die sosiologiese konteks (Ellul, 1965:63). Hierdie vorm van propaganda kan ook as ’n voorganger vir direkte propaganda beskou word (Ellul, 1965:66).

Ellul (1965:79) onderskei ook tussen *vertikale* en *horisontale propaganda*. Klassieke propaganda is vertikale propaganda: dit is deur iemand vanuit ’n gesagsposisie geskep en poog om die massa “benede” die persoon te beïnvloed (Ellul, 1965:80). Hierdie tipe propaganda kom dus van “bo” af (Ellul, 1965:80). Die ontvangers van die propaganda word dikwels tot passiewe instrumente deur die propagandis gereduseer (Ellul, 1965:80). Die ontvanger word dus as’t ware gemeganiseer, gedomineer en is daarom passief (Ellul, 1965:80). Hierteenoor is *horisontale propaganda* ’n meer onlangse vorm van propaganda en kan in twee tipes verdeel word: Chinese propaganda en groepsdinamiek in menslike verhoudings (Ellul, 1965:80). Chinese propaganda verwys na politieke propaganda en groepsdinamiek verwys na sosiologiese propaganda (Ellul, 1965:80-81). Beide is

integrasiepropaganda waarvan die eienskappe identies is, maar die oorsprong anders betreffend konteks, navorsingsmetodes en perspektief (Ellul, 1965:81). Hierdie propaganda word horisontale propaganda genoem aangesien die propaganda binne ’n groep gevorm word en nie van “bo” af nie (Ellul, 1965:81). In beginsel is alle individue gelyk en daar is geen leier nie (Ellul, 1965:81).

Propaganda kan ook ingedeel word as irritasiepropaganda of integrasiepropaganda. *Irritasiepropaganda* is die mees sigbare en verspreide vorm van propaganda en trek oor die algemeen die meeste aandag (Ellul, 1965:71). Dit behels dikwels propaganda wat opgestel word om te ondermyn en is dikwels gemik op die opposisie van ’n saak of party (Ellul, 1965:71). In hierdie vorm van propaganda word haat dikwels gebruik om ’n ander party mee te viktimiseer (Ellul, 1965:72-73). Irritasiepropaganda word ook uitgebou deur persone wat die propaganda glo en self weer as propagandis optree (Ellul, 1965:74). Volgens Ellul (1965:74) hoef die stellings van die propagandis geen water te dra nie, maar hierdie stellings sal steeds geglo word indien dit deel word van die sogenaamde “passievolle haatstroom”. Die groep wat die maklikste vatbaar vir irritasiepropaganda is, is dikwels die groep met die laagste vlak van onderrig en wat die swakste ingelig is (Ellul, 1965:74).

Integrasiepropaganda staan teenoor irritasiepropaganda. *Integrasiepropaganda* behels konformering om sodoende bepaalde doelwitte te bereik (Ellul, 1965:74). Die propagandis moet homself verbind tot ’n gemeenskap se waarhede en gedragspatrone (Ellul, 1965:75). Soos wat ’n gemeenskap meer eenvormig raak, hoe sterker word die krag en effektiwiteit van die gemeenskap (Ellul, 1965:75). Elke lid behoort slegs ’n organiese en funksionele gedeelte daarvan te vorm, perfek aangepas en geïntegreer (Ellul, 1965:75). Elke lid moet die stereotipes, oortuigings en reaksies van die groep deel en moet ’n aktiewe deelnemer wees aan die ekonomiese, etiese, estetiese en politiese maniere van doen (Ellul, 1965:75). Hierdie vorm van propaganda poog om die individu in sy of haar gemeenskap op elke vlak te laat deelneem (Ellul, 1965:75).

Al die aktiwiteite en sentimente van die individu is van kollektiwiteit afhanklik (Ellul, 1965:75). Die lede word daaraan herinner dat hy of sy, hom- of haarself slegs deur hierdie kollektiwiteit kan uitleef, dus, as ’n lid van die groep (Ellul, 1965:75). Hierdie propaganda is ’n self-reproduserende, langtermynpropaganda wat poog om stabiele gedrag te verkry en sodoende die individu se gedagtes en gedrag volgens die permanente sosiale opset te vervorm (Ellul, 1965:75). Die vereiste by hierdie propaganda is dat die propaganda permanent moet wees (Ellul, 1965:75).

Ellul (1965:84) onderskei verder tussen rasionele en irrasionele propaganda (Ellul, 1965:84). Alhoewel propaganda ’n irrasionele karakter het, kan dit ook as rasioneel aangebied word (Ellul, 1965:84). Die onderskeid tussen propaganda en informasie word dikwels soos volg gemaak: informasie word met rede, ervaring en feite verbind teenoor propaganda wat met gevoelens en passies geassosieer en as irrasioneel beskou word (Ellul, 1965:84). Ellul (1965:84) dui aan dat die saak wel meer kompleks is aangesien propaganda rasioneel kan wees en deur middel van feite, byvoorbeeld ondersteuning van ’n saak kan aanmoedig en wen. Volgens Ellul (1965:85) skuif die aard van propaganda met tyd van passiegedrewe, emosionele propaganda na propaganda wat met feite gelaai is (Ellul, 1965:85). Sodoende lyk propaganda vir die teikengehoor geloofwaardig, en kan die ontvanger van propaganda met behulp van die feite aan hom- of haarself regverdig waarom hy of sy die propaganda moet glo (Ellul, 1965:85).

In die Nkandla-saak en staatskaping waarby Suid-Afrika se oudpresident Jacob Zuma betrek word, is daar sprake van politieke propaganda aangesien van die tekste en selfs verslae op so ’n manier saamgestel is om die ANC en Zuma, of selfs die Guptas, te midde van verdenking in ’n positiewe en

onskuldige lig te plaas. Irritasiepropaganda kom in sommige tekste voor, byvoorbeeld wanneer ’n persverklaring van die ANC oor die DA se optrede in die verkiesingstydperk gekritiseer word (vgl. Mthembu, 2014). Die een party poog deur onder meer etikettering om die ander party in ’n slegte lig te stel en ook lesers se “haat” aan te vuur en te fokus op die opponerende party. As voorbeeld van rasionele propaganda kan een van die DA se tekste uitgelig word wat duidelik op feitelikheid steun om die betroubaarheid van die teks en die DA se argument te verhoog (vgl. Maimane, 2016a). Verder is daar bepaalde tekste waar ’n gesagspersoon of politieke party propaganda vertikaal met gewone Suid-Afrikaanse burgers kommunikeer (vgl. Mantashe, 2014). Deur die verskil tussen irrasionele en rasionele propaganda in gedagte te hou, kan ’n foutiewe oordeel voorkom word wanneer die tekste tydens die analise as propaganda of nie-propaganda groepeer word, deur ’n teks nie net op feitelike inhoud te klassifiseer nie, aangesien propaganda ook op informasie staatmaak om ’n betroubare voorkoms te skep.

Wanneer ’n teks in die studie as propaganda bestempel word, kan ’n meer gedetailleerde indeling handig te pas kom as verdere toets om doodseker te maak dat ’n teks definitief propaganda is. Verder en selfs belangriker as laasgenoemde, is om elemente te identifiseer wat gebruik kan word as hulpmiddele om in die eerste plek wel ’n nie-propagandateks en ’n propagandateks van mekaar te onderskei. Hierdie elemente of faktore moet iets wees wat as toets gebruik kan word by enige soort propaganda.

Ellul (1965) se indeling is baie spesifiek en uitgebreid en gee ’n goeie idee van die plekke en maniere waar propaganda oral voorkom. Wanneer hierdie indeling met die indeling tussen overt en kovert en die kleurindeling vergelyk word, kom dit tog voor of die kleurindeling die handigste te pas kan kom. Hiérdie indeling dui nie net aan dat propaganda in grade van intensiteit kan voorkom nie, maar ook dat die klem op inligting sowel as die beskikbaarheid van inligting rakende die propagandis as verdere middel gebruik kan word om genoeg inligting rakende ’n teks te kan insamel en die onderskeid te kan tref. Informasie in kombinasie met emosie vorm ook deel van die propagandaproses deurdat die doel van propaganda met behulp van denke en emosie bevorder kan word.

Tog is die kleurindeling ook in sommige areas relatief wollerig. Indien ’n teks byvoorbeeld aan bepaalde vereistes voldoen om witpropaganda te wees, maar nie aan al die vereistes nie, is die teks steeds propaganda? Waar presies word die afsnypunte aangedui vir ’n teks om in ’n kategorie te val, al dan nie? As agtergrond tot die propaganda-indeling is dat propaganda nie noodwendig slegs in die een of die ander kategorie val nie, maar in meer as een kategorie (Lasswell, 1927:629).

By veral die kleurindeling van propaganda word aandag aan die beskikbaarheid van die propagandis se identiteit geskenk asook die tipe informasie wat in ’n spesifieke teks voorkom. Informasie dien as ’n meganisme in propaganda om dele van die waarheid te versluier. Informasie dien as deel van die verpakking wat die ware doel van propaganda wegsteek of regverdig en vorm daarom ’n belangrike middel tot die realisering van die doel van propaganda.

2.2.4.1 Soorte informasie

Wanneer informasie verdraaid aangebied word, stem dit nie meer ooreen met die verwagting van informasie nie. Uiteindelik kan informasie in propaganda misbruik word om ’n teks ’n geloofwaardige beeld as blote informasie te gee, maar die teks bevat inderwaarheid ’n verdraaide weergawe daarvan. Die soorte informasie kan geïdentifiseer word as informasie, waninformasie en disinformasie.

Vroeër jare is propaganda dikwels geassosieer met leuens, terwyl dit eintlik belangrik is om leuens of waninformasie slegs as een van drie informasiesoorte wat in propaganda kan voorkom, te verstaan (Doob, 1950:428; Ellul, 1965:52-61, 84-87; Jowett & O'Donnell, 2012:31; PSYOP, 2003:11_1; Trevor-Roper, 1978:xv, xx). Die drie informasiesoorte word vervolgens kortliks verduidelik. *Informasie* behels data wat as akkuraat beskou word, konsepte wat as onweerlegbaar aanvaar word, en idees wat op feite gebaseer is (Jowett & O'Donnell, 2012:31). *Waninformasie* dui op informasie wat foutief of misleidend is, byvoorbeeld wanneer 'n koerant inligting as die waarheid publiseer, maar eintlik 'n rat voor die oë gedraai is deur 'n propagandis wat sodoende fopnuus versprei (vgl. Jowett & O'Donnell, 2012:24). Hierteenoor kan *disinformasie* as valse, onvolledige of misleidende informasie beskryf word en kom dikwels in byvoorbeeld die formaat van nuusberigte voor, wat doelbewus ontwerp is om teenstanders te teiken, en word in koerante deur joernaliste gepubliseer wat eintlik verskuilde agendas het (Jowett & O'Donnell, 2012:24, 31; Shultz & Godson, 1984:41 soos aangehaal deur Jowett & O'Donnell, 2012:24). Die woord disinformasie is stamverwant aan die Russiese woord *dezinformatsia* wat geneem is van die KGB-afdeling wat in beheer was van swartpropaganda (Jowett & O'Donnell, 2012:23-24). Die verskil tussen waninformasie en disinformasie is hoofsaaklik in die bedoeling van die outeur gesetel. Waninformasie kan dus soms voorkom sonder dat die outeur dit bedoel. Hierteenoor word disinformasie opsetlik deur 'n propagandis gebruik om verkeerde informasie aan die teikengroep deur te gee.

'n Propagandis steun op feite om 'n teks 'n kredietwaardige voorkoms te gee (vgl. Jowett & O'Donnell, 2012:31). Feite kan op 'n kleiner tot groter skaal verdraai word om die propagandis se saak te steun, of selektief gebruik word vir hierdie rede. Ellul (1965:52-53) verduidelik oortuigend dat 'n duidelike onderskeid getref moet word tussen 'n feit en die intensies of interpretasies van propaganda, met ander woorde tussen die materiële en die morele elemente. Propaganda se afhanklikheid van die waarde wat "die waarheid[3]" daartoe voeg, is gesetel in feite, waarteenoor propaganda se afhanklikheid van noodsaaklike valshede in intensies en interpretasies gesetel is (Ellul, 1965:53). Dit wil sê dat propaganda van die waarheid afhanklik is en van feite gebruik maak, maar dat propaganda as gevolg van bepaalde intensies nie die volle waarheid kan presenteer nie en daarom afhanklik is van valshede.

Hierdie valshede is dus nie noodwendig in die inhoud van die propaganda nie, maar in die wegsteek van sekere intensies asook in die manier waarop inligting aangebied en uiteindelik geïnterpreteer word. Een van Goebbels se propagandabeginsels was byvoorbeeld om so veel as moontlik die waarheid in propaganda weer te gee, aangesien die risiko daar was dat leuens óf deur die vyand óf vanself aan die lig gaan kom en die kredietwaardigheid van sy propaganda in geheel kan aantas (Doob, 1950:428). Leuens is wel as handig beskou wanneer die leuens nie as onwaar bewys kan word nie (Doob, 1950:428).

Informasie wat in propaganda ingesluit word, is nie noodwendig leuens nie, maar dikwels feitelik akkuraat. Tog poog propaganda nie noodwendig om 'n geheelbeeld van alleen "die waarheid" te bied nie. Feite word dalk óf verdraai en selektief aangebied om slegs die propagandis se saak te steun óf die oneerlikheid van die propaganda lê daarin dat die outeur oneerlik is oor die doel waarvoor die

[3] Ellul (1965:52) vermy die term "waarheid" as gevolg van die komplekse aard van die woord en verwys eerder na die akkuraatheid van feite of die realiteit.

propaganda geskep is. ’n Fyn oorweging van verskeie aspekte is daarom nodig. Hierdie faktore word duidelik sigbaar in die verskillende soorte propaganda.

Na afloop van die bespreking rakende die tipes propaganda asook die informatiewe aard van propaganda kan propaganda kortliks soos volg gedefinieer word: propaganda is ’n kommunikasievorm waarbinne misleidende tegnieke gebruik word om die teikengehoor se denke te beïnvloed en sodoende op die regte tyd tot die gewenste aksie of passiwiteit op te roep, wat bevorderlik is vir die propagandis se selfsugtige einddoel. ’n “Passiewe” optrede van 'n teikengehoor sou iets soos stilswye en goedkeuring of verdraagsaamheid van onreg kon behels, byvoorbeeld wanneer ’n bevolkingsgroep nie by tye wil opstaan teen ’n regering soos Nazi-Duitsland nie en onreg duur voort.

Daar bestaan verskillende grade van propaganda en dit kan gemeet word aan hoe ver weg van feitelike korrektheid ’n propagandastuk beweeg. Omdat die doel van propaganda is om die propagandis as individu of groep te bevoordeel, word die ware doel van propaganda dikwels verswyg of op ’n verskuilde manier aangebied. ’n Propagandateks is daarom van informasie afhanklik om betroubaar aan die lesers van die teks voor te kom. Propagandatekste kan daarom feitelik korrekte informasie bevat, maar hierdie feite word selektief aangebied of op ’n verdraaide wyse, alles om uiteindelik die doel van die propagandis so effektief as moontlik te bereik. Soms lê die verdraaidheid van feite ook daarin dat die aangeduide outeur van die teks nie noodwendig die propagandis is nie.

2.2.5 Samevatting

Indien ’n teks met behulp van die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel as propaganda geïdentifiseer is, kan propagandategnieke en die inligting wat gebruik word om propaganda as ’n tipe propaganda te klassifiseer, gebruik word as kontrole vir die teksindeling wat gemaak is. Overte propaganda toon ooreenkomste met witpropaganda en koverte propaganda toon ooreenkomste met swartpropaganda (vgl. Ellul, 1965:15-17). Die kleurverdeling van propaganda rus hoofsaaklik op die tipe informasie (informasie, waninformasie, disinformasie) in die teks en of die propagandis se identiteit bekend is (Gray & Martin, 2007:9; Jowett & O’Donnell, 2012:17-27; PSYOP, 2003:11_1). Hierdie indeling kan as gradeerbaar verstaan word.

In *witpropaganda* is die outeur bekend en die informasie in die propaganda neig om korrek en akkuraat te wees (Jowett & O’Donnell, 2012:17-18, 31). *Gryspropaganda* val tussen wit- en swartpropaganda (Jowett & O’Donnell, 2012:20). Die outeur of bron kan identifiseerbaar wees of nie en die soort informasie wat gebruik word neig om nie noodwendig akkuraat te wees nie of die akkuraatheid daarvan is onseker (Jowett & O’Donnell, 2012: 20,31). Hierdie kategorie sluit aan by die idee van fopnuus. *Swartpropaganda* kan uitgeken word aan ’n onidentifiseerbare bron aangesien die bron verswyg word of selfs valslik aan ’n ander party toegeken word (Jowett & O’Donnell, 2012:18-20, 31). Die aard van die informasie neig om nie akkuraat te wees nie aangesien dit dikwels leuens, versinsels en valse, onvolledige en misleidende informasie bevat (Jowett & O’Donnell, 2012:18-20, 31). Tussen die drie kategorieë wil dit voorkom of daar nog ’n kategorie kort wat naamlik ’n onbekende bron tesame met informasie wat neig om korrek of akkuraat te wees, vir volledigheidsdoeleindes kon insluit.

’n Klassifikasiesisteem wat meer gedetaileerd is behels *politiese* teenoor *sosiologiese propaganda*; *horisontale* teenoor *vertikale propaganda*; *irritasie-* teenoor *integrasiepropaganda* en *irrasionele* teenoor *semi-rasionele* teenoor *rasionele propaganda*. In die studiekonteks kan politiese en vertikale propaganda uitgelig word. Verder kan irritasiepropaganda in die Suid-Afrikaanse konteks uitgewys

word. Irrasionele, semi-rasionele en rasionele propaganda fokus op die informatiewe teenoor emotiewe belange van propaganda en vorm daarom ook ’n belangrike verstaansmiddel van propaganda. Die kleurindeling, met ’n spesifieke fokus op inhoudelike aspekte van propaganda en as indeling wat selfs as onderafdeling van elk van Ellul (1965) se indelings kan dien, vorm die mees geskikte indeling om as toetsmiddel vir reeds ingedeelde propagandatekste op te tree.

In die lig van die voorgaande vorm die verskillende soorte informasie in propaganda daarom 'n belangrike faktor. Dit is moontlik om informasie, waninformasie en disinformasie in propagandatekste te vind. Informasie sou gebruik kon word om die betroubaarheid van propagandatekste te verhoog. Soms lê die valsheid van inligting nie noodwendig in die aard van die informasie nie, maar in die intensies waarmee die informasie aangebied word.

Die doel van propaganda en die informasie-aard, as sommige van die vernaamste nie-linguistiese kenmerke van propaganda, vorm uiteindelik deel van die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel soos in Hoofstuk 3 bespreek word. Nog belangrike nie-linguistiese kenmerke van propaganda wat in hierdie model gebruik word, sluit die emotiewe aard van propaganda in asook die nie-linguistiese propagandategnieke.

Met die doel en die aard van propaganda in gedagte asook die tegnieke waarvolgens hierdie doel van propaganda verwesenlik word, is dit binne hierdie studie belangrik om die manier waarop hierdie doel talig gerepresenteer word, te verstaan. Taal is reeds as deel van die beginsels van propaganda uitgewys, maar is in die bespreekte literatuur nie duidelik op ’n detail-vlak en afsonderlik van die nie-linguistiese kenmerke van propaganda geïsoleer nie. Hierdie onderskeid is nodig om die linguistiese kenmerke van propaganda na behore beter te verstaan, deur tekste eers met behulp van nie-linguistiese kenmerke van propaganda te identifiseer as propaganda of nie-propaganda, waarna dieselfde linguistiese analise op albei hierdie groepe uitgevoer gaan word.

2.3 Propaganda linguisties beskou

Linguistiese eienskappe van propaganda is reeds in nie-linguistiese en linguistiese studies geïdentifiseer. ’n Oorsig word eerstens vanuit die literatuur van hierdie eienskappe gegee, waarna ’n sintese volg. Sommige eienskappe is linguisties algemene eienskappe en ander is meer spesifiek, byvoorbeeld op ’n sintaktiese vlak. Laasgenoemde kom verál handig te pas by die linguistiese analise aangesien hierdie eienskappe in beide teksgroepe nagegaan kan word.

2.3.1 Literatuuroorsig

Daar is al heelwat studies oor die rol van taal in propaganda gedoen, asook studies wat direk of indirek na taal in propaganda verwys. Hierdie studies strek van propagandastudies wat volledig en slegs op die taalaspekte van propaganda fokus (vgl. Abed, 2015; Boardman, 1978; Bosinelli & Maguire, 1984; Gambrill, 2012; Pawlowski, 2008a; 2008b; Wodak, 2007), studies wat aandag gee aan die magsverhoudinge en taal wat met propaganda geassosieer word (vgl. Ahmadian & Farahani, 2014; Fairclough, 1992; 1995; 2001; Gee, 2011a; Gee, 2011b; Mesthrie, 2009), tot by propagandastudies wat ’n afdeling aan die talige kenmerke van propaganda afstaan en propagandastudies wat na die rol van taal in propaganda verwys (vgl. Bolinger, 1980; Doob, 1950; Ellul, 1965; Jowett & O’Donnell, 2012; Wasburn, 1992). Sommige studies kan natuurlik in meer as een van die indelings geplaas word. Met dié dat die taalgedeelte van propaganda soveel aandag geniet en selfs in studies wat nie gedoen is om spesifiek op die taalkenmerke van propaganda te fokus nie, word die integrale plek van taal in propaganda duidelik. Taal dien as noodsaaklike medium om propaganda te laat realiseer.

Vir die taalanalise wat uiteindelik op beide die groepe, propaganda- en nie-propagandateksteuitgevoer gaan word, is dit nodig om ’n lys van propagandakenmerke soos dit in die reeds bestaande literatuur voorkom, saam te stel. Deur bepaalde studies se taalkenmerke te oorweeg, kan vasgestel word of daar nie dalk een spesifieke studie is wat reeds ’n voldoende, samevattende lys van taalkenmerke insluit nie. Spesifieke taalkenmerke kan vir die doel van die analise in hierdie studie uit die lys gekies word om die taalanalise mee uit te voer. In hierdie afdeling word die taalkenmerke van propaganda soos in nege studies, en waar nodig aanvullend deur ander studies, bespreek as moontlike oorwegings om afsonderlik of gesamentlik vir die taalanalise te gebruik.

Mesthrie (2009:318-325) bespreek propaganda as deel van ’n hoofstuk oor die verskillende benaderings tot taal en mag. In hierdie afdeling verwys hy na die volgende vier begrippe as sleutelelemente van propaganda: emotiewe taal, skep van assosiasies en konnotasies, herhaling, en vereenvoudiging van die sleutelelemente van propaganda (Mesthrie, 2009:323). Wanneer die propagandaproses later in hierdie hoofstuk verduidelik word, stem twee van hierdie sleutelelemente ooreen met afdelings van die propagandaproses, naamlik die skep van assosiasies en konnotasies asook emotiewe taal of die emotiewe deel van propaganda.

Volgens Ehlich (1989) (soos na verwys deur Mesthrie, 2012:323) vind leksikale verharding plaas wanneer iets soos ’n slagspreuk soveel keer herhaal word dat ’n woord bepaalde konnotasies as direkte betekenis oproep, byvoorbeeld die woord “werker” het tydens die Tweede Wêreldoorlog direk en positief geassosieer geraak met kontekste van oorlog, eerlikheid, eer en geloof (vgl. Mesthrie, 2012:323). Prosesse soortgelyk aan dié van leksikale verharding kan ook semantiese manipulasie genoem word en sluit aan by die verbintenis tussen taal en simbole, daarom taal en assosiasies wat onafaskeidbaar is (Jowett & O’Donnell, 2012:8; Mesthrie, 2012:322). Die propagandis verstaan hiérdie belangrike verband en speel daarom daarop in (Jowett & O’Donnell, 2012:8).

Propaganda word op die aktuele en latente faktore van openbare mening gebou en openbare mening word gedeeltelik deur propaganda gevorm (Doob, 1966:356). *Openbare mening* verwys na mense se houdings teenoor ’n saak wanneer hulle lede is van dieselfde sosiale groep (Doob, 1966:35). Dit wat die propagandis met behulp van propaganda bereik, is ’n direkte gevolg van die rigtings en maniere waarop mense reageer, of hulle nou blootgestel word aan propaganda of nie (Doob, 1966:356). Propaganda verander die inhoud en die rigting van gedrag, maar verander nie die fundamentele prosesse nie (Doob, 1966:356).

Lippmann (1922:29) verduidelik Openbare Mening vanuit ’n politieke oogpunt. Die politieke wêreld is buite die mens se bereik, sig en denke, en mense moet daarom die politiek ondersoek, weergee en verbeel. Uiteindelik bou die mens ’n betroubare prentjie van die wêreld op (Lippmann, 1922:29). Hierdie beelde wat mense in hulle denke van hulself, van ander, van hul behoeftes en doelwitte opbou, is hul openbare menings (Lippmann, 1922:29). Die beelde waarop groepe reageer of individue in die naam van ’n groep reageer, is Openbare Mening (met hoofletters aangedui) (Lippmann, 1922:29).

Propaganda is in beide die Nkandla-saak en staatskaping gebruik om die Suid-Afrikaanse openbare mening te beïnvloed. In die Nkandla-saak is propaganda gebruik om Zuma en die ANC sleg te laat lyk, maar deur Zuma as slagoffer voor te stel, is daar deur die ander kamp gepoog om simpatie by die publiek te wek. Die feite of die publiek se interpretasie van hierdie feite rakende Zuma en sy mede-

werkers se gedrag, sou ook ’n rol kon speel in hoe Zuma ontvang word. Hierdie informasie sou ook kon aanleiding gee tot ’n noodgedwonge voorstel van Zuma as die slagoffer. Met die witmonopoliekapitaal-narratief is die openbare mening op só ’n manier beïnvloed om te glo dat die Openbare Mening behels dat ekonomiese vryheid swartmense ontwyk omdat bepaalde witmense en mense ten gunste van witmense in beheer, die ekonomie op so ’n manier beheer. Taal kan gebruik word om Zuma as karakter in ’n sekere lig voor te stel deur byvoorbeeld van adjektiewe gebruik te maak en sodoende die openbare mening te beïnvloed. Die witmonopoliekapitaal-narratief is weer deel van ’n ontwerpte poging met behulp van Bell Pottinger om Openbare Mening te beïnvloed met behulp van taal. Die term “witmonopoliekapitaal” is byvoorbeeld by herhaling gebruik en in dieselfde woordkollokasie, naamlik adjektief, naamwoord, naamwoord.

Mesthrie (2012:321-322) verwys ook na Bolinger (1980) se indeling van kenmerkende prosesse van semantiek in ’n magsituasie: eufemisme (versagting van die propagandis se eie aggressie), disfemisme (oordryf die “swak” eienskappe van ’n opponent) en mistifikasie (die gebruik van jargon om sekere aktiwiteite te verskuil). Bolinger (1980:118) verduidelik dat die verskil tussen mistifikasie en eufemisme eintlik baie naby aan mekaar is. Eufemisme word dikwels gebruik om ’n positiewe term aan iets wat nie so positief is nie toe te ken, byvoorbeeld deur eerder die woord “tragedie” as “misdaad” te gebruik, word geen party in ’n skuldige lig geplaas nie (1980:118). Mistifikasie verwys weer na jargon wat gebruik word om sekere betekenisse te verdoesel, byvoorbeeld in die Nkandla-saak word die president se swembad herdoop na ’n “vuurpoel” om sodoende die swembad as veiligheidsmaatreël te regverdig. Disfemisme verwys weer na die toedig van negatiewe eienskappe aan die propagandis se opponent, byvoorbeeld “afskuwelik” of ’n “skurk” (Bolinger, 1980:89-90, 119). Wasburn (1992:85-87) verduidelik die term *linguistiese propaganda* aan die hand van drie verskillende soorte wat ten nouste by Bolinger se indeling van semantiese prosesse aansluit, maar veral aansluit by Mesthrie se verwysing na “semantiese manipulasie”. Hierdie prosesse sluit in: die rasionalisering van begrippe, (1992:86) herdefiniëring van begrippe (1992:86-87) en konseptuele regverdiging (1992:87).

Begrippe word gerasionaliseer deurdat ’n regverdigbare term gebruik word vir ’n dikwels onregverdige verhouding waarbinne onderdrukking plaasvind (Wasburn, 1992:86). ’n Verkeerde daad word as’t ware ’n regverdige kleur gegee. Byvoorbeeld, in Suid-Afrika is die frase “demokratiese ontwikkeling” gebruik om na die wetgewing te verwys wat betrekking gehad het op die ekonomiese en politiese beleide van die verskillende rassegroepe wat onder apartheid geleef het (Wasburn, 1992:86). Verder het die idee van “afsonderlike ontwikkeling” gesuggereer dat daar by alle groepe gelyke ontwikkeling plaasvind, waar daar in werklikheid dikwels eerder een groep bemagtig is ten koste van ’n ander groep. Die land se ondemokratiese optrede word op hierdie manier as demokraties en vooruitstrewend voorgehou. Die rasionalisering van begrippe sluit tot ’n groot mate by mistifikasie aan met die dat onreg versteek word deur die onreg met die “korrekte” term te verskuil.

Die herdefiniëring van begrippe verwys daarna dat ’n begrip of simbool wat vir een groep ’n spesifieke, politieke betekenis gehad het, deur ’n ander groep herdefinieer word, tot so ’n mate dat die begrip nie meer deur die groep vir wie die begrip of simbole waarde gehad het, gebruik kan word nie. Vir een groep beteken die woord “vryheid” byvoorbeeld persoonlike vryhede soos onder andere vryheid van uitdrukking en vryheid van geloof. Vir ’n ander groep beteken “vryheid” weer iets in die lyn van

algemene regte soos “vryheid van honger en armoede” (Wasburn, 1992:87). Ook die begrip “leksikale verharding” sou hier as ’n soortgelyke tegniek kon inskuif tot die herdefiniëring van begrippe.

Laastens verwys konseptuele regverdiging na die proses wanneer een groep ’n ander groep se propagandastrategie gebruik om hul eie politieke beleide en handelinge te regverdig (Wasburn, 1992:87). Die Sowjet-Unie het byvoorbeeld tydens die Koue Oorlog dieselfde redes of regverdigings gebruik om Hongarye te beset as wat die Verenigde Nasies van Amerika gebruik het om Guatamala en Kuba te beset (Wasburn, 1992:87). Hierdie linguistiese kenmerk grens amper weer eerder aan die nie-linguistiese kant, alhoewel die strategie afhanklik van taal is om te werk.

Nog ’n taaltegniek van propaganda behels Newspeak wat duidelik by semantiek aansluit. In George Orwell se boek, *1984*, word hierdie bekende term “Newspeak” gebruik. Alhoewel fiktief, bied die funksie van hierdie manier van sogenaamde “nuwe taal” ’n soort waarskuwing, naamlik om die nou verbintenis tussen taal en denke te illustreer en die potensiaal vir iemand om dus met denkraamwerke te peuter deur taal te wysig (vgl. Moran [1979:181] se redenasielyn deur na Wittgenstein [1953; 1961; 1967] te verwys). Die doel van Newspeak is om die omvang van denke te vernou (Orwell, 2008:55). Die woordeskat van hierdie “nuwe taal” word gedeeltelik saamgestel met behulp van nuwe woorde, maar hoofsaaklik deur die skrapping van ongewensde woorde en deur hierdie woorde te stroop van betekenisse wat as “onortodoks” beskou word en so ver as moontlik te skrap van alle sekondêre betekenisse (Orwell, 2008:312-313).

Die voorbeeld wat Orwell (2008:313) gebruik is die woord “free” wat tot ’n groot mate dieselfde semantiese waarde het as die Afrikaanse woord “vry”, daarom kan die voorbeeld vertaal word. Die woord “vry” kan steeds gebruik word in Newspeak, maar alleenlik vir bepaalde stellings soos “Die hond is luisvry” of “Die mielieland is onkruidvry” en nie meer vir stellings wat politieke of intellektuele vryheid behels nie. Die rede hiervoor sou dan wees dat politieke en intellektuele vryheid nie meer bestaan nie, ook nie as konsepte nie, en daarom en noodgedwonge naamloos word (Orwell, 2008:312-313). Uiteindelik is die mikpunt dat indien die woord of ’n sekere semantiese waarde van ’n woord wegval, die konsep ook nie meer gaan bestaan nie.

Gambrill (2012:297-318) wy ’n hoofstuk aan die propagandistiese gebruik van taal en sosiaal-psigologiese oorredingstrategieë. Meer spesifiek bied sy ’n lys van taalfoute en hoe propagandiste hierdie taalfoute tot hul voordeel kan uitbuit. Newspeak word ook as deel van hierdie lys genoem (Gambrill, 2012:298, 301). ’n Relevante seleksie uit die vier-en-twintig afdelings van die lys word vervolgens bondig uiteengesit (die numering is volgens Gambrill se uiteensetting vir maklike nasporing en nie al vier-en-twintig afdelings word bespreek nie).

> 1. Die aanname dat een woord een betekenis het (Gambrill, 2012:310). Propagandiste maak soms misbruik hiervan deurdat die ontvanger van propaganda een ding verstaan en die propagandis iets anders bedoel. Definisieverskille kan voorkom, veral wanneer woorde of sinne buite konteks gebruik word. Woorde soos “moontlik” en “hoogs waarskynlik” word gebruik om die interpretasieruimte so wyd as moontlik te hou. Die woord “hoogs waarskynlik” beteken byvoorbeeld dalk vir die propagandis iets soos “heel moontlik”, maar word op so ’n manier gebruik dat die ontvanger van propaganda die betekenis daarvan as “definitief” verstaan en daarom by die propagandis se saak aanklank vind.

4. Die gebruik van vae terme (Gambrill, 2012:310-311). Woorde en frases soos “hoë risiko” en “gewoonlik” tesame met elkeen se ervaringsraamwerk van sekere betekenisse kan groot verwarring meebring. Die hoofgebruik van vaagheid is om die kans dat mense positief tot die propagandis se saak reageer, te vergroot. Hier word vae kwantitatiewe begrippe soos “baie”, “min” en “dikwels” ingesluit. In ’n persverklaring van die DA oor Zuma se belasbaarheid verwys die outeur dikwels na “die ANC” as korrup (***P:*** *Fringe benefits [2016]*). Hierdie veralgemening sluit tegnies gesproke ook lede van die ANC in wat nie korrup is nie, maar laat die DA as politieke party in geheel beter as die ANC vertoon.

5. Die skuif van terme se definisies (Gambrill, 2012:298). Hierdie tegniek sluit by leksikale verharding aan asook by herdefiniëring van begrippe en Newspeak deurdat woorde met nuwe semantiese betekenisse verbind word. Die DA gebruik byvoorbeeld aan die einde van ’n teks die woord Nkandla nie in sy oorspronklike betekenisvorme nie, maar as ’n leksikale item met ’n semantiese waarde gelykstaande aan korrupsie (***P:*** *Fringe benefits [2016]*).

6. Verkonkretisering verwys na die verkeerde aanname dat ’n term na ’n regte wêreldentiteit verwys terwyl dit nie regtig doen nie (Gambrill, 2012:313). ’n Voorbeeld hiervan sou moontlik terme kon wees soos “white monopoly capital” as rede vir die land se ekonomiese probleme en “fire pool” vir Zuma se swembad by sy huis (***NP:*** *Nkandla, Gupta [2016];* ***P:*** *Open letter [2017]*). Hierdie tegniek vertoon moontlik ooreenkomste met mistifikasie.

7. Die invloed van semantiese skakels en aanduidende effekte (*cueing effects*) (Gambrill, 2012:314). Ook Miller (1937) dui die effek van oordrag van ’n prestige of goeie bron af na ’n spesifieke entiteit of proses aan. Hierdie proses kan ook deur middel van metafore gedoen word. Die mens is byvoorbeeld geneig om dinge in teenoorgesteldes te verstaan soos goed/sleg, op/af en eerlik/oneerlik. Die gevolg is dat die variant wat by ’n spesifieke konteks ’n rol speel asook die verskil tussen individue, geïgnoreer word. Miller (1937:213-214) verwys nie direk na die linguistiese aspek van hierdie propagandategniek nie, maar Gambrill (2012) wys tereg uit dat hierdie tegniek ook op linguistiese vlak realiseer.

8. Vooraf-verteerde denke, oorvereenvoudiging (Gambrill, 2012:301-302). Hierdie tegniek behels die geneigdheid om komplekse temas, probleme of perspektiewe as onbelangrike stellings aan te bied met die gevolg dat die inhoud daarvan verwronge raak. Die kompleksiteite van ’n saak word opsy geskuif. In die witmonopoliekapitaal-narratief word die veranderde ekonomiese omstandighede nie ten volle ten toon gestel nie. Witmense word ook as die enigste oorsaak van die land se ekonomiese probleme voorgehou terwyl die probleem ’n veel meer komplekse aard het (***P:*** *Open letter, [2017]*). Ook Mesthrie (2012) en Black (2001) identifiseer hierdie tegniek as ’n linguistiese tegniek van propaganda.

9. Verwarring tussen verbale en feitelike stellings (Gambrill, 2012:303-304). Die gebruik van wetenskapsdiskoers bied dikwels die vals indruk dat inligting objektief en spesifiek is. In beide ’n DA- en ANC-persverklaring word die tekste op ’n feitelike manier aangebied deur korrekte informasie te gebruik, maar ook sekere stellings as feite oor te dra, terwyl daar nie genoeg bewyse vir hierdie stellings gelewer word nie (***P:*** *Fringe benefits [2016]*; ***P:*** *Palace upgrades [2016]*; *Public Protector report [*2014*]*).

10. Gebruik van pseudo-tegniese jargon (Gambrill, 2012:304-305). Jargon kan gebruik word om inligting of onkundigheid weg te steek (Rycroft, 1973:xi en Travis, 2000 soos na verwys

deur Gambrill, 2012:304). Die gebruik van jargon om inligting te versluier sluit aan by mistifikasie. Bolinger (1980:117) haal ’n voorbeeld aan waar ’n maatskappy op ’n produk aangedui het dat daar “100 persent natuurlike vesels” in is en op die ou end dat dit verwys het na verpoeierde houtpulp in die produk.

12. Oortuiging deur herhaling (Gambrill, 2012:315-316). Deur ’n stelling herhaaldelik te hoor en te sien of daaroor te dink, word die kans groter dat iemand daardie stelling sal aanneem en glo. In een van die ANC se persverklarings word die DA deurlopend met leuens in die teks geassosieer wat weer die leser se idee oor die DA moet beïnvloed (***P:*** *Electoral court [2014]*). Deur ’n sekere perspektief te herhaal, verbeter die kans vir aanvaarding daarvan, veral as die stelling met selfvertroue aangebied word deur ’n persoon met aansien en met behulp van ’n slagspreuk wat op die gehoor se emosies inspeel. In ’n berig waarin Bell Pottinger se werksplan uiteengesit word om ’n bepaalde ekonomiese diskoers in Suid-Afrika te loods, word die volgende raad in ’n e-pos aan Duduzane Zuma gegee: “The key to any political messaging is repetition ...” (Scorpio, 2017).

14. Invloed deur emotiewe taal of gonswoorde of beelde (Gambrill, 2012:305-307). Emotiewe taal word gebruik om mense te laat optree. Uiteindelik word ’n besluit geneem op grond van persepsies en assosiasies eerder as rede en sodoende word die propagandis se doel bevorder. Edward Zuma maak byvoorbeeld die stelling in ’n ope brief dat Hanekom ’n hond is en naar geword het op swartmense (***P:*** *Open letter [2017]*). Hierdie terme kon op verskillende, baie ligter maniere gestel gewees het, maar word juis uitgesoek om woede by die leser op te wek met die hoop dat die leser daarvolgens sal reageer en Zuma se saak steun. Vergelyk in hierdie verband ook weereens Mesthrie (2012) asook Miller (1937).

15. Brawe aansprake (Gambrill, 2012:316-317). Dikwels word ’n standpunt as waar oorgedra sonder om enige bewyse daarvoor te bied met die gevolg dat brawe aansprake dikwels mense verkeerdelik oorhaal eerder as inligting verskaf wat goed gestaaf is. Woorde wat in hierdie tegniek gebruik word, behels byvoorbeeld die volgende: “onaanvegbaar”, “ondispuutbaar”, “die feit is”, “die waarheid is” en dies meer. Gregan sê byvoorbeeld die volgende sonder om bewyse vir hierdie aanspraak te lewer: “Die waarheid is dat Zuma sou wees soos die een voor hom en die een na hom sal wees soos hy” (***P:*** *Zuma uithou [2016]*).

16. Oordele gebaseer op voorrangeffekte (*primacy effects*) (Gambrill, 2012:298). Dit is nie duidelik presies wat Gambrill met hierdie tegniek bedoel nie, maar dit lyk of hierdie tegniek moontlik by Miller (1937) se oordragtegniek aansluit, naamlik dat mense met status of statussimbole gebruik word om die propagandis se saak te versterk. Taal wat dus met sekere simbole verbind word, kan deur die propagandis gebruik word om status aan die saak te verleen. Edward Zuma gebruik ’n voorbeeld wat Hanekom in ’n slegte lig stel waar Mandela, volgens Zuma, eintlik deur Hanekom afgekraak is (***P:*** *Open letter [2017]*). Deur na hierdie voorbeeld te verwys, word Mandela se status gebruik om gewig aan Zuma se voorbeeld te gee en sodoende sy saak te versterk.

17. Newsspeak (Gambrill se spelwyse) is reeds hanteer. Sien Orwell (2008).

18. Oormatige gebruik van woorde (*excessive verbiage*) (Gambrill, 2012:298). In Zuma (2017) se ope brief word beskrywende woorde op ’n opeengehoopte manier gebruik om in hierdie geval ’n sekere persoon te beskryf (***P:*** *Open letter [2017]*). Hanekom word as ’n “minority champion white racist Afrikaner anti-majoritarian sell out” voorgehou. Die oormatige gebruik

van woorde soos Gambrill daarna verwys, kan daarom gebruik word om bepaalde eienskappe op beklemtoonde wyse aanmekaar te string en te koppel met, in hierdie geval, ’n bepaalde persoon. Hierdie tegniek kan gebruik word in die proses van etikettering.

19. Misbruik van etikette (Gambrill, 2012:309-310). Etikettering word gebruik om name aan ander toe te dig wat goed of sleg kan wees. Die propagandis sal goeie etikette aan die saak of groep toedig en negatiewe etikette aan opponente van die saak. Etikette word doelbewus misbruik om ’n sekere siening te bevorder en steek die feit dat ’n term misbruik word weg. Hier kan Boardman (1978:79-81) ook vergelyk word. Voorbeelde van etikettering kan name soos “Fascistiese varke” insluit. Shabalala reageer op ’n rubriek van Mkhabela en gebruik die uitdrukking “loony radicals” as kritiek teen dié wat anti-Zuma-uitsprake maak (***P:*** *Undermine Zuma [2016]*).

21. Verwarring oor beskrywende en emotiewe gebruik van woorde. Die onderskeid tussen die emotiewe en informatiewe gebruik van woorde is belangrik om sodoende misleiding te voorkom. Dit is moontlik dat hierdie eienskap realiseer deurdat beskrywende en emotiewe woorde gebruik word om byvoorbeeld karakters aan die leser bekend te stel, maar dat propaganda meermale van emotiewe eerder as beskrywende woorde gebruik maak om sodoende die propagandis se ideologie aan die leser oor te dra. In Gregan se skryfstuk koppel hy die eienskap “sielsieke toestand” met om “links” te wees (***P:*** *Zuma uithou [2016]*). Hierdie emotiewe term kan maklik verwar word met ’n meer neutraler en eintlik objektiewe beskrywing van wat dit behels om links te wees.

24. Misleidende of skadelike metafore (Gambrill, 2012:307-309). Deur van spreekwoorde, vergelykings, analogie of metafore gebruik te maak, kan die teikengehoor oorreed word met behulp van emosionele uitwerkings en verbandhoudende assosiasies. Bolinger (1980:138-155) bespreek ook die belangrikheid van metafore. Verder kan Lakoff en Johnson (1980:10-13) se idee van beligting en verberging (*highlighting and hiding*) ook gebruik word, aangesien sekere inligting op hierdie manier beklemtoon kan word, dikwels ten koste van die sigbaarheid van ander inligting. Die belangrikheid van sekere metafore, soos familie- en oorlogmetafore in die politiek, word deur Lakoff (1995:9-17; 2016:143-161) en Lakoff en Wehling (2016:10-14) aangedui.

Gambrill (2012:309, 315) verwys ook na die plek van eufemisme en sinekdogee. Eufemisme, soos reeds in die bespreking van Mesthrie (2012) aangedui, word gebruik om versagtende terme te gee aan iets wat erger is as wat die term impliseer. Sinekdogee verwys weer na kleiner stukke inligting wat na ’n groter geheel verwys of verteenwoordig. Hiermee saam kan slagspreuke ook in gedagte gehou word as voorbeelde van sinekdogee, naamlik dat ’n spesifieke slagspreuk iets heelwat groters identifiseer. ’n Ander tegniek wat nie gelys is nie, maar ook belangrik is om te noem, is dat sekere woorde deur ’n propagandis vermy word (Gambrill, 2012:303). Die taal wat gebruik word, is dus onder “sensuur”. Alle taalaspekte wat moontlik die doel van die propagandis in die wiele kan ry, moet vermy word.

Nog een van die prosesvlakke kom voor in Boardman (1978:80) se definisie wat dui op propaganda se misleidende aard (vlak 1): “Propaganda is that language ... which enforces a false doctrine or serves a false ideology”. Boardman (1978) maak ook verder ’n baie belangrike verdeling wat uiteindelik vlak 3 van die prosesvlakke vorm, naamlik die belangrikheid dat politieke taal nie net vir die ontvanger se

emosies mik nie, maar vir beide die emotiewe en die intellektuele. Hierdie onderskeid kan steeds vir propaganda gebruik word, aangesien daar genoeg bewyse is dat nie net die emotiewe in propaganda belangrik is nie, maar ook die informatiewe. Die intellektuele word uiteindelik geprikkel deur die informasie in die propaganda wat die propagandastuk ’n betroubare voorkoms vir die lesers bied (Boardman, 1978:81-84).

Boardman (1978:81-82) sorteer die emotiewe en die informatiewe in twee afsonderlike strategieë, naamlik die aktiewe strategie en die passiewe strategie. Aktiewe strategieë steun op emosionaliteit deur byvoorbeeld trots of haat aan te vuur waar passiewe strategieë weer op die rasionele en informasie staatmaak. Verder verduidelik Boardman (1978:79) ook dat ’n propagandis van polarisering gebruik maak, byvoorbeeld deur dit te laat blyk of daar slegs twee kante van ’n saak is en dat hierdie groepe se standpunte onversoenbaar is. Hierdie tegniek sluit ook aan by die vereenvoudiging van realiteit (vgl. Black, 2001; Gambrill, 2012; Mesthrie, 2009:323). Een van die tegnieke wat Boardman (1987:79) woordspel noem, vertoon basies ooreenkomste aan mistifikasie, byvoorbeeld deur die woord “oorlog” te vermy, word eerder op “vrede” gesinspeel met name soos die “Departement van Verdediging” of “Vrede is ons professie” en so meer.

Black (2001:133-134) verwys na ses verskillende kenmerke van propaganda waarvan sekere kenmerke taalspesifiek is en ander kenmerke nie taalspesifiek is nie, maar wel relevant is vir die taal van propaganda en daarom ook betrek word. Black (2001:133-134) poog om ’n sinopsis van reeds bestaande definisies van propaganda te maak wat aan Henderson (1943, soos na verwys deur Black, 2001:123) se kriteria voldoen, naamlik om ’n sosio-psigologiese aard te hê; omvattend te wees, maar nie onduidelik nie; propaganda van ander, soortgelyke fenomene te onderskei en nuwe lig op propaganda as fenomeen te werp (Black, 2001:133). Hierdie sinopsis is saamgestel na Black insigte vanuit propaganda as veld, die media, sosiale psigologie en die semantiek verkry het. Op semantiese vlak dui Black (2001:131-132) ’n lys van algemene, semantiese beskrywings van gesofistikeerde (geestelik gesonde) taalgedrag aan.

Volgens Black (2001:131-132) kan hierdie lys van ses punte as verteenwoordigend van ’n gesonde, komplekse interpretasieraamwerk beskou word en kan as vertrekraamwerk vir die semantiese analise van propaganda gebruik word. Alhoewel dit nie eksplisiet aangedui word nie, wil dit voorkom of Black (2001) hierdie vertrekraamwerk verduidelik om aan te toon dat ’n propagandis dikwels die teendeel van die “normale” manier om na betekenis te kyk, volg.

> 1. Bewustheid dat taal nie die realiteit is nie, maar ’n onvermydelik, nie-perfekte uittreksel van die realiteit behels en dat neigings om taal en die realiteit aan mekaar gelyk te stel (deur die werkwoord “to be” as ’n gelykstaande teken aan die werklikheid te verstaan) ’n vals-tot-feit-verhouding voorstel. Hierdie proses word duidelik in die “doelbewuste is-van-identiteit” en word vervang deur ’n verlengde analise en beskrywing van die realiteit soos dit waargeneem kan word.
>
> 2. Bewustheid van die gebruik van “to be” om iets te beskryf, verklap meer oor die waarnemer se projektering van vooroordele as wat dit iets sê oor die voorwerp wat beskryf word. Hierdie proses word as die “intensionele is-van-predikaat-vorming” gesien en word vervang deur ’n verlengde bewuswording van ons projekterings.

3. Bewustheid dat mense en situasies ’n onbeperkte aantal karaktereienskappe het, dat die wêreld konstant ’n veranderingsproses ondergaan, dat ons persepsies beperk is en dat taal nie alles wat daar is om oor ’n persoon of situasie te sê, kan sê nie. Hierdie stelling word duidelik indie idee dat dat daar altyd meer aan ’n saak is as wat by die eerste oogopslag waargeneem kan word. Dit mag wees dat ’n propagandis daarom juis ’n teks vereenvoudig en byvoorbeeld nie die kompleksiteit van gebeure of karakters aandui nie.

4. Bewustheid van ’n feit is nie ’n afleiding nie en ’n afleiding is nie ’n waardeoordeel nie en ’n bewustheid dat die ontvangers van kommunikasie op hierdie verskille gewys moet word.

5. Bewustheid dat verskillende mense die wêreld op verskillende maniere waarneem en daar aanvaar moet word dat outoriteitsfigure, -bronne en -getuies se menings die produk is van nie-perfekte mense se perseptuele prosesse en nie die absolute waarheid is nie.

6. Bewustheid dat persone en situasies by uitsondering en indien ooit slegs uit twee waardes bestaan, dat stellings nie slegs “waar” of “vals” is nie, dat ’n spesifieke manier van optree nie net ’n “reg” of “verkeerd”, “swart” of “wit” het nie en dat kontinuum-denke meer waarde het as ’n twee-waarde-oriëntasie (Korzybski, 1948 soos na verwys deur Black, 2001:132). ’n Propagandis kan dalk opsetlik feite, afleidings, aannames en daarmee saam evaluerende taal gebruik om informasie as korrek of waar aan te bied, alhoewel dit inherent nie so is nie.

Hierdie ses punte wat volgens Black as raamwerk vir die semantiese analise van propaganda kan dien, bied insigte wat aanleiding kan gee tot party nie-linguistiese kenmerke van propaganda. Op ’n taalspesifieke en konkreter vlak stem nommer drie van hierdie lys ooreen met ’n vereenvoudiging van die werklikheid wat ook by nommer ses aansluit wat die problematiek van polarisering aantoon.

Hierdie insigte vorm deel van Black (2001) se definisie van propaganda. Een van die kenmerke is dat propaganda ’n vaste siening oor sekere mense, instellings en situasies bied. Hierdie vaste sienings verdeel groepe dikwels in kategorieë, in- en uit-groepe (vriende en vyande) en so meer. Boardman (1978) se polariseringstegniek kom dieselfde as hierdie tegniek van Black voor. Black (2001:134) verwys ook na ’n vereenvoudiging van die realiteit tot oorsaak-gevolg-verhoudings wat ’n meervoudige kousaliteit van gebeure ignoreer. Hier sluit hierdie tegniek weer mooi by Mesthrie se tegniek aan wat ook fokus op ’n vereenvoudigde weergawe van die realiteit. Twee ander kenmerke kan ook onder “beklemtoning” saamgevat word (Black, 2001:134). Black (2001:134) verwys na sekere tydsperspektiewe, byvoorbeeld die verlede, die hede of die toekoms of ’n spesifieke gevoel soos konflik teenoor samewerking waarop ’n propagandis sou kon verkies om klem te lê.

Wat Black (2001:134) heelwat anders maak as die ander bespreekte studies, is dat Black as een van sy kenmerke baie spesifieke taalfaktore noem. Black (2001:133) verduidelik die omvang van die kenmerk soos volg: die gebruik van onvasgestelde of selfs onvasstelbare, abstrakte selfstandige naamwoorde, adjektiewe, adverbia en fisiese representasies eerder as empiriese betroubaarheid om waarhede, gevolgtrekkings of indrukke vas te stel. Behalwe vir die semantiese agtergrond wat Black as verwysing skets, is dit wel nie seker wat die presiese proses is wat Black (2001:133) gevolg het om hierdie gevolgtrekking te maak as kenmerkend van propaganda nie, en of hy die gevolgtrekkings bloot as “logiese” en linguistiese verteenwoordigers van dit wat hy waargeneem het gedurende sy literatuurstudie beskou nie. Die aangewese studie is nodig om juis ’n formele linguistiese studie uit te

voer, sodat algemene taalelemente as moontlik kenmerkend van propaganda op so betroubaar as moontlike wyse bepaal word.

Bolinger (1980) bied selfs ’n duideliker lys van taaleienskappe wat in evaluerende of semanties gelade taal te wagte kan wees en, vanuit die aard van propaganda, as moontlike taaltegnieke in propaganda gebruik sou kon word. Bolinger (1980:72) verdeel gelade woorde in twee groepe: eufemistiese en disfemistiese woorde, tegnieke wat ook reeds in hierdie hoofstuk verduidelik is. Gelade woorde stel daarom die semantiese beeld voor wat hulle dra, hetsy op ’n gunstige of ’n ongunstige wyse (Bolinger, 1980:73).

Adjektiewe is volgens Bolinger (1980:75-76) die woordgroep met die breedste verspreiding van verskuilde vooroordeel en dikwels is die sinoniem daarvan nie noodwendig neutraal nie. Adjektiewe het wel nie noodwendig die mees intense effek nie (Bolinger, 1980:75). Met die dat adjektiewe dikwels op ’n skaal van “meer” en “minder” geplaas word, is die gevolg dikwels dat ’n dieper betekenis van “beter” en “slegter” daarmee gepaardgaan (Bolinger, 1980:75). Naamwoorde is ’n minder bevooroordelende woordgroep en dien as aanduidings van realiteitsegmente en is veronderstel om entiteite in ’n egte status te verteenwoordig. Tog is daar steeds bevooroordeling wat kan inglip (Bolinger, 1980:77).

Naamwoorde, soos alle ander woorde, raak troebel in ’n konteks en kan wegkom met bevooroordeling wat daaraan vaskleef (Bolinger, 1980:77). Net soos met adjektiewe, is daar overt bevooroordelende naamwoorde wat dié naamwoorde behels wat adjektiewe afbeeld in die manier waarop die naamwoorde gebruik word (Bolinger, 1980:77). Anders as in Sistemies Funksionele Linguistiek, verwys Bolinger (1980:77) na hierdie naamwoorde – en nie adjektiewe nie – as “epithets” of beskrywingsnaamwoorde. Beskrywingsnaamwoorde kan as ’n voor die hand liggende woordgroep gebruik word om eufemisme en disfemisme binne ’n teks uit te voer (Bolinger, 1980:73). Byvoorbeeld:

> Peter is *dom*.
> Peter is ’n *domkop*.

Binne hierdie soort naamwoorde is dit nie moeilik om die verskuilde bevooroordeling op te merk nie (Bolinger, 1980:77). ’n Oordeel word byvoorbeeld oor ’n sekere persoon gevel: Hy is ’n *idioot*. Deur só ’n oordeel maak die spreker of subjek dit moeilik vir die ontvanger om te reageer: die ontvanger word in ’n gespreksituasie ontneem van ’n kans om die persoon waarop die beskrywingsnaamwoord van toepassing is, te beskerm (Bolinger, 1980:77). Die spreker of subjek neem dus aan dat die ontvanger saam met hom of haar gaan stem oor die verskuilde proposisies of aannames wat hy of sy maak (Bolinger, 1980:77). Die gevolg of selfs die oorsaak daarvan dat ’n spreker nie aangevat word nie, kan wees omdat die spreker self nie altyd besef tot watter mate hy of sy ’n gesprek gelade maak nie (Bolinger, 1980:77).

Dit is wel nie net naamwoorde wat as beskrywingsnaamwoorde dien wat bevooroordeling bevat nie (Bolinger, 1980:77). ’n Sogenaamde ligter gelade woord sou binne ’n uiting vervang kon word, maar steeds bevooroordeling dra en afbrekend voorkom (Bolinger, 1980:77-78). Wanneer die beskrywingsnaamwoord in byvoorbeeld: Hy is ’n regte *idioot!* met die naamwoord “man” vervang word – Hy is ’n regte *man!* – dra die aangewese woord steeds ’n afbrekendheid in daardie spesifieke konteks (Bolinger, 1980:78). Verder bevat ’n uiting van hierdie aard, ’n sillogisme: Mans is {simpel, onbetroubaar, ens.} Daarom is die aangewese persoon {simpel, onbetroubaar, ens.} (Bolinger, 1980:78).

Die adjektiewe wat deel van hierdie sillogisme vorm, begin ’n soort kollokasie met die naamwoord vorm (Bolinger, 1980:78). Dit benoem ’n kwaliteit wat gereeld met die naamwoord geassosieer word en verskyn dikwels saam met die naamwoord in gevalle wat “salient feature copying” of “prominente eienskapkopiëring” genoem word (Maher soos aangehaal deur Bolinger, 1980:78). Byvoorbeeld:

trotse pa
hardkoppige os

Dit sou moontlik wees dat ’n propagandis hierheen werk, veral wanneer kollokasies of variasies van kollokasies herhaal word.

Aangesien ’n sillogisme meer indirek en moeiliker is om uit mekaar te haal as ’n enkele proposisie wat onderliggend aan die beskrywingsnaamwoord (epithet) is, kan sulke uitdrukkings die slagoffer selfs meer magteloos laat om terug te baklei (Bolinger, 1980:78). Die spreker mag selfs onbewus wees dat hy of sy ’n soort lokval stel, byvoorbeeld die volgende kan selfs soos ’n “verduideliking” voorkom:

Waarom is sy so al aan’t giggel? – Want sy is ’n meisie.

Deels omdat dit minder in naamwoorde gevind word, is ’n voorveronderstelling of aanname selfs meer treffend wanneer dit in ’n naamwoord voorkom (Bolinger, 1980:79). ’n Verdere rede vir die trefkrag van ’n naamwoord is dat ’n naamwoord iemand op ’n manier kan objektiveer wat ’n adjektief nie kan nie (Bolinger, 1980:79). Kwaliteite kan op sekere tye aan iemand toegeken word, byvoorbeeld deur te sê iemand is skelm of hierdie eienskap kan verkonkretiseer word deur te sê iemand is ’n dief of ’n skelm (vgl. *ungrateful* en *ingrate*) (Bolinger, 1980:79). Op hierdie manier word ’n persoon geëtiketteer deur te impliseer dat die wêreld mense soos hierdie in ’n klas van hul eie plaas (Bolinger, 1980:79). Hierdie groepering of klassifisering van mense sluit aan by die propagandategnieke disfemisme, etikettering en polarisering.

Nasionale vorme kan as verdere voorbeeld dien vir die idee dat naamwoorde, met betrekking tot vooropgesteldheid of aannames, ’n hoër betekenislading as adjektiewe dra (Bolinger, 1980:79). In die volgende voorbeelde is naamwoorde meer geneig om stereotipes te wees in die tipering van rasse as byvoorbeeld adjektiewe:

Naamwoord: Hy is ’n *Jood* vs Adjektief: Hy is *Joods*

Bolinger (1980:79) verduidelik die verskil in effek tussen ’n naamwoord en adjektief wat na iemand se nasionaliteit verwys as dat die adjektief die ruimte laat om gedeeltelik eienskappe met byvoorbeeld Joods-wees te vertoon, teenoor die naamwoord “Jood” wat die geheel verteenwoordig (Bolinger, 1980:79). Bolinger (1980:79) beskou afbrekende naamwoorde as die middel wat mense sou verkies bo adjektiewe wanneer hulle iemand waarlik wil afkraak. Die etiketteringsmag van die naamwoord staan uit in die beskrywingsnaamwoorde (epithets) wat in pare met adjektiewe en werkwoorde met ongeveer dieselfde betekenis gebruik word (Bolinger, 1980:79).

Soms word hierdie kombinasies ook in kombinasie met ander, minder effektiewe naamwoorde gebruik (Bolinger, 1980:79), byvoorbeeld: Emily is *bekommerd* sou meer effektief uitgedruk kon word deur te sê: Emily is ’n *kommeraar*, maar ’n samestelling sou selfs meer effektief kon wees: Emily is ’n *kommerkous* (vgl. Bolinger, 1980:79). Die beskrywingsnaamwoord (epithet) is geneig om ’n gemerkte vorm te bevat, byvoorbeeld “kommerkous” het ’n unieke morfologiese samestelling waar “kommeraar” net ’n gewone afleiding is. Nog ’n voorbeeld is: Die boot *lek* vs Die boot het *lekplekke* vs Die boot is ’n *sif.* Hierdie soort naamwoorde word gebruik om iemand te verklaar as iets waarvan die spreker nie hou nie en dit op hierdie manier as ’n permanente toestand aan te dui (Bolinger, 1980:79-80).

Van die drie hoofwoordklasse soos deur Bolinger (1980:80) hier aangedui, is werkwoorde die minste ontvanklik vir vooroordele (Bolinger, 1980:80). Dit kan moontlik toegeskryf word aan die oordragsnatuur wat werkwoorde tot ’n mate vertoon (Bolinger, 1980:80). ’n Ding, soos deur ’n naamwoord aangedui, en ’n kwaliteit, soos deur ’n adjektief aangedui, is stabiel genoeg om assosiasies van aanvaarding of afkeur op te bou (Bolinger, 1980:80). Ons is meer geneig om ’n irrelevante waarde aan die uitslag te koppel as aan die proses, byvoorbeeld om te *verloor* vs ’n *verlies* of om op te “*vul”* teenoor “’n *vol* lewe” (Bolinger, 1980:80). Bolinger (1980:80) dui nietemin aan dat meer bewyse hiervoor nodig is (Bolinger, 1980:80).

Binne werkwoorde is daar gevalle van handeling of aksie in ’n sekere rigting wat beskou word as positief of negatief (Bolinger, 1980:80). Terwyl die positiewe rigting nie noodwendig “goed” is nie, is die geneigdheid om ’n positiewe rigting met goed en ’n negatiewe rigting met sleg te assosieer (Bolinger, 1980:80). Werkwoorde kan ook ’n goedheid/slegtheid bevat wat nie onderhewig is aan die aksie nie, maar aan ’n ander aspek van die situasie, byvoorbeeld die spreker se siening van die akteur of persoon onder bespreking (Bolinger, 1980:80). Neem as voorbeeld “Sy *rus*” (positief) teenoor “Sy *dros*” (negatief) (vgl. Bolinger, 1980:80). Die spreker se siening van die realiteit kan deur ’n spesifieke werkwoordkeuse verteenwoordig word (Bolinger, 1980:80).

Bolinger (1980:82) verwys ook na adverbia as ’n middel waarmee die ontvanger aangemoedig word om ’n sekere houding teenoor die inligting wat gerapporteer word, in te neem. Vergelyk byvoorbeeld “Dit kos R90” teenoor “Dit kos *slegs* R90” (Bolinger, 1980:82). Sekere sinskonstruksies, byvoorbeeld passiewe eerder as aktiewe sinskonstruksies, speel ’n belangrike rol in evaluerende taal (Vgl. Bolinger, 1980:84-88). In die studie is analise op ’n leksikale vlak die fokus en nie op ’n sintaktiese vlak nie. Sinskonstruksie in propaganda val daarom buite die bestek van die onderhawige ondersoek en word nie verder bespreek nie, maar is desnieteenstaande ’n belangrike aspek wat met vrug in toekomstige studies nagegaan sou kon word.

Alhoewel Black (2001) en Bolinger (1980) op ’n meer taalspesifieke vlak moontlike propagandataaltegnieke uitwys, kan die lys van taaleienskappe wat bespreek is, verbeter word deur hierdie en ander taalkenmerke met behulp van ’n tekstuele analise te ondersoek en beter te verstaan deur dit in vergelyking met die taaleienskappe van nie-propagandatekste te plaas. Telkens is daar moontlike leemtes wat intree, veral wat samehang en sistematiek van lyste betref wanneer taal in ’n studie soos dié van Black (2001) nie as ’n sisteem in sy geheel benader nie. Met dié dat sommige tegnieke van propaganda oorvleuel en onder nie-linguistiese propagandategnieke asook linguistiese propagandategnieke sorteer, byvoorbeeld etikettering, word dit weer duidelik dat die inhoudelike en vormlike moeilik skeibaar van mekaar is, maar dat hierdie onderskeid as ’n vertrekpunt wel nodig is om daadwerklik op die linguistiese of vormlike van propaganda te kan fokus.

Na afloop van die bespreking wil dit voorkom of sommige van die tegnieke meer algemeen is en ander meer spesifiek (vgl. Boardman, 1987 en Mesthrie, 2012 teenoor Gambrill, 2012, Black, 2001 en Bolinger, 1980). Sommige van die tegnieke dien as uitbreidings van mekaar, byvoorbeeld pseudo-tegniese jargon het ten doel om te mistifiseer en ander tegnieke word weer gebruik om mekaar te laat realiseer, byvoorbeeld assosiasies en konnotasies word dikwels met behulp van herhaling geskep en gevestig. Die taalkenmerke van propaganda het daarom moontlik nie ’n rigiede nie, maar ’n dinamiese aard, en kan op verskillende maniere gebruik word om verskillende taaltegnieke van propaganda en uiteindelik sodoende ook nie-linguistiese tegnieke van propaganda uit te oefen of te implementeer. Wanneer die linguistiese kenmerke van propaganda oorweeg word, is dit daarom

nodig om op ’n breër, maar ook meer gedetailleerde vlak na die aanvullende rol van hierdie kenmerke te kyk.

Daar word minder dikwels van baie spesifieke items op sintaktiese vlak melding gemaak – behalwe Black (2001:134) wat na abstrakte selfstandige naamwoorde, adjektiewe en adverbia verwys. Die afleidings wat Black maak is moontlik korrek, maar is nie op ’n formele linguistiese analise gebaseer nie. Bolinger (1980:68-82) se studie is linguisties en verwys op sintaktiese vlak ook na naamwoorde, adjektiewe en werkwoorde en is meer spesifiek as Black (2001) in die toepassing van hierdie items as evaluerende taal, maar doen nie ’n vergelyking met nie-propagandatekste nie.

Teen die bostaande agtergrond bestaande uit verskillende geïdentifiseerde propaganda-eienskappe en met behulp van verskillende metodologieë (waarvan sekere metodes nie altyd duidelik is nie), is dit nodig om ’n meer gestruktureerde inventaris van die linguistiese kenmerke van propaganda saam te stel om oorvleuelings uit te skakel, maar ook die uitgebreide verhoudings tussen sommige van die kenmerke aan te dui. Hierdie inventaris kan as keuselys dien om ’n groep linguistiese kenmerke daarvan af te kies waarmee ’n linguistiese analise op propaganda- sowel as nie-propagandatekste uitgevoer kan word.

2.3.2 Sintese: Literatuuroorsig

Die uitdaging is om die linguistiese binnewerke van propaganda gesistematiseer te verstaan. Deur van die reeds bespreekte studies gebruik te maak, kan ’n sintese van die verskillende taalkenmerke en selfs potensiële taalkenmerke van propaganda saamgestel word. Sodoende kan oorvleueling van kenmerke gekonsolideer word en kan bypassende kenmerke in ’n afdeling gegroepeer word. Hierdie samestelling van kenmerke wat uit die reeds bestaande literatuur kom, kan gebruik word om ’n stel taalkenmerke te selekteer wat vir die linguistiese analise van die tekste gebruik gaan word om te toets of hierdie kenmerke taalkenmerke van propaganda is.

Die taalkenmerke vir die sintese kan makliker verstaan word teen die agtergrond van die propagandaproses. Aangesien die doel van propaganda slegs tot voordeel van die propagandis strek moet die propagandis hierdie ware doel óf verdoesel deur dit te stel, maar te laat voorkom of ander doelwitte belangriker is, óf hierdie doel te verskuil. In ieder geval moet die doel op ’n misleidende manier aangebied word. **Misleiding** word daarom vlak een van die propagandaproses waarvolgens linguistiese kenmerke verstaan kan word.

Misleiding moet uitgevoer word deurdat die propagandis bepaalde **assosiasies en konnotasies** skep, ook tot voordeel van hierdie doel. Hierdie assosiasies en konnotasies vorm daarom vlak twee aangesien dit gebruik kan word om die propagandis en die doel van die propagandis in ’n positiewe lig te stel, maar daarmee saam, enige teenstanders van hierdie doel, in ’n negatiewe lig te stel. Assosiasies en konnotasies hoef nie noodwendig net van nuuts af geskep te word nie, maar die propagandis kies ’n teikengehoor en hou sekere vooropstellings wat reeds by hierdie gehoor bestaan in gedagte en gebruik hierdie vooropstellings as aanhaakpunt vir propaganda. Reeds bestaande stereotipes en ideologieë word op hierdie manier beklemtoon en gevestig (vgl. Boardman, 1978:79).

Deur hierdie assosiasies en konnotasies mik die propagandis vir die ontvanger van propaganda se emosies en denke. Vlak drie kan verdeel word tussen **emosie en informasie**. Emosie is hoofsaaklik

nodig om die ontvanger van propaganda tot aksie oor te haal en informasie skep ’n betroubare fassade vir die propagandis. Emosie en denke is ’n onlosmaaklike deel van mekaar en die een word gebruik om die ander te versterk. Herhaling as propagandategniek kan byvoorbeeld ’n effek op denke hê in die sin dat herhaling van die propagandaboodskap herhaaldelik in iemand se denke voorkom en uiteindelik selfs byna in ’n persoon se onderbewuste ingegraveer word. Uiteindelik word hierdie herhaalde boodskap ook ’n manier om op emosionele konnotasies wat ’n teikengehoor reeds met ’n saak het of nuwes wat deur die propagandis geskep is, in te speel en sodoende herhaling as emosionele versterking of selfs opsweping te gebruik.

Verskillende tegnieke word ingespan om onderskeidelik die emosies asook die denke van die ontvanger van propaganda te tref op so ’n manier wat die doel van die propagandis die beste gaan laat realiseer. Dit is daarom ook nie nodig dat alle tegnieke op een slag gebruik hoef te word nie, maar net die tegnieke wat die doel die beste dien. Soos met herhaling as propagandategniek, is daar wel sekere tegnieke wat onder beide die emotiewe en die informatiewe ingedeel kan word.

Al drie die verskillende vlakke dien as integrale dele van ’n proses om die doel van die propagandis te laat realiseer. Hierdie propagandaproses kan as psigologiese proses beskou word wat dikwels talig uitgedruk word. Die naby verwante verhoudings tussen emosies en denke asook tussen die nie-linguistiese en die linguistiese kenmerke van propaganda is moontlik deel van die rede waarom propagandastudies nie altyd die inhoudelike en vormlike kenmerke van propaganda skei nie, maar dit saam aanbied as algemene kenmerke van propaganda.

In die samestelling van die linguistiese eienskappe van propaganda soos in Tabel 2 aangedui word, bestaan die eerste kolom uit die inhoudelike eienskappe van propagandatekste soos aan die einde van afdeling 2.3.1 geïdentifiseer is. Sommige linguistiese eienskappe kan afgelei word vanuit bronne met ’n nie-linguistiese fokus en ander eienskappe kom weer in bronne met ’n nie-linguistiese fokus voor wat ’n afdeling oor propagandataal insluit. Taaleienskappe uit hierdie tipe studies word in kolom 2 gegroepeer. Studies met ’n linguisties-spesifieke fokus word in kolom 3 aangedui. Kolom 4 sluit linguisties-spesifieke eienskappe in wat reeds in vorige studies op ’n leksikale vlak geïdentifiseer is.

Wat duidelik in tabel 2 se sintese na vore kom, is hoe ongestruktureerd en oorvleuelend die linguistiese kenmerke van propaganda vertoon. Verder staan die min linguistiese eienskappe van propaganda uit wat op ’n baie spesifieke, gedetailleerde taalvlak aangedui word, wat duideliker na afloop van die studie gedefinieer kan word. Verskillende terme word dikwels vir die geïdentifiseerde propaganda-eienskappe gebruik, selfs al dui dit op dieselfde betekenis. Sinonieme word daarom in die sintese bymekaar geplaas en met ’n //-teken afgeskort.

Tabel 2: Sintese van die linguistiese elemente wat as kenmerkend van propaganda beskou word in die reeds bestaande literatuur

NIE-LINGUISTIES	**LINGUISTIESE EWEKNIE (NIE-LINGUISTIESE BRONNE)**	**LINGUISTIESE EWEKNIE (LINGUISTIESE BRONNE of MET LINGUISTIESE AFDELING of VERWYSING**	**LINGUISTIES-SPESIFIEK**

Etikettering (Miller, 1937:210-217)	Oordrywing (2012:308) [soortgelyk aan etikettering] kanaliseer aggressie na teikengroep (Doob, 1950:440; Miller, 1937:216)
	
	Innuendo (Jowett & O'Donnell, 2012:308) kanaliseer aggressie na teikengroep (Doob, 1950:440) // defleksie
		Semantiek in magsituasie (Mesthrie, 2012:321-322):
		• Eufemisme (Bolinger, 1980:118)
		  • Gambrill (2012:309, 315) verwys ook na die plek van eufemisme en sinekdogee (sinekdogee – miskien soortgelyk aan leksikale verharding? En slagspreuke?).
		• Disfemisme (Bolinger, 1980:89-90, 119)
		  • Misbruik van etikette (Gambrill, 2012:309-310)
		• Mistifikasie (Bolinger, 1980) // Rasionalisering van begrippe (Wasburn, 1992:86) // Gebruik van pseudo-tegniese jargon (Gambrill, 2012:304-305) // Woordspel (Boardman, 1987:79)
		
		Misbruik van etikette (as metode om te deflekteer) (Gambrill, 2012:309-310)
			Bolinger (1980:77):
			
			Beskrywingsadjektiewe: *eufemisme en disfemisme*
			
			Beskrywingsnaamwoorde: Bevooroordeling (disfemisme)
			• Nasionale vorme (1980:79)
			
			• Kollokasies – soortgelyk aan leksikale verharding
			
			Werkwoorde: minste ontvanklik vir vooroordele (1980:80)

Simboliese oordrag (Miller, 1937:210-217) (ook Doob, 1950:434)	Verbale simbolisering (2012:308) [soortgelyk aan polarisering] kanaliseer aggressie na teikengroep (Doob, 1950:440)	Skep van assosiasies en konnotasies (Mesthrie, 2009:323) // (Jowett & O'Donnell, 2012:8) • Leksikale verharding (Ehlich, 1989 soos na verwys deur Mesthrie, 2012:323) // Sinoniem: *semantiese manipulasie* (Mesthrie, 2009:323)	

		• herdefiniëring van begrippe (Wasburn, 1992:86) • *Newspeak* (Orwell, 2008:312-313; Gambrill, 2012:298, 301; vgl. Moran, 1979:181 se redenasielyn deur na Wittgenstein, 1953; 1961; 1967 te verwys) • Skuif van terme se definisies (Gambrill, 2012:298) • invloed van semantiese skakels en aanduidende effekte (*cueing effects*) (Gambrill, 2012:314) (polarisering) o *ook metafore – dink in uiterstes bv. goed/sleg ens.* • Misleidende of skadelike metafore (Gambrill, 2012:307-309) ook Bolinger (1980:138-155) o Highlighting and hiding Lakoff en Johnson (1980:10-13)	
Onder- en oorbeklem-toning (Miller, 1937:210-217) (*Card stacking*)	Herhaling (Doob, 1950:435; Goebbels soos aangehaal deur Trevor-Roper, 1987:xx; Hitler, 1992:15, 164, 165, 167) Frases of slagspreuke (Doob, 1950:435)	Herhaling (Mesthrie, 2009:323) en (Gambrill, 2012:315-316) Misleiding (Boardman, 1978:80) se definisie wat dui op propaganda se misleidende aard (vlak een): “Propaganda is that language ... which enforces a false doctrine or serves a false ideology”) Beklemtoning: tydsperspektiewe (Black, 2001:134) Vae terme (Gambrill, 2012:310-311)	Black (2001:133) verduidelik die omvang van die kenmerk soos volg: Die gebruik van onvasgestelde of selfs onvasstelbare, abstrakte selfstandige naamwoorde, adjektiewe, adverbia en fisiese representasies eerder as empiriese betroubaarheid om waarhede, gevolgtrekkings of indrukke vas te stel.

			"vae kwantitatiewe begrippe" (Gambrill, 2012:310-311)
Massa-gedrewenheid (Miller, 1937:210-217) // Groepsnorme (Jowett & O'Donnell, 2012:301)			
Emosies (Jowett & O'Donnell, 2012:304, 308; Miller, 1937:216; Boardman, 1978:78; Goebbels soos aangehaal deur Trevor-Roper, 1987:xx; Herzstein, 1979:18; Hitler, 1992:164; Moran, 1979:183)	Emotiewe taal (Jowett en O'Donnell, 2012:308)	Emotiewe taal (Mesthrie, 2009:323; Boardman, 1978:81-82; Gambrill, 2012:305-307)	
Akkurate informasie, maar ook leuens (Doob, 1950:428)	Nabootsing van wetenskapsdiskoers (Bodi, 1995:24)	Emotiewe en informatiewe strategieë (Boardman, 1978:81-82; Gambrill, 2012:303-304)	

		Vereenvoudiging (Mesthrie, 2009:323) // (vgl. Black, 2001; Gambrill, 2012)
		• Vooraf-verteerde denke, oorvereenvoudiging (Gambrill, 2012:301-302)
		• Polarisering (Boardman, 1978:79) // Vaste siening oor mense (Black, 2001:132)	

		• ’n Vereenvoudiging van die realiteit tot oorsaak-gevolg-verhoudings wat ’n meervoudige kousaliteit van gebeure ignoreer (Black, 2001:134)	

Ten einde hierdie lys makliker verstaanbaar en werkbaar uiteen te sit en saam te stel, word tabel 3 aangebied deur oorvleuelende eienskappe onder een eienskap saam te trek en ook deur bronverwysings soos in tabel 2 aangedui is, vir eers weg te laat. Die eienskappe wat bymekaar pas word van links na regs oorkant mekaar geplaas.

Tabel 3: Werkbare sintese van die linguistiese elemente wat as kenmerkend van propaganda beskou word in die reeds bestaande literatuur

NIE-LINGUISTIES	**LINGUISTIESE EWEKNIE (NIE-LINGUISTIESE BRONNE)**	**LINGUISTIESE EWEKNIE (LINGUISTIESE BRONNE) of MET LING-AFDELING of VERWYSING**	**LINGUISTIES-SPESIFIEK**
Etikettering	Oordrywing Innuendo // defleksie	Semantiek in magsituasie • Eufemisme • Disfemisme • Mistifikasie // Rasionalisering van begrippe // Gebruik van pseudo-tegniese jargon // Woordspel Misbruik van etikette	Beskrywingsadjektiewe Beskrywingsnaamwoorde - Nasionaliteit - Kollokasies Werkwoorde
Simboliese oordrag	Verbale simbolisering	Skep van assosiasies en konnotasies • Leksikale verharding // *semantiese manipulasie* • herdefiniëring van begrippe • Newspeak • Skuif van terme se definisies • Invloed van semantiese skakels en aanduidende effekte • Metafore	

Onder- en oorbeklem-toning	Herhaling Frases of slagspreuke	Herhaling Misleiding Tydsperspektiewe Vae terme	Onvasgestelde of selfs onvasstelbare, abstrakte selfstandige naamwoorde, adjektiewe, adverbia en fisiese representasies eerder as empiriese betroubaarheid “vae kwantitatiewe begrippe”
Massa-gedrewenheid // Groepsnorme			
Emosies	Emotiewe taal	Emotiewe taal	
Akkurate informasie, maar ook leuens	Nabootsing van wetenskaps-diskoers	Emotiewe en informatiewe strategieë	
		Vereenvoudiging • Vooraf-verteerde denke, oorvereenvoudiging • Polarisering // Vaste siening oor mense • Oorsaak-gevolg-verhoudings	

2.3.3 Bespreking

Soms word eienskappe van propaganda aangebied, wat as beide inhoudelik en vormlik sou kon dien, maar die toepassing is net verskillend en word daarom steeds as linguisties in die kolomme ingesluit. Deur die herhaling van dieselfde idees sover as moontlik te vermy, word dit duidelik dat verskillende literatuurbronne dikwels na dieselfde konsep verwys, maar deur verskillende terme wat verwarrend kan wees. Taaleienskappe kom vanuit verskillende soorte bronne sonder dat daar in die nie-linguistiese bronne ’n taalstudie gedoen is, of verwysings gemaak word na volledige taalstudies in hierdie verband nie. Die aantal taalspesifieke eienskappe van propaganda op ’n sintaktiese vlak (soos aangedui in die laaste kolom) is in die minderheid en groot leemtes bestaan waar vormlike verteenwoordigers op so ’n spesifieke vlak van taal nog nie aangedui of geïdentifiseer is nie. In Hoofstuk 6 sal ’n hersiene weergawe van kolom 2 aangebied word deur meer taaleienskappe op ’n spesifieke vlak te kan aandui.

2.4 Samevatting

Die verskillende definisies van propaganda bied uiteindelik ’n handige maatstaf om by die faktore uit te kom wat deel vorm van die wese van propaganda en tog gebruik kan word om verskillende

kommunikasievorme van mekaar te onderskei, veral deur te bepaal wat die ware doel van ’n teks is. Die doel van ’n teks vorm die kantelgrens tussen propaganda en nie-propaganda en kan daarom as die punt van onderskeid verstaan word. Indien hierdie doel tot die onmiddellike of uiteindelike voordeel van slegs die propagandis strek, word die teks as propaganda gegroepeer. Soms is dit moeilik om byvoorbeeld die doel van ’n oorredende teks as voordelig vir die ontvanger van die informasie sowel as die outeur te beskou. Op ’n mikrovlak is daar dus tog ’n etiese element en oordeel wat intree: word die doel op ’n selfsugtige manier bepaal en nagestreef, of om ’n waarlik goeie uitkoms vir die ontvanger van die informasie te bewerkstellig?

As hulpmiddel om die doel te bepaal word die soort informasie wat ingesluit is in ’n teks ook oorweeg: hoe word informasie, waninformasie en disinformasie ingespan om ’n bepaalde doel te bereik? Propaganda kan dan ook as witpropaganda, gryspropaganda of swartpropaganda ingedeel word op grond van die informasie se waarheidsaard en of die outeur bekend is of nie. Sekere propagandategnieke vertoon ook die naby verbintenis tussen die nie-linguistiese en die linguistiese kenmerke van propaganda. Ten einde word Suid-Afrika se agtergrond en die Nkandla- en Gupta-situasie ’n gepaste hulpmiddel om die navorsingsproses te fasiliteer.

Propaganda is al op verskillende maniere ontleed en voorgestelde hulpmiddele is op ’n nie-talige en talige wyse as maatstaf voorgestel om te bepaal of iets propaganda is of nie. Met behulp van ’n eenvoudige, inhoudelike manier van onderskeid tesame met taalhulpmiddele wat vir seker as kenmerkend van propaganda aangedui kan word, word die taak om te bepaal of ’n teks propaganda is of nie, algaande al hoe makliker.

Deur eers op die nie-linguistiese eienskappe van propaganda in afdeling 2.2 te fokus, kan ’n model in Hoofstuk 3 saamgestel word aan die hand waarvan ’n teks inhoudelik geanaliseer en as nie-propaganda of propaganda gegroepeer kan word. Hierdie stap is belangrik om sodoende die nie-linguistiese (inhoudelike) en die linguistiese (vormlike) van mekaar te skei sodat taal nie deel vorm van die identifiseringsproses van ’n teks en ’n verkeerde werkswyse tot sirkelredenasie lei nie. Die model help die navorser oor die algemeen om tekste konsekwent en betroubaar te hanteer as propaganda of nie-propaganda. Wanneer ’n linguistiese analise later gedoen word, is die tekste reeds as propaganda en nie-propaganda ingedeel, wat dit moontlik maak om hierdie teksgroepe te vergelyk en sodoende die nie-propagandateksgroep as kontrole te gebruik.

Na afloop van ’n inhoudelike analise van beide die teksgroepe, kan die linguistiese aspekte wat in afdeling 2.3 vanuit die reeds bestaande literatuur geïdentifiseer is, uitgebou word tot ’n volledige model en teoretiese begronding in Hoofstuk 4. Kennis van die nie-linguistiese eienskappe van beide die propaganda- en nie-propagandatekste is ook van hulp wanneer die taalteoretiese stukke in Hoofstuk 4 gekies moet word, aangesien die linguistiese eienskappe as vergestalting van die nie-linguistiese eienskappe in die tekste optree.

Hoofstuk 3 –

Nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel

3.1 Inleiding

Anders as vorige studies oor die linguistiese eienskappe van propaganda word daar in hierdie studie eers ’n nie-linguistiese (inhoudelike) analise gedoen waarvolgens tekste as propaganda of nie-propaganda geklassifiseer kan word. Dit is nie altyd duidelik hoe propagandatekste in vorige studies as sodanig geklassifiseer is nie. Indien taal een van die maniere is waarvolgens ’n teks as propaganda geklassifiseer word, is dit moontlik dat sirkelredenasie plaasvind wanneer die linguistiese eienskappe van propaganda bepaal word. Met behulp van ’n nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel kan die navorser konsekwent werk om ’n teks betroubaar te klassifiseer as propaganda of nie-propaganda. Die model kan ook help om die moontlikheid van sirkelredenasie te bestuur deurdat linguistiese faktore nie gedurende die identifiseringsproses gebruik word net om weer linguistiese afleidings van propaganda te maak nie. ’n Afsonderlike stel ontledingswerktuie is daarom nodig om so nie-linguisties (inhoudelik) as moontlik te werk om tekste as propaganda of nie-propaganda te identifiseer en groepeer waarna ’n linguistiese (vormlike) ontleding op beide groepe uitgevoer word.

Die stel geselekteerde ontledingswerktuie (of -faktore) vorm saam die onderliggende vertrekpunt vir die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel en is gebaseer op: die vlakke van interpretasie binne propaganda wat die doel van propaganda insluit (vgl. Hoofstuk 2) en reeds bestaande propaganda-analiseringsmodelle. Die narratologie word verder as ’n stel teoretiese beginsels gebruik om as oorbrugging tussen die linguistiese en die nie-linguistiese van ’n teks te dien.

Deur inhoudelike propagandategnieke te verstaan as tegnieke wat ingespan word om die leser te mislei om uiteindelik ’n doel te bereik wat hoofsaaklik voordelig is vir die propagandis, kan die doel van ’n teks as bepalende kriterium beskou word vir of ’n teks propaganda is al dan nie. Soortgelyk aan die narratologie is kontekstuele kennis nodig van gebeure en persone om ook te kan bepaal hoe die outeur van ’n teks met informasie omgaan.

Die kontekstuele faktore wat gemeet moet word om korrekte afleidings van propaganda te maak, word vervolgens uiteengesit. Die konteks waarbinne ’n teks geproduseer en gepubliseer word, moet telkens bepaal word om sodoende die proses wat aanleiding tot die spesifieke teks gegee het, te verstaan. Sodoende kan die betekenis van die teks korrek geïnterpreteer word. Die belangrikheid om die konteks waarbinne ’n teks en meer spesifiek propaganda voorkom, te bepaal, word deur Gambrill (2012:275) beklemtoon wanneer sy konteks as ’n propagandis se vyand benoem. George (1959:111) verduidelik dat om ’n propagandis se ware bedoelings vas te stel, drie verskillende indelings van die konteks as hulpmiddel gebruik kan word.

Hiérdie drie afdelings bestaan uit: 1. die kommunikasiekonteks – die sintaktiese, linguistiese en strukturele faktore van kommunikasie; 2. die situasionele of historiese konteks – wie sê wat, aan wie en onder watter omstandighede; 3. gedragskonteks: die instrumentele aspek van die kommunikasiestuk (dus die spreker se doel) en die verhouding van die kommunikasiestuk teenoor ander gedrag van die spreker en van die persone wat met hierdie spreker geassosieer word. Die drie afdelings word in die studie onderskeidelik vervat in die talige analise van propaganda en faktore 1 en 2, agtergrondinligting en gebeurtenis, van die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel wat aanleiding tot die doel van ’n teks kan gee. Die belangrikheid om die konteks waarbinne propaganda voorkom te bepaal, word verder deur George (1959:111) verduidelik: propagandakommunikasie het altyd ’n agtergrond wat die betekenisse beïnvloed wat die spreker kies om oor te dra. Die spreker

weet ook dat hierdie agtergrond deur ander in berekening gebring sal word wanneer die ontvanger van die boodskap verstaan wat deur die spreker gesê is.

Wanneer die ontleder met behulp van afwykings tussen die waarheid en die geïnterpreteerde waarheid kan onderskei, kan die ontleder bepaal of die doel van die aangewese teks tot voordeel van die propagandis is, of nie. Om die verskille of afwykings te toets kan twee vrae gevra word: Is daar ’n oproep tot handeling of geen handeling (vgl. Ellul, 1965:6; Gambrill, 2012:6; Jowett & O’Donnell, 2012:7)? Wie is die begunstigdes (vgl. Jenkins, 2014:1; Jowett & O’Donnell, 2012:7)?

Wanneer die doel duidelik tot voordeel van slegs, of grotendeels die propagandis is, word die teks as propaganda beskou (Jowett & O’Donnell, 2012:3, 7, 29). Indien die doel van die teks nie slegs tot voordeel van die propagandis is nie, kan die teks as kommunikasie sorteer word wat aan die eise van die individuele kommunikasietipe voldoen, byvoorbeeld ’n oorredende of akademiese teks. Die gebruik van kontekstuele agtergrond wat oploop tot ’n doel van ’n sekere teks word verder in reeds bestaande propagandamodelle bespreek.

3.2 Reeds bestaande propagandamodelle

In hierdie afdeling word die verskillende komponente of afdelings bespreek waaruit die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel saamgestel is. Eers word soortgelyke komponente uit die bespreekte modelle uiteengesit waarna verdere verwysings uit die literatuur bygetrek word. Die belangrikheid van elke afdeling word telkens aangedui. Die volgorde van die besprekingsindeling word in ooreenkoms met stappe gedoen wat uitendelik van die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel sou kon deel uitmaak. Eers word Jowett en O’Donnell (2012) se propaganda-analiseringsplan wat uit tien stappe bestaan, bespreek, waarna Black (2001) se ses stappe waarvolgens propaganda opgestel en verstaan kan word, volg. Hierna word die Verenigde State van Amerika se SCAME-benadering (PSYOP, 2003) om propaganda te ontleed, verduidelik, en waarna George (1959) se uiteensetting om die verskillende komponente van ’n propaganda-analise-afleiding en die verhouding tussen hierdie komponente voor te stel, bespreek word.

3.2.1 Jowett en O’Donnell (2012) se tienstap-propaganda-analiseringsplan

Vanuit hierdie model word stap 2 en stap 10 bespreek as verteenwoordigend van kontekstuele elemente tydens die analiseringsproses van propaganda.

Stap 2 van die propaganda-analiseringsplan: konteks

Om suksesvol te wees, moet propaganda by die ingesteldhede asook die klimaat van die tyd aangehaak word (Jowett & O’Donnell, 2012:292). Die propaganda-analis moet bewus wees van gebeure wat plaasvind en van die propagandis se interpretasie daarvan (Jowett & O’Donnell, 2012:292). Deur van ’n mitiese figuur gebruik te maak, kan ’n bepaalde idee oorgedra word (Jowett & O’Donnell, 2012:292). Die mitologie van Amerikaanse populisme is gebaseer byvoorbeeld op ’n klassieke en goeie held soos Abraham Lincoln wat van eenvoud tot ’n prokureur en later tot die Withuis uitgestyg het (Jowett & O’Donnell, 2012:292).

In die geval van die studie is dit moontlik om deur middel van ’n sosio- en politieshistoriese asook sosio- en politiesteenswoordige konteksbepaling soortgelyke figure binne die Suid-Afrikaanse konteks te identifiseer. ’n Voorbeeld van belangrike mitiese figure wat in Suid-Afrika ’n positiewe of negatiewe rol tot voordeel van die propagandis kan speel, is onder meer: Nelson Mandela en moontlik selfs Jacob Zuma, apartheidsfigure as teenstelling of selfs bepaalde partye wat op ’n mitiese wyse as die gesig van vryheid voorgehou word.

Stap 10 van die propaganda-analiseringsplan: gevolge en evaluering

Die belangrikste gevolg is of die doel van propaganda vervul is en indien die algehele doelwit nie bereik is nie, of spesifieke oogmerke wel bereik is (Jowett & O'Donnell, 2012:306). Indien propaganda nie suksesvol was nie, moet die analis die redes hiervoor ook opspoor (Jowett & O'Donnell, 2012:306). Dit is ook belangrik om kennis te neem van die betrokke organisasie se groei, alhoewel die propagandis versigtig moet wees aangesien die propagandis nie altyd akkurate inligting rondom byvoorbeeld die getal lede en bydraes en dies meer gee nie (Jowett & O'Donnell, 2012:306).

Soms kan die gevolge van propaganda as wysigings in die hoofstroomgemeenskap waargeneem word deur onder meer te kyk of die propagandis se taal en gedrag in ander kontekste aangeneem word (Jowett & O'Donnell, 2012:306). Saam met die bereik van doelwitte is dit ook belangrik om die maniere waardeur die doelwitte aangeneem is te bepaal deur byvoorbeeld die media wat gekies is, die verskillende boodskaptegnieke, die moontlikheid van die propagandis se manipulering van konteks en die omgewing, die rede vir die uitkomste soos dit is en of die uitkomste enigsins deur die propaganda beïnvloed is (Jowett & O'Donnell, 2012:306).

Om die gevolge van propaganda te kan waarneem, is dit belangrik vir die analis om kennis te dra van hoe die aanvanklike konteks waarbinne die propagandastuk geskep is, gelyk het. Sodoende kan die analis die teenswoordige konteks evalueer om juis die verskille te kan waarneem wat reeds deur die propaganda meegebring is. In die studie is dit moontlik 'n uitdaging om die verandering van gebeure as 'n té groot steunpunt vir die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel te gebruik, aangesien 'n akkurate afleiding afhanklik is van 'n deeglike historiese studie oor die strekking van die Nkandla- en staatskaping-sage. Tog word 'n tydlyn gebruik om die basiese veranderinge te volg en afleidings te kan maak.

Die volgende moet ook in gedagte gehou word wanneer 'n kontekstuele analise gemaak word. Om uiteindelik die bedoelde betekenis en die spreker se doelwit met propaganda te identifiseer, beklemtoon George (1959:110-111) die belangrikheid om aan nie-inhoudelike kontekstuele faktore aandag te skenk.

Deur beide die situasionele konteks, naamlik die direkte konteks van gebeure, asook die groter, historiese konteks in ag te neem, word heelwat inligting blootgelê. Hierdie inligting help die analis om die betekenis wat 'n propagandis wil oordra, te bepaal:

> Propaganda communications always have a setting which influences the meanings the speaker chooses to convey and which, he knows, others will take into account in arriving at an understanding of what he has said. All three components of any act of communication – *who* says it, to *whom*, and under *what circumstances* – comprise the most important elements of the historical or situational context. (George, 1959:111)

Die konteks waarteen 'n bepaalde handeling afspeel, bestaan hoofsaaklik uit die volgende twee hoofkomponente: komponent A wat die ware gebeure en die ware rolspelers by die saak of gebeurtenis insluit, teenoor komponent B wat die geïnterpreteerde gebeure en rolspelers insluit. Komponent B kan daarom as die gedragskonteks (George, 1959:111, 119) beskou word aangesien daar waar kommunikasie plaasvind, 'n verdere dimensie intree, naamlik dat feite geïnterpreteer en selektief aangebied kan word. Komponent A sou met die ideasionele metafunksie en komponent B met die interpersoonlike metafunksie vergelyk kon word.

Om uiteindelik die doel van die teks te bepaal, moet die aanvangstoestand wat die ware gebeure en die ware rolspelers insluit, vergelyk word met die uitgespeelde inligting wat as "waarhede" aangebied word – byvoorbeeld, wat het van die aanvang van 'n voorval of 'n gebeurtenis verander tot en met die tyd wat die propagandameting gedoen word? Wat is die diskrepansie tussen die waarhede en hoe word hierdie waarhede op 'n geïnterpreteerde wyse in tekste aangebied? Hierdie metode word gewoonlik gebruik om die geslaagdheid van propaganda te bepaal. In hierdie studie word die vergelykende metode wel gebruik om by die uiteindelike doel van die propaganda uit te kom – wie is inderwaarheid deur die propaganda bevoordeel? Of wie poog om voordeel uit die oorhoofse gebeurtenis te trek?

Voordat propaganda vervaardig word, vind interpretasie op vier vlakke plaas: 1. die propagandis se interpretasie van die gebeure; 2. die publiek se interpretasie van gebeure; 3. die propagandis se interpretasie van die publiek se interpretasie van gebeure (vgl. Jowett & O'Donnell, 2012:292); en 4. die selfgeskepte interpretasie (soos ondersteunend van die propagandis se ideologie) wat tot voordeel van die propagandis is wanneer die teikengehoor hierdie interpretasie van die propagandis self opneem. Die propagandis kan hom- of haarself dus afvra hoe die publiek se belewenis en interpretasie van gebeure – binne die konvensionele raamwerk van daardie gemeenskap – tot sy of haar (die propagandis) eie voordeel gebruik kan word (vgl. Jowett & O'Donnell, 2012:292). Wanneer die propagandis die teikengroep se interpretasie van die gebeure geïnterpreteer het, skep die propagandis so akkuraat as moontlik die propaganda om by die teikengehoor se interpretasie van gebeure aan te sluit en die propagandis se selfgeskepte interpretasie van die gebeure op die teikengehoor af te druk (George, 1959:48).

Teen die agtergrond van hiérdie proses is dit daarom belangrik om eers die feitelike van die geïnterpreteerde waardes te onderskei om sodoende die ware doel van die propagandis vas te stel.

> The assessment of contextual factors in the two inferential processes tends to coincide in part because much of the situational context (who says it; to whom; under what circumstances) relevant to establishing the precise intended meaning of the speaker's words may be relevant also to establishing his purpose. (George, 1959:118)

Die twee afleidingsprosesse vind gelyktydig plaas en behels die aflei van 'n spreker se bedoelde betekenisse en die aflei van die doel of doelwitte (George, 1995:116).

3.2.2 Black (2002) se ses stappe om propaganda op te stel (en aan die hand waarvan propaganda volgens hom gemeet kan word)

Black verwys in sy voorgestelde ses stappe waarvolgens propaganda gemeet kan word nie direk na "konteks" nie, maar die stappe kan nie anders as om daarteen gelees en geïnterpreteer te word nie. Agtergrondkennis van die spesifieke situasie en die historiese plasing van daardie situasie is nodig om die volgende afleidings te maak. Eers word die stap gegee waarna die waarde van kontekstuele inligting uitgewys word.

1. *<u>Daar word swaar of onnodig staatgemaak op outoriteitsfigure en woordvoerders eerder as op die empiriese om waarhede, gevolgtrekkings of indrukke te bepaal.</u>*

Die propagandis het deeglike kennis van die outoriteitsfigure en woordvoerders nodig wat die nodige impak op die teikengehoor sal hê, selfs 'n groter impak as die feite wat rondom 'n situasie bestaan. Vir die propagandis om hierdie inligting te bekom, moet 'n deeglike studie van die teikengehoor se

konteks gedoen word, wat hulle behoeftes is, en dies meer. Hierdie inligting kan onder meer bekom word deur die situasionele konteks te bepaal.

2. *Die inwerkingstelling van ongegronde en onbevestigbare abstrakte naamwoorde, byvoeglike naamwoorde en bywoorde, asook fisiese representasies eerder as die empiriese om sodoende waarhede, gevolgtrekkings of indrukke te bepaal.*

Hierdie stap kan eintlik weggelaat word aangesien dit linguisties is, maar word volledigheidshalwe nogtans ingesluit. Om die teendeel van die empiriese te bepaal, moet die kontekstuele feite eers vasgestel word. Met behulp van die nie-linguistiese model kan die tipes informasie en ander inhoudelike aspekte in die tekste bepaal word, wat die agtergrond skep om later in die studie vas te stel hoe moontlike linguistiese eienskappe ingespan word om die betrokke inhoudelike eienskappe van propaganda in taal uit te druk. Wat die linguistiese elemente wat gebruik word om bepaalde representasies te skep, betref, moet hierdie elemente eers weggelaat word by die oorweging van wat by die nie-linguistiese identifiseringsmodel ingesluit moet word.

3. *'n Gefinaliseerde of vaste beskouing van mense, instellings en situasies wat verdeel word in inklusiewe kategorieë van in-groepe (vriende) en uit-groepe (vyande), oortuigings en verworpe sieninge en situasies wat in geheel aanvaar of verwerp word.*

In die geval van die bostaande stelling is dit weereens belangrik om kontekstuele inligting rakende wie die "in-" en die "uit"-groep verteenwoordig, te bepaal, waarvolgens kategoriserings en stereotipes en dies meer vasgestel is en waarvolgens die konvensionele reëls deur die propagandis saamgestel is. Soortgelyke inligting is van belang wanneer al drie die konteksraamwerke bepaal word: die sosio- en politieshistoriese, die sosio- en politiesteenswoordige, asook die situasionele kontekste.

4. *'n Redusering van situasies in eenvoudige en maklik identifiseerbare oorsaak-en-gevolg-verhoudings. Die meerledige kousaliteit van gebeure word geïgnoreer.*

Om die moontlikheid van gereduseerde oorsaak-en-gevolg verhoudings asook die vermyding van meerledige kousaliteit te bepaal, is kontekstuele inligting van die situasie nodig om juis hierdie skeefgetrekte weerspieëlings van die werklikheid te identifiseer. Weereens is dit nodig om op al drie kontekstuele vlakke kennis te dra van die spesifieke gebeurtenis asook die groter gebeurtenis wat aanleiding gee vir die ontstaan van propaganda binne 'n daardie konteks.

5. *'n Tydsperspektief wat gekarakteriseer word deur 'n oorbeklemtoning of onderbeklemtoning van die verlede, hede en die toekoms as onafhanklike periodes van mekaar eerder as 'n gedemonstreerde bewustheid van tydsverloop.*

Deur die situasionele konteks van die studie sover moontlik chronologies voor te stel, sal dit moontlik wees om enige diskrepansie raak te sien wat tydsverloop, sowel as oor- of onderbeklemtoning betref.

6. *'n Groter klem word op konflik geplaas eerder as op die samewerking tussen mense, instellings en situasies.*

Punt 6 kan in propaganda geïdentifiseer word en word ook vervat by beantwoording van inligting rakende al drie voorgestelde kontekste in die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel.

3.2.3 Die Weermag van die Verenigde State van Amerika se SCAME-benadering (PSYOP, 2003) om propaganda te ontleed

Die belangrikheid daarvan om ’n konteks te bepaal waarbinne propaganda geanaliseer word, kom ook duidelik in die SCAME-benadering voor. Alhoewel hiérdie model reeds 'n politiese kleur dra, is dit belangrik om in te sluit saam met meer “akademiese” of ouer modelle, aangesien die SCAME-benadering 'n voorbeeld is van 'n meer resente model wat in praktyk gebruik word.

Byna elkeen van die afdelings van hierdie model is op só ’n wyse ingedeel dat die bepaal van sekere inligting bydra tot ’n algehele bepaling van die konteks waarbinne die propagandastuk voorkom. Indien ’n propagandateks tydens ’n analise soveel inligting van die konteks waarbinne dit geskep is, verklap, word die belangrikheid om kontekstuele inligting deel van ’n propaganda-identifiseringsmodel te maak, des te meer belig.

Source analysis (Bronanalise): Wat is die ware bron?

1. Elements of the source:

    a. Actor:
    b. Authority:
    c. Author:

2. Type: White _____ Gray _____ Black _____

3. Credibility of each source element:

    a. Actor:
    b. Authority:
    c. Author:

Content analysis (Analise van Inhoud): Wat sê die propaganda? Wat poog die propaganda om die teikengehoor te laat doen?

1. Objective of the message:

2. Line of persuasion used:

3. Morale of the source:

4. Involuntary information in the message (news, opinions, and entertainment):

5. Biographical information (new leader, and so on):

6. Economic information:

7. Propaganda inconsistencies:

8. Intentions/agenda of the source:

9. Geographic information:

Audience analysis (Gehooranalise)

1. Apparent audience:

    a. Perception of the message:

b. Reason selected:

2. Ultimate audience:

a. Perception of the message:
b. Reason selected:

3. Intermediate audience:

a. Perception of the message:
b. Reason selected:

4. Unintended audience:

a. Perception of the message:
b. Reason selected:

Media analysis (Media-analise): Watter tipe media word gebruik en waarom?

1. Type: Radio _____ Television _____ Print (specific type) _____

Newspaper/Magazine _____ Internet _____ Other _____

2. Frequency:

3. Placement:

4. Place of origin:

5. Technical characteristics:

6. Method of dissemination:

7. Transmission mode:

Effects analysis (Analise van Gevolge): Wat is die impak wat hierdie propaganda het?

1. Methods used in analysis:

2. Impact indicators (direct and indirect):

3. Conclusions:

Elkeen van die bo-uiteengesette afdelings of vrae bied belangrike inligting om die konteks van byvoorbeeld ’n propagandateks volledig te bepaal. Wanneer die samestelling van die studie in ag geneem word, naamlik dat slegs tekste gebruik word, val die hele kontekstuele media-analise-afdeling weg. Net so verval die analise van gevolge-afdeling, aangesien hierdie afdeling nie binne die bestek van die studie val nie. Die inhoudsanalise en gehooranalise is uitgebreid en kan as vrae dien om onder meer die volgende kontekstuele afdelings breedweg te bepaal: 1. sosio- en politieshistoriese konteks; 2. sosio- en politiesteenswoordige konteks; en 3. situasionele konteks.

3.2.4 George (1959) se uiteensetting van die verskillende komponente van ’n propaganda-analise-afleiding en die verband tussen hierdie komponente voor te stel.

In George (1959) se studie van propaganda-analise word tekste nie geanaliseer nie, maar eerder die werkswyse waarvolgens propaganda tydens die Tweede Wêreldoorlog geanaliseer is. Deur hierdie

evaluering gebruik George (1959) reeds bestaande tegnieke om op ’n terugwerkende wyse onder meer vas te stel hoe afleidings deur propaganda-analiste tydens ’n propaganda-analise gemaak is. Die voorstelling of model dui veral die belangrikheid van konteks op verskillende vlakke aan wat vir die analis nodig is om ’n korrekte afleiding van propaganda te maak.

Kommunikasiekonteks:
Verhouding tussen inhoudsaanduider en sintaktiese, linguistiese en strukturele aspekte van die kommunikasie waarvan dit deel vorm. Hier kom iets van ’n verbintenis tussen inhoud en verteenwoordigende taalaspekte na vore.

Situasionele konteks:
Wie praat met wie onder watter omstandighede?

Gedragskonteks:
Onafhanklike tekens van die spreker se doel en die verhouding tussen wat gesê word en ander gedrag wat vertoon word deur die spreker of namens die spreker se organisasie.

Aangaande die kommunikasiekonteks soos deur George (1959) bepaal, is die linguistiese aard daarvan ’n probleem wanneer hierdie tipe konteks vir die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel oorweeg word. Die situasionele konteks word in die model ingesluit, aangesien die bepaling daarvan ’n goeie aanduiding vir die analis van die situasie bied waaroor die spesifieke teks handel. Aangesien die tekssamestelling binne hierdie studie oor ’n verloop van agt jaar strek, maak ek nie op gedragskonteks in die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel staat nie. Die rede hiervoor is aangesien die onafhanklike tekens van ’n spreker se doel en die verhouding tussen wat gesê word en ander gedrag wat vertoon word, volgens die navorser té tydgebonde is om sonder ’n deeglik en volledige historiese studie, kontekstueel betroubare afleidings te maak.

Die bostaande uiteensetting van die geselekteerde propaganda-analiseringsmodelle kan soos volg saamgevat word: Jowett en O’Donnell (2012), Black (2001), PSYOP (2003) en George (1959) se propaganda-analiseringsmodelle is juis opgestel vir die analisering van media wat reeds as propaganda geïdentifiseer is en nie vir die identifisering van propaganda nie. Vir die studie is ’n spesifieke model nodig om in die eerste plek op ’n konsekwente wyse te bepaal of ’n teks propaganda is of nie. Die analitiese modelle is waardevol, hoofsaaklik vir die volgende twee redes: 1. die modelle dui aan waarna analiseerders van propaganda moet kyk en maak sodoende belangrike inligting rondom die binnewerke van propaganda bekend wat weer op ’n introverse wyse gebruik kan word om in die eerste plek media as propaganda te identifiseer; 2. tesame met die algemene inligting wat hierdie modelle van propaganda bekend maak, word belangrike inligting rakende die talige aard van propaganda ook reeds aangedui.

Die modelle bied daarom ’n raamwerk vir die nie-talige, maar ook die talige deel van die studie. In die volgende afdeling is die nie-talige faktore van propaganda gebruik om ’n model saam te stel waarvolgens ’n teks, en selfs ander media, as propaganda of nie gesorteer kan word.

In die lig van reeds bestaande propagandamodelle, sou ’n propaganda-identifiseringsmodel, soos later voorgestel word, as oortollig kon voorkom. Deur te bepaal wat die verskil(le) tussen die reeds bestaande propagandamodelle en die voorgestelde propagandamodel is, kan die funksionele waarde van die voorgestelde propagandamodel duideliker aangedui word.

Waardevolle aspekte van die reeds bestaande modelle kan uitgelig word. By Jowett en O'Donnell (2012:292) se model word klem op die konteks geplaas. Die analis moet moeite doen om beide die politieshistoriese en teenswoordige konteks waarbinne die teks opgestel is, te verstaan. Om hierdie rede word aandag geskenk aan beide die apartheidstydperk asook die politiese konteks soos dit tydens die bestudeerde gebeure daar uitsien (vgl. Hoofstuk 1). In hierdie model word die belangrikheid van die doel van 'n teks beklemtoon en op watter vlakke die uitwerking of gevolge van 'n teks, geëvalueer en waargeneem behoort te word (Jowett & O'Donnell, 2012:306). Die doel van 'n teks vorm die hoofonderskeidspunt in die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel.

Met betrekking tot konteks dui George (1959:111, 119) die volgende twee hoofkomponente aan: komponent A wat die ware gebeure en die ware rolspelers by die saak of gebeurtenis insluit, teenoor komponent B wat die geïnterpreteerde gebeure en rolspelers insluit. Komponent B kan daarom as die gedragskonteks (sien George, 1959:111, 119) beskou word, aangesien daar waar kommunikasie plaasvind, 'n verdere dimensie intree, naamlik dat feite geïnterpreteer en selektief aangebied kan word. Die belangrikheid om 'n onderskeid te maak tussen die ware gebeure en hoe die outeur of propagandis die gebeure in die teks aanbied, kan as 'n vertrekpunt vir die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel gebruik word en word met behulp van die narratologie gedoen deur 'n onderskeid tussen storie en verhaal te tref. Dié onderskeid is van waarde aangesien die kerngebeure wat oorvertel word in die teks met behulp van die storie geïsoleer kan word vanuit die narratologiese "verpakking" van hierdie gebeure in die vorm van 'n verhaal. Die storie bied daarom 'n meer direkte, gestroopte weergawe van gebeure teenoor die verhaal wat die propagandis die kans gee om die storie volgens sy of haar voorkeur aan die leser te bied. 'n Beter begrip van die konteks gee die analis 'n beter idee van die propagandis se bedoeling (George, 1959:118).

Byna al Black (2002) se stappe in die propagandamodel vertoon iets van 'n vereenvoudiging of gereduseerde weergawe van die werklikheid en sluit soos volg by belangrike narratologiese begrippe aan. Stap 1 sou moontlik by karakters en/of katalisators in 'n teks kon aansluit. Stap 3 sluit direk aan by hoe karakters in 'n teks uitgebeeld word en stappe 4 tot 6 fokus op die manier waarop gebeure en kontekstuele inligting in 'n teks aangebied word. Laasgenoemde sou bepaal kon word met behulp van die onderskeid tussen storie en verhaal.

Die SCAME-benadering (PSYOP, 2003) lê klem op 'n volledige analise van die konteks waarbinne 'n propagandateks geskep is. Hierdie inligting sluit in dat die outeur van die teks vasgestel moet word, die tipe propaganda moet bepaal word en dat die doel tydens 'n inhoudelike analise bepaal moet word. Al hierdie elemente is belangrik in die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel. In die laaste afdeling van die model word die effekte of gevolge van die propaganda bepaal en daarmee saam die metodes wat in propaganda gebruik is. As deel van die nie-linguistiese propaganda-identifiserings-model kan metodes as propagandategnieke in 'n teks bepaal word om te toets of 'n teks korrek as propaganda geklassifiseer is.

George (1959) se uiteensetting van belangrike komponente in 'n propaganda-analise en die verhouding daartussen bied insigte rakende verskillende kontekste wat tydens 'n analise belangrik is en ondervang word deur op die handelinge en gebeure te fokus in die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel. Belangrike komponente wat in die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel aandag behoort te geniet, kan geïdentifiseer word. Die samestelling en funksie van hierdie model lyk anders as die reeds bestaande propaganda-analiseringsmodelle.

Die verskil tussen die reeds bestaande propaganda-analiseringsmodelle en die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel kan tematies soos volg verduidelik word.

Doel as bepalende faktor: Die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel gebruik soortgelyke analiseringselemente as die bespreekte propaganda-analiseringsmodelle, maar gebruik hierdie elemente, byvoorbeeld die konteks, tipe informasie wat ingesluit word en die ontvangers van propaganda, om tot by een bepalende faktor op te loop om ’n duidelike onderskeid tussen die verskillende kommunikasievorme te skep. Hierteenoor kan die reeds bestaande propaganda-analiseringsmodelle moontlik steeds wasig wees aangaande wanneer presies ’n teks nie propaganda is nie. Met ander woorde op watter punt van die propaganda-analise word ’n teks dan as nie-propaganda verklaar, indien enigsins.

Voorveronderstelling: Indien voorveronderstelling by die identifisering van propaganda betrek word of in berekening gebring word, kan dit wees dat ’n mate van subjektiwiteit by die navorser of analis intree wat weer moontlik ’n invloed op beoordeling van ’n teks kan hê. By die gebruik van die propaganda-analiseringsmodelle word tekste voor ontleding dikwels reeds as propaganda hanteer, alhoewel die tekste moontlik nie propaganda is nie. Deur tekste aan die hand van die voorgestelde nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel te toets, kan die navorser ’n meer objektiewe oordeel oor die aard van ’n teks vel.

Tyd: Propaganda word dikwels in omstandighede ontleed waar tyd ’n groot rol speel, byvoorbeeld in oorlogsituasies. Dit mag wees dat propaganda makliker in sulke situasies ontleed kan word. Deur eenvoudiger en met duideliker grenslyne die aard van ’n teks (of ander media) te bepaal as propaganda (wat wel vir analiseringsdoeleindes binne die bepaalde konteks ontleed moet word) of nie-propaganda (wat nie binne die bepaalde konteks geanaliseer hoef te word nie) hoef die analis nie deur die totale analiseringsproses te gaan wat irrelevante nie-propaganda-media betref nie. Na afloop van die geïdentifiseerde groep tekste kan die gedetailleerde analises gedoen word op slegs die relevante groep tekste. Die model dien dus as ’n sif tussen die magdom tekste wat analiste moet ontleed. Die ontleding is ook dan reeds gedeeltelik voltooi aangesien die identifiseringsfaktore met ontledingsfaktore oorvleuel.

Toeganklikheid: Sommige van die analiseringsmodelle is moontlik te kompleks vir algemene gebruik. Die voorgestelde model is relatief eenvoudig en kan dus deur die algemene mens op straat ook ingespan word. Aangesien daar nie moeilike en teoretiese taalelemente by die gebruik van die model betrokke is nie, is dit ook makliker verstaanbaar en toeganklik. Tog is dit steeds problematies dat ’n bepaalde hoeveelheid agtergrondkennis nodig is om die doel van ’n teks te bepaal. Die agtergrondkennis wat nodig is om die model te gebruik is egter meer haalbaar as byvoorbeeld Jowett en O’Donnell (2012) se analiseringsmodel.

Binne die bespreekte modelle kom die belangrikheid van ’n begrip van die gebeure, betrokke persone, spesifieke maniere van representasie en die uiteindelike motivering vir die saamstel van ’n teks binne ’n sekere konteks duidelik na vore. Die manier waarop die narratief van ’n teks gekonstrueer word, raak belangrik vir die propaganda-analis om ’n akkurate oordeel te vel oor wat die doel van ’n teks is en daarom of ’n teks propaganda is of nie.

Om ’n meer gestruktureerde uiteensetting vir analiseringsdoeleindes te vind, kan die narratologie gebruik word om die aanloop tot die vasstel van ’n teksdoel te bepaal. Elemente vir oorweging wat duidelik belangrik is, kan sistematies binne die narratologie ontleed word. Voorbeelde van hierdie

belangrike komponente behels gebeure as dit wat waarlik gebeur het teenoor gebeure wat op ’n sekere manier aangebied is, die karakters in ’n teks, die doel van die teks, soorte propaganda en propagandategnieke.

Teen die agtergrond van die metafunksies binne Sistemies Funksionele Grammatika met drie verskillende funksionele “lae” van taalrealisering en die keuse van ’n outeur uit ’n poel taalmoontlikhede (vgl. Hoofstuk 4), kan die narratologie as ’n stel teoretiese beginsels gebruik word om as oorbrugging tussen die linguistiese en die nie-linguistiese van ’n teks te dien.

3.3 Narratologie

Narratologie is die teorie van narratiewe, narratiewe tekste, beelde, spektakels en gebeure as kulturele artefakte wat ’n “storie vertel” (Bal, 1997:3). Die narratologie is nie beperk tot slegs literêre tekste nie, maar kan op enige, verhalende teks toegepas word. Du Plooy (1992:332) verduidelik dit soos volg: “Die narratologie werk met alle, en ook alle moontlike, verhalende tekste, ongeag die medium waarin die verhaal vertel word ...”.

Die narratologie kan as ’n strukturalistiese dissipline beskou word en is daarom handig om “op ’n wetenskaplike manier ’n sistematiese geheel van algemene uitsprake [te] stel, waardeur die strukturele kenmerke van alle verhalende tekste en ook alle moontlike verhalende tekste beskryf kan word” (Du Plooy, 1992:332). Die gebruik van die narratologie kan daarom ’n sistematiese manier bied om die eienskappe van ’n teksgroep, propaganda in hierdie studie en as kontrolegroep, nie-propaganda, bloot te lê. Verskillende wetenskapsvelde maak gebruik van die narratologie en kan deur letterkundiges, asook linguiste, gebruik word om taaltekste te bestudeer (Du Plooy, 1992:331).

Binne die Franse Strukturalisme is daar ook heelwat klem gelê op die naby verhouding tussen literatuur en taal, dus op die soortgelyke kenmerke wat taal en die narratologie op ’n strukturele vlak ten toon stel (Barthes, 1977:85; Du Plooy, 1986:152; Du Plooy & Viljoen, 1992:30). Volgens Barthes (1975:241) bestaan ’n narratief uit ’n groot sin, net soos enige verklarende sin soortgelyk is aan die buitelyne van ’n klein narratief: “... language never ceases to accompany discourse, holding up to it the mirror of its own structure – does not literature, particularly today, make a language of the very conditions of language?”

’n Verhaal kan op verskillende vlakke ontleed word, soortgelyk aan die talige ontleding van ’n sin (Barthes, 1975:242-243; 1977:85-86; Du Plooy, 1986:152). Linguistiek bied die strukturele analise vir ’n narratief aangesien linguistiek die noodsaaklikhede vir enige betekenissisteem aandui, naamlik die organisasie binne die sisteem (Barthes, 1975:85). Wanneer ’n sin op verskillende vlakke (foneties, fonologies, grammatikaal en kontekstueel) ontleed word, moet die hiërargiese verhouding tussen hierdie ontledingsvlakke in ag geneem word (Barthes, 1975:242). Die gevolg van hierdie verhouding is dat elke vlak se betekenis afhanklik is van die integrasie daarvan in ’n hoër vlak (Barthes, 1975:242).

Barthes (1975:242) onderskei (na aanleiding van Beneviste) tussen twee tipes verhoudings: verspreiding (wanneer die verhoudings tot dieselfde vlak behoort) en integrerend (wanneer die verhoudings twee vlakke omarm). Om ’n strukturele analise uit te voer is dit daarom eerstens nodig om tussen die verskillende vlakke van beskrywing te onderskei en die vlakke in ’n hiërargiese volgorde te plaas (Barthes, 1975:242). Barthes (1975:243) onderskei tussen drie vlakke van ontleding in ’n narratief: funksies, handeling en vertelling (vgl. Du Plooy, 1986:153). Hierdie vlakke word, net soos by taal, progressief geïntegreer: ’n funksie het slegs betekenis na aanleiding dat dit plaasvind in ’n algemene lyn van ’n karakter se handelinge (Barthes, 1975:243; Du Plooy, 1986:153). Hierdie

handeling ontvang sy uiteindelike betekenis wanneer dit vertel word en daarom tot ’n diskoers behoort met sy eie kode (Barthes, 1975:243; Du Plooy, 1986:153).

Aangesien ’n sisteem gedefinieer kan word as ’n kombinasie van eenhede behorende tot sekere bekende klasse, stel Barthes voor dat die eerste stap wat geneem moet word, is om die narratief volgens sy komponente of kleinste, narratiewe eenhede op te breek (Barthes, 1975:244). Die kriterium om hierdie narratiewe eenhede te identifiseer, is die betekenis of funksionele karakter van ’n sekere segment van die storie (Barthes, 1975:244). Om hierdie rede word die eenhede funksies genoem (Barthes, 1975:244). Barthes (1975:244) verduidelik dat ’n narratief slegs uit funksies bestaan omdat alles, hetsy meer of minder belangrik, op die een of die ander manier betekenis vertoon (vgl. ook Du Plooy, 1986:153).

Narratiewe eenhede is tot ’n groot mate afhanklik van linguistiese eenhede en mag moontlik soms met linguistiese eenhede ooreenstem, maar nie as ’n reël nie (Barthes, 1977:191). Funksies word in sekere gevalle deur eenhede groter as ’n sin voorgestel (groepe sinne van verskillende lengtes, selfs so groot as ’n werk in sy geheel) en ander kere weer deur eenhede kleiner as ’n sin (sintagma, ’n woord en selfs slegs deur sekere literêre elemente binne ’n woord) (Barthes, 1977:91). ’n Narratiewe eenheid kan daarom selfs die konnotatiewe behels (Barthes, 1975:246; 1977:91).

Die naby verhouding tussen die inhoudelike en die vormlike van taal bemoeilik die proses om die verskillende taalvlakke of metafunksies van mekaar te skei. Hierdie onderskeid is belangrik vir die studie aangesien tekste op ’n nie-linguistiese of inhoudelike wyse as propaganda- en nie-propaganda gegroepeer moet word waarna ’n linguistiese of tekstuele analise op beide hierdie groepe uitgevoer word. Deur van Barthes se narratologiese model gebruik te maak, kan hierdie onderskeid getref word aangesien die inhoudelike en die vormlike vlakke afsonderlik van mekaar ontleed kan word. Die narratologie word reeds as hulpmiddel gebruik om mediatekste mee te analiseer (Prinsloo, 2009:204-253; Wigston, 2009:254-311).

Die verhouding tussen die narratologie en taal word ook mooi geïllustreer in die ooreenkoms tussen die metafunksies van taal en die indeling van Barthes se narratologiese vlakke: die *funksies* van ’n teks stem ooreen met die *ideasionele metafunksie* in dié opsig dat beide na bepaalde individuele stukke inligting verwys. Aangesien *handeling* volgens Barthes rondom karakters sentreer, stem handeling ooreen met die *interpersoonlike metafunksie* wat daarom op die interaktiewe aspek inspeel. Laastens kan *vertelling* met die *tekstuele metafunksie* ooreenstem as representasie op tekstuele vlak. Funksies en handelinge (met spesifieke verwysing na die karakters wat die handelinge uitvoer) kan daarom gebruik word om tekste inhoudelik te analiseer en hulle daarvolgens as propaganda of nie-propaganda te identifiseer waarna die vormlike analise gedoen kan word.

Binne Barthes se model kan in die breë tussen twee indelings onderskei word, naamlik hooffunksie(s) en indeks(e). Hooffunksies word geassosieer met eenhede van verspreiding en indekse word weer geassosieer met eenhede van integrasie (Du Plooy, 1986:154). Alhoewel Barthes hoofsaaklik na die strukturering van ’n sintagma verwys, word hierdie benadering op allegoriese wyse binne die studie hanteer aan die hand van die storie (fabula) en die verhaal (sjužet) soos binne die narratologie ondersoek word. *Storie* verwys na die “versameling gebeurtenisse soos wat hulle wedersyds inhoudelik in chronologiese en kousale verband tot mekaar staan” (Du Plooy, 2013). Die gebeure binne ’n literêre werk word dikwels a-chronologies aangebied teenoor die chronologiese aard van gebeure in die werklikheid (Du Plooy, 1986:105). Die *verhaal* is daarom die fabula wat op artistieke wyse ’n “eiesoortige ordening en aanbiedingswyse insluit” (Du Plooy, 1986:104; 2013). *Storie* is soortgelyk aan ’n hooffunksie en die res van die materiaal wat gebruik word om die *verhaal* uit te bou, word as indekse hanteer.

Binne die studie dien die herwinning van die fabula uit die sjužet as manier om die gebeure binne ’n teks op chronologiese manier te organiseer. Die res van die narratiewe eenhede wat as “verpakking” gebruik word vir hierdie chronologiese gebeure word op hierdie manier vir eers weggeneem en kan later afsonderlik bestudeer word. Dit is belangrik om die fabula te herkonstrueer om sodoende die handelinge en gebeure in die teks vas te stel om te bepaal wat die inhoud en gebeure is waarvolgens die teks ingerig is; die tema van die teks word daarom ook duideliker. Sodoende word daar ook informasie blootgelê wat teen die ware handelinge en gebeure getoets kan word vir feitelike akkuraatheid.

Aangesien katalisators, indekse en informante ooreenkomstige eienskappe reflekteer, naamlik dat hulle in verhouding tot die kardinale funksies of nukleï as uitbreidings dien, kan hulle rondom die nukleus as aanvullende materiaal ingedeel word (Barthes, 1977:97). Of soos Du Plooy (1986:155) dit stel: “Die ander eenhede brei hierdie raamwerk uit en is as’t ware die vlees op die skelet van die nukleus.” Hierdie indeling word in Figuur 1 uiteengesit.



Figuur 1: Skematiese voorstelling van die alternatiewe indeling van die verskillende elemente van ’n teks soos deur Barthes uiteengesit

Wanneer die kardinale funksies as hoofkomponente van die fabula geïdentifiseer is, kan die katalisators as soort funksie en die indekse ondersoek word om tot ’n verdere begrip van die inhoudelike van ’n teks te kom. Binne funksies is daar eenhede wat belangriker as ander eenhede is (Barthes, 1977:93). ’n Onderskeid kan daarom tussen kardinale funksies (ook genoem nukleï) en katalisators getref word (Barthes, 1977:93). Kardinale funksies is funksies wat bepalend in ’n narratief is en vir die verstaan van die verhaalverloop waarteenoor katalisators ’n aanvullende rol tussen hierdie kardinale funksies speel (Barthes, 1977:93; Du Plooy, 1986:154). Daar bestaan dus binne die twee hoofsoorte narratiewe eenhede, naamlik funksies en indekse, twee subsoorte van narratiewe eenhede (Barthes, 1977:93). Du Plooy (1986:155) bied ’n skematiese uiteensetting van Barthes (1975; 1977) se indeling van die tipes eenhede in ’n teks aan (sien Figuur 2).



Figuur 2: Skematiese voorstelling van die verskillende elemente in ’n teks soos deur Barthes uiteengesit (vgl. Du Plooy, 1986:155)

Die verhouding tussen ’n katalisator en ’n kardinale funksie is die van bloot ’n chronologiese verhouding (Barthes, 1977:94). Dit wil sê dat katalisators dikwels gebruik word om kardinale funksies chronologies te kontekstualiseer. Aan die ander kant het die verhouding tussen twee kardinale funksies ’n dubbele funksie aangesien dit op ’n chronologiese en logiese vlak funksioneel is soos in die fabula duidelik word (Barthes, 1977:94). Met ander woorde, katalisators is slegs opeenvolgende eenhede waar kardinale funksies beide opeenvolgend en oorsaaklik is (Barthes, 1977:94).

Katalisators speel by ontleding ’n belangrike rol aangesien hierdie funksies help met die chronologiese plasing van gebeure, maar ook deur die outeur of propagandis gebruik kan word om sekere temas binne ’n bepaalde lig aan die leser te stel. Byvoorbeeld, wanneer ’n sekere teks na Zuma se vorige “skandale” verwys waarby hy betrek word, word ’n raamwerk geskets waarbinne die gebeure of handeling waaroor op daardie stadium berig of na verwys word deur die leser geïnterpreteer moet word. Die outeur van nie-propagandatekste sou daarom katalisators as kontekstualisering kon gebruik teenoor die propagandis wat dieselfde sou kon doen, maar ook katalisators sou kon misbruik om lesers onakkurate afleidings te laat maak.

Indekse kan gebruik word om handelinge met betrekking tot die karakters wat daardie handelinge uitvoer, beter te verstaan. Binne indekse bestaan die onderskeid tussen egte indekse en informatiewe (Barthes, 1977:96; vgl. Du Plooy, 1986:155). Egte indekse wys na die karakter of narratiewe agent, ’n atmosfeer of ’n filosofie, waar informatiewe weer gebruik word om te identifiseer, en te plaas binne tyd en ruimte (Barthes, 1977:96).

Deur die karakters te verdeel en telkens die egte indekse en belangrike informatiewe van elke spesifieke karakter in die teks te identifiseer, kan heelwat rakende die manier waarop karakters aangebied word, geïdentifiseer word. Die outeur het die “mag” om sekere karakters positief uit te beeld en ander minder positief of, byvoorbeeld, in ’n heldeposisie teenoor ’n benadeelde posisie. Hierdie proses word gedoen deur veral van egte indekse gebruik te maak. Egte indekse kan ook deur een karakter binne ’n teks aan ’n ander toegeskryf word, wat daarom nie noodwendig direk met die outeur van die teks geassosieer kan word nie aangesien dit tegnies gesproke nie die verteller (of outeur) is wat daardie indeks met die karakter verbind het nie. In so ’n geval word egte indekse as *teks-interne indekse* aangedui. ’n Propagandis sou die gebruik van egte indekse op so ’n manier kon inspan om die doel van die teks te dien. Dit wil sê die propagandis kan sekere karakters en hul handelinge wat die propagandis se saak in ’n goeie lig plaas, met behulp van egte indekse laat goed lyk. Hierteenoor kan die propagandis enige opponerende partye ook met behulp van egte indekse sleg laat lyk.

Die verband tussen die taal- en letterkunde, en spesifiek die formaat waarop die narratiewe eenhede deur Barthes verstaan word, bied ’n belangrike vertrekpunt vir die feitelike ontleding van hierdie studie. Deur die fabula te identifiseer met behulp van kardinale funksies, kan die chronologiese gebeure se feitelike akkuraatheid en selfs tematiese relevansie geïdentifiseer word. In propaganda word daar dikwels selfs van korrekte feite gebruik gemaak, maar word kontekstueel só aangebied dat die ware stand van sake verdraai is. Deur die feitelike (gebeure, dus die kardinale funksies) van die kontekstuele (katalisators en indekse) te skei, kan die uiteindelike produk of teks vir betroubaarheid gekontroleer word.

Hierna kan die katalisators verder gebruik word om die chronologiese plasing van ’n teks te verstaan, maar ook die manier waarop ’n outeur of propagandis die karakters en gebeure wil raam. Verder kan veral egte indekse gebruik word om te verstaan hoe ’n propagandis sekere karakters op spesifieke maniere tot voordeel van die doel van die propagandateks beskryf en aanbied, asook hoe ’n outeur van nie-propagandatekste veral informatiewe gebruik om karakters se rol ten opsigte van mekaar aan

te bied. Met behulp van Barthes se narratiewe analise kan die besluite wat ’n outeur of propagandis uitvoer om ’n teks saam te stel op inhoudelike vlak ook verstaan word, teenoor die keuses wat die outeur of propagandis tot sy of haar beskikking gehad het, maar nie gebruik het nie.

Die inligting wat op inhoudelike vlak bestudeer word, bied as geheel genoegsame materiaal om die doel van die spesifieke teks so akkuraat as moontlik te bepaal as voordelig vir slegs die outeur (propaganda) of voordelig vir die outeur en die ontvanger van die inligting (nie-propaganda). Deur van die narratiewe model gebruik te maak, word die onderskeid tussen tekste as propaganda en nie-propaganda ook so objektief as moontlik deur die navorser hanteer.

Soos in afdeling 3.2 aangedui is, is sekere inhoudelike aspekte belangrik wanneer ’n teks geanaliseer word en, in hierdie geval, om te bepaal of ’n teks propaganda of nie-propaganda is. Die belangrikheid van konteks en ’n begrip van die gebeure kan uitgepak word deur die kardinale katalisators te identifiseer om sodoende die storie in ’n teks te identifiseer wat vergelykbaar is met die realiteit. Katalisators kan in hierdie verband ook van waarde wees deurdat die verteller of outeur se keuse van chronologiese kontekstualisering duideliker word. Die manier waarop karakters in ’n teks voorgestel is, kan binne die narratologie uitgepak en verstaan word met behulp van egte indekse en informante. Met behulp van inligting wat bekend is rakende die handelinge en karakters in ’n teks, kan die doel van ’n teks vasgestel word, wat die bepaler is vir of ’n teks nie-propaganda of propaganda is. Die feitelike akkuraatheid, en daarom die soort informasie in ’n teks, hang nou saam met hoe korrek handelinge en karakters in ’n teks aangebied word.

Deurdat die narratologie elkeen van hierdie belangrike komponente in ’n teks aanspreek en in meer detail toelig, word dit duidelik hoe die verskille lyk in nie-propagandatekste en propagandatekste wat die komponente betref. Op hierdie manier kan die inhoudelike eienskappe van propaganda spesifiek geïdentifiseer word, byvoorbeeld hoe ’n karakter voorgestel word wanneer ’n propagandis etikettering sou gebruik. Aangesien etikettering byvoorbeeld eerder deur egte indekse sou plaasvind, kan die linguistiese strukture nagegaan word wat binne Sistemies Funksionele Linguistiek ’n soortgelyke funksie vervul as moontlike vormlike verteenwoordiger.

3.4 Nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel

Met kennis van inhoudelike propaganda-eienskappe, soos deur reeds bestaande propaganda-analiseringsmodelle uitgewys is, en met die narratologie as ’n manier om gestruktureerdheid te bied in die proses om die doel van ’n teks te identifiseer, kan die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel soos volg saamgestel word. In hierdie afdeling word die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel uiteengesit waarna die model aan die hand van twee nie-propagandatekste en twee propagandatekste toegepas word. Die nie-linguistiese analises van die oorblywende ses nie-propaganda- en ses propagandatekste kan in ’n bondiger formaat in Bylaag A nagegaan word, en word weens ’n beperking in ruimte nie in die hoofstuk self ingesluit nie.

Nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel:

<u>VLAK 1 – HANDELINGE</u>

- storie vs verhaal
  - *kardinale funksies*
  - *katalisators*

VLAK 2 – KARAKTERS

- egte indekse (buite- en binne-teks)
- informatiewe

VLAK 3 – DOEL VAN TEKS

- voordeel vs nadeel
  - *slegs tot voordeel van die propagandis (propaganda)*
  - *tot voordeel van beide partye (nie-propaganda)*

VLAK 4 – FEITELIKE AKKURAATHEID

- tipe informasie
  - *informasie*
  - *waninformasie*
  - *disinformasie*

VLAK 5 – TIPE PROPAGANDA

- witpropaganda
- gryspropaganda
- swartpropaganda

VLAK 6 – PROPAGANDATEGNIEKE

- tegnieke (Institute for Propaganda Analysis)
- emotiewe of rasionele

Vlak 1 en vlak 2 dien saam as kontekstuele inligting. Die onderskeid tussen storie en verhaal in vlak 1 bied die analis die geleentheid om die volgorde van gebeure vas te stel voor ’n geïnterpreteerde weergawe daarvan deur die outeur of propagandis aangebied word. In vlak 2 kan egte indekse en informatiewe gebruik word om te verstaan hoe ’n outeur of propagandis karakters teenoor die leser uitbeeld. Egte indekse kan van buite die teks toegeken word, met ander woorde direk deur die outeur of propagandis of dit kan van binne die teks toegeken word, dit wil sê deur een karakter aan ’n ander binne die teks self. Dit is moontlik dat ’n propagandis meer op egte indekse kan staatmaak en ’n nie-propagandis eerder op informatiewe. Die rede hiervoor sou wees omdat ’n propagandis byvoorbeeld met behulp van tegnieke soos etikettering, sekere karakters sleg moet laat lyk om ander (die propagandis se kant) goed te laat lyk. Hierteenoor sou ’n outeur van ’n koerantberigte moontlik eerder probeer om die karakters in die teks so objektief as moontlik aan die leser te “informeer” tensy die outeur byvoorbeeld die leser teen iemand se optrede wil waarsku.

Teen die agtergrond van vlak 1 en vlak 2, kan die doel van ’n teks bepaal word. Met behulp van vrae soos: “Word ’n sekere groep opgeroep tot aksie of passiwiteit?” en “Wie is die begunstigde(s)?” Indien die laasgemelde vraag positief beantwoord kan word, kan vasgestel word of slegs die outeur en geassosieerde partye voordeel trek en indien wel, dat só ’n teks propaganda is. Indien die reaksie op ’n teks voordelig vir beide die outeur en die leser is, sou die teks as nie-propaganda gereken kon word. Ter bevestiging of ’n teks ingerig is om te mislei, kan die feitelike akkuraatheid van ’n teks sover as wat dit moontlik is, gedurende vlak 4 van die analise bepaal word. Word informasie korrek aangebied? Of is die outeur besig om waninformasie of disinformasie te gebruik om die leser ’n rat voor die oë te draai? Alhoewel informasie op nie-propaganda kon dui, kan informasie soms gebruik word in

propaganda om betroubaarheid vir ’n teks te bewerkstellig (sien prosesvlakke van propaganda in Hoofstuk 2).

Op grond van informasie rakende die propagandis en die soort informasie in ’n teks, sou propagandatekste verder op vlak 5 as ’n sekere soort propaganda geklassifiseer kon word: *witpropaganda*, *gryspropaganda* of *swartpropaganda.* In vlak 6 kan beide groepe tekste ondersoek word vir die teenwoordigheid van propagandategnieke. Indien daar wel propagandategnieke in die propagandatekste gevind word, dien die tegnieke as bevestiging van die teks se aard. Vlak 5 en vlak 6 dien daarom as kontrolerende stappe vir hoofsaaklik tekste wat reeds as propaganda met behulp van die model geklassifiseer is. Soms kan daar in ’n nie-propagandateks propagandategnieke gevind word en moet die tegniek verder ondersoek word, aangesien daar moontlike regverdigings kan wees, byvoorbeeld dat die tegniek in ’n bron se direkte woorde voorkom, maar indien daar nie verdere “regverdigings” hiervoor gevind kan word nie, moet die teks in geheel heroorweeg word.

3.5 Toepassing: Nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel

Die toepassing van die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel word aan die hand van twee tekste per teksgroepering gedoen. Die tekssoort, tekstitel en outeur word telkens aangekondig waarna die volledige teks en die nie-linguistiese (inhoudelike) analise van die teks volg. As deel van die analise word ’n bespreking per teks ingesluit waarna die volgende analise gedoen word.

3.5.1 TEKS 1: NIE-PROPAGANDA

Nie-propaganda: Zuma’s R65 million splurge (Rossouw, 2009)[4]

Zuma’s R65m Nkandla splurge

Mandy Rossouw 04 Dec 2009 07:17

President Jacob Zuma is expanding his remote family homestead at Nkandla in rural KwaZulu-Natal for a whopping price of R65-million—and the taxpayer is footing the largest chunk of the bill.

The expansion will turn the presidential homestead into a sprawling precinct that will include a police station, helicopter pad, military clinic, visitors' centre, parking lot with parking for at least 40 vehicles and at least three smaller houses that will serve as staff quarters.

See video footage of the development

Phase one of the project, comprising two houses, one of them a double-storey structure, and a guesthouse, is already under way.

Given that state money is involved, how future presidents will benefit from the development remains unclear.

Government insisted this week that it has no record of such a development and no hand in any of Zuma's personal property endeavours.

Shortly before the Mail & Guardian's deadline the presidency released a statement changing its tune. The statement reads: The Zuma family planned before the elections to extend the Nkandla residence, and this is being done at own cost. No government funding will be utilised for the construction work.

[4] Voorbeeldtekste is in hul oorspronklike vorm ingesluit en daarom is geen spel- of skryffoute gekorrigeer nie.

'Outside the perimeter of the Zuma household, a few metres from the house, the State is to undertake construction work in line with the security and medical requirements relating to Heads of State in the Republic. The security services have to construct accommodation facilities for their staff that attend to the President, erect a helipad to ensure safe landing for the Presidential helicopter and a clinic as per medical requirements."

Public works spokersperson Koketso Sachane said on Wednesday: 'Please note that there is no work or extension project taking place at President Jacob Zuma's homestead at Nkandla."

The presidency also claimed no knowledge of such a project, saying that Nkandla is Zuma's private home and therefore no business of the state.

It accused the M&G of 'setting out to embarrass the president" by publishing a story.

Further attempts to obtain comment from communications head Vusi Mona were futile.

On Thursday December 3 Mona promised to consult Zuma and get back to the M&G, but he did not respond to calls later in the day.

However, the M&G understands that a meeting to discuss the project was held at Nkandla on August 2, attended by the surgeon general, Vejay Ramlakan, and a representative of the department of public works.

Ramlakan, through his spokesperson, referred all queries to the presidency 'because it is happening at the president's homestead, so it is his matter to comment on".

When the M&G visited Nkandla last weekend, an earth-mover was excavating the ground next to the existing homestead to prepare for the construction of the initial phase of the project.

Two cement mixers and two water tanks were on site as well as construction offices where the architectural plans for the construction are kept.

About 12 construction workers were working overtime to ensure the project gets off the ground.

The site was devoid of company signage.

The contractor told the M&G the three new houses would cost R4,1-million and would be funded by Zuma in his personal capacity. However, this was only phase one of the project.

The total cost of the development will run to R65-million, according to sources closely involved with it. 'It is R65-million, but it will probably be more in the end. You know how it goes with building, the prices always go up and up," one said.

There is no time frame for the completion of the development.

The M&G understands part of the reasoning behind the mammoth extension is to enhance the homestead's capacity to host VIP guests and their retinues.

On election day this year former Nigerian president Olusegun Obasanjo—in the country as an election monitor—popped into Zuma's home after a helicopter flight. More of such visits are expected in the future.

A military source said there was also a need to extend the homestead's capacity to house Zuma's health and security staff, most of whom stay in Eshowe when Zuma is at Nkandla.

A source said: 'This is cumbersome in terms of response time, so the idea was to build a bigger facility to house all the support staff in Nkandla when the president is there."

The houses are apparently being built to accommodate two wives currently living at Nxamalala, MaNtuli Zuma and MaMbhija Zuma.

The complex already includes a house for his first wife, Sizakhele, built in 2000 shortly after he became deputy president.

Sizakhele uses the main house with various relatives, mostly women and children, who live in rondavel-type structures around her. A silver E-class Mercedes and a white Toyota Prado 4x4 are parked outside and serve as the first lady's transport.

During the corruption trial of Zuma's former financial adviser Schabir Shaik in 2004, the state produced evidence that alleged bribes flowing from French arms firm Thales helped finance the building of the homestead.

Zuma's last visit to Nkandla was in September according to a security guard, but he is expected to spend time there over the Christmas period.

He will then host the annual Christmas party for children and attend to the long queues of local people who line up outside to visit him and discuss issues pertaining to the village.

According to architectural plans shown to the M&G, the precinct will include a garden that will house ancestral graves. The area is due to be cordoned off by a brick wall which will make provision for only one entrance.

The two new main houses are kidney-shaped and contain his-and-hers bathrooms, formal living rooms, walk-in closets and a study.

One house contains four bedrooms, while the smaller has three.

Double-volume ceilings will be fitted to the homes, which will sport thatched roofs, in the same style as the current homestead, which is cordoned off by green palisade fencing.

The plans were drawn up in August by Durban architects, the names of whom the M&G was unable to establish. However, no record of the plans could be found at the local deeds office in uThungulu municipality in Richards Bay.

Nkandla houses 13 000 people, many of whom have no access to electricity, and in-house water is a rarity. Work is taking place on the road leading to the presidential homestead to make it more accessible.

Softening the blow

The Mail & Guardian sought throughout the week to obtain comment from the Presidency, writes Nic Dawes, the editor of the M&G.

"Instead of answering our questions it released a statement to all media shortly before our deadline in an apparent attempt to limit the impact of the story.

"The statement was issued late on Thursday afternoon, just before the Mail & Guardian's deadline in a clear attempt to limit the impact our lead story on Friday, which exposes the new construction.

"We discovered the building work during a visit to Nkandla over the weekend, and were able to establish details of the large new houses, clinic and helipad that are being built.

"When we approached the Presidency for comment on Tuesday they refused to speak to us, while the department of public works untruthfully insisted that no construction was under way.

"Journalists are enjoined by the Press Code and legal precedent to provide the subjects of stories a fair chance to respond. We followed this principle, which we believe in, strictly.

"By effectively breaking our story in advance, and robbing us of exclusivity, the Presidency has damaged the relationship of trust that we had developed with officials there," said Dawes.

"Competition is an important part of a vibrant media landscape, and the drive to secure scoops is an important energising factor in our constitutionally prescribed work. Skilled communicators understand this, and realise that they need to be able to work with us. If a story represents problems for them they attempt to provide convincing answers, or spin, they do not torpedo us by releasing press statements to our competitors before we can publish."

"If government communicators make it impossible for us to trust them with basic courtesy, we will struggle to share information with them, and two things will suffer: their ability to try and shape our opinions, and the willingness of journalists to seek all sides of every story. Ultimately, that is bad for democracy," Dawes added.

- *Additional reporting by Niren Tolsi*

NIE-LINGUISTIESE ANALISE: TEKS 1 (NIE-PROPAGANDA)

Nie-propagandatekste word in groen aangedui en propagandatekste in rooi. Vetdruk word dikwels in die analises gebruik om die mees relevante teksdele uit te lig.

Zuma's R65 million splurge (Rossouw, 2009)

VLAK 1 – HANDELINGE

STORIE TEENOOR VERHAAL

INDELING	STORIE	TEKS
Kardinale funksies (kern)	1. Zuma vergroot sy familiehuis te Nkandla met openbare fondse.	*President Jacob Zuma is **expanding his remote family homestead at Nkandla** in rural KwaZulu-Natal for a whopping price of R65-million—and the **taxpayer is footing the largest chunk of the bill.***
	2. *Mail & Guardian* (M&G) ondersoek self die verbouings te Nkandla.	*When the M&G visited Nkandla last weekend, an earth-mover was excavating the ground next to the existing homestead to prepare for the construction of the initial phase of the project.*
	3. M&G doen hieroor navraag.	***Government insisted this week that it has no record of such a development** and **no hand** in any of Zuma's personal property endeavours. Shortly before the Mail & Guardian's deadline the presidency released a statement changing its tune.* *Public works spokersperson Koketso Sachane said on Wednesday: 'Please note that there is **no work or extension project taking place** at President Jacob Zuma's homestead at Nkandla."* *The **presidency also claimed no knowledge** of such a project, saying that Nkandla is Zuma's private home and therefore **no business of the state.*** *It accused the M&G of 'setting out to embarrass the president" by publishing a story.*

	4. Die regering antwoord nie die navraag volledig nie.	***Further attempts to obtain comment*** *from communications head Vusi Mona* ***were futile.*** *On Thursday December 3* ***Mona promised to consult Zuma and get back to the M&G, but he did not respond to calls later in the day.***
	5. Persverklaring op Donderdag deur regering.	***Softening the blow*** *The Mail & Guardian sought throughout the week to obtain comment from the Presidency, writes Nic Dawes, the editor of the M&G.* *"Instead of answering our questions it released a statement to all media shortly before our deadline in an apparent attempt to limit the impact of the story.* *"**The statement was issued late on Thursday afternoon**, just before the Mail & Guardian's deadline...*
	6. M&G se redakteur reageer deur op kwade trou te wys.	*in a **clear attempt to limit the impact our lead story on Friday**, which exposes the new construction.* *"We discovered the building work during a visit to Nkandla over the weekend, and were able to establish details of the large new houses, clinic and helipad that are being built.* *"When we approached the Presidency for comment on Tuesday **they refused to speak to us**, while the department of public works untruthfully insisted that no construction was under way.*

KATALISATORS	
1. ’n Kort agtergrondverduideliking word gegee van Zuma se een vrou en waar sy reeds in die Nkandla-kompleks bly.	*The complex already includes a house for his first wife, Sizakhele, built in 2000 shortly after he became deputy president.*

	Sizakhele uses the main house with various relatives, mostly women and children, who live in rondavel-type structures around her.
2. Zuma se potensiële betrokkenheid by ’n vorige skandaal word kortliks uitgewys. Hierdeur word Zuma se reputasie aangedui as aanleiding tot die moontlikheid van skuld by ’n toekomstige projek, naamlik die uitbreidings te Nkandla. Hierdie katalisator oorvleuel met indeks 3.	*During the corruption trial of Zuma's former financial adviser Schabir Shaik in 2004, the state produced evidence that alleged bribes flowing from French arms firm Thales helped finance the building of the homestead.*
3. ’n Deeglike omskrywing van die omstandighede, soos deur die M&G-span gevind is by Zuma se Nkandla-woning, word gebied.	*When the M&G visited Nkandla last weekend, an earth-mover was excavating the ground next to the existing homestead to prepare for the construction of the initial phase of the project.* *Two cement mixers and two water tanks were on site as well as construction offices where the architectural plans for the construction are kept. About 12 construction workers were working overtime to ensure the project gets off the ground.* *The site was devoid of company signage.* *The contractor told the M&G the three new houses would cost R4,1-million and would be funded by Zuma in his personal capacity. However, this was only phase one of the project.* *The total cost of the development will run to R65-million, according to sources closely involved with it. 'It is R65-million, but it will probably be more in the end. You know how it goes with building, the prices always go up and up,” one said.* *There is no time frame for the completion of the development.*
4. Die rede waarvoor daar aangebou word aan die Nkandla-woning word na aanleiding van wat bronne laat blyk het, uiteengesit.	*M&G understands part of the reasoning behind the mammoth extension is to enhance the homestead's capacity to host VIP guests and their retinues.* *On election day this year former Nigerian president Olusegun Obasanjo—in the country as an election monitor—popped into Zuma's home after a helicopter flight. More of such visits are expected in the future.*

	A military source said there was also a need to extend the homestead's capacity to house Zuma's health and security staff, most of whom stay in Eshowe when Zuma is at Nkandla. *A source said: 'This is cumbersome in terms of response time, so the idea was to build a bigger facility to house all the support staff in Nkandla when the president is there."* *The houses are apparently being built to accommodate two wives currently living at Nxamalala, MaNtuli Zuma and MaMbhija Zuma. The complex already includes a house for his first wife, Sizakhele, built in 2000 shortly after he became deputy president.* *Sizakhele uses the main house with various relatives, mostly women and children, who live in rondavel-type structures around her. A silver E-class Mercedes and a white Toyota Prado 4x4 are parked outside and serve as the first lady's transport.*

VLAK 2 – KARAKTERS

EGTE INDEKSE EN INFORMATIEWE

In hierdie afdeling word die karakter eers aangedui, waarna informatiewe en egte indekse volg, wat deur die outeur gebruik is om die karakter mee te beskryf. By die kolom wat informatiewe of egte indekse aandui, word informatiewe bespreek tensy ’n ekstra aanduiding in dieselfde kolom aangebring word wat ’n “egte indeks” aandui. By propagandatekste ruil hierdie formaat om. Egte indekse word bespreek tensy ’n ekstra aanduiding aangebring word wat ’n “informatief” aandui. By tekste wat nie-propagandatekste is, kom dit voor of informatiewe eerder as egte indekse dikwels gebruik word om karakters te beskryf. By nie-propaganda-ontledings word informatiewe dus aangedui waarna die egte indekse by ’n karakter gelys word. Indien ’n egte indeks as “buite-teks” aangedui word, word bedoel dat die spesifieke indeks nie deur die outeur van die teks aan die karakter toegeken is nie, maar deur ’n karakter in die teks self, aan ’n ander karakter toegeskryf is. Daar word ook slegs by die egte indekse ’n interpretasiekolom ingevoeg aangesien informatiewe nie geïnterpreteer hoef te word nie tensy die informatief ’n dubbele funksie as informatief en egte indeks inneem.

KARAKTERS	INFORMATIEW(E)	TEKS
ZUMA	**1. *bouer van uitbreidings aan Nkandla-woning***	*President Jacob Zuma is expanding his remote family homestead at Nkandla in rural KwaZulu-Natal*
	2. betaal self vir wysigings	*The Zuma family planned before the elections to extend the Nkandla residence, and this is being done **at own cost.***

		The contractor told the M&G the three new houses would cost R4,1-million and ***would be funded by Zuma in his personal capacity***	
	3. moontlik betrokke by vorige skandaal	*During the* ***corruption trial of Zuma's former financial adviser Schabir Shaik*** *in 2004, the state produced evidence that* ***alleged bribes*** *flowing from French arms firm Thales helped finance* ***the building of the homestead.***	
	EGTE INDEKS(E)	**INTERPRETASIE**	**TEKS**
	4. onbetroubaar	Aangesien Zuma se persoonlike, finansiële raadgewer vroeër by ’n skandaal met betrekking tot betaling van Nkandla betrokke was, kan die saak Zuma moontlik onder verdenking plaas.	*During the* ***corruption trial of Zuma's former financial adviser Schabir Shaik*** *in 2004, the state produced evidence that* ***alleged bribes*** *flowing from French arms firm Thales helped finance* ***the building of the homestead.***
		Ook die wyse waarop die presidensie die M&G hanteer het, kan hiertoe bydra.	***Further attempts to obtain comment*** *from communications head Vusi Mona* ***were futile****.* *On Thursday December 3 Mona* ***promised to consult*** *Zuma and get back to the M&G,* ***but he did not respond to calls later in the day****.*
		Terwyl daar groot nood in Nkandla as dorp is, word geld eerder aan die paaie op pad na die president se Nkandla-woning bestee. Die prioriteit van geldbesteding	*Nkandla houses 13 000 people, many of whom have* ***no access to electricity****, and in-house water is a rarity. Work is taking place on the road leading to the presidential*

		kom daarom verdag voor.	*homestead to make it more accessible.*
KARAKTERS	**EGTE INDEKS(E)**	**INTERPRETASIE**	**TEKS**
BELASTINGBETALER	***1. benadeelde***	Die belastingbetaler word aangedui as die betaler van die grootste deel van die Nkandla-uitbreidings se uitgawes en word sodoende by implikasie in ’n benadeelde posisie geplaas. Die belang van die inligting in die berig vir die publiek word op hierdie manier en reeds by aanvang van die teks aan die leser duidelik gemaak.	*President Jacob Zuma is expanding his remote family homestead at Nkandla in rural KwaZulu-Natal for a* ***whopping price of R65-million—and the taxpayer is footing the largest chunk of the bill.***
KARAKTERS	**INFORMATIEW(E)**	**TEKS**	
Mail & Guardian (M&G)	***1. neem ondersoekende rol in***	*When* ***the M&G visited Nkandla last weekend****, an earth-mover was excavating the ground next to the existing homestead to prepare for the construction of the initial phase of the project.*	
	EGTE INDEKS(E)	**INTERPRETASIE**	**TEKS**
	2. leuenaars *(buite-teksindeks)*	Die presidensie beskuldig die M&G dat hul verslag ’n poging is om die president te verneder.	*It accused the M&G of “setting out to embarrass the president” by publishing a story.*
KARAKTERS	**INFORMATIEW(E)**	**TEKS**	
REGERING, PRESIDENSIE EN KONTAKPERSONE	***1. geen rekord van Nkandla – nie deel van Nkandla-proses nie***	*Government insisted this week that* ***it has no record*** *of such a development and* ***no hand*** *in any of Zuma's personal property endeavours.*	
	2. dra nie kennis van Nkandla-ontwikkeling nie	*The presidency also* ***claimed no knowledge of such a projec****t, saying that Nkandla is Zuma's private home and therefore no business of the state.*	
	3. verander standpunt	*Shortly before the Mail & Guardian's deadline the presidency released a statement* ***changing its tune.***	

	4. antwoord nie M&G se opvolgnavrae nie	***Further attempts to obtain comment*** *from communications head Vusi Mona* ***were futile****.* *On Thursday December 3 Mona promised to consult Zuma and get back to the M&G, but* ***he did not respond to calls*** *later in the day.*	
	5. betaal nie vir Nkandla	*No government funding will be utilised for the construction work.*	
	6. doen bouwerk ter verbetering van sekuriteitsmaatreëls en vir mediese doeleindes	*Outside the perimeter of the Zuma household, a few metres from the house, the State is to undertake construction work in line with the* ***security and medical requirements*** *relating to Heads of State in the Republic.*	
	EGTE INDEKS(E)	**INTERPRETASIE**	**TEKS**
	1. onbetroubaar	Die respondente van die regering se kant af gee aanleiding tot die idee van onbetroubaarheid.	*Shortly before the Mail & Guardian's deadline the presidency released a statement* ***changing its tune****.* *On Thursday December 3* ***Mona promised to consult Zuma and get back to the M&G, but he did not respond to calls later in the day.***
KARAKTERS	**INFORMATIEW(E)**	**INTERPRETASIE**	**TEKS**
OPENBARE WERKE	***1. beklemtoon dat geen werk of uitbreidingsprojek te Nkandla plaasvind nie***	Daar word, volgens Openbare Werke, geen werk te Nkandla gedoen nie.	*Public works spokesperson Koketso Sachane said on Wednesday: 'Please note that there is no work or extension project taking place at President Jacob Zuma's homestead at Nkandla...'*
KARAKTERS	**INFORMATIEW(E)**	**INTERPRETASIE**	**TEKS**

UTHUNGULU-MUNISIPALITEIT	***1. besit nie ontwikkelingsplanne van Nkandla nie***	Geen planne van die bouwerk aan Zuma se Nkandla-woning is deur die M&G by die uThungulu munisipale kantore ingehandig nie.	*However, **no record of the plans could be found at the local deeds office** in **uThungulu municipality in Richards Bay.***
	EGTE INDEKS(E)	**INTERPRETASIE**	**TEKS**
	2. verdag	Die optrede van die munisipaliteit kan verdag voorkom aangesien die area waarop hulle bereid is om geld uit te gee, luuksheid behels eerder as die nood wat in die dorp, Nkandla, heers.	*Nkandla houses **13 000 people**, many of whom have **no access to electricity**, and **in-house water is a rarity**. Work is taking place on the road leading to the **presidential homestead** to make it more accessible.*

Die volgende informatiewe is teksalgemene informatiewe en word nie volgens karakters soos die voorafgaande gedeelte bespreek nie. Die informatiewe bied daarom ’n oorsig oor belangrike stukke inligting wat die outeur gekies het om in te sluit.

INFORMATIEWE	**TEKS**
1. Inligting rakende die outeur, en wanneer die teks gepubliseer is, word aangedui. Die outeur se portefeulje word ook deur middel van ’n interaktiewe skakel, beskikbaar gestel.	*Mandy Rossouw 04 Dec 2009 07:17*
2. Die prys van Zuma se Nkandla-verbouings word aangedui.	*President Jacob Zuma is expanding his remote family homestead at Nkandla in rural KwaZulu-Natal **for a whopping price of R65-million***
3. Detail rakende die uitbreiding van die woning word gegee.	*The expansion will turn the presidential homestead into a **sprawling precinct** that will **include a police station, helicopter pad, military clinic, visitors' centre, parking lot with parking for at least 40 vehicles and at least three smaller houses that will serve as staff quarters.***
4. Video-materiaal van Nkandla word beskikbaar gestel met behulp van ’n interaktiewe skakel.	*See video footage of the development*
5. Fase 1 en wat fase 1 behels word kortliks verduidelik.	***Phase one of the project,** comprising two houses, one of them a double-storey structure, and a guesthouse, is already under way.*

6. Aangesien staatsgelde gebruik word vir die verbouings, word die voordeel wat dit vir toekomstige presidente bied as onduidelik aangedui.	*Given that state money is involved, how future presidents will benefit from the development* ***remains unclear***
7. 'n Vergadering rakende Nkandla is op 2 Augustus gehou en van die bywonende partye word ook aangedui. Ook die reaksie van die skakelpersoon word aangedui.	*However, the M&G understands that* ***a meeting to discuss the project was held at Nkandla on August 2, attended by the surgeon general, Vejay Ramlakan, and a representative of the department of public works.*** *Ramlakan, through his spokesperson, referred all queries to the* ***presidency*** *"because it is happening at the president's homestead, so it is his matter to comment on".*
8. Wanneer Zuma weer na sy tuiste sal terugkeer en die rede daarvoor word aangebring.	*Zuma's last visit to Nkandla was in September according to a security guard, but he is expected to spend time there over the Christmas period. He will then host the annual Christmas party for children and attend to the long queues of local people who line up outside to visit him and discuss issues pertaining to the village.*
9. Verdere inligting en detail van die verbouings word uiteengesit.	*According to architectural plans shown to the M&G, the precinct will include a garden that will house ancestral graves. The area is due to be cordoned off by a brick wall which will make provision for only one entrance.* *The two new main houses are kidney-shaped and contain his-and-hers bathrooms, formal living rooms, walk-in closets and a study.* *One house contains four bedrooms, while the smaller has three.* *Double-volume ceilings will be fitted to the homes, which will sport thatched roofs, in the same style as the current homestead, which is cordoned off by green palisade fencing.* *The plans were drawn up in August by Durban architects, the names of whom the M&G was unable to establish. However, no record of the plans could be found at the local deeds office in uThungulu municipality in Richards Bay.* *Nkandla houses 13 000 people, many of whom have no access to electricity, and in-house water is a rarity. Work is taking place on the road*

	leading to the presidential homestead to make it more accessible.
10. Die outeur van addisionele inligting word vermeld.	Additional reporting by Niren Tolsi

BESPREKING:

ALGEMENE GROEPERING VAN KARAKTERS OP GROND VAN BOSTAANDE INDELING

Die "rolle" van die verskillende partye kan hoofsaaklik soos volg ingedeel word: karakter(s) wat ondersoek instel en karakter(s) wat ondersoek word. Hierdie karakters se posisies ten opsigte van mekaar word ook, teenoor die propagandatekste, soms eerder met behulp van informatiewe as egte indekse beskryf. Die karakters se rol word sodoende eerder aan die leser *geïnformeer* as *geëtiketteer* wat 'n neutraler beeld oordra.

Die eerste indeks het betrekking op Zuma. Die outeur dui aan dat Zuma onder verdenking en moontlik onbetroubaar in die Nkandla-saak kan wees, aangesien sy finansiële raadgewer vroeër by 'n skandaal betrokke was waar hierdie geld vir die bou van Nkandla gebruik is. Die tweede indeks plaas die belastingbetaler in 'n benadeelde posisie aangesien die outeur aandui dat die belastingbetaler die grootste deel van die Nkandla-uitgawes betaal en wat op daardie stadium sou blyk rondom die R65 miljoen kon wees. Hierdie indeks word op 'n "natuurlike" wyse aan die belastingbetaler gegee deur slegs laasgenoemde inligting in die teks te openbaar.

Met die derde egte indeks word die M&G deur die presidensie as leuenaars beskou deur die rede vir die Nkandla-storie deur die M&G as 'n agenda om die president te verneder aan te dui. Hierdie benadering kan die "shoot the messenger"-benadering genoem word (vgl. Prinsloo, 2014:48). Op hierdie manier word die aandag van die ware probleem af gedeflekteer deur die ondersoekende party die skuldige te maak. Hierdie indeks is juis ook in hierdie opsig anders as ander indekse, aangesien die indeks nie deur die outeur aan 'n karakter toegeken word nie, maar deur 'n ander karakter aan die outeur toegeken word. Só 'n tegniek kan as 'n propagandategniek beskou word, naamlik "card stacking" waar die ware skuldige, in hierdie geval die presidensie, pogings aanwend om die aandag van hul skuld af weg te lei.

Aangesien die M&G in hierdie geval valslik daarvan beskuldig word dat die koerant 'n verskuilde agenda het, naamlik om die president te verneder, sou hul van die propagandategniek etikettering gebruik kon maak en die presidensie met opset slegte eienskappe kon toedig, maar die outeur het dit nie gedoen nie. Tog is dit belangrik om die einde van hierdie berig in oënskou te neem waar die redakteur van die koerant 'n "spreekbeurt" gegun word. In hierdie storie, wat ter afsluiting van die berig ingevoeg word, word die redakteur van die koerant met behulp van direkte aanhalings die geleentheid gegun om kritiek op die wyse waarop die presidensie reageer het, te lewer. Daar is selfs 'n waarskuwende toon aan hierdie gedeelte:

> "*If government communicators make it impossible for us to trust them with basic courtesy, we will struggle to share information with them, and two things will suffer: their ability to try and shape our opinions, and the willingness of journalists to seek all sides of every story. Ultimately, that is bad for democracy,*" *Dawes added.*

Hierdie gedeelte kan moontlik die styl van propaganda aantoon, aangesien die doel daarvan aanvanklik kan voorkom as voordelig vir die koerant self. Tog dien hierdie gedeelte as uitbreiding om die verdagtheid aangaande die Nkandla-saak te versterk en die groter problematiek van 'n

“geheimsinnige” ingesteldheid van die presidensie se kant af, uit te wys. Hierdie gedeelte dra ook by om die moontlikheid van versuurde verhoudings tussen die media en die presidensie in die toekoms te vermy en kan daarom nie as propagandisties van aard beskou word nie. Die teks vertoon op hierdie punt daarom eerder eienskappe van oorreding.

Die vierde indeks dui op die presidensie wat onbetroubaar is, aangesien hul terugvoer en redes rakende Nkandla inkonsekwent is en die woordvoerder nie sy belofte om terugvoer aan M&G te gee, nagekom het nie. Die vyfde indeks het betrekking op uThungulu-Munisipaliteit wat ook verdag voorkom aangesien die munisipaliteit aandag skenk aan verbeterings van die pad wat na die presidensiële woning lei terwyl heelwat mense in die dorp Nkandla nie elektrisiteit of binnenshuise watertoevoer het nie.

VLAK 3 - DOEL VAN TEKS

Die doel van die teks is hoofsaaklik om die buitensporige besteding van staatsfondse aan opgraderings aan die president se Nkandla-woning aan die lig te bring. Die subdoelwitte word ingespan om die hoofdoelwit te bereik deurdat die outeur byvoorbeeld deurlopend klem op die verskillende uitgawes plaas of Zuma se woning in teenstelling met die arm omgewing aanbied. Die gedrag van byvoorbeeld die presidensie en skakelpersone teenoor die media se navrae aangaande die saak, word deurlopend aangedui. Daar word ook aan die einde van die berig ’n katalisator gebruik om hierdie gedrag verder uit te wys, maar ook aan te spreek. Uiteindelik dra hierdie inligting daartoe by om die Nkandla-opgraderings te bevraagteken. Dit kom voor of die doel van die teks nie is om die M&G te bevorder nie, maar om verslaggewing van ’n belangrike saak te doen wat die publiek raak. Op grond hiervan kan die teks as nie-propaganda geklassifiseer word.

VLAK 4 - FEITELIKE AKKURAATHEID

Die teks word deurlopend deur feite gestaaf: aanhalings van belanghebbende partye word gegee en die M&G se eie waarnemings van die terrein word weergegee. Daar is ook ’n skakel na videomateriaal toe sodat die leser self die Nkandla-opset kan besigtig. Hierdie aanduiders van informasie word in vetdruk in die voorbeeld aangedui. Die M&G het ook die nodige moeite gedoen om die betrokke partye te skakel en aangedui indien hul nie suksesvol daarin was nie asook die rede daarvoor. Alhoewel daar nie intertekskontrole vir die teks gebruik kan word nie, sou die inligting wel kontroleerbaar wees.

> *The expansion will turn the presidential homestead into a sprawling precinct that will include a police station, helicopter pad, military clinic, visitors' centre, parking lot with parking for at least 40 vehicles and at least three smaller houses that will serve as staff quarters.*
>
> ***See video footage of the development***
>
> ***Public works spokesperson Koketso Sachane*** *said on Wednesday: 'Please note that there is no work or extension project taking place at President Jacob Zuma's homestead at Nkandla.”*
>
> ***The presidency*** *also claimed no knowledge of such a project, saying that Nkandla is Zuma's private home and therefore no business of the state.*
>
> ***Further attempts*** *to obtain comment from communications head Vusi Mona* ***were futile.***
>
> *When* ***the M&G visited Nkandla*** *last weekend, an earth-mover was excavating the ground next to the existing homestead to prepare for the construction of the initial phase of the project.*

When the M&G visited Nkandla last weekend, an earth-mover was excavating the ground next to the existing homestead to prepare for the construction of the initial phase of the project.

Two cement mixers and two water tanks were on site as well as construction offices where the architectural plans for the construction are kept.

About 12 construction workers were working overtime to ensure the project gets off the ground.

The site was devoid of company signage.

Indien daar nie uitsluitsel oor ’n saak is nie, word feite ook met versigtigheid hanteer, byvoorbeeld:

Given that state money is involved, how future presidents will benefit from the development remains unclear.The M&G understands part of the reasoning behind the mammoth extension is to enhance the homestead's capacity to host VIP guests and their retinues. The houses are apparently being built to accommodate two wives currently living at Nxamalala, MaNtuli Zuma and MaMbhija Zuma.

Die deurlopende gebruik van informatiewe en versigtige gebruik van egte indekse maak dat die saak nie op ’n emosionele wyse hanteer is nie, maar eerder op ’n meer neutrale manier. Die teks kan ook vanuit feitelike beoordeling as nie-propaganda beskou word.

3.5.2 TEKS 2: NIE-PROPAGANDA

Nkandla: Minister to probe City Press (Basson, 2012)

Nkandla: Minister to probe City Press
2012-10-02 12:10
Adriaan Basson, City Press

Johannesburg - Public Works Minister Thulas Nxesi will launch an investigation into how City Press had obtained documentation revealing a R203m budget for upgrades to President Jacob Zuma's Nkandla homestead.

Speaking for the first time after Sunday's exposé, Nxesi defended the expenditure, but refused to confirm the amount of taxpayers' money spent on the project.

However, he slammed City Press for publishing details from "top secret" documentation.

'Breach of the laws'

"The merely unlawful possession of a top secret [document] is a breach of the laws... This therefore calls for an investigation to be launched to determine how the City Press illegally ended up in possession of this document," Nxesi said.

Two unclassified documents in the possession of City Press show that public works approved a budget of R203m for upgrades to Zuma's compound.

Another document confirms that R44m had already been spent on "security measures".

Nxesi defended the expenditure, saying it was in line with the ministerial handbook.

"I would like to state categorically that everything that has been approved and carried out at the private residence of the current president is in line with the ministerial handbook as far as it relates to security arrangements for private residences of the president," Nxesi said.

"This is also the normal practice for the former presidents of South Africa."

Zuma's Nkandla homestead was a national key point.

"Therefore, any information relating to security measures of a national key point is protected from disclosure in terms of the Act, the provisions of the Protection of Information Act, the Minimum Information Security Standards (MISS) and other relevant security prescripts of the State Security Agency.

"You are therefore informed that the department of public works will not be in a position to divulge details of security improvements carried out at the president's private residence. We are not aware of the amounts referred to in the City Press article ... relating to the renovations."

Upgrades needed

On Monday, Britain's The Telegraph quoted Zuma's spokesperson Mac Maharaj online as saying: "What do you do when President Obama or an African head of state visits him? You can't send them to a hotel."

Maharaj added: "Where do Prime Minister Cameron's security staff stay when he goes to his private house? President Zuma's medical and security staff are inside that complex, but you can't put them in the same house as his family."

Zuma should not be expected to pay for security staff accommodation and guests from his own pocket, Maharaj said.

On Monday, the DA's parliamentary leader, Lindiwe Mazibuko, asked Public Protector Thuli Madonsela to investigate the Nkandla expenditure.

NIE-LINGUISTIESE ANALISE: TEKS 2 (NIE-PROPAGANDA)

Nkandla: Minister to probe City Press (Basson, 2012)

VLAK 1 – HANDELINGE

STORIE TEENOOR VERHAAL

INDELING	STORIE	HANDELINGE / GEBEURE	TEKS
Kardinale funksies (kern)	**1. Ondersoek gaan deur die Minister van Openbare Werke ingestel word.**	Nxesi beskuldig *City Press* van die onregmatige verkryging van hoogs vertroulike dokumente. Minister Nxesi gaan daarom 'n ondersoek instel.	*"The merely **unlawful possession of a top secret [document]** is a **breach of the laws**... This therefore calls for an investigation to be launched to determine how the **City Press illegally ended up in possession of this document**," Nxesi said.* ***Public Works Minister Thulas Nxesi will launch an investigation** into **how City Press had obtained documentation** revealing a R203m budget for upgrades to President Jacob Zuma's Nkandla homestead.*
	2. Minister van Openbare Werke verdedig en regverdig die Nkandla-uitgawe.	Minister Nxesi verdedig die uitgawe aan Nkandla en verwys spesifiek na die ministeriële handboek en dieselfde praktyk by vorige presidente.	*Speaking for the first time after Sunday's exposé, **Nxesi defended the expenditure,** but refused to confirm the amount of taxpayers' money spent on the project.*
	3. Maharaj voer redes aan vir die verbouings te Nkandla.	Maharaj praat met die pers oor die regverdiging van verbouings en uitgawes aan Nkandla.	***On Monday, Britain's The Telegraph quoted Zuma's spokesperson Mac Maharaj** online as saying: "What do you do when President Obama or an African head of state visits him? You*

		Maharaj verdedig Zuma.	*can't send them to a hotel."* ***Zuma should not be expected to pay** for security staff accommodation and guests **from his own pocket**, Maharaj said.*

KATALISATORS	TEKS
1. Hier word 'n terugverwysing gedoen na 'n vorige berig (Saterdag, 29 September 2012) as aanloop tot die aangewese berig. Hier word die interaktiewe skakel gebruik as voermiddel na die vorige berig alhoewel die skakel op die tydstip van ontleding onaktief is. Die berig is wel op alternatiewe wyse opspoorbaar.	*Speaking for the first time after Sunday's exposé, ...*
2. 'n Chronologiese terugverwysing word gedoen om aan te dui wat Maharaj rakende die saak gesê het as duidelikheid op Nkandla.	*On Monday, Britain's The Telegraph **quoted** Zuma's spokesperson Mac Maharaj online as saying: "What do you do when President Obama or an African head of state visits him? You can't send them to a hotel."*
3. Hier word ook 'n terugverwysing gedoen, maar ook 'n vooruitskouing van wat moontlik in die toekoms kan gebeur: dat die Openbare Beskermer by die saak betrokke kan raak.	*On Monday, the DA's parliamentary leader, Lindiwe Mazibuko, asked Public Protector Thuli Madonsela to investigate the Nkandla expenditure.*

VLAK 2 - KARAKTERS

EGTE INDEKSE EN INFORMATIEWE

KARAKTERS	INFORMATIEW(E)	TEKS
4. Op ’n stadium in die teks word die dominant gerekende party (die outeurs) as deel van die publiek gestel en lê sodoende klem op solidariteit met die publiek.

   ANC-teks:
   *As the ANC we will continue to defend the integrity of the various electoral processes conducted in **our country**.*

DA-teks
*Only a DA government can stop corruption and ensure that jobs are created and quality services delivered to **our people**.*

5. Die dominante party stuur ook op ’n stadium in die teks ’n duidelike boodskap uit.

ANC-teks:
***We hope that from henceforth all parties will desist from all sorts of slander and adhere to the electoral code** thus helping to strengthen our democracy and not spread insulting messages that are devoid of truth except for personal attacks on the personal integrity of political opponents.*

DA-teks:
*Finally, I want to **send a clear message** to those both in the public and private sector that corruption eats away at the opportunities, especially for the poor and marginalised. Those found to be corrupt must face the full might of the State and its institutions tasked with putting a stranglehold on corruption.*

VLAK 3 – DOEL VAN DIE TEKS

Die doel wat die outeur as die hoofdoel weergee, word blootgelê in die oproep van SARS tot regverdige aksie en ondersoek en bekendmaking van Zuma se belastingsake rakende Nkandla. Die aanvangsdoel word wel aangespreek, maar word later eintlik gebruik om die hoof- of ware doel te dien. Die ware doel van hierdie teks is om die beeld van die DA te versterk, terselfdertyd die foute van Zuma en die ANC uit te wys en uiteindelik om kiesers op te roep om op 3 Augustus 2016 vir die DA te stem. Dit is ook noemenswaardig dat die teks so opgestel is om nie net die DA in ’n goeie lig te stel nie, maar ook die DA-leier, Mmusi Maimane. Daar is ’n afwisseling tussen die DA wat bepaalde take uitvoer en die DA-leier self.

Verder word die groot hoeveelhede informante vir verskillende funksies ingespan, maar laat die teks onder meer ook as betroubaar voorkom wat die uiteindelike doel ’n groter kans op realisering bied. Die doel van die teks word tot ’n groot mate openlik gestel en is tot voordeel van die DA wat ook die outeurs van die teks is, naamlik dat die leser aan die einde van die teks opgeroep word om vir die DA te stem. Volgens die doel kan die teks daarom as propaganda bestempel word.

Tog moet die feitelike akkuraatheid van die informatiewe in hierdie teks ook gemeet word.

VLAK 4 – FEITELIKE AKKURAATHEID

Die groot hoeveelheid informatiewe en die gekose katalisators wat deurlopend gebruik word, dui op ’n informatief swaar gelaaide teks. Aangesien narratiewe eenhede op ’n gegewe oomblik meer as een funksie kan vervul, vorm heelwat van die informatiewe, egte indekse en word tydens die ontleding in geel aangedui. Die hoeveelheid informatiewe vervul sodoende nie net ’n informerende funksie nie, maar vorm ’n aanloop of vertrekpunt tot die beskrywing van sekere karakters op ’n baie spesifieke manier, ’n manier wat deur die insluit van feitelike inhoud deur die outeur beheer sou kon word. Op ooreenkomstige wyse word die katalisators ook ingespan.

Dit is wel nie billik om die insluit van feitelike inhoud as noodsaaklikheid vir ’n goeie argumentasielyn uit te laat nie en die leser vir hierdie rede te informeer nie. Tog wil dit voorkom of die dubbele funksionele aard van ’n informatief dikwels in die teks voorkom. Vergelyk die volgende drie voorbeelde.

Voorbeeld 1

…Zuma once firmly stated that "They did this without telling me – why should I pay for something I did not ask for?" This was later proved to be false, since Zuma had personally discussed the details of the upgrade with his architect, had instructed that his personal architect take the lead on the project, and had received correspondence relating to Nkandla. It is clear from this part of the Act that Jacob Zuma still owes tax monies for benefits he derived from the act of swindling the people of South Africa.

Voorbeeld 2

...it's worth noting that there is no provision for the Commissioner of SARS to use his discretion as to whether to collect tax on fringe benefits.
There is however an obligation on the commissioner to collect all taxes that are due without fear or favour.
Tom Moyane must therefore do his job, rather than using state machinery and resources to fight factional battles in the ANC.

Voorbeeld 3

The Act defines a fringe benefit as:
Taxable benefit means a taxable benefit contemplated in paragraph 2, whether the grant of such benefit is voluntary or otherwise.
Both the legislation and the Finance Minister's utterances are clear and equivocal. Jacob Zuma is not above the law – he must pay fringe benefits tax just like every other South African.

In die eerste aanhaling word 'n katalisator vanuit die teks gebruik wat nie net 'n oorgangsdoel tussen die hooffunksies dien nie, maar word ingespan om bepaalde karakters in 'n sekere lig te plaas of aan die leser te verduidelik. Die katalisator bied inligting rakende Zuma se verantwoordelikheid ten opsigte van sy betaling vir Nkandla, maar Zuma word terselfdertyd ook voorgehou as iemand wat die mense van Suid-Afrika bedrieg het. In die tweede voorbeeld word 'n informatief gebruik om inligting rakende die plig van die SARS-kommissaris te gee, maar word ook gebruik om Moyane as onbetroubaar voor te stel en uiteindelik om Moyane tot aksie op te roep. In die derde voorbeeld word inligting rakende 'n bepaalde wet gegee, maar word ook by die interpretasie daarvan ingespan om inligting rakende 'n gedeelde sentiment met die Minister van Finansies en Zuma se status aan die leser oor te dra. In voorbeeld drie wil dit voorkom of 'n taalfout ingesluip het, naamlik dat die gebruik van "equivocal", "un-equivocal" of "univocal" moes wees.

Elke stukkie teks word volgens Barthes (1975:244-245) ingesluit of weggelaat met 'n rede. Uit die aard van 'n teks is elke deel van die teks daarom funksioneel. As leidraad vir die doel waarom inligting ingesluit word, kan die figurering van 'n narratiewe eenheid, soos reeds genoem, moontlik as 'n dubbele funksie gebruik word (Barthes, 1975:250). Die narratiewe eenhede word nie net gebruik om te informeer soos in 'n neutrale teks nie, maar informeer met 'n egte indeksikale doel. Die inligting word daarom so geselekteer om die oorhoofse argument te steun, maar op meer as een vlak. Die inligting word gebruik om karakters op 'n spesifieke manier te skets soos ook dikwels in die propagandategnieke "card stacking" en "name-calling" gedoen word.

Soos reeds uitgewys, is die aangewese DA-teks met feite en ook getalle deurweef om bepaalde stellings te steun. Die outeur maak ook gereeld van verwysings gebruik – soos in voorbeeld 1 waar die spesifieke saaknommer aangedui word.

Legal precedent set by Income Tax Case 1346 44 SATC 31, established that even if, in a subsequent year, an employee repays an amount that was determined to be taxable income

in a prior year it may not be offset against the taxable income of the year in which it is repaid nor may it be offset against the taxable income of the year in which the taxable amount was received.

Ook die bewerkings om die potensiële belastingbedrag van die president uit te werk, word sigbaar vir die leser in die teks uiteengesit soos hierna aangedui.

On studying and evaluating the full list of upgrades, we found that the total taxable Fringe Benefit amounted to R 145,185,235, which taxed at the applicable marginal rate of 40% would amount to R 58,074,094. When this is added to 10% penalty for late payment, of R 5,807,409, we arrive at the total payable figure of R 63,881,503

Taxable Fringe Benefit	*R 145,185,235*
Taxation due at a rate of 40%	*R 58,074,094*
Penalty for late payment – 10%	*R 5,807,409*
Total of Tax and Penalty	***R 63,881,503***

Die volgende aanhaling bestaan uit ’n kombinasie tussen ’n akkurate feit, maar ook, soos later aangedui word, ’n onvolledige feit en kan in die volgende voorbeelde gesien word. Die inligting wat deurgegee word, is nie noodwendig verkeerd nie, maar word sonder verwysing en volgens die DA se interpretasie daarvan aangebied.

Die ANC word hier op ’n wyse voorgehou wat die hele party 1. as onderhewe aan Zuma en 2. gekompromitteer voorstel. Dit is moontlik dat sommige lede in die ANC wel ongeag verkeerde dade Zuma navolg en dat sommige lede in die ANC gekompromitteer is, maar die onderstaande stelling sluit die hele party in en laat nie ruimte vir lede in die ANC wat nie aan hierdie kriteria voldoen nie.

*For President Zuma and **his compromised ANC**, it must have seemed like this chapter was now officially closed, and for a mere R 7.8-million rand Zuma could laugh his way to enjoying a luxurious homestead that cost the public in excess of R 246-million.*

’n Soortgelyke aanname oor Zuma en die ANC word in die onderstaande voorbeeld gemaak. Die inligting word ook op ’n manier aangebied wat dit laat voorkom asof die ANC vir jare al gekorrupteer is en nie gehoor gee aan wetgewing nie. Weereens mag dit moontlik so wees, maar daar word geen geldige rede of bron vir die aanname wat gemaak word, gebied nie. Die aantal jare kon ook duideliker aangedui gewees het.

*For **Zuma and the ANC**, **all the years** of evading accountability, undermining the Public Protector via the farcical Nkandla Ad Hoc Committee, blocking impeachment proceedings and Motions of No Confidence, and spending millions of rands of public funds defending Zuma in every court at every level seemed to have paid off.*

In die volgende voorbeeld word inligting vanuit ’n wet gegee wat feitelik korrek is, maar in die gevolgtrekking word daar tog ’n aanname gemaak wat as logiese gevolgtrekking aangebied word. Die wetgewing en die Minister van Finansies se uitspraak het betrekking op die Zuma-saak, maar die outeur van die teks neem hierdie inligting en maak dit wyer van toepassing as wat moontlik werklik van die wetgewing afgelei kan word en by implikasie is wat die Minister van Finansies bedoel het. Beide die wetgewing en die Minister van Finansies verwys nie noodwendig direk na die feit dat Zuma nie bo die reg verhewe is of dat Zuma belasting moet betaal nie, alhoewel dit moontlik die implikasie daarvan sou wees.

> The Act defines a fringe benefit as:
> *Taxable benefit means a taxable benefit contemplated in paragraph 2, whether the grant of such benefit is voluntary or otherwise.*
>
> *Both the legislation and the Finance Minister's **utterances are clear and equivocal**. **Jacob Zuma is not above the law – he must pay fringe benefits** tax just like every other South African.*

Alhoewel die outeur van die teks dikwels van verwysings na die korrekte bronne gebruik maak, word sommige stellings as feite aangebied, sonder om hierdie feite met die nodige verwysings en materiaal te staaf. Soos in die vorige voorbeelde, word die inligting dan as 'n feit aangebied, wat moontlik waar kan wees, maar beter ondersteun kon word. Die outeur se afleidings word daarom as feite aangebied sonder om aan te toon wat aanleiding tot die outeur se afleidings gee. Sien onderstaande voorbeelde:

> ***Nkandla is without doubt one of the most spoken about and ventilated act of corruption in democratic South Africa.** From its first revelation in the print media in 2009, to three whitewashed Parliamentary Ad Hoc Committees, to its crescendo at the Constitutional Court – which ruled that Jacob Zuma had violated his Oath of Office as well as the Constitution, and found that President Zuma must pay back the cost of some of the non-security upgrades at Nkandla.*
>
> ***While the SARS Commissioner, Tom Moyane, is seen to be a Zuma deployee, and an asset in his programme of state capture,** it's worth noting that there is no provision for the Commissioner of SARS to use his discretion as to whether to collect tax on fringe benefits.*
>
> *Tom Moyane must therefore do his job, **rather than using state machinery and resources to fight factional battles in the ANC**.*
>
> ***Only a DA government can stop corruption** and ensure that jobs are created and quality services delivered to our people.*

In die lig daarvan dat die teks se informatiewe aard soms ingespan word vir ander doelwitte, anders as om slegs die leser te informeer, bring mee dat die teks ook in hierdie verband as propaganda geklassifiseer kan word.

VLAK 5 – TIPE PROPAGANDA

Aangaande die outeur van die teks is dit duidelik dat die teks deur die DA opgestel is en dat die teks as persverklaring dien soos deur Maimane gelewer. Wat die informatiewe aard van die teks betref, is daar genoeg voorbeelde van verdraaide feite om gedeeltes van die teks as waninformasie te klassifiseer. Die outeur van die teks gebruik ook die teks om die DA en die leier van die DA se kredietwaardigheid op te bou en uiteindelik word die leser opgeroep tot 'n doel wat die DA dien, naamlik om vir die DA te stem. Die doel van die teks is duidelik, maar word tog in 'n mate op 'n versluierde manier aangebied, naamlik die oproep van SARS tot aksie, maar uiteindelik om 'n ander doel te laat realiseer.

Die teks kan, soortgelyk aan die ANC-persverklaring, daarom as witpropaganda geklassifiseer word en ook aangesien die leser ingelig word om uiteindelik 'n bepaalde ideologie te verkondig. Die wyse waarop inligting ingesluit, uitgelaat en aangebied is, vertoon selfs 'n ooreenstemming met gryspropaganda.

VLAK 6 – PROPAGANDATEGNIEKE

Die volgende propagandategnieke kan in die teks geïdentifiseer word:

1. Etikettering (*Name-calling*)

Die outeur gebruik bepaalde terme om Zuma en die ANC mee te etiketteer. Daar mag wel bewyse vir sommige van hierdie "etikette" of "name" wees, maar daar word nie gereeld genoeg ruimte vir uitsonderings gelaat nie wat aanleiding daartoe gee om die tegniek as moontlike propagandategniek uit te wys:

> *For President Zuma and his **compromised ANC***
>
> *This is not the end of the road for **Jacob Zuma and his corrupt cronies**; it has only just begun.*
>
> *South Africans cannot continue to suffer while **Jacob Zuma has lined his pockets** with public money destined for the advancement of our country.*
>
> *While the SARS Commissioner, Tom Moyane, is seen to be a **Zuma deployee**, and an **asset in his programme of state capture***

2. Aantreklike veralgemenings (*Glittering generalities*)

Soos ook in die ANC-persverklaring voorkom, gebruik die DA sekere gonswoorde (*buzz words*) in die Suid-Afrikaanse kultuur wat as goeie waardes beskou word om voor te hou en sodoende 'n assosiasie tussen hierdie begrippe en die party self by die leser te laat posvat.

> *The **fundamental principle** we seek to uphold here is that no person – whether President or not – is above the law. **Equal treatment** under the law is an essential part of a **functioning democracy***
>
> *in **democratic** South Africa.*
>
> *While we understand that the tax affairs of all South African's are private, we believe that given the **important public interest** and given the amount of public money spent on this upgrade*
>
> *When Parliament reconvenes after the Local Government Elections we will be ramping up our insistence to get an update, this is **in the interest of accountability and the war against corruption**.*
>
> *Only a DA government can **stop corruption** and ensure that **jobs are created and quality services delivered** to our people.*

3. Onder- en oorbeklemtoning (*Card stacking*)

Vanuit die komplekse aard van 'n saak soos die belasting van 'n president, is dit moontlik dat daar ekstra oorwegings intree wanneer die president se belasting bereken word, teenoor hoe 'n "gewone" burger se belasting bereken word. Die bewerkings wat die DA in die teks aanbied om die president se belasting mee te bereken, is daarom nie noodwendig verkeerd nie, maar ander rolspelende faktore moes dalk ook moontlik in berekening gebring word. 'n President is byvoorbeeld wél geregtig op 'n sekere bedrag se sekuriteitsverbeteringe aan sy of haar huis wat nie noodwendig as 'n persoonlike byvoordeel geïnterpreteer moet word nie, maar as die plig van die staat om een aspek van sy nasionale veiligheidstaak te verseker. Binne daardie raamwerk is dit moontlik en denkbaar dat die staat ook vir

die belastingonkostes daarvan instaan en dié bedrag daarom nie sou deel vorm van die totaal wat Zuma in belastinggeld skuld nie.

> *Thus **Zuma is liable for income tax** on the full value of the improvements made to his Nkandla home.*
> *It is our strong opinion, based on a thorough analysis of the law and supporting documentation that Zuma's tax liability as a result of taxable fringe benefits accrued to him through the Nkandla upgrades **amounts to R 63.9 million**, which includes a **10% charge for late payment penalties** as a result of his failure to declare and pay the tax on the taxable fringe benefits in the years that they accrued to him.*
>
> *On studying and evaluating the full list of upgrades, we found that the total taxable Fringe Benefit amounted to R 145,185,235, which taxed at the applicable marginal rate of 40% would amount to R 58,074,094. When this is added to 10% penalty for late payment, of R 5,807,409, we arrive at the total payable figure of R 63,881,503*

Taxable Fringe Benefit	*R 145,185,235*
Taxation due at a rate of 40%	*R 58,074,094*
Penalty for late payment – 10%	*R 5,807,409*
Total of Tax and Penalty	***R 63,881,503***

> *But that's not the end of it. In addition to this amount there would be **interest payable** from the date that the tax became due and payable.*

Die outeur van die teks beskryf, soortgelyk aan die wyse waarop die ANC die DA in die ANC-persverklaring hanteer, die ANC slegs eensydig en laat min ruimte vir byvoorbeeld lede in die ANC wat nie korrup is nie. Veralgemenings word daarom dikwels gebruik:

> *Parliament, the Public Protector as well as the people of South Africa were actively and deliberately undermined, in the 7 year fight, between 2009 and now, by **the ANC** who stood against the Rule of Law, the Constitution and clean governance.*
>
> *For President Zuma and **his compromised ANC***
>
> ***For Zuma and the ANC, all the years** of evading accountability, undermining the Public Protector via the farcical Nkandla Ad Hoc Committee, blocking impeachment proceedings and Motions of No Confidence, and spending millions of rands of public funds defending Zuma in every court at every level seemed to have paid off.*
>
> *Unfortunately for them, that is not the case. This is not the end of the road for **Jacob Zuma and his corrupt cronies**; it has only just begun.*

Die stelling dat slegs 'n DA-regering korrupsie kan stop en ander probleme oplos, kan ook op 'n meer gebalanseerde wyse aangebied word, aangesien ander partye moontlik ook oor soortgelyke potensiaal beskik.

> ***Only a DA government** can stop corruption and ensure that jobs are created and quality services delivered to our people.*

4. Aanwakker van emosies

Die ANC en Zuma word in die teks dikwels in verband met die begrippe korrupsie en Nkandla gebring en ook die misbruik van openbare fondse. Dit word ook aan die leser oorgebring dat die DA nog al die

tyd oor Zuma reg was. Die uiteindelike gevolg is, dat wanneer die DA uiteindelik die leser oproep om DA te stem, die leser uit vrees vir ’n soortgelyke Nkandla-skandaal en korrupsie kan reageer en daarom wel vir die DA stem.

> *Nkandla is without doubt one of the most spoken about and ventilated act of corruption in democratic South Africa.*
>
> *Parliament, the Public Protector as well as the **people of South Africa were actively and deliberately undermined**, in the 7 year fight, between 2009 and now, **by the ANC** who stood against the Rule of Law, the Constitution and clean governance. **This all while the DA maintained that Jacob Zuma was liable for his role** in the construction of a palace of corruption to close himself off from the South African reality of poverty, inequality and critically high levels unemployment.*
>
> ***In order to prevent** another Nkandla from ever happening, the people South Africa must **vote DA** on 03 August.*

3.6 Samevatting: Nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel

Na afloop van die nie-linguistiese analises, kan die volgende afgelei word. Die bespreking word volgens die onderafdelings van die model ingerig.

VLAK 1 – HANDELINGE

- storie vs verhaal
  - *kardinale funksies*
  - *katalisators*

Dit kom voor of die kardinale funksies van propagandatekste, buiten vir die “gewone” kontekstuele gebeure wat vir enige teks nodig is, ook gekies word om karakters op ’n sekere manier uit te kan beeld. Hierteenoor word sekere gebeure in nie-propagandatekste gekies om die groter geheel van gebeure en karakters se betrokkenheid aan die leser te skets of samevattend aan te bied. Byvoorbeeld in die propagandateks ***P:** Undermine Zuma (2016)* sentreer die kardinale funksie van die teks rondom Mkhabela as “verteenwoordigend” van Markfundamentaliste aan die een kant en Zuma aan die ander kant.

Die storie is in wese daarom nie geskoei op informasie rakende gebeure wat sentraal staan nie, maar die karakters staan sentraal en gebeure word daarvolgens hanteer of ingerig. Die uitsondering in hierdie geval sou die twee nie-propagandatekste wees waar die koerante, onderskeidelik die *City Press* en die *Mail & Guardian*, direk by die saak waaroor gerapporteer word, betrokke is (sien ***NP:** R65m splurge [2009]* en ***NP:** Probe City Press [2012]*). Die nie-propagandateks ***NP:** No-confidence (2017)* staan ook in hierdie verband uit aangesien die kardinale funksies duidelik rondom Zuma en die Guptas sentreer, maar word so gedoen om die groter handeling van staatskaping aan ’n internasionale gehoor te verduidelik.

In sekere propagandatekste kom daar sekere valshede voor wat as feite aangebied word en wat nie, na wete, in die nie-propagandatekste voorkom nie. Hierdie valshede kan binne die studie bepaal word met behulp van inligting wat reeds oor beide Nkandla en staatskaping beskikbaar is. Deur die katalisators te identifiseer, kan sekere spilpunte waarvolgens hierdie tekste uitgebou word, alreeds as waar of vals uitgewys word en wat ’n duidelike raam bied vir hoe ’n teks vorentoe deur die leser verstaan en geïnterpreteer behoort te word. Vergelyk byvoorbeeld die propagandateks ***P:** Open letter (2017)* waar die teks uitgebou word deur beide die fluitjieblasers in die staatskaping-geval, Hanekom

en Gordhan, valslik as opsetlike ondermyners van die ANC en Zuma voorgestel word. Indien die leser hierdie inligting vooraf kon identifiseer, sou ’n heel ander begrip van die teks by die leser tuiskom.

By nie-propaganda word katalisators gebruik om die gebeure waaroor berig word kontekstueel aan die leser te belig. Byvoorbeeld in die nie-propagandateks ***NP:*** *Stories JZ (2015)* word verslag gelewer oor wat in die Nasionale Vergadering gebeur het en alhoewel die katalisators direk oor die EFF en die DA se optrede handel, word die katalisators gebruik om die gebeure gedurende die Nasionale Vergadering kontekstueel te verklaar met behulp van ’n terugskou en vooruitskou. By propaganda word die katalisators ook vir kontekstualisering gebruik, maar soortgelyk aan die kardinale funksies, om karakters op ’n sekere manier aan die leser voor te stel. Sekere indrukke word daarom versterk deurdat die propagandis sketstyd aan spesifieke katalisators afstaan, byvoorbeeld in die propagandateks ***P:*** *Fringe benefits (2016)* word die DA se geloofwaardigheid met behulp van katalisators wat vroeëre, huidige en toekomstige betrokkenheid en handelinge ten opsigte van die Nkandla-saak uitwys, beklemtoon. Hiermee saam word daar eintlik ’n teenstelling gevorm met Zuma as die oorsaak vir die Nkandla-sage en katalisators word gebruik om aan te toon dat belasting wel van hom geëis kan word.

Soortgelyk hieraan sou nie-propagandatekste wees wat katalisators gebruik om ’n soort waarskuwing oor ’n sekere karakter aan die leser uit te reik, of die omstredenheid van die karakter aan die leser uit te wys. Byvoorbeeld, in die nie-propagandateks ***NP:*** *No-confidence (2017)* word ’n lys katalisators ingevoeg om sodoende Zuma se omstrede agtergrond as aanloop tot staatskaping aan die lesers uit te wys.

Met behulp van die narratologiese middele, storie en verhaal, kan die belangrikste storie-elemente chronologies uiteengesit word. Op hiérdie manier word dit duidelik watter soort informasie aangaande gebeure en karakters wat daarby betrokke is, aan die leser met behulp van die verhaal bekend gemaak word. Deur die storie as vertrekpunt te gebruik, kan die propaganda-analis ’n duideliker beeld vorm van 1. wat belangrik is om tydens die analise aan aandag te gee, en 2. hoe die propagandis gebeure en karakters uitbou om sy of haar opgestelde weergawe van die realiteit aan die ontvangers te bied.

In die volgende vlak word die wyse aangespreek waarop die betrokke partye by die gebeure en handelinge binne ’n teks aan die leser bekendgemaak word.

<u>VLAK 2 – KARAKTERS</u>

- *egte indekse (buite- en binne-teks)*
- *informatiewe*

Wanneer dit by karakters kom, steun nie-propagandatekste meer op informatiewe en propagandatekste meer op egte indekse. Wanneer indekse in ’n nie-propagandateks voorkom, is dit dikwels in-teks toegeken en daarom nie direk van die outeur se kant af nie. Daar is ook nie-propagandatekste wat buite-tekstuele indekse gebruik waar die outeur direk ’n indeks aan ’n sekere karakter toeken, byvoorbeeld in die tekste ***NP:*** *Ahead of tender (2017)* en ***NP:*** *Nkandla, Gupta (2016)*. ’n Verskil tussen die twee groepe tekste op hierdie punt sou kon lê in die “sekerheid” waarmee die outeur dit teenoor die propagandis aanbied. In hierdie tekste, soos genoem, word die indekse as moontlikhede aangebied teenoor indekse wat in propagandatekste as seker en daarom as feite aangebied word, byvoorbeeld in die teks ***P:*** *Zuma uithou (2016)* waar ekonomiese kenners met behulp van ’n indeks as korrup voorgestel word sonder die moontlikheid van ’n alternatief.

Hierteenoor is indekse in propagandatekste dikwels buite-teks toegeken en weerspieël daarom meer direk die propagandis se oordeel van die karakters. Byvoorbeeld, in die teks ***NP:*** *Wat nou? (2014)* word heelwat indekse gebruik om karakters voor te stel. Onder meer word die ANC as skuldig en die ANC-parlementslede as kortsigtig voorgestel, maar beide hierdie indekse word deur die opposisiepartye toegeken en nie direk deur die teksouteur nie.

Hierteenoor weer word daar in die langste teks ***P:*** *Fringe benefits (2016)* slegs buite-teksindekse aangedui en slegs een informatief. Die informatief speel opsigself die rol om Zuma aan die leser as skuldig voor te hou deur deurlopend aan te dui dat hy belastinggeld verskuldig is. Vlak 2 lyk ook of dit as ’n hulpbron kan dien om ’n witpropagandateks te identifiseer. Die teks ***P:*** *Fringe benefits (2016)* is ook ’n teks wat oor die algemeen poog om die informatiewe aard van nie-propagandatekste na te boots. Selfs binne só ’n propagandateks word karakters eerder met indekse aangebied as met informatiewe. Laasgenoemde sou tipies die verwagte vorm wees by hierdie tipe teks. Dit wil voorkom, ongeag die soort propaganda, of die gebruik van propagandategnieke soos inspeel op emosies, polarisering, etikettering en disfemisme op hierdie vlak duidelik na vore kom. Byvoorbeeld, wanneer die ANC in die propagandateks ***P:*** *Electoral Court (2014)* met behulp van egte indeks 4 en indeks 5 die DA as leuenaars en onbetroubaar voorstel.

Die verskil in die gebruik van in-teks en buite-teksindekse, vertoon die belangrikheid van outeursbetrokkenheid soos in Hoofstuk 4 meer vanuit ’n vormlike hoek verder bespreek en later in die linguistiese analise ondervang word. Karakters kan daarom dikwels gebruik word om die propagandategniek onder- en oorbeklemtoning “card stacking” te doen met behulp van ander propagandategnieke soos etikettering, polarisering (daarom disfemisme) en sodoende ’n vereenvoudigde weergawe van die realiteit aan te bied. Die gebruik van simboliek kom ook na vore by karakters waartydens die polariseringstegniek dikwels uitspeel in ’n “held”-teenoor-“skurk”-verhaal met ’n sekere groep (dikwels die teikengroep) wat soms as die benadeelde of “slagoffer” aangedui word in ’n teks. Op hierdie punt kan ’n analise van metafore handig te pas kom.

Meer kennis van hoe ’n outeur en propagandis op verskillende maniere gebeure of handelinge en die betrokke karakters in ’n teks inbou, lei reeds tot ’n goeie begrip van wat die doel van ’n nie-propaganda en propagandateks mag wees. Antwoorde op waarom gebeure en karakters op ’n sekere manier uitgebeeld word, help die analis om die outeur of propagandis se doel met ’n teks beter te verstaan.

<u>VLAK 3 – DOEL VAN TEKS</u>

- voordeel vs nadeel
  - *slegs tot voordeel van die propagandis (propaganda)*
  - *tot voordeel van beide partye (nie-propaganda)*

Die verskil in die doel van ’n nie-propaganda- en propagandateks lê in wie by die uitkoms van die doel bevoordeel word of nie (vgl. Hoofstuk 2). By propaganda word die teks saamgestel met die doel om die propagandis te bevoordeel en in die proses tot daardie doel, word sekere individue of groepe ook moontlik bevoordeel, maar nie noodwendig die teikengroep nie. Hierteenoor hou die doel van nie-propaganda nie ’n voordelige effek vir die outeur van nie-propaganda soortgelyk aan dié van ’n propagandateks in nie. Die uitkoms van ’n nie-propagandateks kan gereken word as tot voordeel van beide die outeur en die teikengroep.

Met genoeg kennis van beide vlak 1 en vlak 2 van die model, kan hierdie doel dikwels heel akkuraat bepaal word. Byvoorbeeld, in die teks ***P:*** *Public Protector report (2014)* word sekere inligting weggesteek om die leser gerus te stel dat die ANC in beheer is, maar sodoende die ANC en verál Zuma te beskerm. Indien die leser besluit om die teks as geloofwaardig aan te neem en nie verder navrae te

doen nie, sou dit op daardie tyd tot voordeel vir die party gewees het deurdat hulle meer tyd het om te besin hoe vorentoe en vir sekere lede wat voordeel uit korrupsie trek, daardie voordeel sou kon voortbestaan. Binne ’n groter stel doelwitte sou die ANC ook hul geloofwaardigheid makliker kon behou en sodoende stemme vir die party kon behou.

’n Meer direkte voorbeeld kom in die teks ***P:*** *Fringe benefits (2016)* voor waar die teks só opgestel word om die ANC en Zuma, met behulp van akkurate informasie, in ’n negatiewe lig te stel, terwyl die DA hulself sodoende in ’n goeie lig stel en aan die einde van die teks ’n direkte oproep tot die leser doen om vir die DA te stem. Die DA word bevoordeel deur ’n ekstra stem te kry en dit is onseker wat die leser daaruit sou kry, hetsy voordeel of nadeel. In hierdie geval is dit belangrik om vooruit te wys na waarom dit belangrik is dat propagandatekste ook geklassifiseer kan word as wit-, grys- of swartpropaganda soos in vlak 5 gedoen word. Die uitspeel van die doel van hierdie soorte propaganda sou daarom ook aanleiding kon gee tot die soort uitkoms van ’n doel. As voorbeeld van ’n swartpropagandateks sou die teks ***P:*** *Open letter (2017)* gebruik kon word deurdat die doel van die teks so opgestel is dat indien die lesers by hierdie doel inkoop, die outeur homself bevoordeel en indien hy skuldig is sy medeskuldiges, soos sy pa, ook bevoordeel. Hierdie doel staan teen die agtergrond van die hele Bell Pottinger-skandaal wat op sigself opgestel was om tot nadeel van die Suid-Afrikaanse volk rassisme aan te vuur om aandag van staatskaping te deflekteer.

Met nie-propagandatekste is die doel heelwat meer gematig en die oproep tot ’n handeling nie so spesifiek of duidelik nie, aangesien dit hoofsaaklik neerkom op of die leser die teks glo of nie en die uiteinde betroubaarheid van ’n koerant of joernalis se werk kan affekteer. Daar kan ook tekste wees wat nader aan die grens tussen nie-propaganda en propaganda lê al is tekste wat op die grens lê, reeds weggelaat nog voor die analise gedoen is. ’n Teks soos ***NP:*** *Nkandla, Gupta (2016)* vertoon as ’n teks wat opgestel is om die leser te informeer oor gebeure waarby die leser nie teenwoordig kon wees nie. Indien die leser die outeur glo, is daar nie noodwendig ’n direkte voordeel vir die outeur daarin nie.

’n Teks wat tóg nader aan die grens lê tussen nie-propaganda en propaganda, is die teks ***NP:*** *Probe City Press (2012)* waar *City Press* ’n saak beskryf waarby die koerant direk betrokke is en deur Nxesi gekritiseer word oor dokumentasie wat *City Press* “onregmatig” bekom het. Indien die leser *City Press* se kant kies, sou dit beslis voordelig vir hulle kon wees, maar binne die groter raamwerk van die Nkandla-gebeure, is hierdie inligting beslis ook voordelig vir die leser gewees. In die artikel sou die outeur ook van sekere propagandategnieke gebruik kon maak, byvoorbeeld etikettering, om Nxesi so te laat sleg lyk, maar volg ’n heel neutrale benadering en maak dikwels gebruik van direkte aanhalings en laat Nxesi sodoende self in die teks “praat”. Die risiko bestaan wel dat ’n outeur inligting só selekteer dat Nxesi se woorde byvoorbeeld buite konteks aangehaal word, wat meer na ’n propagandategniek neig. Die voordeel, soos reeds genoem, wat ’n saak soos Nkandla en staatskaping inhou is dat betroubare tekste en inligting reeds hier rondom bekend is en kan die tekste wat geanaliseer is hierteen getoets word. Feitelike akkuraatheid in ’n teks speel ’n belangrike rol om ’n oordeel te kan vel oor die doel van ’n teks.

<u>VLAK 4 – FEITELIKE AKKURAATHEID</u>

- *tipe informasie: informasie, waninformasie, disinformasie*

Alhoewel die feitelike akkuraatheid van ’n teks op elke vlak voorkom as middel om te bepaal hoe die outeur of propagandis kies om die realiteit aan die leser uit te beeld, word dit wel afsonderlik hanteer as een van die bepalende faktore van die aard van ’n propagandateks soos in vlak 5 bespreek word. In die teks ***NP:*** *Ahead of tender (2017)* is ’n teks wat feitelik akkuraat voorkom, van informasie gebruik maak en nagegaan sou kon word met behulp van dokumente wat gedurende die Nkandla-verhore opgetrek is. Die verhore is wel intussen uitgestel tot verdere kennisgewing, daarom is ’n finale

dokument nog nie beskikbaar nie (Savides, 2017). Die outeur maak ook deurlopend gebruik van verwysings en bied dikwels self net genoeg inhoudelike teks om hierdie verwysings met mekaar te verbind en die verwysings binne konteks te plaas, byvoorbeeld: “Legwabe on Wednesday said the process was not fair, transparent, adequate nor cost effective because 'it did not allow other bidders to bid’ and 'the tender was not advertised’.”

Hierteenoor berus ’n propagandateks soos ***P:** Open letter (2017)* eerder op aannames wat as feite aangebied word en maak nie van direkte verwysings in die teks gebruik nie en kan daarom as ’n teks met disinformasie beskou word. Selfs hierdie teks kan ook gemeet word teen inligting wat reeds beskikbaar oor die staatskapingsaak beskikbaar is. Edward Zuma wil byvoorbeeld voorgee dat Bell Pottinger valslik deur Gordhan aangekla is dat die maatskappy ’n storie opgemaak en Suid-Afrika negatief beïnvloed het. Inligting wat oor die saak beskikbaar is, bewys wel die teendeel en Bell Pottinger het hul eie optrede bevestig deurdat hulle om verskoning gevra het daarvoor (vgl. ANCIR, 2017a; ANCIR, 2017b; Cameron, 2017; Mayes, 2017; Scorpio, 2017).

Feitelike akkuraatheid word nie slegs geskei tussen nie-propagandatekste en propagandatekste nie, maar akkurate informasie kan ook in propagandatekste voorkom. Informasie in ’n teks dien as ’n generiese gebruiksmiddel vir alle tekste, maar kan ook vir ’n spesifieke doel in propagandatekste aangewend word. Byvoorbeeld, in die teks ***P:** Fringe benefits (2016)* maak die DA van goed-gestruktureerde informasie gebruik om die betroubaarheid van hul teks te verhoog. Propagandatekste soos hierdie een boots media-teksdiskoers na en sluit aan by propagandategnieke soos in vlak 6 bespreek word.

Wanneer die aard van die informasie in tekste asook die beskikbaarheid van informasie rakende die outeur van ’n teks saam oorweeg word, kan propagandatekste onderskeidelik as wit-, grys- of swartpropaganda bestempel word.

VLAK 5 – TIPE PROPAGANDA

- witpropaganda, gryspropaganda, swartpropaganda

Die tipe propaganda moet ook teen die agtergrond van die doel van ’n teks geïnterpreteer word. Die voorbeelde in vlak 4 sou hier gebruik kon word ter illustrasie van tipes propaganda. As vertrekpunt sou die teks ***NP:** Ahead of tender (2017)* gebruik kon word. Die teks maak gebruik van informasie en die outeur is bekend (Mxolisi Mngadi) en sou daarom nie as propaganda geklassifiseer word nie. Hierteenoor kan die teks ***P:** Palace upgrades (2016)* as witpropaganda grensend aan gryspropaganda sorteer word, aangesien die teks se outeur bekend is, korrekte informasie in die teks ingesluit word, maar sommige stellings nie noodwendig deur die nodige materiaal ondersteun word nie. Die propagandateks ***P:** Ware skuldiges (2014)* kan as gryspropaganda grensend aan swartpropaganda geklassifiseer word aangesien die outeur bekend is (Manfred Delport), sommige informasie kan as waninformasie beskou word, maar die veralgemenings wat oor swartmense gemaak word kan selfs as disinformasie geklassifiseer word en vertoon daarom ooreenkomste met swartpropaganda. Die teks ***P:** Open letter (2017)* sou as swartpropaganda geklassifiseer kon word. Alhoewel die outeur bekend is (Edward Zuma), word die teks opgestel om die teikengehoor om die bos te lei deur van disinformasie rakende Hanekom, Gordhan en veralgemenings oor witmense te maak. Die teks ondersteun dus die idee van ’n “groot leuen” wat aan die Suid-Afrikaanse gemeenskap met behulp van Bell Pottinger verkoop is.

Wanneer tekste op hierdie stadium van die toepassing van die model as nie-propaganda of propaganda geklassifiseer is, kan die propagandategnieke van die propagandatekste geïdentifiseer word.

VLAK 6 – PROPAGANDATEGNIEKE

- tegnieke (*Institute for Propaganda Analysis*)
- emotief of rasioneel

In propaganda wil dit voorkom of etikettering en daarmee saam polarisering twee belangrike tegnieke vorm wat onder die idee van disfemisme sou kon val. Die tegnieke kom duidelik na vore wanneer veral buite-teksindekse gebruik word, byvoorbeeld in die teks ***P:** Open letter (2017)* waar Gordhan as ’n hoogverraaier en ’n rassis deur die propagandis afgemaak word. Hierdie tegnieke hang ten nouste saam met die gebruik van emosies om ’n leser tot die verkose standpunt oor te haal om die leser uiteindelik tot aksie te laat oorgaan. Byvoorbeeld, wanneer Zuma vir Gordhan as ’n hoogverraaier en rassis afmaak, poog hy om Gordhan die fokus van sy (Zuma) teikengroep se negatiewe emosies soos haat of afsku te maak. Op hierdie manier kan innuendo en defleksie ook geïmplimenteer word en uiteindelik werk hierdie tegnieke saam tot onder- en oorbeklemtoning (card stacking).

Soos reeds in vlak 4 aangetoon is, kan propagandateksteook van ’n rasionele benadering gebruik maak om op hierdie manier die teikengroep se vertroue te wen deur die teks as betroubaar te laat voorkom.

Onder- en oorbeklemtoning sou ook op ’n informatiewe vlak in propagandatekste nagegaan kon word aangesien die propagandis net die inligting in ’n teks beskikbaar stel soos wat dit sy of haar doel met die teks die beste dien. Byvoorbeeld, in die teks ***P:** Electoral court (2014)* word slegs ’n gedeelte van die Openbare Beskermer se gevolgtrekking in haar verslag as die waarheid aangebied om op hierdie manier die president se onskuld te oorbeklemtoon.

Wanneer die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel in geheel oorweeg word, raak die verweefde aard van tekste opnuut duidelik. Die een faktor gee aanleiding tot die volgende en moet gelyk gebruik word om so korrek as moontlik met gevolgtrekkings en afleidings om te gaan. Die verskillende vlakke van die model moet daarom in hierdie lig gebruik en verstaan word, maar is tog afsonderlik uitgeengesit om die analisering van tekste so sistematies en konsekwent as moontlik te doen.

3.7 Teksseleksie en betroubaarheid

Voorafgaande tot die nie-linguistiese analise is tekste geselekteer deur eers ’n groter groep teksmoontlikhede op die oog af te identifiseer na aanleiding van inligting wat reeds oor die inhoudelike eienskappe van propagandatekste bekend is. Indien ’n teks ’n té naby grensgeval is, is die teks uit die versameling tekste weggelaat. Die tekste is gekies vanuit genres met soortgelyke eienskappe en vanuit tekssoorte wat vanweë die aard daarvan, nie-propagandatekste en propagandatekste sou oplewer. Hierdie teksgenres sluit koerantberigte aan die nie-propaganda-kant en persverklarings, rubrieke en ’n ope brief aan die propaganda-kant in. Tekste is gekies met die doel om van verskillende outeurs en teksbronne gebruik te maak sodat ’n individu of ’n mediagroep se styl nie ’n te groot invloed op die tekste het nie. Tekste is verder na aanleiding van hul temas en lengte gesif om sodoende ’n meer konsekwente en betroubare vergelyking tussen die teksgroepe te tref. Agt tekste is aan die nie-propaganda- en die propagandakant geselekteer met ses Engelse en twee Afrikaanse tekste aan ’n kant met die doel om afleidings wat eie aan ’n spesifieke taal is, te voorkom.

Die nie-linguistiese analise word met behulp van ’n gestruktureerde model gedoen en beide groepe tekste word met dieselfde model geanaliseer. Hierdie analise word deurlopend met behulp van interbeoordelaarskontrole gedoen. Die model is ook saamgestel deur faktore wat ooreenstem tussen die inhoudelike eienskappe van propaganda, reeds bestaande propaganda-analiseringsmodelle en die

narratologie as oorbruggingsraamwerk tussen die inhoudelike en vormlike. Deur nie slegs van een teoretiese benadering gebruik te maak nie, kan hierdie raamwerke gebruik word om ’n soort triangulasie binne die model op te stel. Ter illustrasie van die model se betroubaarheid moes die navorser na ’n aanvangsanalise waarbinne ’n sekere teks as nie-propaganda voorgekom het, die teks na afloop van ’n nie-linguistiese analise uit die versameling haal aangesien die model die teks anders geklassifiseer het.

3.8 Samevatting en gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk word navorsingsvraag 1 beantwoord. Hoofstuk 2 bied die teoretiese agtergrond vir die definiërende nie-linguistiese eienskappe van propaganda. Hierdie nie-linguistiese eienskappe word in Hoofstuk 3 met behulp van die narratologie uitgebou in die vorm van die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel. Die model vorm doelstelling 1 (a) in die studie en die funksie daarvan, naamlik om tekste as propaganda of nie-propaganda te sorteer, vorm doelstelling 1 (b). Aangesien beide groepe tekste met behulp van die model geanaliseer word, word ooreenkomste en verskille tussen propaganda- en nie-propagandatekste op elke vlak van die model sigbaar.

Om ’n nie-linguistiese (inhoudelike) analise te doen ten einde tekste as propaganda of nie-propaganda te sorteer, is ’n model nodig om sistematies die moontlike doel van ’n teks te bepaal. Indien die doel slegs tot voordeel van die propagandis en geassosieerde partye is, kan die teks as propaganda sorteer word. Indien die teks die moontlikheid van voordeel vir die outeur én die teikengroep inhou, kan die teks as nie-propaganda gegroepeer word.

Ter verdere kontrole en om propagandatekste se nie-linguistiese eienskappe beter te verstaan, kan ’n nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel handig te pas kom. Die model kan saamgestel word deur van twee teoretiese bronne gebruik te maak: die inhoudelike inligting wat reeds oor propaganda bekend is deur faktore te identifiseer wat aanleiding tot die doel van ’n teks gee en geselekteerde faktore vanuit reeds bestaande propaganda-analiseringsmodelle. Deur kontekstuele faktore van gebeure vas te stel kan die outeur of propagandis se manier om informasie te hanteer, bepaal word: word daar van informasie, waninformasie of disinformasie gebruik gemaak? Ter oorbrugging tussen die linguistiese en die nie-linguistiese van ’n teks, sou die narratologie as tweede teoretiese bron gebruik kon word om die belangrike inhoudelike aspekte van ’n teks te identifiseer wat op ’n linguistiese vlak, navolgenswaardige, vormlike verteenwoordigers in ’n teks gaan hê.

By die inhoudelike van propaganda is die eerste stel analiseringsmaatstawwe kontekstuele inligting wat op ’n groter, politiese en meer spesifieke vlak belangrik is om die plasing van die tekstuele gebeurtenisse te verstaan en te interpreteer. Een van die moontlike aanduiders van ’n propagandadoel sou ’n diskrepansie wees tussen “ware” gebeure en die manier waarop ’n propagandis hierdie gebeure aanbied. Om die doel van ’n teks te bepaal sou twee vrae gevra kon word: (1) word die teikengroep opgeroep tot ’n spesifieke handeling of (2) tot doelbewuste passiwiteit? Sou hieraan gehoor gegee word, is daar ’n begunstigde?

Om hierdie vrae te beantwoord, kan reeds bestaande modelle gebruik word as ’n vertrekpunt. Vier verskillende modelle is ondersoek: Jowett en O’Donnell (2012) se propaganda-analiseringsplan; Black (2001) se ses stappe waarvolgens propaganda opgestel en verstaan kan word; die Weermag van die Verenigde State van Amerika se SCAME-benadering (PSYOP, 2003) en George (1959) se uiteensetting om die verskillende komponente van ’n propaganda-analise-afleiding en die verhouding tussen hierdie komponente voor te stel.

In Jowett en O'Donnell (2012) se model word daar op Stap 2 en Stap 10 gefokus aangesien die konteks, gevolge en evaluering 'n belangrike rol speel met die konteks wat as agtergrond dien om die effek van propaganda te bepaal wat ook aanleiding kan gee tot die doel van propaganda. In Black (2001) se model kan die ses stappe soos volg saamgevat word. Die propagandis kan staatmaak op outoriteitsfigure om betroubaarheid aan 'n saak te gee en 'n impak op 'n teikengehoor te maak, eerder as om op die feitelike te steun. In-groepe en uit-groepe word geskep wat dui op vaste idees of kategorieë en situasies word vereenvoudig deurdat 'n meerledige kousaliteit van gebeure geïgnoreer word. Sekere tydsperspektiewe word in propaganda oor- en onderbeklemtoon en 'n groter klem word op konflik eerder as samewerking geplaas.

In die SCAME-benadering (2003) word daar hoofsaaklik op die belangrikheid van kontekstuele inligting gefokus waaronder die doel van die propagandastuk ook sorteer. In George (1959) se propaganda-model val die klem ook op die belangrikheid van die konteks en op watter vlakke dit bepaal moet word. George (1959) se model fokus wel tot 'n groot mate op linguistiese aspekte van propaganda en is daarom net tot op 'n punt bruikbaar by die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel. Die bogenoemde modelle kan almal gebruik word om tekste wat reeds as propaganda geïdentifiseer is, mee te analiseer. Die verskil tussen hierdie modelle en die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel is dat laasgenoemde model gebruik moet word om tekste te identifiseer as propaganda of nie-propaganda eerder as om op grond van slegs 'n ingeligte aanname (wat wel stap 1 gevorm het tydens die uitkies van geskikte tekste vir analise) oor die tipe teks te maak voordat 'n analise gedoen word. Die modelle dui wel steeds belangrike faktore aan wat nodig is vir analise van propaganda en selfs ook op 'n talige vlak in gedagte gehou moet word vorentoe. Teen die agtergrond van die bespreekte modelle kan sekere voordele van die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel uitgelig word.

Alhoewel die modelle na die doel van 'n teks as 'n bepalende faktor verwys, kan die nie-linguistiese model wat ontwikkel word moontlik met meer duidelikheid aandui wat die doel van 'n sekere teks is deur 'n stel faktore in ag te neem wat hierdie doel sou kon wees. Die model bied daarom 'n meer konkrete manier om die aard van die doel in 'n teks te bepaal. Die model bied verder ook die geleentheid aan die navorser om selfs 'n groter objektiewe afstand te handhaaf ten opsigte van die identifikasie van 'n teks as propaganda of nie-propaganda. Met behulp van die model word daar nie net 'n aanname gemaak of 'n teks propaganda is of nie, maar word sistematies as die een of die ander geïdentifiseer.

Wanneer propagandatekste geanaliseer word, is tyd in praktyk (byvoorbeeld in oorlogsituasies) dikwels beperk. Die model sou as 'n sif kon optree om vas te stel of 'n teks propaganda is of nie en daarom die moeite werd is om te ontleed. Wanneer die model toegepas word om te bepaal wat die aard van 'n sekere teks is, word die analise ook reeds gedeeltelik voltooi wat vir verdere ontleding nuttig is. Laastens is die model meer toeganklik vir die propaganda-analis in die dat slegs kernfaktore wat nodig is om 'n teks te klassifiseer, deel van die model vorm. Die model maak ook van maklik verstaanbare, algemene aspekte gebruik as sommige van die ander modelle.

Die sterk verhouding wat tussen taal en die narratologie binne die Franse Strukturalisme na vore kom, bied die geleentheid om van Barthes (1975; 1977) se narratologiese model gebruik te maak om die inhoudelike van tekste na te gaan. Die model stem breedweg ooreen met metafunksies deurdat die funksies van 'n teks ooreenstem met die ideasionele metafunksie in die dat beide na bepaalde gebeure verwys. Aangesien handeling volgens Barthes rondom karakters sentreer, stem handeling ooreen met die interpersoonlike metafunksie. Vertelling stem met die tekstuele metafunksie ooreen as representasie op tekstuele vlak. Barthes se onderskeid tussen hooffunksies en indekse kan help om 'n teks volgens die storie (fabula) en verhaal (sjužet) in te deel. Op hierdie manier kan gebeure

chronologies gestruktureer word, sonder sekere narratiewe eenhede wat as “verpakking” gebruik word, om te bepaal hoe die outeur of propagandis die gebeure aanbied.

Katalisators speel by ontleding ’n belangrike rol aangesien hierdie funksies help met die chronologiese plasing van gebeure, maar ook deur die outeur of propagandis gebruik kan word om sekere temas binne ’n bepaalde lig aan die leser te stel. Waar funksies op ideasionele vlak inhoudelike inligting van ’n teks bied, kan die indekse gebruik word om handelinge met betrekking tot die karakters wat daardie handelinge uitvoer, beter te verstaan. Deur die uitbeelding van karakters te verdeel en telkens die egte indekse en belangrike informatiewe van elke spesifieke karakter in die teks te identifiseer, kan heelwat geïdentifiseer word rakende die manier waarop karakters aangebied word. Die manier waarop ’n outeur besluit het om sekere karakters uit te beeld raak duidelik – het die outeur byvoorbeeld besluit om sekere karakters positief en ander negatief uit te beeld om sy of haar saak te versterk? Indien egte indekse deur een karakter aan ’n ander karakter binne ’n teks toegeskryf word, kan die indeks ’n teks-interne indeks genoem word. Dit is moontlik dat vanuit die aard van propaganda- en nie-propagandatekste, ’n propagandateks eerder van egte indekse en ’n nie-propagandateks eerder van informatiewe gebruik sou maak om karakters ten opsigte van mekaar en gebeure te plaas.

VLAK 1 en VLAK 2 dien saam as kontekstuele inligting. Die onderskeid tussen storie en verhaal in VLAK 1 bied die analis die geleentheid om die volgorde van gebeure vas te stel voor ’n geïnterpreteerde weergawe daarvan deur die outeur of propagandis aangebied word. In VLAK 2 kan egte indekse en informatiewe gebruik word om te verstaan hoe ’n outeur of propagandis karakters teenoor die leser uitbeeld. Egte indekse kan buite-teks toegeken word, met ander woorde direk deur die outeur of propagandis of dit kan binne-teks toegeken word, dit wil sê deur een karakter aan ’n ander binne die teks self. ’n Propagandis maak meer op egte indekse staat en ’n nie-propagandis eerder op informatiewe. Die rede hiervoor sou wees omdat ’n propagandis byvoorbeeld met behulp van tegnieke soos etikettering, sekere karakters sleg moet laat lyk om ander (die propagandis se kant) weer op te hemel. Hierteenoor fokus ’n outeur (soos ’n joernalis) eerder daarop om die karakters in die teks so objektief as moontlik aan die leser te “informeer” tensy die outeur byvoorbeeld die leser teen iemand se optrede wil waarsku.

Teen die agtergrond van VLAK 1 en VLAK 2, kan die doel van ’n teks op VLAK 3 bepaal word. Met behulp van vrae soos: “Word ’n sekere groep opgeroep tot aksie of passiwiteit?” en “Wie is die begunstigde(s)?” kan vasgestel word of slegs die outeur en geassosieerde partye voordeel trek en indien wel, dat só ’n teks propaganda is. Indien die reaksie op ’n teks voordelig vir beide die outeur en die leser is, sou die teks as nie-propaganda gereken kon word. Ter bevestiging of ’n teks ingerig is om te mislei (sien prosesvlakke van propaganda in Hoofstuk 2) kan die feitelike akkuraatheid van ’n teks sover as wat dit moontlik is, gedurende VLAK 4 van die analise bepaal word. Word informasie korrek aangebied? Of is die outeur besig om waninformasie of disinformasie te gebruik om die leser ’n rat voor die oë te draai? Alhoewel informasie op nie-propaganda kon dui, kan informasie soms gebruik word in propaganda om betroubaarheid vir ’n teks te bewerkstellig (sien prosesvlakke van propaganda in Hoofstuk 2). Op grond van informasie rakende die propagandis en die soort informasie in ’n teks, sou propagandatekste verder as ’n sekere soort propaganda geklassifiseer kon word: witpropaganda, gryspropaganda of swartpropaganda.

In VLAK 6 kan beide groepe tekste ondersoek word volgens die teenwoordigheid van propagandategnieke. Indien daar wel propagandategnieke in propagandatekste gevind word, dien die tegnieke as bevestiging van die teks se aard. Indien daar tegnieke in ’n nie-propagandateks gevind word, moet die tegniek verder ondersoek word aangesien daar moontlike regverdigings kan wees,

byvoorbeeld dat die tegniek in ’n bron se direkte woorde voorkom, maar indien daar nie verdere “regverdigings” hiervoor gevind kan word nie, moet die teks in geheel heroorweeg word.

Die tekste in die studie is geselekteer deur ’n informele en bondige aanvangsanalise te doen waarna tekste volgens lengte en tema geselekteer is. Die proses is ook begin deur tekste volgens “stereotipiese” verwagtinge te soek en in genres wat in hul aard redelik ooreenstem, byvoorbeeld deur persverklarings aan die propagandakant te soek en nuusartikels aan die nie-propagandakant. Die analise is betroubaar aangesien beide groepe tekste onderwerp is aan dieselfde analiseringsmetode en met behulp van ’n nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel wat konsekwentheid binne die analises waarborg. Die analises is ook met behulp van interbeoordelaarskontrole gedoen en deur verskillende teoretiese vertrekpunte te gebruik wat tog oorvleuel, rus die model op ’n getrianguleerde stel inligting.

Met agt tekste wat na afloop van die nie-linguistiese analise as propaganda en agt tekste as nie-propaganda geklassifiseer kon word, kan ’n linguistiese analise op beide groepe tekste uitgevoer word om sodoende reeds geïdentifiseerde linguistiese eienskappe van propaganda te evalueer en verder te ondersoek.

Hoofstuk 4 – Linguisties-teoretiese raamwerke

4.1 Inleiding

In Hoofstuk 2 is die agtergrond geskets tot die reeds toegekende eienskappe van propaganda op ’n nie-linguistiese sowel as ’n linguistiese vlak, veral met betrekking tot propaganda wat in teksformaat voorkom. In die literatuur word die onderskeid tussen die nie-linguistiese en die linguistiese kenmerke nie deurgaans duidelik uiteengesit nie en dit kan problematies raak wanneer daar spesifiek op die linguistiese kenmerke van propaganda gefokus moet word om tot 'n beter begrip van die aard daarvan te kom. Deur van spesifieke teoretiese raamwerke gebruik te maak soos in hierdie hoofstuk uiteengesit word, kan hierdie onderskeid tussen die nie-linguistiese (inhoudelike) en die linguistiese (vormlike) verteenwoordigers meer spesifiek gemaak word. Sodoende kan ten eerste ’n nie-linguistiese analise van tekste gedoen word (vgl. Hoofstuk 3) om daardie tekste as propaganda of nie-propaganda te groepeer en, tweedens, om ’n suiwer linguistiese analise op beide die groepe tekste te kan uitvoer.

Een van die uitdagings verbonde aan hierdie studie is om die moontlikheid van sirkelredenering te voorkom deur seker te maak dat taal sover moontlik nie deel vorm van die proses waarvolgens propaganda geïdentifiseer word om uiteindelik net weer afleidings rakende taalelemente as sogenaamde taalkenmerke van propaganda te maak nie. Twee stelle ontledingsgereedskap is hiervoor nodig. Die eerste moet inhoudelik, en sover moontlik nie-linguisties wees om sodoende die tekste te identifiseer as propaganda of nie-propaganda. Hiérdie stel word in Hoofstuk 3 verduidelik, gekombineer in ’n nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel en toegepas deur teksanalises met behulp van die model te doen. Die tweede stel gereedskap, soos in hierdie hoofstuk bespreek, behels ’n stel geselekteerde linguistiese aspekte om die vormlike verteenwoordigers van die inhoudelike propaganda-eienskappe mee te identifiseer. Die analise hiérvan word in Hoofstuk 5 aangebied.

Deur van kritiese diskoersanalise gebruik te maak sou daar klem op die magsverhoudings tussen ’n propagandis en die ontvanger van propaganda gelê kon word, soos reeds in ander propagandastudies aangetoon is. Tog is dit moontlik dat sirkelredenasie juis in hierdie benadering voorkom aangesien tekste reeds vanuit die staanspoor met behulp van taal as propaganda geïdentifiseer kan word. Anders as in kritiese diskoersanalise word daar in hierdie studie ook ’n kontrolegroep tekste gebruik wat nie propaganda is nie. ’n Alternatiewe, nie-talige manier is dus nodig om tekste aanvanklik mee te onderskei as propaganda of nie-propaganda waarna die taalkenmerke van propaganda geïdentifiseer en gevolglik linguisties geanaliseer kan word.

Om die linguistiese elemente en die nie-linguistiese elemente van propaganda van mekaar te skei is nie eenvoudig nie, aangesien daar ’n deurlopende wisselwerking tussen die inhoudelike (as verteenwoordigend van die nie-linguistiese elemente) en die vormlike (as verteenwoordigend van die linguistiese elemente) van ’n teks is. Hierdie elemente is dikwels in die reeds bestaande literatuur van propaganda in kombinasie met mekaar as algemene kenmerke van propaganda aangebied (vgl. Hoofstuk 2).

Aangesien ’n baie belangrike deel van propaganda die doel daarvan behels, bied ’n funksionele raamwerk die geleentheid om op die doel of funksie van die gebruik van sekere taalelemente te fokus as dienend tot die uiteindelike doel van die propagandateks. Vir die onderskeid tussen die nie-linguistiese en linguistiese aspekte van ’n teks, bied die Sistemies Funksionele Linguistiek die drie verskillende metafunksies van taal, naamlik die ideasionele, die interpersoonlike, en die tekstuele funksie as hulpmiddel (Halliday & Matthiessen, 2004:15). Aangesien propaganda ’n bepaalde idee

behels wat op interpersoonlike kommunikasie staatmaak en met behulp van teks oorgedra word, bied hierdie raamwerk ideale steun vir propaganda wat in kommunikasiesituasies gebruik word, byvoorbeeld in persverklarings of selfs meningstukke wat pro-Zuma en/of pro-Gupta geskryf is.

Wanneer die onderskeid tussen propaganda en nie-propagandatekste nie-linguisties getref is, kan ’n geselekteerde groep propagandataalkenmerke, soos dit in bestaande literatuur toegeken is, aan beide groepe tekste getoets word. Binne die Strukturalisme word onderskei tussen die lineêre en die paradigmatiese verhoudings van taal (vgl. Barthes, 1968:58; De Saussure, 1915:122-123; Jakobson, 1971:117). Die implikasie hiervan is dat ’n taalgebruiker ’n besluit maak om een spesifieke taalelement aan ’n volgende te string, maar teen die agtergrond van ’n poel moontlikhede wat in daardie spesifieke posisie sou kon pas. ’n Propagandis sou daarom bewustelik sekere taalkeuses kon uitoefen om die doel van ’n propagandateks so effektief as moontlik te bereik. Tydens die analise kan die semantiese waarde van ’n woord, en die sintaktiese plasing daarvan, aanleiding gee tot ’n moontlike linguistiese kenmerkendheid van propaganda oor die algemeen. Alhoewel die keuse van linguistiese elemente van propagandis tot propagandis kan verskil, bly die hoofdoel van propaganda dieselfde wat sekere meganismes benodig op nie-linguistiese en linguistiese vlak, om uiteindelik ’n propagandateks suksesvol tot stand te bring.

Sodra die tekste as propaganda en nie-propaganda gegroepeer is, kan ’n geselekteerde aantal propaganda-eienskappe aan beide groepe tekste op sintaktiese en semantiese vlak getoets word deur moontlike linguistiese verteenwoordigers van hierdie propaganda-eienskappe met behulp van die Sistemies Funksionele Linguistiek te antisipeer met die oog daarop om vas te stel of sekere linguistiese elemente wel as kenmerkend van propaganda beskou kan word.

In dié hoofstuk word Kritiese diskoersanalise word bespreek aangesien die raamwerk wat dit bied reeds gebruik is om propaganda linguisties te analiseer. Daarna word aandag aan die Sistemies Funksionele Benadering geskenk, veral met betrekking tot die metafunksies wat bystand bied om tussen die inhoudelike en die vormlike van ’n teks te onderskei. Verder word Strukturalisme bespreek aangesien die sintagmatiese en paradigmatiese onderskeid ’n belangrike faktor is wanneer die kenmerke van propaganda oorweeg word as keuses wat deur ’n propagandis uitgeoefen word. Binne hierdie raamwerk kan die narratologie ingespan word om met behulp van Barthes se narratologiese model, ’n inhoudelike analise van die tekste uit te voer en sodoende ook insig te kry rakende die storielyn(e) van ’n teks, die handelinge en die karakters.

4.2 Teoretiese raamwerke

4.2.1 Kritiese diskoersanalise

Binne die taalkunde word propaganda grotendeels benader vanuit die kritiese diskoersanalise (vgl. Abed, 2015; Ahmadian & Farahani, 2014; Bosinelli & Maguire, 1984; Wodak, 2007). Hierdie raamwerk is ’n relevante ontledingsraamwerk vir propagandatekste, aangesien daar klem gelê word op magsverhoudinge soos wat daar duidelik in propagandakontekste kan bestaan tussen ’n propagandis en die ontvanger van propaganda (vgl. Fairclough, 2001; Gee, 2011a, b).

Fairclough (1992; 1995; 2001) bespreek die verbintenis tussen taal en magsverhoudings binne die raamwerk van diskoersanalise. In Fairclough (1992; 1995; 2001) se studies staan propaganda nie voorop nie, maar ’n duidelike verbintenis tussen propaganda en taal en magsverhoudings kan gemaak word (vgl. Fairclough, 2001:69). In *How to do discourse analysis: a toolkit* verduidelik Gee (2011a:42) dat taal nie slegs gebruik word om inligting oor te dra nie, maar ook om ander tipes handelinge te veroorsaak, te vermag of te inisieer. Hierdie eienskap van taal sluit aan by die doel waarvoor

propaganda (oor die algemeen) aangewend word, naamlik om mense te aktiveer om ’n verlangde handeling uit te voer (Ellul, 1965:180; Jowett & O’Donnell, 2012:3-4). Met hierdie doel voor oë sal die propagandis die metode selekteer waarvolgens hy of sy die effektiefste sy of haar boodskap kan oordra. Gee (2011b:7) dui voorts die belangrikheid van taal, konteks en die sosiale waarde van taal aan.

Binne die studie *A critical discourse analysis of* The Los Angeles Times *and* Tehran Times *on the representation of Iran’s nuclear program* gebruik Ahmadian en Farahani (2014) kritiese diskoersanalise om die verskil in die invloed op die diskoers van bogenoemde twee koerante as ’n produk van ideologiese verskille vas te stel. Die verbintenis tussen die media en propaganda word ook in berekening gebring (Ahmadian & Farahani, 2014:2114). Met behulp van pragmatiek en ’n kritiese diskoersanalise dui Wodak (2007) die verbintenis juis tussen pragmatiek en kritiese diskoersanalise aan. Die studie word gedoen deur van ’n toespraak van die Oostenrykse politikus Jörg Haider gebruik te maak en sodoende die kompleksiteit van anti-Semitiese sentimente in die toespraak te bepaal (Wodak, 2007:203). Propaganda word beskou as deel van ’n “aksieveld” wat tot ’n bepaalde diskoersonderwerp kan aanleiding gee (Wodak, 2007:201).

In 2015 het Abed sy PhD-studie voltooi met die titel *A critical discourse analysis of the reproduction of anti-prophet Muhammad media in selected British and American newspapers*. Gedurende sy studie gebruik Abed die reproduksie van drie gedrukte en sosiale mediagevalle, naamlik die Deense Karikatuurkontroversie (2005), die Amerikaanse rolprent *Innocence of Muslims* (2012) en die Franse Karikature (2012) in geselekteerde Britse en Amerikaanse koerante. Die studie behels ’n ondersoek na die linguistiese en ideologiese aspekte van die reproduksie van hierdie drie gevalle in geselekteerde koerante.

Waar die bespreekte studies se fokus hoofsaaklik val op taal wat geanaliseer word ter ondersteuning van ’n krities-ideologiese doel, is die fokus van hierdie studie ’n taalkundige analise om sistematiese patrone in taalgebruik self bloot te lê. Die doel van hierdie studie is om ’n veralgemening oor die linguistiese kenmerke van propaganda as tekstipe te maak deur vergelykend te werk te gaan, van verskillende soorte tekste gebruik te maak en die taalkenmerke van propaganda ook aan ’n kontrolegroep van nie-propagandatekste te toets. Op hierdie manier kan ’n betroubare metode uitgebou word om aan te dui of die taaleienskappe wat in reeds bestaande literatuur aan propaganda toegeskryf is, wel kenmerkend van propaganda is en nie dalk op ’n soortgelyke manier in nie-propagandatekste voorkom nie.

Om hierdie doel te bereik, moet ’n raamwerk gevind word waarmee die nie-linguistiese en die linguistiese (of anders gestel: die inhoudelike en die vormlike) van mekaar geskei kan word. As vertrekpunt kan tekste met behulp van die inhoudelike kenmerke van propaganda aanvanklik as propaganda of nie-propaganda gegroepeer word: groepe verskillende tekste wat binne die genre soortgelyk is aan mekaar word gebruik eerder as een – of slegs een soort – teks om afleidings rakende taaleienskappe van propaganda te maak, ’n kontrolegroep tekste word geskep waarvolgens die taaleienskappe van propaganda gekontroleer kan word en sirkelredenasie uitgeskakel word deurdat nie-talige of inhoudelike propagandakenmerke gebruik word en nie talige of vormlike kenmerke nie.

Ter samevatting word kritiese diskoersanalise gebruik om spesifieke afleidings te maak waarteenoor dit in hierdie studie nodig is om afleidings oor taaleienskappe van propaganda oor die algemeen te maak en dit daarom nodig is om ’n alternatiewe stel teoretiese raamwerke vir die analise te gebruik.

4.2.2 Sistemies Funksionele benadering

Kritiese diskoersanalise kan en is dikwels vir die ontleding van propagandatekste gebruik, maar slegs vir spesifieke tekste, en bied nie die gereedskap om met veiligheid meer algemene afleidings rakende die linguistiese kenmerke van propaganda te maak nie. Kritiese diskoersanalise kan breedweg belyn met ’n Sistemies Funksionele benadering wat met behulp van die metafunksies van taal wel die nodige onderskeid tussen die inhoudelike en vormlike van taal tref (vgl. Halliday & Mathiessen, 2004; Martin & White, 2005).

Binne die Sistemies Funksionele benadering tot linguistiek word funksionaliteit as intrinsiek tot taal beskou – met ander woorde die ontwerp van taal word ingerig volgens funksie – en taal word ontleed met betrekking tot die gebruik daarvan (Halliday, 1970:141; Halliday & Matthiessen, 2004:31). Met ’n versmelting tussen strukturalisme en funksionalisme in gedagte, verduidelik Halliday (1970:141-142) dat die grammatikale sisteem van ’n taal geassosieer kan word met die sosiale en persoonlike behoeftes wat ’n taal moet vervul. Die grammatika van ’n taal kan beskou word as ’n sisteem van moontlikhede waaruit ’n spreker of skrywer ’n opsie kies in afhanklikheid van die gebruikskonteks van ’n taalhandeling[5]. Die verskillende opsies wat tot sprekers se beskikking is, kan volgens ’n paar interafhanklike netwerke van moontlikhede geklassifiseer word wat weer ooreenstem met sekere basiese funksies wat taal verrig (Halliday, 1970:142).

Hierdie basiese funksies van taal kan daarom soos volg ingedeel word: die *ideasionele metafunksie* van taal dien as uitdrukking van “inhoud” wat verwys na die spreker se ervaring van die wêreld, insluitend die binnewêreld van sy eie bewussyn (Matthiessen *et al*., 2010:9; Halliday, 1970:143). Taal dien ook as middel om sosiale verhoudings te vestig en te onderhou en vervul daarom ’n *interpersoonlike funksie* (Matthiessen *et al.*, 2010:9; Halliday, 1970:143). Hierdie verhoudings sluit die kommunikasierolle in wat deur taal self geskep word, byvoorbeed die rol wat ’n spreker aanneem wanneer ’n vraag gestel of geantwoord word (Halliday, 1970:143). Hierdie twee metafunksies, naamlik om sin te maak van ons ervaring en om sosiale verhoudings uit te leef, vorm basiese funksies van taal (Halliday, 1970:143; Halliday & Matthiessen, 2004:29). Die derde metafunksie behels taal wat self skakels met sigself moet maak asook met faktore van die situasie waarin taal gebruik word en word die *tekstuele metafunksie* genoem (Matthiessen *et al.*, 2010:12-13; Halliday, 1970:143). Aangesien die metafunksies as talige dimensie duidelik met die buitetalige verbind word, kan die metafunksies die struktuur in die talige analise van die taaleienskappe van propaganda bied.

Tydens die nie-linguistiese ontleding van tekste vorm die doel van die teks die hoofpunt van onderskeid of ’n teks dan wel as nie-propaganda of propaganda sorteer. Dit wil sê dat wanneer die doel van ’n teks uiteindelik beide partye – die outeur en die leser – kan bevoordeel, ’n teks as nie-propaganda sorteer, maar wanneer die doel van ’n teks slegs tot voordeel van die ware outeur daarvan strek en nie ook die ontvanger van die boodskap nie, die teks as propaganda sorteer (vgl. Hoofstuk 2; 2.2.1.1). Met behulp van die ideasionele metafunksie kan ’n duideliker begrip van die outeur of propagandis se uitbeelding van gebeure en handelinge verkry word, asook hoe karakters aan die ontvanger bekendgestel word. Met behulp van hierdie metafunksie behoort die outeur se begrip van die realiteit, of in die geval van ’n propagandis dikwels ’n gekose weergawe van die realiteit, duideliker blootgelê te word.

Met dié dat ’n outeur of propagandis ’n doel met ’n teks voor oë het, kan die doel nie realiseer indien daar nie interaksie met ander mense is nie en daarom sluit dit aan by die interpersoonlike

[5] Alhoewel Pragmatiek ’n relevante en aangrensende studiegebied is, word dit nie verder bespreek nie aangesien ooreenkomstige konsepte in Sistemies Funksionele Linguistiek voorveronderstel word.

metafunksie. Hierdie metafunksie word op twee maniere in die nie-linguistiese ontleding van propaganda ten toon gestel. Eerstens word die doel van ’n teks onder meer vasgestel deur te bepaal wie die ware begunstigde is indien die ontvangers van die teks sou optree soos die outeur beoog. Hierdie bepaling sluit dus direk by die doel van ’n teks aan wat nie suksesvol kan wees indien daar nie ontvangers van die teks is nie. Tweedens word aandag geskenk aan die verskillende rolspelers na wie die outeur van ’n teks verwys en ook die manier van verwysing, naamlik positief, neutraal of negatief (vgl. die narratologiese model soos in Hoofstuk 3 bespreek).

Die tekstuele metafunksie kan weer lig werp op teks-interne tegnieke wat ’n outeur of propagandis gebruik om die tekssamehang tot voordeel van die doel van die teks te laat meewerk. Sodra die tekste as propaganda of nie-propaganda gesorteer is, kan die geïdentifiseerde taaleienskappe soos tot en met nou in die literatuur aan propaganda toegeskryf is, getoets word deur die realisering daarvan met behulp van die ideasionele, interpersoonlike en tekstuele metafunksies te bestudeer. Wanneer in gedagte gehou word dat ’n teks uit voortdurende seleksie of keuse binne die groot netwerk van sisteme bestaan, kom die waarde van ’n tekstuele analise soos in hierdie studie gedoen na vore, naamlik dat die funksionele organisasie van ’n teks se struktuur blootgelê word (Halliday & Mathiessen, 2004:23-24). Hiermee saam bied ’n tekstuele analise insig met betrekking tot watter betekenisvolle besluite deur ’n outeur geneem is, elk wat in die lig beskou word van keuses wat nie geselekteer is nie (Halliday & Mathiessen, 2004:24).

Die doel van propaganda vorm die hoof- bepalende faktor om ’n teks as propaganda of as nie-propaganda te etiketteer (vgl. Hoofstuk 2; 2.2.1.1; Hoofstuk 3; 3.1). Sistemies Funksionele Linguistiek kom handig te pas aangesien die propagandis taal op ’n funksionele manier gebruik om hierdie doel te verwesentlik, onder meer deur van propagandategnieke gebruik te maak wat ook deur taal gekonstrueer word. Voorts dien Sistemies Funksionele Linguistiek as ’n samehangende, teoretiese raamwerk om verskillende stukke taalgereedskap sistematies te kan benader, eerder as losstaande taalstukke of geïsoleerde retoriese tegnieke.

4.2.3 Teoretiese oorwegings: Sistemies Funksionele Linguistiek en taalverteenwoordigers

Met die samestelling van ’n lys propagandategnieke, kan die lys saamgevat word deur die volgende ses inhoudelike tegnieke uit te lig: *etikettering*, *simboliese oordrag*, *onder- en oorbeklemtoning*, *massa-gedrewenheid of groepsnorme*, *emosies* en *akkurate informasie* – maar hierby kan ook *leuens* ingereken word (vgl. Hoofstuk 2; 2.3.1; 2.3.2). Van die tegnieke kan elkeen verdere onderafdelings of unieke tegnieke bevat wat die oorhoofse tegniek tot by ’n punt van realisering bring. Die grense tussen die indelings is daarom redelik vloeibaar. Hierdie tegnieke word steeds teen die agtergrond van die drie prosesvlakke van propaganda verstaan, naamlik misleiding, assosiasies en konnotasies, en emosie (emotiewe taal) of informasie (rasionele taal).

By sekere spesifieke tegnieke is daar reeds vormlike eienskappe in die literatuur geïdentifiseer wat as deel van ’n vertrekpunt vir analise gebruik kan word. Die volgende agt eienskappe word vir hul taalspesifiekheid aangedui: *beskrywingsadjektiewe*, *beskrywingsnaamwoorde*, *nasionale vorme* (*adjektiewe en naamwoorde*), *kollokasies*, *leksikale verharding*, *werkwoorde*, *adverbia* en *vae kwantitatiewe begrippe* (*kwantifiseerders*). Indien alternatiewe vormlike eienskappe of variasies tydens die analise duidelik word, word dit aangedui.

Die twee hoofwoordgroepindelings binne die Sistemies Funksionele Linguistiek word daarom as vertrekpunt gebruik en soos volg uiteengesit: nominale groep (insluitend naamwoorde, adjektiewe, voornaamwoorde en kwantifiseerders) en werkwoordgroep (insluitend werkwoorde, en modale [modaliteit], direkte en indirekte rede). Verder word aandag aan adjunkte (bywoorde, bywoordelike

bepalings en voorsetselstukke) geskenk. Hierdie taalstukke bied die materiaal om die inhoudelike en die reeds bepaalde vormlike eienskappe van propaganda-eienskappe talig te verteenwoordig.

4.2.3.1 Nominale groep

Woorde van ’n spesifieke groep is geneig om een spesifieke funksie te vervul (Halliday & Matthiessen, 2004:561). Om hierdie rede kan spesifieke woorde as behorend tot ’n spesifieke woordgroep tydens die analise van die tekste geïdentifiseer word met die oog daarop om die funksionele rol daarvan te identifiseer. Die funksie van hierdie woordgroepe kan binne die Sistemies Funksionele raamwerk vanuit ’n propagandahoek benader word, maar die taalteoretiese raamwerk self maak dit vir die analis moontlik om steeds die funksies van taal in propaganda in die konteks van die algemene rol van taal te kan interpreteer. Die nominale groep verwys na spesifieke woordklasse, naamlik die naamwoord, adjektiewe, kwantifiseerders en bepalers (Halliday & Matthiessen, 2004:520). Die naamwoord kan weer verdeel word in algemene naamwoorde, eiename en voornaamwoorde (Halliday & Matthiessen, 2004:562).

By persoonlike voornaamwoorde word die referent interpersoonlik gedefinieer en by eiename word die referent eksperiënsieel gedefinieer (Halliday & Matthiessen, 2004:325). Beide kom dus dikwels sonder verdere spesifikasie – en daarom sonder enige ander lede van die nominale groep – voor (Halliday & Matthiessen, 2004:325). Hulle kan wel soms ’n eksperiënsiële beskrywingsadjektief dra, byvoorbeeld “mooi klein Marie” of selfs beide soorte beskrywingsadjektiewe, byvoorbeeld “mooi klein Marie van Biesiesvlei” (Halliday & Matthiessen, 2004:325).

In die (Engelse) literatuur word die term *Thing* (voortaan word daarna as “ding” verwys) gebruik om na die element te verwys wat as uitdrukking van ’n spesifieke tersaaklike klas dien, byvoorbeeld *trein*, *boom*, *dier* en dies meer (Halliday & Matthiessen, 2004:312).

4.2.3.2 Naamwoorde

Die element waarna as “ding” verwys word, is die semantiese kern van die nominale groep en kan algemene naamwoorde, eiename of (persoonlike) voornaamwoorde wees (Halliday & Matthiessen, 2004:323). Eiename is name van spesifieke persone, individueel of as ’n groep, verskillende soorte instellings en plekke (Halliday & Matthiessen, 2004:323). Hierdie name kan uit een woord of meer bestaan en beskik selfs oor ’n eie, interne struktuur (Halliday & Matthiessen, 2004:323). Algemene naamwoorde is naamwoorde wat algemeen is tot ’n spesifieke klas referente (Halliday & Matthiessen, 2004:324).

Hierdie naamwoorde word gebruik om al die klasse van fenomene te benoem wat deur die taal as “dinge” gekonstrueer word en daarom as deelnemers in soorte prosesse optree (Halliday & Matthiessen, 2004:324). Naamwoorde kan volgens telbaarheid (telling of massa), lewe of nie-lewe (bewus of onbewus) en algemeenheid (algemeen of spesifiek) gemeet en ingedeel word (Halliday & Matthiessen, 2004:324). Met dié dat daar gebeure en mense by die gebeure in ’n teks betrokke is, kan naamwoorde gebruik word om gebeure en mense op ’n sekere manier aan die leser voor te stel. Die propagandis kan naamwoorde gebruik om ’n subjektiewe of gekonstrueerde beeld van die werklikheid aan die leser voor te stel wat die propagandis se doel die beste gaan dien. Met dié dat naamwoorde dus na entiteite of prosesse verwys, kan die propagandis belangrike aspekte van ’n storie, wat strek van gebeure tot karakters, beskryf deur slegs een term te gebruik. Naamwoorde bied daarom ’n soort semantiese “gerieflikheid” aan ’n propagandis deurdat een term ingespan kan word om een ding voor te stel, maar reeds op ’n spesifieke manier.

Met naamwoorde kan ’n propagandis op ’n evalueringslyn van byvoorbeeld goed of sleg die uiterste vorme kon kies om aan die een pool die opponent so negatief as moontlik voor te stel en, op die ander pool, die propagandis self so goed as moontlik voor te stel. Hierdie teenstelling sou ook met sake wat met die opponent en propagandis onderskeidelik geassosieer word, toegepas kon word. Deur van polarisering gebruik te maak om sake direk teenoor mekaar te stel, kan die outeur bepaalde naamwoorde kies wat reeds semanties teenoor mekaar staan en daarmee saam die sterkste semantiese verteenwoordigers van elke kant gebruik. Vanuit ’n semantiese perspektief word die groot semantiese potensiaal van naamwoorde van groot belang vir ’n propagandis. Naamwoorde kan deurlopend vir die evaluerende potensiaal daarvan deur die propagandis gebruik word.

In polarisering as kenmerk, kan polarisering as taalelement gebruik word om ’n eng en direk teenstellende weergawe van die kante van ’n saak te stel. Iets is ’n “ja” of ’n “nee” en die verwysing na moontlikhede tussen hierdie twee pole word uitgesluit. In ’n meningstuk oor Zuma word die volgende stelling as feit oorgedra: “Maar omdat linksheid en *liberaal-“geit”* ’n sielsieke toestand is...”[6] (***P:** Zuma uithou [2016]*). By implikasie word álle mense wat links en liberaaldenkend is, as iemand met ’n sielsieke toestand beskou of voorgehou. Die stelling word gevolglik as ’n algemeen aanvaarde feit aangebied. Hierdie implikasie sou verder deurgevoer kon word na die teenoorgestelde kant, naamlik om almal wat regs en konserwatiefdenkend is, in ’n geestesgesonde toestand te veronderstel.

Soos in die laasgenoemde voorbeelde onder polarisering duidelik word, kan ’n propagandis van sekere naamwoorde wat persone evaluerend voorstel, gebruik maak om negatiewe eienskappe aan die opposisie toe te skryf, byvoorbeeld “market fundamentalists” (***P:** Undermine Zuma [2016]*). Disfemisme word daarom as deel van ’n etiketteringsproses meer spesifiek in naamwoorde wat negatiewe eienskappe aan iemand toedig, geïdentifiseer.

Deur beskrywingsnaamwoorde in die vorm van evaluerende eiename wat ’n ekstreme vorm aandui te gebruik vir die opponerende partye teen die propagandis se saak, word hierdie partye as die uiterste pool van sekere denkraamwerke aan die ontvanger van die propaganda voorgestel. Die idee is om die ontvangers van propaganda ongemaklik te laat voel en daarom nie hulself te wil assosieer met die propagandis se opposisie of teenstanders nie en die negatiewe waardes wat die opposisie blyk te verteenwoordig nie. Edward Zuma gebruik ’n beskrywingsnaamwoord vir Derek Hanekom wat ekstremiteit veronderstel, byvoorbeeld “white racist Afrikaner” (***P:** Open letter [2017]*). Shabalala (***P:** Undermine Zuma [2016]*) maak ook van soortgelyke persoonsname vir sy teëstanders gebruik, byvoorbeeld “market fundamentalists” en “loony radicals”. In die laasgenoemde voorbeeld word die belangrikheid vir ’n propagandis in die saamgebruik van evaluerende adjektiewe en evaluerende naamwoorde reeds duidelik. Die negatiewe, disfemistiese boodskap word van die een term na die volgende beklemtoon.

Naamwoorde sowel as adjektiewe kan deur die propagandis gebruik word om iemand se nasionaliteit mee aan te dui, maar dikwels vir die rede om twee nasionaliteitgroepe te etiketteer en te polariseer en daarom disfemisme in die teks te integreer. Die bostaande voorbeeld, naamlik “Afrikaner” (***P:** Open letter [2017]*), word gebruik om spesifiek witmense op ’n spesifieke manier aan te dui en wat nie twyfel by die lesers laat na wie die propagandis verwys nie. Hierdie term het ’n negatiewer konnotasie as byvoorbeeld “witmens”, aangesien “Afrikaner” ’n sekere stereotipe oproep. Dit is asof die naamwoord die mag het om ’n mens in wese as ’n sekere iets of iemand voor te stel, teenoor ’n adjektief wat

[6] Voorbeelde word in aanhalingstekens aangedui waarna die aangewese teks se bronverwysing volg. Teikenelemente in die voorbeelde word onderstreep en soms word ’n meer spesifieke of verteenwoordigende taalelement binne ’n kollokasie verder verhelder met behulp van vetdruk.

vanuit ’n verdere afstand toegeken word aan ’n mens en daarom die ruimte laat dat iemand nie in geheel ’n sekere iets is of verteenwoordig nie.

Polarisering en disfemisme, en daarom algemene naamwoorde en beskrywingsnaamwoorde wat na persone verwys, sou ook gebruik kon word om, as ’n soort nadraai of gevolg, beskuldiging of defleksie te bewerkstellig. Wanneer ’n propagandis skuldig is, is die defleksie van skuld na ’n ander party toe – of selfs na die party toe wat die klag teen die propagandis inbring – een van die tegnieke wat gebruik kan word. Wanneer skuld gedeflekteer word, kan die propagandis van eiename gebruik maak om die opponerende party(e) as skuldig aan te toon. Op referensiële vlak sou leksikale verharding kon plaasvind deurdat sekere assosiasies wat die propagandis aan die leser wil beklemtoon, ingelei word en daarna met behulp van verskillende, verbandhoudende en selfs sinonimiese naamwoorde in die teks na hierdie semantiese assosiasies verwys word. Die ANC verwys byvoorbeeld na die DA in ’n persverklaring (***P:** Electoral Court [2014]*) as onbetroubaar deur verskillende verwysings te gebruik: “This judgement is proof of the many **lies** that the DA tells about the ANC to the people of South Africa to mask that they have nothing to offer the electorate except for a consistent anti-ANC offensive not rooted in **fact** or **reality**.” Deurdat ’n propagandis ’n opponerende party etiketteer, word die doel om ’n punt van leksikale verharding te bereik waar die geëtiketteerde party deur die leser as gelykstaande aan sekere negatiewe betekenisse verstaan en beskou word.

Naamwoorde kan deur die propagandis op so ’n manier gekies word om semanties sagter aan die ontvanger van propaganda oor te kom as ’n meer akkurate term vir die beskrywing van ’n selfstandige ding of gebeurtenis. Eufemisme vorm daarom ’n propagandategniek wat met behulp van naamwoorde bereik kan word. Byvoorbeeld die gebruik van die naamwoordkonstruksie “misrepresentation of facts” (***P:** Public Protector report [2014]*) eerder as “falsehood” of “lie” stel ’n onwaarheid in ’n sagter lig aan die leser voor. Semantiese betekenisse van naamwoorde kan ook gemanipuleer word, soos in Newspeak (vgl. Hoofstuk 2; 2.3.1).

Verskillende woordgroepe sou op hul beurt gebruik kon word om beide emosie of rasionaliteit in ’n teks te integreer. Teen die agtergrond van disfemisme en eufemisme, kan naamwoorde gebruik word om positiewe of negatiewe emosie by die ontvangers van propaganda na vore te bring. Uiteindelik word ’n besluit geneem op grond van assosiasies en konnotasies wat sekere beskouings by mense laat posvat of bevestig, eerder as rede en sodoende word die propagandis se doel bevorder. Edward Zuma maak byvoorbeeld die stelling in ’n ope brief dat Hanekom ’n hond is en naar geword het op swartmense. Hierdie terme is gekies vir hul evaluerende aard deurdat Hanekom met die naamwoord “dog” (***P:** Open letter [2017]*) direk gelykgestel word aan ’n hond en word juis uitgesoek om woede by die leser op te wek met die hoop dat die leser daarvolgens sal reageer en Zuma se saak sal steun. Die propagandis selekteer dus sekere algemene naamwoorde en persoonsname vir die semantiese waarde en uitwerking daarvan op die leser.

Soms kan daar verwarring by lesers ontstaan oor wanneer woorde op ’n beskrywende vlak funksioneer en wanneer woorde op ’n emotiewe vlak funksioneer. Só ’n verwarring sou juis tot voordeel van die propagandis se saak kon strek deurdat ’n teks betroubaar voorkom, maar verweef is met evaluerende taal van ’n subtiele aard om die teikengroep te kan beïnvloed. Die onderskeid tussen die emotiewe en informatiewe gebruik van woorde, in hierdie geval naamwoorde, is belangrik om sodoende misleiding te voorkom. Dit is moontlik dat hierdie fout, wat in ’n propagandategniek omgeskakel kan word, realiseer deurdat daar byvoorbeeld ’n mengsel van beskrywende en emotiewe woorde gebruik word om karakters aan die leser bekend te stel, maar dat propaganda meermale eerder van emotiewe as beskrywende woorde gebruik maak om sodoende die propagandis se ideologiese standpunt aan die leser oor te dra.

Naamwoorde kan ook gemanipuleer word om Newspeak te skep en daarmee mistifikasie te bewerkstellig. Deur ’n sekere naamwoord se semantiese voorkeurbetekenis herhaaldelik te gebruik en nie meer ’n alternatiewe betekenis wat ’n moontlike bedreiging vir die propagandis inhou nie, kan sekere woorde die semantiese voorkeurwaarde eerder dra en sodoende tot voordeel van die propagandis se saak gebruik word. Die naamwoordkonstruksie “white monopoly capital” (***P:** Open letter [2017]*) kan na afloop van herhaling en die herhaalde gebruik van hierdie naamwoorde in verskillende naamwoordkonstruksies, die “generiese” betekenis van die naamwoorde laat verander na ’n negatiewe konnotasie wat kritiek lewer op die sogenaamde stand van sake in Suid-Afrika.

Die semantiese waarde van naamwoorde en die gebruik van leksikale kohesie om ’n nuwe of alternatiewe betekenis by die ontvanger te vestig, het daarom ’n belangrike rol in propaganda. Nuwe naamwoorde (nuutskeppings/neologismes) sou ook nagegaan kon word om Newspeak te identifiseer en die semantiese waardes wat daardeur ondersteun word. Die nuutskeppings soos deur Delport (***P:** Ware skuldiges [2014]*) gebruik, kan as voorbeeld dien: “liggewig-Naarperskader” vir Naspers-kader en “kruiperkaner” vir Afrikaners wat “kruip” of guns soek, sluit reeds, op semantiese vlak, die outeur se voorveronderstellings in. Die prosesse wat in Newspeak betrokke is, word ook vervat in die spesifieke tegnieke: “sensuur van taalgebruik” en “skuif van terme se definisies”.

Deurlopend word dit duidelik dat dit belangrik is om nie net enkele naamwoorde in die tekste na te gaan nie, maar ook kollokasies om die betekeniskonteks vas te stel waarbinne ’n woord gebruik word. Leksikale items sou met behulp van herhaling binne ’n sekere konteks deurlopend met spesifieke betekenisse, eerder as ander, geassosieer kon word en sodoende word die “nuwe”, kontekstueelgebonde betekenis(se) die primêre betekenis(se) wat met daardie leksikale items geassosieer word. Die gevolg hiervan sou verkonkretisering as propaganda-eienskap kon wees. ’n Voorbeeld hiervan sou moontlik die kombinasieterm tussen ’n adjektief en naamwoorde kon wees soos “white monopoly capital” (***P:** Open letter [2017]*) as rede vir die land se ekonomiese probleme en “fire pool” (***P:** Public Protector report [2014]*) vir Zuma se swembad by sy huis. Kollokasies kan ook op ’n kontekstuele, tekstuele vlak van waarde wees en veral gebruik word om ’n sekere leksikale item met ander en aangrensende, semantiese betekenisse te koppel.

Wanneer hierdie leksikale item deurlopend in dieselfde kollokasies gebruik word, kan die aanvanklike betekenisassosiasie van daardie leksikale item verskuif word na ’n nuwe een of na spesifieke, reeds bestaande semantiese betekenisse van die woord. Bolinger (1980:78) verwys ook na die gebruik van kollokasies in evaluerende taal, maar lê meer klem op die geykte saamgebruik van sekere adjektiewe en naamwoorde wat as kollokasie ’n soortgelyke status aan leksikale verharding kry. Hierdie semantiese betekenisse is natuurlik deur die propagandis geselekteer om uiteindelik die doel van die propaganda te dien. ’n Voorbeeld van ’n poging tot leksikale verharding, is die deurlopende verwysing na die algemene opgraderings aan Zuma se huis as sekuriteitsopgraderings. Indien hierdie poging geslaag het, sou ’n verdere ondersoek tot die ware aard van hierdie opgraderings verhoed kon word.

Deur van naamwoorde gebruik te maak, kan gonswoorde soos “demokrasie” en “eenheid” deur die propagandis gekies word om die propagandistiese saak ’n semanties positiewe betekenis te gee. In die volgende sin, byvoorbeeld, word die ANC (***P:** Public Protector report [2014]*) direk met vegters vir integriteit gekoppel: “As the **ANC** we will continue to defend the **integrity** of the various electoral processes conducted in our country.” In die volgende voorbeeld word die ANC as vegters vir demokrasie voorgestel, ander politiese partye moet hul net hierin bystaan gedurende die verkiesingstyd: “We hope that from henceforth all parties will desist from all sorts of slander and adhere to the electoral code thus helping to strengthen our **democracy** and not spread insulting

messages...". Soortgelyk aan die beklemtoning wat evaluerende adjektiewe in saamgebruik met naamwoorde genereer, word die belangrike, semantiese rol in 'n gesamentlike gebruik met naamwoorde hier duidelik. Naamwoorde kan deur die propagandis gebruik word om op verskeie maniere semanties gemanipuleer te word om sodoende sekere assosiasies en konnotasies weg te neem of toe te voeg. Die belangrikheid van kollokasies tydens semantiese manipulasie kom steeds na vore vir twee redes: kollokasies word gebruik om nuwe naamwoorde met nuwe betekenisse te skep of ou naamwoorde met nuwe betekenisse deur kollokasies te gebruik wat daardie spesifieke betekenisse na vore bring en vestig. Die gebruik van naamwoorde in kollokasies met adjektiewe of naamwoorde en werkwoorde of selfs kwantifiseerders word 'n duidelike beklemtoningstegniek deurdat dieselfde, evaluerende idee van die een woordbetekenis na die volgende versterk word.

Die gebruik van wetenskapsdiskoers bied dikwels die vals indruk dat informasie objektief en spesifiek is en wat juis ook in 'n media-omgewing die risiko vir bevooroordeeldheid kan versterk. Informasie dien as 'n hulpmiddel om 'n teks betroubaar te laat voorkom. Sommige naamwoorde kan ook juis vir hul komplekse aard gekies word, wat dan eintlik die rol van mistifikasie met behulp van jargon vervul. 'n Voorbeeld waarin wetenskapsdiskoers in propaganda gebruik is, is in 'n persverklaring uitgereik deur die DA en wat deurweef is met akkurate feite, maar heel aan die einde word die ware doel bekend gemaak, naamlik dat kiesers vir die DA moet stem. In 'n geval, soos in hierdie studie, waar tekste wat met mekaar in vorm ooreenstem, gebruik word (byvoorbeeld persverklarings en koerantberigte), sou die propagandategniek "nabootsing van wetenskapsdiskoers" eerder "nabootsing van mediadiskoers" genoem kon word (vgl. ook Hoeken, 1998:15-16). 'n Soort objektiewe en feitelike skryfstyl wat van joernaliste verwag word, word deur 'n propagandis nagevolg vir betroubaarheid van die teks en word met onder meer naamwoorde uitgevoer. Die belangrike rol van kwantifiseerders word reeds in hierdie voorbeeld ook duidelik (sien afdeling 4.2.3.3 vir 'n volledige bespreking van kwantifiseerders). Byvoorbeeld (***P:*** *Fringe benefits [2016]*):

> In terms of the Seventh **Schedule** of the **Income Tax Act**, Act 58 of 1962 ('the Act'), Zuma owes money to SARS and by extension the people of South Africa for the benefits he derived from the **upgrade** to Nkandla.
>
> On studying and evaluating the full list of **upgrades**, we found that the total taxable **Fringe Benefit** amounted to R 145,185,235, which taxed at the applicable marginal rate of 40% would amount to R 58,074,094. When this is added to 10% **penalty** for late payment, of R 5,807,409, we arrive at the total payable **figure** of R 63,881,503...

Die kompleksiteit van 'n term kan gebruik word om die leser gerus te stel deur van die geloofwaardigheid van wetenskapsdiskoers gebruik te maak, maar eintlik is die term niksseggend en kon die betekenis baie meer spesifiek uitgedruk word. Die volgende voorbeelde uit 'n ANC-persverklaring (***P:*** *Public Protector report [2014]*) oor die Openbare Beskermer se verslag oor Nkandla, kan oorweeg word: 1. "The corrective measures suggested are similar. Many of them are in advanced stages of implementation and we commend the speed with which government has moved to curb the identified abuses." en 2. "To this end the ANC strongly recommends that the centralised tender process, to adjudicate on major tenders in all spheres of government, be put in place urgently."

Pseudo-tegniese jargon kan moontlik die maklikste opgespoor word deur na die semantiese waarde van leksikale items soos naamwoorde te kyk. Hierdie stellings sou op veel eenvoudiger maniere gestel kon word deur die onderstreepte terme met semanties beskrywende terme te vervang. Dit lyk of die propagandis in hierdie teks die leser paai deur in komplekse of "gesofistikeerde" taal te verduidelik

dat hulle reeds aktief besig is om probleme aan te spreek met betrekking tot Nkandla en dat die Openbare Beskermer en die afgevaardigde taakspan se verslae grootliks ooreenstem.

4.2.3.3 Kwantifiseerders

Numering is ’n onderafdeling van ’n “ding” en kan verdeel word in hoeveelheid of orde en spesifiek of nie-spesifiek (Halliday & Matthiessen, 2004:317). Kwantitatiewe numeerders spesifiseer óf ’n spesifieke hoeveelheid, byvoorbeeld *twee* treine, óf ’n nie-spesifieke hoeveelheid, byvoorbeeld *baie* treine (Halliday & Matthiessen, 2004:318).

Gambrill (2012:310-311) verwys na die gebruik van “vae kwantitatiewe begrippe” in propaganda en wat dus met die analise van kwantifiseerders nagegaan kan word. In propaganda is dit moontlik om beide vorme te gebruik: spesifieke hoeveelhede om ’n propagandateks as ’n informatiewe teks te verdoesel, en ’n nie-spesifieke hoeveelheid om veralgemenings te kan maak en sodoende die propagandis se saak te versterk. Voorbeelde van beide groepe word onderskeidelik onder die propagandategnieke nabootsing van wetenskapsdiskoers of dan mediadiskoers, en woorde met illusie bespreek. By analise word die numeringselemente in die studie ondervang deur kwantifiseerders as omvattende term vir spesifieke en algemene numeerders te gebruik en te identifiseer.

Deur algemene numeerders soos “alles” of “niks” en “baie” of “geen” te gebruik, word ’n saak juis aan die leser op gepolariseerde wyse aangebied. In ’n persverklaring uitgereik deur die ANC (***P:** Electoral Court [2014]*) word die DA byvoorbeeld beskryf as ’n party met “...nothing to offer the electorate...”. Dit is ook moontlik om nie-spesifieke telwoorde te gebruik wat so na as moontlik aan die “ja”- of “nee”- en “alles”- of “niks”-pole lê om sodoende ’n vorm te gebruik wat absoluutheid veronderstel waar daar nie noodwendig absolute uitsluitsel is nie. In Gregan (***P:** Zuma uithou [2016]*) se rubriek word die volgende opmerking gemaak: “Wat die idiote nie besef nie, is dat Zuma se opvolger niks gaan verbeter in hierdie land nie.” In hierdie stelling word daar geen ruimte vir die “ander kant” van die saak gelaat nie, naamlik dat dit nie noodwendig die waarheid is nie en dat ’n opvolger wél ’n verskillende aanslag kan hê. Nog ’n voorbeeld kom uit die ANC-persverklaring (***P:** Electoral Court [2014]*): “This judgement is proof of the many lies that the DA tells about the ANC to the people of South Africa to mask that they have nothing to offer the electorate...”. Die gebruik van beide numeerders “many” en “nothing” laat weereens geen ruimte vir die ander pool of kant van die saak nie.

Spesifieke numeerders kan as ’n soort kenmerk van die objektiwiteit van wetenskapsdiskoers gebruik word om die idee te skep dat die outeurs goed ingelig en objektief is en daarom vertrou kan word. Die noukeurige gebruik van numeerders getuig van gehaltejoernalistiek en word verwag in nie-propaganda omdat feitelike korrektheid verwag word. Die propagandis sou die meervoudige gebruik van byvoorbeeld numeerders kon inspan om sy of haar teks meer geloofwaardig te laat voorkom. Hierdie numeerders kan akkuraat wees, maar word inderwaarheid bloot ingespan om die “groter doel” van die teks, wat tot die propagandis se voordeel strek, te laat realiseer. In die berig (***P:** Palace upgrades [2016]*) wat deur die DA geplaas is, word getalle op só ’n manier geïmplementeer: “Jacob Zuma personally benefitted from the upgrades which took place at his R247 million private Nkandla residence” en “including items such as air conditioning, aluminum windows, paved walkways and even six door mats which each cost R1500.”

Algemene, vae woorde en frases soos “hoë risiko” en “gewoonlik” tesame met elkeen se ervaringsraamwerk van sekere betekenisse kan groot verwarring meebring (Gambrill, 2012:310). Die hoofgebruik van vaagheid is om die kans dat mense positief tot die propagandis se saak reageer, te vergroot (vgl. Gambrill, 2012:311). Hier word vae kwantitatiewe begrippe soos “baie” en “min” ingesluit (Gambrill, 2012:310). Vaagheid kan gebruik word om onder meer swak argumentasie te

versluier (Gambrill, 2012:311). Die funksie waarvoor hierdie woorde ingespan word, dui juis ’n ooreenkoms aan met “woorde met illusie” aangesien die illusie van betroubaarheid en ingeligtheid geskep word, maar die terme eintlik gebruik word om ’n tekort aan betroubaarheid te verdoesel (vgl. Gambrill, 2012:311). In die ANC-persverklaring (***P:*** *Public Protector report [2014]*) rakende die verslag oor sekuriteit te Nkandla word die woord “many” gebruik om nie ’n spesifieke getal te gee nie, maar om die leser gerus te stel dat daar al aan heelwat korrektiewe maatreëls aandag geskenk is: “The corrective measures suggested are similar. Many of them are in advanced stages of implementation...”.

Die gebruik van spesifieke numeerders kan deur ’n propagandis gebruik word om wetenskaps- of selfs mediadiskoers na te boots om sodoende die teks as betroubaar te laat voorkom. Die gebruik van algemene numeerders kan deur minder spesifiekheid ook ’n mate van betroubaarheid aan ’n teks verleen, terwyl die terme eintlik min of selfs geen waarde dra nie. Algemene numeerders soos “alles” of “niks” en “baie” of “geen” kan verder ’n saak aan die leser op gepolariseerde wyse aanbied.

4.2.3.4 Beskrywingsadjektiewe en klassifiseerders

Die beskrywingsadjektief dui bepaalde kwaliteite aan, byvoorbeeld *oud*, *lank*, *blou* en dies meer (Halliday & Matthiessen, 2004:318). Kwaliteite kan as ’n objektiewe eienskap van iets beskou word en word daarom ’n eksperiënsiële beskrywingsadjektief genoem, of kwaliteite kan as uitdrukking van die spreker se subjektiewe houding teenoor iets optree en word dan ’n interpersoonlike beskrywingsadjektief genoem (Halliday & Matthiessen, 2004:318). Die primêre verskil tussen die twee beskrywingsadjektiewe is dat die eksperiënsiële beskrywingsadjektiewe potensieel definiërend is waarteenoor interpersoonlike beskrywingsadjektiewe nie noodwendig definiërend is nie. Die eksperiënsiële beskrywingsadjektief *lang* in die klous *die lang trein* kan byvoorbeeld met behulp van die deiktiese element *die*, ’n spesifieke trein definieer. Die spesifieke trein word daarom deur lengte gedefinieer (Halliday & Matthiessen, 2004:319).

Hierteenoor is ’n interpersoonlike beskrywingsadjektief *magtige* soos in die klous *daar kom die magtige trein*, nie-definiërend van aard aangesien die trein waarna verwys word nie gedefinieer word op hierdie punt en in teenstelling met ander, “nie-magtige” treine nie (Halliday & Matthiessen, 2004:319). Selfs in die oortreffende trap is eksperiënsiële beskrywingsadjektiewe steeds definiërend, byvoorbeeld *ons s’n was die langste trein* in vergelyking met ideasionele beskrywingsadjektiewe, byvoorbeeld *hy het die snaaksste goed kwytgeraak*. Sommige adjektiewe kan beide die eksperiënsiële en die interpersoonlike funksie vervul (Halliday & Matthiessen, 2004:319).

Aangesien uitdrukkings van houding neig om prosodies deur ’n klous saamgestring te word, eerder as om met een spesifieke plek geassosieer te word, is daar baie min woorde wat slegs as ’n houdingsfunksie dien (Halliday & Matthiessen, 2004:319). Interpersoonlike beskrywingsadjektiewe neig om eksperiënsiële beskrywingsadjektiewe vooraf te gaan (Halliday & Matthiessen, 2004:319). Interpersoonlike beskrywingsadjektiewe neig ook om versterk te word deur ander woorde of faktore wat alles tot dieselfde betekenis bydra, byvoorbeeld sinonieme soos in *’n aaklige, slegte gereg* of ander faktore soos onder andere intensiveerders, kragwoorde, spesifieke intonasiekontoere en stemkwaliteit (Halliday & Matthiessen, 2004:319).

In die studie word adjektiewe geïdentifiseer as strukture wat hierdie funksie vervul. Deur van beskrywingsadjektiewe gebruik te maak, kan verskillende partye en gebeure negatief geëtiketteer word, of bepaalde partye en gebeure kan op versagte wyse aan die leser oorgedra word. Op hierdie manier kan die propagandis ’n subjektiewe eienskap aan ’n party of gebeurtenis toeskryf. Bolinger

(1980:73) dui adjektiewe as ’n hulpmiddel om disfemisme te bewerkstellig aan deurdat die spreker woorde kies wat vooroordeel oordra. Algemene naamwoorde en adjektiewe kan gebruik word om negatiewe eienskappe aan die opposisie toe te skryf, byvoorbeeld “corrupt cronies” (***P:*** *Fringe benefits [2016]*) word deur die DA gebruik vir Zuma se genote. Dit is daarom moontlik dat ’n propagandis adjektiewe gebruik wat ’n waardeoordeel bevat eerder as adjektiewe wat net beskrywend is. Tog kom daar soortgelyke adjektiewe in nie-propaganda voor, byvoorbeeld “toxic subject” (***NP:*** *No-confidence [2017]*). Hier sou verdere ondersoek ingestel kon word deur na outeursidentifikasie (vgl. Hoofstuk 2; 2.2.4) te kyk gedurende die linguistiese analise in Hoofstuk 5.

Outeursidentifikasie is ’n belangrike oorweging by elkeen van die geanaliseerde woordgroepe. Met behulp van outeursidentifikasie kan die analis bepaal of ’n evaluerende taalstuk as ’n taalkeuse deur die outeur self of deur ’n bron in die teks uitgevoer is. Hierdie onderskeid help die analis om daarom 'n akkuraattoegeskrewe begrip van die realiteitsweergawe te genereer.

Die oormatige gebruik van woorde soos Gambrill (2012:298) daarna verwys, kan gebruik word om bepaalde eienskappe op beklemtoonde wyse aanmekaar te string en te koppel aan ’n sekere politieke party of gebeurtenis. Veral adjektiewe sou hiervoor gebruik kon word. Deur die gebruik van beskrywingsadjektiewe na te gaan, sal die gebruik van hierdie “woorde” vasgestel kan word. In Zuma se ope brief (***P:*** *Open letter [2017]*) word adjektiewe telkens gebruik om ’n dubbele beskrywing van die onderwerp te bied wat herhaling van ’n spesifieke idee tussen verskillende leksikale items aandui: 1. “This white Afrikaner, anti-majoritarian sell out was chuffed and at great ease; 2. “nevertheless a reflection of a general white mindset that blacks are bestial and reckless”.

Met behulp van ’n oormatige gebruik van beskrywingsadjektiewe, kan sekere eienskappe van die opposisie of die propagandis self beskryf en oordryf word. Op hierdie manier kan etikettering bewerkstellig word wanneer die opposisie beskryf word, maar ’n eufemistiese en mistifiserende effek kan verkry word wanneer die propagandis self beskryf word deur met behulp van beskrywingsadjektiewe goeie, eerbare waardes aan die propagandis te koppel. Soms word hierdie beskrywingsadjektiewe nie direk aan die party toegeskryf nie, maar in die breër konteks word hierdie eienskappe wel geassosieer met die spesifieke party.

Die ander hooftipe adjektiefgroep behels klassifiseerders. ’n Klassifiseerder dui ’n spesifieke subklas van die aangewese ding aan, byvoorbeeld *finansiële* status, *sosiale* status en *ekonomiese* status is almal subklasse van “status” (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004:319). Soms kan dieselfde woord as ’n beskrywingsadjektief of ’n klassifiseerder funksioneer, byvoorbeeld *vinnige treine* kan óf verwys na “treine wat vinnig is” (*vinnig* = die beskrywingsadjektief) óf dit kan verwys na “treine wat as spoedtreine geklassifiseer word” (*vinnig* = die klassifiseerder) (Halliday & Matthiessen, 2004:319). Die onderskeid tussen beskrywingsadjektiewe en klassifiseerders is nie altyd so duidelik nie alhoewel daar prominente verskille is (Halliday & Matthiessen, 2004:319-320). Klassifiseerders kan nie grade van vergelyking of intensiteit neem nie, byvoorbeeld daar bestaan nie so iets soos ’n *meer finansiële status* of ’n *finansiëler status* nie (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004:320).

In een van die tersaaklike ANC-persverklarings word ’n reeks adjektiewe aan die nasie gekoppel waarvoor die ANC hul beywer. Die goeie waardes word daarom eintlik terug na die ANC (***P:*** *Public Protector report [2014]*) gespieël: “We will continue to work tirelessly to bring South Africa together to achieve the united, non-racial, non-sexist, democratic and prosperous nation envisaged by the Constitution that so many have sacrificed so much for.” Beskrywingsadjektiewe en klassifiseerders kan ook in kombinasie gebruik word om steeds sekere kenmerke, soos deur die propagandis toegeskryf, van ’n sekere party of gebeurtenis te beklemtoon: Edward Zuma (***P:*** *Open letter [2017]*) gebruik

byvoorbeeld die frase “radical economic transformation” waar “radical” ’n beskrywingsadjektief is en waar “economic” as ’n klassifiseerder van die naamwoord “transformation” optree. Klassifiseerders is in die volgende geval selfs as hulp tot innuendo en defleksie ingespan: In een van die nie-propagandatekste (***NP:*** *Probe City Press [2012]*) beskuldig die voormalige Minister van Openbare Werke, Thulas Nxesi, die *City Press*-koerant daarvan dat hulle dokumente onwettig verkry het: “The merely unlawful possession of a top secret [document] is a breach of the laws... This therefore calls for an investigation to be launched to determine how the *City Press* illegally ended up in possession of this document.” Let daarop dat Nxesi nie bloot na ’n dokument verwys nie, maar na ’n *geheime* dokument.

Op hierdie manier het hy skuld probeer deflekteer van die problematiese situasie waarin hy homself bevind het, naamlik dat dokumentasie opgespoor is wat ’n R203 miljoen se begroting vir die opgraderings aan die president se Nkandla-woning, bekendmaak. Indien die propagandis aandag weg van die propagandis se eie skuld wil deflekteer, kan die propagandis met behulp van polarisering en disfemisme die party waarheen daar gedeflekteer word, sleg laat lyk sodat die defleksie van skuld geldig is. Beskuldiging of defleksie kan daarom voed op die taalelemente wat in polarisering en disfemisme gebruik word, in hierdie geval klassifiseerders.

Tydens die analise word klassifiseerders aangedui deur adjektiewe asook selfstandige naamwoorde wat as klassifiseerders optree, te identifiseer. Dit is moontlik dat ’n propagandis klassifiseerders in sekere gevalle in oormaat gebruik om ’n bepaalde idee te beklemtoon. Tegnies word ’n persoon gelyktydig geklassifiseer in verskeie groeperinge as deel van ’n proses van etikettering. Dit is veral moontlik as deel van ’n proses soos etikettering, byvoorbeeld (***P:*** *Open letter [2017]*) *this minority champion white racist Afrikaner anti-majoritarian sell out* kan op grond van subgroepe van die hoofgroep “sell out” soos volg verdeel word: *minority champion sell out*, *white sell out*, *racist sell out*, *Afrikaner sell out*, *anti-majoritarian sell out*. Die soort klassifiseerders vertoon ook as uiterste pole van elke afsonderlike indeling. Hier word polarisering weereens met behulp van disfemisme bewerkstellig.

Ter samevatting kan beskrywingsadjektiewe gebruik word om gebeure en karakters met behulp van disfemisme en eufemisme negatief of positief aan die leser te beskryf. Evaluerende adjektiewe en evaluerende naamwoorde kan saamgebruik word vir ’n beklemtoonde effek. Subjektiewe adjektiewe kom ook in nie-propaganda voor. Om seker te wees of die funksie wat subjektiewe adjektiewe in onderskeidelik propaganda en nie-propaganda speel, ooreenstemmend of verskillend is, moet outeursidentifikasie gebruik word. Sodoende kan ’n onderskeid getref word tussen wanneer ’n subjektiewe vorm aan die outeur of propagandis self direk toegeskryf kan word of aan die woorde van ’n aangehaalde bron. Deur verskillende, hoofsaaklik evaluerende adjektiewe aan mekaar te string, kan die propagandis ’n sekere idee beklemtoon en selfs oordryf.

Die propagandis kan selfs klassifiseerders gebruik om, in kombinasie met beskrywingsadjektiewe, spesifieke voorkeureienskappe van gebeure of karakters aan die ontvangers te beklemtoon. Klassifiseerders kan op sigself gebruik word om ’n persoon in ’n teks as ’n sekere “iets” te kategoriseer en sodoende die persoon op ’n sekere manier te etiketteer. Die reeds genoemde propagandategnieke wat met behulp van adjektiewe in ’n teks vergestalt kan word, kan uitspeel in die vorm van defleksie.

4.2.3.5 Werkwoordgroep

Die werkwoordgroep is die taalkomponent wat funksioneer as ’n finiet plus predikator of selfs net ’n predikator (indien daar geen finiete element is nie) in die modus-struktuur (*mood structure*), dus as klous van uitruiling (Halliday & Matthiessen, 2004:335). Die werkwoordgroep dien ook as proses in die transitiviteitstruktuur, dus as klous van representasie (Halliday & Matthiessen, 2004:335). Hierdie

groep is die uitbreiding van ’n werkwoord, op dieselfde wyse as wat ’n nominale groep die uitbreiding van ’n naamwoord is, en dit bestaan uit ’n reeks woorde van die hoofklaswerkwoord (Halliday & Matthiessen, 2004:335). *Het geëet*, byvoorbeeld, bestaan uit ’n hulpwerkwoord *het* en ’n leksikale werkwoord *geëet* (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004:335).

Hierdie uitdrukking (dit wil sê *het geëet*) kan beide as ’n eksperiënsiële en as ’n logiese struktuur uitgedruk word (Halliday & Matthiessen, 2004:335). Aangesien daar slegs een leksikale item en daarom min leksikale materiaal in die werkwoordgroep is, is die eksperiënsiële struktuur eenvoudig en die meeste van die semantiese lading word deur die logiese struktuur gedra, insluitend die temporele sisteem (Halliday & Matthiessen, 2004:335).

4.2.3.6 Werkwoorde

By werkwoorde of werkwoordfrases kan woordkuns of woordspel ook voorkom. Sekere terme word, soos by naamwoorde, vir hul semantiese waarde gekies hetsy om te intensiveer of te versag. Dit wil sê dat werkwoorde soms gebruik word om, buiten die grondbetekenis, bykomende semantiese inligting aan te toon met betrekking tot die een of ander gebeurtenis, met ’n addisionele laag, hetsy wat die wyse van doen betref of die beoordeling van die gebeurtenis. ’n Voorbeeld van ’n werkwoord-frase kom uit ’n ANC-persverklaring (***P:** Public Protector report [2014]*): “All public office bearers, officials and private sector companies involved in any maladministration must be brought to book...”. Die uitdrukking “brought to book” is ’n heelwat meer neutrale uitdrukking as byvoorbeeld ’n alternatief soos “prosecuted”. In hierdie teks moet die ANC verdedigend en versigtig optree en kies daarom bepaalde semanties neutraler terme.

Met bepaalde werkwoorde kan die aksie in geheel oordryf word. In die DA-persverklaring (***P:** Fringe benefits [2016]*) word die werkwoord “swindling” byvoorbeeld gebruik in die sin: “It is clear from this part of the Act that Jacob Zuma still owes tax monies for benefits he derived from the act of swindling the people of South Africa.” Nog voorbeelde kom uit die skryfstuk deur Delport (***P:** Ware skuldiges [2014]*), naamlik die werkwoord “verslaan” in die volgende frase: “Vrees dat hy by die stembus verslaan sal word...” dien as voorbeelde van werkwoorde met ’n gelaaide semantiese waarde. Die werkwoord “verslaan” roep reeds die metaforiese beeld van ’n oorlog wat verloor is by die leser op, en die werkwoord “vermorsing” is eweneens ’n gelaaide woord waarin daar reeds ’n waardeoordeel opgesluit lê. Dit wil sê dat die outeur reeds ’n oordeel oor ’n saak fel deur die proses van semantiese seleksie en dat die keuse wat uitgeoefen is, iets van hierdie oordeel verklap.

Selfs ’n beter voorbeeld van oordrywing kom in die ope brief deur Edward Zuma (***P:** Open letter [2017]*) voor. Die onderstreepte werkwoorde dui die manier waarop die outeur die aksie aan die leser wil voorstel baie spesifiek aan: 1. “...who is no better than a vile dog trained to maul a black skin...”; 2. “...how the struggle of our people has been infiltrated by enemies...”; 3. “...this minority champion white racist Afrikaner anti-majoritarian sell out vomited on our native black people...”; 4. “...These are the views Hanekom deeply harbours about the black majority and our leaders.” Na aanleiding van hierdie voorbeelde is dit moontlik om, waar werkwoorde afsonderlik vir hul semantiese lading geselekteer word, ook ’n metaforiese uitbeelding of verbintenis raak te sien.

Hierteenoor is dit moontlik om werkwoorde of werkwoordfrases te selekteer wat juis die idee van ’n nugter, objektiewe en ingeligte aanslag skep, maar inderwaarheid gebruik word om sodoende die propagandateks as betroubaar te laat voorkom. Die afwesigheid van die gebruik van semanties gelaaide en oordrewe werkwoorde gaan heel moontlik eerder met nie-propaganda verbind word, maar wanneer hierdie afwesigheid in propagandatekste voorkom, kan dit moontlik juis verbind word met ’n poging tot die gebruik van neutrale terme. Binne hierdie neutraler soort werkwoorde sou

tegniese terme ook geïdentifiseer kan word om die doelwit van die idee van betroubaarheid en gesag te bereik. Hier sou die DA-persverklaring (***P:** Fringe benefits [2016]*) en -koerantberig (***P:** Palace upgrades [2016]*) in geheel as voorbeelde kon dien.

Binne die werkwoordgroep kan modaliteit en polariteit gebruik word om belangrike propagandategnieke mee uit te voer.

4.2.3.7 Modaliteit en polariteit

Modaliteit kan binne die interpersoonlike metafunksie ondersoek word. Modaliteit verwys na die spreker se oordeel, of versoek na die luisteraar se oordeel, op die status van wat gesê word, byvoorbeeld *Dit kan wees. Kan dit nie wees nie?* of *Jy moenie dit doen nie. Moet jy dit doen?* (Halliday & Matthiessen, 2004:143). Modaliteit behels die intermediêre grade tussen die positiewe en negatiewe pole soos in polariteit aangetoon word deur byvoorbeeld woorde soos *miskien*, *soms* of *dalk* (Halliday & Matthiessen, 2004:146-147). Die modaliteitsisteem vorm die gebied van onsekerheid wat tussen "ja" en "nee" lê (Halliday & Matthiessen, 2004:147).

Daar is meer as een roete tussen "ja" en "nee". Tussen die sekerhede "dit is" en "dit is nie" lê byvoorbeeld die relatiewe moontlikhede van "dit moet wees", "dit sal wees" of "dit mag wees" (Halliday & Matthiessen, 2004:147). Ook tussen die definitiewe vorme "moet!" en "moet nie!" lê meer diskrete vorme soos "jy moet doen", "jy behoort te doen" of "jy mag doen" (Halliday & Matthiessen, 2004:147).

Die ruimte tussen "ja" en "nee" het 'n verskillende soort relevansie vir proposisies en voorstelle (Halliday & Matthiessen, 2004:147). In 'n proposisie is die betekenis van die positiewe en negatiewe pole bevestigend (*asserting*) en ontkennend (*denying*), dit wil sê positief (byvoorbeeld "dit is so") of negatief (byvoorbeeld "dit is nie so nie") (Halliday & Matthiessen, 2004:147). Daar is twee soorte intermediêre moontlikhede: 1. grade van waarskynlikheid: "moontlik" / "mag wees" / "vir seker" / "beslis" en 2. grade van gereeldheid (*usuality*): "soms" / "dikwels" / "altyd" (Halliday & Matthiessen, 2004:147). Grade van waarskynlikheid is ekwivalent aan óf ja, óf nee, dit wil sê miskien ja of miskien nee met verskillende grade daaraan gekoppel met betrekking tot die kans dat iets gaan gebeur (Halliday & Matthiessen, 2004:147). Grade van gereeldheid word met beide "ja" en "nee" gekoppel (Halliday & Matthiessen, 2004:147).

Beide moontlikheid en gereeldheid kan op drie maniere uitgedruk word: A. deur 'n finiete (*finite*) modale operateur in die werkwoordgroep, byvoorbeeld *dit <u>sal</u> hy wees*; B. deur 'n modale adjunk van a) moontlikheid, byvoorbeeld *dit is <u>seker</u> Gert* of b) gereeldheid, byvoorbeeld *hy sit <u>gewoonlik</u> daar die hele dag lank*; en C. deur beide saam, byvoorbeeld *dit <u>sal moontlik</u> Gert wees, hy <u>sal gewoonlik</u> die heeldag daar sit* (Halliday & Matthiessen, 2004:147). Dit is belangrik om hier op te merk dat 'n modaliteitstelling 'n uitdrukking van 'n spreker se mening is, maar in 'n vraag is dit 'n versoek om die luisteraar se mening, byvoorbeeld *Dink jy dit is Gert?* (Halliday & Matthiessen, 2004:147). Dit is ook belangrik dat 'n modale woord van 'n hoë waarde steeds minder definitief is as 'n polariteitsvorm – byvoorbeeld *dit is definitief Gert* is minder seker as *dit is Gert* (Halliday & Matthiessen, 2004:147). Hierdie skale van waarskynlikheid en gereeldheid word *modalisering* genoem (Halliday & Matthiessen, 2004:147).

In 'n voorstel word die betekenis van die positiewe en negatiewe pole onderskeidelik voorskrywend en verbiedend (*proscribing*), byvoorbeeld positief ("doen dit") en negatief ("moet nie dit doen nie") (Halliday & Matthiessen, 2004:147). Hier is ook twee soorte intermediêre moontlikhede wat in hierdie geval van die spraakfunksie afhang, naamlik 'n opdrag of 'n aanbod (Halliday & Matthiessen, 2004:147). 1. In 'n opdrag verteenwoordig die intermediêre punte, grade van verpligting, byvoorbeeld "toegelaat om" / "veronderstel om" / "vereis om" (Halliday & Matthiessen, 2004:147). 2. In 'n aanbod

verteenwoordig hierdie punte grade van buigsaamheid, byvoorbeeld “toegelaat om” / “benoud om” / “vasbeslote om” (Halliday & Matthiessen, 2004:147). Hierdie skale van verpligting en geneigdheid word *modulasie* genoem (Halliday & Matthiessen, 2004:147).

Beide verpligting en geneigdheid kan op twee maniere uitgedruk word, maar nie saam nie: a) deur ’n finiete (*finite*) modale operateur, byvoorbeeld *jy moet weet dat ek hulle sal help*, en b) deur die Predikator (*Predicator*) uit te brei (Halliday & Matthiessen, 2004:147). Hierdie uitbreiding kan op twee maniere tot stand kom, naamlik deur ’n passiewe werkwoord, byvoorbeeld *jy is veronderstel om dit te weet* en deur ’n adjektief, byvoorbeeld *ek is angstig om hulle te help* (Halliday & Matthiessen, 2004:147).

Voorstelle wat duidelik positief of negatief is, is goedere-en-dienste-uitruilings tussen spreker en hoorder waarin die spreker of 1. aanbied om iets te doen, byvoorbeeld *sal ek huis toe gaan?*, 2. die ontvanger versoek om iets te doen, byvoorbeeld *gaan huis toe!* of 3. voorstel dat beide iets doen, byvoorbeeld *laat ons huis toe gaan!* (Halliday & Matthiessen, 2004:147).

Polariteit kan in propaganda gebruik word om, waar nodig, iets met absolute sekerheid in die “ja”- of “nee”-kategorie te plaas en dit sodoende as onbetwisbare feit aan die leser voor te stel. Tog kom die modaliteitskaal die propagandis ook handig te pas om iets so na as moontlik aan die twee pole te kan bring sonder om by die “ja”- of “nee”-pool te draai en daarom iemand tot die doel van propaganda oor te haal. Waar ’n stelling bevraagteken word, kan die propagandis gevolglik op die gebruik van ’n modale vorm as verdediging terugval en aandui dat die gebruik van ’n spesifieke woord nie ’n definitiewe “ja” of “nee” beteken het nie. Dit is wel moontlik dat daar minder modale vorme in propagandatekste teenwoordig is as in nie-propagandatekste wat met omsigtigheid feite aanbied. Die modale vorme wat in propagandatekste voorkom is daarom heel waarskynlik juis vir hul funksionaliteit gekies.

Modaliteitsvorme kan vir die propagandis van waarde wees aangesien die propagandis hierdie vorme kan gebruik as medium om oordeel mee uit te spreek. Propagandatekste kan onder meer die vorm van selfverdediging aanneem, soos byvoorbeeld in die ANC-mediapersverklaring (***P:** Public Protector report [2014]*) wat as reaksie dien op die Openbare Beskermer se verslag *Secure in Comfort* wat die Nkandla-sake opsom en moontlike oortredings uitwys. Daar is ook ’n interministeriële taakspan aangestel om die Nkandla-saak te ondersoek en hul bevindings bekend te maak. Hierdie verslag was meer goedgunstig teenoor Zuma en die betrokke partye as die Openbare Beskermer se verslag. In die persverklaring as reaksie, word dit duidelik gemaak dat die Openbare Beskermer se verslag eintlik oorbodig is deur ’n vergelyking van verál ooreenkomste uit te wys en daardeur insgelyks eksplisiet aan te toon dat die Openbare Beskermer se verslag onwelkom en “onnodig” is.

In die Openbare Beskermer se verslag is daar aangeleenthede wat aan die lig gekom het en wat die ANC op daardie stadium eerder sou wou versluier en sommiges in die party dalk self nie kon glo dat die omvang van die korrupsie en die aantal korrupte partye wat in die Openbare Beskermer se verslag uitgewys word, waar is nie. Die manier waarop hierdie persverklaring aangepak is, is anders as die ander propagandastukke aangesien die outeur(s) van hierdie dokument op ’n manier voorkomend met die leser probeer kommunikeer en hulself so probeer beskerm het. In die teks word ’n hele aantal maatreëls uitgestip oor hoe die party reeds het en beplan om die “aanbevelings” van die twee verslae aan te spreek. Soms is die vorme wat hiervoor gebruik word, waarskynlikheidsmodaliteite.

Die outeur(s) verbind hul op ’n baie besliste manier om aandag aan sekere sake te gee, maar nie op ’n definitiewe manier nie. Dit kom selfs soms voor of hierdie modaliteitsvorme ook op so ’n manier gebruik word om die idee van afstand tussen die ANC en die bepaalde aksies te skep. Die woord “must” kom byvoorbeeld agt keer in die teks voor wat deur ’n meer besliste, polariteit soos “we shall”

aangedui kon word. “Must” gee ook die idee dat die outeur(s) dit eens is dat iets aan die saak gedoen “moet” word, maar hulself nie heeltemal daartoe verbind as die party wat wel iets aan die saak moet en uiteindelik gaan doen nie. Die gebruik van modaliteit in so ’n teks word daarom gebruik as eufemisme om die sekerheid van polariteit te systap en ook ’n sagter inslag (*spin*) te plaas op die propagandis se ware bereidwilligheid om iets te bewerkstellig. Sodoende word die propagandis se belange beskerm.

Polariteit behels die teëstelling tussen positief, byvoorbeeld *Dit is. Doen dit!* en negatief, byvoorbeeld *Dit is nie*. *Moenie dit doen nie!* (Halliday & Matthiessen, 2004:143). In die positief-negatief-teëstelling word die positiewe klous as ongemerk en die negatiewe klous as gemerk beskou aangesien die negatiewe vorm daartoe bygevoeg word (Halliday & Matthiessen, 2004:143). Die woorde “ja” en “nee” is die direkte uitdrukkings van polariteit en toon die keuse in polariteit aan (Halliday & Matthiessen, 2004:144).

Daar bestaan ’n verbintenis tussen waarde (*value*) en polariteit. Die waarskynlikheidsisteem kan saamgestel word deur finiete operateurs, deur modale adjunkte en deur ’n kombinasie van die twee (Halliday & Matthiessen, 2004:148). Die waarskynlikheidsisteem is georganiseer volgens drie waardes: “Waarskynlik” as ’n mediaanwaarde waar die negatiewe vorm dieselfde is, ongeag of dit aangeheg is aan die modaliteit of die proposisie, en twee buitenste waardes, naamlik hoog of “vir seker” en laag of “miskien” (Halliday & Matthiessen, 2004:149). Daar kan ’n omruiling van hoog na laag of van laag na hoog wees indien die negatiewe verskuif is tussen die twee domeine (Halliday & Matthiessen, 2004:149).

Polarisering en polariteit sluit direk by mekaar aan. Die twee “kante” of “pole” wat daar in polarisering veronderstel word, kan talig in polariteit uitgedruk word as “ja” of “nee” – iets is of dit is nie. Hierdie vorme kan deur die propagandis gebruik word om ’n saak of rolspeler doelbewus in ’n sekere lig te plaas: Die betrokke saak of rolspeler, byvoorbeeld, is of is nie, het of het nie. In Delport se rubriek (***P:*** *Ware skuldiges [2014]*) word onder andere ’n voorspelling gemaak rakende welke gebeure sou kon afspeel na afloop van die bekendmaking van die Openbare Beskermer se Nkandla-verslag. Die voorspelling word dikwels as waarskynlik uitgedruk, maar wel ook soms as iets wat definitief gaan gebeur: “Dié reaksie <u>gaan</u> voorspelbaar <u>wees</u>: Verontwaardiging oor die skokkende vermorsing van miljoene van ons, die belastingbetalers, se geld. Meeste koerante <u>gaan aandring</u> dat president Zuma moet bedank.”; “Daar <u>sal</u> ook diegene <u>wees</u> wat toenemend begin dink dat, om belasting te betaal, die ekwivalent is daarvan om vir ’n longkankerlyer nog sigarette te koop...”; Daar <u>sal</u> miskien ’n paar amptenare op ’n laer vlak wees wat in die moeilikheid <u>sal</u> kom...”. Alhoewel hierdie stellings in die waarskynlikheidskategorie sorteer, word dit tog so aangebied dat daar iets voorkom van ’n outoritêre “dit is hoe dit gaan wees”. Die manier van aanbieding dui dus ’n hoë waarskynlikheid aan en veronderstel dat die leser hiermee saamstem. Die propagandis kan op hierdie manier sigself oortuigend genoeg voordoen dat die leser die propagandis se voorspellings en/of bewerings vir die waarheid aansien.

By elke taalstuk wat ontleed word, is dit belangrik om ’n duidelike onderskeid te tref tussen direkte en indirekte rede aangesien dit implikasies mag hê oor wanneer die uitoefening van keuse met ’n sekere taalelement, aan die outeur, propagandis of bron wat aangehaal is, toegeskryf kan word.

4.2.3.8 Direkte rede (aanhalings)

As deel van handelinge of prosesse is dit ook belangrik om na rapporterende teks as ’n soort projeksie te kyk (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004:440-448). In ’n projeksie word ’n fenomeen as ’n idee weergegee en word geassosieer met sekere soorte prosesse, naamlik om iets te sê of te ervaar

(Halliday & Matthiessen, 2004:440-441). Vergelyk die gebeurtenis “die bote draai om” teenoor die geprojekteerde weergawe: “Ek kan sien dat die bote omgedraai word” (Halliday & Matthiessen, 2004:440). Hier sou die belangrikheid van brongebruik ook ter sprake kom, naamlik dat daar ’n sekere verwagting is: Nie-propagandatekste sou eerder geassosieer kon word met direkte rede deurdat die outeur die bron self laat “praat” in die teks en die outeur ’n objektiewe afstand kan handhaaf teenoor propagandatekste waar ’n propagandis sy of haar eie “stem” na vore moet en wil laat kom. Outeursidentifikasie speel daarom deurlopend ’n belangrike rol by toekomstige interpretasie.

Wanneer projeksie gebruik word, word een klous se inhoud deur ’n ander klous weergegee of gerepresenteer deur van óf ’n verbale klous (deur iets te sê) óf ’n mentale klous (deur na ervaring te verwys) gebruik te maak (Halliday & Matthiessen, 2004:443). “[D]at ons die osoon-laag oor Antarktika moet beskerm” is byvoorbeeld die mentale klous van “Die opstellers van beleide sê” teenoor byvoorbeeld “Die rede vir die aanval is nog onbekend” is die inhoud van die verbale klous “het die polisie gesê” weergegee of gerepresenteer (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004:443). Daar bestaan twee tipes projeksies: ’n projeksie as representasie van die inhoud van ’n “mentale” klous en daarom ’n weerspieëling van wat gedink word en ’n “gedagte” genoem word en ’n tweede soort projeksie wat as verteenwoordigend van die inhoud van ’n “verbale” klous dien, handel oor wat gesê word en ’n “lokusie” genoem word (Halliday & Matthiessen, 2004:443). Projeksie behels twee vlakke van die inhoudelike vlak van taal, naamlik projeksie van betekenis (idees) of projeksie van bewoording (lokusies) en word geïllustreer deur die gebruik van “wolkies” om idees en spraakborrels om lokusies in ’n strokiesprent voor te stel (Halliday & Matthiessen, 2004:443).

In narratologie word die storie op ’n spesifieke manier deur die outeur of verteller geprojekteer om sy of haar weergawe van die gebeure en karakters wat by die storie betrokke is, op die vlak van ’n verhaal uit te bou. Die propagandis sou daarom byvoorbeeld op ’n inhoudelike vlak kon selekteer of ’n projeksie van betekenis of van bewoording die beste aanleiding vir die ontvanger gee om die karakter op die manier wat die propagandis die beste vind, te interpreteer.

Die modus van projeksie behels ’n stel interafhanklike faktore, naamlik parataksis en hipotaksis as taktiese, interafhanklike verhoudings en die samestellende verhouding van inbedding (Halliday & Matthiessen, 2004:443). “Ons moet regtig beter voorsorg tref” word byvoorbeeld paratakties of direk geprojekteer deur “Martin het aan die gehoor gesê” wat beteken dat die projeksie as ’n aanhaling weergegee word (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004:443). Hierteenoor is “dat ons die osoon-laag oor Antarktika moet beskerm” hipotakties of indirek deur “Die opstellers van beleide sê” geprojekteer (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004:443). ’n Derde omgewing waarin geprojekteerde klouse voorkom, is by inbedding – byvoorbeeld “die ooggetuie se aanspraak dat hy ’n jong man sien inbreek het, kom as geloofwaardig voor” (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004:443).

Die spraakfunksie van projeksie kan deur ’n stelling en ’n vraag realiseer, byvoorbeeld “waar [is] die skêr” in “Ma, weet Ma waar die skêr is?” is ’n hipotakties-geprojekteerde proposisie van ’n vraag (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004:444). Parataktiese projeksie laat selfs ’n groter reeks toe, naamlik ook uitroepe bv. “hulle het gesê ‘Totsiens, meneer Van Geer!’” (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004:444). Laasgenoemde is deel van die algemene beginsel waar verslaggewing die potensiaal vir die projektering van dialogiese faktore verminder (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004:444). Terwyl vokatiewe elemente aangehaal kan word, soos byvoorbeeeld “Abram het gesê ‘Eintlik, my Skat, gee ek nie baie om nie’”, kan hierdie elemente nie in ’n verslaggewende konstruksie gebruik word sonder die vokatief nie, byvoorbeeld “Abram het gesê dat eintlik, my/sy skat, gee hy nie baie om nie” (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004:444).

Die eenvoudigste vorm van projeksie is direkte rede of aangehaalde spraak, byvoorbeeld "Ek het gesê: 'Ek word nou oud'; en sy het gesê: 'Uiteindelik kan ons 'n bietjie sit!" (Halliday & Matthiessen, 2004:445). Die projeksieklous is 'n verbale proses-klous wat "sê" behels en die geprojekteerde klous verteenwoordig wat gesê word (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004:445). Hierdie soort aangehaalde teks word vir verskillende gebruike ingespan soos ooggetuiemateriaal in nuus, dialoog in 'n narratief en aanhalings in akademiese skryfwerk (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004:446).

Die primêre rede vir die gebruik van projeksies in propagandatekste sou waarskynlik kon wees om 'n soort nuus- of akademiese styl wat met feitelikheid geassosieer word, na te boots en sodoende 'n betroubare voorkoms by propagandatekste te skep. Die volgende direkte aanhalings, byvoorbeeld, van Zuma word gemaak (***P:*** *Palace upgrades [2016]*):

> "Zuma previously told Parliament that '*My residence in Nkandla was paid for by the Zuma family. All the buildings and every room we use in that residence was built by ourselves as a family and not by government. I have never asked government to build a home for me, and it has not done so.*'"
>
> "He also said that *'What the security has done for security features does not include the houses you have counted. They are neither in my residence nor my home.*'"

Daar word ook 'n aanhaling van die Openbare Beskermer gemaak in die teks *Electoral Court orders DA to retract false accusation against President Zuma*. Hierdie aanhaling lyk geldig, maar word eintlik omraam op só 'n manier dat die aanhaling 'n verdraaide weergawe van die Openbare Beskermer se bedoeling word met die gebruik van "rather" in die projeksieklous. Op hierdie manier word Zuma voorgestel as onskuldig wat die misbruik van belastingbetalers se geld betref en die idee word geskep dat die Openbare Beskermer dit so laat blyk het in haar Nkandla-verslag, wat nie die geval is nie (vgl. *Secure in Comfort,* 2014:436-440): "The Public Protector rather found that there were *'systematic failures and the 'need for a proper policy regime regulating security measures at the Private residences of the President, Deputy President, Minister, and Deputy of Defence*...".

Soos by adjektiewe aangedui, raak die kwessie van outeursbetrokkenheid by alle woordgroepe 'n belangrike oorweging. Deur gedurende die linguistiese analise te bepaal of 'n sekere woord deel van direkte of indirekte rede is, kan bepaal word of die gebruik van daardie woord aan die outeur of propagandis of dan wel aan 'n bron toegeskryf behoort te word. Indirekte rede kan verder ook gebruik word om na 'n bron te verwys en moet daarom van naderby beskou word.

Die gebruik van die bywoordgroep kan verdere insigte, veral met betrekking tot evaluerende taal, binne die werkwoordgroep bied.

4.2.3.9 Bywoordgroep

Die bywoordgroep dien as adjunk (*adjunct*) in die struktuur van 'n klous en kan in twee verdeel word: die omstandigheidsadjunk en die modale adjunk wat weer verder in die modale (*mood*) of kommentaar- (*comment*) adjunk verdeel kan word (Halliday & Matthiessen, 2004:354). Vergelyk die volgende voorbeelde van die verskillende soorte (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004:354-355): 1. Omstandigheidsadjunk: "Moenie so <u>aggressief</u> optree nie"; 2.A. interpersoonlike adjunk, "mood": "Hy het <u>waarskynlik</u> goed gedoen"; 2.B. interpersoonlike adjunk, "kommentaar": "Hulle het <u>klaarblyklik</u> gejok". Onder hierdie afdeling word enkel bywoorde, bywoordelike bepalings en voorsetselstukke

ingesluit aangesien dit ’n soortgelyke funksie as adjunk kan vervul (Halliday & Matthiessen, 2004:123, 311). Om dié rede word analises nie volgens sinsrolle hanteer nie.

Binne die Sistemies Funksionele Linguistiek val die werkwoordstuk onder die residu (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004:121-125). Die Residu bestaan uit drie soorte funksionele elemente, naamlik die Predikator, die Komplement en die Adjunk (Halliday & Matthiessen, 2004:121). Daar kan slegs een Predikator wees, een of twee Komplemente en enigiets tot en met ongeveer sewe Adjunkte (Halliday & Matthiessen, 2004:121). Hierdie komponente kan soos volg voorgestel word:

Marié	Maak	rokke	vir blommemeisies
Subjek	*Predikator*	*Komplement*	*Adjunk*
MODUS	RESIDU		

Die Predikator is teenwoordig in alle hoofklouse, tensy ’n ellips gebruik word (Halliday & Matthiessen, 2004:121). Hierdie element realiseer met behulp van ’n werkwoordgroep sonder die temporele of modale, byvoorbeeld in die werkwoordgroep *het geskyn* is *geskyn* deel van die Predikator (Halliday & Matthiessen, 2004:121). Die Predikator is self nie ’n finiete element nie (Halliday & Matthiessen, 2004:121). Die funksie van die Predikator is vierledig (Halliday & Matthiessen, 2004:122): 1. Dit spesifiseer tydverwysing buiten vir verwysing na tyd in ’n uiting; 2. Dit spesifiseer ander aspekte en fases soos “dit wil voorkom”, “probeer” en “hoop”; 3. Dit spesifiseer ’n klous as aktief of passief; en 4. Dit spesifiseer die aard van die proses (aksie, gebeurtenis, mentale proses of verhouding) wat met die Subjek verbind word.

’n Komplement het die potensiaal om ’n Subjek te wees, maar is dit nie, en beskik dus slegs oor die potensiaal om die interpersoonlike, verhewe status van modale verantwoordelikheid te hê en daarom die sentrale punt van die argument te vorm (Halliday & Matthiessen, 2004:122-123). In die bostaande voorbeeld word *rokke* die Komplement en beskik oor die potensiaal om die posisie van *Marié* as Subjek te neem. Enige nominale groep wat nie as die Subjek optree nie, is ’n komplement en dit sluit nominale groepe in wat nie as Subjek kan funksioneer nie, naamlik dié met ’n adjektief as kern (Halliday & Matthiessen, 2004:123).

Die derde element wat die Residu uitbou, is Adjunkte. ’n Adjunk is ’n element wat nie die potensiaal het om die Subjek te wees nie en kan daarom nie verhef word tot die interpersoonlike status van modale verantwoordelikheid nie (Halliday & Matthiessen, 2004:123). Argumente kan daarom nie rondom hierdie Adjunk-elemente gekonstrueer word nie (Halliday & Matthiessen, 2004:123). Argumente kan nie rondom eksperiënsiële terme gekonstrueer word nie, maar hulle kan rondom deelnemers as Subjek of potensieel as Komplement gekonstrueer word (Halliday & Matthiessen, 2004:123).

Daar bestaan dus drie grade van interpersoonlike ranggering of verheffing in die klous: Subjek – Komplement – Adjunk (sien uiteensetting in Halliday en Matthiessen [2004:124]):



’n Adjunk word tipies deur ’n adverbiale groep of ’n preposisionele frase gerealiseer eerder as ’n nominale groep (Halliday & Matthiessen, 2004:124). In *Die blommemeisies se rokke is gister deur haar gemaak* is *gister* byvoorbeeld die adverbiale groep en *deur haar* die preposisionele frase (Halliday & Matthiessen, 2004:124). Adverbiale word in meer besonderheid in die volgende afdeling bespreek en daarom word daar nie verder in hierdie afdeling hieroor uitgebrei nie.

Die bywoordgroep het ’n bywoord as hoof wat vergesel kan word deur wysigingselemente (*modifying elements*), maar hoef nie as reël vergesel te word nie (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004:355). Bywoordgroepe wat as omstandigheidsadjunk dien, het ’n bywoord wat ’n omstandigheid aantoon as hoof (Halliday & Matthiessen, 2004:355). Hierdie bywoorde maak byvoorbeeld inligting bekend van ’n tydsomstandigheid (*gister*, *vandag*) of die aard of kwaliteit van die omstandigheid (*goed*, *sleg*) (Halliday & Matthiessen, 2004:355). Bywoordelike groepe wat as ’n modale adjunk dien, het ’n bywoord wat dui op ’n assessering as hoof, byvoorbeeld ’n assessering van tyd (*steeds*, *alreeds*) of van intensiteit (*regtig*, *slegs*, *eintlik*) (Halliday & Matthiessen, 2004:355).

Voorafbepalers (*premodifiers*) is grammatikale items soos *nie* en *eerder* en daar is geen leksikale premodifikasie in die bywoordelike groep nie (Halliday & Matthiessen, 2004:356). Wat wel teenwoordig is, is iets soos “submodifikasie” (Halliday & Matthiessen, 2004:356). Die items wat as voorafbepalers (premodifiers) dien is bywoorde wat tot een van drie soorte behoort: polariteit (*nie*), vergelyking (*meer*, *minder*, *soos*) en intensivering (Halliday & Matthiessen, 2004:356). Die bywoorde van intensivering dui ’n hoër of laer intensiteit aan (Halliday & Matthiessen, 2004:356). Die intensiveerders is of algemene intensiveerders wat interpersoonlik neutraal is (*baie*, *regtig*, *totaal en al*, *uiters*, *eerder*), insluitend die interrogatief (*hoe*), of spesifieke bywoorde wat afgelei word van ’n interpersoonlik betekenisvolle skaal (*ongelooflik*, *verstommend*, *sleg*, *desperate*, *perfekte*, *aaklige*) (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004:356).

Op ’n tekstuele vlak kan konjunktiewe adjunkte gebruik word om verskillende teksdele in ’n kontekstuele verhouding tot mekaar te plaas (Halliday & Matthiessen, 2004:132). Hierdie koppelings word op grond van kohesie gemaak en daarom nie volgens ’n strukturele skakel in die grammatika tussen die twee teksdele nie (Halliday & Matthiessen, 2004:132).

’n Belangrike onderskeid kan gemaak word tussen omstandigheidsadjunkte wat vanuit die ideasionele metafunksie verstaan kan word, aangesien dit gebeure verteenwoordig. Hierteenoor kan modale en kommentaaradjunkte vanuit die interpersoonlike metafunksie verstaan word. Met behulp van modale adjunkte kan die outeur die kans dat iets gaan gebeur aantoon. Met behulp van kommentaaradjunkte kan die outeur hierdie adjunkte gebruik om uit te reik na die gehoor en byvoorbeeld sekere emosies aanraak met behulp van onder andere emotiewe adverbia.

Dit is moontlik dat die omstandigheidsadjunk gebruik kan word in propagandatekste om oordrywing te bewerkstellig of subjektiewe oordeel in te werk met behulp van die manier-adjunk wat kwaliteit en graad betref (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004:355). Meer spesifiek kan bywoorde van intensiteit gebruik word om hierdie funksie te vervul. Die omstandigheidsadjunk kan weer gebruik word om geloofwaardigheid vir ’n teks te bewerkstellig deur spesifiek na tyd en plek te verwys (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004:355). Die modale adjunk kan gebruik word om sekerheid aan te toon en selfs om dit nie aan te toon nie, afhangende welke vir die propagandis geleë is (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004:355). Dit kan met behulp van kommentaar- en modale adjunkte gedoen word (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004:355).

Soortgelyk aan beskrywingsadjektiewe en klassifiseerders kan adverbia gebruik word om bepaalde negatiewe en daarom ook emotiewe “etikette” aan die handelinge van bepaalde partye te koppel en

daarom ook indirek aan die betrokke partye self. Tog kan adverbia ook gebruik word om spesifieke, goeie, maar ook emotiewe eienskappe aan die propagandis se aksies toe te ken. Byvoorbeeld in die ope brief deur Zuma (***P:** Undermine Zuma [2016]*) word Hanekom se aksies soos volg deur adverbia beskryf: "...brazenly and unabashedly spoke out...". In die ANC se persverklaring kom die volgende twee voorbeelde voor wat weer tot opbou van die propagandis se handelinge is: "...radically advancing..." en "...the ANC strongly recommends...". Wanneer bywoorde as intensiveerders optree, kan dit maklik 'n oordrewe funksie vervul. Deur 'n semanties swaar gelaaide adverbium te selekteer, kan die propagandis sekere aspekte oordryf, maar veral ook deur meer as een intensiveerder te gebruik soos in die eerste voorbeeld aangedui is.

Omstandigheidsadjunkte, en meer spesifiek adjunkte wat tydsomstandigheid aantoon, sou binne die ideasionele metafunksie moontlik in beide groepe tekste verwag kon word as adjunkte wat 'n basiese of generiese funksie in beide groepe tekste sou vervul. Indien 'n propagandis inligting doelbewus verdraai of aanpas met die oog daarop om te mislei, sou hy of sy misleidende omstandigheidsadjunkte met opset kon gebruik. Omstandigheidsadjunkte wat gebruik word om die kwaliteit van 'n omstandigheid aan te toon sou moontlik ook vir die propagandis handig kon wees om 'n evaluering van die omstandighede te bied, maar is moontlik nie die belangrikste hulpmiddel vir die propagandis in hiérdie verband nie. Dit mag daarom wees dat modale adjunkte met 'n interpersoonlike metafunksie eerder in propagandatekste te wagte sou wees aangesien dit die propagandis die geleentheid bied om 'n assessering te maak. Modale en kommentaaradjunkte sou daarom net as nóg 'n manier kon dien om die propagandis te assisteer in die voorstelling van die realiteit op die wyse waarop hy of sy wil hê sy of haar teikengroep die gebeure moet verstaan.

4.2.3.10 Kohesie

Wat die tekstuele metafunksie betref, kan kohesie ook 'n belangrike rol in 'n teks speel. *Kohesie* behels die semantiese skakels binne of tussen sinne om die vloei van diskoers mee te bestuur (Halliday & Matthiessen, 2004:87-88). Kohesiehulpbronne maak dit moontlik om items van enige grootte, hetsy bo of onder die klous, te skakel en om items wat struktureel verbind kan word of nie, oor enige afstand met mekaar te skakel (Halliday & Matthiessen, 2004:536). Die volgende soorte leksiko-grammatikale kohesiebronne kan geïdentifiseer word: konjunksie, referensieel, vervanging of ellips en leksikale kohesie (Halliday & Matthiessen, 2004:534-535). In hierdie afdeling word daar nie aan ellips aandag geskenk nie aangesien dit lyk of die ellips nie so 'n prominente rol in die relevante tekste speel of verband hou met kenmerke uit propagandaliteratuur nie.

Referensieel dien as kohesiehulpbron aangesien dit gebruik word om skakels tussen elemente, dinge of feite oor verskillende afstande te skep (Halliday & Matthiessen, 2004:534, 536). Wanneer rolspelers byvoorbeeld dieselfde konteks soos 'n ete het, kan direkte verwysings na elemente wat van die situasie deel vorm, verwag word, byvoorbeeld 'n verwysing na die voorbereidingstoerusting, die kos self en die eetgerei (Halliday & Matthiessen, 2004:534). Hierdie verwysings is, wanneer hulle vir die eerste keer gebruik word, eksofories aangesien die verwysings vanuit die teks na iets buite die teks dui (Halliday & Matthiessen, 2004:535). Hierna word die verwysings anafories aangesien dit deurlopend in die teks as verwysings op herhalende wyse dien en vorm sodoende referensiële kettings, byvoorbeeld "die vis" word *dit*; "die pan" word weer na verwys as *die pan* en later ook *dit* (Halliday & Matthiessen, 2004:535). Hierdie verwysings kan op nie-aktansiële of aktansiële vlak voorkom waar byvoorbeeld voornaamwoorde gebruik word as plaasvervangende verwysing na 'n eienaam (Halliday & Matthiessen, 2004:535).

Konjunksie dien ook as 'n bron van kohesie (Halliday & Matthiessen, 2004:537-538). Konjunksie het te make met retoriese oordrag tussen boodskappe in geheel en ook boodskapkomplekse (Halliday &

Matthiessen, 2004:537). Konjunksie dui die logiko-semantiese verhoudings aan waardeur ’n tekstuele oordrag geskep word (Halliday & Matthiessen, 2004:537-539). Konjunksie is in hierdie sin anders as die ander kohesiesoorte soos leksikale kohesie, aangesien die ander kohesiesoorte te make het met tekstuele status wat handel oor hoe boodskapkomponente as informasie geprosesseer word (Halliday & Matthiessen, 2004:537).

Leksikale kohesie werk binne die leksikale vlak van taal en word bereik deur ’n keuse van leksikale items (Halliday & Matthiessen, 2004:535). Leksikale kohesie behels verhoudings tussen leksikale elemente soos daar byvoorbeeld tussen die woorde *mooi*, *pragtig*, *wonderlik* en dies meer bestaan (Halliday & Matthiessen, 2004:537). Hierdie kohesieverhoudings kan tipies tussen enkele, leksikale items soos tussen woorde of selfs groter eenhede soos frases verwag word, byvoorbeeld *boog*, *pyl en boog*, maar ook eenhede wat meer as een leksikale item bevat, byvoorbeeld *nuwe pyle vir die boog* (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004:537). Heelwat van die gevalle behels twee of drie verbindingspunte van ’n verskillende aard wat in kombinasie met mekaar voorkom (Halliday & Matthiessen, 2004:537).

Hierdie keuse wat uitgeoefen word, vorm logo-genetiese patrone (Halliday & Matthiessen, 2004:535). In die geval van verwysing, ellips en leksikale kohesie asook interaksies tussen kettings binne en oor soorte kohesie heen, neem die patrone die vorm van logo-genetiese kettings aan (Hasan, 1984 soos na verwys deur Halliday & Matthiessen, 2004:535). Logo-genetiese kettings verwys na kettings wat uit skakels van verwysings, ellips en leksikale kohesie bestaan asook die interaksies binne en tussen hierdie kettings van verskillende soorte kohesie (Hasan, 1984 soos na verwys deur Halliday & Matthiessen, 2004:535). Soms is hierdie patrone op ’n spesifieke plek en tydelik, maar word dikwels oor langer tydperiodes onderhou en word deel van die algehele sisteem wat ontwikkel soos die teks ontvou (Halliday & Matthiessen, 2004:535).

Verskillende soorte kohesie maak verskillende bydraes tot die skep en interpretasie van teks, bydraes wat mekaar komplementeer (Halliday & Matthiessen, 2004:537). Hierdie komplementêre verhouding kan beskryf word met verwysing na twee onderskeidspunte (Halliday & Matthiessen, 2004:537). Die eerste behels die mate waartoe elemente op kohesiewe wyse geskakel kan word en die tweede verwys na die plasing van kohesie-hulpbronne binne die leksiko-grammatika (Halliday & Matthiessen, 2004:537). Leksikale kohesie behels sinonimie, hiponimie, herhaling en kollokasie (Halliday & Matthiessen, 2004:538).

Die drie kohesievorme kan moontlik vir die propagandis van hulp wees om die volgende propagandategnieke te laat realiseer:

- ***Referensiële kohesie***
    1. Beklemtoning
    2. Herhaling
    3. Semantiese manipulasie
    4. Etikettering
    5. Disfemisme

- ***Konjunksiekohesie***
    1. Beklemtoning
    2. Herhaling
    3. Onder- en oorbeklemtoning
    4. Disfemisme

- ***Leksikale kohesie***

1. Verbale simbolisering
2. Herdefiniëring van begrippe
3. Newspeak
4. Leksikale verharding
5. Slagspreuke of sinekdogee

6. Beklemtoning
7. Herhaling

8. Oordrywing
9. Oormatige woordgebruik

10. Polarisering
11. Disfemisme
12. Eufemisme

Referensiële kohesie en konjunksiekohesie sou beide deur die propagandis gebruik kon word om belangrike konsepte te herhaal en sodoende te beklemtoon. Sekere gedagtelyne of woorde wat semanties verbandhoudend is, kan byvoorbeeld met behulp van referensiële kohesie herhaal word. Daar word byvoorbeeld na Hanekom verwys as "Derek Hanekom" waarna Hanekom onder meer soos volg in die teks na verwys word: "Hanekom the white Afrikaner askari", "This white Afrikaner, anti majoritarian sell out", "this Askari Hanekom" (***P:*** *Open letter [2017]*). Behalwe dat Hanekom met iemand wat kolonialiste ondersteun, geassosieer word, word Hanekom met behulp van verskillende verwysings geëtiketteer wat tot disfemisme lei.

By konjunksiekohesie is dit moontlik dat herhaling gebruik kan word deurdat byvoorbeeld 'n neweskikkende voegwoord soos "en" by herhaling gebruik word. Die gebruik van "and" kom byvoorbeeld dikwels voor in Zuma se opebrief met die gevolg dat bepaalde idees beklemtoon word soos die idee dat witmense nie net een slegte eienskap aan swartmense koppel nie, maar meer as een (***P:*** *Open letter [2017]*). Hierdie herhaling kan byvoorbeeld in 'n propagandateks lei tot die beklemtoning of selfs oorbeklemtoning van sekere eienskappe, positief of negatief, van onderskeidelik die propagandis en die opponent. In die laasgenoemde geval sou konjunksiekohesie daarom as deel van disfemisme gebruik kon word.

Leksikale kohesie sou in propagandatekste vir meer tegnieke gebruik kon word as referensiële kohesie en konjunksiekohesie. As deel van verbale simbolisering, kan leksikale kohesie byvoorbeeld gebruik word om begrippe te herdefinieer wat weer aansluit by Newspeak en leksikale verharding. Hierdie tegnieke kan deur leksikale items in 'n teks geïntegreer word wat by herhaling in spesifieke kontekste voorkom. Op hierdie manier word 'n sekere semantiese aspek van die woord deurlopend beklemtoon wat aanleiding tot die "nuwe" of "gewysigde" semantiese betekenis bied.

Leksikale kohesie sluit ook by die idee van oordrywing of selfs oormatige woordgebruik aan deurdat soortgelyke, verbandhoudende leksikale items by herhaling gebruik word om sekere belangrike idees in 'n teks te beklemtoon. Wanneer sekere idees wat positief of negatief is, herhaal word, kan dit uiteindelik lei tot eufemisme aan die propagandis se kant, of disfemisme aan die opponent se kant. Die gebruik van byvoorbeeld die verbandhoudende woorde "act of corruption", "palace of corruption", "inequality", "project of corruption" en "corrupt cronies" (***P:*** *Fringe benefits [2016]*)

beklemtoon by herhaling, en op verskillende maniere, die idee dat Zuma korrup is. Leksikale kohesie is in hierdie verband dus soortgelyk aan referensiële kohesie.

Die herhaling en beklemtoning wat met behulp van kohesie in ’n teks na vore kom, kan verder gebruik word om emosies by ’n teikengehoor aan te wakker. Kohesie word nie as ’n afsonderlike afdeling in Hoofstuk 5 bespreek nie, maar word, waar relevant, geïntegreer in die bespreking in sy geheel.

4.2.2 Samevatting

Met behulp van Sistemies Funksionele Linguistiek kan die aard van propaganda reeds vooruitskouend geantisipeer word. Die propagandis blyk eerder van taalstukke gebruik te maak wat hom of haar die geleentheid bied om sy of haar weergawe van die saak, handeling of persoon wat reeds ’n oordeel of evaluering insluit, vir die leser aan te bied. Die gebruik van “subjektiewe” vorme is daarom belangrik. Die interpersoonlike metafunksie kan daarom vir die propagandis handig te pas kom om met behulp van subjektiewe vorme na die teikengehoor uit te reik. Die ideasionele metafunksie blyk soms handig te wees aangesien sekere vorme wel ’n ekstra betekenislaag insluit en daarom semanties meer inligting as bloot neutrale inligting oordra. Taalstukke in die tekstuele metafunksie kan ook deur die propagandis gebruik word vir verál algemene tegnieke soos beklemtoning deur herhaling wat aansluit by die rol van byvoorbeeld leksikale en referensiële kohesie. Die tekstuele metafunksie bied ook die propagandis ’n geleentheid om die leser te mislei deur sy of haar twyfelagtige gedagtegang as logiese redenasie aan te bied, alhoewel ’n saak veel meer kompleks is.

Wat ook duidelik na vore kom is dat daar tog ooreenstemmings tussen propagandatekste en nie-propagandatekste is. Hierdie ooreenkomste kan dui op die generiese, algemene gebruik van taal as die inhoud van enige teks, of dat die analis die analise meer spesifiek moet uitvoer om wél verskille te kan identifiseer. Faktore soos outeursbetrokkenheid speel byvoorbeeld ’n belangrike rol wat die formaat betref waarin subjektiewe vorme in nie-propagandatekste teenoor propagandatekste gebruik word.

Sistemies Funksionele Linguistiek bied daarom voldoende werktuie om met behulp van algemene taalstukke ’n onderskeid te kan tref tussen taaleienskappe wat in nie-propaganda- en in propagandatekste verwag kan word. Hierdie teoretiese raamwerk voorsien die navorser van ’n meer gedetailleerde idee van die potensiële linguistiese eienskappe van propaganda en dien daarom as aanvulling tot die reeds geïdentifiseerde linguistiese eienskappe van propaganda in die bestaande literatuur.

4.2.4 Evaluerende taal

Binne die breër raamwerk van Sistemies Funksionele Linguistiek bied semantiek ’n meer spesifieke begrip van die betekenislading van taalelemente, soos deur ’n outeur vanuit ’n groter poel moontlikhede, ’n spesifieke keuse maak vir ’n spesifieke semantiese rede. Binne propaganda (en nie-propaganda) word sekere soortgelyke semantiese keuses dikwels uitgevoer tot só ’n mate dat hierdie keuses in die vorm van ’n erkende taaleienskap van die spesifieke teksgenre begin figureer. In die geval van propaganda word hierdie taaleienskappe geselekteer vir hul semantiese waarde om sekere inhoudelike tegnieke in ’n teks te integreer, byvoorbeeld disfemisme, eufemisme en polarisering. Waar ’n propagandis byvoorbeeld die adjektief “dom” (***P:*** *Zuma uithou [2016]*) gebruik om liberaliste mee te etiketteer, kom die propagandis se waardeoordeel oor die groepering reeds na vore. As deel van die linguistiese analise in hierdie studie word die inhoudelike, nie-linguistiese tegnieke as vertrekpunt gebruik om uiteindelik die vormlike, linguistiese verteenwoordigers te kan identifiseer.

Taalkeuses is vir taalgebruikers beskikbaar en hierdie keuses het semantiese gevolge (Butt & Lukin, 2009:192). Die semantiese verskille tussen verskillende rangskikkings in ’n teks kan bruikbaar wees om afleidings te maak met betrekking tot onbewuste ontwerp (Butt & Lukin, 2009:192). Met propaganda sou die ontwerp van ’n teks eerder as bewuste ontwerp van die propagandis se kant af verwag kon word om sy of haar doel te bereik. As vertrekpunt vir die identifisering van taalverteenwoordigers vir die inhoudelike, nie-linguistiese eienskappe van propaganda, sou ’n waarskynlikheidsbenadering as vertrekpunt gebruik kon word, soos in afdeling 3.2.2 uitgepak word.

’n Verwante vorm van hoërorde-organisering is duidelik in verskeie teksgenres (Butt & Lukin, 2009:190). In nie-literêre tekste is só ’n organisering een basis vir hoe konsekwentheid van die doel in ’n teks uitgevoer word of dan die doel-oriëntering wat in ’n teks uitgedruk word (Hasan, 1999 soos aangehaal deur Butt & Lukin, 2009:190-191). Veralgemenings oor die doel van ’n interaksie wat die vorm van transaksie wat uitgevoer word, bevestig, word selde opgelos deur die eksplisiete verklarings van sprekers en skrywers (Butt & Lukin, 2009:191). By die analise van adjektiewe in Hoofstuk 5 (afdeling 5.4), word die evalueringsteorie gebruik om outeursbetrokkenheid te bepaal. Die aantal eksplisiete verklarings van die propagandis en nie-propagandis se kant af sou met behulp van “oordeel” binne die evalueringsteorie bepaal en verstaan kon word. Dieselfde voorbeeld van die adjektief “dom” (***P:*** *Zuma uithou [2016]*) kan gebruik word aangesien die toekenning van dié kwaliteit aan liberaliste direk deur die propagandis self gedoen word.

Ander bewyse van bevooroordeling in semantiek dien as uitdrukking van die ideologie of agenda van ’n gegewe instelling, byvoorbeeld die verkleinering van ’n politieke figuur deur ’n spesifieke koerant (Butt & Lukin, 2009:191). Met die belangrike rol wat die doel van propaganda speel in die proses om ’n teks as propaganda of nie-propaganda te klassifiseer sowel as in die interpretasie van ’n teks, is die semantiese insig aangaande bevooroordeling, ideologie en ’n sekere agenda van die outeur se kant af, belangrik om na te gaan. Hierdie nagaanproses kan met behulp van evaluerende taal uitgevoer word.

Soos bespreek, word gemerkte, evaluerende taalvorme verál binne propaganda verwag aangesien die propagandis nodig het om ’n bepaalde interpretasie of reeds gestruktureerde beoordeling van sekere gebeure en mense aan die leser voor te hou om sy of haar doel te bereik. Evaluerende taal moet daarom oor die algemeen beter verstaan word. As meer spesifieke hulpmiddel word Martin en White (2005) se taalevalueringsteorie gevolglik uitgepak.

In hierdie studie word daar ’n belangrike onderskeid in die aard van leksikale items getref deur die objektiewe of subjektiewe aard daarvan, in soverre dit duidelik is, te identifiseer en daarvolgens te klassifiseer. Hierdeur kan ’n semanties spesifieke manier as een van die analiseringsmetodes gebruik word om verskille en raakpunte tussen propagandatekste en nie-propagandatekste te identifiseer en te verstaan. Die terme “objektief” en “subjektief” kan eerstens teen die agtergrond van paradigmatiese seleksie binne Sistemies Funksionele Linguistiek verstaan word: ’n Spreker het ’n stel keuses en kan daarom in hoofsaak verantwoordbaar vir die uitgeoefende keuse gehou word (vgl. Butt & Lukin, 2009:192). Bolinger beskryf die terme soos volg: objektief as “neutraal” en subjektief as “gelade” of selfs “bevooroordeeld” en dui aan dat sekere begrippe meer na die een of die ander kant leun (vgl. Bolinger, 1980:76).

’n Verdere wyse ingevolge waarvan hierdie terme onderskei kan word, is deur daarna te verwys as substantief teenoor waardebeoordelend of evaluerend waar substantief na die geseteldheid van ’n spesifieke term in die realiteit verwys en daarom ’n soort “objektief”-toegeskrewe betekenis dra. Hierteenoor is die waardebeoordelende of evaluerende terme, terme wat reeds iets weerspieël van die gebruiker daarvan se begrip, siening en daarom interpretasie van die realiteit en kan die term

“subjektief” gebruik word. Die leksikale item wat deur die outeur of spreker gekies en gebruik word, verklap as’t ware die spreker se houding ten opsigte van die gebeurtenis, ding, of waarde. Wanneer byvoorbeeld die term “kommunis” (***NP:*** *Stories JZ (2015)*) gebruik word in plaas van die objektiewe, neutrale term “persoon”, word die outeur (of in hierdie geval die bron) se standpunt oor daardie persoon in die leksikale item self vervat.

Hunston (2004:157) definieer “evaluerende betekenis” as ’n aanduiding dat iets goed of sleg is. Hunston (2004:157) verduidelik verder dat soortgelyke terme dikwels deur verskillende akademici gebruik word vir hierdie selfde konsep: Martin (2000) verwys hierna as “Appraisal” (sien analise van adjektiewe) of “Waardebeoordeling”, en Hunston (2000) self verwys daarna as die “evaluering van waarde”. Evaluerende betekenis is nie altyd maklik identifiseerbaar nie, aangesien dit voorkom of sekere items in ’n groot mate staatmaak op die onmiddellike konteks en op aannames deur die leser oor waarde (Hunston, 1989 soos na verwys deur Hunston 2004:157). Martin (2000) onderskei byvoorbeeld tussen “ingeskrewe” en “opgeroepe” waardebeoordeling (soos na verwys deur Hunston, 2004:158). “Ingeskrewe” waardebeoordeling beteken dat beoordeling eksplisiet in die teks aangedui word teenoor “opgeroepe” waardebeoordeling wat nie so direk aangedui word nie alhoewel die teks bewyse vir waardebeoordeling bevat, maar nie waardebeoordeling self nie (Hunston, 2004:158).

Outeurs wat evaluering as onderwerp bespreek, bly dikwels van identifisering af weg en fokus eerder op die klassifiserings- en analiseringsgevalle van evalueringsgevalle en ander aspekte van interpersoonlike betekenis (Hunston, 2004:159). Hunston (2004:159) gee die volgende voorbeelde: Martin (2000) verdeel waardebeoordeling in Affek, Oordeel en Waardering; Conrad en Biber (2000) kwantifiseer en vergelyk ’n geslote stel adverbiale wat “stance” of houding in drie korpora verskillende registers verdeel. Hierteenoor fokus Hunston en Sinclair (2000) op sinne wat duidelik evaluerende leksikale items bevat volgens die semantiese rol wat elke element in ’n sin vervul.

Met die bogenoemde uitdagings in gedagte, word leksikale items in hierdie studie soortgelyk aan Hunston en Sinclair (2000) se klassifiseringsmetode hanteer deur leksikale items wat ’n duidelike evaluering vervat binne die semantiese rol wat daardie item vervul, as subjektief te klassifiseer. Buiten daarvoor dat die onmiddellike en para-konteks vir interpretasie gebruik is, is gevalle waar leksikale items as ’n grensgeval tussen objektief en subjektief lê, met ekstra sorg oorweeg met selfs meer aandag aan die konteks om sodoende voorsiening te maak vir die moontlikheid van koverte of opgeroepe waardebeoordeling binne daardie spesifieke vorm. Die naamwoord “people” (***P:*** *Open letter [2017]*) lyk byvoorbeeld op die oog af soos ’n objektiewe term, maar wanneer die term in die groter konteks oorweeg word, word die gesamentlike gebruik tussen die voornaamwoord “our” en “people” eintlik gebruik om kulturele groepe te polariseer, en kan “people” in hierdie geval eerder as subjektief geklassifiseer word.

Waar dit spesifiek handel oor adjektiewe as ’n woordgroep met ’n groot verskeidenheid, is daar ook ’n kruiskontrole gedoen deur hierdie items eers volgens objektief en subjektief in te deel en daarna die subjektiewe groep adjektiewe te toets deur hulle volgens Martin en White (2005) se meer spesifieke indeling volgens Affek, Oordeel en Waardering, in te deel. As voorbeeld van Affek, kan die adjektief “revulsive” (***P:*** *Open letter [2017]*) gebruik word waar die propagandis sy emosie of gevoel ten opsigte van die situasie direk bekend maak. Die adjektief “liggelowig” (***P:*** *Ware skuldiges [2014]*) is ’n voorbeeld van Oordeel aangesien die propagandis ’n kwaliteit van die kiesersgroep aandui en “Deep” (***P:*** *Undermine Zuma [2016]*) as beskrywend van “inequalities” dien as voorbeeld van Waardering met dié dat inligting rakende ongelykhede as entiteit bekendgemaak word. Englebretson (2007:6) dui aan dat die inneem van of stand ten opsigte van ’n saak, vyf keer meer in geskrewe as in gesproke tekste voorkom en is daarom juis in hierdie studie met ’n tekstuele analise ’n belangrike element.

Evaluering word volgens Thompson en Hunston (1999:6) basies vir drie funksies gebruik: 1. Om die spreker of skrywer se mening uit te druk en om sodoende die waardesisteem van daardie persoon en sy of haar gemeenskap uit te druk; 2. Om verhoudings tussen die spreker en ontvanger, skrywer en leser te konstrueer en te onderhou; en 3. Om diskoers te organiseer. Hierdie funksies kan individueel of gelyktydig voorkom. Wanneer die doel van ’n propagandis oorweeg word, naamlik om sy of haar doelwit met die teks tot sy of haar voordeel te laat slaag deur die teikengroep op die mees doeldienende wyse tot beweging te bring, is dit nodig om sy of haar mening spesifiek in die teks oor te bring. Die belangrikheid van evaluering en die inneem van ’n bepaalde stand teenoor mense en dinge asook om ’n verhouding te bewerkstellig tussen die propagandis en sy of haar teikengroep, toon die belangrikheid van spesifiek die eerste twee funksies aan. Hierdie funksies sou wel nie met groot sukses uitgevoer kon word indien die propagandis nie die teks self op ’n evaluerende manier organiseer nie.

Hunston (2007) verduidelik dat ’n gesamentlike gebruik van kwantitatiewe en kwalitatiewe studies tydens die ondersoek na stand in tekste, van hulp kan wees. Hunston (2007:36) stel voor dat ’n korpus nuttig is om sekere standmerkers te kwantifiseer en dat só ’n kwantifisering kan lei tot meer gedetailleerde, kwalitatiewe werk. Verder word die belangrikheid van konteks beklemtoon wanneer stand identifiseer word en ook dat die belangrikheid hiérvan juis in gedagte gehou moet word wanneer basiese kwantifiseringsmaatreëls gebruik word (Hunston, 2007:36).

Deur die rol van konteks by die ontleding van stand te beklemtoon, lei dit tot ’n element van korpuswerk wat meer kwalitatief as kwantitatief is, wat uiteindelik selfs weer kan teruglei tot kwantitatief: die tradisie dat die kontekste van individuele woorde en frases bestudeer word om sodoende die “phraseology” of frase en die funksies daarvan te bepaal (Hunston, 2007:36). Deur van korpusse gebruik te maak, kan die tipiese aard van gebruik bepaal word en daardeur uiteindelik standmerkers, veral merkers van evaluerende aard wat dikwels eerder uit frases as woorde bestaan (Hunston, 2007:46). Wanneer stand in ’n teks ontleed word, behels dit meer as om die spesifieke vorme op te spoor en die interpreteer van die rol of stand in diskoers sluit ’n deeglike en toereikende begrip van die diskoers as geheel in. Stand kan nie bepaal word deur slegs die direkte konteks van ’n individuele leksikale item in ag te neem nie (Hunston, 2007:28).

In hierdie studie word ’n kwalitatiewe analise met behulp van kwantitatiewe analiseringsmetodes gestruktureer om sodoende ’n begrip van die gebruiksfrekwensie van ’n leksikale item te bepaal, belangrike kollokasies te identifiseer en steeds met behulp van konteks ’n kwalitatiewe bespreking te doen. Die aard van die tipes diskoers, naamlik in die breë propaganda en nie-propaganda, en meer spesifiek ook media-diskoers, is bestudeer in aanloop tot die analise self. Die inneem van ’n bepaalde stelling kan volgens vyf konseptuele sleutelbeginsels ten opsigte van stand ingedeel word en waarvan die volgende twee uitgelig word (Englebretson, 2007:6-7). Dié punte bevestig dat dit vir ’n tipiese leser moontlik is om stand waar te neem: Stand is publiek van aard en is waarneembaar, interpreteerbaar en beskikbaar vir ondersoek deur ander; stand is voorts interaktief en is samewerkend konstruktief tussen deelnemers en met betrekking tot ander standinnames (Englebretson, 2007:6).

Een van die linguistiese omgewings waarbinne evaluering of die inneem van 'n standpunt ’n belangrike rol speel, is opmerkbaar in die wyse waarop woordeboekbetekenisse aangebied word. In die definiëring van die woord “swaap”, byvoorbeeld, kan die woord self reeds ’n spreker of skrywer se gevoel of mening teenoor ’n bepaalde persoon insluit: *swaap – “onhandige, onnosele mens”* (*Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal,* 1981:1116). By antisipering is dit met tipies sulke evaluerende woorde wat propagandiste hul mening oor, in hierdie geval ’n persoon, aan die leser kan oordra om ’n baie spesifieke weergawe van die realiteit aan die teikengroep te konstrueer.

4.2.4.1 Evalueringsteorie

Teen hierdie agtergrond en die verwagting van objektiewe vorme as prototipiese realiserings vir verslaggewing, kan objektiewe vorme as ongemerk en subjektiewe vorme as gemerk oorweeg word by die ontleding van die tekste. As kontrole vir die indeling van beskrywingsadjektiewe en klassifiseerders as objektief en subjektief kan die beoordelingsraamwerk binne die groter Sistemies Funksionele Raamwerk gebruik word. Hierdie raamwerk bied ook ’n handige onderskeid om meer klarigheid oor die doel of funksie vir die gebruik van die gemerkte, subjektiewe en daarom waardebeoordelende of waarde-evaluerende vorme te kry deur tussen Affek, Waardering en Oordeel te onderskei.

Die *beoordelingsraamwerk* (oftewel *Appraisal theory*) dien as hulpmiddel om die wyse waarop taal gebruik word as manier om iets te evalueer, stelling in te neem, tekstuele personae te konstrueer en om die bestuur van interpersoonlike posisionering en verhoudings, te verduidelik (White, 2015). Dié raamwerk verken hoe sprekers en skrywers hul oordeel uitspreek oor ander mense in die algemeen en ander sprekers of skrywers en hulle uitlatings, ander materiële objekte, gebeure en die stand van sake en hiervolgens alliansies vorm met diegene met wie hulle saamstem en hulself distansieer van diegene saam met wie hulle nie saamstem nie. Hierdie raamwerk dien as uitbreiding tot Sistemies Funksionele Grammatika (White, 2015).

Een van die funksies wat beoordeling of die evaluerende gebruik van taal behels, is houdingsposisionering (*attitudinal positioning*) (White, 2015). Houdingsposisionering verwys daarna om te prys of te blameer deur middel van betekenisse waardeur die skrywer of spreker óf ’n positiewe óf ’n negatiewe assessering van mense, plekke, dinge, gebeure en die toestand van sake aandui (White, 2015). Die uitdruk van ’n bepaalde houding kan eksplisiet, direk of overt wees, of dit kan implisiet, indirek of kovert wees (White, 2015). ’n Voorbeeld van overte houding kom voor in ’n term soos “kruiperkaner” (***P:*** *Ware skuldiges [2014]*) waar die propagandis duidelik verwys na Afrikaners wat, volgens hom, gunssoekers is. Soos by grensgeval-analises in die studie verduidelik is, kan dieselfde voorbeeld hier gebruik word. Die naamwoord “people” (***P:*** *Open letter [2017]*) lyk aanvanklik soos ’n objektiewe term, maar wanneer die term in die groter konteks oorweeg word, word die gesamentlike gebruik tussen die voornaamwoord “our” en “people” eintlik gebruik om kulturele groepe te polariseer en kan “people” in hierdie geval eerder as subjektief geklassifiseer word. As sodanig kan ’n verskuilde, koverte betekenis aan hierdie term toegeskryf word.

In die eerste geval kan ’n woord of groep woorde ’n positiewe of negatiewe idee dra wat sonder problematiek identifiseer kan word (White, 2015). In die tweede geval is dit nie altyd eenvoudig om ’n evaluerende stelling te identifiseer nie, maar die outeur maak op die gehoor se interpretasie van gebeure of die stand van sake volgens die gebruikte, evaluerende terme staat (White, 2015). Houding behels ook gradeerbare betekenisse met die potensiaal om geïntensiveer en vergelyk te word (Martin & White, 2005:44). Hierdie eienskap is soortgelyk aan die definiërende eienskap van beskrywende adjektiewe, maar sluit nie die moontlikheid van beoordeling by klassifiseerders uit nie. Die adjektief “onmoontlik” (***NP:*** *Wat nou? [2014]*) kan gegradeer word van moontlik, na minder moontlik, na onmoontlik.

Binne die houdingsposisionering kan daar drie subtipes voorkom, naamlik *affek* (emosioneel), *oordeel* (eties) en *waardering* (esteties) (White, 2015). Affek behels evaluering deurdat die outeur aandui hoe hy of sy emosioneel ingestel is ten opsigte van ’n persoon, ding of gebeure, byvoorbeeld *Ek is <u>mal</u> oor musiek*; *Die nuwe werk maak my <u>bang</u>* (White, 2015). Oordeel kan as normatiewe assesserings van menslike gedrag beskou word wat gebruik word om te verwys na reëls, konvensies of gedrag (White, 2015; White & Martin, 2005:44). Oordeel behels ook betekenis wat ons houdings teenoor mense en

die verskillende wyses waarop hulle optree, meet of aandui (Martin & White, 2015:52), byvoorbeeld *Hy het onregverdig* opgetree; *Sy is 'n eksentrieke mens*.

Oordeel kan breedweg verdeel word in sosiale aansien en sosiale sanksie. Beoordelings op grond van sosiale aansien het te make met normaliteit (hoe ongewoon iets is), kapasiteit (hoe bekwaam iemand is) en beslistheid (hoe vasberade iemand is) (Martin & White, 2005:52). Beoordelings op grond van sosiale sanksie het te make met betroubaarheid (hoe eerlik iemand is) en behoorlikheid (hoe eties iemand is) (Martin & White, 2005:52).

Hierteenoor behels Waardering, assesserings van die vorm, voorkoms, samestelling, impak, relevansie en dies meer van menslike artefakte, natuurlike objekte en menslike individue (maar nie van menslike gedrag nie) deur na die estetiese en ander sisteme van sosiale waarde te verwys (White, 2015). Waardering sluit evaluerings van semiotiese en natuurlike fenomene in, volgens die maniere waarvolgens hulle gewaardeer word al dan nie in 'n spesifieke veld (Martin & White, 2005:43), byvoorbeeld *Vandag is 'n perfekte dag*; *Dit was nou 'n mooi toetswedstryd!* Waardering kan oor die algemeen verdeel word volgens die reaksies op dinge asook die samestelling en die waarde daarvan (Martin & White, 2005:56).

Een van die belangrike punte van onderskeid tussen Affek en Oordeel, is dat die evaluering wat gemaak word 'n meer subjektiewe aard het by Affek teenoor 'n minder subjektiewe aard by Oordeel (White, 2015). Die affektiewe waarde van "lief" in *Almal is lief vir roomys* is byvoorbeeld 'n kwaliteit wat deur "almal" (die toeskrywer) aan roomys toegeskryf word teenoor die beoordelende waarde van "genie" in *Klein Johan is 'n genie* en hier 'n kwaliteit behels wat aan Johan toegeskryf word (die toegeskrewene) (White, 2015). Dienooreenkomstig deel Waardering die eienskap om ten opsigte van die "toegeskrewene" georiënteerd te wees eerder as die subjektiewe "toeskrywer" (White, 2015).

Waardes van Waardering is eienskappe wat eerder aan die getakseerde fenomeen gekoppel word, eerder as die menslike subjek wat die evaluering doen (White, 2015). Byvoorbeeld: *'n Mooi sonsondergang* met "mooi" as waarderingswaarde word beskou as verteenwoordigend van die sonsondergang en nie van die mens wat die evaluering doen nie (White, 2015). Sulke waardes behels 'n beweging waardeur die subjektiewe, individuele, evaluerende respons deur die toeskrywer oorgedra word van die toeskrywer na die geëvalueerde entiteit en sodoende as eienskap van die geëvalueerde entiteit beskou word (White, 2015). Die evaluering word in 'n groot mate dus geobjektiveer en daarom deel waardes van Waardering en Oordeel die eienskap om minder direk persoonlik te wees wanneer dit gelyk gestel word aan die waardes van Affek (White, 2015).

Vir 'n propagandis is dit belangrik om sy of haar evaluering van 'n situasie, dinge of persone duidelik in 'n teks te kommunikeer met die oog daarop om sodoende die teikengroep te beïnvloed. Die duidelike inneem van 'n bepaalde standpunt kom handig te pas aangesien die outeur sy of haar weergawe van die realiteit wat hy of sy wil hê die teikengroep gebeure mee moet interpreteer, sodoende kan oordra. Nie-propaganda is wel nie sonder evaluerende terme nie, maar dikwels, wanneer hierdie terme wel in nie-propaganda verskyn, kan die inneem van 'n standpunt nie direk aan die outeur toegeskryf word nie, aangesien die terme in bronverwysings voorkom en daarom eerder aan die aangehaalde persoon toegeskryf kan word. As sodanig kan die outeur van 'n teks hom- of haarself meer of minder direk tot 'n saak verbind en in die lig daarvan behoort outeursverbintenis verder ondersoek te word.

4.2.4.2 Outeursverbintenis

Outeursverbintenis dien as 'n manier waarvolgens 'n outeur 'n sekere stelling kan inneem en daarom ook nagegaan kan word om 'n outeur se stand vas te stel (Martin & White, 2005:92). Martin en White

(2005:92) neem ’n dialogiese perspektief aan waarvolgens alle verbale kommunikasie, gesproke en geskrewe, as dialogies van aard beskou word. Hierdie dialogiese aard behels dat dit wat gesê of geskryf word, dít wat reeds gesê of geskryf is, in ’n manier opneem of insluit. Terselfdertyd word geantisipeer wat die reaksies van werklike, potensiële of verbeelde luisteraars of lesers gaan wees (Martin & White, 2005:92).

Dit is teen hiérdie agtergrond dat die aard van die verhouding tussen die spreker of skrywer en die uitinge wat reeds deur sprekers of skrywers in dieselfde verband gemaak is, verstaan kan word (Martin & White, 2005:93). Die mate waartoe sprekers of skrywers vorige sprekers of skrywers erken, en die maniere waarop hulle reageer op en/of in wisselwerking tree met die vorige groep, is daarom van belang (Martin & White, 2005:93). Binne hierdie raamwerk is die manier waarop sprekers of skrywers hulself verbind daarom belangrik: assosieer hulle hulself met dit wat reeds gesê is, staan hulle neutraal of staan hulle dit wat reeds gesê is, teë? (Martin & White, 2005:93). Die raamwerk het ten doel om sistematies rekening te gee van hoe die posisies linguisties bereik word (Martin & White, 2005:93).

Die uitreik van die outeur na die ontvangers van die teks is duidelik ’n vergestalting van die interpersoonlike metafunksie.

’n Tekstuele stem kan byvoorbeeld geposisioneer word om ’n teenoorgestelde standpunt te verwerp met behulp van negativering of deur die teendeel van ’n die beweerde status quo aan te toon (White, 2015). Verder kan ’n outeur met behulp van sy of haar “tekstuele stem” ’n sekere standpunt verkondig of voorstaan deur byvoorbeeld woorde soos “natuurlik” en “uiteraard” in te span (White, 2015). Soortgelyk hieraan kan alternatiewe opgeroep word deur woorde soos “miskien”, “waarskynlik” en “blykbaar” (White, 2015). Die tekstuele stem kan ook gebruik word om ’n toegewing te maak aan ’n sekere eksterne stem deur hom of haar te erken of deur hom of haar spesifiek van hierdie posisie te distansieer waar vorme soos “X het gesê” en “X glo dat” in die eerste instansie gebruik sou word teenoor “X beweer dat” en “die mite dat” in die tweede instansie (White, 2015).

Outeurs is daarom dialogies betrokke aangesien hulle, in verskillende grade, kennis neem of representasies oproep of menings in ag neem wat in ’n sekere mate verskil van die mening wat deur die teks bevorder of gehuldig word (White, 2015). Dit is met hierdie alternatiewe posisie waartoe ’n outeur hom- of haarself dialogies skakel (White, 2015). Die bogenoemde vier indelings stel die outeur in staat om stelling in te neem in ’n teks en kan volgens twee groter verdelings sorteer: *dialogies uitbreidend* waar die outeur dialogies alternatiewe posisies en stemme insluit, teenoor *dialogiese inperkend* waar die outeur dialogies alternatiewe posisies uitdaag, afweer of beperk (White, 2015).

Een van die parameters waarvolgens die terme van redeneerbaarheid kan varieer, behels die onderskeid tussen ekstra-vokalisering (eksternalisering) of intra-vokalisering (internalisering) (White, 2015). Onder ekstra-vokalisering word die verantwoordelikheid vir die redeneerbaarheid van die proposisie toegeskryf aan ’n eksterne stem, tipies ’n toegeskrewe bron (White, 2015). Die kontraste met die internalisering van moontlikhede (intra-vokalisering) waar verantwoordelikheid en redeneerbaarheid teks-intern is, bly dit by die interne, outeurstem (White, 2015). ’n Voorbeeld van hierdie onderskeid is by die funksionele gebruik van indirekte rede (White, 2015). In hierdie verband kan onderskei word tussen materiaal wat die outeurstem namens hom- of haarself aanbied (byvoorbeeld *Ek voel nie lekker nie*) en materiaal wat toegeskryf word aan ’n buitebron (byvoorbeeld *Pieter het aangedui dat hy nie gemaklik hiermee voel nie*) (White, 2015). In sekere gevalle kan ’n uiting eienskappe van beide ’n ekstra- en intra-vokalisering dra waar die eksternaliseringsaspekte na die toeskryf van ’n aangehaalde bron verwys en die internaliseringsaspekte na die aanduiding dat die outeurstem die proposisie ondersteun (White, 2015).

Die onderskeid tussen ekstra- en intra-vokalisering is ook gradeerbaar van aard; soms dui een uiting op meer intra-vokalisering terwyl ’n volgende uiting steeds dui op intra-vokalisering, maar tot ’n mindere mate, byvoorbeeld *Dit wil vir my voorkom* is meer gespesifiseer ten opsigte van internalisering teenoor *Dit wil voorkom* (vgl. White, 2015). Die idee van ekstra- en intra-vokalisering sluit aan by die toeken van egte indekse op vlak 2 van die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel wat onderskei word op ’n buite en binne tekstuele vlak (vgl. Hoofstuk 3; 3.4; 3.8). ’n Egte indeks kan gebruik word deurdat die outeur dit self aan ’n karakter toeken en daarom van “buite” die teks toegeskryf word. 'n “Buite-teks-indeks” sluit daarom aan by intra-vokalisering wat direk met die outeur geassosieer kan word. Hierteenoor word ’n “binne-teks-indeks” as ’n indeks wat deur een karakter in die teks (wat ’n bronverwysing insluit) aan ’n ander karakter toeken. Só ’n indeks sluit daarom weer by ’n ekstra-vokalisering aan, aangesien die indeks aan ’n bron toegeskryf kan word.

In die lig van die bostaande indeling en om ’n indeling te maak wat prakties en noukeurig saamgestel is, word ’n onderskeid eers tussen outeur en bron getref. ’n Uiting by die indeling van “Outeur” kan direk toegeskryf word aan die outeur en ’n uiting ingedeel onder “Bron” dien as 'n neutrale verwysing wat deur ’n outeur gebruik sou word om hom- of haarself te distansieer. Sodoende poog die outeur om objektiwiteit te bereik deurdat die aangehaalde persoon self in die teks aan die woord is of “praat”. Outeursverbintenis tot die gebruik van ’n spesifieke bron kan dus meer geassosieerd of meer gedistansieerd wees. Om hierdie rede word “Bron” verder onderverdeel volgens “Teenparty” en “Assosiatiewe party”. Met behulp van hierdie onderskeid raak dit duidelik dat ’n outeur soms ’n party aanhaal juis om hom- of haarself van hierdie party te onderskei en wat tot polarisering as propagandategniek kan lei. Of ’n outeur haal 'n party aan as ondersteunend van sy of haar standpunt en is veral dan baie strategies met die selekteer van 'n bronverwysing. Die indeling lyk soos volg met evaluerende taal in vetdruk aangedui:

Outeur: waar die outeur self die saak beoordeel en die subjektiewe adjektief gebruik. In die volgende voorbeeld maak die outeur sy houding jeens die verslaggewing en ondervraging duidelik: *Die **eentonige** verslaggewing oor die **nimmereindigende** kruisondervraging...* (***P:** Ware skuldiges [2014]*).

Bron: gewone aanhalings uit ’n bron, of rapportering van die woorde van ’n persoon wat in ’n koerant weergegee word, sonder dat daar spesifieke inkleding van die persoon as opponent/teenparty/party waarmee geassosieer word, is. Byvoorbeeld: *Rindel said the owner of the property had approved Moneymine to do the work* (***NP:** Ahead of tender [2017]*). Hierdie aanhaling kom in ’n nie-propagandateks voor wat gebeure bloot rapporteer.

- Teenparty: waar ’n outeur verskil van iemand anders en daarom ’n aanhaling by ’n teks invoeg met die oog daarop om negatiewe kommentaar daarop te lewer. Hierdie aanhalings kan dikwels gedekontekstualiseerd aangebied word en is daarom nie noodwendig akkuraat verteenwoordigend van wat die teenparty met die uiting bedoel het nie. Shabalala haal Mkhabela aan nadat Shabalala eers kommentaar lewer wat die leser die aanhaling op ’n spesifieke manier laat lees en verstaan: *Mpumelelo Mkhabela goes on the **reverse-populism** that says do not talk about the current conditions of life of the majority of the people lest the global markets take their money away. He says: “The markets do not act on a philanthropic basis . global markets operate like a casino*” (***P:** Undermine Zuma [2016]*).

- Assosiatiewe party: waar ’n outeur hom of haar beroep op ’n “groter” groep of gesag as hom- of haarself. Ook die groep en/of gesag waaraan hy of sy self behoort of mee assosieer. Die

volgende is byvoorbeeld ’n aanhaling uit ’n artikel wat in die *Mail&Guardian* verskyn, maar op ’n stadium ’n vol aanhaling van die (op daardie stadium) redakteur in die teks insluit as ondersteunend van die teks wat oor ongerymdhede by Nkandla handel: “*Instead of answering our questions it released a statement to all media shortly before our deadline in an* ***apparent*** *attempt to limit the impact of the story*” (***NP:*** *R65m splurge [2009]*).

Op hierdie manier kan vasgestel word of die propagandis verkies om meer of minder van die een of die ander verbintenismoontlikheid gebruik te maak teenoor die outeur van nie-propaganda en wat uiteindelik meer lig werp op die subjektiewe of objektiewe aard van ’n propagandateks.

As alternatiewe manier om evaluering in ’n teks te verstaan wat dikwels tot die gebruik van propagandategnieke lei, kan die implementering van metafore nagegaan word.

4.2.5 Kognitiewe linguistiek: Metafore

Gambrill (2012:307-309) verwys spesifiek na metafoorgebruik in propaganda as skadelik of misleidend. Deur van spreekwoorde, vergelykings, analogie of metafore gebruik te maak, kan die teikengehoor met behulp van emosionele manipulering en verbandhoudende assosiasies bes moontlik onbehoorlik beïnvloed word. Gambrill (2012:314) dui metafore aan as ’n kragtige werktuig om sekere semantiese leidrade (“semantic cues”) of betekenisse op te roep. Bolinger (1980:138-155) bespreek ook die belangrikheid van metafoorgebruik.

Bolinger (1980:127) verduidelik metafoor as ’n manier om wetenskapsjargon in ’n teks in te voer en as ’n manier gebruik word om skynoutoriteit te wek. Metafore kan ook gebruik word om groepe te polariseer met behulp van etikettering deur eufemisme en disfemisme (vgl. Bolinger, 1980:140). Bolinger (1980:138-163) staan twee hoofstukke aan die verhouding tussen metafore en gelade taal af. Volgens Bolinger (1980:149) is eufemistiese en disfemistiese metafore van die gewildste metafore aangesien dit gebruik kan word om die bevooroordeelde aard daarvan te verberg deur ’n aansluiting te bewerkstellig met iets wat “natuurlik” goed of sleg is. ’n Paar belangrike metafore sluit in: *siekte (en oplossing)*; *oorlog (en vrede)* (vgl. Bolinger, 1980:149).

Van Rooy en Drejerska (2014:179) se studie oor konseptuele metafore in Suid-Afrikaanse post-apartheid-presidente se Vryheidsdag-toesprake dui aan dat oorlogmetafore voorkeur bo ander metafore geniet. Oorlogmetafore kan daarom reeds as ’n belangrike vertrekpunt gebruik word. Na afloop van ’n eerste, aanvangsanalise word metafoorgebruik in nie-propagandatekste en propagandatekste volgens drie afdelings hanteer: 1. oorlog, 2. versluiering en 3. die abjekte of groteske.

Metafore is ’n belangrike linguistiese struktuur wat vanuit die Kognitiewe Linguistiek bestudeer word en as spesifieke manier van taalgebruik in tekste nagegaan kan word. ’n Konseptuele *metafoor* is ’n konvensionele manier om een ervaringsdomein in verhouding tot of met verwysing na ’n ander ervaringsdomein te konseptualiseer en vind dikwels onbewustelik plaas (Lakoff, 2016:4). Metafoor laat konvensionele, mentale beelde van sensories-motoriese domeine toe om gebruik te word vir domeine van subjektiewe ervaring (Lakoff & Johnson, 1999:54). ’n Mens kan byvoorbeeld ’n beeld vorm van iets wat oor iemand se kop beweeg (sensories-motoriese ervaring) wanneer ons iets nie verstaan nie (subjektiewe ervaring) (Lakoff & Johnson, 1999:54).

Metaforiese konsepte word dikwels in sosiale en politieke beredenering gebruik en vir die ontvanger om dit te verstaan, is dit nodig om die metaforiese sisteem te verstaan (Lakoff, 1995:1; Lakoff & Wehling, 2016). Metafoor speel daagliks ’n belangrike rol deurdat ons konsepte ons help om gebeure

en verhoudings te verstaan (Lakoff & Johnson, 1980:3). Aangesien kommunikasie op dieselfde konseptuele sisteem as ons denke en aktiwiteit gebaseer is, is taal ’n belangrike bron van bewyse wat lig werp op wat die aanduiders is, waarvolgens die mens se konseptuele sisteem realiseer (Lakoff & Johnson, 1980:3). Om aan te dui hoe ’n konsep metafories kan wees en om hierdie rede ’n alledaagse aktiwiteit struktureer, gebruik Lakoff en Johnson (1980:4) die volgende voorbeeld: “Argument is war.”

> ARGUMENT IS WAR
> He *attacked every weak point* in my argument.
> His criticisms were *right on target*.
> I *demolished* his argument.
> I’ve never *won* an argument with him.
> You disagree? Okay, *shoot*!
> If you use that *strategy*, he’ll *wipe you out*.
> He *shot down* all of my arguments.

Al is argumente en oorloë twee verskillende goed, kan ’n argument gedeeltelik vis-á-vis ’n oorlog gestruktureer, verstaan, uitgevoer, en oor gepraat word (Lakoff & Johnson, 1980:5). Die metafoor kan as ’n kartering verstaan word van ’n brondomein af (in hierdie geval, oorlog) na ’n teikendomein (in hierdie geval, argument) (Lakoff, 1993:5). Oorlog vorm daarom die brondomein wat help om ’n argument, naamlik die teikendomein, beter te begryp. Daar bestaan ontologiese ooreenstemmings waarvolgens entiteite in die argumentdomein sistematies ooreenstem met die oorlogdomein en daarom in verhouding tot mekaar verstaan kan word (Lakoff, 1993:5).

Lakoff en Johnson (1980:4) brei uit en verduidelik dat ons nie net oor argumente as oorlog praat nie, maar dat ons argumente kan wen of verloor teen ’n opponent of vyand (Lakoff & Johnson, 1980:4). Alhoewel daar nie van ’n werklike, fisiese oorlog ter sprake is nie, is daar wel ’n verbale oorlog bestaande uit argumentaanval, -verdediging, -teenaanval en dies meer (Lakoff & Johnson, 1980:4; Lakoff & Wehling, 2016:10-11). Sodoende word die “Argument is war”-metafoor een waarvolgens mense wat binne ’n bepaalde kultuur leef, die aktiwiteite wat plaasvind binne ’n argumentasie na aanleiding van die struktuur wat ’n metafoor bied, inrig en struktureer. Aangesien propaganda ’n klem lê op die propagandis en sy of haar opponente, kan die oorlogsmetafoor handig te pas kom om hierdie twee kante voor te stel. Met behulp van ’n stryd-metafoor kan daar parallelle tussen ’n argument en ’n fisiese stryd getrek word (Lakoff & Wehling, 2016:9). Hierdie metafoor sou selfs gebruik kon word om nasies as persone voor te stel of om nasies as vriende of vyande voor te stel (Lakoff & Wehling, 2016:11).

’n Metafoor as linguistiese uitdrukking is moontlik omdat ’n persoon oor metafore binne sy of haar konseptuele sisteem beskik (Lakoff & Johnson, 1980:6). Metaforiese uitvloeisels kan dui op ’n koherente sisteem van metaforiese konsepte en koherente, verwante metaforiese uitdrukkings vir daardie konsepte (Lakoff & Johnson, 1980:9). Hierdie sistematiek wat toelaat dat een aspek van ’n konsep in die lig van ’n ander verstaan word, verberg weer ander aspekte van hierdie konsep (Lakoff & Johnson, 1980:10). Deur op bepaalde eienskappe van ’n konsep te fokus, kan dit ons daarvan weerhou om op ander konsepte te fokus (Lakoff & Johnson, 1980:10).

Die selektiewe aard van metaforiese kognisie het gevolge vir die ontvanger se persepsie van die realiteit aangesien ’n gekose metafoor bepalend is van sekere aspekte van ’n situasie waarop die ontvanger fokus en ander aspekte wat geïgnoreer moet word (Lakoff & Wehling, 2016:19). Lakoff en Wehling (2016:20) wys die belangrikheid hiervan uit in politieke diskoers. Deurdat ’n propagandis

deurlopend propagandategnieke gebruik om die leser se aandag op die inligting te fokus soos wat dit die propagandis se saak handig te pas kom, word die idee van verheldering en verberging van inligting, deurslaggewend vir die propagandis.

Verder, indien ’n propagandis spesifieke metafore by herhaling gebruik, word die metafoor in mense se denke ingebed (vgl. Lakoff & Wehling, 2016:20). Indien die openbare debat ’n gegewe metafoor herhaaldelik gebruik, raak die spesifieke metafoor die ontvangers se primêre manier om die saak wat bespreek word, te verstaan (Lakoff & Wehling, 2016:21). Lakoff en Wehling (2016:21) verduidelik dat hierdie metafoor deel word van die ontvanger se algemene begrip asof dit die enigste, onbevraagtekenbare, inherent regmatige en gedeelde manier is om ’n bepaalde saak te verstaan. Op hierdie manier kan die propagandis ’n vereenvoudigde weergawe van die realiteit aan die ontvanger bied.

Die analogiese verhouding tussen bron- en teikenkonsepte sluit nie net die oordrag van semantiese strukture in nie, maar ook dié van emotiewe en evaluerende aspekte as integrale dele van klaarblyklik voor die hand liggende gevolgtrekkings (Musolff, 2004:173). In soverre hierdie gevolgtrekkings onderskryf word, eksklusief of hoofsaaklik deur voorveronderstelde aspekte van volksteorie of daaglikse ervaring eerder as deur onafhanklik bevestigde feite, kan dié strukture se oorredingsvemoë gebaseer wees op ’n valse, misleidende analogie (Hobbes soos na verwys deur Musolff, 2004:173) (Musolff, 2004:173). Metafore in die openbare diskoers van die Europese Unie is geen uitsondering nie en metafore kan gebruik word om die gebruikers komplekse politieke afleidings te laat maak wat voor die hand liggend en onproblematies voorkom (Musolff, 2004:173).

“The speaker puts ideas (objects) into words (containers) and sends them (along a conduit) to a hearer who takes the idea/objects out of the words/containers.” (vgl. Lakoff & Johnson, 1980:10). Die direkte manier waarop ’n spreker betrokke kan wees by die inligting en die manier waarop die inligting van ’n uitlating verpak en aangebied word, beklemtoon die omvang van die invloed wat ’n propagandis kan hê deur teks aan te pas om so akkuraat en effektief as moontlik sy of haar boodskap oor te dra. Metaforiese taalgebruik kan daarom ook deur die propagandis gebruik word om ’n interpersoonlike funksie te skep deurdat die propagandis die interpretasieraam met behulp van metafore skets waarvolgens die leser sekere gebeure of persone moet beoordeel en interpreteer.

4.3 Samevatting en gevolgtrekking

Kritiese diskoersanalise is dikwels die voorkeurteoretieseraamwerk wanneer dit by taalanalises van propaganda kom en is relevant aangesien die gebruik van taal volgens magsverhoudinge binne ’n groter politiese konteks verstaan word. Moontlike beperkings sover dit die aangewese studie binne hierdie benadering aangaan, sluit in dat kontekksspesifieke afleidings gemaak word, wat heel moontlik as veralgemenende eienskappe van propaganda sou kon dien, maar nie sodanig bewys word nie. Wat verder problematies kan wees betreffend die veralgemening van afleidings is dat moontlike sirkelredenasie binne hierdie raamwerk sou kon plaasvind deurdat taal gebruik word om tekste as propaganda te identifiseer net om weer taalafleidings te maak.

Om die moontlikheid van sirkelredenasie en ’n eensydige stel afleidings in hierdie verband enigsins te voorkom, is twee verskillende stelle ontledingsgereedskapstelle nodig: Die eerste behels ’n nie-linguistiese, inhoudelike analise om te identifiseer of ’n teks nie-propaganda of propaganda is waarna ’n linguistiese analise op beide groepe uitgevoer word. Sodoende vorm die stel nie-propagandatekste ’n kontrolegroeptekste, soortgelyk aan hoe data binne die sosiale en natuurwetenskappe hanteer word om betroubaarheid te bevorder.

Binne Sistemies Funksionele Linguistiek, as breedweg belynde raamwerk met Kritiese Diskoersanalise, kan die metafunksies gebruik word as talige funksies wat ooreenstemming met die werklikheid toon. Die twee hoofwoordgroepe in Sistemies Funksionele Linguistiek kan met behulp van die metafunksies in die tekste geanaliseer word. Met die *doel* van ’n propagandateks as ’n bepalende faktor om te onderskei tussen propaganda en nie-propaganda, is dit nodig om die gebeure in ’n teks te identifiseer.

Die ideasionele metafunksie bied hier die geleentheid om na gebeure as verteenwoordigend van die realiteit of van ’n gekonstrueerde realiteit deur die propagandis te kyk. Die belangrikheid van hoe inligting aangebied word, is hier belangrik: Word daar ’n verdraaide weergawe of vals beeld van die realiteit aangebied? Binne die eksperiënsiële metafunksie word die manier waarop ’n propagandis uitreik na die teikengroep duidelik deurdat verskillende rolspelers positief, negatief of neutraal voorgestel word. Die tekstuele metafunksie kan gebruik word om te verstaan watter betekenisvolle taalbesluite die propagandis uitgeoefen het. Binne die Sistemies Funksionele raamwerk, kan ’n outeur of propagandis se tekstuele besluite as funksioneel gesien word.

Teen die agtergrond van die moontlikhede binne Sistemies Funksionele Linguistiek kan spesifieke woordgroepe se funksie oorweeg word as moontlike vormlike verteenwoordigers van inhoudelike propagandategnieke. Hiervoor kan die twee hoofwoordgroepe binne Sistemies Funksionele Linguistiek gebruik word. Inaggenome die vermoë daarvan om semantiese geladenheid te dra, kan die naamwoordgroep verál in propaganda gebruik word om disfemisme deur etikettering en polarisering te implementeer.

Die manipulasie van semantiese betekenisse kom ook sterk na vore deur byvoorbeeld van Newspeak, mistifikasie en eufemisme gebruik te maak en selfs leksikale verharding. Die gebruik van kollokasies kan ook gebruik word vir die semantiese manipulasie van naamwoorde deur die naamwoorde ’n nuwe kontekstuele betekenis te laat kry. Naamwoorde se trefkrag met veral iets soos disfemisme kan verhoog word deur die saamgebruik daarvan met evaluerende adjektiewe deurdat sekere negatiewe idees van die een woord na die volgende versterk word.

Spesifieke kwantifiseerders kan veral gebruik word om wetenskapsdiskoers of mediadiskoers na te boots om betroubaarheid vir ’n propagandateks te verhoog. Hierteenoor kan algemene kwantifiseerders gebruik word om mense positief tot hul saak te laat reageer of selfs om ’n aangeleentheid te polariseer.

Voorts is adjektiewe ook belangrik en kan volgens beskrywingsadjektiewe en klassifiseerders ingedeel word. Soortgelyk aan naamwoorde kan adjektiewe gebruik word om disfemisme te integreer, maar ook etikettering deur kwaliteite aan mense of dinge toe te ken. Beskrywingsadjektiewe sou ook in kombinasie met klassifiseerders gebruik kon word as ’n soort beklemtoningstegniek. In beide naamwoorde en adjektiewe kom nasionale vorme voor waar iemand se nasionaliteit as ’n soort etikettering gebruik word. In hierdie verband sou dit moontlik wees dat naamwoorde eerder as adjektiewe ’n meer intense semantiese lading dra. As die nadraai van disfemisme en etikettering sou adjektiewe en naamwoorde gebruik kon word om van innuendo en defleksie gebruik te maak deur ’n party ongunstig en/of skuldig te laat voorkom en sodoende aandag weg van die propagandis te lei.

Die werkwoordgroep dien in geheel as uitruiling en daarom as ’n eksperiënsiële struktuur. Die struktuur is eenvoudig en bevat min leksikale materiaal wat moontlik aanleiding daartoe kan gee dat die struktuur in geheel ’n minder prominente rol in propaganda kan vervul as byvoorbeeld die naamwoordgroep. Teenoor naamwoorde en adjektiewe sou werkwoorde (soos Bolinger [1980] aandui) moontlik die minste deurslaggewende rol speel wanneer dit by die kommunikeer van sekere betekenisse kom. Evaluerende werkwoorde sou wel deur ’n propagandis gebruik kon word ter

ondersteuning van evaluerende naamwoorde en adjektiewe. Sekere aksies van opponente sou byvoorbeeld disfemisties uitgebeeld kon word en sekere aksies van die propagandis, hierteenoor, as prysenswaardig. Saam met werkwoorde speel bywoorde ’n belangrike rol. Die rol van adverbia is dan soortgelyk: om disfemisme en etikettering te gebruik om opponente te diskrediteer, maar hierteenoor, om die propagandis se dade op te hemel.

Binne die residu van ’n sin realiseer die Predikator met behulp van die werkwoordgroep. Adjunkte tree ook binne die residu op en realiseer tipies deur die adverbiale groep en die preposisionele frase. In die bywoordgroep sou omstandigheidsadjunkte vanuit die ideasionele metafunksie benader kon word en die modale adjunk vanuit die interpersoonlike metafunksie. Die gebruik van modaliteit en polariteit bied die propagandis die moontlikheid om sake wat as onseker voorgehou moet word, onseker voor te stel, byvoorbeeld deur van vorme gebruik te maak wat nie uitsluitsel gee nie, maar alleen die kans aandui vir iets om te gebeur – soos in gevalle waar “kan” of “mag” gebruik word. Hierteenoor kan polarisering juis gebruik word om aan te dui dat iets definitief is, waar dit dalk nie altyd die geval is nie, maar beide hierdie vorme is handig vir die propagandis om ’n saak op ’n sekere manier aan te dui wat voordelig vir die saak is. Beide onsekerheid en sekerheid word aangedui op plekke waar die propagandis dit strategies sou ag. Eufemisme sou moontlik met behulp van modaliteit gebruik kon word en Polariteit sluit by polariteit as propagandategniek aan.

Wanneer voorbepalers oorweeg word, is dit moontlik dat verál intensiveerders in die interpersoonlike metafunksie ’n handige gebruiksmiddel vir ’n propagandis kan wees. Die propagandis kan voorts ’n betekenisvorm kies wat ’n hoër of ’n laer intensiteitvlak het.

Op ’n tekstuele vlak kan konjunktiewe adjunkte gebruik word om teksdele in ’n kontekstuele verhouding tot mekaar te plaas. ’n Belangrike onderskeid kan gemaak word tussen omstandigheidsadjunkte wat vanuit die ideasionele metafunksie verstaan kan word aangesien dit gebeure verteenwoordig. Hierteenoor kan modale en kommentaaradjunkte vanuit die interpersoonlike metafunksie verstaan word. Met behulp van modale adjunkte kan die outeur die waarskynlikheid al dan nie dat iets gaan gebeur aantoon. Met behulp van kommentaaradjunkte kan die outeur hierdie adjunkte gebruik om uit te reik na die gehoor en byvoorbeeld sekere emosies aanraak met behulp van byvoorbeeld emotiewe adverbia. Hiermee saam word die belangrikheid van beskrywingsadjektiewe en klassifiseerders vir die taalanalise duidelik.

By die oorweging van kohesie in ’n teks, sou veral leksikale kohesie gebruik kon word om nuwe semantiese betekenisse te vestig by die leser en gaan saam met die herhaling daarvan. Soortgelyk aan konjunksiekohesie waar ’n outeur byvoorbeeld die voegwoord “en” dikwels gebruik om iets te beklemtoon.

Die outeur of propagandis kies daarom die inhoudelike en gepaardgaande vormlike van ’n teks om selfbevoordeling so effektief as moontlik te genereer. Die semantiese aspekte van taal is van waarde vir die propagandis om ’n subjektiewe, voorkeurbeeld van die werklikheid aan die teikengroep voor te hou op die manier wat die doel die beste gaan dien. Die konsep dat taal evaluerend van aard kan wees en daarom ’n waardeoordeel van die outeur of propagandis af insluit, is verduidelikend van taalvoorkeure wat deur veral ’n propagandis gebruik sou kon word om met behulp van propagandategnieke sy of haar einddoel te bereik. Die gebruik van evaluerende betekenis of taal kan as subjektief en gemerk beskou word teenoor die standaard objektiewe en ongemerkte taalvorme.

Een van die evalueringsteorieë wat as ’n uitbreiding binne die Sistemies Funksionele Raamwerk dien is die Beoordelingsteorie (*Appraisal theory*). Binne dié raamwerk kan ’n outeur se inneem van ’n sekere posisie ten opsigte van inligting binne die teks verstaan word deur na die outeur se houdingsposisionering te kyk. Houdingsposisionering kan in drie subtipes verdeel word, naamlik Affek,

Oordeel en Waardering. Vir die propagandis bied hierdie indeling die geleentheid om tot ’n mindere of meerdere mate tussen hierdie drie subtipes sy of haar stem in die teks teenwoordig te maak. Met die doel van propaganda in gedagte sou hierdie vorme meer in propaganda as in nie-propaganda te wagte kon wees. Die mate waartoe ’n outeur hom- of haarself aan sekere standpunte verbind of afstand daarvan doen kan ook binne hierdie raamwerk vasgestel word met behulp van outeursverbintenis. Verbintenismoontlikhede binne hierdie studie behels *outeur* waar die outeur self die saak beoordeel, *bron* wat dui op die gebruik van bronaanhalings en kan verwys na die outeur wat hom- of haarself met die standpunt verbind of afstand doen deur onderskeidelik na *teenparty* en *assosiatiewe party* te verwys. Dit is moontlik dat die propagandis oor die algemeen minder van bronverwysings as in nie-propaganda gebruik maak, maar indien wel, dat hierdie verwysings strategies gekies word om die argumentasielyn van die propaganda tot voordeel van die doel daarvan uit te bou.

Metafore het 'n spesifieke rol om te speel wanneer dit by ’n soort uitbreiding van die toepassing van evaluerende taal kom. Metafore kan gebruik word om politiese taal te ontleed en die oorlogsmetafoor is dikwels gewild. Met hierdie metafoor as vertrekpunt kan twee verdere metafore vir die metaforiese analise gebruik word, naamlik versluiering en die abjekte of groteske.

Noudat die relevante materiaal op ’n nie-linguistiese vlak (vgl. Hoofstuk 2 en 3) en ’n linguistiese vlak (vgl. Hoofstuk 2 en 4) van propaganda bepaal is, kan die beskikbare taalteoretiese aspekte ingespan word om teen hierdie agtergrond ’n linguistiese analise van beide nie-propaganda- en propagandatekste uit te voer.

Hoofstuk 5 – Data-interpretasie

5.1 Inleiding

Nadat tekste met behulp van die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel enersyds as propaganda of andersyds as nie-propaganda geklassifiseer is (sien Hoofstuk 3) – en gedagtig aan die toepaslike linguistiese toerusting (sien Hoofstuk 4) – kan ’n analise op beide groepe tekste uitgevoer word om die vernaamste linguistiese eienskappe van propagandatekste te identifiseer in vergelyking met dié van nie-propagandatekste.

Ter aanloop tot die analise self word die algemene operasionaliseringsproses bespreek waarna die analise self volg na aanleiding van die twee hoof woordgroepe soos binne Sistemies Funksionele Linguistiek onderskei word. Indien ’n woordgroep spesifieke operasionaliseringselemente insluit, word dit voorafgaande tot die spesifieke bespreking aangedui. Hierna volg ’n afsonderlike bespreking van metafore as ’n belangrike tegniek wat uitgesonder kan word in propagandatekste.

5.2 Operasionalisering: Algemeen

Alhoewel die onderhawige studie ’n kwalitatiewe studie is, is die tekste in beide groepe as ’n klein korpus hanteer om sodoende die voordeel van digitale analise te kan gebruik. Die sagteware wat vir die tekstuele analise gebruik is, is *WordSmith Tools 7* en tekste is daarom voorberei met behulp van etikette. Die hoofwoordgroepe waarmee gewerk is, is vooraf aangedui deur hierdie woordgroepe sintakties te etiketteer (‘tag’). Alreeds hier, en deur die verloop van die proses vorentoe, is die indelings telkens deur die promotor gekontroleer en wysigings is in oorleg met die navorser aangebring.

Nie-propagandatekste en propagandatekste is afsonderlik hanteer wanneer die berekeninge van woordgroepe gemaak is sodat die uitkoms vergelyk kon word. ’n Konkordansielys is per woordgroep in die nie-propaganda- en propagandateksgroep opgestel waarna beide teksgroepe se inligting na *Excel* vir verwerking onttrek is. ’n Voorbeeld van naamwoorde word in Bylaag C aangetoon.

Teen die agtergrond van evaluerende taal as ’n moontlik belangrike hulpmiddel vir verál ’n propagandis, is daar in elke woordgroep eers ’n onderskeid gemaak tussen subjektiewe en objektiewe vorme waar “subjektief” verwys na die outeur se evaluering en oordeel van gebeure wat in die spesifieke, gelade woordkeuses opgesluit is teenoor “objektief” as meer neutrale betekenisse van woorde (vgl. Hoofstuk 4; 4.2.4). Hierdie indeling is deur ’n interbeoordelaar gekontroleer. Ten aanvang is die aantal subjektiewe en objektiewe vorme per teks aangedui waarna die voorkoms per 100 woorde uitgewerk is om ’n gemiddeld te kon bepaal binne elke groep wat dan met mekaar vergelykbaar sou wees. Hierna is die getal na persentasie toe verwerk per teks en in totaal as ’n alternatiewe vergelykingsbasis.

Die besprekingsafdelings sluit waar nodig, eers ’n opsommende kolom met verteenwoordigende voorbeelde in, waarna meer spesifieke voorbeelde uitgehaal en bespreek word. Indien die literatuur reeds iets spesifiek oor ’n sekere taalelement aantoon, word dit aangedui en waar nodig is ’n spesifieke analise in die lig daarvan onderneem.

5.3 Naamwoordgroep

Binne die naamwoordgroep is die volgende afdelings geanaliseer en bespreek: Naamwoorde is volgens objektiewe en subjektiewe naamwoorde hanteer waarna spesifieke aandag aan abstrakte en konkrete selfstandige naamwoorde geskenk is asook die gebruik van naamwoorde as nasionale

etikette. Kwantifiseerders is hierna volgens nie-spesifieke en spesifieke kwantifiseerders geanaliseer. Voornaamwoorde is van naderby bekyk deur te onderskei tussen besitlike voornaamwoorde, persoonlike voornaamwoorde en aanwysende voornaamwoorde waar die laasgenoemde voornaamwoorde verder volgens anaforiese, kataforiese en emfatiese gebruike ingedeel is. Ten einde is die gebruik van naamwoorde in spesifieke kollokasies nagegaan.

5.3.1 Naamwoorde

In Hoofstuk 4 is geantisipeer dat naamwoorde gebruik kan word om disfemisme te gebruik om die propagandis se opponente te beledig deurdat persoonsname met behulp van negatiewe naamwoorde of adjektiewe geformuleer word. Polarisering kan hierdeur plaasvind, maar ook deur naamwoorde te kies wat semanties teenoor mekaar staan. Algemene, meer konkrete naamwoorde, byvoorbeeld “people” of “mense” kan ook gebruik word as woorde met illusie (“weasel words”) of woorde wat meer insluit as wat in die realiteit plaasvind. Hierdie soort betekenisinklusiwiteit kan ook met behulp van kwantifiseerders geskep word. Woorde met illusie kan verder gebruik word deurdat selfstandige naamwoorde gebruik word om eufemistiese naamwoorde te gebruik eerder as meer akkurate woorde.

Deur nuwe naamwoorde en naamwoordfrases te skep – byvoorbeeld “white monopoly capital” en “Naarperskader” – kan die voordele van Newspeak deur die propagandis gebruik word deur semantiese wysigings aan woorde te maak. Deur sekere ongunstige woorde te vermy, alhoewel dit op sigself kompleks is om te bepaal watter woorde selektief deur die propagandis uitgelaat is, kan ’n propagandis die gebruik van Newspeak ook verder integreer. Om semantiese manipulasie verder uit te voer, sou sekere konsepte soos deur sekere naamwoorde verteenwoordig, aan die leser beklemtoon kon word met behulp van herhaling om sodoende leksikale verharding mee te bring. Die herhaling van ’n propagandis se gekose konsepte sou steeds meer beklemtoon kon word deur van kollokasies gebruik te maak.

Naamwoorde kan volgens hul evaluerende aard nagegaan word en is daarom eers as objektief of subjektief geklassifiseer en geanaliseer. Aangesien Black (2001:133) na abstrakte selfstandige naamwoorde verwys, word ’n afsonderlike afdeling aan die ontleding hiervan afgestaan. As kontrole vir abstrakte selfstandige naamwoorde as ’n linguistiese eienskap van propaganda, is ’n afdeling aan die analiseer van konkrete naamwoorde afgestaan.

5.3.1.1 Objektief teenoor Subjektief

Aangesien sekere naamwoorde die propagandis die geleentheid bied om sy of haar eie stem in die teks hoorbaar te maak, is die onderskeid tussen objektiewe en subjektiewe vorme van naamwoorde belangrik, soos by adjektiewe geanaliseer is en ook in die hieropvolgende terme bespreek word. Subjektiewe terme behels terme wat evaluering of waardebeoordeling insluit waar objektiewe terme as neutraal beskou kan word: Vergelyk byvoorbeeld “palace of corruption” (***P:*** *Fringe benefits [2016]*) as evaluerende verwysing na Nkandla teenoor die meer neutrale term “residence” (***NP:*** *Mole in bunker [2012]*). Met ’n propagandis se doel voor oë kan dit beweer word dat evaluerende terme moontlik meer in propaganda voorkom en meer objektiewe vorme in nie-propaganda.

Hierdie evaluerende terme sou gebruik kon word om spesifieke propagandategnieke te implementeer soos om disfemisme te gebruik en sodoende die propagandis se opponent sleg te sê deur sogenaamde “swak” of ongunstige eienskappe uit te lig (vgl. Bolinger, 1980:89-90, 119 en Mesthrie, 2012:321-322) wat weer polarisering (Boardman, 1978:79) tot gevolg kan hê. Beide hierdie tegnieke kan as ’n vorm van die vereenvoudiging van die realiteit beskou word (vgl. Black, 2001; Gambrill, 2012; Mesthrie, 2009:323). Die vooruitskouing dat subjektiewe terme eerder met propaganda en objektiewe terme eerder met nie-propaganda geassosieer kan word, sluit aan by die propagandis se voorkeur om eerder van egte indekse as informatiewe gebruik te maak (vgl. Hoofstuk 3; 3.4-3.6). Informatiewe kan gebruik

word om ’n karakter op ’n neutrale manier en met behulp van akkurate inligting aan die lesers bekend te stel of voor te hou. Informatiewe sou daarom deur objektiewe terme vergestalt kon word. Hierteenoor kan egte indekse gebruik word om ’n karakter op ’n evaluerende manier, en daarom volgens die propagandis se interpretasie, aan die leser bekend te stel. Egte indekse sou daarom eerder deur subjektiewe terme vergestalt kon word.

Indien ’n naamwoord, hetsy objektief of subjektief, gesamentlik met ’n subjektiewe, evaluerende adjektief voorkom, word die adjektief in die voorbeelde onderstreep. Soms word nuwe voorbeelde ter illustrasie van ’n punt ook in die bespreking betrek.

Objektiewe vorme

Nie-propaganda

visitor’s centre	**Documentation**	**security prescripts**	**amount** of taxpayer’s money
steun vir die **mosie**	**Komitee**	Zuma se **antwoord**	die **regering**

1.	“Therefore, any information relating to security measures of a national key point is protected from **disclosure** in terms of the Act...” Teks: *Nkandla: Minister to probe City Press*
2.	Die OB kan ook besluit om persoonlik die **verslag** in die vyfde parlement ter tafel te lê. Teks: *Nkandla: wat nou?*
3.	Altesaam 198 **parlementslede** het vir die aanvaarding van die verslag gestem... Teks: *NASIONALE VERGADERING AANVAAR VERSLAG: “Stories oor Jacob Zuma en Nkandla is fiksie”*
4.	President Jacob Zuma is expanding his remote family homestead at Nkandla in rural KwaZulu-Natal for a whopping **price** of R65-million… Teks: *Zuma’s R65m Nkandla splurge*

Propaganda

Project	**Report**	objective **assessment**	**amount** of public money
Date	the **architect**	the **buildings**	**rule** of **law**

1.	“All the buildings and every room we use in that **residence** was built by ourselves as a family...” Teks: *DA responds to Sunday Times’ Nkandla article; SUB: Nkandla: Invoices show Jacob Zuma personally benefitted from palace upgrades*
2.	**Vliegtuie** van sekere presidente in Afrika het juis die snaakse gewoonte om onverklaarbaar neer te stort… Teks: *Mag Zuma nog ’n bietjie uithou*
3.	Cabinets all over the **world** take expenditure decisions Teks: *Don’t undermine Zum’s leadership*
4.	Die eentonige verslaggewing oor die nimmereindigende **kruisondervraging**... Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*

Die objektiewe naamwoorde wat in nie-propaganda- en propagandatekste gebruik word, word volgens tematiese en semantiese relevansie geselekteer en vervul daarom die ideasionele metafunksie in 'n teks. Soortgelyk aan die adjektiewe, vertoon die objektiewe naamwoordvorme tussen nie-propaganda- en propagandatekste ooreenkomste met mekaar. Daar is selfs 'n ooreenkoms tussen die adjektief-naamwoord-kollokasies in die twee teksgroepe waar beide groepe tekste kollokasies van 'n subjektiewe adjektief en 'n objektiewe naamwoord bevat (vgl. voorbeeld 4 van nie-propaganda- en propagandatekste). Nog voorbeelde hiervan is die gebruik van "damning report" (nie-propagandateks) en "skokkende vermorsing" (propagandateks); "whopping price" (nie-propagandateks) en "lelike rondawels" (propagandateks); "palatial flat" (nie-propagandateks) en "black landlessness" (propagandateks).

Subjektiewe vorme

Nie-propaganda

denkbeeldige **verhaal**	gevaarlike **kommuniste**	**moles**	**erosion** (of trust)
Chuckle	**Masterstroke**	**truth**	**Gupta leaks**

1.	Within the governing ANC, some are disgusted at the **scandal** surrounding their leader and have said they are facing a campaign of intimidation… Teks: *Zuma no-confidence vote: Will 'the Zuptas' fall in South Africa?*
2.	Following the M&G's **exposé** of Zuma's home and village, the government took a decision not to release information… Teks: *Nkandla's cost: Trapping the mole in the bunker*
3.	Nes die destydse **kommunisme-bangmaakpraatjies** is die Nkandla-narratief fiksie, het sy gesê. Teks: *NASIONALE VERGADERING AANVAAR VERSLAG: "Stories oor Jacob Zuma en Nkandla is fiksie"*
4.	Sy het die Nkandla-verhaal vergelyk met die apartheidsregering se **propaganda** teen vryheidsvegters. "Hulle het 'n prentjie geskep van 'n kommunis wat wit mense nooit sal aanvaar nie…" Teks: *NASIONALE VERGADERING AANVAAR VERSLAG: "Stories oor Jacob Zuma en Nkandla is fiksie*"

Propaganda

reverse-populism	low **caste**	**palace** of corruption	wafferse **ballerina**
blatante **plundery**	Nkandla **scandal**	**stemvee**	vile **dog**

1.	This **gutter** discourse, this show of ingrained white **paternalism** and condescending **sewer** talk against our native black **people** and their dispossession exposes Hanekom as another **Afrikaner** white **master** who sees Black Africans as no less than **hewers** of wood and **drawers** of water. Hanekom the white **Afrikaner askari** showed us clearly what he thinks of issues of black landlessness. Teks: *Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*
2.	Selfs die mees **liggewig-Naarperskader**, wat 'n redakteurspos beklee by een van hulle krimpende publikasies…

	Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*
3.	He never hears the investor confidence-building messages of President Zuma which the loony **radicals** castigate him for. Teks: *Don't undermine Zuma's leadership*
4.	Nietemin het 'n meerderheid van blanke kiesers in 1992 ons ore uitgeleen aan die pers se **propaganda** en die Nasionale Party se **leuens**… Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*

Die gebruik van objektiewe naamwoorde in nie-propaganda staan op 1225 (19,49 per 100 woorde) met 'n verskil van 14,3% meer objektiewe naamwoorde in nie-propaganda as die aantal objektiewe vorme in propagandatekste wat op 1131 (17,05 per 100 woorde) staan. Wat die verskil van subjektiewe naamwoorde tussen propaganda- en nie-propagandatekste betref, is daar 'n veel duideliker onderskeid met nie-propagandatekste wat op 43 (0,68 per 100 woorde) en propagandatekste wat byna drie keer die gebruiksfrekwensie per 100 woorde bevat op 134 (2,02 per 100 woorde).

In voorbeeld 1 en 2 van die nie-propagandatekste word woorde gebruik wat reeds 'n waardeoordeel bevat, naamlik "scandal" en "exposé". In voorbeeld 3 en 4 word soortgelyke woorde gebruik, maar hierdie woorde vorm deel van onderskeidelik 'n direkte aanhaling en indirekte rede. Wanneer voorbeeld 1 en 2 van nie-propagandatekste as voorbeelde van die outeur se eie woorde vergelyk word met subjektiewe vorme van propaganda soos in voorbeelde 1-4 aangedui word, byvoorbeeld "Afrikaner askari", "liggewig-Naarperskader", "radicals" en "propaganda", wil dit voorkom of daar 'n verskil lê in wat deur die subjektiewe naamwoord beskryf word. Die voorkoms van egte indekse as, in hierdie geval, waardebeoordelende naamwoorde, word binne die nie-linguistiese model as binne-teks-indekse verreken, wat eerder met nie-propagandatekste verbind word, en buite-teks-indekse, wat eerder met propagandatekste geassosieer word.

Die subjektiewe naamwoorde in nie-propaganda word sensasioneel (hetsy joernalisties korrek of riskant) gebruik om 'n situasie te beoordeel. Voorts kan woorde soos "mole", "masterstroke" en "misuse" binne die gebruikskonteks ook beskou word as wyses waarop 'n verhaal vertel kan word. Soms word woorde soos "mole" en "Gupta-leaks" deur die outeur geïnkorporeer na aanleiding van 'n woord wat deur 'n bron gebruik is of waar, in die geval van "Gupta-leaks", die term die naam is wat aan die situasie met die reeks e-posse wat uitgelek het, gegee is en sodoende ook as 'n verwysing dien. Terme soos "Gupta-leaks" en "Zuptas" kan ook as nuutskeppings dien, maar word dikwels deur die Pers gebruik om aan te toon wat in die volksmond gebruik word.

Hierteenoor word die subjektiewe vorme in propagandatekste gebruik om mense te beoordeel en selfs te diskrediteer om uiteindelik met behulp van disfemisme, te etiketteer en te polariseer. Bolinger (1980:77) verwys in dié verband na naamwoorde wat bevooroordeling dra as beskrywingsnaamwoorde. Nuutskeppings in geheel of selfs gedeeltelike nuutskeppings soos "liggewig-Naarperskader", "Afrikaner askari", "white monopoly capital" en "perstitute" word gebruik om nuwe semantiese betekenisse op te stel wat op 'n disfemistiese en etiketterende manier saamwerk onder die sambreelterm Newspeak. 'n Moontlike toekomstige studie sou aangepak kon word rakende die langtermyngebruik van nuutskeppings soos "white monopoly capital" al is die saak waarbinne hierdie term ontwikkel is, op die ou end as deel van 'n proses om defleksie te bewerkstellig, geïdentifiseer. Met behulp van semantiese wysigings kan 'n propagandis manipuleer aan betekenisse totdat dit op die punt van waninformasie of selfs disinformasie kom soos in vlak 4 van die nie-linguistiese propaganda-indentifiseringsmodel ontleed word (vgl. Hoofstuk 3; 3.4-3.6).

Die subjektiewe vorme in propaganda word duidelik op so ’n manier gebruik dat dit opbou na ’n uiteindelike doel toe waar die subjektiewe gebruik wat direk aan ’n outeur van ’n nie-propagandateks toegeskryf kan word, nie noodwendig in ’n soortgelyke, funksionele lyn van opbou gebruik word nie. Die geantisipeerde propagandategnieke in propaganda word deur die analise bevestig. Dit is belangrik om uit te lig dat anders as wat disfemisme en polarisering slegs as kenmerke van propaganda aangedui word, soortgelyke, evaluerende vorme ook in nie-propaganda voorkom, maar sulke vorme word gebruik wanneer die outeur die leser se aandag wil trek en sodoende sensasioneel skryf of wanneer die outeur ’n direkte aanhaling doen of van indirekte rede gebruik maak.

Wat verder uitstaan, is die gebruik van die woord “propaganda” in beide ’n nie-propagandateks (as deel van ’n direkte aanhaling) asook in ’n propagandateks (vgl. voorbeeld 4 van beide groepe tekste). In beide kontekste word die naamwoord op ironiese wyse gebruik om na ander propagandasituasies te verwys terwyl die bron waarna die outeur in die nie-propagandateks verwys en die propagandis in die propagandateks, beide hulself aan propaganda skuldig maak. Die naamwoord “propaganda’ word daarom hier deflektief aangewend.

5.3.1.2 Abstrakte selfstandige naamwoorde

Black (2001:133) verwys soos volg na een van die propagandakenmerke (soos ook by adjektiewe ontleed is): Die gebruik van onvasgestelde of selfs onvasstelbare, abstrakte selfstandige naamwoorde, adjektiewe, adverbia en fisiese representasies eerder as empiriese betroubaarheid om waarhede, gevolgtrekkings of indrukke vas te stel. Dit is daarom moontlik dat abstrakte selfstandige naamwoorde eerder as konkrete selfstandige naamwoorde deur ’n propagandis verkies word aangesien die betekenis daarvan makliker manipuleerbaar is om sodoende subjektiewe bedoelings in die teks te integreer. Die voorbeelde is geselekteer deur die vier abstrakte selfstandige naamwoorde met die hoogste frekwensie te bespreek.

- ***information*** **(19)**

Nie-propaganda

1.	“Government has noted that some members of the media have been asking departments to provide **information** concerning their involvement or financial contribution to the Nkandla development project,” Teks: *Nkandla’s cost: Trapping the mole in the bunker*
2.	“...We are going to investigate how the **information** landed in the hands of the media,” said Nxesi. Teks: *Nkandla’s cost: Trapping the mole in the bunker*
3.	If government communicators make it impossible for us to trust them with basic courtesy, we will struggle to share **information** with them... Teks: *Zuma’s R65m Nkandla splurge*

Propaganda:

1.	The officials who have gone public with inaccurate **information** must be censored, like the **information** and description of the swimming pool as the fire pool... Teks: *Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla*
2.	It is our **information** that some criminal cases have already been referred...

	Teks: *Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla*
3.	In addition to this I call on Jacob Zuma to give SARS written consent to make public the **information** regarding his tax matters in relation to the Nkandla Project, specifically the **information** regarding the issue of fringe benefit taxes that he is liable for. Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records*

Die gebruik van "information" kom 12 keer in drie verskillende nie-propagandatekste voor en sewe keer in vier verskillende propagandatekste. In voorbeeld 1 van nie-propagandatekste en in voorbeeld 2 en 3 van propagandatekste word dit waarna die woord "information" verwys, duidelik aangetoon deur die daaropvolgende woorde, naamlik "concerning", "regarding" en "that". In voorbeeld 3 van die nie-propagandatekste word "information" in die breë sin van die woord gebruik, maar in voorbeeld 2 van nie-propagandatekste vervul "information" nie net 'n deiktiese rol nie, maar word ook as 'n gerieflikheidsterm deur Nxesi gebruik om sodoende 'n sensitiewe dokument te kan benoem deur slegs daarna as "inligting" te verwys.

Op soortgelyke wyse word "information" in voorbeeld 1 van propagandatekste (op 'n eufemistiese wyse) gebruik: In plaas daarvan dat 'n direkte vorm gebruik word om onwaarheid voor te stel, word "inaccurate information" gebruik wat die saak ligter stel. Daar word dan verder uitgebrei deur 'n voorbeeld te gee, naamlik toe verkeerdelik na Zuma se swembad as 'n vuurbestrydingspoel verwys is. Deur inleidend tot hierdie voorbeeld "information" twee keer te gebruik, word 'n versagtingsverpakking voorberei sodat die leser die bogenoemde verwysing as 'n fout moet sien en nie as 'n opsetlike leuen nie. Aangesien soortgelyke voorbeelde in beide 'n nie-propaganda- en 'n propagandateks voorkom, is dit weer belangrik om op te merk dat die voorbeeld in die nie-propagandateks in 'n direkte aanhaling voorkom en daarom nie direk aan die outeur van die teks toegeskryf kan word nie.

- ***corruption*** **(18)**

Nie-propaganda

1.	Law-enforcement groups charged with investigating **corruption**... Teks: *Zuma no-confidence vote: Will 'the Zuptas' fall in South Africa?*
2.	Although the emails have not been independently verified, the alleged **corruption** they point to has coined a new name, "state capture". Teks: *Zuma no-confidence vote: Will 'the Zuptas' fall in South Africa?*
3.	Court orders he should be charged with 786 counts of **corruption** over the deal – he has appealed Teks: *Zuma no-confidence vote: Will 'the Zuptas' fall in South Africa?*

Propaganda:

1.	Government Elections to vote for the DA , which has a zero tolerance policy when it comes to, inter alia, **corruption**. Teks: *DA responds to Sunday Times' Nkandla article; SUB: Nkandla: Invoices show Jacob Zuma personally benefitted from palace upgrades*
2.	Finally , I want to send a clear message to those both in the public and private sector that **corruption** eats away at the opportunities...

	Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records*
3.	This all while the DA maintained that Jacob Zuma was liable for his role in the construction of a palace of **corruption** to close himself off from the South African reality... Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records*
4.	...the full might of the State and its institutions tasked with putting a stranglehold on **corruption**. Only a DA government can stop **corruption**... Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records*
5.	The manifesto of the ANC commits our government to intensify the fight against **corruption** in both the public and private sectors Teks: *Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla*
6.	We re-affirm our commitment to fighting crime and **corruption**... Teks: *Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla*

Die naamwoord "corruption" word vier keer in slegs een van die nie-propagandatekste gebruik (Teks: *Zuma no-confidence vote: Will 'the Zuptas' fall in South Africa?*) teenoor agt keer se gebruik van "corruption" in drie verskillende propagandatekste. In die nie-propagandateks word "corruption" beskrywend gebruik deur aan te toon wat die oortreding is wat die wetstoepassers moet ondersoek (vgl. voorbeeld 1), dat die e-posse die moontlikheid van korrupsie aan die lig bring (vgl. voorbeeld 2) en wat presies die aard van die regsaangeleentheid is waarvoor Zuma aangekla behoort te word (vgl. voorbeeld 3).

Buiten vir die "normale" gebruik van die woord soos in die nie-propagandateks voorkom, is die kontekstuele gebruik van "corruption" in die propagandatekste opmerklik. Korrupsie word as 'n vernietigende vyand voorgestel wat beveg moet word (vgl. voorbeelde 2, 4 en 6). Suid-Afrikaners het beskerming nodig en beide die DA (vgl. voorbeelde 1 en 4) en die ANC (vgl. voorbeelde 5 en 6) kan daarom hulself in die heldeposisie inskryf deur hulself as die stryders teen korrupsie voor te stel. Die betekenis van die woord word nie gemanipuleer nie, maar die manier waarop die woord in die teks uitgebeeld word, word wel.

- ***matter* (8) en *saak* (5) en *sake* (1)**

Nie-propaganda

1.	"Dit is 'n praktiese **saak**. Kan die komitee werklik 'n resultaat lewer binne beperkte tyd? Nee." Teks: *Nkandla: wat nou?*
2.	Die ANC se vyf hoof-argumente *Daar is nie genoeg tyd oor voor die verkiesing om die **saak** behoorlik te hanteer nie. Teks: *Nkandla: wat nou?*
3.	Lechesa Tsenoli adjunk-speaker, het beslis die **saak** is nie sub judice nie.

	Teks: *NASIONALE VERGADERING AANVAAR VERSLAG:* "*Stories oor Jacob Zuma en Nkandla is fiksie*"
4.	Ramlakan, through his spokesperson, all queries to the presidency "because it is happening at the president's homestead, so it is his **matter** to comment on". Teks: *Zuma's R65m Nkandla splurge*

Propaganda:

1.	SARS must investigate this issue, as a **matter** of urgency. Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records*
2.	The officials who have gone public with inaccurate information must be censored, like the information and description of the swimming pool as the fire pool and the details given to explain this **matter** constitute a misrepresentation of facts. Teks: *Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla*
3.	The African National Congress unreservedly welcomes the judgement of the Electoral Court on the **matter** between the ANC and the DA relating to the SMS sent Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records*

"Matter" word in propagandatekste gebruik en slegs een keer in 'n nie-propagandateks waar die naamwoord "saak" weer alleenlik in nie-propagandatekste voorkom. Buiten vir die "gewone" gebruik van die woord, wil dit voorkom of die woord gebruik kan word as veilige term om te verwys na 'n situasie of gebeure wat kompleks of verdag is. Ramlakan (vgl. voorbeeld 4 van nie-propagandatekste) verwys na die Nkandla-situasie as "matter" en skryf ook die saak aan Zuma toe vir kommentaar. Sodoende hoef Ramlakan nie na die kompleksiteit van die situasie te verwys nie. Ook in voorbeeld 2 van die propagandatekste word "matter" gebruik om na die verdraaiing van die waarheid te verwys wat plaasgevind het gedurende die proses om 'n poging aan te wend om die Nkandla-situasie te regverdig en weg te steek. Die ANC kan hier, weereens, na die saak in geheel verwys sonder om die kompleksiteite daarvan aan te raak.

- ***story* (7) en *stories* (2)**

Nie-propaganda

1.	Mmamoloko Kubayi, senior ANC-LP en lid van die Nkandla-komitee, het gesê die **storie** dat Nkandla weelderig is en die beeste en hoenders daar 'n beter lewe het as baie Suid-Afrikaners… Teks: *NASIONALE VERGADERING AANVAAR VERSLAG:* "*Stories oor Jacob Zuma en Nkandla is fiksie*"
2.	"Why now? Your newspaper published the **story** in November last year. Why did people have to wait until now to leak the [so-called top secret] document?" Teks: *Nkandla's cost: Trapping the mole in the bunker*
3.	"By effectively breaking our **story** in advance, and robbing us of exclusivity, the Presidency has damaged the relationship of trust..."

	Teks: *Zuma's R65m Nkandla splurge*
4.	"Journalists are enjoined by the Press Code and legal precedent to provide the subjects of **stories** a fair chance to respond. We followed this principle, which we believe in, strictly." Teks: *Zuma's R65m Nkandla splurge*

Die naamwoorde "story" of "storie" kom nie in propagandatekste voor nie. In al die voorbeelde word die naamwoord "storie" en "story" beide as aangehaalde terme gebruik, die eerste word geparafraseer uit Kubayi se woorde, die tweede voorbeeld is 'n direkte aanhaling van Nxesi; voorbeeld 3 en 4 dien weer as direkte aanhalings van Dawes se woorde. In voorbeeld 1 dien die verwysing na "storie" as onsin of 'n opgemaakte weergawe van die waarheid en neig na die betekenis van 'n "wolhaarstorie". Hier kan 'n poging om defleksie te bewerkstellig gesien word, naamlik dat Kubayi die aantygings afmaak as onsinnighede.

Voorbeelde 2-4 lyk anders as voorbeeld 1 aangesien hierdie terme eerder na die verstaan van "story" binne die media-omgewing verwys.

Na aanleiding van die bespreekte abstrakte selfstandige naamwoorde wil dit tog voorkom of Black (2001:133) reg is wanneer die gebruik van abstrakte selfstandige naamwoorde as propagandategniek teenoor empiriese werklikheid gestel word deurdat die propagandis hierdie woorde se betekenis goed kan manipuleer om in die teks voordelig mee te werk. By Black (2001:133) se aangeduide propagandategniek moet in berekening gebring word dat abstrakte selfstandige naamwoorde ook in nie-propagandatekste voorkom, maar ook dat sommige "gemanipuleerde" abstrakte selfstandige naamwoorde ook in nie-propagandatekste te vinde is wanneer 'n bron aangehaal word wat van hierdie propagandategniek gebruik gemaak het.

Black (2001:133) se verwysing na die "onvasstelbaarheid" van hierdie abstrakte selfstandige naamwoorde in propagandatekste moet aangepas word aangesien die naamwoord se betekenis telkens, hetsy in die gebruik van die naamwoord in sy oorspronklike semantiese betekenis of in die "gemanipuleerde" betekenis van die naamwoord, duidelik en vasstelbaar is wanneer die konteks ontleed word. Verder kan abstrakte naamwoorde soms vir hul inhoudelike betekenis gebruik word en daarom sonder addisionele funksies of betekenislae, maar in ander gevalle weer word daardie selfde abstrakte selfstandige naamwoorde gebruik en veral dan om te deflekteer of te vereenvoudig.

5.3.1.3 Spesifieke voorbeelde van propagandategnieke met behulp van naamwoorde

Al kan abstrakte selfstandige naamwoorde gebruik word vir die semantiese buigbaarheid wat dit aan die propagandis bied, wil dit voorkom of konkrete naamwoorde net so 'n belangrike werktuig in die hand van die propagandis vorm soos geïllustreer word deur die volgende voorbeelde van naamwoorde wat gebruik word om sekere propagandategnieke uit te voer.

Emotiewe taal, disfemisme en etikettering	
1.	Eintlik kan ons, diegene wat belasting betaal, en wat besteel word nie eens regtig die vinger wys na die onverklaarbare optrede van die ANC se **stemvee** nie. Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*
2.	...Derek Hanekom, a white, **white monopoly capitalist offspring** – who is no better than a vile **dog** trained to maul a black skin, showed us his true colours –... Teks*: Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*

3.	...**K****rs** who are subhuman... Teks*: Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*

Die gebruik van "stemvee" as verwysing na die kiesers wat vir die ANC as regerende party gestem het, is opsetlik deur die propagandis gekies om hierdie groep mense te degradeer na 'n dierlike vlak toe met spesifieke verwysing na die eienskap dat vee sonder om te dink, die ander een volg. Die parallel word daarom getref deur die groep mense wat besluit het om vir die ANC as regerende party te stem, kommentaar te lewer op die (volgens die propagandis) ondeurdagte besluit wat hierdie groep neem dat hulle, soos vee, net doen wat ander doen (vgl. voorbeeld 1). Die propagandis verwys ook later na spekulasie of hierdie mense of "stemvee" nie die "verstandelike kapasiteit" het om "tussen reg en verkeerd te onderskei nie". Die woord "stemvee" vorm daarom ook kommentaar op hierdie groep mense se intellek en by verdere uitbreiding van die teks word die groep kiesers ook gelyk gestel aan 'n bepaalde kulturele groep, naamlik swartmense.

Hierteenoor kan die propagandis die rigting van disfemisme ook verander om 'n bepaalde effek by die leser uit te lok. In voorbeeld 2 word Hanekom duidelik deur die propagandis geëtiketteer as die absolute teenoorgestelde of teenkant van dit waarvoor die propagandis hom voorgee om voor te veg. Die propagandis gebruik ook, as deel van die etiketteringsproses, die terminologie wat op daardie stadium met opset as politiese diskoerskonstruksies geïmplementeer is, naamlik "white monopoly capitalist...". In voorbeeld 3 gebruik die propagandis die term "K****rs" en waardeur hy 'n degraderende term vir sy eie groep gebruik. Hierdie proses van selfetikettering en disfemisme waarna dit dan aan die leser aangebied word sodat dit lyk of die etikettering en disfemisme deur die propagandis se teenparty (in hierdie geval Gordhan) gedoen is, kan effektief gebruik word om emosie by die teikengehoor van die propagandateks te ontketen en kan daarom as die gebruik van emotiewe taal beskou word.

Beklemtoning deur herhaling (leksikale kohesie)	
1.	This war against **corruption** is far from over.
2.	...an amount of the costs to be personally paid by Zuma for the over-inflated R246 million project of **corruption**...
3.	...the full might of the State and its institutions tasked with putting a stranglehold on **corruption**.
4.	This all while the DA maintained that Jacob Zuma was liable for his role in the construction of a palace of **corruption** to close himself off from the South African reality...
5.	...this is in the interest of accountability and the war against **corruption**.
6.	Finally, I want to send a clear message to those both in the public and private sector that **corruption** eats away at the opportunities, especially for the poor and marginalised.
7.	Nkandla is without doubt one of the most spoken about and ventilated act of **corruption** in democratic South Africa.
8.	Only a DA government can stop **corruption** and ensure that jobs are created and quality services delivered to our people.

Deur dieselfde naamwoorde in 'n teks te herhaal, word sekere, uitgesoekte inligting aan die leser beklemtoon. In die DA-teks *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records* word die woord "corruption" byvoorbeeld agt keer in die teks gebruik. Die leser is nie noodwendig altyd van hierdie herhaling bewus nie aangesien die verspreiding van die herhalingsvorme mooi deur die teks gedoen word, so die effek van herhaling hier sou 'n deurlopende

en onderliggende boodskap van a) etikettering van die ANC as korrup wees, b) korrupsie as vyand verklaar, en c) die DA as helde en bevegters van korrupsie aan die leser bekendstel.

Skuif van terme se definisies; Herdefiniëring van terme; mistifikasie; eufemisme	
1.	…like the information and description of the **swimming pool** as the **fire pool** and the details given to explain this matter constitute a **misrepresentation of facts**. Teks: *Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla*

Deur na Zuma se swembad as ’n vuurbestrydingspoel te verwys is die term “swimming pool” herdefinieer as ’n “fire pool” wat as probeerslag gedien het om Zuma se swembad onder die sambreel van opgradering aan sekuriteitsmaatreëls te voeg. Uiteindelik word mistifikasie hierdeur gedoen – die swembad word gemistifiseer deur die term te herdefinieer. In die voorbeeld word ook na ’n “misrepresentation of facts” verwys wat ’n eufemistiese uitdrukking van die werklikheid is, naamlik dat die herdefiniëring van die term ’n poging was tot die konstrueer van ’n stuk onwaarheid.

Slagspreuke; beklemtoning van tydsperspektiewe; leksikale verharding; skuif van definisies; Newspeak	
1.	This is what he and his **white-minority-capital** kith and kin network really talk about...
2.	...being the extension of whites and **white monopoly capital** stooge Gordhan shows us of his inferiority complex...
3.	This privileged boy from Sastri College shows us that he would defend whites and their appointed crumb eaters, the **White Monopoly Capital** Indunas...
4.	...**wants natives to be perennially marginalised** and always eat the left-overs dished by Indians and the **white minority** and its **capital** network...
5.	Both these **white monopoly capital** fronts and anti-majoritarian-rule...
6.	...constant rubbish of saying that **white Monopoly Capital** and **Radical Economic Transformation** are Bell Pottinger phrases crafted in London...
7.	I find it personally revulsive that the **anti-majoritarian** sell out minority in the ANC in the form of Derek Hanekom & Pravin Gordhan have brazenly and unabashedly spoke out against the **majority** elected ANC and South African President, Jacob Zuma, on various **white monopoly capital** media platforms.
8.	...on our quest to address the **economic** and the **historical land dispossession** of our people – by saying the call for ‘**expropriation without compensation**’ is nonsense.

Die bogenoemde voorbeelde is almal uit die teks: *Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan* en vertoon variasies van dieselfde konsepte, veral van “white monopoly capital”. Die kombinasie van hierdie terme word soos ’n slagspreuk gebruik met die gevolg dat hierdie terme selfs losstaande van mekaar steeds die konnotasie van die kollokasie in geheel dra en sodoende word geykte en alledaagse definisies met nuwe en alternatiewe betekenisse beklee. Die propagandategniek Newspeak kom aan die beurt deurdat nuwe terme geskep word (of in hierdie geval kollokasies) en dat semantiese manipulasie op hierdie manier plaasvind. Die leksikale items word op ’n metonimiese wyse verteenwoordigend van die kollokasie en die kollokasie word verteenwoordigend van die groter diskoers.

Klem word ook geplaas op “minority” en “majority” (vgl. voorbeelde 1, 4 en 7) as teenstellings wat sodoende polarisering bewerk en die woord “minority” word as ’n soort plaasvervanger vir

"monopoly" in die kollokasie gebruik wat die teenstelling met "majority" skerper uitlig en duidelik aandui watter kulturele groep bedoel word wanneer die woord "minority" gebruik word. In voorbeelde 4 en 8 word spesifieke klem geplaas op 'n sekere tydsperspektief, naamlik die historiese benadeling van onder meer swartmense gedurende apartheid in Suid-Afrika. Sodoende word die land se ekonomiese probleme 'n verdere interpretasieraam as ondersteunend van die algemene diskoers van die teks.

Hierdie soortgelyke slagspreuk-kollokasies is nie eksklusief tot propaganda nie, maar kom in 'n nie-propagandateks ook voor, byvoorbeeld "Gupta leaks", "the Zuptas", "white monopoly capital" *en* "white-owned businesses". Hierdie terme word almal in die teks *Zuma no-confidence vote: Will 'the Zuptas' fall in South Africa?* gebruik om aan 'n internasionale gehoor die konteks te skep van staatskapinggebeure in Suid-Afrika en maak daarom van bekende terme gebruik wat deel vorm van die situasie se diskoers. Daar word ook byvoorbeeld spesifiek melding gemaak van die term "Zuptas" en waarom dit gebruik word. Weereens word die belangrikheid om 'n onderskeid te tref tussen 'n outeur se direkte woorde en die verwysing na bronne se indirekte woorde sigbaar, soos ook duidelik onderskei word by die analise van adjektiewe.

Defleksie	
1.	The Guptas also deny wrongdoing, and say they are **victims** of racism and xenophobia. Teks: *Zuma no-confidence vote: Will 'the Zuptas' fall in South Africa?*
2.	...constant rubbish of saying that **white Monopoly Capital** and **Radical Economic Transformation** are Bell Pottinger phrases crafted in London... Teks: *Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*
3.	Nietemin het 'n meerderheid van blanke kiesers in 1992 ons ore uitgeleen aan die pers se **propaganda** en die Nasionale Party se leuens, en ja gestem. Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*

Voorbeeld 1 toon 'n vorm van defleksie, maar soos in 'n nie-propagandateks gerepresenteer deur die Guptas indirek aan te haal. Die Guptas deflekteer deur die aantygings en skuld om te swaai en hulself in 'n geviktimiseerde posisie van rassisme en xenofobie te plaas. In voorbeeld 2 word defleksie gebruik om dit wat later as die waarheid uitgekom het, toe te smeer deur te sê Gordhan is besig om 'n leuen te versprei terwyl die teendeel eintlik waar is. In voorbeeld 3 word die woord "propaganda" (soos reeds bespreek) gebruik om die pers as skuldig daaraan voor te stel, terwyl die outeur self daaraan skuldig is, maar op hierdie manier die leser se aandag weg te draai van homself af en te rig op 'n ander groep se skuldigmaking daaraan. Defleksie kan daarom op verskillende maniere ingespan word om ander se skuld uit te wys sodat die leser nie fokus op die propagandis se eie skuld nie. Die party wat deur die propagandis as skuldig aangewys word, kan ook valslik beskuldig word, solank die aandag verplaas word van die propagandis af.

5.3.1.4 Samevatting

Om saam te vat, buiten vir abstrakte selfstandige naamwoorde, kan konkrete naamwoorde ook 'n belangrike hulpmiddel vir 'n propagandis wees. Subjektiewe naamwoorde kan vir hul semantiese lading gekies word en kan afsonderlik of as deel van frases gebruik word om disfemisme en etikettering te bewerkstellig, byvoorbeeld die gebruik van "stemvee" of "white monopoly capitalist offspring". Deurdat die een idee die volgende van leksikale item tot leksikale item versterk, kan 'n assimilering en daarom beklemtoning van 'n bepaalde idee teweeg gebring word. 'n Propagandis kan

ook self-disfemisme gebruik om die lesersgroep aangeval te laat voel en sodoende emosie by die groep skep om sodoende steun vir die propagandis se standpunt te verwerf.

Herhaling, en daarmee saam beklemtoning, kan verder met behulp van leksikale kohesie in 'n teks voorkom deur byvoorbeeld die deurlopende herhaling van die naamwoord "corruption". Uiteindelik word daar sodoende selfs aan 'n soort gedeelde vyand gestalte gegee en van wie of waarvan die leser verlossing sou nodig hê en wat kan aansluit by die uitbou van metafore. Soms word 'n idee in tekste met behulp van naamwoorde herhaal deur geassosieerde terme te kies, byvoorbeeld "white monopoly capital" en "white-minority-capital". Herhaling van sekere begrippe en sekere kollokasies kan ook uitloop op iets soortgelyk aan slagspreuke met behulp van semantiese betekenisskuiwe wat uiteindelik ook aansluit by leksikale verharding en Newspeak.

Met behulp van Newspeak kan nuwe terme soos "fire pool" ontwerp en gebruik word om weg te steek, met die oog op mistifikasie. Eufemisme kan ook deur naamwoorde bewerkstellig word deur byvoorbeeld na 'n "misrepresentation of facts" te verwys in plaas van "lies" of "leuens". In sekere nie-propagandatekste kom soortgelyke terme voor, maar is dikwels die uitvloeisel van terme wat reeds in die volksmond bestaan en nie noodwendig, soos in propaganda, andersom nie. In die diskoers rondom White Monopoly Capital is daar ook dikwels verwys na die tydperk in die land toe die ekonomiese diskrepansie tussen swartmense en witmense groter was. 'n Sekere tydsperspektief, in hierdie geval apartheid, word dikwels beklemtoon wat weer emosie by die leser aanvuur.

Naamwoorde speel ook 'n belangrike rol in die gebruik van defleksie, naamlik om die suggestie te skep dat die "teenparty" die skuldige is en sodoende die leser se oë weg te wend van die party of area waar die ware skuld lê.

5.3.2 Nasionaliteit

Bolinger (1980:79) noem dat naamwoorde selfs 'n meer intense bevooroordeling kan oordra as adjektiewe en sonder 'n persoon se nasionaliteit as voorbeeld hiervan uit, naamlik om te sê iemand is 'n *Jood* is meer intens as om net te sê iemand is *Joods*. Die gebruik van iemand se nasionaliteit om te etiketteer en sodoende met mekaar of die propagandis se voorkeurnasionaliteitsgroep te identifiseer kom duidelik in die ondersoek na naamwoorde en adjektiewe voor. Hierdie soort nasionale etikette kan gebruik word om spesifiek iemand se etniese of kulturele herkoms of hul ras uit te wys, met die propagandis se visier gemik daarop om die terme as evaluerende taal te gebruik of sekere etikette spesifiek aan sekere groepe te koppel. Deurdat die propagandis op 'n groep fokus eerder as op individue, kan die propagandis sy of haar aandag toespits op die ontvangers se reeds bestaande vrese, die idee van reeds bestaande stereotipes aanvuur en op hierdie manier die teikengroep se emosies teenoor 'n spesifieke groep rig (vgl. Doob, 1950:440; Jowett & O'Donnell, 2012:301, 308, 299; Miller, 1937:210-217).

Objektiewe vorme

Nie-propaganda

1.	He vehemently denied lying about having a bond for his Nkandla home. "So I'm telling you, and the **people** of SA, I never lied," he said in response to a question from DA leader Mmusi Maimane. Teks: *Zuma explains Nkandla bond, denies knowledge of Gupta dealings*
2.	Politicians from all parties, including Deputy President Cyril Ramaphosa, have called for corruption money to be returned to the **people** of South Africa. Teks: *Zuma no-confidence vote: Will 'the Zuptas' fall in South Africa?*

Propaganda

1.	...goes on the reverse-populism that says do not talk about the current conditions of life of the majority of the **people** lest the global markets take their money away. Teks: *Don't undermine Zuma's leadership*
2.	Hy het ook Chinese, Russiese en veral **Indiër-**bande. Teks: *Mag Zuma nog 'n bietjie uithou*

Subjektiewe vorme

Propaganda

1.	…how the struggle of our people has been infiltrated by enemies – the racist-paternalistic **minority**. Teks*: Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*
2.	…Gordhan shows us of his inferiority complex to **whites** but superior complex to **natives**… Teks*: Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*
3.	Daar sal miskien 'n paar amptenare op 'n laer vlak wees wat in die moeilikheid sal kom; verkieslik 'n paar **wittes** soos wat met die Gupta-landing op LMB Waterkloof gebeur het. Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*
4.	As jy iemand wil verkwalik vir Nkandla, meneer die meerderheid **blankes**, is daardie gesig in jou spieël 'n goeie beginpunt. Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*

Wanneer 'n nasionale vorm objektief gebruik word, word dit gebruik om belangrike beskrywende inligting aan die leser oor te dra soos duidelik is in voorbeelde 1 en 2 van beide nie-propagandatekste en propagandatekste. Daar is geen nie-propagandateks wat 'n subjektiewe, nasionale vorm bevat nie. Wanneer die voorbeelde van subjektiewe nasionale naamwoorde in voorbeelde 1 tot 4 oorweeg word, word hierdie nasionale naamwoorde gebruik om spesifieke onderskeide te tref en sodoende groepe te etiketteer om die groepe teen mekaar op te kan stel en te polariseer. In voorbeeld 2 en 3 word na witmense verwys as "wittes". Hierdie verwysing het 'n negatiewe konnotasie. Hierdie negatiewe konnotasie word selfs duideliker wanneer dieselfde outeur, wat in voorbeeld 3 na "wittes" verwys vanuit 'n geantisipeerde perspektief van hoe sake hanteer sou word, 'n hoër geagte term vir witmense in sekere kringe gebruik in voorbeeld 4 naamlik "blankes".

Die konkrete selfstandige naamwoord *people* (26) en *mense* (3) kan as verdere voorbeeld van 'n nasionale vorm dien. Een van die propagandategnieke behels dat woorde die illusie skep en voorgee om een ding te beteken, maar in werklikheid iets anders beteken en kan na verwys word as "weasel words" (vgl. Gambrill, 2012:297). Die woord "people" of "mense" kan byvoorbeeld in sekere kontekste meer betekenismoontlikhede denoteer as slegs die algemene betekenis van die woord.

Nie-propaganda

1.	"Hulle het 'n prentjie geskep van 'n kommunis wat wit **mense** nooit sal aanvaar nie, wat die land sal vernietig." Teks: *NASIONALE VERGADERING AANVAAR VERSLAG:* "*Stories oor Jacob Zuma en Nkandla is fiksie*"

2.	He was asked to explain his statement earlier in the year that judges convicted **people** even if they told the truth. Teks: *Zuma explains Nkandla bond, denies knowledge of Gupta dealings*
3.	Nkandla houses 13 000 **people**, many of whom have no access to electricity… Teks: *Zuma's R65m Nkandla splurge*

Propaganda

1.	...conditions of life of the majority of the **people** lest the global markets... Teks: *Don't undermine Zuma's leadership*
2.	...that this minority champion white racist Afrikaner anti-majoritarian sell out vomited on our native black **people** – the ANC, its comrades, and on our quest... Teks: *Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*
3.	...repeatedly evading accountability to the **people** of South Africa by Parliament. Teks: *DA responds to Sunday Times' Nkandla article; SUB: Nkandla: Invoices show Jacob Zuma personally benefitted from palace upgrades*

Die naamwoord(e) *people* en *mense* kom in die "gewone" betekenisvorm van die woord in beide nie-propaganda- en propagandatekste voor (vgl. voorbeeld 1). Die voorbeelde van die gebruik van "people" en "mense" in nie-propagandatekste (vgl. voorbeelde 1, 2 en 3 van nie-propagandatekste) is 'n kombinasie van wanneer die outeur 'n bron direk aangehaal het, wanneer die indirekte woorde van 'n bron gebruik word of wanneer die woord deur die outeur self gebruik word, gewoonlik in 'n beskrywende aard (vgl. spesifiek voorbeeld 3 van nie-propagandatekste).

Die naamwoord(e) kan in propagandatekste ook op 'n subjektiewe manier gebruik word om inklusiwiteit en eksklusiwiteit op dieselfde oomblik te bewerkstellig deur die gekose groep mense in te sluit en sodoende ander uit te sluit. Die term word wel nie afsonderlik van die voornaamwoord "our" of van nasionale adjektiewe soos "black" of "native black" gebruik wanneer hierdie naamwoorde gebruik word om hiérdie funksie te vervul nie (vgl. voorbeeld 2 van propagandatekste). Dit is belangrik om uit te lig dat vyf van die ses keer wat "people" met 'n voorbepaler gebruik word, dit in een teks voorkom, naamlik in ***P:** Open letter (2017)* en slegs een keer in 'n ander teks: ***P:** Fringe benefits (2016)* en waar die voorbepaler "our" gebruik word.

Hierdie tweede manier van gebruik kom slegs een keer in die nie-propagandateksgroep voor waar die outeur 'n bron direk aanhaal. Hierdie spesifieke gebruik van "people" kan daarom moontlik eerder met propaganda geassosieer wees en meer spesifiek met swartpropaganda.

'n Objektiewe vorm wat 12 keer voorkom met tien keer in propagandatekste en twee keer in nie-propagandatekste is die kollokasie "the people of South Africa" eerder as "the South African people" (vgl. voorbeeld 3 van propagandatekste). Hierdie kollokasie kan moontlik gebruik word om klem te plaas op die mense deur vooropstelling en het selfs 'n populistiese toon wanneer die tweede, minder belangrike deel hipoteties weggelaat sou word, byvoorbeeld "the people...". Die klaarblyklik objektiewe term verleen hom tot die moontlikheid van meer subjektiwiteit as wat dit aanvanklik voorkom. Hierdie konstruksie kom sonder 'n subjektiewe bedoeling ook in twee van die nie-propagandatekste voor wat die belangrikheid van kontekstuele gebruik beklemtoon. In die een teks word die konstruksie ook slegs gebruik wanneer Zuma se direkte woorde aangehaal word.

Woorde met illusie of “weasel words” sou eerder met propaganda geassosieer kon word. Steeds kom die gebruik van illusie-woorde ook in nie-propagandatekste voor, maar weereens gekoppel aan ’n bron deurdat die outeur van die teks die direkte of indirekte woorde van die bron gebruik. Hierdie gebruik van bronverwysings ondersteun die bevinding dat sodanige gebruike tipies propagandisties is aangesien die illusie-woorde nie direk toegeskryf kan word aan die outeur van ’n nie-propagandateks self nie.

5.3.3 Kwantifiseerders

Die insluit van meer betekenis in ’n woord as wat aanvanklik sigbaar is deur vae terme te gebruik kan ook in kwantifiseerders na vore kom deurdat byvoorbeeld nie-spesifieke kwantifiseerders – of vae “kwantitatiewe begrippe” (Gambrill 2012:310-311) – in propaganda gebruik kan word om iets meer of minder te laat klink as wat dit regtig is (vgl. Hoofstuk 2; 2.3).

Nie-spesifiek

Nie-propaganda

any information	**baie**	**Any** project	**mostly** women
Some members	**multi-billion** dollar	**More**	**many**

1.	…Adrian Moodley said there are **some** documents relating to phase two… Teks: *Nkandla’s cost: Trapping the mole in the bunker*
2.	…dat Nkandla weelderig is en die beeste en hoenders daar ’n beter lewe het as **baie** Suid-Afrikaners… Teks: *NASIONALE VERGADERING AANVAAR VERSLAG: “Stories oor Jacob Zuma en Nkandla is fiksie ”*
3.	...and for **many** people in South Africa… Teks: *Zuma no-confidence vote: Will ‘the Zuptas’ fall in South Africa?*
4.	‘Outside the perimeter of the Zuma household, a **few** metres from the house…’ Teks: *Zuma’s R65m Nkandla splurge*

Propaganda

baie redes	’n **paar** wittes	**any** money	**some** ammunition
much	**many** of these	not **only** the ANC	How **much**

1.	…and spending **millions** of rands of public funds… Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records*
2.	The corrective measures suggested are similar. **Many** of them are in advanced stages… Teks: *Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla*
3.	**Meeste** koerante gaan aandring… Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*
4.	Ramaphosa die kitsmiljardêr wat **miljarde** uit niks (lees: Amerikaanse hupstoot)…

	Teks: *Mag Zuma nog 'n bietjie uithou*

Spesifiek

Nie-propaganda

all the support	**nothing** private	**hele** EFF-koukus	**R203m** budget
three Gupta brothers	**Two** months ago	**vyfde** parlement	**first** time

1.	…parking lot with parking for at least **40** vehicles… Teks: *Zuma's R65m Nkandla splurge*
2.	Phase one of the project, comprising **two** houses, **one** of them a double-storey structure… Teks: *Zuma's R65m Nkandla splurge*
3.	Public Works Minister Thulas Nxesi has defended his department's decision to splurge… saying there was **nothing** private about Zuma's house. Teks: *Nkandla's cost: Trapping the mole in the bunker*
4.	…the department said the **R36-million** budget was for the construction of **10** houses… Teks: *Nkandla's cost: Trapping the mole in the bunker*

Propaganda

zero tolerance	(These) **two**	**nothing** (to offer)	(current) **47%**
all parties	**six** door mats	**Geen** kabinetsminister	**Both** reports

1.	…taxed at the applicable marginal rate of **40%**... Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records*
2.	…defending Zuma in **every** court at **every** level… Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records*
3.	**All** public officials, officials and private sector companies involved in any maladministration… Teks: *Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla*
4.	**Both** reports came to the same conclusions in the following areas… Teks: *Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla*

Daar is ongeveer dubbeld soveel nie-spesifieke kwantifiseerders in propagandatekste as in nie-propagandatekste. Nie-spesifieke kwantifiseerders kom 12 keer (oftewel 0,19 per 100 woorde) in nie-propagandatekste en 24 keer (0,36 per 100 woorde) in propagandatekste voor. 'n Hoër aantal van hierdie kwantifiseerders in propagandatekste is moontlik omdat 'n propagandis die veralgemenings- en oordrywingspotensiaal wat juis in die nie-spesifiekheid van hierdie kwantifiseerders gesetel is, benodig. Hierteenoor kan die outeurs van nie-propagandatekste die algemeenheid of nie-spesifiekheid van hierdie kwantifiseerders gebruik om 'n aanduiding aan die leser te gee, maar ook sodoende onsekerheid aan te dui.

In voorbeeld 3 van nie-propagandatekste word die woord “many” gebruik om die aantal Suid-Afrikaners wat ongelukkig is oor staatskaping aan ’n internasionale leserskorps te kwantifiseer. Hierdie vorme kan ook deur die propagandis gebruik word om te oordryf, byvoorbeeld die woord “many” kan na ’n kleiner getal in realiteit verwys, maar die term verleen hom daartoe dat die leser ’n groter aantal as wat daar werklik is, kan aflei, wat weer die propagandis se saak versterk. Voorbeeld 2 van propagandatekste verwys na die korrektiewe maatreëls waaraan die ANC aandag moet gee en die propagandis, deur aan te dui dat “many” of baie van die prosesse reeds in gevorderde stadia is, word die leser gerusgestel dat iets aan die saak gedoen word en dit voorkom of die ANC in beheer is. Aangesien die propagandis tipies in so ’n geval genoeg inligting sou hê om spesifiek aan te kan dui hoeveel prosesse op weg is, wil dit voorkom of die propagandis kies om nie spesifiek te wees nie en sodoende beskermend teenoor die ANC op te tree.

Wat spesifieke kwantifiseerders betref, is daar ietwat meer vorme wat in nie-propaganda voorkom op 101 (1,61 per 100 woorde) teenoor propaganda op 92 (1,39 per 100 woorde). Wanneer nie-spesifieke en spesifieke kwantifiseerders met mekaar in nie-propaganda en propaganda vergelyk word, is daar duidelik veel meer spesifieke kwantifiseerders in beide groepe tekste. Sekere propagandatekste (soos *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records* en *Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla*) vertoon veral ’n groot hoeveelheid spesifieke kwantifiseerders, soortgelyk aan informatief gelaaide berigte (soos *Zuma’s R65m Nkandla splurge* en *Nkandla’s cost: Trapping the mole in the bunker*). Hierdeur kan die propagandategniek “misbruik van wetenskapsdiskoers” duidelik identifiseer word.

Deur feite in die tekste in te weef, kom die DA as ingelig, gesaghebbend en deskundig voor (vgl. voorbeeld 1 van propagandatekste). Die feite vervat in die voorgemelde voorbeeld kom ook juis korrek voor om sodoende die boodskap van die teks te versterk deur die DA se betroubaarheid aan te praat en daardeur hopelik die leser se stem te werf. In voorbeeld 2 van propagandatekste word die spesifieke kwantifiseerder “every” twee maal gebruik. Hier word die spesifiekheid van die term weer gebruik om die propagandis se saak te ondersteun deur die propagandis as noukeurig, doelgerig en vasberade voor te stel. Aangesien die spesifieke kwantifiseerders wat in propagandatekste voorkom in hoofsaak aan ’n teks soos *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records* gekoppel kan word, sou spesifieke kwantifiseerders steeds eerder kenmerkend van nie-propagandatekste wees en by uitsondering deur propagandiste gebruik word wanneer die propagandis die propagandateks betroubaar wil laat voorkom.

Wanneer sekere linguistiese kenmerke van nie-propagandatekste nageboots word deur propagandatekste, kan dit die uitken van ’n propagandateks bemoeilik. Die gebruik van spesifieke kwantifiseerders en bronverwysings in ’n teks moet daarom in samehang met ander taalkenmerke van ’n propagandateks oorweeg word asook binne die groter raam van die doel van die betrokke teks. Die gebruik van spesifieke kwantifiseerders en bronverwysings in ’n nie-propagandateks het ten doel om die leser te informeer, teenoor die gebruik van hiérdie linguistiese eienskappe in ’n propagandateks waar dit dikwels die implisiete doel het om die leser te mislei.

5.3.4 Voornaamwoorde

Voornaamwoorde sou moontlik gebruik kon word om te polariseer deur letterlik “ek” of “ons” aan die propagandis se kant te stel teenoor die “hy”, “sy” of die “hulle” of “julle” van die teenparty (vgl. Boardman, 1978:79). Dit is ook moontlik dat hierdie vaste indelings van groepe of individue deur die propagandis gekies word om sodoende defleksie as tegniek te gebruik (vgl. Black, 2001:132). Die fokus van die leser kan deur die propagandis direk omgeswaai word na die teenparty. Gepaardgaande met hierdie twee tegnieke kan disfemisme ook die propagandis handig te pas kom (vgl. Bolinger, 1980:89-90, 119). Herhaling en beklemtoning deur herhaling sou ook moontlik gebruik kon word met behulp

van referensiële kohesie (vgl. Doob, 1950:435; Goebbels soos aangehaal deur Trevor-Roper, 1987:xx; Hitler, 1992:15, 164, 165, 167).

Voornaamwoorde kom in nie-propaganda 290 keer (oftewel 4,61 per 100 woorde) voor teenoor propaganda wat 372 keer (5,61 per 100 woorde) voorkom, met een voornaamwoord per 100 voornaamwoorde meer in propagandatekste wat nie ’n opmerklik groot gemiddelde verskil tussen die twee teksgroepe verteenwoordig nie. Deur meer spesifiek na die verskille in die gebruik van sekere voornaamwoorde in die teksgroepe te kyk, kan bogenoemde tegnieke en alternatiewe ondersoek word. Die besitlike, persoonlike en aanwysende voornaamwoordgroepe is ondersoek. Spesifiek die aanwysende voornaamgroep word ook verder ontleed aangesien daar ’n groot verskil in die aantal aanwysende voornaamwoorde in propaganda- teenoor nie-propagandatekste is.

5.3.4.1 Besitlike voornaamwoorde

Nie-propaganda

1.	Sou die komitee voortgaan met **sy** werk, en dit is nie afgehandel teen 7 Mei nie... Teks: *Nkandla: wat nou?*
2.	Nxesi refuted claims that **his** department lied when it told the M&G last November that the budget for the upgrading of Zuma’s home was R36-million... Teks: *Nkandla’s cost: Trapping the mole in the bunker*
3.	“Why now? **Your** newspaper published the story in November last year.” Teks: *Nkandla’s cost: Trapping the mole in the bunker*
4.	He mentioned the amphitheatre, cattle kraal, chicken run, visitor’s centre, and the swimming pool, which the public protector had ordered him to pay for out of **his own** pocket. Teks: *Zuma explains Nkandla bond, denies knowledge of Gupta dealings*
5.	“If government communicators make it impossible for us to trust them with basic courtesy, we will struggle to share information with them, and two things will suffer: **their** ability to try and shape **our** opinions, and the willingness of journalists to seek all sides of every story. Ultimately, that is bad for democracy.” Teks: *Zuma’s R65m Nkandla splurge*

Propaganda

1.	“**My** residence in Nkandla was paid for by the Zuma family.” Teks: *DA responds to Sunday Times’ Nkandla article; SUB: Nkandla: Invoices show Jacob Zuma personally benefitted from palace upgrades*
2.	This is what he and **his** white-minority-capital kith and kin network really talk about... Teks*: Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*
3.	Only a DA government can stop corruption and ensure that jobs are created and quality services delivered to **our** people. Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records*
4.	Daar was oordadige getuienis van noord van **ons** grense oor wat in sogenaamde Afrika-demokrasieë ná Oehoeroe gebeur. Nietemin het ’n meerderheid van blanke kiesers in 1992 **ons** ore uitgeleen aan die pers...

	Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*
5.	Laat ek dus nie spekuleer of hulle a) nie die verstandelike kapasiteit het om tussen reg en verkeerd te onderskei nie, of b) die plunder van belastinggeld nie in **hulle** kultuur as verkeerd beskou nie. Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*

Met 54 (0,86 keer per 100 woorde) besitlike voornaamwoorde in die nie-propagandateksgroep met 101 (1,52 keer per 100 woorde) in die propagandateksgroep, is daar byna dubbeld soveel besitlike voornaamwoorde in laasgenoemde. In beide groepe se voorbeeld 1 word die generiese, besitlike voornaamwoorde aangedui. In die voorbeelde 2 van beide groepe tekste word die voornaamwoord "his" gebruik. In die nie-propagandateksvoorbeeld word "his" gebruik om na Nxesi se departement te verwys. Hierdie verbinding tussen Nxesi en sy departement word driemaal gemaak. Die outeur kon dit moontlik gedoen het om te beklemtoon dat Nxesi verantwoordelik is vir sy departement se optrede en om Nxesi as bron se relevansie aan die leser te toon. In voorbeeld 2 van propagandatekste word Gordhan met behulp van "his" verbind aan "white-minority-capital kith and kin network" wat hom in eienaarskap met ’n negatiewe entiteit verbind.

Waar Nxesi dan in eienaarskap geplaas word met die departement waarvoor hy verantwoordelikheid dra word Gordhan, hierteenoor, valslik deur middel van ’n atipiese besitskonstruksie in eienaarskap geplaas tot ’n vals sogenaamde witmonopoliekapitaalnetwerk wat deel vorm van die diskoers wat gebruik is om aandag van staatskaping te deflekteer. Gordhan word sodoende in ’n verantwoordelike posisie hiervan geplaas wat bydra tot etikettering as deel van ’n poging om Gordhan te diskrediteer. Die propagandis skep dus aktief sekere assosiasies by die leser rakende sy teenpartye wat uiteindelik dan weer gekritiseer word. In voorbeeld 3 van nie-propagandatekste kom die gebruik van "Your" voor wat moontlik deel kan vorm van defleksie deurdat Nxesi die saak oor die koerant se tydsberekening laat gaan in plaas daarvan om die ware probleem aan te spreek.

Polarisering kan ook bewerkstellig word deur die gebruik van "verteenwoordigende" voornaamwoorde aan elke kant. In voorbeeld 5 van nie-propagandatekste word "their" en "our" gebruik om na die Presidensie en na die *Mail & Guardian* (selfs as verteenwoordigend van die groter mediakorps) te verwys. Hierdie onderskeid tussen groepe lyk anders as die onderskeid tussen voorbeeld 4 se "ons" en voorbeeld 5 se "hulle" van propagandatekste. In die eerste instansie word die onderskeid tussen die groepe op grond van die instelling self gemaak. In die tweede, onderskei die outeur die groepe volgens ’n sosiale, kulturele faktor. Die "ons" en die "hulle" dui op ’n onderskeid tussen mense as hetsy "wit" of "swart" met die doel om die groepe afsonderlik in die teks te hanteer.

Sodoende kan die outeur swartmense op ’n disfemistiese manier in die teks hanteer. Selfs al kritiseer die outeur die "ons"-groep of "witmense", is die kritiek van so aard dat swartmense steeds negatief in die teks voorgestel word. Die outeur kritiseer witmense omdat hulle polities verkeerde besluite in die verlede geneem het deurdat hulle vroeër, volgens die propagandis, swartmense in hul vertroue geneem het. In voorbeeld 5 word die term "hulle" ook op ’n eufemistiese manier gebruik deurdat die outeur nie direk van swartmense praat nie, maar dat die betekenis van hierdie voornaamwoord kontekstueel steeds duidelik na vore kom.

5.3.4.2 Persoonlike voornaamwoorde

Nie-propaganda

1.	"What do **you** do when President Obama or an African head of state visits him? You can't send them to a hotel." Teks: *Nkandla: Minister to probe City Press*

2.	**I** would like to state categorically that everything that has been approved and carried out at the private residence of the current president is in line... Teks: *Nkandla: Minister to probe City Press*
3.	"Ek pleit skuldig," het Buti Manamela, ANC-LP, gesê. "As ANC-LP's is ons hier om die werk van die ANC te doen. **Ons** verteenwoordig die ANC." Teks: *Nkandla: wat nou?*
4.	"If a story represents problems for them **they** attempt to provide convincing answers, or spin, **they** do not torpedo **us** by releasing press statements to our competitors before we can publish." "If government communicators make it impossible for **us** to trust..." Teks: *Zuma's R65m Nkandla splurge*

Propaganda

1.	**He** never hears the investor confidence-building messages of President Zuma which the loony radicals castigate him for. Teks: *Don't undermine Zuma's leadership*
2.	This privileged boy from Sastri College shows **us** that he would defend whites and their appointed crumb eaters... Teks*: Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*
3.	They have bought the apartheid lie that their skin and race puts **them** as a higher level and caste than the native African majority of this country. They should come out and tell the country and the world where **they** have made their wealth... Teks*: Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*
4.	Intussen hoop **ek** Zuma kan nog 'n bietjie uithou sodat elkeen sy ware kleure kan wys. Teks: *Mag Zuma nog 'n bietjie uithou*
5.	As the ANC **we** will continue to defend the integrity of the various electoral processes conducted in our country. Teks*: Electoral Court orders DA to retract false accusation against President Zuma*
6.	Die waarheid is dat Zuma sou wees soos die een voor hom en die een na hom sal wees soos hy. Maar in droomland kan **ons** mos maar aanhou droom, of hoe? Teks: *Mag Zuma nog 'n bietjie uithou*
7.	As jy iemand wil verkwalik vir Nkandla, meneer die meerderheid blankes, is daardie gesig in **jou** spieël 'n goeie beginpunt. Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*

Met persoonlike voornaamwoorde sou sekere soortgelyke funksies aan besitlike voornaamwoorde toegeskryf kon word, veral byvoorbeeld die polariseringstegniek. By persoonlike naamwoorde staan nie-propaganda op 208 (3,31 keer per 100 woorde) met 'n verskil van 12 keer (oftewel 0,36 keer per 100 woorde) meer gevalle in propaganda op 196 (2,95 keer per 100 woorde). Die aantal persoonlike voornaamwoorde in nie-propaganda- en propagandatekste lê veel nader aan mekaar as by besitlike voornaamwoorde.

In voorbeeld 1 van nie-propagandatekste plaas die woordvoerder die aangesprokene(s) in die posisie om hulself te moet indink wat hulle in die woordvoerder se situasie sou doen. Die woordvoerder verduidelik sodoende die "moeilike" situasie waarin Zuma hom bevind as deel van 'n regverdiging vir die omvang van die Nkandla-woning en waarom die Staat daarvoor finansieel moet instaan. Hierdie tegniek wat gebruik word om 'n rookskerm te skep om Nkandla "weg te steek", kom in nie-propaganda voor, maar dien as direkte aanhaling van die president se woordvoerder en kan daarom nie aan die outeur self toegeskryf word nie.

In voorbeelde 2 en 3 van nie-propagandatekste word die eerstepersoon gebruik, naamlik "I" en "Ek" wat die outeur se direkte betrokkenheid in die teks kon aandui, maar is deel van direkte aanhalings soortgelyk aan die bogenoemde voorbeeld en is daarom toe te skryf aan die bron wat aangehaal word. In voorbeeld 4 van nie-propagandatekste (soortgelyk aan voorbeeld 4 van die nie-propagandateks in besitlike voornaamwoorde) word 'n onderskeid tussen "them"/"they" en "us"/"we" getref. Anders as in 'n propagandategniek word hierdie onderskeid nie getref met die doel om die ander party met behulp van disfemisme te polariseer nie, maar om op rapporterende wyse 'n onderskeid tussen die Presidensie en die *Mail & Guardian* (die Media) te tref. Voornaamwoorde word daarom dikwels gebruik om bloot te verwys, hetsy deikties of anafories, en vorm daarom nie noodwendig direk deel van hoe die teks uitspeel met behulp van ekstra betekenislae of dan funksies nie.

Persoonlike voornaamwoorde in propagandatekste kan help om heelwat propagandategnieke te skep. In voorbeeld 1 begin die propagandis die sin met "He". Soortgelyke sinskonstruksies kom altesaam vier keer voor. Deur "He" voorop te stel kan die propagandis met behulp van herhaling Mkhabela telkens in 'n posisie plaas wat blaam dra en sodoende 'n soort beskuldiging formuleer en uiteindelik Mkhabela diskrediteer. Referensiële kohesie speel hier 'n belangrike rol om beklemtoning deur herhaling in die teks te integreer. Soortgelyk hieraan kan polarisering deur die propagandis bewerkstelling word. In voorbeeld 2 word die frase "show us" gebruik. Hierdie frase kom twee keer in die teks voor en skep die gevoel van eenheid tussen die outeur en die lesers wat dan saam as 'n eenheid voorgestel word teenoor die teenparty as 'n soort antagonis. In voorbeeld 3 kan polarisering alternatiewelik uitgebrei word deur die gebruik van "them" en "they" as verwysing na die "ander kant" of die ander "pool", meer spesifiek Hanekom en Gordhan.

Soortgelyk aan die nie-propagandateksvoorbeeld 2 word die eerstepersoon in voorbeeld 4 gebruik deurdat die outeur "ek" implementeer en waardeur die outeur se direkte betrokkenheid aangedui word. Anders as in nie-propagandatekste kan die gebruik van "ek" direk aan die outeur gekoppel of toegeskryf word aangesien die outeur nie 'n bronverwysing doen nie, maar in eie hoedanigheid 'n stelling maak. Die gebruik van "ek" mag in dié spesifieke teks eie wees aan die tekstipe en daarom nie noodwendig gebruik word om 'n sekere tegniek in die teks te integreer nie. In voorbeeld 5 van propagandatekste word die gebruik van "we" nie as polarisering gebruik nie, maar om eerder die gevoel van 'n span, eenheid en samehorigheid te skep teenoor voorbeeld 6 waar die propagandis met 'n sarkastiese ondertoon die persoonlike voornaamwoord "ons" gebruik. Die outeur gee voor om homself by die "ons" in te sluit, maar die voornaamwoord verwys eintlik na die persone wat naïef genoeg is om te dink dat sake in die land ten goede kan verander met die aanstelling van 'n (waarskynlik nie-blanke) opvolger vir Jacob Zuma.

Voorbeeld 7 is uniek in dié dat die outeur die persoonlike voornaamwoord "jou" gebruik en sodoende vanuit die teks die leser persoonlik aanspreek. Hierdie tegniek kan gebruik word om die boodskap oftewel beskuldiging persoonlik te maak en die leser sodoende te laat selfondersoek doen.

Ter samevatting, besitlike en persoonlike voornaamwoorde word gebruik om soortgelyke propagandategnieke uit te voer en waaronder disfemisme, polarisering en defleksie ingespan word om 'n rookskerm te skep en om 'n gevoel van inklusiwiteit te bewerkstellig (maar wat dikwels eksklusiwiteit tot gevolg het). Hierteenoor word hierdie voornaamwoorde in nie-propagandatekste gebruik om te beskryf en, indien nodig, eienaarskap toe te ken op grond van feite en nie van valshede

nie. Indien propagandategnieke in hierdie tekste voorkom, is dit wanneer ’n bron aangehaal word. Hierdie onderskeid tussen die direkte woorde van die outeur en die direkte woorde van ’n bron kom telkens as belangrik voor. In beide nie-propagandatekste en propagandatekste word voornaamwoorde daarom gebruik om ’n gewone deiktiese of anaforiese verwysingsfunksie te vervul en daarom as tekstuele kohesiemiddel te dien. Hierteenoor word voornaamwoorde spesifiek in propagandatekste so geïntegreer dat addisionele betekenislae geskep kan word.

5.3.4.3 Aanwysende voornaamwoorde

Anders as by besitlike en persoonlike voornaamwoorde is daar ’n groot verskil in die aantal kere wat aanwysende voornaamwoorde in nie-propaganda 28 (0,45 keer per 100 woorde) teenoor propaganda 75 (1,13 keer per 100 woorde) voorkom met ’n verskil van 0,68 keer per 100 woorde verskil, oftewel 150% meer frekwent. Die verskille tussen nie-propagandatekste en propagandatekste kan toegelig word met verwysing na die anaforiese, kataforiese en emfatiese aanwysende voornaamwoorde.

Anafories

Nie-propaganda

1.	**Só** het ’n senior ANC-LP Dinsdag in die Nasionale Vergadering (NV) gesê. Teks: *NASIONALE VERGADERING AANVAAR VERSLAG:* “*Stories oor Jacob Zuma en Nkandla is fiksie*”
2.	“Which country do you know where people can talk about the president’s bunkers? Which country has done that? That’s why **this** thing makes us so mad.” Teks: *Nkandla’s cost: Trapping the mole in the bunker*

Propaganda

1.	**This** judgement is proof of the many lies that the DA tells about the ANC... Teks*: Electoral Court orders DA to retract false accusation against President Zuma*
2.	**These** are the views Hanekom deeply harbours about the black majority and our leaders. Teks*: Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*

Anaforiese voornaamwoorde kom 23 keer (0,37 keer per 100 woorde) in nie-propaganda en heelwat meer kere in propaganda voor op 56 (0,84 keer per 100 woorde). Die gebruik tussen die twee groepe tekste lyk ooreenkomstig aan mekaar behalwe in voorbeeld 2 van die propagandateksgroep. Hier wil dit voorkom of die voornaamwoord “These” deur die propagandis voorop geplaas word om sodoende verder kommentaar in die sin te kan lewer of die voorafgaande “views”.

Katafories

Propaganda

1.	Finally, I want to send a clear message to **those** both in the public and private sector that corruption eats away... Teks: *DA responds to Sunday Times’ Nkandla article; SUB: Nkandla: Invoices show Jacob Zuma personally benefitted from palace upgrades*
2.	As asserted before, it is our view that the state must pursue all **those** who accessed state funds fraudulently. Teks: *Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla*

3.	Daar is weliswaar ’n paar vrae wat agv politieke korrektheid en kruiperigheid nié in die pers gevra gaan word nie. En van **hierdie** vrae is: Wat is die doel van ’n amp soos die Openbare Beskermer s’n? Goed, sy het aanbevelings gemaak... Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*

Geen kataforiese voornaamwoorde kom in nie-propaganda voor nie en slegs drie in propaganda (0,05 keer per 100 woorde). In voorbeeld 1 wil dit voorkom of die gebruik van “those” slegs gebruik word om algemeen te verwys na die persone wat in die privaat- en die openbare sektor betrokke is. In voorbeeld 2 kan die “those” gebruik word om afstand te skep tussen die ANC en die persone wat oortree het. Uiteindelik word afstand ook geskep tussen die skuldiges en Zuma en op hierdie manier kan aangetoon word dat die ANC en Zuma nie deel van “daardie” groepering is nie. ’n Soort defleksie word hierdeur in plek gestel.

In voorbeeld 3 word die voornaamwoord “hierdie” as deel van ’n byna amptelike aankondiging deur die propagandis gemaak om die leser se aandag te vestig. Hierdie “inleiding” gee ook die propagandis die geleentheid om die vrae op ’n sekere manier aan te bied deur ’n vraag-en-antwoord-struktuur te skep, maar waar hierdie “sessie” deur die outeur self gefasiliteer kan word. Op hierdie manier kan die propagandis die leser se aandag na voorkeure lei.

Emfaties

Propaganda

1.	This gutter discourse, **this** show of ingrained white paternalism and condescending sewer talk against our native black people and their dispossession exposes Hanekom... Teks*: Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*
2.	...en **daardie** twaalf miljoen stemvee sal steeds vir die ANC stem. Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*

Ook by emfatiese voornaamwoorde is daar geen gevalle in die nie-propagandateksgroep nie, maar wel ses gevalle (0,09 keer per 100 woorde) in die propagandateksgroep. Hierdie ses gevalle kom slegs uit twee propagandatekste waarvan een voorbeeld uit elk aangebied word. In beide hierdie voorbeelde word “this” en “daardie” gebruik om afkeur te toon en sodoende ook afstand te doen van die aangewese groepe wat hierna volg. ’n Soort disfemistiese ondertoon word hierdeur geskep.

In hoofsaak word voornaamwoorde in nie-propagandatekste vir ’n tekstuele funksie gebruik en daarom nie om noodwendig ekstra betekenislae te skep nie. Dieselfde gebeur ook dikwels in propagandatekste, maar net in ’n meer oordrewe aard: Propagandatekste maak graag gebruik van voornaamwoorde wat op ekstra betekenislae skep. Hierdie voorkeur word duidelik deurdat emfatiese gebruike van voornaamwoorde slegs in propagandatekste voorkom en dat selfs kataforiese gebruike van voornaamwoorde in propagandatekste soortgelyk aan emfatiese voornaamwoorde realiseer. Emfatiese voornaamwoorde word in propaganda gebruik om vanuit ’n afstandsposisie, afkeur aan te toon en sodoende disfemisties te wees teenoor die propagandis se teenparty. Propagandatekste toon daarom ’n voorkeur vir hierdie vorme en kan gebruik word om afstand te skep en sodoende aandag te deflekteer. Weereens kan die plasing van ’n voornaamwoord strategies deur die propagandis gedoen word, soos in die voorbeeld, om ’n vraag-en-antwoord-struktuur op te stel en sodoende die leser te lei. Voornaamwoorde kan ook verder op ’n tekstuele vlak gebruik word om te beklemtoon, ’n strategie wat slegs in propagandatekste voorkom. Referensiële kohesie bied daarom ruimte vir die propagandis om deur die verloop van die teks met behulp van verskillende voornaamwoorde na ’n karakter te verwys. Op hiérdie manier kan die propagandis deurlopende en genuanseerder verwysings maak op gepaste tye in die teks wat ’n karakter op ’n spesifieke manier aan die leser tentoonstel.

5.3.5 Kollokasies

Bolinger (1980:79) verwys na die saamgebruik van sekere adjektiewe of werkwoorde met naamwoorde waarvan die pare woorde wat saamgebruik word 'n soortgelyke betekenis kan dra. In hierdie afdeling word spesifiek op kollokasies tussen adjektiewe en naamwoorde as dikwels direk opeenvolgende taalkonstruksies gefokus. Kollokasies sou gebruik kon word om 'n spesifieke idee te beklemtoon, veral wanneer twee evaluerende terme saamgebruik word (vgl. Miller, 1937:210-217). Die herhaling van sekere kollokasies sou gebruik kon word om semantiese manipulasie deur byvoorbeeld leksikale verharding te bereik (vgl. Ehlich, 1989 soos na verwys deur Mesthrie, 2012:323). Leksikale kohesie kan dus gebruik word vir die doel om woorde semanties te manipuleer wat ook Newspeak insluit. Deurdat 'n sekere kollokasie van leksikale items by herhaling in 'n sekere konteks gebruik word, kan die spesifieke betekenis wat die propagandis verkies sodoende beklemtoon en met tyd die norm word. Dit sluit ook by die idee van oordrywing en oormatige woordgebruik aan deurdat soortgelyke, verbandhoudende leksikale items gesamentlik en by herhaling gebruik word om sekere belangrike idees in 'n teks te beklemtoon. 'n Idee kan in 'n kollokasie beklemtoon word van die een term na die volgende, of met behulp van soortgelyke kollokasies, oor 'n teks heen.

Nie-propaganda

1.	"top **secret**" **documentation** Teks: *Nkandla: Minister to probe* City Press
2.	'White **Monopoly Capital**' **Atul Gupta** Teks: *Zuma no-confidence vote: Will 'the Zuptas' fall in South Africa?*
3.	**Gupta leaks** Teks: *Zuma no-confidence vote: Will 'the Zuptas' fall in South Africa?*
4.	"Rooi **Gevaar**"**-bangmaakpraatjies** Teks: *NASIONALE VERGADERING AANVAAR VERSLAG: "Stories oor Jacob Zuma en Nkandla is fiksie"*

Propaganda

1.	white **monopoly capital stooge** Gordhan Teks*: Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*
2.	white **Monopoly Capital** and Radical Economic **Transformation** Teks*: Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*
3.	he and his **white-minority-capital kith and kin network** Teks*: Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*
4.	**palace** of **corruption** Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records*
5.	**liggewig-Naarperskader** Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*

Soortgelyk aan adjektiewe word naamwoorde gebruik om oordrewe kollokasies saam te stel deur die propagandategniek, oormatige woordgebruik en selfs tematiese herhaling tussen hierdie elemente te

implementeer en sodoende te beklemtoon. Behalwe vir ’n kollokasie met beskrywingsadjektiewe of klassifiseerders word ’n kollokasie tussen ’n bepaler (ding) en ’n naamwoord (ding) saamgestel.

Voorbeeld 3 van propagandatekste vorm deel van ’n poging tot defleksie deurdat die propagandis hierdie konstruksies ophef as realiteitsverteenwoordigers deur Gordhan se bekommernis oor die herkoms van hierdie konstruksies af te maak as onsin en met voorbedagte rade: *His constant rubbish of saying that* ***white Monopoly Capital*** *and* ***Radical Economic Transformation*** *are Bell Pottinger phrases crafted in London and not of the Congress Movement at large – show us he would do anything to distort the* ***harsh pathetic economic reality*** *that Africans and blacks experience*.

Die konstruksie *Radical Economic Transformation* stel ook die ANC as politieke party op vereenvoudigde wyse as helde of as die verlossers van die volk voor van die wit onderdrukkers, of instandhouers van *white Monopoly Capital* om sodoende steun te werf, maar uiteindelik met die groter doel binne die aangewese teks om die volk se aandag op daardie stadium weg van Zuma en die Guptas en staatskapingproblematiek te lei. Hierdie frasegebruike van naamwoorde vorm deel van Newspeak as tegniek wat semantiese verskuiwings en nuutskeppings insluit. Met behulp van hierdie konstruksies kan die propagandis ’n baie spesifieke interpretasieraam “ontwerp” wat paradigmaties aangebied word sodat lesers die propagandis se weergawe van die realiteit raaksien en begryp of insien. Soortgelyk aan naamwoorde kan die propagandis adjektiewe semanties aanpas om waninformasie of disinformasie aan die leser oor te dra soos in vlak 4 van die nie-linguistiese propaganda-indentifiseringsmodel ontleed word (vgl. Hoofstuk 3; 3.4-3.6). Hierdie waninformasie of disinformasie kan ook in die konteks van ras oorgedra word waar nasionale vorme in die vorm van naamwoorde of adjektiewe gebruik word om karakters op ’n spesifieke manier aan die teikengroep voor te stel.

In die nie-propagandavoorbeelde kan voorbeelde 1, 2 en 4 se gebruik van kollokasies toegeskryf word aan bronne wat deur die outeur gebruik word. Voorbeeld 3, naamlik “Gupta leaks”, sou tegnies as die outeur se eie woordkeuse kon aangedui word, maar selfs hier is die gebruik van hierdie term reeds ’n naam wat vir die string e-posse rakende staatskaping vroeër gegee is en daarom ook as ’n verwysing dien. Hierteenoor is al die voorbeelde wat in propaganda voorkom, vorme wat direk aan die outeur toegeskryf kan word. Soortgelyk aan die bron-outeur-onderskeid in adjektiewe, kom die belangrikheid van so ’n analise, weereens, duidelik na vore.

5.3.6 Gevolgtrekking

Vanuit ’n Sistemies Funksionele perspektief wil dit voorkom of die eksperiënsiële funksie wat naamwoorde vervul oor beide teksgroepe verspreid lê. In propagandatekste wil dit voorkom of die interpersoonlike betekenisse van naamwoorde addisioneel tot die “standaard” eksperiënsiële funksie baie meer gereeld as in nie-propagandatekste voorkom. Op ’n tekstuele vlak kom ’n neutrale kohesiefunksie in nie-propaganda sowel as propagandatekste voor, waarnaas in propagandatekste ’n ekstra betekenislaag toegevoeg word deurdat byvoorbeeld voornaamwoorde gebruik word om te beklemtoon of te benadruk.

Wanneer die objektiewe naamwoordvorme in nie-propaganda- en propagandatekste oorweeg word, is daar nie ’n groot verskil nie, maar wel tussen die gebruik van subjektiewe vorme met meer as dubbel die aantal subjektiewe vorme in propagandatekste. Die gebruik van subjektiewe, evaluerende naamwoorde sluit aan by Bolinger (1980:77-79) wat naamwoorde as ’n metode om iemand mee te objektiveer aandui. Woorde soos “Afrikaner askari” en “liggewig-Naarperskader” word direk deur die outeur gebruik sonder dat daar regverdiging (wat op die waarheid gebaseer is) hiervoor in die teks aangebied word. Hierteenoor word naamwoorde soos “scandal” en “exposé” uit die aard van die situasie gepaste beskrywingswoorde of kan selfs dien as woorde wat gebruik kan word om sensasionaliteit te bewerkstellig, maar word nie gebruik om ’n spesifieke propagandategniek soos byvoorbeeld disfemisme uit te oefen nie.

Dit kom voor of daar ook ’n verskil in die aard van subjektiewe naamwoorde is, naamlik dat die subjektiewe vorme in die nie-propagandatekste meestal gebruik word om ’n situasie te beoordeel eerder as om mense te veroordeel of in propagandatekste te benoem of dat hierdie naamwoorde verhalend gebruik word om ’n beskrywing aan die lesers te formuleer. Die funksie daarvan verskil ook aangesien naamwoorde in propagandatekste gebruik word om propagandategnieke tot uitbou van die uiteindelike doelwit in plek te stel waar hierdie naamwoorde in nie-propagandatekste gebruik word om die leser se aandag te trek.

In subjektiewe naamwoorde word dit duidelik dat hierdie vorme in propagandatekste gebruik word om disfemisme as propagandategniek te kan gebruik (vgl. Bolinger, 1980:87, 89-90, 119 en Mesthrie, 2012:321-322) wat weer ’n verdere propagandategniek, naamlik polarisering (vgl. Boardman, 1978:79) tot gevolg kan hê. Deur byvoorbeeld die woord “stemvee” te gebruik, word ’n soort “domheid” aan die groep ANC-kiesers (en binne die konteks, swartmense) gekoppel, wat weer lei tot die idee van die propagandis as ’n meerdere en sodoende die teenparty en die propagandis op twee pole plaas. Bolinger (1980:73) dui ook aan dat beskrywingsnaamwoorde gebruik kan word om eufemisme as tegniek te gebruik, byvoorbeeld wanneer die swembad te Nkandla hernoem word na ’n “fire pool” om die ware betekenis van die term “pool” te versluier.

Uiteindelik is die gevolg dat die veelfasettigheid van die realiteit van gebeure vereenvoudig word (vgl. Black, 2001; Gambrill, 2012; Mesthrie, 2009:323). Waar Hanekom en Gordhan hulself teenoor staatskaping uitspreek, word aannames byvoorbeeld gemaak en die saak word “vereenvoudig” tot rassisme teenoor swartmense en die ophef van witmense: Hanekom word as ’n “Afrikaner askari” voorgestel en die aanname word gemaak dat Gordhan swartmense as ’n “low caste” beskou. Vereenvoudiging van die realiteit deur byvoorbeeld etikettering kan tot voordeel van die propagandis se poging saamwerk om defleksie te bewerkstellig. Alhoewel hierdie tegnieke in propaganda met behulp van subjektiewe naamwoordgebruik voorkom, is hierdie soort vorme wat hierdie tegnieke vorm nie in nie-propaganda afwesig nie, maar kom voor waar, soos reeds aangedui, die outeur sensasionele woordkeuses uitoefen of ’n bron direk of indirek aanhaal.

Die abstrakte aard van sekere van die objektiewe naamwoorde kan gebruik word om sekere propagandategnieke mee uit te oefen, byvoorbeeld deur ’n algemener en omsigtiger term te gebruik soos wanneer die naamwoord “matter” gebruik word om na ’n gebeurtenis te verwys wat sensitief kan wees. Hierdie soort gebruik kom wel ook in nie-propagandatekste voor, dikwels wanneer die outeur iemand se woorde direk of indirek aanhaal. Anders as wat Black (2001:133) aandui kan die gebruik van onvasgestelde en onvasstelbare abstrakte selfstandige naamwoorde as propagandategniek eerder as empiriese betroubaarheid bevraagteken word aangesien die betekenisse eerstens nie onvasstelbaar is nie, maar die naamwoordbetekenisse kan kontekstueel duidelik van mekaar onderskei word. Tweedens kan abstrakte selfstandige naamwoorde ’n gunstige werktuig in ’n propagandis se hand vorm, maar wanneer konkrete selfstandige naamwoorde se gebruik aan die hand van propagandategnieke getoets word, kan hierdie selfstandige naamwoorde as ewe belangrik vir ’n propagandis se doelwitte beskou word.

Hierdie propagandategnieke sluit in: disfemisme, etikettering, die gebruik van emotiewe taal, beklemtoning deur herhaling, die herdefiniëring van terme, mistifikasie, eufemisme, beklemtoning van tydsperspektiewe, leksikale verharding, Newspeak, slagspreuke en defleksie. By die uitspeel van hierdie tegnieke word die eendersheid van sekere propagandategnieke duidelik soos wat die een die ander na vore bring of nodig is om die ander te verwesenlik. In die bespreking word dit duidelik dat dit belangrik is om hierdie tegnieke as eienskappe van propaganda op so ’n manier te verstaan wat ruimte laat vir hierdie tegnieke of eienskappe om ook in nie-propaganda voor te kom, maar nie die teks outomaties dan in die propagandakategorie te plaas nie.

Wanneer hierdie tegnieke of eienskappe in nie-propaganda voorkom, moet die teenwoordigheid daarvan dikwels verder nagegaan word. Die leser moet byvoorbeeld vasstel of die outeur self die

propagandategniek implementeer en of die propagandis ’n bronverwysing doen en die tegniek daarom nie deur die outeur van die teks nie, maar deur die aangehaalde bron gebruik word. Die gebruik, byvoorbeeld, van woorde soos “propaganda” en “kommunisme-bangmaakpraatjies” is onderskeidelik ’n indirekte en direkte gebruik van ’n bron se direkte woorde en kan daarom nie aan die outeur self toegeskryf word nie.

’n Meer spesifieke onderafdeling waar subjektiewe naamwoorde ’n deurslaggewende rol in etikettering en polarisering kan speel, is by die gebruik van nasionale vorme. Adjektiewe kan ook hiervoor gebruik word. Hierdie linguistiese tegniek, soos tereg deur Bolinger (1980:79) aangedui is, figureer daarom in propagandatekste – byvoorbeeld wanneer ’n benaming soos “K****rs” gebruik word om terugwerkende disfemisme te bewerkstellig om uiteindelik vyandigheid teenoor die propagandis se teenpartye na vore te bring en wat deel vorm van emotiewe taalgebruik. Die nasionale vorme “whites” en “natives” dien as ’n verdere voorbeeld hiervan. In die analise is daar geen subjektiewe nasionale vorme in nie-propagandatekste nie en kan daarom moontlik eerder met propaganda geassosieer word.

Deur kwantifiseerders volgens spesifiekheid in te deel, kan sekere verskille tussen die teksgroepe identifiseer word. Nie-spesifieke kwantifiseerders kan gebruik word om in nie-propagandatekste beskrywend te wees of om die geleentheid vir algemeenheid oop te hou waar daar nog nie sekerheid is nie. In propagandatekste kan nie-spesifieke kwantifiseerders gebruik word om die idee van meer of minder te gee as wat daar in realiteit is of om spesifieke inligting wat wel tot die propagandis se beskikking is, te verdoesel. Waar spesifieke kwantifiseerders in nie-propagandatekste gebruik word om ’n gebeurtenis so akkuraat en duidelik as moontlik aan die leser te stel, kan ’n soort misbruik van wetenskapsdiskoers plaasvind wanneer ’n propagandis nie-propagandatekste naboots deur spesifiek te wees met in hierdie geval kwantifiseerders en sodoende die leser se vertroue te wen. Spesifieke kwantifiseeders kan daarom steeds eerder met nie-propagandatekste geassosieer word behalwe as ’n propagandis nodig het om betroubaarheid te bewerkstellig. Die misbruik van wetenskapsdiskoers lyk, volgens hierdie voorbeelde, eerder soos die misbruik van mediadiskoers wat ’n wysiging of uitbreiding van die term en tegniek voorstel.

Die gebruik van voornaamwoorde kom oor die algemeen meer voor in propagandatekste as in nie-propagandatekste en sekere voornaamwoordsoorte kom selfs slegs in propagandatekste voor en kan daarom verder ondersoek word. Persoonlike voornaamwoorde kom met 2,95 keer per 100 woorde heelwat meer in propagandatekste as besitlike voornaamwoorde voor met 1,52 per 100 woorde. Die verskil in die aantal persoonlike voornaamwoorde in nie-propaganda- en propagandatekste is wel heelwat nader aan mekaar as die verskil in die aantal besitlike naamwoorde in nie-propaganda- en propagandatekste. Besitlike en persoonlike voornaamwoorde word gebruik om soortgelyke propagandategnieke uit te voer waaronder disfemisme, polarisering en defleksie gebruik word om ’n rookskerm mee te skep. Sommige van hierdie voornaamwoorde – soos byvoorbeeld die persoonlike voornaamwoord “we” – kan gebruik word om ’n gevoel van inklusiwiteit tussen die propagandis en die leser te skep en kan ook gebruik word om op hierdie manier eksklusiwiteit te bevorder.

Anders as die voornaamwoorde in propagandatekste, word voornaamwoorde in nie-propagandatekste gebruik om te beskryf en indien nodig, skakels van eienaarskap te maak op grond van feite en nie op grond van valshede soos soms in propagandatekste gemaak word nie. Die gebruik van die ideasionele funksie kom daarom in beide teksgroepe sterk na vore. Die belangrikheid om vas te stel of ’n outeur self die woorde in ’n teks gebruik en of die outeur ’n bron aanhaal kom hier ook na vore. Sommige propagandategnieke kom voor in nie-propagandatekste, maar kan nie direk aan die outeur toegeskryf word nie.

Met heelwat meer aanwysende voornaamwoorde in propagandatekste as in nie-propagandatekste, is dit nodig om sekere aanwysende voornaamwoorde verder te verdeel om die funksie daarvan beter te verstaan. By anaforiese voornaamwoorde is daar ooreenkomste tussen die groepe tekste behalwe

wanneer die propagandis ’n voornaamwoord byvoorbeeld strategies plaas vir ’n spesifieke doel. Buiten dus vir die gewone kohesiefunksie word die herhaling van sekere voornaamwoorde daarom vir ’n ekstra betekenislaag gebruik. Kataforiese voornaamwoorde kom slegs in propagandatekste voor en kan gebruik word om afstand te skep tussen byvoorbeeld ’n propagandis en ’n sekere daad om sodoende aandag te deflekteer. Soortgelyk aan anaforiese voornaamwoorde kan die plasing van ’n voornaamwoord strategies deur die propagandis gedoen word. Daar is ook geen emfatiese voornaamwoorde wat in nie-propaganda voorkom nie. Hierdie voornaamwoorde word in propaganda gebruik om, vanuit ’n afstandsposisie, afkeur aan te dui en sodoende disfemisme as propagandategniek te implementeer. Die interpersoonlike funksie van voornaamwoorde word daarom duidelik deur die propagandis gebruik om subjektiewe betekenisse te implementeer in ’n teks.

Naamwoorde word ook, soortgelyk aan adjektiewe, gebruik om konstruksies saam te stel wat ’n oormatige gebruik van woorde illustreer asook herhaling wat lei tot beklemtoning. Hierdie konstruksies kan so ingerig word om dieselfde soort funksie as ’n slagspreuk uit te voer, maar kan ook gebruik word om, deur herhaling en beklemtoning, die propagandis se teenparty met behulp van disfemisme te etiketteer. Die herhaalde gebruik van sekere naamwoorde in sekere kollokasies kan ook die soortgelyke funksie van slagspreuke aanneem. Waar Bolinger (1980:79) hoofsaaklik na die saamgebruik van adjektiewe en naamwoorde verwys as vaste, semantiese uitdrukkings wat met tyd kan ontstaan, kan die linguistiese tegniek uitgebrei word deur na kollokasies wat vir ander doeleindes, soos hier bo aangedui, ontstaan of gebruik word. Kollokasies kan ook uit meerdere naamwoorde bestaan.

5.4 Adjektiewe

Bolinger (1980:73) en Black (2001:133) verwys albei na adjektiewe as een van die linguistiese gebruiksmiddele in propaganda. Adjektiewe is volgens Bolinger (1980:75-76) die woordgroep met die breedste verspreiding van verskuilde vooroordeel en dikwels is die sinoniem daarvan nie noodwendig neutraal nie. Adjektiewe het wel nie noodwendig die intensste effek nie (Bolinger, 1980:75). Met die dat adjektiewe dikwels op ’n skaal van “meer” en “minder” geplaas word, is die gevolg dikwels dat ’n dieper betekenis van “beter” en “slegter” daarmee gepaardgaan (Bolinger, 1980:75). Black (2001:133) verwys na die gebruik van onvasgestelde of onvasstelbare adjektiewe. Al kom daar meer adjektiewe in propagandatekste as in nie-propagandatekste voor, is dit nodig om verdere ondersoek na die spesifieke aard van die adjektiewe in propaganda en nie-propaganda vas te stel om te bepaal of daar wel ’n verskil in die soort adjektiefgebruik in die ondersoekte tekste is al dan nie.

Gedurende die bespreking word die rou data eers gegee met die genormaliseerde getal (per 100 woorde) tussen hakies daarna. In elke besprekingsafdeling word ’n opsommende tabel met vergelykende voorbeelde van die spesifieke adjektiewe in die nie-propagandatekste en die propagandatekste voorgehou waarna ’n bespreking met gekontekstualiseerde voorbeelde volg.

Nadat al die adjektiewe in die tekste geïdentifiseer is, staan die totaal tussen die teksgroepe op 744 adjektiewe met 304 (4,84 per 100 woorde) adjektiewe in die nie-propagandatekste en 440 (6,63 per 100 woorde) in die propagandatekste. Black (2001:133) het daarom gelyk waar hy antisipeer dat meer adjektiewe in propaganda as in nie-propaganda voorkom. Tog kan adjektiewe oor die algemeen steeds nie as slegs kenmerkend van propaganda beskou word nie, aangesien daar ’n genoegsame getal adjektiewe ook in die nie-propagandatekste voorkom.

Om meer spesifiek die soort adjektiewe in nie-propaganda- en propagandatekste te bepaal, is beskrywingsadjektiewe (na aanleiding van Bolinger [1980:75-77]) en klassifiseerders afsonderlik geïdentifiseer. Hierna is adjektiewe verdeel volgens hul subjektiewe en objektiewe aard met die oog daarop om hul op ’n semantiese vlak beter te verstaan, waarby Black (2001:133) ook aansluit. Die gekose adjektiewe se funksie kan vanuit ’n subjektiewe of objektiewe hoek bestudeer word as

onderskeidelik verteenwoordigend van die interpersoonlike of ideasionele metafunksies binne Sistemies Funksionele Linguistiek. Subjektiewe adjektiewe as prominente verskynsel in propagandatekste word verder met behulp van die Evalueringsteorie binne die raamwerk van die Sistemies Funksionele Linguistiek ontleed. Binne hierdie teorie word die belangrikheid van outeursbetrokkenheid ook aangedui.

5.4.1 Klassifiseerders teenoor beskrywingsadjektiewe

Met Bolinger (1980:75-77) se spesifieke verwysing na adjektiewe se potensiaal vir verskuilde vooroordeel en met die idee van beskrywingsnaamwoorde wat van adjektiewe af gevorm word, kan verwag word dat daar moontlik meer beskrywingsadjektiewe in propaganda as in nie-propaganda voorkom. Alhoewel die beskrywingsadjektiewe op 172 (2,59 per 100 woorde) in die propagandatekste met 32% meer is as die 123 (1,96 per 100 woorde) in die nie-propagandatekste, is daar in beide groepe selfs meer klassifiseerders as beskrywingsadjektiewe teenwoordig. Die gebruik van nasionale vorme word weens hulle spesifieke aard afsonderlik behandel en is daarom nie hierby ingereken nie. Wat klassifiseerders betref, is die verskil tussen die twee groepe tekste ook groter as by die beskrywingsadjektiewe met klassifiseerders in propagandatekste op 269 (4,05 per 100 woorde) en 181 (2,88 per 100 woorde) in nie-propagandatekste. Hieruit blyk dit dat propagandatekste 41% meer klassifiseerders het as nie-propagandatekste.

5.4.2 Soorte beskrywingsadjektiewe

Beskrywingsadjektiewe word gebruik om iets mee te beskryf deur bepaalde kwaliteite van daardie iets aan te dui (Halliday & Matthiessen, 2004:318).

Nie-propaganda

small computer businesses	**responsible** RBAC members	**behoorlike** proses	**irregular** bussiness dealings
(make it) **impossible**	(that is) **bad**	**slight** chuckle	**existing** homestead

1.	"...Competition is an **important** part of a **vibrant** media landscape..." Teks: *Zuma's R65m Nkandla splurge*
2.	...and are alleged to have paid for a **lavish** wedding for Duduzane, as well as a number of **extravagant** perks, including a **palatial** flat in Dubai. Teks: *Zuma no-confidence vote: Will 'the Zuptas' fall in South Africa?*
3.	Die narratief dat pres. Jacob Zuma 'n **korrupte** en **selfsugtige** staatshoof is, is net so fiktief soos die apartheidsregering se "Rooi Gevaar"-bangmaakpraatjies. Teks: *NASIONALE VERGADERING AANVAAR VERSLAG:* "*Stories oor Jacob Zuma en Nkandla is fiksie*"

Propaganda

escalating costs	**considered** recommendations	**vile** dog	(Columnists are) **happy**
krimpende publikasies	**halsstarrige** staatsleier	**correct** forms	(African native is) **unimaginative**

1.	He makes no connection between this and the "counter-cyclical fiscal policy stance" that "**much-maligned prudent** economic policies" made possible.

	Teks: *Don't undermine Zuma's leadership*
2.	A **full** copy of the judgement is available... Teks: *Electoral Court orders DA to retract false accusation against President Zuma*
3.	Vandag nog is daar 'n meerderheid blanke kiesers wat **liggelowig** genoeg is om te glo dat hetsy die **toenemend-swart** DA... Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*

Op sigwaarde is die moontlike verskil in die aard van die beskrywingsadjektiewe wat in die nie-propaganda- en propagandateksteste voorkom, nie duidelik nie. In beide groepe kom daar beskrywingsadjektiewe voor met soortgelyke trekke. In beide voorbeelde 1 van nie-propaganda en propaganda is daar ook die gebruik van 'n aanhaling van 'n spreker se direkte woorde. Wanneer spesifiek op die gebruik van beskrywingsadjektiewe in propaganda gefokus word, kan beskrywingsadjektiewe as handige gebruiksmeganisme dien vir die propagandis om hom of haar in die teks te verweef en wat die moontlikheid vir propagandategnieke soos etikettering of disfemisme daarstel. Soos in voorbeeld 3 word die beskrywingsadjektief "toenemend-swart" gebruik. In die gebruikskonteks word swartmense wat in bestuursposisies geplaas word, as onbekwaam voorgestel en sodoende gestereotipeer en geëtiketteer deur die propagandis.

5.4.2.1 Soorte klassifiseerders

Klassifiseerders klassifiseer 'n ding as 'n sekere soort of tipe ding, met ander woorde 'n klassifiseerder dui 'n subklas van die aangewese ding aan (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004:319).

Nie-propaganda

alleged bribes	**denkbeeldige** verhaal	**constitutionally prescribed** work	**double-storey** structure
future presidents	**parlementêre** ad hoc-komitee	**so-called top secret** document	**vyfde** parlement

1.	A **military** source said there was also a need to extend the homestead's capacity to house Zuma's health and security staff… Teks: *Zuma's R65m Nkandla splurge*
2.	The reports will be presented to Parliament towards the end of September 2012 and all **interested** parties... Teks: *Nkandla's cost: Trapping the mole in the bunker*
3.	Mmamoloko Kubayi, senior ANC-LP en lid van die Nkandla-komitee, het gesê die storie dat Nkandla weelderig is en die beeste en hoenders daar 'n beter lewe het as baie Suid-Afrikaners, is 'n **denkbeeldige** verhaal. Teks: *NASIONALE VERGADERING AANVAAR VERSLAG: "Stories oor Jacob Zuma en Nkandla is fiksie"*

Propaganda

real issues	**anti-majoritarian** sellout	**fundamental** principle	(It is) **unacceptable**

major tenders	**public** and **private** sectors	**centralised** tender processes	**politieke** spektakel

1.	...spending millions of rands of **public** funds... Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records*
2.	Gordhan as Gandhi sees **black African** natives as a **low** caste; K****rs who are **subhuman**... Teks: *Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*
3.	From its first revelation in the print media in 2009, to three **whitewashed** Parliamentary Ad Hoc Committees, to its crescendo at the Constitutional Court... Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records*
4.	The officials who have gone public with **inaccurate** information must be censored... *Electoral Court orders DA to retract false accusation against President Zuma*

By klassifiseerders wil dit voorkom of daar ’n makliker identifiseerbare verskil kan wees tussen propagandatekste en nie-propagandatekste waar voorbeeld 2 van die propagandatekste ’n kenmerkend sterk voorbeeld van taalgebruik ten toon stel. Sekere klassifiseerders lyk of dit gebruik kan word om ’n subjektiewe klassifikasie van ’n ding te bewerkstellig. ’n Handige onderskeid om binne klassifiseerders te tref, is deur nasionale vorme afsonderlik te identifiseer van ander klassifiseerders. *Nasionale vorme* of verwys na klassifiseerders wat spesifiek na persone se nasionaliteit verwys, hetsy op ’n objektiewe, beskrywende manier, of op ’n subjektiewe manier waar die outeur nasionaliteit op ’n semanties gelade manier vertoon deur groepe mense met opset uit te sonder, byvoorbeeld *white Askari* teenoor *white businesses*.

Die klassifiseringsmoontlikhede wat hiérdie adjektiewe tot die propagandis se beskikking stel, kan, soos by beskrywingsadjektiewe, gebruik word om die propagandategniek disfemisme deur etikettering te bewerkstellig. Grensend aan disfemisme word die parlementêre ad hoc-komitees wat afgevaardig is om Nkandla te ondersoek, in voorbeeld 3 as “whitewashed” geklassifiseer wat die DA die geleentheid bied om hulle evaluering van die komitees daar te stel.

In voorbeeld 2 is daar ’n meer direkte koppeling aan ’n negatiewe klassifisering van swartmense wat deur die propagandis toegeskryf word as ’n klassifikasie wat deur Gordhan net soos Gandhi gemaak is en word. Die propagandis etiketteer sodoende Gordhan en Gandhi as rassiste wat weer disfemisme tot gevolg het. Die nasionale vorme “black” en “African” kom hier handig te pas om die groep waarteen Gordhan en Gandhi diskrimineer (volgens die propagandis) duidelik te identifiseer en sodoende te beklemtoon. Die klassifiseerder “subhuman” word ook in hierdie voorbeeld gebruik om aan te dui hoe Gordhan en Ghandi swartmense sien. Swartmense word dus deur die propagandis as “subhuman” geklassifiseer en sodoende geëtiketteer om negatiewe emosie by die teikengroep teenoor Gordhan en Ghandi op te wek. Hier is ook iets te bespeur van polarisering, naamlik dat daar nie enige tussenruimte geskep word vir moontlike alternatiewe sienings deur Gordhan en Gandhi nie. In voorbeeld 4 lyk dit of klassifiseerders selfs gebruik kan word om eufemisme te skep. Die klassifiseerder help die propagandis om ’n versagte vorm daar te stel deur “inaccurate” te gebruik en sodoende informasie te klassifiseer, eerder as om ’n enkele naamwoord te gebruik, byvoorbeeld “lies”.

In nie-propagandatekste, en selfs in propagandatekste, kom klassifiseerders voor wat neutraal van aard is (sien voorbeelde 1 en 2 van nie-propagandatekste en voorbeeld 1 van propagandatekste) en daarom eerder in nie-propagandatekste te wagte sou wees. Daar is ook klassifiseerders wat eerder in propagandatekste met ’n meer subjektiewe kleur te wagte sou wees, maar in nie-propagandatekste voorkom. In voorbeeld 3 van nie-propagandatekste word die klassifiseerder “denkbeeldige” gebruik om die naamwoord “verhaal” te klassifiseer om sodoende kommer oor die Nkandla-gebeure as fiksie af te maak en sodoende aandag te deflekteer. Sekere verwagte nie-propagandafaktore kom in propagandatekste voor en sekere propagandategnieke kom in nie-propagandatekste voor wat die behoefte aan ’n meer spesifieke onderskeid meebring.

Met meer duidelikheid oor die funksionele ooreenkomste en verskille tussen die gebruik van beskrywingsadjektiewe en klassifiseerders by nie-propaganda- en propagandatekste, kan ’n verdere onderskeid tussen objektiewe en subjektiewe vorme van hetsy beskrywingsadjektiewe of klassifiseerders, ’n beter insig bied in hoe outeurs van nie-propaganda en propagandiste hierdie funksies tot hul beskikking gebruik om uiteindelik die hoofdoel van hul teks te verwesenlik.

5.4.3 Objektief teenoor Subjektief

Deur al die adjektiewe as subjektief of objektief in te deel, kan die geheelbeeld van die outeur of propagandis se mindere of meerdere subjektiewe betrokkenheid in die teks makliker identifiseer word. Met *objektief* word bedoel dat die outeur van die teks die woordseleksie of grammatikale seleksie gemaak het op grond van ’n objektiewe en beskrywende rede teenoor *subjektief* wat ’n woordseleksie of grammatikale seleksie aandui wat die outeur se subjektiewe gevoel en evaluering oordra deurdat die geselekteerde vorm ’n waardeoordeel verteenwoordig (vgl. Hoofstuk 4; 4.2.4). In die voorbeeld “public funds” word landsgeld tereg as openbare geld geklassifiseer en kan met behulp van die ideasionele metafunksie as ’n betekenistoekenning verstaan word wat die realiteit op ’n korrekte, nie-evaluerende manier voorstel. Hierteenoor word die adjektief in “K****rs who are subhuman” gebruik om swartmense te klassifiseer op ’n manier wat die propagandis se oordeel oor die groep (asof verteenwoordigend van sy opponente se beskouing) aanbied. Dié adjektief kan daarom vanuit die ideasionele metafunksie analiseer word, maar verkry ’n ekstra, subjektiewe konnotasie.

In die nie-propagandateksgroep kom daar 230 (3,66 per 100 woorde) objektiewe vorme voor waarvan agt vorme Nasionaal is en 74 (1,18 per 100 woorde) subjektiewe vorme waarvan een Nasionaal is. Hierteenoor kom daar 251 (3,78 per 100 woorde) objektiewe vorme voor waarvan drie Nasionaal is en 189 (2,85 per 100 woorde) subjektiewe vorme voor waarvan 37 Nasionale vorme is. Met ’n duidelike verskil van 115 (1,67 per 100 woorde) of 155% meer subjektiewe vorme in propagandatekste as in nie-propagandatekste, word subjektiewe vorme klaarblyklik eerder in propaganda as in nie-propaganda aangetref.

5.4.3.1 Objektiewe vorme

Nie-propaganda

safe landing	**onafgehandelde** sake	**thatched** roofs	**online** news site
new houses	**Double-volume** ceilings	**rural** KwaZulu-Natal	**leaked** emails

1.	Die OB se verslag bly nietemin **geldig**. Teks: *Nkandla: wat nou?*

2.	The two new **main** houses are kidney-shaped... Teks: *Zuma's R65m Nkandla splurge*.
3.	Daarom, het die EFF beweer, sou dit **onwettig** wees... *NASIONALE VERGADERING AANVAAR VERSLAG:* "*Stories oor Jacob Zuma en Nkandla is fiksie*"
4.	The family also stand accused of hiring a British PR firm to distract attention from the allegations by blaming the country's problems on **white-owned** businesses... Teks: *Zuma no-confidence vote: Will 'the Zuptas' fall in South Africa?*

Propaganda

corrective measures	**former** Ministers	(vir alle praktiese doeleindes) **onafdwingbaar**	**verbal** and **written** correspondence
werklike waarde	**krimpende** publikasies	**short** space of time	**full** list

1.	The fragility of South Africa's economy lies in the distorted pattern of ownership and **economic** exclusion created by apartheid policies. Teks: *Don't undermine Zuma's leadership*
2.	Everything Zuma touches turns into a corrupt act, whether it is the upgrades at his **private** residence or the appointment of Cabinet Ministers... Teks: *FULL TEXT: DA responds to Sunday Times' Nkandla article: Nkandla: Invoices show Jacob Zuma personally benefitted from palace upgrades*
3.	Ek moet sê, ek geniet nogal die **politieke** spektakel... Teks: *Mag Zuma nog 'n bietjie uithou*
4.	His constant rubbish of saying that white Monopoly Capital and Radical **Economic** Transformation are Bell Pottinger phrases crafted in London and not of the Congress Movement at large – show us he would do anything to distort the harsh pathetic **economic** reality… Teks: *Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*

Vanuit die voorbeelde blyk dit duidelik dat die objektiewe vorme dieselfde betekeniskleur in propaganda- en nie-propagandatekste aanneem. Tog gee 'n verskil in die gesamentlike gebruik met 'n subjektiewe naamwoord in propaganda 'n moontlike verskil selfs tussen die objektiewe vorme voor. In voorbeeld 3 word die objektiewe klassifiseerder "politieke" verbind met 'n subjektiewe naamwoord "spektakel". In voorbeeld 4 word die objektiewe adjektief "economic" gesamentlik met die subjektiewe adjektiewe "harsh, pathetic" gebruik wat weer met die objektiewe naamwoord "reality" verbind word. Die objektiewe vorm "economic" speel ook 'n rol om spesifiek te wees oor spesifiek wát subjektief en evaluerend aangebied word. In voorbeeld 4 dien die frase "Radical Economic Transformation" ook as 'n soortgelyke voorbeeld waar een subjektiewe en een objektiewe adjektief gekombineer word om 'n wesentlike probleem met betrekking tot die ekonomie aan te dui, maar met behulp van "Radical" 'n emotiewe element by te trek en sodoende die leser hoop gee op ware verandering wat voorlê. Op hierdie manier kan die propagandis die ideasionele metafunksie met 'n ekstra betekenislaag gebruik om die leser se vertroue te wen.

5.4.3.2 Subjektiewe vorme

Nie-propaganda

doelbewuste poging	(dat Nkandla) **weelderig** (is)	(the project was) **rushed**	**entire** (upgrade project)
denkbeeldige verhaal	**wit** mense	**sprawling** precinct	**whopping** price

1.	"Hulle het 'n prentjie geskep van 'n kommunis wat **wit** mense nooit sal aanvaar nie…" Teks: *NASIONALE VERGADERING AANVAAR VERSLAG:* "*Stories oor Jacob Zuma en Nkandla is fiksie"*
2.	President Jacob Zuma is expanding his remote family homestead at Nkandla in rural KwaZulu-Natal for a **whopping** price of R65-million — and the taxpayer is footing the largest chunk of the bill. Teks: *Zuma's R65m Nkandla splurge*
3.	"...Why did people have to wait until now to leak the [**so-called top** secret] document?" Teks: *Nkandla's cost: Trapping the mole in the bunker*
4.	Die narratief dat pres. Jacob Zuma 'n korrupte en selfsugtige staatshoof is, is net so **fiktief** soos die apartheidsregering se "Rooi Gevaar"-bangmaakpraatjies. Teks: *NASIONALE VERGADERING AANVAAR VERSLAG:* "*Stories oor Jacob Zuma en Nkandla is fiksie*"

Propaganda

sielsieke toestand	**skokkende** vermorsing	**mischievous** assertions	**whitewashed** Parliamentary Ad Hoc Committee
condescending sewer talk	blacks are **bestial** and **reckless**	**agtergeblewe** ANC-lede	**white** Afrikaner

1.	He never hears the investor confidence-building messages of President Zuma which the **loony** radicals castigate him for. Teks: *Don't undermine Zuma's leadership*
2.	We will continue to work tirelessly to bring South Africa together to achieve the **united**, **non-racial**, **non-sexist**, **democratic** and **prosperous** nation envisaged... Teks: *Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla*
3.	The Electoral Court found the SMS to be **false**, **inaccurate** and in contravention of the Electoral Act and the Electoral Code Teks: *Electoral Court orders DA to retract false accusation against President Zuma*
4.	...Derek Hanekom, a **white**, **white** monopoly capitalist offspring – who is no better than a **vile** dog trained to maul a **black** skin... Teks: *Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*

Wat duidelik in die bostaande voorbeelde rakende die gebruik van subjektiewe vorme na vore kom, is die verskil in geldigheid vir die gebruik van subjektiewe adjektiewe in nie-propaganda en propaganda. In die eerste voorbeeld van elke afdeling word die subjektiewe, nasionale term “wit” of “white” gebruik. Die verskil in gebruik lê daarin dat in die nie-propaganda-voorbeeld, die term nie direk aan die outeur self toegeskryf kan word nie aangesien die outeur die direkte woorde van ’n rolspeler aanhaal. Hierteenoor word “white” in propaganda-voorbeeld 4 doelbewus deur die outeur gekies om sodoende Hanekom se ras as teenstellend tot die saak vir swartmense, duidelik te beklemtoon en sodoende Hanekom te diskrediteer en te stereotipeer. Die tegnieke wat met behulp van hierdie adjektiewe uitgevoer word dra daartoe by om die propagandis se uiteindelike doelwit te bereik.

Tog is daar ook in voorbeeld 3 van die propagandatekste die gebruik van ’n bronverwysing en in voorbeeld 2 van die nie-propagandatekste die subjektiewe term “whopping” wat self deur die outeur gebruik word sonder ’n verwysing na ’n eksterne bron toe. Hier is ook ’n verskil, naamlik dat wanneer die term “whopping” gebruik en binne konteks oorweeg word, die aangeduide R65 miljoen die woordkeuse “whopping” regverdig teenoor voorbeeld 4 van die propagandatekste waar Hanekom as ’n “vile dog” beskryf word sonder geldige verduideliking of regverdiging daarvoor. Dit is verder belangrik om grade van subjektiwiteit raak te sien tussen ’n woord soos “false” of “non-racial” teenoor “vile” wat moontlik toe te skryf is aan die soorte propaganda – naamlik of die teks wit-, grys- of swartpropaganda is – en met ’n teks soos *Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan* as swartpropaganda aan die een kant van die spektrum en ’n teks soos *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records* as witpropaganda aan die ander kant van die spektrum.

Die voorkoms in die aantal objektiewe adjektiewe in beide groepe tekste lyk tot ’n groot mate dieselfde. Hierteenoor is daar byna twee en ’n half keer meer subjektiewe adjektiewe in propagandatekste teenoor nie-propagandatekste. Om duideliker die verskil in subjektiewe adjektiewe te verstaan as ’n ooglopend belangrike propagandawerktuig, kan ’n verdere onderskeid met behulp van die beoordelingsteorie en outeursassosiasie gedoen word.

5.4.4 Waardebeoordelingsteorie en outeursbetrokkenheid

Binne die raamwerk van die waardebeoordelingsteorie en outeursbetrokkenheid – en wat as uitbreiding van Sistemies Funksionele Linguistiek dien – kan die manier waarop sprekers en skrywers hul oordeel uitspreek, verken word (vgl. Hoofstuk 4; 4.2.4). Dit kan gedoen word deur te kyk wat die spreker laat blyk oor ander mense in die algemeen, ander sprekers of skrywers en hulle uitlatings, ander materiële objekte, gebeure en die stand van sake. Binne hierdie raamwerk kan outeursbetrokkenheid aandui hoe sprekers alliansies vorm met dié saam met wie hulle stem en hulself distansieer van dié saam met wie hulle nie stem nie. In vlak 2 van die nie-propaganda-identifiseringsmodel word twee verskillende indekse uitgewys, naamlik binne-teks- en buite-teks-indekse (vgl. Hoofstuk 3; 3.4; 3.8). *Binne-teks*-indekse verwys na egte indekse wat deur een karakter vanuit die teks aan ’n ander toegeken word waarteenoor *buite-teks*-indekse na egte indekse verwys wat direk deur die outeur van buite die teks aan die karakters toegeken word. Die outeur van die teks is daarom minder betrokke by binne-teks-indekse en meer betrokke by buite-teks-indekse.

Die analise wat volg, fokus dus op subjektiewe adjektiewe en dra daartoe by om dit op ’n meer spesifieke vlak van naderby te bekyk.

5.4.4.1 Waardebeoordeling

Die beoordeling van waarde deur die outeur of propagandis kan op drie vlakke plaasvind: affek, oordeel, en waardering. *Affek* behels die outeur se emosies, o*ordeel* verwys na ’n oordeel oor menslike gedrag en *waardering* na die oordeel oor mense self en algemene dinge (vgl. White, 2015).

In geheel en in al drie individuele beoordelingskategorieë is die frekwensie van adjektiewe in propagandatekste hoër as in die nie-propagandatekste met nie-propaganda op 74 trefgevalle (1,18 per 100 woorde) en propaganda op 189 trefgevalle (2,85 per 100 woorde). Vorme van Affek staan op 3 keer (oftewel 0,05 per 100 woorde) in nie-propagandatekste en 13 keer (oftewel 0,20 per 100 woorde) in propagandatekste, Oordeel op 11 keer (0,18 per 100 woorde) in nie-propagandatekste en 31 keer (0,47 per 100 woorde) in propagandatekste, en Waardering in nie-propaganda op 60 keer (0,95 per 100 woorde) teenoor propaganda se 145 (2,19 per 100 woorde).

Op grond van die bostaande getalle sou afgelei kon word dat die outeur of propagandis minder direk hul eie gevoel te kenne gee en eerder gebruik maak van evaluering om sodoende mense se gedrag te kan beoordeel. Dit is by uitsondering dus dat ’n propagandis iets soos die volgende sal sê: “I find it personally *revulsive*” (***P:** Open letter [2017]*) teenoor om eerder sy of haar eie emosie meer ingebed aan te bied.

Waardering, teenoor Oordeel en Affek as voorkeuradjektiefgroep, kan in beide groepe tekste beskou word as hulpmiddel om voorwerpe en mense subjektief te kan beoordeel. Byvoorbeeld: “The ANC condemns the *mischievous* and *downright false* assertions by some political pundits...” (***P:** Public Protector report [2014]*). In hierdie voorbeeld bied Waardering die propagandis ’n hulpmiddel om duidelik die ANC se gevoel oor sogenaamde aannames aan te toon en sonder om té direk op hul emosie te fokus deur van Affek gebruik te maak. Die ANC kan op hierdie manier die klem op hul gevoel en die saak laat val, eerder as meer spesifiek net op hulle gevoel rakende die saak.

Alhoewel die getalle tussen die groepe tekste verskil, is dit ook belangrik om vas te stel hoeveel van hierdie adjektiewe deur die outeur self in die teks gebruik is en hoeveel adjektiewe van elke soort in aanhalings voorkom.

5.4.4.2 Outeursbetrokkenheid

Outeurspesifieke vorme behels taalvorme wat direk aan die outeur of propagandis toegeskryf of met hom of haar geassosieer kan word. Daar kom slegs 31 (0,46 per 100 woorde) outeurspesifieke adjektiewe in die nie-propagandatekste voor teenoor die 158 (2,38 per 100 woorde) keer in propagandatekste. In propagandatekste wil dit voorkom of die propagandis heelwat meer subjektiewe vorme in die teks gebruik om sodoende ’n eie stem tot die teks toe te voeg en ook hiermee saam emosies aan te kan wakker by die leser. Hierteenoor sou sekere subjektiewe vorme in bronverwysings kon voorkom wat daarom nie direk aan die outeur toegeskryf kan word nie, aangesien daar van ’n aanhaling of verwysing gebruik gemaak is. Die gebruik van aanhalings of verwysings beteken wel nie direk dat die outeur nie subjektief in die teks kommunikeer nie. Sekere soorte bronverwysings kan spesifiek deur die outeur of propagandis gekies word om sy of haar saak te steun.

In die nie-propagandatekste word daar 45 keer (oftewel 0,72 per 100 woorde) ’n bronverwysing gemaak en in propagandatekste word daar 31 (0,47 per 100 woorde) keer van bronverwysings gebruik gemaak. Persentasiegewys laat dit nie-propagandatekste op 60,8% en propagandatekste op 16% subjektiewe vorme of waardebeoordelings wat nie aan die outeur of propagandis nie, maar aan ’n eksterne bron toegeskryf kan word. Om te bepaal of die gebruik van subjektiewe vorme verskillend lyk tussen nie-propagandatekste en propagandatekste, word die indelings volgens bron en outeur

gedoen waar *bron* enige vorm van aanhaling of verwysing behels en *outeur* na enige vorm wat direk as gekose gebruiksvorm deur die outeur self in die teks gebruik word.

Die gebruik van bronne deur ’n propagandis kan eerstens ’n soort misbruik van wetenskapsdiskoers as propagandategniek wees om sodoende geloofwaardigheid vir die teks te skep. Die DA haal byvoorbeeld vir Pravin Gordhan, voormalige Minister van Finansies, aan as betroubare gesagsfiguur wanneer hulle ’n saak daarvoor uitmaak dat Zuma wel belasting behoort te betaal: “This sentiment was conveyed by Finance Minister Pravin Gordhan, on 25 February 2014, when he said that: *All South Africans pay tax on their income and fringe benefits, be the person the President or an ordinary worker...*” (***P:** Fringe benefits [2016]*). Deur hierdie betroubare bron in die teks te betrek, vestig die propagandis sy hoop daarop dat hierdie “betroubaarheid” positief op die teks reflekteer en kan daarom ’n soort simboliese oordrag vorm, wat ook ’n propagandategniek is.
Wanneer bronverwysings met mekaar vergelyk word soos wat dit in propaganda en nie-propaganda gebruik word, moet aandag spesifiek aan die aard daarvan geskenk word. In propagandatekste wil dit voorkom of propagandiste bronne gebruik slegs indien die propagandis sodoende ’n teenparty se woorde kan aanhaal (of verdraai) en tot uitbou van sy of haar argument inspan óf wanneer ’n spesifieke bron die outeur se argument steun en die propagandis op hierdie manier die propagandategniek *simboliese oordrag* kan inspan om die geloofwaardigheid van die bron op die teks “oor te dra”.

In nie-propagandatekste maak die outeur meer van direkte aanhalings as in propaganda gebruik wat die ruimte skep dat die bronne meer prominent hulself in die teks verteenwoordig deurdat die outeur meer afstand van die teks kan doen, byvoorbeeld: “Legwabe on Wednesday said the process was not fair, transparent, adequate nor cost effective because "it did not allow other bidders to bid" and "the tender was not advertised". "They had enough time to go for the open tender process. There was a long negotiation period between Moneymine and RBAC," he testified on Thursday.” (***NP:** Ahead of tender [2017]*).

Nie-propaganda

Waardering	**Oordeel**	**Affek**
‘Hush-hush’ project	**regte** ding	**Mad**
alleged misuse	**Onskuldig**	**dangerous** aspect

Bron	**Outeur**
Mad	**dangerous** aspect
korrupte staatshoof	Atul Gupta is **adamant**
Ek pleit **skuldig**	**sprawling** precinct

1.	Die narratief dat pres. Jacob Zuma ’n korrupte en selfsugtige staatshoof is, is net so **fiktief** soos die apartheidsregering se “Rooi Gevaar”-bangmaakpraatjies. Só het ’n senior ANC-LP Dinsdag in die Nasionale Vergadering (NV) gesê. Teks: *NASIONALE VERGADERING AANVAAR VERSLAG: “Stories oor Jacob Zuma en Nkandla is fiksie*”	Waardering	Bron
2.	Jacob Zuma is expanding his remote family homestead at Nkandla in rural KwaZulu-Natal for a **whopping** price of R65-million – and the taxpayer is footing the largest chunk of the bill. Teks: *Zuma’s R65m Nkandla splurge*	Waardering	Outeur

3.	"Doen die **regte** ding," het adv. Glynnis Breytenbach (DA) gesê. Teks: *NASIONALE VERGADERING AANVAAR VERSLAG:* "*Stories oor Jacob Zuma en Nkandla is fiksie*"	Oordeel	Bron
4.	But as it has raised the **toxic** subject of race once again, the scandal has brought South Africa to the brink. Teks: *Zuma no-confidence vote: Will 'the Zuptas' fall in South Africa?*	Oordeel	Outeur
5.	"...That's why this thing makes us so **mad**." Teks: *Nkandla's cost: Trapping the mole in the bunker*	Affek	Bron
6.	This is perhaps the most **dangerous** aspect of "state capture". Teks: *Zuma no-confidence vote: Will 'the Zuptas' fall in South Africa?*	Affek	Outeur

In voorbeelde 1, 3 en 5 gebruik die outeur 'n direkte verwysing van die rolspeler se woorde wat meebring dat die beoordelingswaardes deur middel van subjektiewe vorme nié die outeur se siening verteenwoordig nie, maar dié van die rolspeler wat aangehaal is. In voorbeelde 2 en 6 word die woorde "whopping" en "dangerous" as affektiewe vorm direk deur die outeur gebruik. Wanneer die woord "whopping" as woordkeuse deur die outeur oorweeg word, sou dit tog as 'n kontekstueel-gepaste keuse beskou kon word deurdat die bedrag R65 miljoen hierdie beskrywingswoord regverdig. Die gebruik van die woord "dangerous" in voorbeeld 6 word, binne die aangewese teks, gebruik om die idee van "staatskaping" aan 'n internasionale lesersgroep te kontekstualiseer. Die gebruik van die beoordelende woord "toxic" in voorbeeld 4 kom in dieselfde teks as dié van voorbeeld 6 voor en het 'n soortgelyke, beskrywende funksie wanneer dit binne die groter diskoers rakende ras oorweeg word en dat hierdie onderwerp 'n moeilike en sensitiewe onderwerp is. Beide hierdie vorme word dus direk deur die outeur self gebruik, maar om sodoende 'n prentjie aan die lesers te skets van wat in Suid-Afrika plaasgevind het.

Die teks: *Zuma's R65m Nkandla splurge* bevat die meeste subjektiewe gebruiksvorme in die nie-propagandateksgroep, maar dien as unieke teks in dié dat die outeur van die teks op 'n stadium "oorgee" en sodoende afstand doen en 'n uitgebreide aanhaling van die *Mail & Guardian* se redakteur in die teks opneem. Die oorspronklike outeur onttrek heeltemal en die spreekbeurt, alhoewel ook deur middel van aanhalings, word alleen aan die spreker gegee. In plaas daarvan dat die outeur steeds kommentaar op aanhalings sou kon lewer wanneer direkte rede geïntegreer is, neem die outeur sover moontlik afstand deur 'n hele gedeelte af te staan en die spreker alleen in die teks te laat praat. Die outeur skep sodoende 'n konteks waarteen die subjektiewe stem van die *Mail & Guardian* se redakteur ingevoeg word.

Soos in propagandatekste ook die geval is, kan nie-propagandatekste op 'n skaal geplaas word en kan sekere nie-propagandatekste nader aan die grens tussen hierdie twee teksgroepe val. Binne die groter konteks van die teks *Zuma's R65m Nkandla splurge*, is daar wel 'n unieke situasie wat afspeel (soos Dawes self verduidelik) en die groot deel van die teks wat direk afgestaan word aan die hoofredakteur, begrond. Die *Mail & Guardian*-joernaliste het ondersoek na Nkandla ingestel en vrae aan die presidensie hieromtrent gerig. In plaas daarvan dat die presidensie op hierdie vrae reageer, is daar bloot 'n persverklaring aan alle koerante uitgereik, en slegs 'n kort tyd voor die *Mail & Guardian* hul artikel oor Nkandla kon publiseer. Sodoende, skryf Dawes, is 'n poging aangewend om die impak van die koerant se berig te verminder.

Op ’n verduidelikende manier toon Dawes dus aan dat die koerant die korrekte ondersoekpad wou stap, maar nie samewerking gehad het nie en belig ook sodoende die persverklaring wat deur die presidensie uitgereik is voor die verskyning van die spesifieke berig. Op hierdie manier word die joernalis se storie of berig sodoende deur die redakteur “versterk” en word die verdagtheid van die hele situasie rondom Nkandla aan die leser beklemtoon.

Propaganda

Waardering	**Oordeel**	**Affek**
black skin	**liggelowig**	**links-liberale** geledere
appointed crumb eaters	**corrupt** actions	**sielsieke** toestand

Bron	**Outeur**
Subservient	**farcical** Nkandla Ad Hoc Committee
Deep inequalities	**mischievous** and **downright false** assertions
false information	**snaakse** gewoonte

1.	...and for a mere R 7.8-million rand Zuma could laugh his way to enjoying a **luxurious** homestead that cost the public in excess of R 246-million. Teks: *DA responds to Sunday Times’ Nkandla article; Nkandla: Invoices show Jacob Zuma personally benefitted from palace upgrades*	Waardering	Outeur
2.	The Electoral Court found the SMS to be **false**, inaccurate and in contravention of the Electoral Act and the Electoral Code which prohibit the publishing of false information... Teks: *Electoral Court orders DA to retract false accusation against President Zuma*	Waardering	Bron
3.	...but nevertheless a reflection of a general white mindset that blacks are **bestial** and **reckless**... Teks: *Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*	Oordeel	Outeur
4.	Soos John Perkins in *Confessions of an Economic Hitman* skryf, word alles ingespan om van so ’n **halsstarrige** staatsleier ontslae te raak... Teks: *Mag Zuma nog ’n bietjie uithou*	Oordeel	Outeur
5.	...dit raak immers ons almal, maar veral die geskarrel in links-liberale geledere om tog ’n beter swart kroonprins as die ou “**verdomde** Zuma” te kry. Teks: *Mag Zuma nog ’n bietjie uithou*	Affek	Outeur
6.	I find it personally **revulsive**... Teks: *Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*	Affek	Outeur

Wanneer die oordeelsvorme en affek meer spesifiek vergelyk word tussen die nie-propagandateksteen propagandatekste, kom die verskil in die effek wat met direkte outeursbetrokkenheid bereik kan word duidelik na vore. In voorbeelde 1 asook 3-6 is dit duidelik dat die propagandis adjektiewe gebruik wat semanties meer gelade is en daarom reeds ’n waardeoordeel insluit. Soortgelyk aan nie-propaganda is daar ook subjektiewe adjektiewe wat deur die konteks as akkurate beskrywings kan

dien, byvoorbeeld in voorbeelde 1 en 2. In voorbeeld 1 word die woord “luxurious” gebruik wat ’n gepaste beskrywing vir Nkandla voorstel. In voorbeeld 2 word die bevinding van die Verkiesingshof indirek weergegee wat onder meer aantoon dat die DA se SMS vals was. Alhoewel die bewoording korrek is volgens die uitspraak, kan die inligting in die SMS – naamlik dat Zuma R246 miljoen gesteel het – nie ongekwalifiseerd vals wees nie.

In voorbeeld 3 gebruik die propagandis oordeelsadjektiewe om onderskeidelik swartmense (soos die propagandis veronderstel dat die siening deur Hanekom voorgestaan word) as “bestial” en “reckless” te beskryf. Op hierdie manier gebruik die propagandis disfemisme terugwerkend deur sy eie groepering af te kraak en dit valslik as die siening van die teenparty voor te stel. Sodoende wek die propagandis emosie by die lesers en poog om sodoende steun vir sy saak te wen met die uiteindelike doel om aandag weg van staatskaping af te lei. In voorbeeld 4 word die adjektief “halsstarrig” gebruik. In hierdie geval is dit moontlik dat die propagandis self die term selekteer of dat die term deur John Perkins gebruik is en daarom oorgeneem is deur die propagandis. Ongeag word Zuma as staatsleier steeds deur die propagandis op ’n sekere manier voorgestel.

In voorbeeld 5 word die woord “verdomde” saam met “Zuma” gebruik om die propagandis se gevoel, oftewel negatiewe affek, teenoor Zuma aan die leser duidelik te maak. In voorbeeld 6 gee die propagandis, soortgelyk aan voorbeeld 5, sy gevoel rakende Hanekom en Gordhan wat hul teen Zuma uitgespreek het. Die sterk affekadjektief “revulsive” laat nie twyfel by die leser hoe die propagandis hieroor voel nie en dien as basis vir die uitbou van die res van die teks.

5.4.5 Samevatting

Wanneer die onderskeid tussen subjektiewe en objektiewe adjektiewe gemaak word, is dit belangrik om meer spesifiek op die subjektiewe adjektiewe te fokus as noodsaaklike manier vir die propagandis om sy of haar waardebeoordelings in die teks duidelik te maak. Dit kan gedoen word met behulp van die Waardebeoordelingsteorie as uitbreiding van die Sistemies Funksionele Linguistiek-raamwerk. Elkeen van die onderafdelings, naamlik: Waardering, Oordeel en Affek kan op ’n spesifieke en funksionele manier deur die propagandis gebruik word om die propagandadoel tot vervulling te bring.

Waardering kan gebruik word om iets of iemand op ’n negatiewe manier of op ’n positiewe manier voor te stel deur mense of dinge met behulp van ’n adjektief te beskryf en wat die propagandis se indruk gevolglik aan die leser oordra. Die ding of mens word sodoende op ’n spesifieke manier, soos deur die propagandis beskou, aan die leser voorgestel sodat die leser ook ’n negatiewe of positiewe beeld van die ding of mens vorm. Hierdie adjektiewe kan ’n akkurate beeld van die realiteit weergee, byvoorbeeld “*luxurious* homestead” (***P:*** *Palace upgrades [2016])*) as beskrywend van Zuma se Nkandla-woning. Die verskil tussen ’n soortgelyke gebruik in ’n nie-propagandateks kom neer op die uiteindelike doel van die propagandateks: die gebruik van hierdie tipe subjektiewe vorme word naamlik ingespan om ’n doel te bereik wat in hoofsaak die propagandis dien en nie die ontvanger van die propaganda nie.

Met behulp van Oordeel as waardebeoordelingskategorie, kan ’n propagandis ’n sekere persoon se gedrag op ’n spesifieke manier voorstel – weereens soos wat hy of sy dit graag aan die leser wíl voorstel – met die uiteindelike doel om byvoorbeeld ’n opponent te etiketteer wat weer die effek het om die opponent te diskrediteer en die propagandis en daarmee saam die propagandis se doel in ’n positiewe lig te stel. Edward Zuma se voorstelling van sy direkte opponente, maar ook witmense, as ’n homogene groep wat oor die algemeen dink dat swartmense “bestial and reckless” is, dien as voorbeeld hiervan (***P:*** *Open letter [2017]*).

Die propagandis kan selfs meer direk sy of haar gevoel teenoor iets laat blyk wat die direkte teenwoordigheid van die propagandis se stem duidelik aan die leser maak deur van Affek-vorme gebruik te maak – soos byvoorbeeld wanneer Edward Zuma homself direk met "revulsive" verbind om sy gevoel teenoor Hanekom en Gordhan uit te druk en wat die leser op geen onsekere plek laat oor wat die propagandis dink nie. Die gebruik van meer Affek-vorme moet wel ook verstaan word in die lig van die soort teks waarbinne hulle voorkom, waar 'n propagandis wat byvoorbeeld 'n ope brief of 'n kommentaarstuk skryf, die tekstuele "reg" het om sy of haar gevoelens uit te druk. Die verskil kom in by wanneer die outeur, of dan propagandis, die leser selfs deur hierdie sogenaamde tekssoorte probeer mislei in hoe hierdie elemente saamgestel is om die propagandis se doel te bereik.

Kwantitatief kan bepaal word dat 'n propagandis Waardering bo Oordeel en Affek verkies, moontlik omdat Waardering die propagandis die geleentheid bied om minder direk sy of haar gevoelens weer te gee, maar dit steeds in die teks te kan integreer. Heelwat minder subjektiewe vorme kom ook in nie-propaganda voor, maar die teenwoordigheid van hierdie subjektiewe vorme kan dikwels aan die hand van Outeur-assosiasie verstaan word deurdat sekere vorme direk aan 'n outeur of direk aan 'n bron toegeskryf kan word.

5.4.6 Kollokasies in nie-propaganda en propaganda

Saam met naamwoorde kan adjektiewe gebruik word om in kollokasies op te tree en sodoende 'n eienskap vorm wat meestal met die spesifieke naamwoord verbind word (vgl. Bolinger, 1980:78; Afdeling 5.3). Wanneer die kollokasie-moontlikhede van subjektiewe vorme in propaganda en nie-propaganda oorweeg word, is daar 'n duidelike verskil tussen die verbintenis met 'n naamwoord tussen die twee groepe tekste. In propagandatekste is daar betekeniskonstruksies bestaande uit 'n objektiewe adjektief en 'n objektiewe naamwoord, byvoorbeeld "confidence-building messages". Daar is ook konstruksies bestaande uit 'n subjektiewe adjektief en 'n objektiewe naamwoord, byvoorbeeld "strong opinion" en "thorough analysis", maar in hierdie groep tekste is daar ook adjektief-naamwoord-konstruksies waar beide komponente in die betekeniskonstruksie uit subjektiewe vorme bestaan, byvoorbeeld "constant rubbish", "sielsieke toestand", en "loony radicals".

Die verbintenis tussen 'n subjektiewe adjektief en die naamwoord in die konstruksies is, soos hulle in nie-propagandatekste voorkom, meestal 'n verbintenis tussen 'n objektiewe adjektief en objektiewe naamwoord of 'n subjektiewe adjektief en 'n objektiewe naamwoord. Twee voorbeelde hiervan, naamlik "remote family homestead" en "public institutions", bestaan beide uit objektiewe vorme, maar kollokasies soos "oorweldigende meerderheid", "slight chuckle", "whopping price" en "devastating effect" bestaan uit 'n subjektiewe adjektief en 'n objektiewe naamwoord. Weereens kan hierdie oorvleueling as ooreenkomstig dog verskillend verstaan word: in propaganda word hierdie subjektiewe adjektiewe gebruik ten uitbou van die propagandis se argumentasielyn met 'n spesifieke doel voor oë en word dikwels gebruik sonder 'n regverdigende konteks.

Die ANC gebruik byvoorbeeld "mischievous assertions" (***P:*** *Public Protector report [2014]*) om te verwys na bekommernisse of, volgens die propagandis, aannames by politici en opposisiepartye dat die ANC van plan is om nie gehoor aan die Openbare Beskermer se verslag rakende Nkandla te gee nie. Alhoewel dit so mag wees dat daar byvoorbeeld 'n opposiesieparty met opset gerugte in dié verband versprei het, word die adjektief "mischievous" gebruik om enige bekommernis wat hieroor uitgespreek word, as 'n doelbewuste poging om die ANC te ondermyn, aangetoon. Die gebruik van die kollokasie "ostentatious Nkandla compound" (***NP:*** *Mole in bunker [2012]*) kom in 'n nie-propagandateks voor in aanleiding tot spesifikasies wat rakende Nkandla gegee word. Die outeur verwys onder meer na tien lugversorgde kamers, 'n kliniek, 'n gimnasium en twintig huise vir

sekuriteitswagte. Die gebruik van die adjektief "ostentatious" word regverdig deur die bewyse van die omvangrykheid van die eiendom wat deur die outeur aangebied word.

In die propagandageval word die adjektief dus gebruik om potensiële skuld af te weer wat moontlik selfs 'n rede vorm vir waarom die teks geskryf is. Die propagandis bied, anders as die outeur, nie 'n regverdiging vir die stelling dat die betrokke politici en partye moedswillig is nie. Hierteenoor bied die outeur van die nie-propagandateks 'n regverdiging vir die gebruik van die spesifieke adjektief.

Hierteenoor word die nie-propaganda-adjektiewe (en kollokasies) as beskrywend van 'n sekere situasie aan 'n leser wat nie by die gebeure teenwoordig was nie, gebruik (byvoorbeeld "slight chuckle" waar Zuma die Parlement toespreek) of die adjektief word gebruik, ook ten uitbou van die outeur se argumentasielyn, maar word meestal kontekstueel regverdig (byvoorbeeld "whopping price" word direk opgevolg deur "of R65-million").

Nie-propaganda:

1.	President Jacob Zuma is expanding his **remote family homestead** at Nkandla in rural KwaZulu-Natal for a **whopping price** of R65-million – and the taxpayer is footing the largest chunk of the bill. Teks: *Zuma's R65m Nkandla splurge*
2.	Whole boards of state-owned companies are said to have been sacked and replaced with "Gupta-friendly" candidates. This is perhaps the most **dangerous aspect** of "state capture". It's not only the alleged misuse of billions of rands of public money; the most **devastating effect** may yet prove to be the erosion of trust in **public institutions**. Teks: *Zuma no-confidence vote: Will 'the Zuptas' fall in South Africa?*
3.	Kort daarna het die NV (Nasionale Vervolgingsgesag) die parlementêre ad hoc-komitee oor Nkandla se verslag met 'n **oorweldigende meerderheid** aanvaar. Altesaam 198 parlementslede het vir die aanvaarding van die verslag gestem en 93 het dit verwerp. Teks: *NASIONALE VERGADERING AANVAAR VERSLAG:* "*Stories oor Jacob Zuma en Nkandla is fiksie*"
4.	"Yebo! Firepool. Yes! Firepool!" said Zuma, with a **slight chuckle**. Teks: *Zuma explains Nkandla bond, denies knowledge of Gupta dealings*

Propaganda:

1.	Thus Zuma is liable for income tax on the full value of the improvements made to his Nkandla home. It is our **strong opinion**, based on a **thorough analysis** of the law and supporting documentation that Zuma's tax liability as a result of taxable fringe benefits accrued to him… Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records*
2.	His **constant rubbish** of saying that white Monopoly Capital and Radical Economic Transformation are Bell Pottinger phrases crafted in London… Teks: *Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*
3.	The officials who have gone public with **inaccurate information** must be censored, like the information and description of the swimming pool as the fire pool…

	Teks*: Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla*
4.	Maar omdat linksheid en liberaal-"geit" 'n **sielsieke toestand** is, word die waarheid natuurlik ontken; of as liberaliste dan nou werklik so dom is soos wat ek dink hulle is… Teks: *Mag Zuma nog 'n bietjie uithou*
5.	He never hears the investor **confidence-building messages** of President Zuma which the **loony radicals** castigate him for. Teks: *Don't undermine Zuma's leadership*

Verder kan lang betekeniskonstruksies van adjektiewe, naamwoorde en bepalers in afwisselende verbintenis ook as kenmerkend van veral baie duidelike propagandastukke beskou word. Hierdie konstruksies lyk bruikbaar wanneer 'n propagandis 'n ander party wil etiketteer of polariseer. In hierdie konstruksies kom die funksionele waarde van beoordelingsvorme (*judgement*) duidelik na vore. Die onderstaande konstruksies dien onder meer as voorbeeld van 'n kollokasie tussen 'n adjektief, voorbepaler en (objektiewe en subjektiewe) naamwoord(e): "white, white monopoly capitalist offspring"; subjektiewe adjektief en subjektiewe naamwoord: "vile dog" en 'n langer string bestaande uit 'n voorbepaler, naamwoord, adjektief, adjektief, naamwoord, adjektief, en 'n naamwoord: "minority champion white racist Afrikaner anti-majoritarian sell out". Hierdie soort konstruksies blyk in die spesifieke teks handig te wees om die "groot" leuen wat geassosieer word met swartpropaganda uit te bou, soos in vlak 5 van die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel bepaal word (vgl. Hoofstuk 3; 3.4).

Die propagandis se boodskap word met behulp van hierdie kollokasies van konstruksie-element tot konstruksie-element beklemtoon. Herhaling kom daarom voor in die fyner, samehangende nuanses wat hierdie konstruksies gesamentlik vorm om uiteindelik die propagandis se doel te bereik. Beide leksikale en referensiële kohesie speel daarom 'n belangrike rol daarin om 'n spesifieke idee in 'n teks prominent te maak deur dit met behulp van herhaling te beklemtoon. Edward Zuma gebruik stereotipes rondom ras om Hanekom te etiketteer; deur gebruik te maak van klassifiseerders of beskrywingsadjektiewe, kan die propagandis die teenparty sleg teenoor die leser laat voorkom, maar verál deur reeds bestaande stereotipes te bevestig met behulp van beoordelingsvorme soos in die onderstaande voorbeeld duidelik is:

Propaganda:

1.	It was at the ANC's recent 5th National Policy Conference of the ANC that Derek Hanekom, a **white**, **white monopoly capitalist offspring** – who is no better than a **vile dog** trained to maul a black skin, showed us his **true colours** – and how the struggle of our people has been infiltrated by enemies – the **racist-paternalistic minority**. It was during one of the economic transformation commission sessions that this **minority champion white racist Afrikaner anti-majoritarian sell out** vomited on our **native black people** – the ANC, its comrades, and on our quest to address the economic and the historical land dispossession of our people… Teks: *Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*

5.4.7 Gevolgtrekking

Black (2001:133) verwys tereg na adjektiewe, meer spesifiek "onvasstelbare" adjektiewe, as kenmerkend van propaganda, maar om die term so breed te hou, is problematies aangesien nie-

propagandateksteook talryke adjektiewe bevat. Bolinger (1980:75-76) se meer spesifieke verwysing na adjektiewe wat bevooroordeling dra, is van waarde as ondersoekvertrekpunt, naamlik deur beskrywingsadjektiewe na te gaan, maar dit kom voor of klassifiseerders selfs meer prominent in propagandateksteis. Om die funksionele aspekte van beskrywingsadjektiewe en klassifiseerders in propaganda te verstaan, moet ’n onderskeid tussen objektiewe en subjektiewe vorme getref word aangesien die outeur se subjektiewe doel met behulp van subjektiewe vorme in ’n teks uitgebou kan word.

Ooreenkomste tussen adjektiefgebruik in nie-propaganda- en propagandatekste lê aan die een kant in adjektiewe wat as objektief geklassifiseer kan word deurdat hierdie objektiewe, neutrale vorme nodig is vir die basiese inhoud van beide groepe tekste. Aan die ander kant is daar subjektiewe adjektiewe in beide groepe tekste wat gebruik word as beskrywend van gebeure in realiteit en vanuit die ideasionele metafunksie verstaan kan word, maar dit word op só ’n wyse gebruik dat ’n addisionele betekenislaag naas die gewone referensiële betekenis uitgedruk word. Die hoofverskil binne hierdie soortgelyke vorme kom neer op die uiteindelike hoofdoel van die teks en hoe hierdie vorme bydra om daardie doel te bereik.

Hierdie teksdoelwitte kan bereik word deur byvoorbeeld subjektiewe adjektiewe in propagandatekste te gebruik wat ander propagandategnieke in die teks inweef. Deur Hanekom byvoorbeeld as ’n “anti-majoritarian sellout” voor te stel, kan die propagandis ’n negatiewe beeld van sy teenparty by die leser skep en sodoende ondersteuning vir sy standpunt werf. Adjektiewe kan daarom met gemak gebruik word om met behulp van beskrywing en klassifisering, ’n teenparty te etiketteer (vgl. Bolinger, 1980:75, 79). Dit is voorts belangrik om nasionale vorme te identifiseer wat ook as subjektiewe vorme, veral in die hand van die propagandis, ingespan kan word. Alhoewel Bolinger (1980:79) naamwoorde as ’n meer prominente nasionale vorm uitlig, moet adjektiewe nie in geheel oor die hoof gesien word nie.

Subjektiewe vorme kom wel in beide propaganda en nie-propaganda voor en vra daarom vir ’n meer spesifieke onderskeid tussen die soorte beoordelingsvorme waarvan ’n outeur gebruik sou kon maak om veral disfemisme te bewerkstellig, onder meer deur emosioneelgelade, subjektiewe adjektiewe te gebruik. ’n Propagandis kan byvoorbeeld met behulp van Waarderingsvorme sekere sake, entiteite of persone in ’n positiewe of negatiewe lig stel. Deur van Oordeelsvorme gebruik te maak, kan die propagandis ’n persoon etiketteer deur ’n negatiewe eienskap direk aan hom of haar toe te skryf. Indien ’n propagandis direk in ’n teks wil betrokke raak, kan hy of sy kommentaar lewer met behulp van ’n Affektiewe vorm en op dié manier sy of haar gevoel teenoor ’n persoon duidelik maak.

Die gebruik van beoordelingsvorme in nie-propaganda en propaganda kan slegs korrek verstaan word indien ’n onderskeid tussen vorme wat voorkom as deel van ’n bronverwysing onderskei kan word van vorme wat self deur die outeur gekies is om in die teks te voeg. Wanneer sake rakende Zuma as “fiktief” in ’n nie-propagandateks beskryf word, kan die subjektiewe gebruiksvorm, wat selfs gebruik kan word om defleksie te bewerkstellig, aanvanklik toegeskryf word aan die outeur van die teks. Maar by verdere analise word dit duidelik dat “fiktief” voorkom in ’n bronverwysing en daarom nie aan die outeur van die teks toegeskryf kan word nie, maar aan die persoon wat aangehaal word. Karakters wat in die vorm van bronverwysings indekse aan ander karakters toeken, of die outeur self wat aan karakters indekse toeken, sluit aan by vlak 2 van die nie-propaganda-identifiseringsmodel waar egte indekse onderskei word as binne-teks- en buite-teks-indekse. Talig speel hierdie soort indekse uit in die vorm van evaluerende taal en wie daardie taal gebruik of toeken. Egte indekse kan gebruik word om sekere eienskappe aan ’n karakter toe te ken, maar laat genoeg speling vir die propagandis om die

karakter aan die teikengehoor bekend te stel soos wat hy of sy wil hê die teikengehoor die betrokke karakter moet sien. Informatiewe, hierteenoor, kan gebruik word om ’n karakter aan die leser te informeer, of dan, bekend te stel met behulp van neutraler stukke inligting. Informatiewe sou daarom eerder weer deur objektiewe, neutrale taal in ’n teks realiseer.

Bronverwysings kom wel ook in propaganda voor, maar met ’n ekstra doel as om bloot verslag te lewer. Dit wil voorkom of die gebruik van ’n bronverwysing in propaganda hoofsaaklik is om simboliese oordrag te bewerkstellig, naamlik dat ’n gesaghebbende bron se betroubaarheid op die teks oorgedra word deur te kan aantoon dat die bron se argument die propagandis se argument staaf. Dit mag wees dat ’n propagandis wetenskaps- of mediadiskoers naboots deur middel van die aanhaal van gesagvolle bronne in die teks. Hierteenoor kan ’n propagandis die aanhaal van ’n bron ook gebruik wanneer die bron ’n teenparty van die propagandis is, en die propagandis die aanhalings van die teenparty op so ’n manier wil kontekstualiseer dat die propagandis sy of haar argument so goed as moontlik kan uitbou as teenreaksie op die teenparty.

Deur gekombineerde betekeniskonstruksies tussen beskrywingsadjektiewe en klassifiseerders, bepalers en naamwoorde te gebruik, kan herhaling en beklemtoning as propagandategnieke gebruik word. Black (2001:133) verwys na onvasgestelde of onvasstelbare adjektiewe as kenmerkend van propaganda. Indien Black bedoel dat die adjektiewe wat gebruik word, algemeen en onspesifiek is, kom die teenoorgestelde voor deurdat adjektiewe baie noukeurig en spesifiek gekies word.

5.5 Werkwoordgroep

Binne die werkwoordgroep word die volgende afdelings hanteer: ’n Analise van werkwoorde word gedoen deur objektiewe en subjektiewe werkwoorde van mekaar te skei. Hierna word modale hulpwerkwoorde bepaal deur op die twee mees frekwente modale werkwoorde in onderskeidelik die Engelse en Afrikaanse tekste te fokus.

5.5.1 Werkwoorde

Werkwoorde kan as evaluerende taal nagegaan word, maar is volgens Bolinger (1980:80) in vergelyking met naamwoorde en adjektiewe, dié groep wat die minste ontvanklik is vir vooroordele. Sekere propagandategnieke kan vooruitskouend in die gebruik van werkwoorde geantisipeer word. By werkwoorde of werkwoordfrases kan oordrywing voorkom. Met bepaalde werkwoorde kan die aksie in geheel oordryf word. In die teks *Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan* kom daar heelwat voorbeelde hiervan voor. Die aangeduide werkwoorde dui baie spesifiek die manier waarop die outeur die aksie aan die leser wil voorstel aan: 1. “...who is no better than a vile dog <u>trained</u> to <u>maul</u> a black skin...”; 2. “...how the struggle of our people has been <u>infiltrated</u> by enemies...”; 3. “...this minority champion white racist Afrikaner anti-majoritarian sell out <u>vomited</u> on our native black people...”. Deur Hanekom byvoorbeeld as ’n hond voor te stel wat opgelei is om swartmense letterlik aan stukke te skeur gee duidelik aanleiding tot die gebruik van metafore.

Met behulp van subjektiewe werkwoorde kan die propagandis klem lê op ’n sekere gevoel wat die propagandis wil oordra. Modale word gevolglik afsonderlik nagegaan en bespreek.

5.5.2 Objektief teenoor subjektief

Ook by werkwoorde is daar verskillende moontlikhede vir ’n outeur om van te kies waarvan sekere werkwoorde bloot neutraal-beskrywend is en ander die outeur die geleentheid bied om subjektiewe oordeel in die woord te integreer (vgl. Bolinger, 1980:80). Laasgenoemde dien dikwels as ’n handige

hulpmiddel vir ’n propagandis om baie spesifieke idees rakende gebeure of mense aan die leser oor te dra (vgl. Bolinger, 1980:80). By werkwoorde sou evaluerende werkwoorde verstaan kon word as werkwoorde wat ’n proses of handeling geïntensiveerd aanbied om sodoende reeds die gebruiker daarvan se evaluering en waardeoordeel daaroor in te sluit (vgl. Hoofstuk 4; 4.2.2.2). Die woord “splurge” (***NP:*** *R65m splurge [2009]*) dui byvoorbeeld ’n spesifieke manier waarop geld spandeer is aan, naamlik in oormaat, teenoor ’n woord soos “spend” (***NP:*** *Mole in bunker [2012]*) wat slegs die basiese aksie van geld uitgee aandui.

Objektiewe vorme

Nie-propaganda

parked outside	narratief **geskep**	**revealed** details	**postponed** proceedings
launched an internal investigation	**Respond**	**become** very close	**Mentioned**

1.	“Why should I have a view about if it must be **investigated** or not?” Teks: *Zuma explains Nkandla bond, denies knowledge of Gupta dealings*
2.	Singh **sê** die steun vir die mosie beteken nie die IVP glo Zuma is onskuldig nie. Teks: *Nkandla: wat nou?*
3.	…which has played a crucial role in unveiling the murky interactions between the family and the Zumas by **publishing** “the Gupta leaks”. Teks: *Zuma no-confidence vote: Will ‘the Zuptas’ fall in South Africa?*
4.	Jacob Zuma appointed construction company Moneymine Enterprises long before the Department of Public Works was **involved** in the Nkandla tender process... Teks: *Zuma appointed construction company ahead of tender process – Nkandla hearings*

Propaganda

the state must **pursue**	**Repays**	deviations **found**	**paved** walkways
miljarde... **gemaak** het	**Awaits**	who **thinks**	**Saying**

1.	Mkhabela says all this and more to support the argument that President Jacob Zuma “should **consider withdrawing** from publicly commenting on the economy…” Teks: *Don’t undermine Zuma’s leadership*
2.	I have written to the Speaker today to request that she write to Zuma on behalf [of] Parliament to **ask** him to explain his previous verbal and written correspondence Teks: *DA responds to Sunday Times’ Nkandla article; Nkandla: Invoices show Jacob Zuma personally benefitted from palace upgrades*
3.	The SMS, to be **sent** at the DA’s cost, is to be worded as follows... Teks*: Electoral Court orders DA to retract false accusation against President Zuma*
4.	Elke kabinetsminister kan vir homself nóg ’n Nkandla **bou**... Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*

Wat objektiewe werkwoorde betref kom daar ongeveer een meer objektiewe werkwoord per 100 woorde in nie-propaganda voor as in propaganda met nie-propaganda op 340 keer (synde 5,41 keer per 100 woorde) en propaganda op 296 (oftewel 4,46 keer per 100 woorde).

Die objektiewe vorme van werkwoorde vertoon soortgelyk aan naamwoorde se objektiewe vorme aangesien die keuses wat die outeur of propagandis in hierdie verband uitoefen, om tematiese en semantiese redes is. Die gebruik van objektiewe vorme dien as die generiese en noodsaaklike gebruiksvorme in die teks en oor die woordgroepe heen en is daarom ongemerkte vorme. Hierdie vorme vervul die eksperiënsiële funksie in die teks en lyk daarom soortgelyk in nie-propaganda- en propagandateksteks. In beide teksgroepe se voorbeeld 1 kom objektiewe werkwoorde in direkte aanhalings voor wat daarom nie aan die outeur toegeskryf kan word nie, maar nie regtig 'n verskil meebring in interpretasie van die teks soos subjektiewe vorme sou kon nie.

Aangesien die tekste na dieselfde basiese gebeure verwys, kan ten minste gedeeltelike ooreenkoms of soortgelykheid te wagte wees.

Subjektiewe vorme

Nie-propaganda

splurged	**refused** to approve	Atul Gupta **confesses**	**robbing** us
komitee te **sink**	deur die ANC **gekelder**	kontrakteurs en staatsamptenare moet **boet**	a public outcry **erupted**

1.	"…they do not **torpedo** us by releasing press statements to our competitors before we can publish." Teks: *Zuma's R65m Nkandla splurge*
2.	Within the governing ANC, some are **disgusted** at the scandal surrounding their leader and have said they are facing a campaign of intimidation… Teks: *Zuma no-confidence vote: Will 'the Zuptas' fall in South Africa?*
3.	"Hulle het 'n prentjie geskep van 'n kommunis wat wit mense nooit sal aanvaar nie, wat die land sal **vernietig**." Teks: *NASIONALE VERGADERING AANVAAR VERSLAG: "Stories oor Jacob Zuma en Nkandla is fiksie*"
4.	On election day this year former Nigerian president Olusegun Obasanjo – in the country as an election monitor – **popped** into Zuma's home after a helicopter flight. Teks: *Zuma's R65m Nkandla splurge*

Propaganda

maul a black skin	radicals **castigate** him	deeply **harbours**	**gedoem**
infiltrated by enemies	**woo** voters	**steal** the elections	**verslaan** sal word

1.	…that this minority champion white racist Afrikaner anti-majoritarian sell out **vomited** on our native black people – the ANC, its comrades, and on our quest… Teks: *Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*
2.	It is unacceptable that Zuma can be allowed to **trample** on the institution of Parliament...

	Teks: *DA responds to Sunday Times' Nkandla article; Nkandla: Invoices show Jacob Zuma personally benefitted from palace upgrades*
3.	Intussen **baljaar** die perstitute van Media 24 met al die onthullings van agtergeblewe ANC-lede en ander mismaaksels… Teks: *Mag Zuma nog 'n bietjie uithou*
4.	This judgement is proof of the many lies that the DA tells about the ANC to the people of South Africa to **mask** that they have nothing to offer the electorate... Teks*: Electoral Court orders DA to retract false accusation against President Zuma*

Wat subjektiewe werkwoorde betref, is daar 'n klein verskil van 0,08 keer per 100 woorde tussen die teksgroepe met 'n hoër frekwensie in propagandatekste: Nie-propagandatekste staan op 10 (0,16 keer per 100 woorde) en propagandatekste op 16 (0,24 keer per 100 woorde). Hierdie klein verskil tussen die teksgroepe sou in sekere gevalle moontlik kon vra vir 'n verdere analise volgens die werkwoordstuk aangesien sekere werkwoorde nie in isolasie subjektief vertoon nie, maar in die groter konstruk subjektief bedoel word.

Nie-propaganda

Gedurende die bespreking word die opgesluite, semantiese betekenis van die subjektiewe werkwoordvorm in blokhakies [ ] aangedui en verduidelik. In voorbeeld 1 van propagandatekste word die woord "torpedo" deur Nic Dawes gebruik om te verduidelik wat die Presidensie se bedoeling was met die vrystel van 'n persverklaring oor Nkandla net voor die *Mail & Guardian* se druktyd nadat die Presidensie nie die *Mail & Guardian* se vrae beantwoord het nie. In die teks *Zuma's R65m Nkandla splurge* word die laaste gedeelte as 'n soort meningstuk gebruik, maar dien ook as raam om aan die leser die situasie te belig. Die woord "torpedo" [doelgerigte aanval met die doel om tot niet te maak] kan as 'n oordrywing dien om die situasie te beklemtoon en kan indirek die leser se ontsteltenis aandui. Hier sou ook metaforiese inligting van 'n oorlog na vore kon kom. Soos vroeër by objektiewe vorme aangedui is, is daar sekere potensiële "propagandategnieke" wat in 'n meningstuk 'n ander kleur kry omdat die outeur direk verantwoordelikheid vir die teks neem en die uitwerking van die teks nie slegs vir die outeur voordeel inhou nie, al sou die outeur – of dan propagandis – self wou glo dat dit nie doen nie (vgl. die propagandatekste: *Mag Zuma nog 'n bietjie uithou* en *Nkandla: Die ware skuldiges*).

Alhoewel soortgelyke terme die bespreekte teks nader aan die grens van propagandatekste kan plaas, is dit moontlik om hierdie ooreenkomste raak te sien op grond van ooreenkomstige eienskappe, maar nie die soortgelyke gebruik van tegnieke nie. In voorbeeld 2 van nie-propagandatekste word die woord "vernietig" [aanval met die doel om tot niet/niks te maak] gebruik wat in 'n soortgelyke oorhoofse semantiese kategorie as die woord "torpedo" val. Die woord word gebruik deur Breytenbach en word gebruik om die idee van Zuma as 'n potensieel negatiewe invloed in die land voor te stel en as ongeloofwaardig te laat voorkom. Die werkwoord word op hierdie manier ook deel van 'n groter poging om te deflekteer.

In voorbeeld 3 van nie-propagandatekste word die woord "disgusted" gebruik om die gevoel van sommige van die ANC-lede vas te vang. "Disgusted" [uiterste vorm van afkeur] kan moontlik deur die outeur gebruik word om aan 'n internasionale gehoor oor te dra dat nie alle lede van die ANC deel vorm van staatskaping of dit goedkeur nie, maar die teendeel beleef. Alhoewel die term "disgusted" nie noodwendig in die verwagte mediadiskoers verwag of selfs aanvaarbaar is wanneer die outeur dit gebruik nie, skep die term tog 'n goeie beeld aan lesers van 'n situasie wat hulle nie self beleef nie.

In voorbeeld 4 gebruik die outeur die werkwoord "**popped** into" [vinnige besoek aan vriende] wanneer genoem word dat die voormalige Nigeriese president vlugtig by Zuma aan huis gegaan het gedurende die verkiesingstyd. Hierdie voorbeeld word gebruik ter bevestiging van die *Mail & Guardian* se verstaan dat Nkandla nuwe fasiliteite benodig vir baie belangrike gaste en dat soortgelyke besoeke in die toekoms verwag word. Dit wil wel voorkom of die werkwoord "**popped** into" deur die outeur geselekteer is om 'n informele verhouding te suggereer tussen Zuma en sy kollegas.

Die idee van informaliteit word beklemtoon in die lig van wat normaalweg sou gebeur wanneer een staatshoof en ander belangrike gaste werklik 'n president sou besoek deur by sy of haar privaat woning en per helikopter aan huis te gaan. Dit lyk of hierdie soort suggestielating van skuld as 'n manier sou kon dien om inkonsekwentheid uit te wys en hierdie "tegniek" is daarom nie noodwendig 'n propagandategniek nie. Deur middel van jukstaponering laat die outeur 'n suggestie van ongeloofwaardigheid by die leser met die doel om die Nkandla-saak se algehele ongeloofwaardigheid te beklemtoon. Die suggestielating is daarom anders as in 'n propagandateks waar 'n suggestie van skuld gelaat word, dikwels by 'n party wat juis onskuldig is, net om uiteindelik die aandag van die propagandis se ware skuld weg te lei. Hierdie voorbeeld dien wel as bevestiging daarvan dat sekere grense tussen nie-propaganda en propaganda nie altyd sekuur aangedui kan word nie, maar 'n mate van oorvleueling vertoon.

Die gebruik van subjektiewe werkwoorde kan, ter samevatting, dikwels deur die situasie wat dit beskryf, regverdig word. Dit beteken nie dat outeurs van nie-propaganda nie op hulle hoede moet wees vir die gebruik van tegnieke wat soortgelyk is aan propaganda nie. Waar dit wel lyk of tegnieke soortgelyk aan propagandategnieke gebruik is, is aanhalings soms gebruik waar voorbeeld 1 se aanhaling die aanhaling van 'n meningstuk is met 'n agenda wat nie alleenlik vir die outeur daarvan voordeel inhou nie en voorbeeld 3, 'n aanhaling van 'n Zuma-gesinde minister. Al die subjektiewe woorde kan semanties uiteengesit of herkonstrueer word aangesien hierdie woorde nie meer op 'n neutrale vlak 'n funksie vervul nie, maar op 'n vlak waarbinne die outeur se gevoel duidelik weerspieël word. Soos in voorbeeld 1 aangedui is, kan sekere subjektiewe vorme duidelike metaforiese materiaal vertoon.

Propaganda

In voorbeeld 1 van propagandatekste gebruik die propagandis 'n reeks disfemistiese vorme, naamlik *minority champion white racist Afrikaner anti-majoritarian sell out* waarna die gebruik van die werkwoord "vomited" [naarword/opbring met kru konnotasie] 'n sogenaamde kersie op die disfemisme-koek plaas. Deur die gebruik van 'n kru-geassosieerde woord poog die propagandis om ook emosie by die leser te ontketen. Met die verwysing in die teks na 'n "vile dog" sou die gebruik van die woord "vomited" moontlik ook gekies kon word om die spesifieke idee van dierlikheid te beklemtoon wat meer met behulp van metaforiese materiaal gedoen kan word. Bolinger (1980:79) noem die belangrikheid van die saamgebruik van sekere werkwoorde en naamwoorde wat na aanleiding van die bostaande voorbeelde as belangrik voorkom.

Wanneer in ag geneem word wat in Suid-Afrika gebeur het met betrekking tot Zuma, sou die woord "trample" [vertrap] in voorbeeld 2 tog as 'n goeie beskrywing kon dien van wat wel gebeur het en daarom nie noodwendig 'n woord is wat gebruik word sonder enige waarde nie. Tog word die woord "trample" heel moontlik wel gebruik om emosie by die leser te wek: negatiewe emosie teenoor Zuma en die stand van sake op daardie oomblik en, daarmee saam, hoop op die DA vir moontlike uitkoms. Die gebruik van subjektiewe woorde in propaganda is nie noodwendig altyd onakkurate beskrywings nie, maar werk mee om propagandategnieke te skep wat die groter doel van die propagandis dien.

Die gebruik van “trample” sou ook moontlik die idee van dierlikheid na vore kon bring wat, soortgelyk aan voorbeeld 1, die potensiaal vir metaforiese materiaal skets.

In voorbeeld 3 wil dit voorkom of die propagandis die woord “baljaar” [met uitbundigheid speel] te same met “perstitute” gebruik om disfemisme te bewerkstellig (teenoor Media 24), maar ook om verder die ANC in ’n slegte lig te plaas. Dit lyk of die propagandis met die woord “baljaar” van ’n oordrewe vorm gebruik maak sonder om die regverdigheid daarvan aan te dui en eerder die werkwoordvorm gebruik om sy eie gevoel oor te dra. In voorbeeld 4 word die woord “mask” [verberg met die doel om voor te gee] gebruik as ’n soort beskuldiging dat die DA leuens vertel om sodoende aan die kiesers voor te gee dat hulle (die DA) niks het om te bied nie. Op hierdie manier word defleksie ook bewerkstellig deurdat die aandag op die DA geplaas word en dat die uitgewysde probleem nie aangespreek word nie. Die idee van versluiering sluit ook by die gebruik van metafore aan en kan gebruik word om die negatiewe eienskap wat aan die DA toegeskryf word, met behulp van ’n duidelike beeld te beklemtoon.

Samevattend kan die subjektiewe vorme van werkwoorde in propaganda binne die groter konteks metafories gebruik word om spesifiek ook emosie by die leser te skep. Die gebruik van onder andere subjektiewe werkwoordvorme is nie altyd sonder regverdiging nie en beskryf ’n situasie akkuraat. Die verskil is dat hierdie vorme dikwels gebruik word om op die ou end sekere propagandategnieke te vervul wat weer dienend tot die uiteindelike doel van die propagandateks is. Wanneer subjektiewe vorme sonder regverdiging gebruik word, kan hierdie vorme gebruik word met die doel om disfemisme as propagandategniek te implementeer wat weer tot ander tegnieke kan lei soos om te deflekteer. Dit sou moontlik wees om sekere werkwoorde wat losstaande as objektief geklassifiseer is, met behulp van die werkwoordkollokasies waarbinne hierdie werkwoorde voorkom, as subjektief te verstaan.

By die gebruik van subjektiewe werkwoorde kan propagandategnieke soos disfemisme gebruik word met behulp van oordrewe vorme. Die subjektiewe aard van werkwoorde kan aan die hand van die volgende verstaan word: 1. Konvensionele konnotasie en waardeoordeel, 2. Die insluit van adverbiale (en modale) deur van interpersoonlike of beoordelende betekenis gebruik te maak, en 3. Metaforiese verskuiwing buite die grens van die gekonvensionaliseerde metaforiese gebruik. Werkwoorde kan daarom gekies word volgens die semantiese lading daarvan wat in die woord self opgesluit lê. Dit is wel ook moontlik dat ’n subjektiewe adverbium (en selfs subjektiewe modaal soos volgende bespreek word) te same met ’n subjektiewe werkwoord gebruik sou kon word om die spesifieke subjektiewe betekenis wat die propagandis wil gebruik, te beklemtoon. Subjektiewe werkwoorde kan ook gekies word om met behulp van metaforiese materiaal, wat buite die grens van die gekonvensionaliseerde metaforiese gebruik val, te beklemtoon.

5.5.3 Modale hulpwerkwoorde

Die Finiete element het die funksie om ’n proposisie “finiet” of eindigend te maak (Halliday & Matthiessen, 2004:115). Deurdat ’n spesifieke, gestolde oomblik geïdentifiseer word, raak dit moontlik dat die proposisie beargumenteer kan word (Halliday & Matthiessen, 2004:115). Die proposisie word daarom met behulp van die finiete element in verhouding tot die konteks daarvan in die uiting geplaas (Halliday & Matthiessen, 2004:115). Hierdie proses kan op twee maniere uitgevoer word: die eerste is deur verwysing na die tyd van uiting (bv. die oom *het* oor die straat geloop) en die ander is deur verwysing na die spreker se oordeel (bv. Dit *kan* nie wees nie!) (Halliday & Matthiessen, 2004:115). Die tweede instansie word *modaliteit* genoem (Halliday & Matthiessen, 2004:115).

’n Proposisie of voorstel kan beargumenteer word deurdat dit geassesseer word met inagneming van of met verwysing na die graad van waarskynlikheid of verpligting wat daarmee geassosieer word (Halliday & Matthiessen, 2004:116). Beide die verwysings, tyd en modaliteit, het interpersoonlike deiksis in gemeen: beide plaas die uitruiling binne die semantiese ruimte wat oopgemaak word deur die spreker en die luisteraar (Halliday & Matthiessen, 2004:116). Met modaliteit behels die dimensie assessering. Modaliteit konstrueer ’n omgewing van onsekerheid waar een persoon kan uitdruk of ’n ander kan vra om ’n assessering van die betroubaarheid van dit wat gesê is, te gee (Halliday & Matthiessen, 2004:116). Finietheid word daarom met behulp van ’n werkwoordelement, wat óf temporeel óf modaal is, uitgedruk (Halliday & Matthiessen, 2004:116).

Modale neem die rol van ’n hulpwerkwoord in en word in ’n werkwoordgroep deur ’n infinitiewe werkwoord gevolg (Biber *et al.*, 2000:483). Op ’n basiese vlak kan modale gebruik word om tyd aan te dui en in die spesifieke geval van “will”, om toekomstige tyd aan te dui, byvoorbeeld *There **will** be no outcry...* (Biber *et al.*, 2000:484). Modale kan hoofsaaklik in drie kategorieë verdeel word volgens hul hoofbetekenisse: 1. toestemming/moontlikheid/vermoë, 2. verpligting/noodsaaklikheid, en 3. vrye wil/voorspelling (Biber *et al.*, 2000:485). In die geval van die spesifieke voorbeelde “must” en “moet” is kategorie 2 (*verpligting/noodsaaklikheid*) belangrik en in die geval van die voorbeelde “will” en “sal” is kategorie 3 (*vrye wil/voorspelling*) belangrik (vgl. Biber *et al.*, 2000:485). “Sal” en “will” kan dikwels geassosieer word met verskillende soorte vooruitskouing en “will” met vrye wil (Conradie, 2018; Biber *et al.*, 2000:478). By die gebruik van die Afrikaanse modaal “moet”, is dit belangrik om die vorm as modaal vir opdragte en versoeke te verstaan (vgl. Wasserman, 2016:33-34).

Elke modaal kan twee verskillende soorte betekenisse hê, naamlik intrinsieke (deontiese) en ekstrinsieke (epistemiese) betekenisse (Biber *et al.*, 2000:485). Intrinsieke modaliteit verwys na die aksies en gebeure wat mense (of ander agente) direk beheer: betekenisse met betrekking op toestemming, verpligting, vrye wil of intensie (Biber *et al.*, 2000:485).

> Voorbeeld 1: *You **can’t** mark without a scheme. You **must** make a scheme.* [verteenwoordig verpligting] (Biber *et al.*, 2000:485). Voorbeeld 2: *Hy **moet** sy huis verkoop om sy onkostes te dek.* (Conradie, 2018).

Ekstrinsieke modaliteit verwys na die logiese status van gebeure of toestande, en verwys gewoonlik na moontlikheid, noodsaaklikheid of voorspelling (Biber *et al.*, 2000:485).

> Voorbeeld 1: *You **must** have thought that you **must** have so much time.* [verteenwoordig noodsaaklikheid] (Biber *et al.*, 2000:485). Voorbeeld 2: *Sy is afwesig en **moet** seker ongesteld wees.*

Conradie (2018) wys uit dat epistemiese modale ’n subjektiewe assessering van die waarskynlikheidsgraad bied dat die proposisie wat gemaak word deur die leksikale projeksie van die ingebedde werkwoord, waar is. Epistemiese modaliteit is ’n oorkoepelende funksie waarbinne modale waardes deur ’n spreker ontplooi word vir hiérdie doel (Conradie, 2018). By die modaal “sal”/“sou” (“will”/“would”) is daar ’n fyn lyn tussen die gebruik van ’n modaal as intrinsiek of ekstrinsiek en daarom vorm die vasstel van die spreker se kommunikatiewe intensie ’n baie belangrike deel wanneer daar tussen die betekenisvorme besluit moet word (Conradie, 2018).

Op ’n strukturele vlak is daar twee tipies strukturele, modale werkwoord-korrelate met intrinsieke betekenisse: a) die Subjek van die werkwoordfrase verwys gewoonlik na ’n mens as agent van die hoofwerkwoord, en b) die hoofwerkwoord is gewoonlik ’n dinamiese werkwoord wat ’n aktiwiteit of gebeurtenis wat beheer kan word, beskryf (Biber *et al.*, 2000:485). Hierteenoor kom modale werkwoorde met ekstrinsieke betekenisse gewoonlik by nie-menslike Subjekte en/of hoofwerkwoorde met statiewe betekenisse voor (Biber *et al.*, 2000:485).

Algemene voorbeelde

Nie-propaganda

1.	“Why should I have a view about if it must be **investigated** or not?” Teks: *Zuma explains Nkandla bond, denies knowledge of Gupta dealings*
2.	Singh **sê** die steun vir die mosie beteken nie die IVP glo Zuma is onskuldig nie. Teks: *Nkandla: wat nou?*

Propaganda

1.	Mkhabela says all this and more to support the argument that President Jacob Zuma “should **consider withdrawing** from publicly commenting on the economy…” Teks: *Don’t undermine Zuma’s leadership*
2.	I have written to the Speaker today to request that she write to Zuma on behalf [of] Parliament to **ask** him to explain his previous verbal and written correspondence Teks: *DA responds to Sunday Times’ Nkandla article; Nkandla: Invoices show Jacob Zuma personally benefitted from palace upgrades*

Alhoewel die veronderstelling nie is dat modale hulpwerkwoorde slegs aan bronverwysings of propaganda gekoppel kan word nie, is die gebruik van die objektiewe werkwoorde in verbinding met ’n modale hulpwerkwoord iets om te oorweeg. Die modale hulpwerkwoord (sien onderstreping in voorbeelde 1) gee aan die objektiewe werkwoorde ’n bepaalde semantiese kleur wat self subjektief kan wees.

In voorbeeld 1 van nie-propagandatekste gebruik Zuma twee modale hulpwerkwoorde: eers “should” en daarna “must” saam met die werkwoord. Deur die minder vaste veronderstelling “should” te gebruik, water Zuma sy klaarblyklike verpligting af om ’n mening oor die Guptas se beweerde bedrogsake te gee. Die gebruik van “must” saam met die werkwoord bied nie noodwendig nuwe betekenis tot “investigated” nie, maar vorm deel van die proses om die parlementêre vraag te beantwoord. In voorbeeld 1 van propagandatekste word “should” weer in ’n aanhaling gebruik. Hier word die minder voorskrywende “should” eerder as “must” deur Mkhabela ingespan om sodoende ’n diplomatiese stelling te maak deur aan te dui dat Zuma dit behoort te oorweeg om hom aan openbare kommentaar rakende die ekonomie te onttrek. In hierdie aanhaling word die idee van ’n versagte aanslag versterk deur die dubbele gebruik van werkwoorde, te wete “consider withdrawing”.

Dit is wel moontlik dat Mkhabela se werkwoordkeuses die produk van eufemisme as propagandategniek kan wees. Die redes waarom dit tog nie as ’n propagandategniek gereken word nie, maar eerder as iets soos “diplomasie”, is omdat die stelling nie gebruik word om iets weg te steek of uiteindelik tot eie gewin nie en aangesien die aanhaling vanuit ’n meningstuk kom. Verder sou die ongenuanseerde alternatief as maatstaf vir diplomasie gebruik kon word, naamlik: *must withdraw*.

In die objektiewe werkwoorde is daar nie ekstra inligting te verkry buiten vir die neutrale vorm wat die aksie beskryf nie. In beide groepe tekste se voorbeelde 2-4 is die werkwoord die "basiese" voorstelling van die aksie, byvoorbeeld in voorbeeld 2 van nie-propagandatekste staan die werkwoord "sê" nie vir sê op 'n spesifieke manier nie, maar slegs vir 'n "normale" manier van verbale kommunikasie en nie byvoorbeeld "skree" of "gil" nie. In voorbeeld 2 van propagandatekste kom dieselfde voor, naamlik die gebruik van die werkwoord "ask". Die werkwoord funksioneer weereens op 'n normale manier van vra en nie op 'n spesifieke manier soos byvoorbeeld in die sin van "aandring" nie.

Soms kan die gebruik van modale hulpwerkwoorde 'n invloed op die semantiese waarde van 'n objektiewe werkwoord hê wat dit 'n subjektiewe kleur kan gee. Soms lyk dit of propagandatekste, in hierdie geval in 'n bronverwysing, voorkom, maar wanneer die aard van die teks oorweeg word en die vorme wat gebruik is, kan die gebruik van sekere woorde as gepaste teksnuanses eerder as propagandategnieke beskou word.

Spesifieke voorbeelde

Die totale aantal modale in propagandatekste staan op 121 (1,77 per 100 woorde) en in nie-propagandatekste op 92 (1,45 per 100 woorde). Wanneer die frekwensie van spesifieke modale in die Engelse en Afrikaanse tekste van die nie-propaganda- en die propagandateksgroep teenoor mekaar opgeweeg word, lê die hoogste frekwensie by die modale: "will" en "must" in Engels en interessant genoeg by die soortgelyke modale in Afrikaans "sal" en "moet".

Engels (frekwensie)*:*

MODAAL	**Nie-propaganda**	**Propaganda**
will	22 (0,44 keer per 100 woorde)	19 (0,36 keer per 100 woorde)
must	7 (0,14 keer per 100 woorde)	21 (0,4 keer per 100 woorde)

Afrikaans (frekwensie)*:*

MODAAL	**Nie-propaganda**	**Propaganda**
sal	4 (0,3 keer per 100 woorde)	20 (0,29 keer per 100 woorde)
moet	10 (0,76 keer per 100 woorde)	8 (0,52 keer per 100 woorde)

Dit is wel moontlik dat sekere van hierdie modale in 'n groot mate in een spesifieke teks voorkom wat 'n invloed op die interpretasie van die frekwensies sou kon hê. In Afrikaanse propaganda en nie-propaganda is daar slegs twee tekste gebruik, maar ses tekste in Engelse propaganda en nie-propaganda. Die aantal tekste het 'n effek op hoe die gebruiksverspreiding verstaan moet word. Die spesifieke modale kom ook nie noodwendig in al die tekste voor nie. Die verspreiding tussen tekste kan soos volg uiteengesit word. Elke teks se aantal modale word met behulp van 'n komma geskei en indien 'n spesifieke teks (of spesifieke tekste) 'n aantal modale bevat wat heelwat meer is as die res van die tekste, word die tekstitel in die laaste kolom aangedui. Hierna volg 'n kort bespreking van die spesifieke teks:

Nie-propaganda (Engels)*:*

will	2, 4, 1, 15	Teks: *Zuma's R65m Nkandla splurge*
must	1, 3, 3	–

Die gebruik van "will" in die spesifieke nie-propagandateks kan moontlik regverdig word met verwysing na of inaggenome die tema van die teks. In *Zuma's R65m Nkandla splurge* fokus die teks

deurlopend op wat nog by en rakende Nkandla beplan word, wat nog gaan gebeur. “Will” word daarom dikwels in die teks as toekomsverwysing of voorspelling gebruik.

Nie-propaganda (Afrikaans)*:*

sal	2, 2	–
moet	7, 3	Teks: *Nkandla: wat nou?*

Soorgelyk aan “will” in nie-propagandatekste word die modaal “moet” gebruik met die idee van wat volgende waarskynlik gaan gebeur. Waar “will” nog die beplande aandui, dui “moet” die veronderstelde aan: wat behoort volgende te gebeur?

Propaganda (Engels)*:*

will	2, 4, 1, 8, 4	Teks: *Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla*
must	1, 1, 1, 1, 7, 10	Teks: *Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla* (7) Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records* (10)

Die gebruik van die modaal “will” in *Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla* word dikwels gebruik om aan te toon wat die ANC beoog na aanleiding van die twee Nkandla-verslae se uitkoms. Hierdie modaal word dikwels met die voornaamwoord “we” verbind wat die ANC die Subjek in die klous maak. Die woord “will” sou ook eerder verkies kon word as “must” aangesien “will” dit laat voorkom of die ANC vrywillig hierdie wysigings wil aanbring en nie onder dwang soos wat “must” moontlik sou kon suggereer nie.

In dieselfde teks kom daar wel ook ’n aantal “must”-modale voor. Die voordeel van ’n kombinasie tussen “will” as vrywillige behoefte waaraan die ANC dit verbind en “must” wat ’n verpligting skep van wat moet gebeur, beklemtoon gesamentlik die idee dat die ANC weet hoe om die geïdentifiseerde problematiek aan te spreek.

In die propagandateks *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records* word die modaal “must” in ’n groot mate gebruik om aan te dui wat gedoen moet word. Deur die gebruik van hierdie modaal word byvoorbeeld aangedui dat Zuma belasting moet betaal. Die modaal skep voorts die idee dat daar nie ander moontlikhede is nie en dat Zuma gevolglik onder verpligting staan. Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat beide hierdie tekste lang tekste is wat daarom die hoë getalle nader aan die gemiddeld bring.

Propaganda (Afrikaans)*:*

sal	9, 11	–
moet	5, 3	–

Wanneer die modale met die hoogste frekwensie “will” en “sal”, “must” en “moet” kontekstueel bekyk word, lyk dit soos volg:

Nie-propaganda (*will* en *sal*)*:*

1.	He **will** then host the annual Christmas party for children…

	Teks: *Zuma's R65m Nkandla splurge*
2.	"Hulle het 'n prentjie geskep van 'n kommunis wat wit mense nooit **sal** aanvaar nie, wat die land **sal** vernietig." Teks: *NASIONALE VERGADERING AANVAAR VERSLAG:* "*Stories oor Jacob Zuma en Nkandla is fiksie*"

In voorbeeld 2 word 'n direkte aanhaling gemaak. Die gebruik van "sal" kom slegs vier keer in nie-propagandatekste voor waarvan slegs een keer direk aan die outeur toegeskryf kan word en ook as 'n vooruitskouing dien. In beide gevalle word "will" en "sal" gebruik om voorspellings te maak. Voorbeeld 1 kan moontlik 'n uitsonderingsgeval wees, asook die gebruik van 'n "sal" wat nie in voorbeeld 2 voorkom nie, aangesien toekomsvoorspellings in 'n mindere mate in koerantberigte verwag word.

Propaganda (*will* en *sal*)*:*

1.	We **will** continue to work tirelessly to bring South Africa together… Teks: *Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla*
2.a	Geen kabinetsminister **sal** afgedank word nie. Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*
2.b	**Sal** ons dan nooit leer nie? Teks: *Mag Zuma nog 'n bietjie uithou*

Die gebruik van "will" in voorbeeld 1 dui op die ANC se voornemens om daaraan te werk om Suid-Afrika te verenig. Hier is dus 'n kombinasie tussen vrye wil en noodsaaklikheid. In voorbeeld 2.a word "sal" gebruik om 'n voorspelling te maak, 'n soort feitelikheid dat iets gaan gebeur al weet die outeur nie met sekerheid of dit wel so gaan wees nie. In voorbeeld 2.b word "sal" as 'n soort wensvorm gebruik, om 'n versugting uit te spreek.

Met "sal" en "will" wat in hul aard as toekomsverwysings dien, kan dié modale vorme in enige tekste wat toekomsgeoriënteerd is, verwag word. Die gebruik van hierdie modale is daarom nie noodwendig beperk tot byvoorbeeld propaganda nie. Propagandiste praat oor die toekoms en skets 'n prentjie van wat hulle dan van plan is om te doen. Hier kan 'n moontlike ooreenstemming tussen propaganda- en oorredende tekste wees wat toekomstige gevolge van 'n verandering in gedrag na aanleiding van die oproep in die teks aandui, en dus nie noodwendig kenmerkend van propaganda is nie. Op die webwerf *10 Steps to becoming a better you* word byvoorbeeld die volgende konstruksie met "will" gebruik: "Do some good in the community, and it *will* do you some good. Promise." (Power, 2016). 'n Voorspelling van 'n goeie ervaring of verandering word gemaak met die voorwaarde wat daartoe aanleiding sou gee, naamlik om in die gemeenskap diensbaar te wees.

Nie-propaganda (*must* en *moet*)*:*

1.	"You **must** keep quiet and listen, so I don't have to repeat myself,"… Teks: *Zuma explains Nkandla bond, denies knowledge of Gupta dealings*
2.	…vyfde parlement kan wel 'n resolusie aanvaar dat 'n nuwe ad hoc-komitee aangestel **moet** word om die verslag en pres. Jacob Zuma se antwoord daarop, te ondersoek… Teks: *Nkandla: wat nou?*

In die gebruik van die modaal "must" in nie-propagandatekste, kom die modaal slegs in direkte aanhalings voor. Die modaal "moet" word gebruik om 'n voorspelling te maak, soortgelyk aan "will" en "sal", maar dra 'n ekstra semantiese laag, naamlik dat daar 'n faset bykom wat die verpligting meer formeel laat voorkom. Die oorsprong van die verpligting is daarom die aangehaalde woorde van 'n bron en nie, in hierdie geval, die joernaliste as outeurs se direkte woordkeuse nie.

Propaganda (*must* en *moet*)*:*

1.a	…vindicates not only the ANC but the principles by which all political parties **must** abide as they campaign… Teks: *Electoral Court orders DA to retract false accusation against President Zuma*
1.b	Those found to be corrupt **must** face the full might of the State and its institutions… Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records*
2.a	Of dit egter gaan werk, sal nog gesien **moet** word… Teks: *Mag Zuma nog 'n bietjie uithou*
2.b	Ek **moet** sê, ek geniet nogal die politieke spektakel wat hom op die oomblik in hierdie land afspeel. Teks: *Mag Zuma nog 'n bietjie uithou*

In voorbeelde 1.a, 1.b en 2.b word "must" en "moet" gebruik om 'n verpligting aan te dui en kan weereens die idee skep dat die propagandis in beheer is en selfs 'n sterk sin vir geregtigheid het. Dit kan moontlik gepaard gaan met oordrewenheid in die sin dat die propagandis maniere gebruik om hom- of haarself gelyk te stel aan byvoorbeeld regverdigheid. Wanneer voorbeeld 1.b van naderby bekyk word, kan die propagandis die modaal "must" gebruik vir die eksterne, logiese betekenis wat daardeur gebied word en wat sodoende die "redelikheid" van die propagandis se voorbeelde beklemtoon. Die propagandis skep dus vir hom- of haarself betroubaarheid.

In voorbeeld 2a verteenwoordig "moet" amper iets van 'n toekomstige tyd eerder as noodwendig 'n verpligting. Die gesamentlike doel wat hierdie modale vervul, naamlik toekomsverwysing en verpligting, kan handig vir 'n propagandis wees om dus na die toekoms te verwys, maar om ook 'n verpligting aan dit wat in die toekoms gaan gebeur, te koppel. In voorbeeld 2.b wil dit voorkom of die propagandis hom- of haarself deur die gebruik van "moet" onder 'n sogenaamde "verpligting" plaas om iets te sê. Hierdie "selfverpligting" kan daarom gebruik word as 'n soort mandaat wat die spreker die geleentheid gee om 'n mening te bied.

5.5.3.1 Samevatting

In totaliteit is daar meer modale in propagandatekste as in nie-propagandatekste. Enkele voorbeelde van herhaalde gebruik van hierdie hoë frekwensie modale kan soos volg saamgevat word: Die gebruik van "will", wat die koppeling tussen die Subjek en 'n toestand vorm, kan die idee skep dat 'n politieke party uit vry wil iets graag wil doen. Die propagandis stel sodoende hom- of haarself op as die aktiewe agent wat dinge gaan verbeter en die erns of noodsaaklikheid van die situasie besef. Met "sal" en "will" wat in hul aard as toekomsverwysings dien, is dit moontlik gedeelde modale in enige tekste wat 'n toekomsverwysing doen en daarom nie net tot propaganda beperk is nie. Hiermee saam kan die woord "must" gebruik word om 'n soort verpligting aan te toon – die propagandis dui 'n soort

sterkheid of kragdadigheid hiermee aan deur die verpligtingsfunksie van die woord te gebruik. Die propagandis lyk op hierdie manier in beheer van sake. Die gebruik van dié modaal kan as toekomsverwysing dien en is daarom nie net tot propagandatekste beperk nie. Tegelykertyd kan ’n propagandis die modaal gebruik om die idee te skep dat die propagandis die teenparty onder ’n verpligting plaas om op te tree of iets te doen, wat weer terugwerkend die idee skep dat die propagandis beheer het of beheer uitoefen. Die propagandis kan ook die modaal gebruik om betroubaarheid te skep deur sy of haar “redelikheid” te beklemtoon.

Wanneer kontekstueel spesifieke voorbeelde bespreek word, kom die volgende na vore: Die gebruik van die modaal “sal” kom slegs vier keer in nie-propagandatekste voor waarvan slegs een keer direk aan die outeur toegeskryf kan word. Hierteenoor word “sal” 20 keer in propagandatekste gebruik en kan in elk van hierdie gebruiksgevalle aan die outeurs self toegeskryf word. Ook die gebruik van “must” kom slegs in direkte aanhalings in nie-propagandatekste voor, anders as in propagandatekste waar die gebruik direk aan die outeur toegeskryf kan word. Dit lyk of die outeurs van nie-propagandatekste wegbly van hierdie modale af, aangesien die outeur nie verpligting daarmee wil bewerkstellig nie, maar dit eerder as beskrywend en daarom eerder modale kies wat voorspellend is. Dit is moontlik dat nie-propagandatekste graag van die ekstrinsieke of epistemiese betekenisse van modale gebruik maak en propagandatekste van die intrinsieke of deontiese betekenisse.

Die gebruik van “must” as verpligtingsvorm kan gebruik word as ’n vorm van oordrywing deurdat die propagandis daardeur poog om hom- of haarself aan byvoorbeeld regverdigheid gelyk te stel. Sekere tegnieke kan dus eskalerend en met behulp van verskillende taalmiddele uitgevoer word. Die gebruik van “moet” kan ook in propagandatekste gebruik word om ’n voorspelling te maak, maar kan selfs ook gebruik word om ’n soort selfopheffing van verpligting te doen. Sodoende skep die propagandis ruimte vir hom- of haarself om die inligting wat volg te regverdig as genoodsaakte kommunikasie met die leser.

5.5.4 Gevolgtrekking

Die gebruik van objektiewe werkwoordvorme lyk soortgelyk aan mekaar in nie-propaganda- en propagandatekste en vervul die eksperiënsiële metafunksie. Neutrale werkwoordseleksie in ’n teks is daarom die norm. Objektiewe werkwoorde is ook verder op ’n semantiese vlak eenvoudig en neutraal, anders as die semanties komplekse subjektiewe werkwoorde. Die subjektiewe vorme van werkwoorde in propaganda kan binne die groter konteks metafories gebruik word om spesifiek ook emosie by die leser aan te wakker.

Die gebruik van subjektiewe werkwoorde, maar ook ander vorme soos adverbia en modale, kan dikwels met reg gebruik word om ’n situasie akkuraat te beskryf. Die verskil is dat hierdie vorme egter dikwels in propagandatekste gebruik word om op die ou end sekere propagandategnieke te vervul wat weer dienend tot die uiteindelike doel van die propagandateks is. Wanneer subjektiewe vorme sonder regverdiging gebruik word, kan hierdie vorme gebruik word met die doel om disfemisme as propagandategniek te implementeer wat weer tot ander tegnieke kan lei soos om te deflekteer. Subjektiewe vorme wat wél in nie-propagandatekste voorkom, is dikwels deel van direkte rede en kan daarom nie direk aan die outeur toegeskryf word nie. Hierteenoor kan subjektiewe vorme in propagandatekste dikwels direk aan ’n propagandis toegeskryf word.

In geheel is daar meer modale in propagandatekste as in nie-propagandatekste. ’n Propagandis kan modale dikwels gebruik om die idee van beheer en/of ’n skakel, met ’n positiewe of negatiewe assosiasie, tussen ’n persoon of groep en ’n handeling te skep. Dit kom voor of verpligtingsmodale verkieslik deur die outeur van nie-propaganda vermy word, teenoor die propagandis wat graag daarvan gebruik maak. Dit is daarom moontlik dat nie-propagandatekste graag van die ekstrinsieke of

epistemiese betekenisse van modale gebruik maak en propagandateksteteks van die intrinsieke of deontiese betekenisse. Die gebruik van “moet” kan ook in propagandateksteteks gebruik word om ’n soort voorspelling te maak en kan soms ook gebruik word om die idee te skep dat die propagandis onder 'n soort verpligting staan om met die leser te kommunikeer.

Die subjektiewe verstaan van die werkwoorde kan aan die hand van die volgende verstaan word: 1. Konvensionele konnotasie en waardeoordeel, 2. Die inkorporasie van adverbiale (en modale) deur van interpersoonlike of beoordelende betekenis gebruik te maak, en 3. Metaforiese verskuiwing buite die grens van die gekonvensionaliseerde metaforiese gebruik. Werkwoorde kan daarom gekies word volgens die semantiese lading daarvan wat in die woord self opgesluit lê. Dit is wel ook moontlik dat ’n subjektiewe adverbium (en selfs subjektiewe modaal soos volgende bespreek word) tesame met ’n subjektiewe werkwoord gebruik sou kon word om die spesifieke subjektiewe betekenis wat die propagandis wil gebruik, te beklemtoon. Subjektiewe werkwoorde kan ook gekies word om met behulp van metaforiese materiaal, wat buite die grens van die gekonvensionaliseerde metaforiese gebruik val, te beklemtoon en selfs te oordryf.

5.6 Adverbia

Die taalspesifieke propaganda-eienskap wat Black (2001:133) saamgestel het en wat reeds in die besprekings rakende adjektiewe en naamwoorde behandel is, sluit ook adverbia in: die gebruik van onvasgestelde of selfs onvasstelbare, abstrakte selfstandige naamwoorde, adjektiewe, adverbia en fisiese representasies eerder as empiriese betroubaarheid om waarhede, gevolgtrekkings of indrukke vas te stel. By hierdie analise word enkelbywoorde, bywoordelike bepalings en voorsetselstukke ingesluit aangesien dit ’n soortgelyke funksie kan vervul (Halliday & Matthiessen, 2004:311). Soortgelyk aan beskrywingsadjektiewe en klassifiseerders kan adverbia gebruik word om bepaalde negatiewe en daarom ook emotiewe “etikette” aan die aksies van bepaalde partye te koppel en daarom ook indirek aan die betrokke party self. Die propagandis sou op ’n polariserende manier sy of haar eie aksies in ’n gunstige lig kon stel teenoor die disfemistiese etikette wat aan die teenparty se aksies toegewys is. Aangesien indekse gebruik kan word om handelinge met betrekking tot karakters wat direk daarby betrokke is, beter te verstaan, kan die handelinge en meer spesifiek die manier waarop hierdie handelinge in ’n teks aangedui word, iets van die karakter self laat blyk. Egte indekse wat direk aan handelinge gekoppel is en iets oor die karakter self laat blyk, kan op vlak 2 van die nie-linguistiese propagandamodel geanaliseer word.

Deur ’n onderskeid tussen objektiewe en subjektiewe adverbia te tref, word die bedoeling waarmee adverbia gebruik word, duideliker: gebruik die outeur objektiewe adverbia om mee te beskryf, of gebruik die outeur subjektiewe adverbia om sodoende te evalueer en om geleentheid vir die outeur te skep om sy of haar stem in die teks oor te dra? Na afloop van ’n kwantifisering, word die objektiewe vorme van beide groepe tekste eers met mekaar vergelyk om vas te stel of hierdie vorme ooreenkomste of verskille toon. Hierna word dieselfde met die subjektiewe vorme in die teksgroepe gedoen. Om ooreenkomste of verskille tussen die teksgroepe by subjektiewe vorme van adverbia beter te verstaan, kan ’n verdere verdeling tussen die metafunksies getref word.

Deur hierdie vorme in die kategorieë tekstueel, interpersoonlik en ideasioneel te verdeel, kan die funksies van spesifiek subjektiewe adverbia in propagandateksteteks en nie-propagandateksteteks beskryf word. Op ’n ideasionele vlak sou die adverbia in nie-propaganda- en propagandateksteteks as soortgelyk aan mekaar bestempel kon word. Op interpersoonlike vlak, waar ’n subjektiewe dimensie voorop staan, sou ’n onderskeid tussen objektiewe en subjektiewe adverbia getref kon word waar subjektiewe vorme veral in propaganda te wagte is. Wanneer die tekstuele vlak oorweeg word, sou

die kousaliteit en verbandlegging met behulp van adverbia in ’n teks oorweeg kon word. Dit gee ’n toegangsroete om Black (2001:134) se siening van ’n vereenvoudiging van die realiteit en oorsaak-gevolg-verhoudings wat ’n meervoudige kousaliteit van gebeure ignoreer, noukeuriger te ondersoek.

Op ’n tekstuele vlak kan konjunktiewe adjunkte gebruik word om teksdele in ’n kontekstuele verhouding tot mekaar te plaas (Halliday & Matthiessen, 2004:132). Hierdie koppelings word op grond van kohesie gemaak, en daarom nie volgens ’n strukturele skakel in die grammatika tussen die twee dele nie (Halliday & Matthiessen, 2004:132). Sekere konjunksievorme sou moontlik deur ’n propagandis gebruik kon word om ’n bepaalde idee te beklemtoon deur ’n konjunksie soos “and” te herhaal. Sodoende kan byvoorbeeld negatiewe eienskappe oordrewe aan ’n sekere persoon toegeskryf word of goeie eienskappe kan in oordrewe maat aan die propagandis toegeskryf word.

5.6.1 Objektief teenoor Subjektief

Adverbia kom in geheel 63% meer in propagandatekste voor as in nie-propagandatekste. Propagandatekste bevat 375 adverbia (5,65 keer per 100 woorde) teenoor nie-propagandatekste met 218 adverbia (3,47 per 100 woorde). Die rede vir hierdie verskil kan duideliker word deur meer spesifiek die objektiewe en subjektiewe gebruike na te gaan.

In nie-propaganda is daar 148 objektiewe adverbia (2,35 keer per 100 woorde) teenoor 203 objektiewe adverbia (3,06 keer per 100 woorde) in propaganda wat ’n verskil van 30% verteenwoordig. Die groter aantal objektiewe vorme in propaganda kan die ongemerktheid van objektiewe vorme teenoor subjektiewe vorme bevestig en daarom as noodsaaklike vorme in nie-propaganda- en propagandatekste gesien word. Hierteenoor kom daar in nie-propaganda 70 (1,11 keer per 100 woorde) subjektiewe vorme voor teenoor die 172 (2,59 keer per 100 woorde) in propaganda. Met meer as dubbel die hoeveelheid subjektiewe en daarom waardebeoordelende adverbia in propagandatekste word die propagandis se afhanklikheid van hierdie vorme in vorige besprekings en in hierdie bespreking sigbaar.

Hoewel objektiewe vorme relatief meer soortgelyke frekwensies in nie-propagandatekste en propagandatekste vertoon, is dit tog ’n belangrike deel van die totale teks, en kom daarom eerste aan die beurt.

Objektiewe vorme
Objektiewe adverbia sou gebruik kon word om gebeure of handelinge in konteks te plaas in beide nie-propagandatekste en propagandatekste. Die uitbeeld van omstandighede word in die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel op vlak 1 ondervang en die akkuraatheid van informasie op vlak 4 (vgl. Hoofstuk 3; 3.4).

Nie-propaganda

1.	...the state produced evidence that alleged bribes flowing **from French arms firm Thales**… Teks: *Zuma’s R65m Nkandla splurge*
2.	Legwabe **on Wednesday** said the process was not fair… Teks: *Zuma appointed construction company ahead of tender process – Nkandla hearings*
3.	...adv. Thuli Madonsela, die OB, sal dit nie doen nie, aangesien sy **reeds** soos die wet van haar vereis, dit aan die president oorhandig en hy dit ter tafel gelê het. Teks: *Nkandla: wat nou?*
4.	...President Jacob Zuma’s luxurious homestead **in Nkandla**... Teks: *Nkandla’s cost: Trapping the mole in the bunker*

5.	...they set up a social media campaign and advised on political messaging and speeches that blamed unemployment and inequality in South Africa **on white-owned businesses**. Teks: *Zuma no-confidence vote: Will 'the Zuptas' fall in South Africa?*

Propaganda

1.	Die DA het **reeds** te kenne gegee dat hy gaan aandring daarop... Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*
2.	We will also be enquiring as to whether the correct forms were submitted **to SARS by Parliament, as the representative of the President's employer, the Republic of South Africa**. Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records*
3.	Politici in Afrika beskou hulself as bo die wet verhewe; hulle bou vir hul kinders amfiteaters en swembaddens met belastinggeld, **omdat hulle weet hulle kan daarmee wegkom**. Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*
4.	All the buildings and every room we use in that residence was built **by ourselves as a family and not by government**. Teks: *DA responds to Sunday Times' Nkandla article; Invoices show Jacob Zuma personally benefitted from palace upgrades*
5.	Dat Amerika self in die eerste plek verantwoordelik is vir ons verswakkende geldeenheid sal die **goed** betaalde ekonomiese "kenners" nooit erken nie. Teks: *Mag Zuma nog 'n bietjie uithou*

In voorbeelde 1-5 van nie-propagandatekste en voorbeelde 1-2 en 4-5 van propagandatekste word omstandigheidsadverbiale gebruik wat die gebeure onder bespreking aan die leser belig. Die funksie van hierdie adverbia is daarom eerder 'n objektiewe funksie of gebruik wat oor die algemeen in tekste verwag word. In voorbeeld 3 van propagandatekste word 'n redegewende konjunktief gebruik. Die voorbeelde dui dus op "gewone" soort funksies in 'n teks teenoor baie spesifieke funksies wat benodig word in 'n propagandateks om die propagandis se doelwitte te bereik.

Met objektiewe adverbia wat oor die algemeen soortgelyk aan mekaar tussen teksgroepe vertoon behoort die verskille in gebruike en funksies van adverbia tussen nie-propaganda en propaganda daarom eerder op 'n subjektiewe vlak nagegaan te word. Die funksies van subjektiewe adverbia kan meer spesifiek nagegaan word deur 'n onderverdeling volgens die metafunksies te maak: Ideasioneel, Interpersoonlik en Tekstueel (Sien Hoofstuk 4; 4.2.2).

Subjektiewe vorme

Ideasioneel (M)

Die *ideasionele metafunksie* van taal dien as uitdrukking van "inhoud" wat verwys na die spreker se ervaring van die wêreld insluitend die binnewêreld van sy eie bewussyn (Matthiessen *et al.*, 2010:9; Halliday, 1970:143). Adverbia kan gebruik word om die outeur of propagandis se persoonlike ervaring, interpretasie en verstaan van gebeure aan te dui. Omstandigheidsadjunkte val binne die ideasionele metafunksie en sou daarom normaalweg met objektiewe geassosieer kon word (vgl. Hoofstuk 4; 4.2.2.5). Dit wil wel voorkom of hierdie adverbia, steeds binne die ideasionele metafunksie, in sommige gevalle nietemin 'n ekstra betekenislaag bykry en daarom subjektiewe nuanses insluit.

Nie-propaganda

1.	Die OB kan ook besluit om **persoonlik** die verslag in die vyfde parlement ter tafel te lê. Teks: *Nkandla: wat nou?*
2.	The total cost of the development will run to R65-million, according to sources **closely** involved with it. Teks: *Zuma's R65m Nkandla splurge*
3.	"We followed this principle, which we believe in, **strictly**." Teks: *Zuma's R65m Nkandla splurge*
4.	He **vehemently** denied lying about having a bond for his Nkandla home. Teks: *Zuma explains Nkandla bond, denies knowledge of Gupta dealings*

Propaganda

1.	…continued to counter the programmes and policies that the ANC have now rolled out within the context put colonial and apartheid history, of **radically** advancing the lives of the native and particular black people of this country. Teks*: Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*
2.	The emphasis here is on "voluntary or otherwise", because if we recall, Zuma once **firmly** stated that "They did this without telling me – why should I pay for something I did not ask for?" Teks: *DA responds to Sunday Times' Nkandla article; Nkandla: Invoices show Jacob Zuma personally benefitted from palace upgrades*
3.	We will continue to work **tirelessly** to bring South Africa together... Teks: *Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla*
4.	President Zuma must at once pay the tax that is due, and pay it **personally**. Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records*

Die ideasionele funksievorme kom in nie-propaganda 21 keer (0,33 keer per 100 woorde) en in propaganda 32 keer (0,48 keer per 100 woorde) voor. Die absolute verskil in voorkoms is relatief klein, maar dit is wel moontlik dat die aard van die twee tekste op hierdie funksionele vlak sekere ooreenkomste of verskille kan toon.

In beide groepe tekste se voorbeelde 1-4 word die handeling deur die spreker op 'n spesifieke manier voorgestel met behulp van omstandigheidsadverbia van wyse. In voorbeelde 1-4 van nie-propagandatekste kan die subjektiewe adverbia, dus adverbia wat tog reeds 'n evaluasie deur die outeur insluit, as pogings tot noukeurige beskrywing van die gebeurtenis hanteer word. In voorbeeld 1 van nie-propagandatekste word 'n "bewys" ingesluit deur 'n direkte aanhaling te doen na gebruik van die adverbium "vehemently". In voorbeeld 2 word "closely" ook 'n akkurate beskrywing van die bronne waarby die *Mail & Guardian* hul inligting verkry het om sodoende die teks se betroubaarheid te versterk.

In voorbeeld 3 van nie-propagandatekste word die adverbium “strictly” gebruik om die aksie in ’n sekere lig aan die leser te stel. Die woord “strictly” word as ’n soort beklemtoning gebruik, om die erns van die saak te benadruk dat die *Mail & Guardian* die bepalings van die Persooreenkoms eerbiedig. Hierdie voorbeeld kom uit die gedeelte van die teks waar Dawes as redakteur van die *Mail & Guardian* sy ontevredenheid met die presidensie se hantering van sake uitspreek en vertoon daarom ooreenkomste met propagandatekste aangesien die outeur van die teks Dawes geleentheid bied om persoonlik en as deel van die kontekstueelskeppende teks oor Nkandla op die situasie te reageer. Tog, al is hierdie term subjektief van aard, is dit waarskynlik ’n betroubare voorstelling van die werklikheid.

Soortgelyke, evaluerende, dog akkurate beskrywingsvorme kom ook in propaganda voor, maar dikwels lê daar binne die groter konteks van gebruik ’n bymotief deur die outeur. Deur die adverbia “radically” en “tirelessly” in propagandatekste te gebruik, word die realiteit op ’n vereenvoudigde manier voorgestel. In voorbeeld 1 word die ANC se plan om die swart burgers van Suid-Afrika se lewens te verbeter tesame met die woord “radically” gebruik en wat die beoogde verbeteringsprosesse geïntensiveer voorstel – dit alles met die oog daarop om die ANC in ’n goeie lig te stel en dalk tekortkominge uit die verlede te versluier. Terugwerkend het dit weer die effek om Hanekom en Gordhan sleg te laat lyk aangesien hulle voorgestel word as sou hulle hulle verset teen hierdie eerbare bedoelings, planne en prosesse.

In voorbeeld 2 van propagandatekste word die adverbium “tirelessly” gebruik om na die manier te verwys waarop die ANC van plan is om te werk om die nasie te verenig. Hierdie woord vorm ’n soort oordrywing aangesien die lede van die ANC nie noodwendig onvermoeid hieraan gaan werk nie. Die ANC word in ’n goeie lig geplaas en die idee word by die leser geskep dat die ANC aktief besig is om aan die vooruitgang van die land te werk en gee sodoende gemoedsrus aan die leser, of dit vals is of nie. Deur die adverbium “tirelessly” in dié konteks te gebruik, kan die oordrywing ’n vereenvoudigde weergawe van die realiteit voorstel aangesien die ANC self ook hierdeur bevoordeel sou kon word. Enige verdere motief of gewin word daarom sodoende versluier.

In voorbeeld 3 van propagandatekste verwys die DA (soortgelyk aan voorbeeld 1 van nie-propagandatekste) na die manier waarop Zuma ’n stelling gemaak het oor Nkandla en bied, soos in voorbeeld 1 van nie-propagandatekste, ’n direkte aanhaling daarna om die beskrywende woorde te regverdig. Anders as in voorbeeld 1 van nie-propagandatekste, vorm hierdie voorbeeld deel van ’n groter argumentasielyn (soos deur die voorafgaande gedeelte duidelik word) om aan te toon waarom Zuma belasting moet betaal en, uiteindelik, waarom die leser vir die DA moet stem. Die ooreenkoms tussen hierdie twee voorbeelde kan ook ’n bevestiging wees, soos die gebruik van spesifieke kwantifiseerders, van die nabootsing van wetenskaps- of mediadiskoers.

In die voorbeelde 4 van beide teksgroepe word die adverbium “persoonlik” gebruik. In die nie-propaganda-voorbeeld word “persoonlik” gebruik om aan te toon dat die Openbare Beskermer die verslag op hierdie manier ter tafel sou kon lê. Die situasie word dus omskryf. Hierteenoor word “personally” in propagandatekste gebruik om te beklemtoon dat spesifiek Zuma self, en nie die regering nie, sy agterstallige belasting moet vereffen. Beskrywend is die adverbium daarom akkuraat, maar ook in die propagandateks as voermiddel vir ’n beklemtoningstegniek.

Omstandigheidsadverbia kan tog gebruik word om handelinge en gebeure se uitspeelwyse te manipuleer en subjektief voor te stel. Ander soortgelyke adverbia kan individueel as subjektief geklassifiseer word, maar vervul binne die groter konteks ’n objektiewe funksie in nie-propagandatekste. Hierteenoor dra soortgelyke adverbia in propagandatekste ’n ekstra betekenislaag.

Interpersoonlik (I)

Taal dien ook as middel om sosiale verhoudings te vestig en te onderhou en vervul daarom ’n *interpersoonlike funksie* (Matthiessen *et al*. 2010:9; Halliday, 1970:143). Hierdie verhoudings sluit die kommunikasierolle in wat deur taal self geskep word, byvoorbeeld die rol wat ’n spreker aanneem wanneer ’n vraag gestel of geantwoord word (Halliday, 1970:143). Die outeur of propagandis kies sekere adverbia wat gebruik kan word om na die teikengroep uit te reik deur ’n proses op ’n baie spesifieke manier uit te beeld deur ’n reeds geïnterpreteerde weergawe te gee van hoe gebeure uitgespeel het of uitspeel. Adjunkte in die interpersoonlike metafunksie sluit modale adjunkte en kommentaaradjunkte in en kan meer direk met subjektiewe vorme belyn word as byvoorbeeld omstandigheidsadjunkte wat binne die ideasionele metafunksie val (vgl. Hoofstuk 4; 4.2.2.5). Sommige houdingsadjunkte kom aanvanklik voor as omstandigheidsadjunkte, maar word as houdingsadjunkte geklassifiseer aangesien dit reeds ’n subjektiewe kleur dra deurdat iets van die gebruiker se interpretasie en bedoeling deurskemer.

Nie-propaganda

1.	Except for Nkandla, which has **always** been known as Zuma’s private home, the president has official residences in Durban, Pretoria and Cape Town. Teks: *Nkandla’s cost: Trapping the mole in the bunker*
2.	The houses are **apparently** being built to accommodate two wives currently living at Nxamalala, MaNtuli Zuma and MaMbhija Zuma. Teks: *Zuma’s R65m Nkandla splurge*
3.	“...we might like to sell this company’s shares because of so much restriction financially on our family, but I would like to stay in South Africa **forever**," he told the BBC. Teks: *Zuma no-confidence vote: Will ‘the Zuptas’ fall in South Africa?*
4.	“...This therefore calls for an investigation to be launched to determine how the City Press **illegally** ended up in possession of this document,” Nxesi said.

Propaganda

1.	**Natuurlik** sal aanvanklik die persepsie geskep word dat dit beter gaan onder ’n nuwe (Amerikaans-) gesinde president... Teks: *Mag Zuma nog ’n bietjie uithou*
2.	He **never** hears the investor confidence-building messages of President Zuma… Teks: *Don’t undermine Zuma’s leadership*
3.	The sellout Gordhan wants natives to be **perennially** marginalised... Teks*: Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*
4.	Zuma **clearly** misled Parliament and the people of South Africa in order to evade accountably... Teks: *DA responds to Sunday Times’ Nkandla article; Nkandla: Invoices show Jacob Zuma personally benefitted from palace upgrades*

Die frekwensie van interpersoonlike adverbia staan op 24 keer (0,38 keer per 100 woorde) in nie-propaganda teenoor 96 keer (1,45 keer per 100 woorde) in propaganda. Die grootste verskil in

adverbia tussen nie-propaganda en propaganda kom daarom duidelik op die interpersoonlike vlak voor.

In die nie-propagandatekste se voorbeeld 1 word die adverbium gebruik om kommentaar te lewer op Nxesi se aanduiding van Nkandla as nie ’n privaat woning nie waar die algemene opvatting die teenoorgestelde aandui. In voorbeeld 2 word die adverbium op ’n soortgelyke wyse gebruik om onsekerheid aan te dui, maar op ’n betwyfelbare manier. Die outeur gebruik in hierdie geval “apparently” om versigtig te omskryf aangesien daar nie meer akkurate inligting tot die outeur se beskikking op die gegewe oomblik is nie. Tog sou soortgelyke “onsekere” terme ook gebruik kon word om iets as verdag aan die leser oor te dra en sodoende te waarsku. Die outeur van die teks steek dus in beide hierdie voorbeelde ’n vlag in die lug met hierdie adverbia om die leser bedag te maak op moontlike gevare.

In voorbeeld 3 word een van die Gupta-broers direk deur die outeur aangehaal. Deur die gebruik van “forever” toon die Gupta-broer aan dat Suid-Afrika ideaal gesproke die plek is waar hulle sou wou bly, maar dat finansiële druk die rede kan wees vir die Guptas se “gedwonge” uittrek uit Suid-Afrika. Op hierdie manier word defleksie gebruik as ’n poging om ’n rookskerm te skep sodat die aandag nie op die Guptas se oortredings vir hul toekomstige skuif uit Suid-Afrika val nie, maar op ander, meer rasionele redes en dat dit nie waarlik die Guptas se voorkeur sou wees nie. Op ’n manier word daar dus klem op ’n sekere gevoel geplaas, naamlik dat die Guptas positief is teenoor Suid-Afrika en dat daar ander redes as byvoorbeeld hul beweerde oortredings sou wees indien die familie sou besluit om die land te verlaat.

Wanneer voorbeeld 4 as nog ’n voorbeeld van ’n direkte aanhaling oorweeg word, kom daar nog ’n propagandategniek voor, maar kan nie aan die outeur van die teks toegeskryf word nie. Die gebruik van “illegally” word gebruik om defleksie te bewerkstellig. In plaas daarvan dat Nxesi die saak wat in die dokumentasie is hanteer, word die “skuld” verplaas deur te fokus op *City Press* se sogenaamde onwettige optrede. In die teks dui *City Press* ook aan dat die dokumente ongeklassifiseerde dokumente is en daarom nie op ’n onwettige wyse bekom is nie. *City Press* word gevolglik net as die sondebok voorgehou.

In voorbeeld 1 van die propagandatekste word die adverbium “natuurlik” gebruik. Die propagandis maak ’n aanname, maar gebruik ’n woord wat die leser insluit in die aanname en daarom sodoende van die aanname ’n veralgemening maak. Die idee “soos ons almal weet” word hierdeur opgeroep. In voorbeeld 2 van propagandatekste gebruik die propagandis die adverbium “never” om Mkhabela te kritiseer in sy kommentaar op Zuma en die ekonomie. Die woord dien as ’n soort oordrywing, maar aan die ander kant ook as ’n manier om die aandag met behulp van disfemisme op Mkhabela te vestig eerder as die probleem te identifiseer en aan te spreek.

Voorbeeld 1 en voorbeeld 2 van propagandatekste toon beide ’n vereenvoudiging van die realiteit. In voorbeeld 1 word die vereenvoudiging van die realiteit meer spesifiek ook tot ’n eenvoudige oorsaak-gevolg-verhouding gereduseer.

In voorbeeld 3 gebruik die propagandis ’n adjektief, naamwoord (ding) en adverbium om Gordhan en sy standpunte op ’n valse manier voor te stel en sodoende ’n strooipopargument te bou. Eerstens word die adjektief gebruik om Gordhan te etiketteer waarna die naamwoord (ding) “natives” gebruik word om Gordhan as antagonisties teenoor die ware boorlinge van die land aan te toon. Hierdeur word die tafel gedek vir die gebruik van die adverbium “perenially” as oordrywing wat Gordhan se sogenaamde standpunt verder as sogenaamd onregverdig beklemtoon. Die propagandis maak dus

deurlopend van emotiewe taal en onwaarhede gebruik om die leser negatief teenoor Gordhan in te stel.

Die verskil tussen die bespreekte subjektiewe vorme in nie-propaganda en propaganda is duidelik anders in dié dat daar ’n verskil in gewin vir die outeur is wat aansluit by die hoofpunt van onderskeid tussen nie-propagandatekste en propagandatekste. In nie-propaganda wil dit voorkom of interpersoonlike adverbia gebruik word om die leser van onwaarhede te probeer bewusmaak teenoor die voorbeelde in die propagandatekste waar adverbia op ’n oneerlike manier vir eie gewin gebruik word. Adverbia word in propagandatekste ingespan om verskeie propagandategnieke in plek te stel, byvoorbeeld beklemtoning, disfemisme om sodoende ’n opponent te diskrediteer, etikettering en defleksie. Hierdie tegnieke word ook met behulp van emotiewe taal tot uitvoer gebring.

Wanneer hierdie tegnieke in nie-propagandatekste voorkom, dan is dit as deel van ’n aanhaling en vorm daarom nie deel van die outeur se eie woordkeuse nie. In nie-propaganda word ’n term soms met omsigtigheid gebruik en sodoende word aangedui dat die outeur nog nie meer akkurate inligting het oor ’n saak nie, of die outeur kan juis die verdagtheid van die saak aan die leser oorbring. Hierteenoor word adverbia soos “clearly” en “natuurlik” en “never” gebruik as “onversigtige” vorme wat die realiteit vereenvoudig voorstel deur aannames en die leser doelbewus lei om vanuit die propagandis se raamwerk die saak te interpreteer. Wanneer ’n outeur van propaganda die verdagtheid van ’n saak aan ’n leser wil oorbring, sou ’n mens ook kon argumenteer dat die outeur die leser lei om die saak vanuit sy of haar raamwerk te interpreteer. Die verskil lê daarin dat die propagandis dit doen vir eie gewin en ’n sterk gestruktureerde raamwerk daarstel vir die leser met behulp van hierdie linguistiese elemente in samewerking met ander.

Tekstueel (T)

Die derde metafunksie behels taal wat self skakels met sigself moet maak asook met faktore van die situasie waarin taal gebruik word en word die *tekstuele metafunksie* genoem (Matthiessen *et al*. 2010:12-13; Halliday, 1970:143). Konjunktiewe adjunkte sou binne die tekstuele metafunksie soms meer objektief of ander kere weer meer subjektief kon vertoon. Adverbia kan gebruik word om gevolgtrekkings aan te toon en sodoende kohesie in ’n teks te bewerk, maar volgens die manier waarop die outeur of propagandis dit verstaan, of graag sal wil hê die teikengroep die gebeure moet verstaan.

Nie-propaganda

1.	“This **therefore** calls for an investigation to be launched to determine how the City Press illegally ended up in possession of this document” Nxesi said. Teks: *Nkandla: Minister to probe City Press*
2.	**However**, no record of the plans could be found at the local deeds office in uThungulu municipality in Richards Bay. Teks: *Zuma’s R65m Nkandla splurge*
3.	Die OB se verslag bly **nietemin** geldig. Teks: *Nkandla: wat nou?*
4.	The family **also** stand accused of hiring a British PR firm to distract attention from the allegations... Teks: *Zuma no-confidence vote: Will ‘the Zuptas’ fall in South Africa?*

Propaganda

1.	The State did not pay for the improvements in the dwellings of the brothers of President Jacob Zuma. **Therefore** the call by some for an impeachment of the President is a premeditated position... Teks: *Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla*
2.	There is **however** an obligation on the commissioner to collect all taxes that are due without fear or favour. Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records*
3.	Of dit **egter** gaan werk, sal nog gesien moet word, want Zuma kan om baie redes nie van die presidentskap afstand doen nie. Teks: *Mag Zuma nog 'n bietjie uithou*
4.	He **also** makes no reference to the fact that the fourth and current democratic administrations invested a trillion rands... Teks: *Don't undermine Zuma's leadership*

Wanneer tekstuele adverbia oorweeg word staan nie-propaganda op 25 gevalle (0,4 keer per 100 woorde) wat, soos by die ander twee soorte funksies van adverbia, minder is as propaganda op 44 gevalle (0,66 keer per 100 woorde). Binne die tekstuele metafunksie is dit moontlik om te bepaal hoe die kousaliteit van 'n teks lyk. Dit is moontlik dat 'n propagandis soortgelyk aan Sofistery, tekstuele elemente gebruik om drogredenasies uit te bou en sodoende die leser te mislei (vgl. Hoofstuk 2; 2.2.1.2).

Wanneer beide voorbeelde 1 van nie-propaganda- en propagandatekste oorweeg word, word die woord in beide gevalle gebruik om 'n "logiese gevolgtrekking" in te lei. Hierdie gevolgtrekkings behels eintlik die teendeel. In voorbeeld 1 van nie-propagandatekste is Nxesi se afleiding dat *City Press* se besit van vertroulike dokumente dadelik 'n ondersoek tot gevolg moet hê. Onder normale omstandighede sou so 'n afleiding sin maak, maar agterna beskou is dit duidelik dat Nxesi van defleksie gebruik gemaak het en probeer om die aandag van die ware probleem te skuif na die *City Press* se "oortreding". Verder is dit ook belangrik om te beklemtoon dat hierdie vals redenasielyn of propagandategniek wat met behulp van "therefore" tot uitvoer gebring word, nie aan die outeur self toegeskryf kan word nie, maar wel aan die persoon wat aangehaal is. Hierteenoor kan dieselfde kohesiemerker in propagandatekste direk aan die skrywer se keuse toegeskryf word.

In voorbeeld 1 van propagandatekste word drogrede duidelik aangewend wat deur die tekstuele adverbium "therefore" ingelei word. Die aanloopkonteks wat gegee word, behels Zuma se broers en dat dié onskuldig is. Die afleiding wat daaruit deur die propagandis gemaak word, is dat enige persone wat vra dat die (nou voormalige) President Zuma vervolg moet word, voorbedagte rade het. Retrospektief kan hierdie soort vals afleiding wat gemaak word ook as 'n poging tot defleksie verstaan word. Deur beide die voorbeelde word 'n vereenvoudiging van die realiteit duidelik. Dit is belangrik om te noem dat die verskil tussen hierdie voorbeelde weereens lê in die gebruik van 'n direkte aanhaling deur die outeur teenoor die propagandis se eie, direkte woorde. Buiten vir die direkte of indirekte woorde van 'n bron, kom die adverbium "therefore" nie in die nie-propagandateksgroep voor nie.

In voorbeeld 2 van beide die groepe tekste word die woord “however” gebruik en waarvan die hoofverskil tussen die twee gebruike in die doel van die gebruik van die term kan sit. In voorbeeld 2 van die nie-propagandatekste word “however” gebruik om soortgelyk aan interpersoonlike adverbia, die moontlikheid van onderduimshede aan te toon deur aan te dui dat een ding gesê word, maar ’n ander duidelik sigbaar is wat die bouplanne van Nkandla betref. Die woord “however” kom in soortgelyke kontekste in een nie-propagandateks voor. In voorbeeld 2 van die propagandateksgroep word ’n gewone tekstuele funksie deur die woord uitgevoer ter uiteindelike ondersteuning van die argument van die teks.

In voorbeeld 3 van die nie-propagandateks word die adverbium “nietemin” gebruik om sodoende aan te toon dat die stappe wat op daardie stadium oorweeg kan word wat Nkandla betref, nie Madonsela se aanvanklike verslag tot niet maak nie, maar dat dit steeds geldig bly. Die term word daarom ter verduideliking van die saak aangewend. Hierteenoor word die adverbium “egter” in voorbeeld 3 van die propagandateksgroep as deel van subjektiewe spekulasie gebruik.

5.6.2 Gevolgtrekking

Deur by Black (2001:133) se propagandategniek te begin waar adverbia met “onvasstelbaarheid” gekoppel word, sou adverbia in sekere gevalle eerder juis as maklik vasstelbaar beskou kon word verál by die gebruik van objektiewe adverbia wat dikwels as omstandigheidsadjunkte optree. By al drie funksionele indelings van subjektiewe adverbia, wil dit wel voorkom of die propagandis van die beskikbare feite afwyk, aangesien die adverbia gekies word vir ’n spesifieke funksie om bes moontlik die oorhoofse doel van die propagandastuk te dien. Propagandiste maak daarom van vasstelbare, feitelike aspekte gebruik, maar lê verbande en verpak dit op ’n manier wat tot drogredenering lei. Die “onvasstelbaarheid” hiervan sou dus voorkom wanneer adverbia en ander taalelemente reeds verpak is in hierdie redenasielyne. Adverbia is daarom nie onvasstelbaar nie, maar word eerder gebruik om gevolgtrekkings en afleidings te suggereer wat nie volledig deur die inligting wat verskaf word, ondersteun word nie.

Soortgelyk aan beskrywingsadjektiewe en klassifiseerders kan adverbia gebruik word om bepaalde negatiewe en daarom ook emotiewe “etikette” aan die aksies van bepaalde partye te gee en daarom ook indirek aan die betrokke party self. Hierdie inligting sluit aan by hoe karakters met behulp van informatiewe en indekse uitgebeeld word soos op vlak 1 van die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel aangedui word (vgl. Hoofstuk 3; 3.4). Die propagandis sou (moontlik op ’n polariserende manier) ook met behulp van etikettering sy of haar eie aksies as positief kon laat vertoon, soos byvoorbeeld wanneer die ANC aantoon dat hulle onvermoeid of “tirelessly” sal werk of wanneer Zuma die ANC se plan vir die opheffing van spesifiek swartmense as “radically advancing” beskryf, ook in die lig van Gordhan wat, volgens Zuma, hierdie positiewe plan wil teenstaan. Beide disfemisme en eufemisme soos Bolinger (1980:72-73) dit verduidelik, is belangrik deur van adverbia gebruik te maak en is daarom moontlik ’n taalelement wat in toekomstige studies meer aandag behoort te geniet. Adverbia se funksies sluit ook direk aan by – op ’n minder direkte manier en soortgelyk aan wat Bolinger (1980:80) oor werkwoorde duidelik maak – die karakter self en hoe die karakter deur die outeur of propagandis aan die leser voorgestel word.

Adverbia as intensiveerders kan ’n oordrywingsfunksie vervul wat meewerk om inligting verdraai aan te bied soos in die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel op vlak 4 bepaal kan word (vgl. Hoofstuk 3; 3.4; Hoofstuk 4; 4.4.2.5). Elemente van oordrywing sou moontlik reeds op vlak 1 van die model bepaal kon word wanneer die kardinale funksies van ’n teks uiteengesit word. Deur ’n semanties swaar gelaaide adverbium te selekteer, kan die propagandis sekere aspekte oordryf – veral deur van

verskillende taalelemente gebruik te maak – byvoorbeeld deur ’n adjektief, naamwoord (*thing*) en ’n adverbium (wat selfs kan oorvloei in ’n semanties gelade werkwoord) saam te voeg om sodoende ’n idee op ’n subjektiewe en emotiewe manier uit te bou. Met meer objektiewe adverbiale in beide groepe tekste, wil dit voorkom of uitgebreide adverbiale eerder gebruik word vir kontekstualisering en daarom as omstandigheidsadjunkte optree.

Met meer subjektiewe adverbia in propaganda- as in nie-propagandatekste is die behoefte van ’n propagandis aan vorme waarin hy of sy persoonlike oordeel kan uitspreek duidelik sigbaar. Met behulp van die metafunksies kan die funksionele doel van hierdie subjektiewe adverbia van mekaar onderskei word en volgens die ideasionele, interpersoonlike en tekstuele ingedeel word. Wanneer die ideasionele funksie oorweeg word, word die manier waarop iets uitgevoer word deur die propagandis beoordeel. Adverbia kan hier gebruik word om te beklemtoon deur byvoorbeeld iets te benadruk.

By adverbia wat ’n interpersoonlike funksie vervul, kom die stem van die propagandis die duidelikste na vore deur van aannames en oordrywing gebruik te maak en selfs ’n strooipopargument te bou, onder meer dan met behulp van ’n adverbium. In hierdie opsig is daar ook baie meer interpersoonlike adverbia in propagandatekste teenwoordig as in nie-propagandatekste. Die verskil tussen die gebruik van hierdie vorme in nie-propaganda teenoor in propaganda kom, soortgelyk aan ideasionele adverbia, neer op voordeelverskille vir die outeur: in nie-propaganda waarsku die outeur die leser of die vorm kom in ’n bronverwysing voor, teenoor in propaganda waar die ideasionele adverbia gebruik word om die leser om die bos te lei ten einde die propagandadoelwit te bereik. Die outeur konstrueer in nie-propagandatekste en die propagandis in propagandatekste ’n spesifieke raamwerk waarvolgens die leser die inhoud van die teks moet verstaan. Die outeur gebruik hierdie raamwerk om die leser te waarsku of attent te maak, waar die propagandis die raamwerk gebruik om ’n gebeurtenis of persoon só in te klee dat die propagandis se eie doelwit kan seëvier.

Op tekstuele vlak kan adverbia gebruik word om ’n vereenvoudiging van die realiteit te maak deur eenvoudige en daarom onakkurate oorsaak-gevolgverhoudings te trek, byvoorbeeld deur die gebruik “therefore” wat so ’n (ongeldige) afleiding inlei.

Soortgelyk aan vorige besprekings kom daar wel deurlopend soortgelyke voorbeelde van adverbia wat dieselfde funksies vervul in nie-propagandatekste ook voor. Behalwe vir die verskil in oorhoofse funksie – naamlik dat adverbia in nie-propagandatekste hoofsaaklik gebruik word om kommer oor iets uit te spreek of om beskrywend te werk te gaan teenoor die gebruik van adverbia in propagandatekste vir die propagandis se eie doeleindes – is die gebruik van direkte en indirekte rede van deurslaggewende belang.

Wanneer tegnieke eie of kenmerkend aan propaganda in nie-propagandatekste voorkom, is dit hoofsaaklik wanneer die outeur ’n bron aanhaal. Binne die aantal subjektiewe vorme wat dus in veral in nie-propagandatekste voorkom, is dit belangrik om die adverbium te verstaan as deel van die outeur se direkte woordkeuse en of die adverbium eintlik toegeskryf moet word aan die aangehaalde bron se woordkeuse.

5.7 Metafore

Metafore skemer deurlopend in tekste deur, maar meer nog, word spesifiek uitgelig as ’n propagandategniek. Gambrill (2012:307-309) verwys na metafoorgebruik in propaganda as skadelik of misleidend wat weer lei tot invloed op die teikengehoor se emosies en assosiasies. Hiermee saam verwys Bolinger (1980:140) na metafore wat gebruik word om te polariseer deur eufemisme en disfemisme.

Metafore word in hierdie studie verstaan volgens die begrippe wat ontwikkel is in die kognitiewe linguistiek, soos wat uiteengesit is in afdeling 4.2.5. Die analise is per hand gedoen deur metafore in elke teks te identifiseer waarna interbeoordelaarskontrole uitgevoer is. Die interpretasie van hierdie metafore is op dieselfde wyse gekontrolleer.

Die metafooranalise het gedui op veral drie prominente metafore in die data, wat ten dele selfs ook in die nie-propagandatekste voorgekom het. Die drie hooftemas van metafoorgebruik sluit die volgende in: 1. Oorlog, 2. Versluiering: Opponente is leuenaars, en 3. Abjekte / Groteske: Opponente is afskuwelike persone. Die oorlogmetafoor verteenwoordig ’n stryd tussen die outeur en/of propagandis en ’n opponent. Met versluiering word bedoel dat metafore dikwels gebruik kan word om byvoorbeeld skuld te deflekteer. Sekere inligting word daarom met behulp van dié metafoor verhelder om sodoende belangrike inligting te versluier of weg te steek. Die abjekte of groteske verwys na die tentoonstel van ’n opponent op ’n negatiewe, selfs afskuwelike manier.

5.7.1 Oorlog

Die oorlogmetafoor kan soos volg verstaan word: Die tweespalt, spanning of konflik tussen die teenstanders (teikendomein) kan as ’n tipe “oorlog” (brondomein) verstaan word. Die oorlogmetafoor word volgens ’n paar onderafdelings in die bespreking hanteer. Eerstens kan die metafoor verstaan word as “Die propagandis en teenstanders is in ’n oorlog”. Tweedens kan die metafoor verstaan word as “Die stryd teen korrupsie is ’n oorlog” en verder verdeel word volgens (a) Oorlog of geveg, (b) Opponent as vyand, onderdrukker, skuldige, (c) Propagandis as held, en (d) Volk as slagoffer.

Die propagandis en teenstanders is in ’n oorlog

Propaganda

1.	“...how **the struggle of our people** has been **infiltrated by enemies**...” Teks: *Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*
2.	...staan die enigste effektiewe wig en teenwig vir ’n politikus bekend as vrees. Vrees dat hy by die stembus **verslaan** sal word. Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*
3.	...Tom Moyane, is seen to be a Zuma **deployee**, and an asset in his programme of state **capture**... Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records*

Nie-propaganda

1.	“…they do not **torpedo** us by releasing press statements to our competitors before we can publish.” Teks: *Zuma’s R65m Nkandla splurge*
2.	IVP-hoofsweep help om komitee te **sink**. Narend Singh, IVP-hoofsweep, het ander opposisiepartye geskok deur saam met die ANC te stem... Teks: *Nkandla: wat nou?*

3.	South Africa is **up in arms**. **Marches** are being organised in support of President Jacob Zuma, as **deafening protests** call on him to **step down**. The president has **survived** several votes of no-confidence in the past – the latest on 8 August – even though this time it was not just the **opposition** who were trying to **unseat** him. Teks: *Zuma no-confidence vote: Will 'the Zuptas' fall in South Africa?*

In beide nie-propaganda en propagandatekste word gebruik gemaak van 'n "algemene" oorlogmetafoor. Terme behorende tot 'n oorlogdiskoers is in al die bogenoemde voorbeelde duidelik.

In voorbeeld 1 van propagandatekste verwys die outeur na die mense se oorlewingsvoortbestaan, maar hoofsaaklik ook na die bekende stryd teen apartheid deur dit gelyk te stel aan die Struggle. Hierdie "struggle" word dan deur die opponente wat as "enemies" aangedui word geïnfiltreer of dan "infiltrated". Voorbeeld 2 stel die stemproses en -uitkoms gelyk aan 'n oorlog of geveg deurdat 'n president vrees kan hê vir die moontlikheid om "verslaan" te word. Die DA stel in voorbeeld 3 Tom Moyane gelyk aan Zuma se ontplooide deur die woorde "Zuma deployee" te gebruik wat uiteindelik help met "state capture". Laasgenoemde term (en daarom metafoor) wat die staat as 'n gevangene wat bevry moet word voorstel, kom in beide propaganda- en nie-propagandatekste voor aangesien die term 'n algemene gebruiksterm is vir wat Zuma en die Guptas met die Suid-Afrikaanse regering laat gebeur het.

In die nie-propagandatekste se voorbeeld 1 word die strategiese optrede van die presidensie om nie terugvoer oor Nkandla te gee nie en te wag tot net voor die *Mail & Guardian* van plan is om te publiseer en dan 'n persverklaring uit te stuur, aan dié van bombardering of "torpedo" voor te stel. In voorbeeld 2 word die metafoor van 'n skip wat sink gebruik. Die outeur gebruik hierdie metafoor om in 'n opskrif saam te vat wat die gevolg van Narend Singh as IVP-hoofsweep se stem was om die Nkandla-komitee te beëindig. In dieselfde teks word metafories ook na "gekelder" verwys wat by die sinkende skip aansluit.

Voorbeeld 3 is 'n verwysing vanuit die teks *Zuma no-confidence vote: Will 'the Zuptas' fall in South Africa?* en die teks is in geheel op verskillende plekke en in verskeie opsigte verteenwoordigend van oorlog. Die opstande in Suid-Afrika teen Zuma en die Guptas word as 'n stryd voorgestel. Suid-Afrika as volk word voorgestel as "up in arms" en "marches" word gedoen. Die president word gelyk gestel aan die vyand wat die mosies van wantroue oorleef of "survived" het. Verder word die meer geykte metafoor gebruik om na die teenpartye of "opposition" te verwys wat probeer om Zuma vanuit 'n magsposisie te lig.

Die verskil tussen die gebruik van die algemene oorlogsmetafoor in propagandatekste en nie-propagandatekste is dat propagandatekste die oorlogsmetafoor gebruik om hul eie party teenoor die teenparty te stel, teenoor die gebruik van metafoor om aan die leser 'n saak beskrywend voor te stel in nie-propagandatekste. Die gebruik van 'n algemene oorlogsmetafoor in die propagandatekste sou daarom as 'n polariseringstegniek beskou kon word. Uiteindelik word die propagandis aan die goeie kant van die oorlog of stryd voorgestel en die teenparty aan die slegte of verkeerde kant. In voorbeeld 1 van nie-propagandatekste waar die metafoorgebruik dieselfde as in propagandatekste vertoon, is

die gebruik van die outeur se woorde ’n direkte aanhaling en is die opstel van die *Mail & Guardian* teenoor die presidensie nie in die lig van algemene vyandigheid nie, maar wel in die lig van die spesifieke saak.

Die stryd teen korrupsie is ’n oorlog

Korrupsie word gekonseptualiseer as ’n opponerende party in ’n oorlog. Die direkte gevolg is dat enige iemand of iets wat met korrupsie geassosieer word die teenstander is en die party(e) wat nie daarmee geassosieer word nie, die helde is. Die saak waarom die oorlog gevoer word, is om die Suid-Afrikaanse volk van korrupsie en daarom ook die opponente wat hiermee geassosieer word, te bevry. Metafore wat aan hierdie sisteem toegeskryf word lyk soos volg:

(a) Oorlog of geveg

Propaganda

1.	The manifesto of the ANC commits our government to intensify the **fight against corruption** in both the public and private sectors... Teks: *Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla*
2.	This **war against corruption** is far from over. Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records*
3.	…Parliament, the Public Protector as well as the people of South Africa were **actively and deliberately undermined**, in the **7 year fight**, between 2009 and now, by the **ANC who stood against the Rule of Law, the Constitution and clean governance**. Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records*

Nie-propaganda

1.	Law-enforcement groups charged with **investigating corruption** now face claims of **infiltration by “Gupta lackeys ”**. Teks: *Zuma no-confidence vote: Will ‘the Zuptas’ fall in South Africa?*
2.	For the Guptas, this could be **a moment of reckoning**. The **opposition parties** have accused them of **“treason”**. If President Zuma **loses**, Atul Gupta confesses that they might sell up their business interests. Teks: *Zuma no-confidence vote: Will ‘the Zuptas’ fall in South Africa?*

In die bostaande voorbeelde word die “vyand” meer spesifiek as korrupsie uitgebeeld. Die oorlog of geveg word dus direk teen korrupsie geloods. In voorbeelde 1 en 2 van propagandatekste word korrupsie duidelik aan die vyand gelykgestel deur onderskeidelik na “fight against corruption” en “war against corruption” te verwys. In voorbeeld 3 word die tyd wat tot op daardie stadium verloop het

rakende die Nkandla-saak, in geheel aan ’n geveg gelykgestel: “...in the **7 year fight**, between 2009 and now…”. Deur korrupsie duidelik as ’n “vyand” voor te stel word ’n gemene vyand tussen die propagandis en die lesersgroep geskep wat ’n gevoel van solidariteit en eenheid met die propagandis by die leser kan oproep. Die propagandis word geskets aan die “regte kant”.

In voorbeelde 1 en 2 van nie-propagandatekste word korrupsie nie so duidelik metafories as die vyand voorgehou soos in propagandatekste nie. Metaforiese taalgebruik word eerder gebruik om ’n oorlogskonteks te skep waarbinne korrupsie as die vyand afgelei sou kon word.

Opponent as vyand, onderdrukker, skuldige
Korrupsie word gelyk gestel aan ’n vyand, skuldige, maar ook die propagandis se opponent en word selfs as onderdrukker uitgebeeld.

Propaganda

1.	It is this **Askari** Hanekom who will do anything to be an obstacle to radical economic transformation and its programmes to **defend** white minority privileges. Teks: *Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*
2.	Daarby is hy nie net deur die Amerikaners gekoop nie. Hy mag dalk net standerd 4 hê, **maar hy is uitgeslape**. Teks: *Mag Zuma nog ’n bietjie uithou*
3.	Ja, **die lang messe is letterlik uit vir Zuma**... Teks: *Mag Zuma nog ’n bietjie uithou*
4.	For Zuma and the ANC, all the years of **evading accountability**, **undermining the Public Protector** via the farcical Nkandla Ad Hoc Committee, **blocking impeachment proceedings and Motions of No Confidence,** and spending millions of rands of public funds **defending Zuma** in every court at every level seemed to have paid off. Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records*

Nie-propaganda

1.	“The merely **unlawful possession** of a **top secret [document] is a breach of the laws**...” Teks: *Nkandla: Minister to probe City Press*
2.	Sy het die Nkandla-verhaal vergelyk met die apartheidsregering se propaganda teen **vryheidsvegters**. “Hulle het ’n prentjie geskep van ’n **kommunis** wat wit mense nooit sal aanvaar nie, **wat die land sal vernietig**.” Teks: *NASIONALE VERGADERING AANVAAR VERSLAG: “Stories oor Jacob Zuma en Nkandla is fiksie”*

In die propagandatekste se voorbeeld 1 word Derek Hanekom as ’n plaaslike, maar kolonialistiese soldaat of “Askari” voorgestel en daarom as beskermer van die wit minderheid se voorregte deur die woord “defend” te gebruik. In voorbeelde 2 en 3 word Zuma as skuldig en ’n vyand uitgebeeld deurdat die outeur hom as “uitgeslape” beskryf en in ’n gevaarsposisie deur die metaforiese gebruik van die “die lang messe is uit vir Zuma” te verkonkretiseer deur die woord “letterlik” te gebruik: “die lang messe is letterlik uit vir Zuma”. In voorbeeld 4 word Zuma en die ANC gelyk gestel aan vegters teen die Reg en teen die Parlement se wil en Zuma word gelyk gestel aan die een wat verdedig moet word. Deur die woorde “seemed to have paid off” te gebruik, berei die DA die veld vir hul intrede as helde wat toe wel die vyand kortgevat het en verder gaan kortvat.

In beide voorbeelde van nie-propaganda word die spesifieke gelykstel van ’n teenparty as vyand in die gebruik van ’n direkte aanhaling gedoen. Die gebruik van die metafoor in hierdie voorbeelde kan daarom nie direk aan die outeur toegeskryf word nie, maar aan die persoon wat aangehaal word. Die metafore is dus in wese konsekwent met wat eintlik in propagandatekste verwag sou word, maar die feit dat dit nie in die stem van die outeur gebruik is nie, maak dat hierdie metafore wel versoenbaar met die versigtige front van nie-propagandatekste is. Soos by vorige talige besprekings genoem is, wil dit voorkom of die verwysing na karakters op ’n nie-linguistiese vlak (vlak 1) en in die geval van metafore, in propagandatekste eerder op egte indekse steun (vgl. Hoofstuk 3; 3.4).

In voorbeeld 1 van nie-propaganda word *City Press* gelykgestel aan ’n vyand van die reg deurdat hulle, volgens Nxesi, onregmatig hoogs vertroulike dokumente in besit gehad het. Hierdeur word die “vyand”-wees verplaas van die beskuldigde (Nxesi) na die beskuldiger (*City Press*) om sodoende aandag te deflekteer. In voorbeeld 2 word klem gelê op die negatiewe en vyandige prentjie wat vroeër deur die apartheidsregering geskep is om lede van die publiek bang te maak vir die ANC. Deurdat Kubayi die apartheidstydgleuf oorbeklemtoon en toepas op hoe die Nkandla-saak hanteer word, is ’n oorveralgemening om sodoende aandag te deflekteer van die omstredenheid wat wel gepaardgaan met die Nkandla-saak.

(b) Propagandis as held

Uit die aard daarvan om ’n oorlog of geveg te hê teen ’n gemeenskaplike vyand, in hierdie geval korrupsie of’n teenparty, word die ruimte gelaat vir die propagandis om as held in te tree en sodoende die leser se vertroue te wen. Die gebruik van hierdie metafoor binne die groter oorlog-metafoorsisteem, kom slegs in propagandatekste prominent voor.

Propaganda

1.	...economic management moves counter to the considered recommendations of the NDP 2030 **initiated and championed** by President Zuma and the ANC government that he leads. Teks: *Don’t undermine Zuma’s leadership*
2.	**The DA will not rest** for as long as the people of South Africa suffer from acts of corruption. We therefore call on citizens to use the Local Government Elections to vote for **the DA, which has a zero tolerance policy when it comes to, inter alia, corruption**. Teks: *HEAD: FULL TEXT: DA responds to Sunday Times’ Nkandla article; SUB: Nkandla: Invoices show Jacob Zuma personally benefitted from palace upgrades*

3.	We re-affirm our commitment to **fighting crime** and **corruption**... Teks: *Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla*

In voorbeeld 1 skets die propagandis die Nasionale Ontwikkelingsplan as die plan wat deur Zuma ondersteun en deur Zuma bepleit word. Na die goeie aspekte van die plan in die teks uiteengesit is, word die leser gelei om Zuma in ’n goeie lig te beskou wanneer die plan en Zuma deur die propagandis met mekaar verbind word. Zuma word sodoende as redder voorgestel. In voorbeeld 2 word die volk aangedui as mense wat swaarkry en daarom juis ’n oplossing of held nodig het. Die DA word dan gelyk gestel aan ’n redder deur aan te dui dat hulle nie sal rus tot die mense van Suid-Afrika nie langer onder korrupsie lei nie. Deur die teks word die ANC en Zuma ook sterk met korrupsie verbind. Daarom is die “vyand” tweeledig: korrupsie en die persone wat aangedui word as dié wat korrupsie pleeg. In voorbeeld 3 stel die propagandis die ANC in ’n soortgelyke posisie, naamlik die bevegters van misdaad en korrupsie en daarom ook die volk se helde.

(c) Volk as slagoffer

Vir die volk of lesers om te “besef” dat hulle ’n held (die propagandis) nodig het, word Suid-Afrikaners gelyk gestel aan ’n slagoffer: ’n groep wat ly, in nood is en eintlik maar passief is.

Propaganda

1.	The sellout Gordhan wants **natives** to be **perennially marginalised** and always **eat the left-overs** dished by Indians and the white minority and its capital network. Gordhan as Gandhi sees black African natives as **a low caste; K****rs** who are **subhuman** and **deserve no status beyond that definition**. Teks: *Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*
2.	Daar sal miskien ’n paar amptenare op ’n laer vlak wees wat **in die moeilikheid sal kom**; **verkieslik ’n paar wittes** soos wat met die Gupta-landing op LMB Waterkloof gebeur het. Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*
3.	The DA will not rest for as long as **the people of South Africa suffer** from acts of corruption. Teks: *HEAD: FULL TEXT: DA responds to Sunday Times’ Nkandla article; SUB: Nkandla: Invoices show Jacob Zuma personally benefitted from palace upgrades*

Nie-propaganda

1.	President Jacob Zuma is expanding his remote family homestead at Nkandla in rural KwaZulu-Natal for a whopping price of R65-million – and **the taxpayer is footing the largest chunk of the bill**. Teks: *Nkandla’s cost: Trapping the mole in the bunker*

In voorbeelde 1 en 2 van propagandatekste word die propagandis se eie groep gelyk gestel aan slagoffers. Sodoende skep die propagandis negatiewe emosies by die leser met die hoop om die leser se behoefte aan uitkoms aan te wakker en, uiteindelik, dat die leser die propagandis sal ondersteun en as held sal identifiseer. Hierdie tegniek kom neer op ’n soort selfdisfemisme. In voorbeeld 1 word swartmense “natives” genoem. Die terme “low caste” en ”K****s” word as fokuspunte van disfemisme gebruik en die persone wat daarmee benoem word, word sodoende as slagoffers geïdentifiseer aangesien hulle (volgens die propagandis) uitgeskuif word en selfs as submenslik beskou word. In voorbeeld 2 word “’n paar wittes” as fokuspunt van disfemisme gestel en word as slagoffers aangedui aangesien hulle onskuldig (volgens die propagandis) eerste “in die moeilikheid sal kom”.

In voorbeeld 3 word die mense van Suid-Afrika meer direk in ’n slagofferposisie van korrupsie geplaas deur die propagandis met, weereens, die duidelike aanduiding van die DA wat in ’n heldeposisie staan en gereed is om uitkoms te bied.

Die gebruik van misleidende of skadelike metafore soos deur Gambrill (2012:307-309) genoem, word duidelik veral wanneer die propagandis woorde in die teenparty se mond lê, sy of haar eie groep afkraak deur byvoorbeeld hulle gelyk te stel aan “low caste K****rs who are subhuman”. Hierdie inligting word ook doelbewus dan deur die propagandis belig om sodoende die aandag van die leser te fokus op wat nodig is vir die propagandis om sy of haar doelwit te bereik, naamlik om emosie by die leser te teiken en sodoende ondersteuning te wen.

In nie-propaganda is dit moeilik om vas te stel wat die outeur se motief was met “– and the taxpayer is footing the largest chunk of the bill.” Dit is moontlik dat die outeur, soortgelyk aan propaganda, emosie by die leser wou laat ontspring veral wanneer die beklemtoning deur sinsplasing in gedagte gehou word. Dit sou wel, anders as propaganda, gebruik kon word om die leser te waarsku wat uiteindelik in hierdie saak as belangrik uitgespeel het. Die punt van waarskuwing lê ook nie by ’n persoon nie, al sou dit die direkte afleiding wees, maar fokus op die Nkandla-saak self.

Die algemene oorlogmetafoor kom in beide nie-propaganda en propagandatekste voor en word gebruik om sekere stelle inligting te belig en ander te verberg. Zuma gebruik die oorlogmetafoor om Hanekom en Gordhan as vyande van die groter, “goeie” stryd voor te stel. Op hierdie manier word Hanekom en Gordhan se sogenaamde negatiewe optrede belig om aandag weg te lei van Zuma, voormalige pres. Zuma en die Guptas en staatskaping. Deur homself (Zuma), voormalige pres. Zuma en die ANC voor te stel as verteenwoordigend van die “ander” kant en daarom gepolariseer staan tot Hanekom en Gordhan, wil dit voorkom of hierdie groep die helde is. Die prentjie in geheel word daarom met behulp van ’n metafoor omgeswaai: dié wat skuldig is, word as onskuldig belig en dié wat onskuldig is, as skuldig.

Dit lyk of die verskil in die gebruik van metafore in propaganda en nie-propaganda daarin gesetel is dat propagandatekste die metafoor gebruik om te polariseer teenoor nie-propagandatekste waar metafoor gebruik word om ’n situasie beter aan die leser te belig of te informeer. Korrupsie word tot ’n meerdere mate in propaganda as ’n vyand beskryf met die party wat die teks skryf as die helde in die situasie. Korrupsie word belig sodat die politieke partye as positief belig kan word. Wat moontlik in hierdie geval nie aandag kry nie, is wanneer ’n politieke party of partye self verdink word van korrupsie. Deur hulself as in ’n heldeposisie te plaas, word moontlike verdenking weggeneem aangesien iemand wat teen korrupsie veg nie self verdink kan word van korrupsie nie.

By metafoorgebruik word die belangrikheid van aanhalings in die studie benadruk. Soms kom metafoorgebruik in nie-propagandatekste as deel van bronverwysings voor. Hierteenoor wil dit voorkom of metafore in propagandatekste oorwegend direk deur die propagandis in die teks ingewerk word.

In geheel binne die oorlogsmetafoor wil dit voorkom of die propagandis as die held voorgehou word, die teenstander as die opponent, skuldige of onderdrukker en dat dié twee partye in ’n stryd met mekaar gewikkel is. Die volk word as die slagoffers of benadeeldes uitgebeeld, wat daarom ’n held, soos die aangewese party, nodig het om hulle te “red” van hulle situasie. Soos reeds duidelik na vore kom, is die versluiering van inligting vir die propagandis belangrik om onder meer die teenstanders of opponente op ’n spesfieke en negatiewe manier aan die lesers uit te beeld.

5.7.2 Versluiering: Opponente is leuenaars

Propaganda

1.	This judgement **is proof of the many lies** that the DA tells about the ANC to the people of South Africa to **mask** that they have nothing to offer the electorate except for a consistent anti-ANC offensive **not rooted in fact or reality**… Teks*: Electoral Court orders DA to retract false accusation against President Zuma*
2.	...saying that white Monopoly Capital and Radical Economic Transformation are Bell Pottinger phrases **crafted** in London and not of the Congress Movement at large – show us he would do anything to **distort** the harsh pathetic economic reality that Africans and blacks experience. Teks*: Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*
3.	The DA has tried to **woo voters** through **deceit**, trying to steal the elections and have failed. Teks*: Electoral Court orders DA to retract false accusation against President Zuma*
4.	...is clear from this part of the Act that Jacob Zuma still owes tax monies for benefits he derived from the act of **swindling** the people of South Africa. Teks: *DA responds to Sunday Times’ Nkandla article; Nkandla: Invoices show Jacob Zuma personally benefitted from palace upgrades*

Nie-propganda

1.	Singh sê die steun vir die mosie beteken nie die IVP glo Zuma **is onskuldig nie**. “Inteendeel, daar is nog baie wat beantwoord moet word. **Die president kan byvoorbeeld nie sê hy het nie geweet wat in sy agterplaas aangaan nie**.” Teks: *Nkandla: wat nou?*
2.	Mmamoloko Kubayi, senior ANC-LP en lid van die Nkandla-komitee, het gesê die **storie** dat Nkandla weelderig is en die beeste en hoenders daar ’n beter lewe het as baie Suid-Afrikaners, is ’n **denkbeeldige verhaal**. “Dit is ’n doelbewuste poging om die ANC-leierskorps en sy regering te **diskrediteer**. Tot wie se voordeel is **dié narratief** geskep en **aan ons as die waarheid aangebied**?”

	Teks: *NASIONALE VERGADERING AANVAAR VERSLAG: "Stories oor Jacob Zuma en Nkandla is fiksie "*

Die idee van die verheldering en verberging (of versluiering) van inligting word duidelik in die bostaande metafoorgebruik in beide groepe tekste. Inligting word op so 'n manier aangebied en belig dat sekere sake gedeflekteer word. Sekere inligting wat 'n propagandis kan laat voorkom as skuldig word uitgelig met behulp van byvoorbeeld die metafoor van 'n "storie" of "verhaal". Inligting kan ook aangebied word deur van disfemisme gebruik te maak en sodoende die teenparty gelyk te stel aan 'n leuenaar.

In voorbeeld 1 van propagandatekste word die DA gelyk gestel aan 'n gemaskerde wat Suid-Afrikaners 'n rat voor die oë probeer draai deur hul ware, leuenaarsidentiteit weg te steek. Deur die inligting van die SMS wat die DA gestuur het te gebruik, gebruik die ANC die geleentheid om die DA in 'n disfemistiese lig te plaas en die leser verder negatief teenoor die party in te stel. Hier kan ook reeds 'n mate van defleksie wees indien die propagandis ingelig genoeg was om te weet dat daar wel ten dele waarheid in die DA se SMS gesit het. Die propagandis kies dus sy teiken, naamlik die DA self, en nie die inligting wat vervat is in die SMS nie. Op hierdie manier word negatiewe inligting van die DA deur onder meer metafoorgebruik belig met die gevolg dat die ANC moontlik die aandag weglei van die probleem wat in die SMS aangedui is. Hierdie soort defleksie sou ook moontlik 'n manier van tydkoop kon meebring vir die ANC om intern die probleem aan te spreek. In voorbeeld 3 stel die DA vir Zuma gelyk aan 'n bedrieër wat feitelik nie noodwendig verkeerd is nie en ook as 'n soort waarskuwing kan dien, maar uiteindelik gebruik word om 'n baie spesifieke doel te bereik, naamlik om die leser oor te haal om die DA te ondersteun.

In die nie-propaganda-voorbeelde kom die metafore wat gebruik word om die waarheid op verskillende maniere voor te stel, slegs in 'n verwysing of aanhaling voor wat weer 'n situasie skep waar sekere taalfaktore in 'n teks voorkom en nie aan die outeur toegeskryf kan word nie. In voorbeeld 1 verwys Singh na Zuma wat nie sou kon wegkom deur te sê dat hy nie weet wat in sy "agterplaas" aangaan nie. In hierdie geval sou "agterplaas" metonimies vir die Nkandla-woning kon dien en die idee van Zuma wat sy kop wegdraai en daarom kies om 'n sekere deel van die waarheid te vermy, word geskets. In voorbeeld 2 gebruik Kubayi die idee van 'n storie of verhaal wat in die lig van 'n wolhaarstorie bedoel word. Die propagandis belig hierdeur die teenparty se sogenaamde skuld, en verberg hul eie. Sodoende word die aandag en skuld weggedeflekteer van die propagandis af.

Metafore wat die waarheid op 'n sekere manier aan die leser bied, laat die lig lval op sekere aspekte wat die propagandis wil hê die leser moet raaksien. Op hierdie manier kan die propagandis ook aandag deflekteer deur die waarheid as 'n "storie" of "narratief" af te maak, en die regte "storie" of onwaarheid, as die waarheid opdis. Die gebruik van hierdie metafoor kom ook in nie-propagandatekste voor, maar slegs wanneer die outeur 'n indirekte of direkte verwysing na 'n bron maak en kan daarom nie direk aan die outeur toegeskryf word nie. Metafore kan dus wel as misleidend gebruik word. Die gebruik van metafore om sekere stukke inligting te belig en daarmee saam sekere stukke inligting in propagandatekste te verberg, sluit aan by vlak 4 van die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel waar die tipe inligting wat in 'n teks ingesluit is, identifiseer word (Hoofstuk 3; 3.4).

5.7.3 Abjekte / Groteske: Opponente is afskuwelike persone

Deur negatiewe metafore te gebruik om ’n opponent op ’n sekere manier aan die leser voor te stel, kan metafore gevolglik ook die leser mislei deur die opponent nie korrek of realisties aan die leser voor te stel nie. Hierdie metaforiese sisteem word verdeel in die metaforiese voorstelling van opponente as diere en as ’n siek of afskuwelike persoon.

(a) Opponente is diere

Propaganda

1.	This white Afrikaner, anti majoritarian sell out was chuffed and at great ease, whether it was a slip of tongue or not, but nevertheless a reflection of a general white mindset that **blacks are bestial and reckless**… Teks: *Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*
2.	It was at the ANC’s recent 5th National Policy Conference of the ANC that Derek Hanekom, a white, white monopoly capitalist offspring – who is no better than a **vile dog trained to maul a black skin**, showed us his true colours… Teks: *Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*
3.	It is unacceptable that Zuma can be allowed to **trample** on the institution of Parliament... Teks: *DA responds to Sunday Times’ Nkandla article; Nkandla: Invoices show Jacob Zuma personally benefitted from palace upgrades*
4.	Nkandla is dus nie net Zuma en sy binnekring se skuld nie. Die skuld vir Nkandla lê voor die deur van die sowat 12 miljoen kiesers wat in 2009 vir die ANC gestem het. Ek moet bieg dat ek nie eens die psige van hierdie kiesers probeer verstaan nie. Laat ek dus nie spekuleer of hulle a) **nie die verstandelike kapasiteit** het om tussen reg en verkeerd te onderskei nie, of b) die plunder van belastinggeld nie in hulle kultuur as verkeerd beskou nie. Die punt is dat Nkandla gebou is omdat die ANC weet dat hierdie einste **stemvee** weer vir hom gaan stem. Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*

Nie-propaganda

1.	Nkandla’s cost: **Trapping the mole** in the bunker Teks: *Nkandla’s cost: Trapping the mole in the bunker*

In voorbeeld 1 van propagandatekste word self-disfemisme deur die propagandis in plek gestel om, soos Gambril (2012:307-309) uitwys, deur ’n negatiewe metafoor te gebruik, negatiewe emosie by die lesers teenoor die opponent uit te lok. Swartmense word deur die propagandis self as dierlik beskryf. Hierdie metafoor word onregmatig toegeken aan en veralgemeen as witmense se denke jeens swartmense. Op hierdie manier word die propagandis se teenstander as ’n soort objek daargestel en waarheen die lesers se emosie geprojekteer moet word, sodat die propagandis soos ’n held lyk en sodat die propagandis sodoende die leser se ondersteuning kry. In die geval van hierdie teks is daar

wel die verdere defleksie-tegniek wat bykom, aangesien Zuma die aandag weg probeer lei van die ware skuldige partye.

In voorbeeld 2 word dieselfde tegniek ook vroeër in die teks gebruik, maar op twee verskillende maniere: deur self-disfemisme, maar ook disfemisme van Derek Hanekom as teenparty. Die propagandis stel Derek Hanekom gelyk aan ’n aaklige hond wat afgerig is om swartmense te verskeur. Deur nie na swartmense te verwys as “mense” nie maar na “a black skin” en sodoende die menslike aard weg te neem, maak die propagandis van self-disfemisme gebruik om deur beide hierdie maniere emosie by die leser te wek. In voorbeeld 3 word Zuma gelyk gestel aan iets soortgelyks aan ’n olifant wat die Parlement as (demokratiese) staatsinstelling vertrap en dus minag deur slegs die werkwoord “trample” te gebruik.

In voorbeeld 4 maak die propagandis van die dierlike metafoor gebruik deur die stemmers van en vir die ANC as vee te bestempel. Gepaardgaande hiermee word ook gefokus op die stemmers se verstandelike kapasiteit wat ook by die idee van vee wat nie dink nie en net doen, aansluit.

In nie-propagandatekste kom daar slegs een keer voor waar ’n outeur iemand met behulp van ’n dierlike metafoor voorstel en dit is in die titel van die teks *Nkandla’s cost: Trapping the mole in the bunker* waar die outeur sinspeel op Nxesi se verwysing na ’n “mole” wat inligting uitgegee het vanuit die departement, wat ongehoord is. Selfs die gebruik van die woord “trapping” sluit ook aan by die dierlike metafoor. Die gebruik van die metafoor vorm daarom ’n soort tong-in-die-kies-kommentaar deur die outeur en dien as verwysing van dit wat Nxesi self gesê het, maar lewer ook kommentaar op die situasie en die geslotenheid daarvan deur die woord “bunker” te gebruik.

In die propagandavoorbeelde word dierlike metafore dus in hoofsaak gebruik om negatiewe eienskappe van die opponent uit te lig (disfemisme) of deur die propagandis se eie groep te kritiseer, asof vanuit die opponent se rigting (self-disfemisme). Beide hierdie tegnieke word gebruik om emosie by die leser te skep, wat weer moet uitloop op ondersteuning vir die propagandis. Gambrill (2012:307-309) se beskrywing van metafoorgebruik kom daarom heel akkuraat voor: sy verwys spesifiek na metafoorgebruik in propaganda wat skadelik of misleidend kan wees.

Wat uitgewys moet word, is dat ’n soortgelyke metafoor ook in ’n nie-propagandateks voorkom en selfs ook gebruik word om Nxesi in ’n sin te spot. Selfs die term “mole” sou na Nxesi kon verwys as vasgekeerde na inligting oor Nkandla begin bekend raak. Hier is dus ook ’n grensgeval wat die moontlike gebruik van ’n propagandategniek in nie-propaganda betref. Wat die gebruik van die terme anders sou kon maak as in propagandatekste, is dat daar selfs steeds ’n soort verwysing voorkom: Die outeur speel met ’n term wat self deur Nxesi gebruik is en skep dit nie van nuuts af nie. Tog is dit ’n soort woordkuns wat ook met propagandategnieke geassosieer word.

(b) Opponent is ’n siek, afskuwelike persoon

’n Tweede uitvloeisel van die abjekte of groteske metafoorsisteem, is die voorstel van ’n opponent as ’n siek of afskuwelike persoon.

Propaganda

1.	It was during one of the economic transformation commission sessions that this minority champion white racist Afrikaner anti-majoritarian sell out **vomited** on our native black people – the ANC, its comrades, and on our quest to address the economic and the historical land

	dispossession of our people – by saying the call for 'expropriation without compensation' is nonsense. Teks: *Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*
2.	This **gutter discourse**, this show of ingrained white paternalism and condescending **sewer talk** against our native black people and their dispossession exposes Hanekom as another Afrikaner white master… Teks: *Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*

Nie-propaganda

1.	But as it has raised the **toxic subject** of race once again, the scandal has brought South Africa to the brink. Teks: *Zuma no-confidence vote: Will 'the Zuptas' fall in South Africa?*

Die propagandis kritiseer Hanekom sterk deur sy uitlatings oor grondonteiening sonder vergoeding voor te stel as om naar te word oor verskeie belangrike elemente. Deur die woord "vomited" te gebruik en daarna uit te brei oor wie almal, is die propagandis met opset weereens besig om met behulp van 'n negatiewe metafoor emosie by die lesers te wek. In voorbeeld 2 van propagandatekste word die woorde "gutter discourse" en "sewer talk" gebruik. Die propagandis vergelyk wat Hanekom sê teen Zuma en die ANC as gelykstaande aan dít wat in 'n drein hoort. Hanekom word dus deurlopend, ook hierdeur, geteiken met behulp van disfemise.

In nie-propaganda is die enigste soortgelyke voorbeeld wat voorkom, die gebruik van "toxic" ter verduideliking waaraan die rasse-gesprekstema gelykgestel kan word. Die verskil is hier dus duidelik, naamlik dat mense in die propagandatekste geteiken word teenoor iets nie-lewends in die nie-propagandateks.

5.7.4 Samevatting

Deur die drie prominente metafoorsisteme te oorweeg wat hierbo aangeraak is, kan 'n betroubare aanduiding verkry word vir hoe metafore voorkom in propagandatekste en nie-propagandatekste en hoe dit soms dieselfde, maar ook funksioneel verskillend gebruik word.

Binne die oorlogmetafoor is daar heelwat algemene oorlogterminologie wat gebruik word. In propagandatekste word hierdie terme gebruik om twee pole te skep, naamlik die propagandis as held en die teenparty as vyand. In nie-propaganda word hierdie metafoor gebruik om 'n saak te beskryf aan 'n leser. Die verskil sou duidelik onderskei kon word as propagandategnieke wat 'n interpersoonlike funksie vervul en die nie-propagandateks wat hoofsaaklik 'n ideasionele funksie vervul, alhoewel die een en die ander funksie tog ook figureer by die twee teksgroepe.

Uiteindelik is daar ook in 'n oorlogsituasie 'n vyand wat geïdentifiseer kan word en selfs slagoffers. In hierdie geval word nie net die teenparty van die propagandis as 'n vyand geklassifiseer nie, maar selfs korrupsie in geheel. Korrupsie kan wel ook verder dan geassosieer word met die propagandis se teenparty. Die mense van Suid-Afrika word as die slagoffers beskryf, wat nie noodwendig verkeerd is nie, maar die propagandis gebruik hierdie posisie tot sy of haar voordeel om uiteindelik doelbewus die held-posisie in te neem en sodoende die leser se vertroue te wen. Lakoff en Wehling (2016:21) verduidelik dat sekere metafore deel word van die ontvanger se algemene opvatting en boonop asof dit die enigste, onbevraagtekenbare en inherent regmatige, gedeelde opvatting van 'n saak is. Dit is

moontlik dat ’n propagandis juis ’n teikengroep op hierdie punt wil bring waar gesonde en kritiese argumentasie wegval. Op hierdie manier kan die propagandis ’n vereenvoudigde weergawe van die realiteit aan die ontvanger bied.

Metafore sou ook gebruik kon word om, soos Lakoff en Johnson (1980:10) dit beskryf, sekere soorte inligting te belig of verhelder met die direkte gevolg dat ander dele inligting verberg word. Die waarheid word dikwels as leuens voorgehou en leuens as waarheid en sodoende kan die propagandis die aandag van hom of haar af deflekteer. Nie-propaganda maak ook hiervan gebruik, maar in hierdie geval van nie-propagandatekste, kom die soortgelyke gebruik van metafore slegs in aanhalings voor.

Gambrill (2012:307-309) se verwysing na metafoorgebruik in propaganda as skadelik of misleidend en met die doel om die teikengehoor met behulp van emosionele uitwerkings en verbandhoudende assosiasies te oorreed, dien as ’n goeie opsomming van metafore in propagandatekste. Hierdie proses word wel deurlopend deur disfemisme ondersteun en sluit daarom by Bolinger (1980:140) aan wat op polarisering deur etikettering, wat eufemisme en disfemisme insluit, te fokus. Soortgelyke metafore kom ook in nie-propagandatekste voor, maar dikwels nie in die dieselfde sin van die woord nie. Sommige van die negatiewe metafoorgebruike kom in nie-propagandatekste voor, byvoorbeeld die gebruik van “mole”, maar hiérdie tipe metafoorgebruik kan selfs as ’n grensgeval beskou word tussen die implementering van ’n propagandategniek in die teks of nie. Die metaforiese gebruik van “mole” is ook oorspronklik deur Nxesi gebruik en vorm daarom ’n soort verwysing.

Metafore blyk ’n belangrike rol te speel deurdat die propagandis verskillende tegnieke, selfs op een slag, in ’n teks deur die gebruik daarvan kan implementeer (vgl. vlak 6; Hoofstuk 3; 3.4-3.6). Deur metafoorgebruik kan hierdie tegnieke saamwerk tot voordeel van die propagandis se doel soos op vlak 3 van die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel bepaal word (vgl. Hoofstuk 3; 3.4-3.6).

5.8 Gevolgtrekking

Die studie is kwalitatief, maar in die linguistiese analise bied ’n kwantitatiewe analise by elke woordgroep en verál by objektiewe en subjektiewe vorme van daardie woordgroep, ’n goeie idee van moontlike ooreenkomste en hoofsaaklik verskille tussen nie-propagandatekste en propagandatekste. Hierdie ooreenkomste of verskille bied ’n konkrete vertrekpunt vir verdere ondersoek en spesifiek om op die gebruik van evaluerende taalgebruik te kan ingaan.

By objektiewe vorme wat elke hoofbespreking inlei, word dit duidelik dat sekere taalelemente as “normale taalgebruik” wat vir enige teks nodig is en daarom as ’n gedeelde eienskap tussen propaganda en nie-propaganda kan dien. Teen hierdie neutrale agtergrond as maatstaf is daar wel sommige subjektiewe, strategiese uitsonderings wat ’n groter frekwensie in propaganda het, alhoewel dit oorhoofs dikwels nie ’n hoë absolute frekwensie het nie.

Subjektiewe naamwoorde kom in beide nie-propaganda- en propagandatekste voor. Daar is wel ’n groot verskil in die frekwensie subjektiewe naamwoorde in die onderskeie teksgroepe. Subjektiewe naamwoorde kom in nie-propagandatekste 43 (0,68 per 100 woorde) keer voor en byna drie keer soveel in propagandatekste op 134 (2,02 per 100 woorde).

In nie-propagandatekste wil dit voorkom of die subjektiewe vorme om sensasionele redes gebruik word om daardeur die leser se aandag te trek. Hierteenoor word subjektiewe vorme in propagandatekste gebruik om sekere tegnieke te implementeer, byvoorbeeld disfemisme deur etikettering en daarmee saam, polarisering. Hierdie tegnieke sluit by Bolinger (1980:77) se funksies van naamwoorde as evaluerende taal aan. Nuutskeppings wat onder die tegniek “Newspeak” sorteer, kom ook as ’n belangrike manier na vore om deur middel van naamwoorde, waninformasie en

disinformasie te skep. Naamwoorde beskik oor die algemeen oor die potensiaal om deur middel van die bogenoemde tegnieke duidelik die doel van die propagandis uit te bou.

Black (2001:133) verwys spesifiek na abstrakte selfstandige naamwoorde as kenmerkend van propaganda aangesien hierdie naamwoorde in teenstelling met empiriese bevestiging van feite staan. Na afloop van die analise wil dit voorkom of abstrakte selfstandige naamwoorde tog in hierdie verband gebruik word. Soortgelyke selfstandige naamwoorde kom ook in nie-propagandatekste voor, maar in bronverwysings. Abstrakte selfstandige naamwoorde kan gebruik word vir hul inhoudelike, objektiewe betekenis, maar soms word dieselfde naamwoord gebruik vir tegnieke soos defleksie en vereenvoudiging.

Naamwoorde kan dus vir spesifieke propagandategnieke gebruik word. Soms word konkrete naamwoorde ook ’n belangrike werktuig in die propagandis se hand deurdat hierdie soort naamwoorde propagandategnieke soos emotiewe taal, disfemisme en etikettering voortbring. Verder kan naamwoorde herhaal word met behulp van leksikale kohesie wat weer beklemtoning voortbring. Soms word die verbintenis tussen naamwoorde en metafore duidelik wanneer byvoorbeeld die DA as helde en bevegters van korrupsie aan die teikengroep bekendgestel word, hetsy deur ’n onderliggende boodskap, of ’n meer spesifieke boodskap. Naamwoorde word verder gebruik vir tegnieke soos die skuif van terme se definisies, mistifikasie en eufemisme asook slagspreuke, beklemtoning van tydsperspektiewe, leksikale verharding, die skuif van definisies en Newspeak. Selfs defleksie kan met behulp van naamwoorde bewerkstellig word. Samevattend wil dit voorkom of naamwoorde ’n hulpbron van semantiese manipulasie vir die propagandis is op verskillende maniere en soos die propagandis dit nodig kry.

Die nasionaliteit van ’n spesifieke individu kan gebruik word om iemand te etiketteer (vgl. Bolinger, 1980:79). Deurdat die propagandis met naamwoorde en adjektiewe ’n individu se nasionaliteit op ’n sekere manier uitbeeld, kan die propagandis op ’n spesifieke groep fokus en daarom op die teikengroep se reeds bestaande vrese wat stereotipes bevestig en die lesers se emosies op hierdie groep rig (vgl. Doob, 1950:440; Jowett & O’Donnell, 2012:301, 308, 299; Miller, 1937:210-217). Anders as in propaganda word nasionale vorme in nie-propaganda dikwels gebruik as beskrywend eerder as evaluerend.

Kwantifiseerders kan, soortgelyk aan wat Gambrill (2012:310-311) aandui, gebruik word om meer betekenis in ’n woord in te sluit deurdat vae terme in die vorm van nie-spesifieke kwantifiseerders gebruik word. Daar is ongeveer dubbeld soveel nie-spesifieke kwantifiseerders in propagandatekste as in nie-propagandatekste. Nie-spesifieke kwantifiseerders kom 12 keer (oftewel 0,19 per 100 woorde) in nie-propagandatekste voor terwyl hul 24 keer (0,36 per 100 woorde) in propagandatekste voorkom. Nie-spesifieke kwantifiseerders kan in nie-propaganda gebruik word om onsekerheid aan te toon waar dit in propaganda gebruik word as ’n manier om te veralgemeen en te oordryf.

Wat spesifieke kwantifiseerders betref, is daar meer vorme wat in nie-propaganda voorkom op 101 (1,61 per 100 woorde) teenoor propaganda op 92 (1,39 per 100 woorde). Daar is dus 16% meer spesifieke kwantifiseerders in nie-propagandatekste in vergelyking met propagandatekste. Spesifieke kwantifiseerders word in nie-propaganda gebruik om ’n teks feitelik te staaf. Hierteenoor kan spesifieke kwantifiseerders, aan die ander kant, ook ’n nuttige hulpmiddel vir die propagandis wees om ’n teks informatief te maak om hierdeur die leser se vertroue te wen. Die propagandis boots met behulp van spesifiekheid, deur onder meer spesifieke kwantifiseerders, ’n wetenskapsdiskoers na. Aangesien spesifiekheid verwag word in mediatekste, sou die gebruik van spesfieke kwantifiseerders in propagandatekste met ’n soortgelyke aard as die naboots van mediadiskoers bestempel kon word.

Spesifieke kwantifiseerders kan daarom steeds as meer prominent in nie-propagandatekste beskou word.

Die aantal voornaamwoorde in nie-propaganda- en propagandatekste is ongeveer dieselfde. Voornaamwoorde in nie-propagandatekste word hoofsaaklik vir ’n tekstuele funksie gebruik en daarom nie om noodwendig ekstra betekenislae te skep nie. Dieselfde “generiese” gebruik van voornaamwoorde kom ook in propagandatekste voor, maar propagandatekste gebruik graag voornaamwoorde ook vir die skep van ekstra betekenislae. Hierdie voorkeur word duidelik in verál die voorkoms van die emfatiese gebruike van voornaamwoorde wat slegs tot propagandatekste beperk is en in dié dat selfs kataforiese gebruike van voornaamwoorde in propagandatekste soortgelyk aan emfatiese voornaamwoorde realiseer.

Emfatiese voornaamwoorde word in propaganda gebruik om vanuit ’n afstandsposisie afkeur aan te toon en sodoende disfemisties te wees teenoor die propagandis se teenparty. Propagandatekste toon daarom ’n voorkeur vir hierdie vorme en kan gebruik word om afstand te skep en sodoende aandag te deflekteer. Die plasing van ’n voornaamwoord kan strategies deur die propagandis gedoen word, deur byvoorbeeld ’n leser te lei deur middel van ’n vraag-en-antwoord-struktuur. Voornaamwoorde kan op ’n tekstuele vlak gebruik word om te beklemtoon, ’n strategie wat eie is aan propagandatekste.

Wat besitlike voonaamwoorde betref, is daar byna dubbel soveel in propagandatekste teenwoordig as in nie-propagandatekste. Buiten vir die algemene funksie van hierdie voornaamwoorde, kan besitlike voornaamwoorde in propagandatekste vir defleksie en polarisering gebruik word. Sekere persoonlike voornaamwoorde vervul ’n soortgelyke funksie as besitlike voornaamwoorde in ’n propagandateks. Deur middel van referensiële kohesie kan daar met behulp van herhaling klem gelê word op aspekte wat skeiding tussen groepe kan meebring, of ’n interne, verenigde gevoel kan beklemtoon. In geheel kan besitlike en persoonlike voornaamwoorde gebruik word om ’n rookskerm te skep.

Aanwysende voornaamwoorde is 150% meer frekwent in propaganda as in nie-propaganda. Anaforiese voornaamwoorde kom meer in propaganda voor, maar word funksioneel soortgelyk aan nie-propagandatekste gebruik. Kataforiese voornaamwoorde kom glad nie in nie-propaganda voor nie en slegs drie keer in propaganda en kan in propaganda gebruik word om groepe duidelik aan te toon. Emfatiese voornaamwoorde kom ook nie in nie-propagandatekste voor nie, maar wel ses keer in propagandatekste.

Die gesamentlike gebruik van verskillende woordsoorte in kollokasies kan ’n sekere idee op ’n paar maniere versterk. Die intensiteit van swartmense se swaarkry word byvoorbeeld deur die propagandis soos volg beskryf: “*harsh pathetic economic reality*” (***P:** Open letter [2017]*). In hierdie voorbeeld gebruik Zuma weer ’n kollokasie om die idee dat Gordhan ’n verraaier en nepotis is, te beklemtoon: “*white-minority-capital kith and kin network*” (***P:** Open letter [2017]*). Sekere kollokasies sou deur leksikale kohesie ’n soortgelyke status aan slagspreuke kon verkry, byvoorbeeld die idee van *“white Monopoly Capital”* en *“Radical Economic Transformation”* (***P:** Open letter [2017]*). Kollokasies kan uitloop op iets soortgelyk aan slagspreuke met behulp van semantiese betekenisskuiwe wat uiteindelik weer by propagandategnieke soos leksikale verharding en Newspeak aansluit. Naamwoorde en adjektiewe word gebruik om kollokasies saam te stel wat ’n oormatige gebruik van woorde illustreer asook herhaling wat lei tot beklemtoning.

Hierdie kollokasies kan so ingerig word om dieselfde soort funksie as ’n slagspreuk te vervul, maar kan ook gebruik word om, deur herhaling en beklemtoning, die propagandis se teenparty met behulp van disfemisme te etiketteer. Bolinger (1980:79) se verwysing na die saamgebruik van adjektiewe en

naamwoorde as vaste, semantiese uitdrukkings wat met tyd kan ontstaan kan uitgebrei word deur na kollokasies wat vir ander doeleindes, soos hier bo aangedui, ontstaan of gebruik word. Kollokasies vind ook tussen meer as een naamwoorde plaas.

Adjektiewe kom in beide groepe tekste voor en kan daarom van naderby ondersoek word om die spesifieke verskille en ooreenkomste tussen propaganda en nie-propaganda te bepaal. Daar is meer beskrywingsadjektiewe in propagandatekste op 172 (2,59 per 100 woorde) as in nie-propagandatekste op 123 (1,96 per 100 woorde). Daar is dus 32% meer beskrywingsadjektiewe in propagandatekste as in nie-propagandatekste. Hierteenoor kom klassifiseerders ook meer in propagandatekste voor op 269 (4,05 per 100 woorde) teenoor nie-propagandatekste op 181 (2,88 per 100 woorde). Die verskil in klassifiseerders tussen die twee teksgroepe staan op 41% meer klassifiseerders in propagandatekste as in nie-propagandatekste. Wanneer die verskil tussen die aantal beskrywingsadjektiewe en klassifiseerders in propagandatekste oorweeg word, is daar 56% meer klassifiseerders in propagandatekste as beskrywingsadjektiewe.

Beskrywingsadjektiewe kan gebruik word vir propagandategnieke soos etikettering en disfemisme, byvoorbeeld deur ’n “staatsleier” as “halsstarrig” te etiketteer (***P:*** *Zuma uithou [2016]*). Klassifiseerders kan ook vir etiketteringsdoeleindes gebruik word – en dus as hulp vir die propagandis om sy of haar oordeel oor die ding of ’n persoon uit te spreek – deur ’n spesifieke klassifikasie van die ding of persoon te maak. Wanneer adjektiewe volgens objektief of subjektief verdeel word, lyk die frekwensie soos volg: In die nie-propagandateksgroep kom daar 230 (3,66 per 100 woorde) objektiewe vorme voor waarvan agt vorme Nasionaal is en 74 (1,18 per 100 woorde) subjektiewe vorme waarvan een Nasionaal is. Hierteenoor kom daar 251 (3,78 per 100 woorde) objektiewe vorme voor waarvan drie Nasionaal is en 189 (2,85 per 100 woorde) subjektiewe vorme voor waarvan 37 Nasionale vorme is. Daar is dus heelwat meer subjektiewe adjektiewe in propagandatekste as in nie-propagandatekste.

Die verskil in die gebruik van subjektiewe adjektiewe in die onderskeie teksgroepe is dat die subjektiewe vorme in nie-propagandatekste meestal gerasionaliseer word deur duidelike regeverdiging te bied vir die geldigheid van die gebruik van ’n subjektiewe adjektief. Hierteenoor gee ’n propagandis dikwels nie ’n verduideliking of bewyse vir die gebruik van ’n subjektiewe adjektief nie. Waar “whopping” (***NP:*** *R65m splurge [2009]*) byvoorbeeld in ’n nie-propagandatekste gebruik word, word dit tesame met die bedrag van R65 miljoen gebruik wat die betekenis van “whopping” regverdig. Hierteenoor word ’n beskrywing van Hanekom as “vile dog” (***P:*** *Open letter [2017]*) gegee sonder om voldoende bewyse vir die stelling te bied en veral binne die groter staatskapinggesprek. Die gebruik van subjektiewe vorme in tekste kan verder met behulp van die waardebeoordelingsteorie en outeursbetrokkenheid gedoen word.

Subjektiewe adjektiewe lê in al drie beoordelingskategorieë hoër in propagandatekste as in nie-propagandatekste waarvan waarderingsvorme die hoogste is. Dit wil voorkom of ’n propagandis eerder van Waardering en Oordeel gebruik sal maak aangesien die propagandis se persoonlike betrokkenheid meer indirek of ingebed in hierdie vorme is teenoor ’n direkte bekendmaak van die propagandis se emosie wanneer dit by Affek kom. Outeursbetrokkenheid raak belangrik om te kan onderskei wanneer ’n subjektiewe vorm direk aan ’n outeur of propagandis toegeskryf word.

Met outeurspesifieke vorme op 158 keer in propagandatekste en 31 keer in nie-propagandatekste, is dit duidelik dat ’n outeur eerder mik om in nie-propagandatekste nie direk betrokke te wees nie. ’n Propagandis, hierteenoor, poog dus juis om sy of haar eie stem in ’n teks duidelik te maak wat ook die laer frekwensie bronverwysings in propagandatekste regverdig vergeleke met nie-propagandatekste.

Indien ’n propagandis wél van bronverwysings gebruikmaak, is dit om sy of haar standpunt te ondersteun deur ’n ondersteunende bron aan te haal wat simboliese oordrag as propagandategniek behels, of om ’n bron aan te haal sodat die propagandis sy of haar opponent se direkte woorde (wat soms verdraai is) kan kritiseer. ’n Propagandis poog dus om wetenskaps- of mediadiskoers na te boots.

Wanneer dit by die werkwoordgroep kom, sou dit moontlik wees om sekere werkwoorde wat losstaande as objektief geklassifiseer is, met behulp van die groter werkwoordkollokasies waarbinne hierdie werkwoorde voorkom, as subjektief te verstaan. Naamwoorde, adjektiewe en adverbia speel daarom gesamentlik ’n rol by interpretasie van mekaar en ook spesifiek werkwoorde.

Soos by die nominale groep, vorm werkwoorde oor die algemeen in beide groepe tekste deel van die gewone, neutrale of dan objektiewe taalelemente wat nodig is vir die realisering van ’n teks. Die verskil tussen objektiewe werkwoorde in nie-propaganda- en propagandatekste is een meer objektiewe werkwoord per 100 woorde in nie-propaganda as in propaganda met nie-propaganda op 340 (5,41 keer per 100 woorde) keer en propaganda op 296 (4,46 keer per 100 woorde) keer. Die verskil in subjektiewe vorme is ook klein tussen die teksgroepe met nie-propagandatekste op tien (0,16 keer per 100 woorde) en propagandatekste op 16 (0,24 keer per 100 woorde). Werkwoorde sou daarom in die groter werkwoordstuk oorweeg kon word om verskille tussen die teksgroepe te bepaal.

Soms is dit moontlik dat werkwoorde wat aanvanklik en losstaande as objektief geklassifiseer word eerder in konteks oorweeg behoort te word aangesien die groter werkwoordstuk ’n invloed hierop kan uitoefen. Die idee dat taal soms op die oog af neutraal lyk, maar eintlik semanties gelaai is, sluit aan by Bolinger (1980:88). Dit kom voor of werkwoorde ’n minder deurslaggewende rol speel as naamwoorde en adjektiewe, soos Bolinger (1980:80) aangedui het, en dat woordsoorte soos werkwoorde en naamwoorde gesamentlik ingespan kan word om ’n evaluerende idee oor te dra (Bolinger, 1980:79).

Werkwoorde in oordrewe vorme kan gebruik word om disfemisme in ’n teks te skep. Die gebruik van byvoorbeeld die werkwoord “baljaar” om te verwys na joernaliste of ander persone wat met die pers geassosieer word, is ’n oordrewe gebruik om joernaliste as opportuniste voor te stel wat die situasie uitbuit en dit boonop as vermaaklik vind. Subjektiewe werkwoorde kan oor die algemeen byvoorbeeld soos volg verstaan word: 1. Konvensionele konnotasie en waardeoordeel, 2. Die insluit van adverbiale (en modale) deur van interpersoonlike of beoordelende betekenis gebruik te maak, en 3. Metaforiese verskuiwing buite die grens van die gekonvensionaliseerde metaforiese gebruik. Werkwoorde kan daarom gekies word volgens die semantiese lading daarvan en wat in die woord self opgesluit lê. Dit is moontlik dat subjektiewe adverbia (en selfs subjektiewe modale) saam met ’n subjektiewe werkwoord gebruik kan word om die spesifieke subjektiewe betekenis wat die propagandis wil gebruik, te beklemtoon. Subjektiewe werkwoorde kan ook gekies word om met behulp van metaforiese materiaal wat buite die grens van die gekonvensionaliseerde metaforiese gebruik val, die een of ander faset te beklemtoon. Soortgelyk aan werkwoorde wil dit voorkom of naamwoorde ook dikwels vir metaforiese materiaal gebruik word.

Subjektiewe werkwoorde wat in nie-propaganda voorkom, kan dikwels beskou word as regverdigend volgens die situasie wat dit beskryf. Die outeur kan onder meer werkwoorde gebruik om suggesties te maak wat die bespreekte persoon in ’n sekere lig stel en daarom selfs as ’n waarskuwing aan die publiek kan dien. Tog moet outeurs van nie-propaganda versigtig wees om nie met sekere tegnieke té naby aan propagandagtegnieke te beweeg nie.

Modale kan gebruik word om ’n objektiewe werkwoord ’n subjektiewe kleur te gee. Die modale wat volgens frekwensie die meeste in nie-propaganda en propaganda voorkom is “will” op 22 keer in nie-

propaganda en 19 keer in propagandatekste. Die modaal “must” kom sewe keer in nie-propaganda en 21 keer in propaganda voor. Die Afrikaanse eweknieë is ook die mees frekwente modale in die Afrikaanse tekste met “sal” op vier keer in nie-propaganda en 20 keer in propaganda en “moet” op tien keer in nie-propaganda en agt keer in propagandatekste. Dit kom voor of outeurs van nie-propaganda eerder modale vermy tensy ’n stelling onseker is en dus met behulp van ’n modaal aangedui moet word.

“Sal” en “will” kan as ’n toekomsverwysing optree en is daarom nie noodwendig net tot propagandatekste beperk nie. Die gebruik van hierdie modale se toekomsverwysingsfunksie tesame met verpligting, kan ’n handige hulpmiddel vir ’n propagandis wees. Die gebruik van “will” kan as koppeling tussen die Subjek en ’n toestand optree wat kan help met etikettering of om die propagandis se party met goeie eienskappe te koppel. Die modaal “must” kan ’n soortgelyke funksie vervul en kan ’n soort kragdadigheid en sekerheid aan die propagandis koppel. Die modaal kan ook gebruik word om die teikengroep van die teks onder verpligting te plaas om op ’n sekere manier op te tree. Modale soos “must” kan ook gebruik word om te oordryf en die modaal “moet” om ’n soort voorspelling te maak.

By oorweging van Black (2001:133) se propagandategniek waar adverbia met “onvasstelbaarheid” gekoppel word, sou adverbia in sekere gevalle eerder juis as maklik vasstelbaar beskou kon word, verál by die gebruik van objektiewe adverbia wat dikwels as omstandigheidsadjunkte optree. By al drie funksionele indelings van subjektiewe adverbia, wil dit wel voorkom of die propagandis van die beskikbare feite afwyk, aangesien die adverbia gekies word vir ’n spesifieke funksie om bes moontlik die oorhoofse doel van die propagandastuk te dien. Adverbia kan daarom gebruik word om weg te skram van ’n empiriese uitbeelding van die realiteit (vgl. Black, 2001:133). Propagandiste lê sekere verbande en verpak inligting wat vasstelbaar en feitelik is, met behulp van onder meer adverbia op ’n manier wat tot drogredenering lei. Die “onvasstelbaarheid” van taalelemente kom dus voor wanneer adverbia en ander taalelemente reeds verpak is in die propagandis se voorafbepaalde redenasielyne.

In nie-propaganda is daar 148 objektiewe adverbia (2,35 keer per 100 woorde) teenoor 203 objektiewe adverbia (3,06 keer per 100 woorde) in propaganda. Die groter aantal objektiewe vorme in propaganda kan as die generiese en noodsaaklike vorme in nie-propaganda- en propagandatekste gesien word. Hierteenoor kom daar in nie-propaganda 70 (1,11 keer per 100 woorde) subjektiewe vorme voor teenoor die 172 (2,59 keer per 100 woorde) in propaganda. Soortgelyk aan beskrywingsadjektiewe en klassifiseerders kan adverbia gebruik word om individue te etiketteer en fokus so op emosie in. Hierdie inligting sluit aan by hoe individue met behulp van informatiewe en indekse uitgebeeld word soos op vlak 1 van die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel aangedui word (vgl. Hoofstuk 3; 3.4-3.6). Die propagandis sou polariserend en met behulp van etikettering sy of haar eie aksies as positief kon laat vertoon in teenstelling met opponente. Beide disfemisme en eufemisme, soos Bolinger (1980:72-73) dit verduidelik, kan deur adverbia bereik word. Adverbia is daarom ’n taalelement wat in toekomstige studies meer aandag behoort te geniet. Adverbia se funksies sluit ook direk aan by, op ’n minder direkte manier en soortgelyk aan wat Bolinger (1980:80) oor werkwoorde aandui, by die karakter self en hoe die karakter deur die outeur of propagandis aan die leser voorgestel word.

Adverbia as intensiveerders kan ’n oordrywingsfunksie vervul. Semanties swaar gelaaide adverbia kan deur die propagandis gebruik word om sekere aspekte te oordryf, veral met behulp van ander semanties swaargelaaide woordsoorte.

Met meer subjektiewe adverbia in propaganda- as in nie-propagandatekste is die behoefte van ’n propagandis aan vorme waarin hy of sy persoonlike oordeel kan uitspreek duidelik sigbaar. Met behulp van die metafunksies kan die funksionele doel van hierdie subjektiewe adverbia van mekaar onderskei word en volgens die ideasionele, interpersoonlike en tekstuele ingedeel word. Wanneer die ideasionele funksie oorweeg word, word die manier waarop iets uitgevoer word deur die propagandis beoordeel. Adverbia kan hier gebruik word om te beklemtoon deur byvoorbeeld iets te benadruk deur onder andere ’n sekere adverbium te herhaal. Dit kan ook gebruik word om te oordryf deur byvoorbeeld die woord “tirelessly” te gebruik.

Die frekwensie van interpersoonlike adverbia staan op 24 keer (0,38 keer per 100 woorde) in nie-propaganda waar hiérdie vorme 96 keer (1,45 keer per 100 woorde) in propaganda voorkom. Vanuit ’n interpersoonlike funksie kom die stem van die propagandis die duidelikste na vore in adverbia deur van aannames en oordrywing gebruik te maak en selfs ’n strooipopargument te bou. Dít kan gedoen word deur byvoorbeeld adverbia te gebruik wat ’n opponent se aksies op ’n oordrewe, negatiewe manier kontekstualiseer soos wanneer die woord “perenially” gebruik word om Gordhan se sogenaamde standpunt as onregverdig aan te dui. Adverbia sou gebruik kon word om op hierdie manier iemand te diskrediteer.

Die verskil tussen die gebruik van hierdie vorme in nie-propaganda teenoor in propaganda kom, soortgelyk aan ideasionele adverbia, neer op die mate waartoe die propagandis voordeel kan trek of nie. By nie-propagandatekste gebruik die outeur die manier waarop die teks aangebied word om die leser te waarsku of attent te maak. Op tekstuele vlak kan adverbia gebruik word om ’n vereenvoudigde weergawe van die realiteit aan te bied deur eenvoudige en daarom onakkurate oorsaak-gevolgverhoudings te maak. Deur van konjunktiewe adjunkte soos “therefore” gebruik te maak, laat die propagandis dit voorkom of die gevolgtrekking wat hy of sy in die teks aandui, die regte en daarom selfs enigste manier van redeneer daarstel. Soortgelyk aan vorige besprekings, kom die gebruik van direkte en indirekte rede weer as deurslaggewend vir analise en interpretasie in beide teksgroepe voor aangesien subjektiewe vorme in nie-propagandatekste dikwels in aanhalings voorkom.

Wat deurlopend in die bespreekte woordgroepe duidelik word, is hoe elke woordgroep ’n rol het om te speel op elke vlak van die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel as verteenwoordigend van die inhoudelike aard van propaganda. Elke vlak, en daarom die doelgerigte selekteer van elke vormlike element, vorm ’n geïntegreerde samehang wat so effektief as moontlik vlak 3, naamlik die doel van die propagandis met die teks, moet bereik. Buiten vir die generiese, objektiewe rol wat taal funksioneel inneem, kan die propagandis met behulp van ’n keusestel van verskeie, evaluerende taalmiddele sy of haar doel bereik. Deur woorde se betekenis in kollokasies en in die groter konteks van omliggende taaldele te oorweeg, kan ’n duideliker beeld geskep word van wat die propagandis se ware doel met ’n teks is. Propaganda word ’n fyn oorweegde, interaktiewe teks met behulp van die regte woordkeuses om die regte, vervlegde stel propagandategnieke te implementeer en sodoende die doel te bereik. Afhangend van hierdie doel, word die tegnieke aangepas en daarom ook die taal wat hiervan verteenwoordigend optree.

Metafore kan volgens drie sisteme hanteer word: oorlog, versluiering en die abjekte/groteske. In propagandatekste word die oorlogmetafoor gebruik om te polariseer met die propagandis as die held en die teenstanders as die vyand. Dieselfde metafoor word in nie-propagandatekste gebruik om ’n saak duidelik aan ’n leser te beskryf. Die verskil kan in ’n groot mate gekoppel word aan propagandatekste wat oorhoofs ’n interpersoonlike funksie vervul en nie-propagandatekste wat oorhoofs ’n ideasionele funksie vervul. Metafore speel ’n belangrike rol in propaganda deurdat dit ’n voertuig vorm waarmee ’n propagandis selfs ’n paar tegnieke in ’n teks kan implementeer en word

gebruik om sekere stukke inligting te belig en ander te verberg (vgl. Lakoff & Johnson, 1980:10). Verder kan metafoorgebruik in propagandatekste as skadelik en misleidend verstaan word deurdat dit inspeel op mense se emosies en assosiasies om ’n bepaalde doel te bereik (vgl. Gambrill, 2012:307-309).

Hoofstuk 6 – Gevolgtrekking en aanbevelings

6.1 Inleiding

Reeds bestaande studies oor die linguistiese eienskappe van propaganda is dikwels met behulp van diskoersanalise gedoen en fokus meestal op ’n enkele stel tekste en veral die magsverhoudinge wat in daardie tekste optree. Ander studies noem linguistiese eienskappe van propaganda sonder om ’n formele linguistiese studie te doen. Die doel van die onderhawige ondersoek was om met behulp van ’n formele linguistiese studie ’n veralgemening oor die taaleienskappe van propaganda as tekstipe te maak en welke veralgemening voorts gebaseer is op afleidings oor verskillende tekste heen.

Die eerste navorsingsvraag sentreer rondom die aantoonbare verskille tussen propagandatekste en nie-propagandatekste met spesifieke verwysing na hul nie-linguistiese eienskappe. Hierdie vraag is beantwoord deur ’n model van nie-linguistiese eienskappe van propagandatekste te ontwikkel. Die doel van die model is om ’n sistematiese verdeling tussen propaganda- en nie-propagandatekste moontlik te maak deur die daarstelling van ’n betroubare vergelykingsbasis vir die analise van die linguistiese eienskappe van geselekteerde tekste.

Die tweede navorsingsvraag is die hoofnavorsingsvraag en behels die bepaal van watter taalelemente as onderskeibare linguistiese eienskappe van propaganda beskou kan word. Dié vraag is beantwoord deur ’n voorlopige model van geïdentifiseerde linguistiese eienskappe van propaganda in die reeds bestaande literatuur saam te stel. ’n Verbeterde model van die linguistiese eienskappe van propaganda is met behulp van ’n sistematiese teksanalise opgestel deur die voorlopige model sistematies te toets en terselfdertyd te bepaal of daar addisionele linguistiese eienskappe is wat nie in vorige navorsing geïdentifiseer is nie.

Die studie is aangepak deur eerstens ’n nie-linguistiese analise van die tekste te onderneem na aanleiding van die inhoudelike eienskappe van propaganda wat in die literatuur na vore kom. Hierdie analise is gedoen om so objektief as moontlik en deur sover as moontlik nie taal te gebruik nie, tekste as propaganda en nie-propaganda te groepeer, voordat ’n linguistiese analise op beide die teksgroepe uitgevoer is. Die nie-linguistiese teksgroep dien as kontrole vir die bevindinge van die propagandateksgroep.

6.2 Samevatting

In **Hoofstuk 2** is die verskillende definisies van propaganda as ’n maatstaf gebruik om die faktore wat deel vorm van die inherente aard van propaganda te bepaal, om sodoende verskillende kommunikasievorme van mekaar te onderskei. Die doel van ’n teks is uitgewys as die kantelgrens tussen propaganda en nie-propaganda en kon as die punt van onderskeid tussen hierdie teksgroepe gebruik word. Indien hierdie doel tot die onmiddellike of uiteindelike voordeel van slegs die propagandis strek, is ’n teks as propaganda geklassifiseer. Soms is dit moeilik om byvoorbeeld die doel van ’n oorredende teks as voordelig vir die ontvanger van die inligting sowel as die outeur te beskou. Op ’n mikrovlak is daar dus tog ’n etiese element en oordeel wat intree: word die doel op ’n selfsugtige manier bepaal en nagestreef, of om ’n waarlik goeie uitkoms vir die ontvanger van die informasie te bewerkstellig? Om die doel van ’n teks te kon bepaal, is dit as sodanig nodig gewees om daarom ’n meer spesifieke stel inhoudelike eienskappe te identifiseer.

As hulpmiddel om die doel te bepaal, is die soort informasie wat ingesluit is in ’n teks ook oorweeg: hoe word informasie, waninformasie en disinformasie ingespan om ’n bepaalde doel te bereik? Propaganda kan hiervolgens as witpropaganda, gryspropaganda of swartpropaganda ingedeel word

op grond van die tipe informasie en of die outeur bekend is of nie. Sekere propagandategnieke kom ook handig te pas in die aanloop om die doel vas te stel.

Propaganda is al op verskillende maniere ontleed en voorgestelde hulpmiddele is op ’n nie-talige en talige wyse as maatstaf voorgestel om te bepaal of iets propaganda is of nie. Miller (1973:11) dui tereg aan dat “[w]e are fooled by propaganda chiefly because we don’t recognize it when we see it.” Deur die beskikbare, inhoudelike eienskappe en tegnieke te gebruik, kan die doel van ’n teks inhoudelik bepaal word.

In die hoofstuk is daar ook, buiten vir die inhoudelike eienskappe van propaganda, ’n sintese opgestel van die beskikbare taaleienskappe van propaganda soos in die reeds bestaande literatuur aangedui is. Hierdie eienskappe sluit ’n wye versameling linguistiese eienskappe in wat soms met mekaar oorvleuel, maar wat verskillend benoem word. Die geïdentifiseerde linguistiese eienskappe is dikwels algemeen aangedui met die gevolg dat hierdie taaleienskappe in ander teksgroepe ook kan voorkom en daarom nie as eksklusief kenmerkend van propaganda beskou kan word nie. Die linguisties spesifieke eienskappe van propaganda word soms ook as deel van ’n groter stel taal hanteer, byvoorbeeld politieke taalgebruik, of word geïntegreerd met nie-linguistiese eienskappe van propaganda aangebied. Die linguistiese eienskappe is ook in tekste geïdentifiseer waar taal moontlik deel van die beoordelingsraamwerk gevorm het met die oog daarop om te bepaal of ’n teks in die eerste plek propaganda is al dan nie. Indien taal wel deel vorm van die identifiseringsproses van propaganda, is dit moontlik dat sirkelredenasie voorkom. ’n Gesistematiseerde lys van linguistiese eienskappe van propaganda wat getoets is aan ’n kontrolegroep tekste is daarom nodig om ’n indruk van die algemene linguistiese aard van propagandatekste te verkry.

Deur middel van die samestelling van ’n nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel (**Hoofstuk 3**) om propaganda- en nie-propagandatekste te identifiseer, kon sirkelredenasie so ver as moontlik voorkom word deur nie van linguistiese eienskappe in die identifiseringsproses gebruik te maak nie. Kennis van die inhoudelike aard van die tekste het ook goeie leiding gebied om die linguistiese vergestalting daarvan te identifiseer en te verstaan. Aangesien die reeds bestaande literatuur oor die linguistiese eienskappe van propaganda dikwels in studies voorkom wat ander doelwitte gehad het, was dit nodig om ’n voorlopige, sistematiese model van linguistiese stukke wat potensieel in propaganda gebruik sou kon word, in **Hoofstuk 4** saam te stel as werkbare vertrekpunt vir analise vorentoe. Hierdie stel taalelemente is met inagneming van en tesame met die sintese van linguistiese eienskappe, soos in **Hoofstuk 2** saamgestel, gebruik vir die linguistiese analise. In **Hoofstuk 5** is die taalstukke wat in **Hoofstuk 4** bepaal is, gebruik om ’n verbeterde taalmodel van die linguistiese eienskappe van propaganda saam te stel.

Met inhoudelike kennis van propaganda se aard en sekere tegnieke wat in propaganda gebruik word, is ’n gedeelte van die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel reeds gesteierwerk. In **Hoofstuk 3** is die verdere teoretiese agtergrond in aanloop tot die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel uiteengesit, die model self is aangebied en ’n toepassing is aan die hand van vier tekste geïllustreer. Die res van die nie-linguistiese analises kan as verkorte weergawes in Bylaag A gevind word. Om ’n nie-linguistiese (inhoudelike) analise te doen ten einde tekste as propaganda of nie-propaganda te sorteer, is die model nodig om sistematies die moontlike doel van ’n teks te bepaal. Indien die doel slegs tot voordeel van die propagandis en geassosieerde partye meewerk, kan die teks as propaganda sorteer word. Indien die teks die moontlikheid van voordeel vir die outeur én die teikengroep inhou, kan die teks as nie-propaganda groepeer word.

Die model is saamgestel met behulp van, in hoofsaak, twee teoretiese bronne. Aan die een kant staan die inhoudelike informasie wat reeds oor propaganda bekend is deur faktore te identifiseer wat aanleiding tot die doel van ’n teks kan gee asook faktore wat in hierdie verband deur reeds bestaande propaganda-analiseringsmodelle gebruik is. Deur kontekstuele faktore van gebeure vas te stel, kan die outeur of propagandis se manier om informasie te hanteer, bepaal word: word daar van informasie, waninformasie of disinformasie gebruik gemaak? As tweede teoretiese raamwerk waaruit die model bestaan, is konseptuele insigte en begrippe vanuit die narratologie geleen. Die narratologiese model bied voorts ’n oorbrugging tussen die nie-linguistiese en die linguistiese eienskappe van ’n teks.

By die inhoudelike van propaganda is die eerste stel analiseringsmaatstawwe kontekstuele inligting wat op ’n groter, politiese en meer spesifieke vlak belangrik is om die plasing van die tekstuele gebeurtenisse te verstaan en interpreteer. Een van die moontlike aanduiders van ’n propagandadoel sou ’n diskrepansie wees tussen “ware” gebeure en die manier waarop ’n propagandis hierdie gebeure aanbied. Om die doel van ’n teks te bepaal, sou twee vrae gevra kon word: Word die teikengroep opgeroep tot ’n spesifieke handeling of tot doelbewuste passiwiteit? Sou die uitvoer (of dan wel die nalaat of versuim) van die spesifieke handeling realiseer, is daar ’n begunstigde?

Om hierdie vrae te beantwoord is, soos reeds genoem, die reeds bestaande analiseringsmodelle van propaganda as vertrekpunt gebruik. Vier verskillende modelle is ondersoek: Jowett en O’Donnell (2012) se propaganda-analiseringsplan; Black (2001) se ses stappe waarvolgens propaganda opgestel en verstaan kan word; die Weermag van die Verenigde State se SCAME-benadering (PSYOP, 2003) en George (1959) se uiteensetting om die verskillende komponente van ’n propaganda-analise-afleiding en die verhouding tussen hierdie komponente voor te stel.

Opsommenderwys, en met spesifieke verwysing na die onderskeie modelle, tree die volgende as belangrik na vore: die kontekstuele inligting van ’n teks en belangrike tegnieke wat ’n propagandis gebruik om in die teks te integreer asook die bedoeling van die outeur. Die verskil tussen hierdie modelle en die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel is dat laasgenoemde model gebruik moet word om tekste te identifiseer as propaganda of nie-propaganda eerder as om op grond van slegs ’n ingeligte aanname (wat wel stap 1 is tydens die selekteer van geskikte tekste vir analise) oor die tipe teks te maak voordat ’n analise gedoen word.

Alhoewel die modelle na die doel van ’n teks as ’n bepalende faktor verwys, kan die nie-linguistiese model wat ontwikkel word, moontlik met meer duidelikheid aandui wat die doel van ’n sekere teks is deur ’n stel faktore in ag te neem wat hierdie doel sou kon wees. Die model bied daarom ’n meer konkrete, sistematiese manier om die aard van die doel in ’n teks te bepaal. Die model help die navorser ook met objektiwiteit aangesien die indeling van ’n teks as die een of die ander, minder by die navorser lê en meer by die uitkoms van die model. Met behulp van die model word daar nie net ’n aanname gemaak of ’n teks propaganda is of nie, maar word sistematies as die een of die ander geïdentifiseer.

Die model kan analiseringstyd spaar deurdat dit as ’n sif optree om vas te stel of ’n teks propaganda is of nie en daarom die moeite werd is om te ontleed. Wanneer die model toegepas word om te bepaal wat die aard van ’n sekere teks is, word die analise ook reeds gedeeltelik voltooi en wat vir verdere ontleding nuttig is. Laastens is die model meer toeganklik vir die propaganda-analis in dié dat slegs kernfaktore wat nodig is om ’n teks te klassifiseer, deel vorm van die model. Die model maak ook van maklik verstaanbare en meer algemene aspekte gebruik as sommige van die ander voorgestelde modelle.

Die verhouding tussen taal en die narratologie binne die Franse Strukturalisme bied die geleentheid om van Barthes (1975; 1977) se narratologiese model in die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsproses en -model gebruik te maak. Die model stem breedweg ooreen met metafunksies deurdat die funksies van ’n teks ooreenstem met die ideasionele metafunksie in die dat beide na bepaalde gebeure verwys. Aangesien handeling volgens Barthes rondom karakters sentreer, stem handeling ooreen met die interpersoonlike metafunksie. Vertelling stem met die tekstuele metafunksie ooreen as representasie op tekstuele vlak. Barthes se onderskeid tussen hooffunksies en indekse kan help om ’n teks volgens die storie (Fabula) en verhaal (Sjužet) in te deel. Gebeure kan sodoende chronologies gestruktureer word, sonder sekere narratiewe eenhede wat ’n teks op ’n sekere manier verpak en aanbied soos wat die outeur dit verkies.

Katalisators speel by ontleding ’n belangrike rol aangesien hierdie funksies help met die chronologiese plasing van gebeure, maar ook deur die outeur of propagandis gebruik kan word om sekere temas binne ’n bepaalde lig aan die leser te stel. Waar funksies op ideasionele vlak inhoudelike inligting van ’n teks bied, kan die indekse gebruik word om handelinge met betrekking tot die karakters wat daardie handelinge uitvoer, beter te verstaan. Deur die uitbeelding van karakters te verdeel en telkens die egte indekse en belangrike informatiewe van elke spesifieke karakter in die teks te identifiseer, kan heelwat rakende die manier waarop karakters aangebied word, onderskei word. Die manier waarop ’n outeur besluit het om sekere karakters uit te beeld raak duidelik, naamlik wie in ’n teks onderdruk en wie opgehef word. Indekse kan ’n binne-teks-indeks of buite-teks-indeks genoem word. Dit is moontlik dat vanuit die aard van propaganda- en nie-propagandatekste, ’n propagandateks eerder van egte indekse en ’n nie-propagandateks eerder van informatiewe gebruik sou maak om karakters vis-à-vis mekaar en gebeure te plaas.

Die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel is volgens ses vlakke ingedeel. Die eerste vier vlakke is gebruik om ’n teks as propaganda of nie-propaganda te onderskei en die laaste twee vlakke is gebruik om die tekste wat reeds as propaganda ingedeel is, te kontroleer. Kontekstuele inligting word op VLAK 1 en 2 uiteengesit. Die onderskeid tussen storie en verhaal in VLAK 1 bied die analis die geleentheid om die volgorde van gebeure vas te stel wat onderliggend is aan die geïnterpreteerde weergawe wat deur die outeur of propagandis aangebied word. In VLAK 2 kan egte indekse en informatiewe gebruik word om te verstaan hoe ’n outeur of propagandis karakters teenoor die leser uitbeeld. Egte indekse kan buite-teks toegeken word, met ander woorde direk deur die outeur of propagandis, of dit kan binne-teks toegeken word, dit wil sê deur een karakter aan ’n ander binne die teks self. Die data toon dat ’n propagandis hom of haar meer dikwels verlaat op egte indekse en ’n nie-propagandis eerder op informatiewe. Die rede hiervoor sou wees omdat ’n propagandis byvoorbeeld met behulp van tegnieke soos etikettering, sekere karakters sleg wil laat lyk om ander (aan die propagandis se kant) goed te laat lyk. Hierteenoor fokus ’n outeur (soos ’n joernalis) eerder daarop om die karakters in die teks so objektief as moontlik aan die leser te “informeer” – uitgesonder daardie gevalle waar die outeur byvoorbeeld die leser teen iemand se optrede wil waarsku.

Teen die agtergrond van VLAK 1 en VLAK 2, kan die doel van ’n teks bepaal word en wat op VLAK 3 gedoen word. Vrae soos die volgende is gebruik om vas te stel of slegs die outeur en geassosieerde partye voordeel trek uit die uitkoms van ’n propagandateks: “Word ’n sekere groep opgeroep tot aksie of passiwiteit?” en “Wie is die begunstigde(s)?” Informasie speel ’n belangrike rol in propaganda en in nie-propaganda. By propaganda kan ’n propagandis van informasie, waninformasie en disinformasie gebruik maak, afhangend van die spesifieke doel van die teks (sien prosesvlakke van propaganda in Hoofstuk 2; 2.3.1). Die tipe informasie word op VLAK 4 van die model bepaal. Op grond van informasie rakende die propagandis en die soort informasie in ’n teks, sou propagandatekste verder op VLAK 5

as ’n sekere soort propaganda geklassifiseer kon word: *witpropaganda*, *gryspropaganda* of *swartpropaganda*.

In VLAK 6 kan beide groepe tekste ondersoek word vir die teenwoordigheid van propagandategnieke. Indien daar wel sodanige tegnieke gevind word in propagandatekste, dien die tegnieke as bevestiging vir die teks se aard. Met agt tekste wat na afloop van die nie-linguistiese analise as propaganda en agt tekste as nie-propaganda geklassifiseer kon word, kan ’n linguistiese analise op beide groepe tekste uitgevoer word om sodoende reeds geïdentifiseerde linguistiese eienskappe van propaganda te evalueer en verder te ondersoek.

Nadat tekste sover as moontlik nie-linguisties gesorteer is as nie-propaganda of propaganda, is die teoretiese raamwerk ter aanloop van die linguistiese analise in **Hoofstuk 4** aangebied. Kritiese Diskoersanalise is dikwels as teoretiese raamwerk verkies wanneer dit by taalanalises van propaganda kom. Die raamwerk is relevant aangesien die gebruik van taal volgens magsverhoudinge binne ’n groter politiese konteks verstaan word. Wat die aangewese studie betref, is ’n alternatiewe raamwerk egter nodig, aangesien die doel van die studie nie kontekssspesifieke afleidings wil maak of primêr oor magsverhoudings wil kommentaar lewer nie, maar eerder ’n stel veralgemenende eienskappe van propaganda wil ondersoek en daarstel. Dit is ook moontlik dat indien Kritiese Diskoersanalise gebruik sou word in die studie, sirkelredenasie kon plaasvind aangesien taal gebruik word om ’n teks as propaganda te identifiseer, net om weer talige afleidings daarvan te maak.

Om die moontlike voorkoms van sirkelredenasie te bestuur, is twee verskillende ontledingsgereedskapstelle gebruik, naamlik ’n nie-linguistiese, inhoudelike analise om te identifiseer wanneer ’n teks as nie-propaganda of propaganda geklassifiseer kan word as eerste stel, en, as tweede stel, linguistiese eienskappe vir ontleding op beide groepe tekste en nie slegs op propagandatekste nie. Op hierdie manier vorm die stel nie-propagandatekste ’n kontrolegroep tekste, soortgelyk aan hoe data binne die Empiriese Wetenskappe hanteer word om betroubaarheid te verhoog.

Binne Sistemies Funksionele Linguistiek, as breedweg belynde raamwerk met Kritiese Diskoersanalise, is die metafunksies as talige funksies wat verteenwoordigend van die werklikheid is, gebruik om hoofwoordgroepe vir analiseringsdoeleindes te identifiseer. Binne die Sistemies Funksionele Linguistiese raamwerk kan die outeur se gebruik van taalstukke verstaan word as keuses wat uitgeoefen is.

Met die doel van ’n propagandateks as ’n bepalende element van onderskeid tussen propaganda en nie-propaganda, is dit nodig om die gebeure in ’n teks te identifiseer. Die ideasionele metafunksie bied hier die geleentheid om na gebeure as verteenwoordigend van die realiteit of van ’n gekonstrueerde realiteit deur die propagandis te kyk. Die belangrikheid van hoe informasie aangebied word, is hier belangrik: Word die realiteit as verdraaid of verkeerd aangebied? Binne die eksperiënsiële metafunksie word die manier waarop ’n propagandis uitreik na die teikengroep duidelik deurdat verskillende rolspelers positief, negatief of neutraal voorgestel word. Die tekstuele metafunksie kan gebruik word om te verstaan watter betekenisvolle taalbesluite die propagandis uitgeoefen het.

Die indelings van taalstukke in Sistemies Funksionele Linguistiek behels oorhoofs die nominale- en die werkwoordgroep. Naamwoorde kan vir hul vermoë om semantiese geladenheid te dra verál in propaganda gebruik word om disfemisme deur etikettering en polarisering te implementeer.

Die manipulasie van semantiese betekenisse kom ook sterk na vore deur byvoorbeeld van Newspeak, mistifikasie en eufemisme gebruik te maak en selfs leksikale verharding. Die gebruik van kollokasies kan ook gebruik word vir die semantiese manipulasie van naamwoorde deur die naamwoorde ’n nuwe

kontekstuele betekenis te laat kry. Naamwoorde se trefkrag met veral iets soos disfemisme kan verhoog word deur die saamgebruik daarvan met evaluerende adjektiewe deurdat sekere negatiewe idees van die een woord na die volgende versterk word. Spesifieke kwantifiseerders kan veral gebruik word om wetenskapsdiskoers of mediadiskoers na te boots om betroubaarheid vir ’n propagandateks te verhoog. Hierteenoor kan algemene kwantifiseerders gebruik word om mense positief tot hul saak te laat reageer of selfs om ’n saak te polariseer.

Adjektiewe kan volgens beskrywingsadjektiewe en klassifiseerders nagegaan word. Soortgelyk aan naamwoorde kan adjektiewe gebruik word om disfemisme te integreer en meer spesifiek etikettering deur kwaliteite aan mense of dinge toe te ken. Beskrywingsadjektiewe sou ook in kombinasie met klassifiseerders gebruik kon word as ’n soort beklemtoningstegniek. In beide naamwoorde en adjektiewe kom nasionale vorme voor waar iemand se nasionaliteit as ’n soort etikettering gebruik word. Dit kom voor of naamwoorde eerder as adjektiewe ’n meer intense semantiese lading kan dra soos Bolinger (1980:79) aangedui het. Adjektiewe en naamwoorde wat vir disfemisme en etikettering gebruik word, kan saamwerk om innuendo en defleksie tot stand te bring en daardeur die teenparty as skuldig te laat voorkom en sodoende die ontvanger se aandag weg van die propagandis se eie skuld te draai.

Werkwoorde speel ’n minder deurslaggewende rol wanneer dit by die kommunikeer van sekere betekenisse kom. Werkwoorde, soos die ander komponente van ’n klous, is nodig om ’n basiese, generiese funksie in ’n teks te vervul om sodoende die teksliggaam uit te bou. Werkwoorde is oor die algemeen byvoorbeeld nodig om gebeure mee te rapporteer. Evaluerende werkwoorde sou wel deur ’n propagandis gebruik kon word ter ondersteuning van evaluerende naamwoorde en adjektiewe. Sekere handelinge soos verrig deur opponente sou byvoorbeeld disfemisties uitgebeeld kon word en sekere handelinge van die propagandis, hierteenoor, as prysenswaardig. Saam met werkwoorde speel bywoordelike bepalings ’n belangrike rol. Die rol van adverbia is soortgelyk aan dié van werkwoorde: om disfemisme en etikettering te gebruik om opponente te laat sleg lyk, maar hierteenoor, om die propagandis se dade op te hemel en goed te laat lyk.

Die gebruik van modaliteit gee die propagandis die moontlikheid om sake wat as onseker voorgehou moet word, onseker voor te stel, byvoorbeeld deur van vorme gebruik te maak wat nie uitsluitsel gee nie, maar die kans aandui vir iets om te gebeur soos “kan” of “mag”. Hierteenoor kan polarisering as propagandategniek deur Polariteit voortgebring word om aan te toon dat iets seker is. Hierdie vorme word daarom deur die propagandis gebruik om die sekerheid waarmee ’n saak as die een of die ander aangedui word, te bestuur. Modaliteit word ook gebruik vir eufemisme en Polariteit sluit by polariteit as propagandategniek aan.

Op ’n tekstuele vlak kan konjunktiewe adjunkte gebruik word om teksdele in ’n kontekstuele verhouding tot mekaar te plaas. ’n Belangrike onderskeid kan gemaak word tussen omstandigheidsadjunkte wat vanuit die ideasionele metafunksie verstaan kan word aangesien dit gebeure verteenwoordig. Hierteenoor kan modale en kommentaaradjunkte vanuit die interpersoonlike metafunksie verstaan word. Met behulp van modale adjunkte kan die outeur die kans dat iets gaan gebeur, aantoon. Met behulp van kommentaaradjunkte kan die outeur hierdie adjunkte gebruik om uit te reik na die gehoor en byvoorbeeld sekere emosies aanraak met behulp van onder andere emotiewe adverbia.

Wanneer die kohesie van ’n teks oorweeg word, kan veral leksikale kohesie gebruik word om, met behulp van herhaling, nuwe semantiese betekenisse te vestig by die leser. Die funksie lyk dus ooreenstemmend aan iets soos konjunksiekohesie wat vir beklemtoning gebruik word.

’n Belangrike onderskeid word deurlopend in die studie getref, naamlik dat taal ’n subjektiewe en objektiewe aard kan hê wat aansluit by die idee van evaluerende taal. Die konsep sluit in dat sommige talige elemente reeds ’n waardeoordeel van die outeur of propagandis se kant af insluit en is daarom verduidelikend van taalvoorkeure wat deur veral ’n propagandis gebruik sou kon word om met behulp van propagandategnieke sy of haar einddoel te bereik. Die gebruik van evaluerende betekenis of taal kan as subjektief en gemerk beskou word teenoor die standaard objektiewe en ongemerkte taalvorme.

Binne die Sistemies Funksionele Raamwerk kan die Beoordelingsteorie (*Appraisal theory*) oorweeg word. Binne dié raamwerk kan ’n outeur se inneem van ’n sekere posisie ten opsigte van inligting binne die teks verstaan word deur na die outeur se houdingsposisionering te kyk en wat in drie subtipes verdeel kan word, naamlik affek, oordeel en waardering. Hierdie subjektiewe vorme kom meer in propaganda voor as in nie-propaganda. Die mate waartoe ’n outeur hom- of haarself aan sekere standpunte verbind of afstand daarvan doen, kan ook binne hierdie raamwerk vasgestel word met behulp van outeursbetrokkenheid. Verbintenismoontlikhede binne hierdie studie behels *outeur* waar die outeur self die saak beoordeel, en *bron* wat dui op die gebruik van bronaanhalings en kan verwys na die outeur wat hom- of haarself met die standpunt verbind of afstand doen deur onderskeidelik na *teenparty* en *assosiatiewe party* te verwys. Bronverwysings kom minder in propaganda voor en wanneer dit wél ingesluit word, is dit waarskynlik gedoen met die een of ander strategiese doeleinde voor oë.

Teen die agtergrond van evaluerende taal, kan metafore gebruik word om politiese taal te ontleed. Die oorlogmetafoor word veral dikwels in politiese taal gebruik. Inligting kan met behulp van metafore op ’n selektiewe manier aangebied word deur dit wat die propagandis wil verhelder of verberg, aan die ontvanger te beklemtoon.

In **Hoofstuk 5** word die linguistiese analise uitgevoer deur telkens eers ’n kwantitatiewe analise aan te dui by elke woordgroep en verál by objektiewe en subjektiewe vorme van daardie woordgroep. Met behulp van die taalanalise was dit moontlik om tot ’n goeie begrip te kom van die moontlike ooreenkomste maar hoofsaaklik ook die verskille tussen nie-propagandatekste en propagandatekste. Hierdie ooreenkomste of verskille bied ’n konkrete vertrekpunt vir verdere, kwalitatiewe ondersoek en spesifiek om op die gebruik van evaluerende taalgebruik te kan ingaan.

Objektiewe vorme van naamwoorde en ander woordstukke maak oor die algemeen ’n groot inhoudelike en generiese deel uit van ’n teks, hetsy in propaganda- of nie-propagandatekste. Subjektiewe naamwoorde kom in beide nie-propaganda- en propagandatekste voor, maar met subjektiewe naamwoorde op 43 (0,68 per 100 woorde) in nie-propagandatekste en met byna drie keer soveel vorme op 134 (2,02 per 100 woorde) in propagandatekste. In nie-propagandatekste word subjektiewe vorme om sensasionele redes gebruik deur van byvoorbeeld woorde soos “scandal” en “exposé” gebruik te maak. Hierteenoor word subjektiewe vorme – soos byvoorbeeld “Afrikaner askari” en “stemvee” – in propagandatekste gebruik om sekere tegnieke te implementeer, byvoorbeeld disfemisme, etikettering en polarisering. Hierdie tegnieke sluit by Bolinger (1980:77) se funksies van naamwoorde as evaluerende taal aan. Newspeak speel ’n belangrike rol deurdat naamwoorde gebruik word om waninformasie en disinformasie te skep deur byvoorbeeld ’n nuutskepping soos “fire pool”.

Deur ’n alternatiewe term vir “swimming pool” op te stel en sodoende ’n nuwe betekenis, is gepoog om ’n swembad as ’n sekuriteitsmaatreël te Nkandla te regverdig. Newspeak kan ook gebruik word om nuwe terme te skep wat ’n spesifieke voorkeurbetekenis vir die propagandis inhou. Die term “liggewig-Naarperskader” stel persone wat met die mediamaatskappy Naspers ’n verbintenis het, in

’n negatiewe of disfemistiese lig deur hulle as ongeloofwaardig voor te stel op ’n veragtende manier. Naamwoorde beskik oor die algemeen oor die potensiaal om deur middel van die bogenoemde tegnieke duidelik die doel van die propagandis uit te bou.

Black (2001:133) verwys spesifiek na abstrakte selfstandige naamwoorde as kenmerkend van propaganda aangesien hierdie naamwoorde in teenstelling met empiriese bevestiging van feite staan. Na afloop van die analise word abstrakte selfstandige naamwoorde wel op hierdie manier gebruik. Die abstrakte naamwoord “information” kan gebruik word om onwaarheid as “inaccurate information” te bestempel en sodoende ’n leuen met behulp van eufemisme ligter te stel. Soortgelyke selfstandige naamwoorde kom ook in nie-propagandatekste voor, maar in bronverwysings. Abstrakte selfstandige naamwoorde kan ook gebruik word vir hul inhoudelike, objektiewe betekenis, maar soms word dieselfde naamwoord gebruik vir tegnieke soos defleksie en vereenvoudiging.

Naamwoorde kan dus vir spesifieke propagandategnieke gebruik word. Soms, anders as Black (2001:133) se verwysing na slegs abstrakte selfstandige naamwoorde, word konkrete naamwoorde ook ’n belangrike werktuig in die propagandis se hand deurdat hierdie soort naamwoorde propagandategnieke soos emotiewe taal, disfemisme en etikettering voortbring. Deur byvoorbeeld die woord “K****rs” te gebruik, etiketteer Edward Zuma sy eie teikengroep en gebruik sodoende selfdisfemisme om die teikengroep se negatiewe emosies na sy opponent toe te fokus. Die konkrete naamwoord “people” of “mense” kan ook gebruik word as woorde met illusie (“weasel words”) of woorde wat meer insluit as wat in die realiteit plaasvind. Verder kan naamwoorde herhaal word met behulp van leksikale kohesie wat weer beklemtoning voortbring.

In propaganda kan ’n woord soos “corruption” deur ’n propagandis gebruik word om die teikengroep of die publiek as ’n slagoffer voor te stel, om die opponente as die verantwoordelikes vir die publiek se swaarkry en dus as die oorsaak van korrupsie te beklemtoon, en uiteindelik sodoende hom- of haarself (die propagandis) as ’n held voor te stel. Hierteenoor sou leksikale kohesie in ’n nie-propagandateks eerder voorkom op grond van tematiese herhaling of as deel van deurlopende kontekstualisering in ’n teks. Die verbintenis tussen naamwoorde en metafore word duidelik. Naamwoorde word verder gebruik vir tegnieke soos die skuif van terme se definisies, mistifikasie en eufemisme asook slagspreuke, beklemtoning van tydsperspektiewe, leksikale verharding en die skuif van definisies wat met Newspeak gepaardgaan. Selfs defleksie word met behulp van naamwoorde bewerkstellig. Naamwoorde kom voor as ’n hulpbron van semantiese manipulasie wat blyk om handig vir die propagandis te wees.

Die nasionaliteit van ’n spesifieke karakter word dikwels gebruik om iemand te etiketteer (vgl. Bolinger, 1980:79). Daar kom geen subjektiewe, nasionale vorme as naamwoorde in nie-propagandatekste voor nie, wat hiérdie vorme uniek aan propaganda maak (tensy só ’n vorm byvoorbeeld in ’n bronverwysing in toekomstige analises gevind word). Deurdat die propagandis met naamwoorde en adjektiewe soos “wittes”, “minority” en “swart” ’n karakter se nasionaliteit op ’n sekere manier uitbeeld, fokus die propagandis op ’n spesifieke groep en daarom op die teikengroep se reeds bestaande vrese wat stereotipes bevestig en die lesers se emosies op hierdie groep rig (vgl. Doob, 1950:440; Jowett & O’Donnell, 2012:301, 308, 299; Miller, 1937:210-217). Naamwoorde wat nasionaliteit aandui, word ook spesifiek gebruik juis om twee nasionale groepe met mekaar te polariseer met behulp van duidelike “in”- en “uit”-groepe. Anders as in propaganda word nasionale vorme in nie-propaganda dikwels gebruik as beskrywend eerder as evaluerend.

Kwantifiseerders word gebruik om meer betekenis in ’n woord in te sluit deurdat vae terme in die vorm van nie-spesifieke kwantifiseerders gebruik word (vgl. Gambrill, 2012:310-311). Nie-spesifieke kwantifiseerders kom 12 (0,19 per 100 woorde) keer in nie-propagandatekste en 24 (0,36 per 100

woorde) keer in propagandatekste voor. Nie-spesifieke kwantifiseerders word deur die propagandis gebruik om iets meer of groter te laat klink as wat dit is, of om veilig te speel deur een hoeveelheid te bedoel en die teikengroep ’n ander hoeveelheid te laat verstaan. Spesifieke kwantifiseerders, aan die ander kant, is ook ’n nuttige hulpmiddel vir die propagandis om ’n teks informatief te maak om hierdeur die leser se vertroue te wen. Wat spesifieke kwantifiseerders betref, is daar ietwat meer vorme wat in nie-propaganda voorkom op 101 (1,61 per 100 woorde) teenoor propaganda op 92 (1,39 per 100 woorde). Die propagandis boots met behulp van spesifiekheid, deur onder meer spesifieke kwantifiseerders, ’n wetenskapsdiskoers na. Aangesien spesifiekheid verwag word in mediatekste, word spesifieke kwantifiseerders in propagandatekste gebruik wat met ’n soortgelyke aard as die naboots van mediadiskoers bestempel kan word. Die naboots van ’n nie-propagandateks deur ’n propagandateks met betrekking tot spesifieke kwantifiseerders en die gebruik van bronverwysings moet in samehang met ander linguistiese eienskappe van die teks oorweeg word. Die onderskeid tussen die gebruik van hierdie taalelemente in nie-propagandatekste en propagandatekste lê in die doel wat die outeur of propagandis voor oë het. In ’n nie-propagandateks word beide gebruik om te informeer, maar soms in ’n propagandateks, om te mislei.

Voornaamwoorde in nie-propagandatekste word hoofsaaklik vir ’n tekstuele funksie gebruik en tree nie as evaluerend op nie. Voornaamwoorde word ook vir ’n tekstuele funksie in propaganda gebruik, maar anders as by nie-propagandatekste, word voornaamwoorde wel gebruik om ekstra betekenislae te skep. Hierdie voorkeur word duidelik in verál die voorkoms van die emfatiese gebruike van voornaamwoorde wat slegs tot propagandatekste beperk is en in dié dat selfs kataforiese gebruike van voornaamwoorde in propagandatekste soortgelyk aan emfatiese voornaamwoorde realiseer. Emfatiese voornaamwoorde word in propaganda gebruik om, vanuit ’n afstandsposisie, afkeur aan te toon en sodoende disfemisties te wees teenoor die propagandis se teenparty. Propagandatekste toon daarom ’n voorkeur vir hierdie vorme en kan gebruik word om afstand te skep en sodoende aandag te deflekteer. Die plasing van ’n voornaamwoord kan strategies deur die propagandis gedoen word, deur byvoorbeeld ’n leser te lei deur middel van ’n vraag-en-antwoord-struktuur. Voornaamwoorde kan op ’n tekstuele vlak gebruik word om te beklemtoon, ’n strategie wat eie is aan propagandatekste.

Wat besitlike voornaamwoorde betref, is daar byna dubbel soveel in propagandatekste teenwoordig as in nie-propagandatekste en word gebruik vir defleksie en polarisering, funksies wat soortgelyk is aan dié van persoonlike voornaamwoorde in propagandatekste. Hierdie voornaamwoorde word ook gebruik om ’n sekere groep toe te eien en sodoende die gevoel van ’n eenheid te skep. Die gevoel van inklusiwiteit by een groep het weer die effek van eksklusiwiteit van ander groepe en kan daarom ook aanleiding tot polarisering gee. Referensiële kohesie bied daarom ruimte vir die propagandis om deur die verloop van die teks met behulp van verskillende voornaamwoorde na ’n karakter te verwys. Op hiérdie manier maak die propagandis genuanseerde verwysings op gepaste tye in die teks wat ’n karakter op ’n spesifieke manier aan die leser tentoonstel.

Kollokasies is oor die algemeen in propagandatekste ’n belangrike beklemtoningsmiddel. Die gesamentlike gebruik van verskillende woordsoorte in kollokasies kan ’n sekere idee op ’n paar maniere versterk. Sekere kollokasies verkry deur middel van herhaling ’n soortgelyke aard aan dié van slagspreuke. Herhaling van sekere begrippe en sekere kollokasies kan uitloop op iets soortgelyk aan slagspreuke met behulp van semantiese betekenisskuiwe wat uiteindelik weer by propagandategnieke soos leksikale verharding en Newspeak aansluit. Naamwoorde en adjektiewe word met behulp van leksikale kohesie gebruik om kollokasies saam te stel wat ’n oormatige gebruik van woorde illustreer asook herhaling wat lei tot beklemtoning.

Kollokasies kan ’n soortgelyke funksie aan die van ’n slagspreuk aanneem, maar ook gebruik word vir herhaling, beklemtoning, disfemisme en etikettering. Op hierdie manier kan kollokasies gebruik word om assosiasies en konnotasies in te rig volgens die propagandis se belang. Bolinger (1980:79) se verwysing na die saamgebruik van adjektiewe en naamwoorde as vaste, semantiese uitdrukkings wat met tyd kan ontstaan kan uitgebrei word deur na kollokasies wat vir ander doeleindes, soos hier bo aangedui, ontstaan of gebruik word. Kollokasies kan ook tussen meer as een naamwoord plaasvind. Kollokasies met White Monopoly Capital help byvoorbeeld die propagandis om baie spesifieke, verbandhoudende konnotasies aan die term te koppel. Vergelyk die volgende variasies: “white monopoly capital stooge Gordhan”, “white Monopoly Capital and Radical Economic Transformation” en “white-minority-capital kith and kin network”.

Adjektiewe is volgens beskrywingsadjektiewe en klassifiseerders ondersoek. Beskrywingsadjektiewe staan op 172 (2,59 per 100 woorde) in die propagandatekste en wat 32% meer is as die 123 (1,96 per 100 woorde) in die nie-propagandatekste. Klassifiseerders staan met propagandatekste op 269 (4,05 per 100 woorde) en 181 (2,88 per 100 woorde) in nie-propagandatekste. Beskrywingsadjektiewe word gebruik vir propagandategnieke soos etikettering en disfemisme, byvoorbeeld deur ’n opponent as ’n “vile dog” te etiketteer. Klassifiseerders word ook vir etiketteringsdoeleindes gebruik deur byvoorbeeld na opponente wat hulle by die sogenaamde witmonopoliekapitaal skaar, as “black parasitical political stooges” te verwys. Klassifiseerders kan ook gebruik word om oordrewe positiewe klassifiserings te maak en sodoende die propagandis in ’n goeie lig stel. Die ANC gebruik byvoorbeeld die volgende konstruksie: “We will continue to work tirelessly to bring South Africa together to achieve the united, non-racial, non-sexist, democratic and prosperous nation envisaged by the Constitution.”

Wanneer adjektiewe meer spesifiek volgens die waardebeoordelingsteorie benader word, gebruik ’n propagandis eerder Waardering en Oordeel as Affek om evaluerende opmerkings in ’n teks te maak. ’n Propagandis sal dus eerder ’n adjektief gebruik wat sy of haar gevoel oor iets uitspreek, maar nie sy of haar gevoel direk uitspreek nie, behalwe by uitsondering. Aangesien subjektiewe vorme in beide groepe tekste voorkom, is dit nodig om die outeursbetrokkenheid van ’n teks te bepaal. Met outeurspesifieke vorme op 158 keer in propagandatekste en 31 keer in nie-propagandatekste, is dit duidelik dat ’n outeur eerder mik om in nie-propagandatekste nie direk betrokke te wees nie. ’n Propagandis, hierteenoor, poog dus juis om sy of haar eie stem in ’n teks duidelik te maak wat ook die laer frekwensie bronverwysings in propagandatekste regverdig teenoor in nie-propagandatekste. Wanneer ’n propagandis van ’n bronverwysing gebruik maak, is dit om ’n teks betroubaar te laat voorkom of om simboliese oordrag as tegniek te gebruik deur byvoorbeeld iemand bekend aan te haal wat status aan die propagandis se saak verleen.

Naamwoorde, adjektiewe, adverbia en werkwoorde speel daarom gesamentlik ’n rol by die interpretasie van mekaar en die uiteindelike funksie wat die propagandis daarmee wil bereik. In die volgende stelling maak die propagandis van ’n kombinasie tussen byvoorbeeld verál werkwoorde en naamwoorde gebruik om die DA in ’n slegte, onbetroubare lig te stel: “The DA has tried to woo voters through deceit, trying to steal the elections and have failed” (***P:*** *Electoral Court [2014]*). Die DA word na aanleiding hiérvan as die volgende geëtiketteer: swak, vals, skelm en onkredietwaardig. Die een negatiewe term kan in die lig en opvolgend tot ’n ander negatiewe term geïnterpreteer word, wat saamwerk om disfemisme in die teks te integreer.

Die belangrikheid van kontekstuele interpretasie wanneer ’n woord as objektief of subjektief geklassifiseer word, kom veral duidelik by werkwoorde na vore. Soms is dit moontlik dat werkwoorde wat aanvanklik en losstaande as objektief geklassifiseer word, eerder in konteks oorweeg behoort te word aangesien die groter werkwoordstuk ’n invloed hierop kan uitoefen. Die belangrike rol wat

kontekstuele inligting speel tydens interpretasie sluit aan by Bolinger (1980:88). Werkwoorde speel ’n minder deurslaggewende rol as naamwoorde en adjektiewe, soos Bolinger (1980:80) tereg aangedui het, en woordsoorte soos werkwoorde en naamwoorde kan voorts gesamentlik ingespan word om ’n evaluerende idee oor te dra (Bolinger, 1980:79).

Evaluerende werkwoorde kom soos volg in nie-propaganda en propagandatekste voor: nie-propagandatekste op 10 (0,16 keer per 100 woorde) en propagandatekste op 16 (0,24 keer per 100 woorde). Werkwoorde met ’n evaluerende aard kan gebruik word om disfemisme in ’n teks te skep. Subjektiewe werkwoorde kan soos volg ingedeel en verstaan word: 1. Konvensionele konnotasie en waardeoordeel – soos byvoorbeeld deur die gebruik van die woord “steel” – word gebruik om te verwys na die DA se poging om die verkiesing oor te neem of te kaap, maar al is die werkwoord subjektief en daarom evaluerend, is die gebruik van dié woord al gekonvensionaliseerd en die “impak” daarvan dus nie meer so groot nie. 2. Die insluit van adverbiale (en modale) deur van interpersoonlike of beoordelende betekenis gebruik te maak. Die subjektiewe adverbium “perennially” en die subjektiewe werkwoord “marginalised” word saam gebruik om die idee van gemarginaliseerdheid of verstotenheid te oorbeklemtoon. 3. Metaforiese verskuiwing buite die grens van die gekonvensionaliseerde metaforiese gebruik. Die werkwoord “vomited” word byvoorbeeld in ’n konteks gebruik waar dit nie verwag sou word nie, naamlik dat dit beskrywend is van wat die propagandis reken Hanekom met die Grondwet gedoen het. Die metaforiese aard van hierdie woord val daarom buite konvensionele gebruik. Werkwoorde word daarom volgens die semantiese lading daarvan gekies wat in die woord self ingesluit is. Kollokasies tussen subjektiewe adverbia (en selfs subjektiewe modale) en ’n subjektiewe werkwoord word gebruik om die spesifieke subjektiewe betekenis wat die propagandis gebruik, te beklemtoon. Subjektiewe werkwoorde word ook gekies om met behulp van metaforiese materiaal, wat buite die grens van die gekonvensionaliseerde metaforiese gebruik val, te beklemtoon. Soortgelyk aan naamwoorde wil dit voorkom asof werkwoorde ook belangrike draers van metafore is.

Anders as Black (2001:133) wat klem plaas op die "onvasstelbaarheid" van adverbia, is die betekenis van adverbia in sekere gebruiksgevalle inderwaarheid maklik vasstelbaar, verál by die gebruik van objektiewe adverbia wat dikwels as omstandigheidsadjunkte optree. By al drie funksionele indelings van subjektiewe adverbia, wyk die propagandis van die beskikbare feite af, aangesien die adverbia gekies word vir ’n spesifieke funksie, naamlik om die teksdoel uit te voer. Adverbia kan daarom gebruik word om weg te skram van ’n empiriese uitbeelding van die realiteit (vgl. Black, 2001:133). Propagandiste lê sekere verbande en verpak inligting wat vasstelbaar en feitelik is met behulp van onder meer adverbia op ’n manier wat tot drogredenering lei. Die “onvasstelbaarheid” van taalelemente kom dus voor wanneer adverbia en ander taalelemente reeds verpak is in die propagandis se voorafbepaalde redenasielyne.

Modale word gebruik om ’n objektiewe werkwoord ’n subjektiewe kleur te gee. Die modale wat volgens frekwensie die meeste in nie-propaganda en propaganda voorkom is “will” op 22 keer in nie-propaganda en 19 keer in propagandatekste. Die modaal “must” kom sewe keer in nie-propaganda en 21 keer in propaganda voor. Hierdie modale kom in die Afrikaanse tekste met “sal” op vier keer in nie-propaganda en 20 keer in propaganda en “moet” op tien keer in nie-propaganda en agt keer in propagandatekste voor. Modale word eerder in nie-propaganda vermy tensy ’n stelling onseker is en dus met behulp van ’n modaal aangedui moet word.

Die propagandis gebruik “sal” en “will” vir die toekomsverwysingsfunksie te same met verpligting wat ’n handige hulpmiddel vir ’n propagandis is. Die gebruik van “will” dien as koppeling tussen die Subjek

en ’n toestand wat kan help met etikettering of om die propagandis se party met goeie eienskappe te koppel. Die modaal “must” word vir ’n soortgelyke funksie gebruik en vertoon kragdadigheid en sekerheid wat aan die propagandis gekoppel word. Die modaal word ook gebruik om die teikengroep van die teks te verplig om op ’n sekere manier op te tree. Modale soos “must” word verder gebruik om te oordryf, en die modaal “moet” om ’n soort voorspelling te maak.

Naamwoorde, beskrywingsadjektiewe, klassifiseerders en adverbia kan gebruik word om karakters te etiketteer en sodoende die teikengroep op ’n baie spesifieke manier, emotief in te stel. Die inligting, opinie, oordele en insigte wat in hierdie woorde opgesluit lê of verpak is, sluit dus aan by hoe karakters met behulp van informatiewe en indekse uitgebeeld word soos op vlak 1 van die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel aangedui word (vgl. Hoofstuk 3; 3.4-3.6). Die propagandis laat sy of haar eie aksies as positief vertoon in teenstelling met dié van opponente deur van polarisering en met behulp van etikettering sy of haar eie aksies as positief te laat vertoon. Adverbia word gebruik vir eufemisme en disfemisme. Die belangrikheid van adverbia in propagandatekste behoort in die toekoms meer fokus te geniet as taaleienskap-medium van propaganda. Adverbia se funksies sluit ook direk, minder direk, en soortgelyk aan by wat Bolinger (1980:80) oor werkwoorde aandui, te wete by die karakter self en hoe die karakter deur die outeur of propagandis aan die leser voorgestel word.

Adverbia as intensiveerders vervul ’n oordrywingsfunksie wat meewerk om inligting verdraaid aan te bied soos in die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel op vlak 4 bepaal kan word (vgl. Hoofstuk 3; 3.4-3.6). Elemente van oordrywing sou moontlik reeds op vlak 1 van die model bepaal kon word wanneer die kardinale funksies van ’n teks uiteengesit word. Semanties swaar gelaaide, subjektiewe adverbia word deur die propagandis met behulp van ander semanties swaar gelaaide woordsoorte vir beklemtoning en oordrywing gebruik. Soos reeds aangedui, word die subjektiewe adverbium “perennially” en die subjektiewe werkwoord “marginalised” saamgebruik om die idee van gemarginaliseerdheid of verstotenheid te oorbeklemtoon en dus te oordryf.

Met meer subjektiewe adverbia in propagandatekste op 172 (2,59 keer per 100 woorde) as in nie-propagandatekste op 70 (1,11 keer per 100 woorde), is die behoefte van ’n propagandis aan vorme waarin hy of sy persoonlike oordeel kan uitspreek duidelik sigbaar. Subjektiewe adverbia is daarom in die studie met behulp van die metafunksies op ’n meer spesifieke vlak nagegaan.

Wanneer die ideasionele funksie oorweeg word, word die manier waarop iets uitgevoer word deur die propagandis beoordeel. Die ideasionele funksievorme kom in nie-propaganda 21 keer (0,33 keer per 100 woorde) en in propaganda 32 keer (0,48 keer per 100 woorde) voor. Adverbia kan hier gebruik word om te beklemtoon deur byvoorbeeld iets te benadruk soos duidelik word wanneer die DA met behulp van “personally” beklemtoon dat dit Zuma sélf is wat die belasting behoort te betaal. Ideasionele adverbia word ook deur ’n propagandis gebruik om, met behulp van oordrywing, ’n vereenvoudigde weergawe van die realiteit voor te stel.

Vanuit ’n interpersoonlike funksie kom die stem van die propagandis die duidelikste na vore in adverbia deur van aannames en oordrywing gebruik te maak. Die frekwensie van interpersoonlike adverbia staan op 24 keer (0,38 keer per 100 woorde) in nie-propaganda waar hiérdie vorme 96 keer (1,45 keer per 100 woorde) in propaganda voorkom. Hierdie adverbia kan daarom selfs in drogredenering gebruik word deur ’n strooipopargument te bou. Die stelling “He never hears the investor confidence-building messages of President Zuma” is byvoorbeeld oordrewe en word gebruik om Mkhabela se kredietwaardigheid af te breek deur ’n valse redenasielyn uit te bou.

Die verskil tussen die gebruik van hierdie vorme in nie-propaganda teenoor in propaganda kom, soortgelyk aan ideasionele adverbia, neer op die mate waartoe die propagandis voordeel kan trek of

nie en sluit daarom by vlak 3 van die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel aan (vgl. Hoofstuk 3; 3.4-3.6). By nie-propagandatekste gebruik die outeur die manier waarop die teks aangebied word om die leser te waarsku of attent te maak. Op tekstuele vlak kan adverbia soos "therefore" gebruik word om ’n vereenvoudigde weergawe van die realiteit aan te bied deur eenvoudige en daarom onakkurate oorsaak-gevolgverhoudings te maak**.** Wanneer tekstuele adverbia oorweeg word, staan nie-propaganda op 25 (0,4 keer per 100 woorde) wat, soos by die ander twee soorte funksies van adverbia, minder is as propaganda op 44 (0,66 keer per 100 woorde). Soortgelyk aan vorige besprekings, kom die gebruik van direkte en indirekte rede weer as deurslaggewend vir analise en interpretasie in beide teksgroepe voor aangesien subjektiewe vorme in nie-propagandatekste dikwels in aanhalings voorkom.

Wanneer metafore analiseer word, kom daar drie belangrike metafoorgroepe in die tekste voor, naamlik oorlog, versluiering en die abjekte of groteske. In die oorlogmetafoor kan woorde soos die volgende gebruik word: "infiltrated", "verslaan" en "deployee". Om te versluier kan byvoorbeeld die volgende terme gebruik word: "mask", "distort" en "deceit" en om die abjekte of groteske voor te stel, die volgende: "bestial", "vile" en "trample". Elk van hierdie kan onderskeidelik gebruik word om sekere inligting te verhelder en daarmee saam, ander inligting te verberg. Die propagandis gebruik metafore daarom vir tegnieke soos disfemisme, eufemisme (deur die propagandis op te hemel), etikettering en polarisering. Aandag kan met behulp hiervan gedeflekteer word. Metafore kan ook vir self-disfemisme gebruik word om emosie by ’n teikengroep aan te vuur teenoor die opponent, wat ook aansluit by defleksie. Hierdie tegnieke illustreer ook iets van ’n vereenvoudigde weergawe van die realiteit.

Ter samevatting vorm die doel van propaganda ’n belangrike skeidspunt om te beoordeel of ’n teks as propaganda beskou kan word of nie: wanneer die doel slegs of oorwegend tot voordeel van die propagandis is, is die teks propaganda. Wanneer tekste beoordeel word, is dit belangrik om ook in gedagte te hou dat sommige tekste nader aan grensgevaltekste is as ander. Die verskillende propagandategnieke in ’n teks word volgens die doel van die teks gekies en geïmplementeer en kan daarom terugwerkend gebruik word om meer duidelikheid oor die doel van die teks te bekom. Deur narratologiese hulpmiddele in kombinasie met ander kenmerke van propaganda te gebruik, word dit duidelik hoe ’n propagandis die gekose tegnieke in die teks weef.

Dit is daarom nodig om deurlopend die gesamentlike rol van die verskillende linguistiese eienskappe van propaganda in gedagte te hou. Elkeen van hierdie taalstukke, as vormlike verteenwoordigers van die inhoudelike, werk saam tot ’n groter geheel wat die effektiewe uitvoer van die teksdoel behels. Die vervlegde aard van die linguistiese eienskappe weerspieël die vervlegdheid van die inhoudelike wat duidelik in die nie-linguistiese propaganda-identifiseringsmodel na vore kom. Deur interpretasie tydens die analiseringsproses teen die agtergrond van die drie prosesvlakke van propaganda te doen, naamlik misleiding (as verteenwoordigend van die doel van ’n teks), assosiasies en konnotasies en die emotiewe teenoor rasionele benadering in propaganda, kan die proses makliker uitgevoer word.In die volgende tabel word ’n hersiene, bygewerkte weergawe van tabel 3 (Hoofstuk 2; 2.3.2) aangebied deur die linguistiese taalstukke volgens sistemies funksionele linguistiek van propaganda op hoofsaaklik ’n sintaktiese vlak in die eerste kolom aan te bied en waarna die ooreenstemmende realisering van taalstukke in propaganda uiteengesit word. Die oorhoofse nie-linguistiese eienskap van propaganda word in die derde kolom aangedui. Kohesie en metafore se indeling word anders hanteer en word ingedeel volgens die linguistiese eienskap self, waarna linguistiese verteenwoordigers volg. Hierna word ’n algemene indeling van ooreenstemmende linguistiese en inhoudelike propagandategnieke gegee. Skuinsdruk word in die kolom gebruik om aan te dui wanneer ’n meer spesifieke tegniek onder ’n meer algemene tegniek sorteer.

Na afloop van die taalanalise verskil die navorser met ’n gedeelte van Black (2001:133) se talige eienskappe wat die volgende behels: Die gebruik van onvasgestelde of selfs onvasstelbare, abstrakte selfstandige naamwoorde, adjektiewe, adverbia en fisiese representasies eerder as empiriese betroubaarheid om waarhede, gevolgtrekkings of indrukke vas te stel. Die analise het aangedui dat die aangewese taaleienskappe op ’n semantiese vlak wél “vasstelbaar” is en nie “onvasstelbaar” soos Black (2001:133) dit aandui nie. Die kolom is saamgestel gedagtig daaraan dat subjektiewe vorme dikwels in nie-propagandatekste voorkom, maar dat hiérdie vorme gewoonlik in bronverwysings gebruik word of tot ’n behoorlike mate regverdig word in die teks self.

Tabel 4: Hersiene sintese van die linguistiese elemente wat as kenmerkend van propaganda beskou word in die reeds bestaande literatuur

LINGUISTIESE TAALSTUKKE VOLGENS SISTEMIES FUNKSIONELE LINGUISTIEK		**REALISERING VAN TAALSTUK IN PROPAGANDA**	**NIE-LINGUISTIESE EIENSKAPPE VAN PROPAGANDA**
NOMINALE GROEP			
1.	Naamwoorde	Eufemisme Disfemisme	
	Objektiewe naamwoorde	Neutrale / Inhoudelike	
	Subjektiewe naamwoorde (Beskrywingsnaamwoorde)	Disfemisme Etikettering Polarisering Newspeak	Etikettering Verbale simbolisering Vereenvoudiging
	Abstrakte selfstandige naamwoorde	Eufemisme Vereenvoudiging van die realiteit Herhaling Beklemtoning Misleiding Defleksie	Onder- en oorbeklemtoning
	Konkrete selfstandige naamwoorde	Emotiewe taal Disfemisme Eufemisme Etikettering Herhaling Beklemtoning Verbale simbolisering: *Herdefiniëring van terme* *Newspeak* *Leksikale verharding* Mistifikasie Slagspreuke Beklemtoning van tydsperspektiewe Defleksie	Emosies Etikettering Onder- en oorbeklemtoning Simboliese oordrag
	Nasionaliteit	Etikettering Disfemisme Emotiewe taal Polarisering	Etikettering Emosies Vereenvoudiging

		Vereenvoudiging van die realiteit Woorde met illusie (wanneer outeurspesifiek)	
2.	Kwantifiseerders		
	Nie-spesifieke kwantifiseerders	Vereenvoudiging Oordrywing *Mistifikasie* Misleiding	Onder- en oorbeklemtoning Vereenvoudiging
	Spesifieke kwantifiseerders (Meer direk met nie-propaganda geassosieer)	Misbruik van wetenskaps- of mediadiskoers	Akkurate inligting, maar ook leuens Betroubaarheid van propagandis
3.	Voornaamwoorde		
	Besitlike voornaamwoorde	Etikettering Defleksie Polarisering - Toe-eieningsgebruik (groepseenheid) Mistifikasie	Etikettering Vereenvoudiging
	Persoonlike voornaamwoorde	Mistifikasie Beklemtoning Herhaling Polarisering *In-groep* en *uit-groep*	Akkurate informasie, maar ook leuens Etikettering Vereenvoudiging
	Aanwysende voornaamwoorde		
	- anafories (soortgelyk aan nie-propagandatekste)	-	-
	- katafories	Defleksie Vooraf-verteerde denke	Etikettering Vereenvoudiging
	- Emfaties	Disfemisme Defleksie	Etikettering
4.	Kollokasies	Verbale simbolisering *Newspeak* *Leksikale verharding* Herhaling Beklemtoning Oordrywing Defleksie	Simboliese oordrag Onder- en oorbeklemtoning Etikettering
5.	Adjektiewe		
	- beskrywingsadjektiewe	Etikettering Disfemisme	Etikettering
	- klassifiseerders	Etikettering Eufemisme	Etikettering
	nasionaliteit	Etikettering Disfemisme	Etikettering Emosies

		Self-disfemisme Polarisering Emotiewe taal	Vereenvoudiging
	Objektief	Neutrale / Inhoudelike	Akkurate inligting, maar ook leuens Betroubaarheid van die propagandis
	Subjektief	Disfemisme Vereenvoudigde weergawe van die realiteit *stereotipering*	Etikettering Vereenvoudiging
	Waardebeoordeling		
	- Affek	Emotiewe taal	Emosie
	- Oordeel	Etikettering Vereenvoudigde weergawe van die realiteit Self-disfemisme	Etikettering Vereenvoudiging
	- Waardering	Etikettering Vereenvoudigde weergawe van die realiteit	Etikettering Vereenvoudiging
	Outeursbetrokkenheid		
	- Bron (Meer direk met nie-propaganda geassosieer)	Misbruik van wetenskaps- of mediadiskoers	Akkurate inligting, maar ook leuens Simboliese oordrag
	- Outeur	Emotiewe taal	Emosies
WERKWOORDGROEP			
6.	Werkwoorde		
	Objektief	Neutrale / Inhoudelike	
	Subjektief	Oordrywing Disfemisme Emotiewe taal Mistifikasie	Etikettering Emosies
7.	Modale hulpwerkwoorde		
	- *will* / *sal* (toekomsverwysing – gedeel met ander tekste)	Verpligting Skep van assosiasies en konnotasie	Simboliese oordrag Betroubaarheid van propagandis
	- *must* / *moet*	Verpligting Skep van assosiasies en konnotasie	Simboliese oordrag Betroubaarheid van propagandis
ADVERBIA			
8.	Adverbia		
	Objektief (Hoofsaaklik omstandigheidsadjunkte)	Neutrale / Inhoudelike	
	Subjektief		

	- Ideasioneel (Hoofsaaklik omstandigheidsadjunkte met ekstra betekenislaag)	Vereenvoudigde weergawe van die realiteit Defleksie Oordrywing Beklemtoning	Vereenvoudiging Etikettering Onder- en oorbeklemtoning
	- Interpersoonlik (Hoofsaaklik modale en kommentaaradjunkte)	Oorvereenvoudiging *Vooraf-verteerde denke* *Oorsaak-gevolg-verhoudinge* Disfemisme Emotiewe taal	Vereenvoudiging Etikettering Emosies
	- Tekstueel (Hoofsaaklik konjunktiewe adjunkte)	Oorvereenvoudiging *Vooraf-verteerde denke* *Oorsaak-gevolg-verhoudinge*	Vereenvoudiging

	LINGUISTIESE EIENSKAP VAN PROPAGANDA	**LINGUISTIESE VERTEENWOORDIGER**	**LINGUISTIESE EN INHOUDELIKE PROPAGANDATEGNIEKE**
KOHESIE			
9.	Leksikale kohesie	Abstrakte selfstandige naamwoorde Konkrete selfstandige naamwoorde Kollokasies Adjektiewe	Herhaling Beklemtoning Simboliese oordrag Verbale simbolisering *Leksikale verharding* *Newspeak* Etikettering
	Referensiële kohesie	Persoonlike voornaamwoorde Adjektiewe	Herhaling Beklemtoning
METAFORE			
10.	Metafore	Abstrakte selfstandige naamwoorde Adjektiewe Werkwoorde	Disfemisme Eufemisme Emotiewe taal Assosiasies en konnotasies Misleiding
11.	Oorlogmetafoor		
	- Die propagandis en teenstanders is in ’n oorlog	Abstrakte selfstandige naamwoorde Adjektiewe Werkwoorde	Polarisering *Vaste siening oor mense* *Betroubaarheid van propagandis*
	- Die stryd teen korrupsie is ’n oorlog	Abstrakte selfstandige naamwoorde Adjektiewe Werkwoorde	Disfemisme Self-disfemisme Etikettering *Betroubaarheid van propagandis*
12.	Versluiering: opponente is leuenaars	Abstrakte selfstandige naamwoorde	Misleiding Disfemisme

		Adjektiewe Werkwoorde	Etikettering Defleksie
13.	Abjekte / Groteske: Opponente is afskuwelike persone	Abstrakte selfstandige naamwoorde Adjektiewe Werkwoorde	Misleiding Disfemisme Self-disfemisme Etikettering *Betroubaarheid van propagandis* Defleksie

6.3 Bydrae van die studie

Die studie lewer ’n bydrae aangesien daar metodologies ’n betroubare manier daargestel is vir die klassifiseer van ’n teks as propaganda of nie-propaganda. Verder bied die studie ’n gestruktureerde oorsig van die linguistiese eienskappe van propaganda wat op ’n sintakties spesifieke vlak uiteengesit is ten opsigte van die inhoudelike eienskappe wat daardeur verteenwoordig is. Deur ’n metaforiese analise te doen, kan ’n ekstra dimensie op die aard van propagandatekste verkry word.

In die studie is ’n manier met behulp van die narratologie gevind om ’n teks te analiseer deur ’n samehangende analise van die nie-linguistiese en linguistiese aspekte van ’n teks te doen. Die studie bied op ’n linguistiese vlak, ’n gestruktureerde stel linguistiese eienskappe van propaganda. Deur van Sistemies Funksionele Linguistiek gebruik te maak, kan ’n duidelike verbandlegging tussen die algemene funksies van taal en spesifieke taalgebruike in propaganda gemaak word. Die studie bied dus ’n werkbare, betroubare en sistematiese stel gereedskap vir toekomstige analises van propagandatekste op hoofsaaklik ’n linguistiese, maar ook inhoudelike vlak.

6.4 Beperkinge en toekomstige navorsing

Soos reeds in Hoofstuk 1 aangedui is, behels die beperkinge van die studie en toekomstige navorsingsmoontlikhede die volgende. Propaganda is soms moeilik te onderskei van soortgelyke kommunikasiemetodes soos oorreding. Aangesien dié onderskeid belangrik is, kan die grense tussen hierdie kommunikasiemetodes in die toekoms meer uitgebreid ondersoek word. Die studie is tans slegs op individuele taalstukke, op ’n sintaktiese vlak en op metafoorgebruik gefokus, maar linguistiese eienskappe van propaganda kan in die toekoms ook op ’n vlak nagegaan word waar sintaktiese organisasie die fokus is. Die studie het ’n beperkte aantal tekste betrek en kan daarom moontlik in die toekoms uitgebrei word na ’n kwantitatiewe studie toe. Verder is die studie beperk tot Afrikaanse en Engelse tekste en kan daarom algemene afleidings maak, maar kan nie insae lewer wat alternatiewe vormlike verteenwoordigers in ander tale betref nie. In die toekoms sou ’n studie oor breër grense gedoen kon word, of – waar die tale wat vir die ondersoek uitgesonder word te veel van mekaar verskil – ’n studie wat tussen die verskillende tale onderskei.

Die studie se uitkoms sou in die toekoms getoets kon word deur dieselfde metodiese stappe te volg met ’n ander datastel. Deur van ander soort propagandatekste en kontroletekste gebruik te maak, kan ’n opvolgstudie met vrug aangepak word. Ten slotte sou ’n soortgelyke studie ook op gesproke data uitgevoer en vergelyk kon word.

Bronnelys

Abed, A.Q. 2015. A critical discourse analysis of the reproduction of anti-prophet Muhammad media in selected British and American Newspapers. Baghdad: University of Baghdad. (Thesis – PhD).

Ahmadian, M. & Farahani, E. 2014. Critical discourse analysis of *The Los Angeles Times* and *Tehran Times* on the representation of Iran's nuclear program. *Theory and Practice in Language Studies*, 4(10):2114-2122.

Bal, M. 1997. Narratology: Introduction to the theory of narrative. 2nd ed. Toronto: University of Toronto Press.

Barthes, R. 1968. Elements of semiology. Translated from French by Anette Lavers and Collin Smith. New York: The Noonday Press.

Barthes, R. 1975. An introduction to the structural analysis of narrative. *New Literary History*, 6(2):237-272.

Barthes, R. 1977. Introduction to the structural analysis of narratives. (*In* Heath, S. *ed. and translator.* Image, music, text. London: Fontana press. p. 79-124).

Bernays, E.L. 1928. Propaganda. New York: IG publishers.

Bernays, E.L. 1929. Are we victims of propaganda. Our Invisible Masters. *The Forum*, Mrch: 146-149.

Basson, A. 2012. Nkandla: Minister to probe City Press. *City Press,* 2 Okt. http://www.news24.com/SouthAfrica/News/Nkandla-Minister-to-probe-City-Press-20121002 Datum van gebruik: 2 Aug. 2018

Biber, D., Johansson, L., Leech, G., Conrad, S. & Finegan, E. 1999. Longman grammar of spoken and written English. Harlow: Pearson Education.

Black, J. 2001. Semantics and ethics of propaganda. *Journal of Mass Media Ethics*, 16(2&3):121-137.

Boardman, P.C. 1978. "BEWARE THE SEMANTIC TRAP": Language and Propaganda. *ETC: A Review of General Semantics*, 35(1):78-85.

Bodi, S. 1995. Scholarship or propaganda: How can librarians help undergraduates tell the difference? *The Journal of Academic Librarianship*, 21(1):21-25.

Bolinger, D. 1980. Language – The loaded weapon. New York: Longman.

Bosinelli, R.M. & Maguire, D. 1984. Linguistic analysis of political propaganda: Proposal for a coding procedure. (*In* George, S. *ed.* From the linguistic to the social context. Bologna: CLUEB. p. 101-146).

British Broadcasting Corporation (BBC). 2018. The Guptas and their links to South Africa's Jacob Zuma. *BBC News,* 14 Feb. https://www.bbc.com/news/world-africa-22513410 Datum van gebruik: 4 Aug. 2018.

Brümmer, S.; Sole, S. & Brkic, B. 2017. Editorial: The #GuptaLeaks revealed. 1 Jun. http://amabhungane.co.za/article/2017-06-01-the-guptaleaks-revealed Datum van gebruik: 18 Sep. 2017

Butt, D.G. & Lukin, A. 2009. Stylistic analysis: construing aesthetic organisation. (In Halliday, M.A.K. & Webster, J.J., *eds.* Continuum Companion to Systemic Functional Linguistics. New York: Continuum International Publishing Group. p. 190-215).

Cameron, J. 2017. Bell Pottinger white monopoly capital plot: Damning evidence of Gupta conspiracy #GuptaLeaks. *Biznews*, 9 Jun. https://www.biznews.com/guptaleaks/2017/06/09/bell-pottinger-white-monopoly-capital/ Datum van gebruik: 7 Okt. 2017.

Chomsky, N. 1986. The propaganda system [personal interview]. 12 Feb.

Clark, N.L. & Worger, W.H. 2016. South Africa: The rise and fall of Apartheid. 3rd ed. Oxon: Routledge.

Commission of Inquiry into State Capture. 2018. https://www.sastatecapture.org.za/site/about/mandate Datum van gebruik: 19 Nov. 2018.

Conradie, C.J. 2018. Taalportaal the linguistics of Dutch, Frisian and Afrikaans online: Modality. http://www.taalportaal.org/taalportaal/topic/pid/topic_20170328102748593 Datum van gebruik: 30 Mei 2018.

Cunningham, S.B. 1992. Sorting out the ethics of propaganda. *Communication Studies,* 43(4):233-245.

Cunningham, S.B. 2002. The idea of propaganda: a reconstruction. Westport: Praeger Publishers.

De Saussure, F. 1915. Course in general linguistics. Translated from French by Wade Baskin, edited by Charles Bally and Albert Sechehaye. New York: McGraw-Hill.

Deegan, H. 2014. Politics South Africa. 2nd ed. Oxon: Routledge.

Doob, L.W. 1950. Goebbels' principles of propaganda. *The Public Opinion Quarterly*, 14(3):419-442.

Doob, L.W. 1966. Public opinion and propaganda. 2nd ed. Hamden: Archon books.

Delport, M. 2014. Nkandla: Die ware skuldiges. *Praag.* http://praag.co.za/?p=23238 Datum van gebruik: 2 Aug. 2018.

Du Plooy, H. 1986. Verhaalteorie in die twintigste eeu. Durban: Butterworth.

Du Plooy, H. 1992. Narratologie. (*In* Cloete, T.T., *red.* Literêre terme en teorieë. Pretoria: HAUM-Literêr. p. 331-333).

Du Plooy, H. 2013. Fabula en sjužet. http://www.litterm.co.za/index.php/keuselys/13-f/39-fabula-en-sjuzet Datum van gebruik: 27 Okt. 2018.

Du Plooy, H. & Viljoen, H. 1992. Benaderingswyses in die literatuurwetenskap. (*In* Cloete, T.T., *red.* Literêre terme en teorieë. Pretoria: HAUM-Literêr. p. 25-38).

Ellul, J. 1965. Propaganda: The formation of men's attitudes. New York: Vintage books.

Englebretson, R. 2007. Stancetaking in discourse: An introduction. (*In* Englebretson, R., *ed.* Stancetaking in discourse: Subjectivity, evaluation, interaction. Amsterdam: John Benjamins Publishing. p. 1-26).

Englebretson, R. 2007. Stancetaking in discourse: Subjectivity, evaluation, interaction. Amsterdam: John Benjamins Publishing.

Eyewitness News, 2016. Nkandla: Key moments in time. http://ewn.co.za/Features/Nkandla-Key-Moments-in-Time Datum van gebruik: 27 Jun. 2016.

Farber, T. 2009. The basic tools of newspaper journalism – a pocketbook. http://iaj.org.za/wp-content/uploads/2017/06/The_basic_tools_of_newspaper_journalism-1.pdf Datum van gebruik: 21 Jun. 2016.

Fairclough, N. 1992. Discourse and social change. Malden: Blackwell.

Fairclough, N. 1995. Critical discourse analysis. New York: Longman.

Fairclough, N. 2001. Language and power. 2nd ed. Essex: Pearson Education Limited.

Gambrill, E. 2012. Propaganda in the helping professions. New York: Oxford University Press.

George, A.L.G. 1959. Propaganda analysis: A study of inferences made from Nazi propaganda in World War II. Illinois: Row, Peterson and Company.

Gordhan, P. 2014. Zuma's tax affairs confidential. *Issued by Parliament.* Question number 23 (NO233E). 25 February. http://www.politicsweb.co.za/comment/zumas-tax-affairs-confidential--pravin-gordhan Date of access: 21 Oct. 2018

Graphics 24. 2016. State capture timeline. http://www.grafika24.com/state-capture-timeline/ Datum van gebruik: 7 Okt. 2017

Gray, T. & Martin, B. 2007. Backfires: White, black and grey. *Journal of Information Warfare*, 6(1):7-16.

Gregan, S. 2016. Mag Zuma nog 'n bietjie uithou. *Praag.* http://praag.co.za/?p=37319 Datum van gebruik: 2 Aug. 2018.

Gee, J.P. 2011a. How to do discourse analysis: A toolkit. New York: Routledge.

Gee, J.P. 2011b. An introduction to discourse analysis, theory and method. 3rd ed. New York:Routledge.

Gqirana, T. 2016. Zuma explains Nkandla bond, denies knowledge of Gupta dealings. *News24,* 17 May. https://www.news24.com/SouthAfrica/News/zuma-explains-nkandla-bond-denies-knowledge-of-gupta-dealings-20160517 Datum van gebruik: 2 Aug. 2018.

Haasbroek, J.K. 2016. A historical perspective of the information scandal. Bloemfontein: UFS. (Dissertation – MA).

Halliday, M.A.K. 1970. Language structure and language function. (*In* Lyons, J. *ed*. New horizons in linguistics. Harmondsworth: Penguin Books. p. 140-165).

Halliday, M.A.K., & Matthiessen, C.M.I.M. 2004. An introduction to functional grammar. 3rd ed. Oxford University Press.

Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 1981. Johannesburg: Perskor-Uitgewery.

Headquarters, Department of the Army. 2003. Psychological operations tactics techniques, and procedures [PSYOP]. FM 3-05.301: p.11-1 to 11-26.

Herman, E.S. & Chomsky, N. 2008. Manufacturing consent: The political economy of the mass media. London: The Bodley Head.

Herzstein, R.E. 1979. The war that Hitler won: The most infamous propaganda campaign in history. Great Britain: Hamish Hamilton.

Hitler, A. 1992. Mein Kampf (Translated by Manheim, R. with an introduction by Watt, D.C.). London: Pimlico.

Hobbs, I. 2013. The Business of business is blood drives. *Bloodbeat*, 2:6.

Hoeken, H. 1998. Het ontwerp van overtuigende teksten: wat onderzoek leert over de opzet van effectieve reclame en voorlichting. Bussum: Uitgeverij Coutinho.

Hunston, S. 2004. Counting the uncountable: Problems of identifying Evaluation in a text and in a corpus. *Linguistic insights*, 9:157-188.

Hunston, S. 2007. Using a corpus to investigate stance quantitatively and qualitatively. (*In* Englebretson, R., *ed.* Stancetaking in discourse: Subjectivity, evaluation, interaction. Amsterdam: John Benjamins Publishing. p. 27-48).

Hunston, S. & Thompson, G. 1999. Evaluation in text: Authorial stance and the construction of discourse. Oxford University Press.

Hunt, E. 2016. What is fake news? How to spot it and what you can do to stop it. The Guardian. https://www.theguardian.com/media/2016/dec/18/what-is-fake-news-pizzagate Datum van gebruik: 19 Okt. 2017.

Hurt, S.R. & Kuisma, M. Undermining the "Rainbow Nation"? The Economic Freedom Fighters and Left-wing Populism in South Africa. Paper presented at the 66th Political Studies Association Annual International Conference, Brighton, 21-23 March. https://www.psa.ac.uk/sites/default/files/conference/papers/2016/Hurt%20Kuisma%20PSA%20Paper%202016.pdf Datum van gebruik: 18 Sept. 2018.

Jakobson, R. 1960. Linguistics and poetics. (*In* Sebeok, T., *ed.* Style in language. Cambridge: MIT Press. p. 350-377).

Jakobson, R. 1971. Two aspects of language and two types of Aphasic disturbances. The Hague: Mouton. (Selected Writings, vol. 2).

Jenkins, R. 2014. The thin line between propaganda and persuasion. Carbondale: Southern Illinois University Carbondale. (Dissertation – MA).

Jowett, G.S. & O'Donnell, V. 2012. Propaganda & persuasion. 5th ed. California: Sage.

Kolenda, N. 2013. Metods of persuasion: how to use psychology to influence human behavior. USA: Kolenda entertainment.

Lakoff, G. 1993. The contemporary theory of metaphor. (*In* Ortony, A., *ed.* Metaphor and thought. New York: Cambridge University Press. p. 202-251).

Lakoff, G. 1995. Metaphor, morality, and politics or, why conservatives have left liberals in the dust. *Social Research*, 62(2):1-22.

Lakoff, G. 2016. Moral politics: How liberals and conservatives think. 3rd ed. University of Chicago Press.

Lakoff, G. & Johnson, M. 1980. Metaphors we live by. University of Chicago Press.

Lakoff, G. & Johnson, M. 1999. Philosophy in the flesh: The embodied mind and its challenge to Western thought. New York: Basic Books.

Lakoff, G. & Wehling, E. 2016. Your brain's politics: How the science of mind explains the political divide. Germany: Carl-Auer Publishers.

Lamprecht, M. & Styan, J.B. 2014. Nkandla: wat nou? *Netwerk24,* 29 Apr. https://www.netwerk24.com/Nuus/Nkandla-wat-nou-20140429#loggedin Datum van gebruik: 2 Aug. 2018.

Lamprecht, M. & Styan, J.B. 2015. Nasionale Vergadering aanvaar verslag: Stories oor Jacob Zuma en Nkandla is fiksie. *Netwerk24,* 19 Aug. https://www.netwerk24.com/Nuus/Politiek/Stories-oor-Jacob-Zuma-en-Nkandla-is-fiksie-20150819 Datum van gebruik: 2 Aug. 2018.

Lasswell, H.D. 1927. The theory of political propaganda. *The American Political Science Review*, 21(3):627-631.

Lasswell, H.D. 1949. Why be quantative. (*In* Lasswell, H.D., Leites, N., Fadner, R., Goldsen, J.M.,Grey, A., Janis, I.L., Kaplan, A., Kaplan, D., Mintz, A., De Sola Pool, I. & Yakobson, S. eds., Language of politics: studies in quantitative semantics. Cambridge: MIT Press. p. 40-52).

Lee, A.M. 1945. The analysis of propaganda: A clinical summary. *American Journal of Sociology,* 51(2):126-135).

Le Roux-Kemp, A. 2014. Struggle music: South African politics in Song. *Law and Humanities*, 8(2):247-268.

Letsoalo, M. 2012. Nkandla's cost: Trapping the mole in the bunker. *Mail&Guardian,* 5 Oct. https://mg.co.za/article/2012-10-05-00-trapping-the-mole-in-the-bunker Datum van gebruik: 2 Aug. 2018.

